UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE SAMEHANG IN DIE PRIVAATREG VAN DIE CHANGANA-TSONGA VAN MHALA, MET VERWYSING NA DIE ADMINISTRATIEFREGTELIKE EN PROSES-REGTELIKE FUNKSIONERING

deur

JAN BAREND HARTMAN

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

D.Phil. (Volkekunde)

in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria
Pretoria

November 1978

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

DANKBETUIGING

Daar word met waardering vermeld dat die navorsing wat vir die doeleindes van hierdie proefskrif onderneem is, moontlik gemaak is deur finansiële steun van die Raad vir Geesteswe=tenskaplike Navorsing enersyds en die komitee insake Ontwik=kelingsnavorsing van die Departement van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling andersyds. Vir die uiteensetting en gevolg=trekking wat hierin gemaak word, aanvaar ek egter alleen die verantwoordelikheid; dit kan in geen geval beskou word as die oordeel of gevolgtrekkings van enige van die bogenoemde instansies nie.

Graag wil ek ook my dank uitspreek teenoor my promotor, professor R.D. Coertze wat nie alleen deur volgehoue leiding, belangstelling en aanmoediging en deur indringende kritiek, die gang van hierdie navorsing in die regte bane gelei het nie maar ook baie tyd bestee het aan die bespreking van probleme wat ondervind is tydens die skriftelike voorberei=ding van die navorsingsresultate. Ek kan dit egter ook nie nalaat om professor P.J. Coertze te bedank vir die besondere bydrae wat hy deur die jare gelewer het in my vorming in die volkekundige studieveld en my voorbereiding vir navorsing te velde nie.

Dankbare erkentlikheid word ook betuig teenoor dr. C.V. Bothma en professor J.M.T. Labuschagne. Dr. Bothma se hulp was on=ontbeerlik tydens die aanvanklike afbakening van die navorsings=terrein en die opsporing en beskikbaarstelling van dokumente wat andersins onbekend sou gebly het. Vanweë die aard van die navorsing was die regskundige advies van prof. Labuschagne van baie groot waarde.

Prof. E.J.M. Baumbach was behulpsaam met die kontrolering van sommige Tsongawoorde en begrippe wat in die proefskrif verskyn. Hiervoor wil ek graag my opregte dank betuig. My kollega mnr. J.D. Kriel word ook met dankbare erkentlikheid vermeld

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir die samestelling en teken van die kaarte, taalkundige en tegniese versorging van die proefskrif en sy volgehoue be= langstelling en aanmoediging in die gang van die navorsing.

Mev. C. Quinn het onder moeilike omstandighede die tikwerk wat in die gang en by die voltooiing van die navorsing nodig was, met groot bekwaamheid en toewyding gedoen. Haar self= opofferende pligsvervulling by die voltooiing van die tikwerk vir hierdie proefskrif word baie hoog op prys gestel.

In die navorsingsgebied het die egpaar du Pradines en wyle mnr. en mev. Badenhorst besondere moeite gedoen om die navorsingsomstandighede vir my te vergemaklik en deur hulle gasvryheid my besoeke aan dié gebied te veraangenaam. Hier= voor is ek opreg dankbaar.

Die versameling van gegewens binne die navorsingsgebied sou onmoontlik gewees het sonder die bereidwilligheid van infor= mante om hul kennis aan my oor te dra. Aan almal wat op hier= die wyse hulp verleen het, dra ek my dank oor.

Graag wil ek my ouers bedank vir hul volgehoue belangstelling en aanmoediging. Vir al die jare van opoffering van hulle kant kan hierdie proefskrif slegs maar 'n geringe dankbetuiging wees.

Aan my vrou en kinders wil ek baie dankie sê vir hulle onder= skraging en geduld tydens die lang periodes waarin ek van die huis afwesig was en waarin ek in my studeerkamer afgesonder was.

J. B. HARTMAN

PRETORIA
November 1978

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I 1

DIE BENADERING VAN DIE STUDIE VAN INHEEMSE REGSISTEME EN PROBLEEMSTELLING 1

A. Inleiding: Die taak van die volkekundige en die juris 1

B. Samehang in die reg en die implikasies daarvan 10

C. Die samehang tussen die gesagstruktuur, hof= stelsel en die afdwinging van regsreëls 17

D. Die begrensing van die navorsingsterrein 22

E. Navorsingsmetodiek 30

F. Tegniese besonderhede 36

HOOFSTUK II

DIE ETNIESE GESKIEDENIS EN ONDERLINGE SKAKELING VAN DIE STAMME VAN MHALA 38

A. INLEIDING 38

B. DIE CHANGANASTAMME 38

1. Nxumalostam 38

2. Die Nkunastam 56

C. DIE NHLANGANU-TSONGASTAMME 71

D. Gevolgtrekking 90

HOOFSTUK III 93

DIE GESAGSTRUKTUUR BY DIE STAMME VAN MHALA 93

A. INLEIDING 93

B. DIE STAMHOOF (HOSI) 96

1. Inleiding 96

2. Opvolging, opleiding en pligsvervulling 98

3. Raadgewende instansies 104

4. Die Regent (mukhomeri) 109

5. Stamamptenare 112

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


C. STAMWYKE EN WYKSHOOFDE 114
1. Stamwyk 114
2. Die wykshoof 119

D. SOSIO-POLITIESE EENHEDE 125
1. Inleiding 125
a. Die linie-eenheid en liniehoof 125
b. Die Kraaleenheid en kraalhoof 130
c. Die Kralekompleks en die hoof daarvan 132

E. SAMEVATTING 135

HOOFSTUK IV 141

DIE HOFSTELSEL EN HOFPROSEDURE 141

A. Die Hofstelsel 141
1. Inleiding 141
2. Openbare howe 143
(a) Die kapteinshof 143
(b) Die wykshof 151

3. Nie-openbare of familiehowe 157
(a) Die hof van die kraalhoof of kralekompleks 157
(b) Die liniehof 165

B. Die hofprosedure 168
1. Inleiding 168
2. Aanmeldingsprosedure 169
3. Verhoorprosedure 178
4. Die wyse waarop die vonnis of uitspraak ten uitvoer gelê word 189
5. Minagting van die hof 204
6. Appèl en verslag 206
7. Samevatting 211

HOOFSTUK V DEEL I 219

DIE FAMILIEREG 219

219

A. Inleiding 219
B. Die Huwelik 222

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Inleiding 222

2. Voorhuwelikse geslagsverhoudinge 225

(a) Inleiding 225

(b) Deflorasie en bevrugting 226

3. Vereistes vir die sluiting van 'n huwelik 241

(a) Inleiding 241

(b) Individuele vereistes 243

(c) Toestemmingsvereistes 248

(d) Keusevereistes 253

4. Die verlowing 258

(a) Kinderverlowing 258

(b) Volwasseverlowing 261

(c) Verbreking van verlowing (<u>ku ya riwa</u>) 267

5. Die sluiting van die huwelik 272

(a) Wyse van huweliksluiting 272

(b) Trougoedere (<u>lovolo</u>) 275

(i) Die funksie van die trougoedere 275

(ii) Aard en omvang van die trougoedere 278

(iii) Die voorsiening van die trougoedere 283

(iv) Die oorhandiging van die trou=goedere 287

(c) Die oorhandiging van die bruid 290

(d) Die huwelik van die kaptein 294

(e) Die afdwinging van die lewering van uit=staande trougoedere 297

(f) Regsvereistes vir die totstandkoming van 'n huwelik 299

<u>HOOFSTUK V</u> <u>DEEL II</u> 304

<u>DIE GEVOLGE VAN DIE SLUITING VAN 'N HUWELIK</u> 304

304

A. Die totstandkoming van 'n gesin en kleiner gesinne-eenheid 304

B. Persoonlike regsverhoudinge 312

1. Status en handelingsbevoegdheid 312

2. Onderhoud en versorging 320

3. Seksuele voorregte 328

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


C. Vermoënsregtelike gevolge van die huwelik 343

D. Ouerlike gesag en die posisie van kinders in die gesin en die kleiner gesinne-eenheid 355

1. Inleiding 355

2. Kindersoorte binne die familiereg 357

(a) Kinders van moeder met vader as voor=huwelikse verwekker 358

(b) Kinders van moeder met ander man as voorhuwelikse verwekker 358

(c) Kinders van ongetroude dogters 360

(d) Kinders van 'n geskeide dogter 361

(e) Owerspelige kinders 361

(f) Kinders verwek na die afsterwe van die man 363

3. Geboorte en sterfte van kinders 364

4. Rangverskille tussen kinders 369

5. Die skakeling van kinders 374

6. Die uitoefening van ouerlike gesag 376

(a) Die aanspreeklikheid van die vader en die stygende toerekeningsvatbaarheid van kinders 378

(b) Beheer oor die eiendom van kinders 383

7. Onderhoudsplig teenoor ouers 386

8. Die aanneming van kinders 388

HOOFSTUK V DEEL III 390

HUWELIKSONTBINDING EN VOORTSETTING NA STERFTE 390

A. Egskeiding 390

1. Inleiding 390

2. Gronde vir egskeiding 392

3. Egskeidingsprosedure 394

4. Die gevolge van die egskeiding 400

a. Persoonlike gevolge 401

b. Vermoënsregtelike gevolge 402

c. Die beheer en voogdy oor kinders 407

B. Die dood van die vrou 410

1. Sterfgebruike vir 'n getroude vrou 410

2. Die verkryging van 'n stutvrou 412

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


3. Die regsgevolge van die huwelik met 'n stutvrou 416

C. Die dood van die man 417

1. Sterfgebruike vir 'n getroude man 417

2. Die leviraat 419

a. Prosedure by die aanwysing van 'n plaas= vervangende man 419

b. Pligsvervulling deur 'n plaasvervanger 425

i Pligte ten opsigte van die vrou 425

ii Pligte ten opsigte van kinders 431

iii Beëindiging van pligte 432

D. Die hertrouing van vrouens 434

HOOFSTUK VI 437

DIE ERF- EN OPVOLGINGSREG 437

A. Inleiding 437

B. Beskikking oor goedere gedurende die lewe 441

C. Onterwing 449

D. Erfopvolging 452

1. Opvolging in status 452

2. Erfopvolging van 'n gesinshoof 459

E. Die vererwing van eiendom 467

1. Eiendom in die boedel van 'n huishoof 468

2. Eiendom van getroude vroue 479

3. Eiendom van 'n ongetroude 482

F. Beperkte posisies by erfopvolging 484

G. Die afwesigheid van 'n erfgenaam 493

H. Die beredderinq van die boedel 497

HOOFSTUK VII 502

SAMEVATTING EN BEVINDING 502

A. Herkoms en woongebied 502

B. Gesagstruktuur 507

C. Die Hofstelsel en hofprosedure 511

D. Die Familiereg 516

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Die huwelik 516

2. Die gevolge van huweliksluiting 520

3. Huweliksontbinding en -voortsetting na sterfte 528

E. Die erf- en opvolgingsreg 531

F. Slot 534

1. Metodologiese bevinding 534

2. Individu en groepsverband 537

G. Verandering 542

<u>BYLAE 1</u> : <u>SAKE</u> 545

<u>BYLAE 2</u> : <u>INFORMANTE EN TOLKE</u> 651

<u>SAMEVATTING</u> 664

<u>SUMMARY</u> 666

<u>KAARTE</u>

Kaart 1 : GAZANKULU (x)

Kaart 2 : MHALADISTRIK (xi)

Kaart 3 : MHALADISTRIK - STAMOWERHEIDSGEBIEDE (xii)

Kaart 4 : TREKBEWEGINGS VAN DIE CHANGANA (xiii)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




# TABELLE


| | | | |
|---|---|---|---|
| TABEL | I | GAZANKULU: ETNIESE GROEPERINGE | 24 |
| " | II | MHALADISTRIK: STAMOWERHEIDSGEBIEDE - BEVOLKINGSGETALLE OOREENKOMSTIG DIE 1970 SENSUS | 28 |
| " | III | CHANGANAREGEERDERS | 49 |
| " | IV | NKUNAREGEERDERS | 59 |
| " | V | NHLANGANUREGEERDERS (MNISI) | 76 |
| " | VI | NHLANGANUREGEERDERS (KHOZA) | 83 |
| " | VII | WYKE EN WYKSHOOFDE VAN DIE CHANGANASTAMME | 120 |
| " | VIII | WYKE EN WYKSHOOFDE VAN DIE NHLANGANUSTAMME | 121 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# KAART 2 : MHALADISTRIK





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




# KAART 3: MHALADISTRIK – STAMOWERHEIDSGEBIEDE




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

## DIE BENADERING VAN DIE STUDIE VAN INHEEMSE REGSISTEME EN PROBLEEMSTELLING

### A. Inleiding: Die taak van die volkekundige en die juris

Verloren van Themaat (1971:228) wys tereg daarop dat die swart volke van die RSA uiteindelik self verantwoordelikheid vir hul ontwikkeling sal moet aanvaar. Alle sodanige ont= wikkeling behoort egter op 'n stewige regsgrondslag te berus. Hierdie regsgrondslag kan alleenlik bepaal word " ... na 'n behoorlik wetenskaplike bewerking van die regstelsels waar= uit die Bantoe sy finale keuse moet maak" (vergelyk ook Labuschagne 1973:8). 'n Mens gee hierdie skrywer ook gelyk dat hierdie taak nie aan die swart volke alleen oorgelaat kan word nie omdat laasgenoemde nog nie oor opgeleide mense beskik om dit te doen nie. Hieruit volg dit logies dat be= voegde Blankes aanvanklik hierdie taak op hulle sal moet neem. In die RSA het veral twee dissiplines, naamlik die Volkekunde en die Regswetenskap in die verlede aansprake gemaak op 'n vermoë om uitvoering aan hierdie taak te gee. Die vakwetenskaplike benadering van hierdie twee dissiplines is egter so uiteenlopend van aard dat daar tot dusver 'n groot mate van verwarring geheers het oor elkeen se beson= dere funksie in die breë taakvervulling. Sommige juriste en volkekundiges is dit egter met mekaar eens dat hulle on= derskeie wetenskappe vanweë die besondere eise wat 'n studie van die regstelsels van die swart volke aan die navorser stel, aanvullend en ondersteunend teenoor mekaar staan (vergelyk Labuschagne 1973:8 en Myburgh 1965:6).

Volkekundiges in die RSA gaan klaarblyklik soms van die standpunt uit dat die Regswetenskap, vanweë die feit dat laasgenoemde binne en saam met die Westerse beskawing ont= wikkel het, nie oor die agtergrond en metodologie beskik om die regstelsels van nie-Westerse volke te bestudeer nie. In

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie siening bevind hulle, hul in die geselskap van buitelandse volkekundiges soos Pospisil wat beweer dat dissiplines soos onder andere die Regsleer en die Regs= filosofie in 'n studie van die regstelsels van primigene volke, gestrem word deur die feit dat hulle op arbitrêre wyse hul studie toespits op Westerse regstelsels en daar= deur hul studie beperk tot slegs een van die baie gestaltes wat die reg kan aanneem. "Therefore they not only fail to make valid universal generalizations about legal matters, but more important to their efforts, they are incapable of understanding the nature of the very legal system they are concentrating on" (Pospisil 1978:2).

Juriste daarenteen bevraagteken dikwels die nuttigheids= waarde van die tradisionele volkekundige monografieë van primigene volke vir regskundige studie (vergelyk byvoorbeeld Suttner 1968:148). Verloren van Themaat (1971:227) skaar hom by Myburgh (1965:6) wanneer hy beweer dat die teoretiese agtergrond sowel as die hele wetenskaplike benadering van die reg van die swart volke, juridies moet wees.

Die besware van sommige juriste kan natuurlik nie sonder meer as ongegrond afgemaak word nie. 'n Mens moet erken dat die aanbieding van feite in die volkekundige monografieë wat wel beskikbaar is, vanuit die oogpunt van die juris, ernstige leemtes openbaar. Volkekundiges is egter self nie onbewus van hierdie leemtes nie. Coertze (1971:1) wys by= voorbeeld tereg daarop dat wanneer 'n mens die gedragsreëls wat op elke lewensterrein sonder keuse nageleef moet word, wil identifiseer, die beskrywings in die bestaande monogra= fieë gewoonlik te onpresies is om 'n onderskeid te kan maak tussen dit wat as afdwingbare regsreël bestaan en dit wat slegs morele verpligting is. Ook die behandelingswyse van die prosesreg in hierdie monografieë " ... is selde presies genoeg om in die praktyk as leidraad te kan dien vir diegene wat nie lid van die betrokke stam is nie" (Coertze 1971:1).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Na my oordeel kan daar twee fundamentele redes vir hierdie gebrek aan presiesheid aangedui word. Eerstens hou dit ver= band met die wyse waarop die volkekundige navorsingsmetode sy beslag gekry het. Foster (1969:59) wys tereg daarop dat die taak van die volkekundige aanvanklik 'n veldwerk-benadering eerder as 'n laboratorium-benadering was. Volke= kundiges het dit naamlik as hulle taak gesien om primigene gemeenskappe te bestudeer en hulle onderskeie kulture te beskryf voordat hulle verdwyn. "The assignment was total - find out everything there was to be known about the people studied." Vanweë die geringe getalle volkekundiges teenoor die groot getal primigene volke kon daar geen sprake van spesialisasie wees nie. Volkekundiges is ook deur die rea= liteit van kultuur gedwing om 'n holistiese benadering te volg. "The customary chapter divisions of classic ethno= graphic monographs are, of course, merely the constructs of the authors, devices to permit presentation of the data, for the data themselves - human behavior and its products - are so tightly integrated that any division is arbitrary" (Foster 1969:59). In so 'n benadering word die behandeling van regsreëls dikwels afgeskeep omdat die korrekte gebruike deurlopend in elke hoofstuk aandag kry.

Die gevolg hiervan is voor die hand liggend, naamlik dat die volkekundige in sy bestudering van die kultuur van 'n primi= gene volk, meesal eerder geïnteresseerd is in die totale kultuursisteem as 'n geïntegreerde funksionerende geheel as in 'n skerp analise van slegs een van die vele aspekte van so 'n kulturele geheel. Hoewel daar in die afgelope dekades onder Afrikaanse volkekundiges in die RSA ook, soos elders, van hierdie aanvanklike benadering afgewyk is, en steeds meer studies van slegs een kultuuraspek van bepaalde volke die lig gesien het, is daar selfs in sodanige studies klem geplaas op die bestudering van die wyse waarop so 'n kultuur= aspek met die res van die kultuur verweef is (vergelyk by= voorbeeld Kriel (1976), Hartman (1972), Pelser (1968), enso= voorts). Dit spreek vanself dat sulke studies waarin slegs

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

'n deel van die gebruiksreëls aandag kry, van minder waarde word as die reg na sy totaliteit daaruit herlei moet word. Die algemene monografieë wat hiernaas in die RSA as die fondament vir 'n studie van die regsisteme van die swart volke gebruik sou kon word, word meesal gekenmerk deur 'n oorsigtelike uiteensetting van gebruike wat vir regstudie nie presies genoeg is nie. Die gevolg hiervan is dat weinig gegewens van werklike betekenis vir regsgeleerdes wat in die regstelsels van die swart volke geïnteresseerd is, beskikbaar is. Dit is dus nodig dat die gegewens wat vir die bestu= dering van die reg nodig is, opnuut in die veld nagevors word.

Die tweede rede vir die gebrek aan presiesheid in die be= skrywing van die regstelsels van die swart volke, word deur Coertze (1971:1) vermeld. Hy wys daarop dat die bestaande monografieë feitlik deurgaans 'n beeld verskaf van die kul= tuur van groepe stamme wat aan mekaar verwant is. In sulke studies val die klem eerder op die ooreenkoms in die lewens= patrone van hierdie volke, as op die uniekheid van elke af= sonderlike stam se kultuur, en bygevolg ook die regstelsel. Coertze wys tereg daarop dat so 'n aanbieding vir 'n pre= siese studie van die regstelsel onvoldoende is. "Sintese van die reg by die etniese groep as 'n geheel skei die 'reg' van die lewenswerklikheid van die verskillende stamme. 'n Algemene uiteensetting met vermelding van sommige afwykings bring die gedeeltes waar geen afwykinge gemeld word nie, onmiddellik onder verdenking." By elke afsonderlike etniese groep wat onder die swart volke van die RSA aanduibaar is, bestaan nie net een nie maar net soveel verskillende reg= stelsels as wat daar stameenhede is. "As ons nie die ver= skillende stelsels en besonderhede ken nie, ken ons nie net die verskillende kultuurpatrone by al hierdie stamme op ge= brekkige wyse nie, maar kan ons ook nie met sekerheid be= weringe maak oor die algemene geldigheid van hierdie of daardie regsreël by al hierdie stamme nie" (Coertze 1971:1). Dit is op grond hiervan dat Coertze tereg die sistematiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

optekening van die regstelsels van al hierdie stamme as noodsaaklik beskou.

Ten spyte van die voorgenoemde leemtes wat die bestaande volkekundige literatuur vir 'n regskundige studie inhou, is die holistiese benadering van die volkekundige nie son= der waarde nie. Hoebel (1954:vii) wys daarop dat die holis= tiese benadering van die Volkekunde waarin kultuur as 'n geïntegreerde en funksionerende geheel bestudeer word " ... has made possible the development of comprehensive theories of cultural dynamics embracing legal phenomena as but one aspect of culture." Hy wys verder tereg daarop dat die Volkekunde by uitstek 'n vergelykende wetenskap is, wat alle volke in ruimte en in tyd bestudeer en dit voorsien daarom " ... the wherewithal to check hypotheses as to the nature of man and human behavior by finding ready-to-order variables somewhere in the anthropological inventory of observed societies. It thus provides a substitute (up to a point) for the experimental arrangement of variables that distinguishes laboratory control of scientific observation in the sister physical sciences. It makes it possible to move much closer to the realization of a genuine and em= pirical science of law. Such an approach to law through anthropology is one of functional realism by means of com= parative legal dynamics." Dit volg natuurlik logies dat hierdie voordeel van die volkekundige benadering soveel groter is indien etnografiese beskrywing op so 'n wyse ge= skied dat dit aan die juris die nodige detail verskaf vir sy bestudering van die regstelsels van primigene volke.

Benewens die voorgenoemde nuttigheid van die volkekundige benadering, is daar ook besondere voordele verbonde aan die volkekundige uitgangspunt van kulturele relativisme. Pospisil (1978:preface) wys in hierdie verband daarop dat "Insights deriving from cultural comparison are necessary to supplement the important, but ethnocentric, approaches to law that have developed from sociology, philosophy and

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


jurisprudence. The ethnological approach permits us to reduce our ethnocentric biases. It allows us to see law not simply as Western law, and not simply as a system of rules separate from culture, but as a dynamic process whose function is culture bound and whose structure is multi= variate." Hierdie siening lei 'n mens daartoe om weer eens te benadruk dat die beginsels van enige regsisteem nie ge= identifiseer kan word tensy die betrokke regstelsel teen die agtergrond van die res van die kultuur betrag word nie en dat dit gevaarlik is om met 'n bepaalde vooropgesteld= heid vanuit die Westerse regswetenskaplike terminologie, uitsprake te maak oor die beginsels van die regstelsels van primigene volke (vergelyk ook Pospisil 1978:3-7).

Hoewel 'n mens die juris nie die voorreg en geleentheid om self regskundige feite by wyse van veldwerk te versamel, wil ontneem nie, behoort dit uit die voorgaande duidelik te wees dat hy sodanige veldwerk alleenlik met sukses sal kan voltooi indien hy kennis neem van die gevare van etno= sentrisme en steeds die regskundige feite teen die agter= grond van die kultuur van die betrokke stam betrag.

Hoewel daar in die voorgaande uiteensetting aangedui is dat die volkekundige benadering in die studie van die regstel= sels van die swart volke van die RSA van besondere nut en betekenis kan wees, mag die waarde van die Volkekunde nie oorbeklemtoon word nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die meeste volkekundiges nie opgeleide juriste is nie en dat hulle daarom nie gemaklik in hulle navraag en uiteensetting in staat is om te voldoen aan die vereistes wat deur juriste gestel word nie. Die navorsingsvermoë van die volkekundige moet dus gekoppel kan word met die eise wat die juris stel.

Die vraag is dan wat is die besondere bydrae wat deur die regswetenskap in die bestudering van die regstelsels van die swart volke gelewer kan word. In hierdie verband gee 'n mens Verloren van Themaat (1971:234-235) gelyk dat 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sistematiese bewerking (ek onderstreep) van die tradisio= nele reg van hierdie volke, bestudering van die verskillen= de onderafdelings daarvan wat nie gewoonlik voor die howe kom nie, en besinning oor die toekoms van hierdie regstel= sels deur juriste gedoen sal kan word. In vervulling van die eerste en derde take kan die volkekundige na my oordeel alleenlik maar 'n ondersteunende rol vervul. By die ver= vulling van die tweede taak, die bestudering van die regs= reëls wat nie gewoonlik voor die howe kom nie, het die Vol= kekunde na my oordeel wel 'n rol om te vervul. Wanneer 'n volkekundige die optekening van hierdie (en ook alle ander) regsreëls in die veld wil onderneem, moet 'n mens erken dat sy benadering tot sy studie-opdrag na die kern, volkekundig sal wees. Dit is egter ewe duidelik dat die uitvoerings= wyse aan vereistes wat die juris stel, sal moet voldoen. Na my oordeel is die implikasie hiervan dat die volkekundige òf deur 'n opgeleide juris vergesel moet word by die ver= sameling van die feite, òf deeglike ruggespraak met 'n juris moet voer, voor en tydens die navorsing.

Ten slotte moet daarop gewys word dat, soos volkekundige mo= nografieë vanuit die oogpunt van die juris bepaalde leemtes vertoon, so vertoon die juris se aanwending van die soge= naamde gewysdereg by die bestudering van 'n algemene sis= teem van inheemse reg vir die volkekundige bepaalde leemtes. Dit wil voorkom asof sommige juriste se beklemtoning van die nuttigheid van die sogenaamde gewysdereg om tot 'n sin= volle begrip van een algemene stelsel van inheemse reg te geraak, die resultaat is van 'n geykte Westerse regsweten= skaplike benadering en dat dit nie genoeg kennis neem van die variasie in die inheemse regstelsels soos die navorser dit in die veld aantref nie (vergelyk byvoorbeeld die be= naderingswyse van Olivier (1969) en Warner (1961 en 1965)). Dit is na my oordeel gevaarlik om ten opsigte van die swart volke in die RSA bloot op grond van die gewysde= reg, die beginsels van 'n algemene sisteem van inheemse reg te probeer identifiseer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Eerstens moet 'n mens daarop wys dat slegs 'n baie geringe aantal regsaksies by enige bepaalde stam vir beslissing aan die magistraatshof, en 'n nog geringer getal uiteindelik aan die Appèlhof vir Kommissarishowe en hoër howe vir be= slissing voorgelê word. Die regsreëls van 'n besondere stam of volksgroep word derhalwe nooit deur hierdie howe ten volle in behandeling geneem nie. (Vergelyk byvoorbeeld die gebrekkige gegewens oor die privaatreg van die Changana-Tsonga in Olivier (1969)). Indien die gewysde reg dus ge= bruik word om tot klaarheid oor die regstelsel van so 'n enkele stam of volksgroep te geraak, word die indruk gewek dat bepaalde regsreëls weens hulle afwesigheid in die ge= wysde reg, nie onder die betrokke stam bekend is nie.

Dit is 'n bekende beginsel in die reg dat mindere howe die beslissings van meerdere howe moet volg. Die waarheid is natuurlik dat kapteinshowe nie volwaardige landshowe is nie en dat die mindere howe wat aan kapteinshowe ondergeskik is, geen erkenning geniet nie. Die gevolg is dat daar geen toesig bestaan dat hierdie howe met laagste rang die be= slissings van die landshowe volg nie. Informante het ruiter= lik hulle onkunde oor hierdie saak bely. Om onder sulke omstandighede die gewysde reg as studiebron van die lewende regsreëls te gebruik, is baie gewaagd.

Tweedens: Dit gebeur dat die howe wat binne stamverband funk= sioneer veranderinge in hulle regsisteem erken sonder dat die landshowe daarvan kennis dra. Waar 'n vader in die verlede ten volle vir die onregmatige dade van sy ongetroude seun aange= spreek moes word, sal die stamhowe in Mhala vandag nie meer hierop aandring as die ongetroude seun 'n eie verdienste het nie. Hy moet "vir homself staan". Van hierdie wysiging sal die landshowe eers kan kennis neem as so 'n beslissing in die Appèl= hof vir Kommissarishowe betwis word. Dit is uit die beskrywings van volkekundiges soos Coertze (1971), De Clercq (1975) en Jacobs (1974) duidelik dat ongeveer negentig persent van alle privaatregtelike geskille onder swartes in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die RSA in die nie-openbare of familiehowe beslis word. 'n Mens weet dat regsreëls reeds op hierdie vlak by die eise van veranderde omstandighede aangepas word. Die kanse vir verandering waarvan nooit kennis geneem kan word nie, is baie groot. 'n Aansienlike deel van die beginsels van die lewende reg en van die veranderinge wat onlangs daarin in= getree het, kan na my oordeel gevolglik alleenlik by wyse van 'n studie van die verloop van geskille in die familie= howe blootgelê word - en laasgenoemde howe se beslissings word by die swart volke nooit op skrif gestel nie. Die im= plikasie hiervan is dat die sinvolle bestudering van die lewende reg vereis dat indringende etnografiese navorsing binne stamverband en teen die agtergrond van die betrokke stam se kultuur, gedoen moet word. Hoebel (1954:40) wys tereg daarop dat: "Whether the culture is living, or whether the investigation is reaching back into the past, the initial steps of law inquiry will be the same - inquiry with competent informants. In a going culture the investi= gator will be able to observe some cases in action. But cases may be few and far between, for critical, law-making cases may turn up only once in a decade." Coertze (1971:15-16) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat, gesien die bestaande hofrekords in die RSA, daar aanvaar kan word " ... dat dit soms meer as 100 jaar neem voor 'n besondere variasie van die regstelsel by herhaling voor die howe ge= toets word. Geen navorser sal volgens dié metode ooit seker wees dat hy die hele regsisteem of al die variasies daarvan, volledig kan nagaan en opteken nie." Die bestudering van hofuitsprake alleen kan dus in beginsel nooit genoegsaam wees nie. Soos Hoebel (1954:40) aandui, is die benutting van die kennis van geskikte informante oor wat die geldende regsreëls is, van deurslaggewende belang.

Bestudering van die reg deur gebruikmaking van geskikte informante kan natuurlik deur regswetenskaplikes bevraag= teken word indien daar nie voortdurend navraag gedoen word oor welke reëls in 'n hof afdwingbaar is en watter slegs as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedragsreëls geld nie. Hoebel (1954:35) stel die eis dat daar telkens vasgestel moet word of sulke reëls reeds in 'n hofbeslissing van die verlede as deel van die reg erken is. Na my oordeel is dit voldoende om telkens van informante die versekering te verkry dat sodanige reëls by oortreding in 'n hof afgedwing kan word (vergelyk ook Coertze 1971:13 in hierdie verband).

Die optekening van inheemse regstelsels deur die ondervraging van kundige informante met gebruik van die toets of bepaalde reëls in howe afdwingbaar is, behoort alle regsgeleerdes te bevredig. Sodanige ondervraging in diepte is die standaard navorsingsmetode in die Volkekunde. Dit kan egter met reg beweer word dat die volkekundige sy ondervragingsisteem in oorleg met 'n juris moet saamstel en dat daar besondere aandag aan die optekening van besliste sake gegee moet word. Regsoptekening word langs hierdie weg 'n spanpoging van die volkekundige en juris waarin die een nie maklik sonder die ander kan klaarkom nie.

B. Samehang in die reg en die implikasies daarvan

Soos reeds in die voorgaande afdeling vermeld is, bestaan daar 'n ernstige leemte aan monografieë oor die swart volke van die RSA waarin die regstelsels van hierdie volke sistematies, volledig en sinvol beskryf word. Hierdie leemte is in die onlangse verlede deur enkele volkekundige studies aangevul (vergelyk Coertze (1971), Breytenbach (1971), De Clercq (1975) en Jacobs (1974)). Ten spyte hiervan lê bykans die hele terrein van navorsing oor hierdie kultuuraspek nog braak. In die geval van die Changana-Tsonga bestaan daar byvoorbeeld geen sodanige monografie nie. Die veelgeroemde werk van Junod (1927 Vol. I en II) verskaf wel 'n betreklik volledige etnografiese beeld van sommige stamme van Mosambiek en Noord-Transvaal maar wanneer 'n intensiewe studie van die gegewens gemaak word, is dit duidelik dat dit hoofsaaklik betrekking het op die Rongastamme van die suide van Mosambiek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Ramsay (1941) het wel 'n poging aangewend om 'n kort hand=leiding van die belangrikste regsreëls van die Changana-Tsonga vir magistrate op skrif te stel maar sy gegewens is so onvolledig dat dit vir die doeleindes van 'n studie van die regsisteem van die Changana-Tsongastamme bykans heelte=mal onbruikbaar is.

In 'n poging om 'n deel van hierdie kennisgebrek aan te vul het ek in die loop van die afgelope vier jaar gepoog om volgens die riglyne wat in die vorige afdeling aangedui is, die gebrek aan kennis van die privaatreg, administratiefreg en prosesreg van die Changana-Tsonga ten dele aan te vul. Dit het vereis dat daar voortdurend ruggespraak met juriste gevoer moes word ten einde die betrokke regsaspekte op so 'n wyse te kan beskryf dat dit aan die eise wat deur juriste gestel word, sou voldoen. Skrywers soos Coertze, De Clercq en Breytenbach het ten opsigte van ander stamme hoofsaaklik aandag gegee aan die familie-, erf- en opvolgingsreg maar het in hul beskrywings hoofsaaklik 'n volkekundige behande=lingspatroon gevolg wat die individu se lewensloop vanaf geboorte tot sterfte dek. Hoewel die terrein van die pri=vaatreg wel op hierdie wyse oorsien is, bly dit tog 'n feit dat die indelingswyse wat deur juriste in hul behandeling van die privaatreg gebruik word, nie in sodanige beskrywings nagevolg is nie.

In die lig hiervan is dit noodsaaklik om kortliks aan te dui op welke wyse juriste die aspekte wat tot die privaatreg be=hoort, sistematiseer en op welke wyse die inhoud van die samestellende elemente daarvan benader word en dan te bepaal of so 'n juristiese benadering dalk meer bruikbaar vir veld=werk kan wees. Volgens Van der Vyver en Van Zyl (1972:141-147) gaan dit in die privaatreg om die verhouding tussen regsubjek en regsubjek en "in hoofsaak ten opsigte van 'n regsubjek se aanspraak op 'n regsobjek sonder dat enigeen van die regsub=jekte daarop aanspraak maak dat hulle draers van staatlike gesag is." In die privaatreg kan 'n mens naas ander indelings

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dit ook soos volg afbaken: 'n Mens het eerstens te make met die materiële privaatreg. Hieronder ressorteer die personereg, familiereg, vermoënsreg, persoonlikheidsreg en handelsreg

In die personereg word daar in die praktyk meer bepaald besin oor die regsreëls in verband met die ontstaan, status en tot niet gaan van die natuurlike persoon (die individu=ele mens) as regsubjek.

In die familiereg word aandag gewy aan die totstandkoming, gevolge en ontbinding van 'n huwelik (die huweliksreg), die gevolge van die huwelik ten opsigte van die vermoënsregte en -verpligtinge van die huwelikspartye (die huweliksgoedere=reg) en laastens aan die onderhoudsverpligtinge, verwaarlo=sing en aanneming van kinders, ensovoorts. Dit is duidelik dat daar met die begrip "huwelik" telkens 'n verbintenis tussen een man en een vrou geïmpliseer word.

Die vermoënsreg is daardie deel van die privaatreg wat die ontstaan, inhoud, oordrag en tot niet gaan van 'n regsubjek se vermoënsregte en vermoënsregtelike verpligtinge reël. Hieronder ressorteer dan die sakereg, die immateriële goe=derereg en die verbintenisreg. 'n Besondere plek word in=geruim vir die erf- en opvolgingsreg wat te make het met die vraag wat van 'n individu se vermoënsregte en -verpligtinge word by sy afsterwe en welke regte 'n bevoordeelde ten op=sigte van sodanige vermoënsregte en -verpligtinge verkry.

Die persoonlikheidsreg het te make met die ontstaan, inhoud en tot niet gaan van persoonlikheidsregte, waarby ingesluit word die aansprake van 'n regsubjek op persoonlikheidsaspek=te soos die integriteit van sy eie liggaam, sy goeie naam en sy eergevoel. Sommige reëls van die personereg, sakereg, kontraktereg en ander afdelings van die privaatreg wat vir handelsverkeer van belang is, word soms uit die voorgenoemde indeling uitgelig en saamgevat onder die algemene benaming

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van die handelsreg.

Wanneer die voorgaande indeling van die privaatreg vanuit 'n volkekundige oogpunt betrag word, val dit onmiddellik op dat dit 'n sisteem verteenwoordig waarin die individu tel=kens die uitgangspunt en ook die middelpunt van belangstel=ling is. Van Warmelo (1973:15) kan daarom die stelling maak dat die reg voorskryf hoe die individu hom moet gedra. "Dit skryf voor dat hy nie moet steel nie of hoe hy 'n testament moet maak. Dit bepaal wanneer hy meerderjarig is. Dit kan voorskryf dat hy 'n sekere leeftyd moet hê of aan 'n sekere bevolkingsgroep moet behoort voor hy kan stem. Dit kan bepaal dat hy eienaar van 'n bepaalde saak is of dat hy nie 'n dier mag martel nie." (Ek onderstreep). Dit gaan om die individu se status as regsubjek, die wyse waarop hy trou, die wyse waarop hy vermoënsregte verkry, die omvang van sy persoonlikheidsregte, ensovoorts.

Uit die voorgaande is dit daarom begryplik waarom dit vir die Westerse juris so noodsaaklik is om te weet wat 'n reg=subjek is, wanneer so 'n regsubjek ontstaan, en wanneer so 'n regsubjek tot niet gaan (vergelyk Van der Vyver en Van Zyl 1972:153-175). Olivier (1977:4) wys daarop dat die woord persona in die regsgeskiedenis mettertyd aangewend is om die genus van draers van regte en verpligtinge aan te dui en dat ons hedendaagse begrip regsubjek daaruit sy beslag gekry het terwyl Van der Vyver en Van Zyl (1972:175) dit beklemtoon dat met "die mens" as regsubjek deurgaans die mens as enke=ling maar ook die individu in die gemeenskap bedoel word. Hierdie besondere klem op die individuele mens as regsubjek is volgens Olivier (1977:2) kenmerkend van alle ontwikkelde regstelsels. "Alhoewel alle primitiewe regstelsels die mens as die primêre draer van regte en verpligtinge beskou het, vereis dit 'n mate van abstrahering en teoretisering om ook die gevolgtrekking te maak dat die mens 'n regsubjek is. Dié gevolgtrekking veronderstel immers dat die regstegniese begrippe regsubjek en regsobjek ontwikkel is." (Ek onder=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

streep).

Wanneer die uitgangspunte wat vroeër in afdeling A vir volkekundige bestudering van die regstelsels van primigene volke aangedui is, in gedagte gehou word, volg dit logies dat die volkekundige sy ondervraging sal instel om te be= paal wanneer en hoe 'n regsubjek tot stand kom, homself handhaaf en tot niet gaan. Hy moet onder andere ingaan op die verskeidenheid vermoënsregte en persoonlikheidsregte waaroor die individu kan beskik asook die wyse waarop dit aangetas kan word of waarop die individu daarmee kan handel. Alle pogings om op hierdie wyse met die individu as uit= gangspunt, met Changana- en Tsonga-informante oor hulle reg= sisteem 'n gesprek te voer, het skipbreuk gelei. Nie alleen hierdie "individuele" benadering nie maar ook die indelings= patroon van die privaatreg wat deur juriste gevolg word, was vir hulle vreemd. In die lig hiervan moes daar reeds vroeg na die aanvang van die veldwerk vasgestel word wat die same= hang is waarbinne die Changana- en Tsonga-informante 'n individu sien en binne watter begripsverbande informante oor hulle regsreëls kan gesels.

Sonder om die gevolgtrekking van hierdie studie vooruit te loop, kan nou reeds gesê word dat dit die bevinding was dat die individu as sodanig vir informante van minder betekenis was as die individu binne groepsverband. Die aantasting van die regte van die individu is 'n saak wat ook vir sy groep= genote in die huteenheid, kraal of linie van belang is. Informante kon regsreëls gemaklik verduidelik as daaroor volgens 'n chronologiese opeenvolging van gebeurtenisse soos die lewensloop van die individu ondervra is of as dit aan 'n bepaalde lewenspraktyk soos huweliksluiting, egskeiding of gedingvoering in die hof gekoppel kan word. Dit beteken dus dat dit baie vroeg reeds duidelik was dat die volkekun= dige ondervragingslyn wat deur Coertze en andere by regsop= tekening gevolg is en waarin die lewensloop van die individu van geboorte tot sterfte as ondervragingslyn gevolg is, ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir my die korrekte geblyk het by die ondervraging van Changana- en Tsonga-informante. Dit was die enigste onder=vragingslyn waardeur daar sinvolle antwoorde van informante verkry kon word. Dit beteken dan dat die aanvanklike ver=werking van die stof, 'n verbintenis trek tussen die onder=vragingsisteem waarmee dit ingesamel is (die lewensloop van die individu) en die normale regswetenskaplike ordenings=wyse. Die finale herskrywing daarvan tot wat Verloren van Themaat (1971:234-5) 'n sistematiese bewerking van die in=heemse reg noem, is 'n taak wat na die insamelingsaksie van die volkekundige voltooi is, deur juriste gedoen moet word. Die regsoptekening onder die Changana en Tsonga het hierdie twee fases in die optekeningshandeling baie vroeg uitgewys. Dit is duidelik dat slegs die eerste fase se resultaat in die studie wat hierna volg, aangebied word.

'n Mens is reeds vanuit die volkekundige agtergrond daartoe gelei om te aanvaar dat daar in die regsisteem van die Changana en Tsonga, net soos in ander aspekte van hul kul=tuur, sprake is van 'n kommunale karakter. Juriste wat reeds oor die regsisteme van die swart volke in die algemeen besin het, beklemtoon ook hierdie feit. Myburgh (1969:146) konstateer onomwonde dat "Among the South African Bantu the articulate factors in private law are groups" en dat " ... subjektiewe regte by die Suid-Afrikaanse Bantoe altyd deur lede van die groep gedeel word" (Myburgh 1972:183). Labuschagne (1975:141 en 159) wys ook daarop dat "kollek=tiewe aanspreeklikheid tot 'n minder of meerdere mate 'n kenmerk van al die Bantoegewoonteregstelsels (is)" terwyl Allott (1969:187) verklaar dat "African customary laws are typically laws of, or based on, groups and communities, social and political. The study of group-personality in African law is thus inescapably the most important task both from the jurisprudence and from the more narrowly African points of view."

Hierdie literatuur oor die regstelsels van die swart volke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en 'n mens se eie volkekundige agtergrondkennis het gou gelei tot die aanvaarding dat die beperkte siening van die familiereg uit die regswetenskap as die regsreëls wat die wedersydse verhoudinge tussen man en vrou en ouers en kin= ders reël, binne die verband van die regstelsels van die Changana-Tsonga aanvegbaar is. Daar is by hierdie volke nie net sprake van afsonderlike individue binne alleenstaan= de gesinne nie maar van 'n netwerk van gesinne wanneer poli= ginie beoefen word. Selfs die huwelik is by hierdie volke nie 'n blote verbintenis tussen een man en een vrou nie. Daarbenewens gee die bestaan van twee lyne bloedverwante en ten minste een lyn aanverwante by hierdie volke aanleiding tot die erkenning van 'n veelheid van vaders en moeders en van broers en susters. Anders as binne die gemenereg geld die verwantskapsverhoudinge wat sodoende hul beslag kry, by hierdie volke nie net binne die kerngesin nie maar is uit= gebrei tot 'n wye netwerk van verwante. Waar die gedrags= verhoudinge en verpligtinge tussen sulke verwante in die kerngesin binne die familiereg in die reg gereël is, moet die moontlike regsimplikasies van dieselfde verhoudinge oor 'n baie wyer front ondersoek word. Die bestudering van die familiereg by hierdie volke vereis gevolglik dat ondervra= ging oor 'n wye reeks van verwante gesinne gedoen moet word.

Die posisie van die individu kom dus binne verband van 'n wye reeks verwante ter sprake. Die individu se posisie van senioriteit en sy status in die reg word bepaal deur geslags= verskil, rangorde van geboorte binne die verband van die poliginiese gesinne-eenheid en huwelikstaat. Alhoewel hier= die aspekte volgens die volkekundige ondervragingslyn deel van die familiereg vorm, is dit baie duidelik ook die bou= stowwe van die personereg. Dit is dus duidelik dat die ondervraging oor die familiereg in hierdie studie so ge= detailleerd gedoen sou moes word dat dit die gegewens wat vir die optekening van die inheemse personereg nodig is, sou insluit. Myburgh (1972:199) kom tot die slotsom dat daar in die studie van die personereg voorkeur gegee moet word aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die opvatting dat persoonlikheidsregte deur lede van die hele gesinnegroep gedeel word want "ons het gesien dat die hele gesinnegroep by skending van persoonlikheidsregte be= trokke is en aan die verkryging van genoegdoening deelneem, byvoorbeeld by doodslag, swangerskap van 'n meisie onder die Tsonga en besering onder die Zoeloe; en dit is redelik om te aanvaar dat voordeel vir 'n huis ook beskou word as voordeel vir almal, want die gesinne leen van mekaar, help mekaar in ander opsigte en geniet saam."

Vanweë al hierdie botsende gesigspunte oor waar die vertrek= punt by regsoptekening moet wees, by die individu en sy regte en verpligtinge of by die individu binne groepsverband, moes daar in hierdie studie ook antwoord gegee word op die vraag of die samehang van die dele van die privaatreg van= uit die skakeling van die belange van die individu dan wel die groep waaraan hy behoort, gesoek moet word.

C. Die samehang tussen die gesagstruktuur, hofstelsel en die afdwinging van regsreëls

Die inhoud van en die onderskeid tussen die begrippe reg en gewoonte is reeds deur 'n verskeidenheid volkekundiges en juriste beredeneer (vergelyk Coertze 1971:4-7; De Clercq 1975:9; Van Apeldoorn 1955:19-31 en Pospisil 1971:79). Dit sou na my oordeel onvanpas wees om weer uitvoerig hieraan aandag te gee. Daar kan gevolglik met die volgende vol= staan word: By alle volke ter wêreld bestaan daar bepaalde gedragsreëls wat die optrede van individue teenoor mekaar en van individue teenoor die maatskappy reël en so ordelike verhoudinge binne die gemeenskap bewerkstellig. Die na= lewing van sondanige gedragsreëls word gewaarborg deur onder meer die persoonlike kultuur-gekondisioneerde moraal, po= tensiële sanksie vanuit die godsdiens en deur die straf wat op georganiseerde wyse van die openbare mening kan uitgaan. Hierdie gedragsvoorskrifte kan as die gewoontereëls van el= ke volk getipeer word en word gekenmerk deur die feit dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dit nie sonder variasie, vas en bindend nageleef word nie, en dat skuldigbevinding en straf nie noodwendig 'n uiter= like sigbare handeling vereis nie. Hierteenoor bestaan daar egter ook by elke volk bepaalde gedragsreëls wat ab= soluut bindend is en wat deur die individu sonder keuse nageleef moet word. Sodanige reëls kan as die regsreëls van 'n volk beskryf word en word gekenmerk deur die feit dat daar eers 'n oortredingshandeling moet plaasvind voordat verhoor voor 'n hof as die mondstuk van die gemeenskap, skuldigbevinding en straf kan intree (vergelyk ook Coertze 1973:222-224). Van der Vyver en Van Zyl (1972:XII) merk in hierdie verband die volgende op : "Regsreëls orden die samelewing van mense meer bepaald deur die kompetensies op juridiese gebied neer te lê; en, in samehang daarmee, die regte en verpligtinge van die lede van 'n gemeenskap te orden. Dit bepaal in hoofsaak wie kompetent is om aan die regsverkeer deel te neem en hoe aan die regsverkeer deelge= neem kan word; dit roep die regte en verpligtinge van elke lid van die gemeenskap in die lewe en bepaal wat die inhoud van daardie regte en verpligtinge is ...."

Die hofstelsel waarbinne hierdie regsreëls ter sprake kom, moet ook nader aangedui word. Collins (1975:362) is van oordeel dat "mechanisms of law generally attempt to punish and redress deviations from the rules of a society and ul= timately, ideally, prevent such misconduct from occurring." In die geval van die swart volke van die RSA het verskil= lende skrywers in die verlede reeds daarop gewys dat hierdie funksie vervul word binne 'n uitgebreide hofstelsel wat binne stamverband bestaan (vergelyk byvoorbeeld Kriel 1976; Coertze 1971; De Clercq 1969; Breytenbach 1971; Jacobs 1974 en Hartman 1972). Hierdie stelsel van howe is die masjinerie wat ingespan word om in gevalle van botsings tussen indivi= due onderling of tussen individue en die gemeenskap, die reg te spreek en die toepaslike straf of restitusie aan te dui. Hoewel hierdie straf ook deur die openbare mening onderskraag word, is die formele aanduiding daarvan deur 'n hof, 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besondere handeling wat hier namens die gemeenskap plaas=vind.

Dit volg uit die voorgaande logies dat 'n mens by die be=studering van die reg duidelikheid sal moet verkry oor die aard, samestelling, jurisdiksie, bevoegdheid en prosedure van elkeen van die howe wat binne die navorsingsverband bestaan. Hierbenewens behoort daar besondere aandag gegee te word aan die vraag of die formele beregting van geskille deur die senior lede van 'n familie of afkomsgroep inderdaad 'n hofaksie verteenwoordig. Alleen op hierdie wyse sal 'n duidelike beeld verskaf kan word van die sogenaamde formele privaatreg. Volgens Van der Vyver en Van Zyl (1972:148) behels laasgenoemde " ... regsreëls waarvolgens in 'n si=viele saak in die hof geprosedeer moet word (Die Burgerlike prosesreg) en die reëls wat bepaal hoe en in watter mate bewyse in 'n siviele saak aangebied moet word (Die Burger=like bewysreg)."

Ook in hierdie geval was dit reeds uit my vroeëre navorsing (vergelyk Hartman 1972) duidelik dat daar in die ondervra=ging van informante aansluiting gevind sou moes word by die ondervragingslyn wat deur Coertze en andere by die opteke=ning van prosesreg gebruik is. Informante onder die Changana-Tsonga was eenvoudig nie daartoe in staat om die verskillende fasette wat deur juriste in die prosesreg en bewysreg gevolg word, van mekaar te skei nie. Dit was dus nodig om die gang van 'n hofsaak as die ondervragingslyn te gebruik en om soveel as moontlik daarby navraag te doen na die bekendheid met begrippe en afdelings in die prosesreg en bewysreg. Saam met Coertze (1971:19) moet egter erken word dat blote ondervraging oor die proses- en bewysreg nie genoeg is nie. Die verhooraksies moet bygewoon word om in=formante werklik omvangryk te kan ondervra. Dit is egter ook hier onvermydelik dat die inheemse opvattinge oor wat 'n hof is, en die feit dat 'n klagte na die hof gebring word, eerder as 'n besondere eis, die uiteensetting sal kleur.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoebel (1972:537) wys daarop dat die uitoefening van die regspraak een van die funksies van die politieke gesag is omdat laasgenoemde as hoogste gesag moet toesien dat reg en geregtigheid binne die gemeenskap geskied. Dit is egter noodsaaklik om in gedagte te hou dat daar by die uitoefe= ning van gesag binne die Westerse kultuurorde gewoonlik onderskeid gemaak word tussen die wetgewende, uitvoerende en regterlike gesag (Coertze 1973:229). Dit is dan ook begryplik dat daar in die regswetenskap onderskei sal word tussen die reg met betrekking tot die organisasie, bevoegd= hede en prosedures van burgerlike howe dit wil sê die pro= sesreg enersyds en die administratiefreg andersyds. Volgens Van der Vyver en Van Zyl (1972:140) behels die administra= tiefreg die funksies en kompetensies van die verskeidenheid administratiewe liggame waardeur die staat funksioneer sowel as die groot aantal kleiner liggame binne elke staatsdepar= tement wat vir spesifieke funksies in die lewe geroep is. Wiechers (1973:10) vind dit ook maklik om administratiefreg en siviele prosesreg teenoor mekaar af te baken " ... om= dat eersgenoemde regsgebied op tradisioneel uitvoerende owerheidsorgane en laasgenoemde regsgebied op tradisioneel regsprekende owerheidsorgane betrekking het."

Wanneer die regstelsels van die swart volke van die RSA be= studeer word, is dit egter nie so maklik om die voorgenoemde regsaspekte te kompartementeer nie, omdat daar by hierdie volke bykans geen differensiasie van die gesagsfunksies bestaan nie. Uit die bestaande monografieë oor hierdie volke is dit duidelik dat die verskillende politieke gesags= figure administreerders en tegelykertyd ook regsprekers is en daarom oor die vermoë beskik om 'n hof te hou. In die geval van die Abakwanzuza van Mtunzini kon De Clercq (1969: 169) byvoorbeeld tot die gevolgtrekking kom dat die be= oefening van die regspraak een van die belangrikste funksies is wat deur die polities-administratiewe gesagsinstansies binne die stam vervul moet word. Dit was ook my eie bevin= ding in die geval van die Changana van Mhala (1972:280) en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dieselfde verskynsel is deur Coertze (1971:383) ten opsigte van die Bafokeng van Rustenburg en deur Kriel (1976:311) ten opsigte van die Tlokwa van Qwaqwa, aangedui. In die gang van hierdie navorsing moes daar gevolglik reeds in die aanvangsfase van die veldwerk navraag gedoen word na die bestaan, jurisdiksie en bevoegdheid van die verskeidenheid politieke gesagsfigure en -instellinge wat binne elke stam= verband benewens politieke en administratiewe verpligtinge en funksies ook regterlike verpligtinge en funksies het. Die verstrengeling van die administratiewe en regsplegende optrede van owerheidsinstansies vereis dat daar aan die gesagstruktuur en sy funksies as sodanig aandag gegee word eerder as aan 'n spesifieke afbakening van die administra= tiefreg en prosesreg.

Die probleem loop egter nog wyer: Pospisil sê: "Indivi= duals who possess the power to induce or force the majority of the members of their social group to conform to their decisions I shall call the legal authority" (1971:44). Vir sover dit owerheidsorgane onder die swart volke raak, moet 'n mens hom gelyk gee. Die bestaan van 'n wye reeks leiers= figure op grond van senioriteit deur geboorte is reeds deur 'n hele aantal navorsers aangedui (vergelyk De Clercq (1969), Kriel (1976) en Hartman (1972)). Daar is na hierdie mense as leiers in sosio-politiese eenhede verwys. In terme van Pospisil se definisie moet hierdie mense se optrede as regsprekers ook binne die hofstelsel en hulle optrede as verlengstukke van die stamadministrasie ook binne die ad= ministratiefreg betrek word.

Dit is dus duidelik dat die behandeling van die gesagstruk= tuur en hofstelsel as deel van die optekening van 'n in= heemse regstelsel nie presies volgens die eise van 'n Wes= terse sisteem van administratief- en prosesreg kan plaas= vind nie. Daar moet aanpassings gemaak word om die inheemse werklikheid met die eise van die afbakening van 'n Westerse regsisteem op hierdie punt te probeer versoen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## D. Die begrensing van die navorsingsterrein

Die potensiële onafhanklike staat vir die Changana-Tsonga staan as Gazankulu bekend en bestaan tans uit vier afsonder=like gebiede wat in die Noordoos-Transvaalse laeveld geleë is (vergelyk kaart I). Dit beslaan sowat 675 000 hektaar. Die mees noordelike gebied wat die Giyane- en Malamulele=distrik insluit, is die grootste (sowat 460 000 hektaar) en word begrens deur die Nasionale Krugerwildtuin in die ooste, die Levuburivier en die Vendagebied in die noorde, die Lebowa- en Vendagebied in die weste en die Groot Letabarivier in die suide. Ongeveer 20 km oos van Duiwelskloof tussen Lebowa in die noorde en weste en blanke gebied in die suide en ooste, lê die noordelike Ritavigebied (Ritavi I). Ten suide daar=van is die Ritavi II-gebied geleë. Laasgenoemde word be=grens deur die Groot Letabarivier in die noorde, Lebowa in die weste en blanke gebied in die suide, ooste en noordooste. Die suidelike blok van Gazankulu staan bekend as die Mhala=distrik (vergelyk kaart II). Dit word begrens deur die Timbavati privaat natuurreservaat in die noorde, Lebowa in die weste, die Sabierivier in die suide en die Sabie-Sand privaat natuurreservaat en Manyeletiwildtuin in die ooste.

Uit 'n vroeëre studie wat oor die Changanastam voltooi is (vergelyk Hartman 1972), was dit duidelik dat die benaming Changana-Tsonga 'n kunsmatige skepping is, waarin twee etniese elemente, naamlik die Changana en die Tsonga, saam=gegroepeer word. Dat dit 'n koppelnaam is, blyk uit die gegewens van verskillende skrywers. H.A. Junod (1905:222) merk tereg op dat "Shangaan was one of the surnames of the Zulu chief, Manukosi, who settled on the coast and subju=gated most of the Thonga clans. The plain of the lower Limpopo where he lived was called accordingly Ka-Tshangane, viz., at Shangaan's place and his subjects Matshangana. A good many of the clans, however, were never tributaries of Manukosi and the name "Shangaan" would not apply to them." H. Ph. Junod (1935:10) maak ook 'n duidelike onderskeid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tussen die Changana en die Tsonga. Hy beweer onder andere dat "The term Shangaan is (however) confusing. Firstly the proper descendants of Sotshangane still exist; his great grandson, Thulamahantshi, is still alive and is well known in the Pilgrim's Rest district, where he has actually settled. He and his people are therefore the real Amashan= gana." Hy beweer verder (p.11) dat "It (Changana) is how= ever, an improper extension of a term applied to a Nguni group, to a large tribe (Tsonga) which is a distinct unit of the Bantu people of South-Eastern Africa." Van Warmelo (1974: 57) is dus heeltemal korrek wanneer hy, met verwysing na die Changana- en Tsongastamme van die RSA beweer dat: "The name Shangana actually denotes only those Ngoni who came from Zululand with Soshangane, and their descendants ... but it also embraces a number of Tonga who have adopted their masters' (Changana) language and customs." (Ek voeg in en onderstreep).

Met die beskikbare literatuur sowel as uit die navorsing wat reeds vantevore in Gazankulu gedoen is (vergelyk Hartman 1972), is 'n mens dus geregtig om die benaming Changana te gebruik wanneer verwys word na die Ngunigevolg van Sochangana en al die Tsongagroepe wat deur hom oorwin en ingelyf is. Die ander stamme van Gazankulu is inderdaad Tsonga en wil ook graag as sodanig bekend staan omdat hulle van suiwer Tsonga-afkoms is en nooit aan die Changana van Sochangana en sy nakomelinge, ondergeskik was nie.

Met behulp van die gegewens uit die beskikbare literatuur (vergelyk veral Junod (1927); Van Warmelo (1935 en 1975) en Wiid en Bothma (ongedateerd)) sowel as op grond van etnies-historiese gegewens wat self sedert 1969 by wyse van veldwerk ingewin is, kan die stamme van Gazankulu in ses verbande saam= gegroepeer word, naamlik die Hlengwe, Nwanati, Nwalungu, Dzonga en Nhlanganu wat breedweg as Tsongastamme getipeer kan word. Laastens is daar die sogenaamde suiwer Changana= stamme (vergelyk Tabel I). Volgens Wiid en Bothma (onge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## TABEL I

### GAZANKULU : ETNIESE GROEPERINGE

#### 1. Hlengwestamme

| Stam-/gemeenskapsowerheid | Kaptein/ hoofman | Stam | Distrik |
|---|---|---|---|
| Madonsi S/o | HLUNGWANI | Hlungwani | Malamulele |
| Mudavula S/o | MAVASA | Chauke | Malamulele |
| Guwela S/o | CHAUKE (Mukhami) | Chauke | Malamulele |
| Xigamane G/o | Mavasa | Chauke | Malamulele |
| Mtititi G/o | Chauke | Chauke | Malamulele |
| Ntlhaveni G/o | Hlungwane | Vagwena | Malamulele |
| Mavundza S/o | Chauke | Chauke | Giyani |
| Xiviti S/o | Chauke (Ndindane) | Chauke | Giyani |
| Xiviti S/o | Hlungwane (Nwadzekudzeku) | Hlungwani | Giyani |
| Xiviti S/o | Mavasa (Hlomela) | Chauke | Giyani |

#### 2. Nwanatistamme

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nkuri S/o | MALULEKE | Maluleke | Malamulele |
| Mulamula S/o | MALULEKE | Maluleke | Malamulele |
| Xigalo S/o | MALULEKE | Maluleke | Malamulele |
| Xikundu S/o | MALULEKE | Maluleke | Malamulele |
| Mhinga S/o | MHINGA | Maluleke | Malamulele |
| Mhinga S/o | Magakula (Maluleke) | Maluleke | Malamulele |
| Hlaneki S/o | HLANEKI | Maluleke | Giyani |
| Rungulani G/o | Maluleke (Xigalo) | Maluleke | Giyani |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

3. Nwalungustamme

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mavambe S/o | MANGANYI | Magoda | Malamulele |
| Ntlhaveni G/o | Mathye (Bevula) | Ndlopfu | Malamulele |
| Ntlhaveni G/o | Sambo (Nkavele) | Sambo | Malamulele |
| Ntlhaveni G/o | Makhuvela | Vagwena | Malamulele |
| Mathevula S/o | MATHEVULA (Makhuva) | Valoyi | Giyani |
| Mavundza S/o | Mathevula (Xikukwana) | Valoyi | Giyani |
| Mavundza S/o | Chavalala (Siyandani) | Mbhombhi | Giyani |
| Mavundza S/o | Chavalala (Homu) | Mbhombhi | Giyani |
| Nkhensani S/o | MUKHARI (Chavani) | Mukhari | Giyani |
| Nkhensani S/o | Kubayi (Mbokota) | Kubayi | Giyani |
| Nkhensani S/o | Makhuvela (Nwaxinyamani) | Vagwena | Giyani |
| Khomanani G/o | Ngoveni (Majosi) | Ngoveni | Giyani |
| Khomanani G/o | Mathevula (Nkunzana) | Valoyi | Giyani |
| Khomanani G/o | Vukeya (Madobi) | Vukeya | Giyani |
| Khomanani G/o | Kubayi (Nwamatatani) | Kubayi | Giyani |
| Khomanani G/o | Valoyi (Gonono) | Valoyi | Giyani |
| Hi-Hluvukile G/o | Siweya (Ndengeza) | Siweya | Giyani |
| Hi-Hluvukile G/o | Makhuvela (Msengi) | Vagwena | Giyani |
| Rungulani G/o | Ngoveni (Khamanyani) | Ngoveni | Giyani |
| Xiviti S/o | XIVITI (Thomo) | Xiviti | Giyani |
| Xiviti S/o | Mathevula (Mahlati) | Valoyi | Giyani |
| Xiviti S/o | Xivambu (Mninginis) | Xivambu | Giyani |
| Ribungwani G/o | Valoyi (Yingwani) | Valoyi | Giyani |
| Vuyani G/o | Valoyi (Mahuntsi) | Valoyi | Giyani |
| Vuyani G/o | Makhuvela (Duvula) | Vagwena | Giyani |
| Tiyani G/o | Ndima (Mangulwana) | Ndima | Giyani |
| Tiyani G/o | Nkanyani | Nkanyani | Giyani |
| Tiyani G/o | Valoyi (Yingwani) | Valoyi | Giyani |
| Tiyani G/o | Chavalala (Mangove) | Mbhombhi | Giyani |
| Tiyani G/o | Ngoveni (Xihimo) | Ngoveni | Giyani |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tiyani G/o | Maxava (Mdono) | Maxava | Giyani |
| Valoyi S/o | NWAMITWA | Valoyi | Ritavi |

4. Dzongastamme

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hlavekisa-Mphambo G/o | Macevele (Mphambo) | Macevele | Malamulele |
| Bungeni S/o | BUNGENI | Mavundza | Giyani |
| Mavundza S/o | MAVUNDZA (Ngove) | Mavundza | Giyani |
| Mavundza S/o | Mavundza (Mthimkulu) | Mavundza | Giyani |
| Mavundza S/o | Mavundza (Dzumeri) | Mavundza | Giyani |
| Mavundza S/o | Mahumani (Nkomo) | Mahumani | Giyani |
| Xiviti S/o | Novela (Mbatlo) | Novela | Giyani |
| Vankuna S/o | MUHLAVA | Nkuna | Ritavi |
| Nyabana S/o | MAVUNDZA (Xihoko) | Mavundza | Ritavi |
| Hoxana S/o | NKUNA (Bantom) | Nkuna | Mhala |

5. Nhlanganustamme

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mnisi S/o | MNISI | Nhlanganu | Mhala |
| Jongilanga S/o | KHOZA | Nhlanganu | Mhala |

6. Changanastamme

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gijana S/o | NXUMALO | Changana | Malamulele |
| Changana S/o | NXUMALO | Changana | Mhala |

Nota: Die name van aangestelde kapteins verskyn in hoofletters en aangestelde hoofmanne in kleinletters.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dateerde verslag) is daar benewens die groot aantal Changana- en Tsongastamme wat in Mosambiek gekonsentreer is, ook in Swaziland en dele van die RSA, buite Gazankulu, mense woonagtig wat etnies-histories met die inwoners van Gazankulu skakel (vergelyk Wiid en Bothma, ongedateerd :4).

Wanneer die reg van sowel die Changana- as die Tsongastamme opgeteken word, moet daar besluit word welke gebied in Gazankulu die geskikste is vir die versameling van gegewens wat as verteenwoordigend van albei hierdie groepe beskou sou kon word. Informante moet uit albei hierdie groepe stamme verkry word, want dit kan verwag word dat daar diep= gaande verskille tussen die regstelsels van hierdie groepe bestaan. Die keuse het uiteindelik op die Mhaladistrik ge= val.

Soos later in hoofstuk II breedvoerig verduidelik sal word, word die Mhaladistrik bewoon deur twee suiwer Tsongastamme, naamlik die Nhlanganustam van kaptein Jongilanga Khoza en die Nhlanganustam van kaptein Phillip Mnisi, 'n suiwer Changanastam onder gesag van regent Nxumalo uit die direkte afstammingslyn van Sochangana sowel as deur die Nkunastam van kaptein Sam Nkuna. Laasgenoemde verteenwoordig een van daardie Tsongastamme wat deur Sochangana by die Changanage= ledere ingelyf is.

Volgens die bepalings van die Wet op Swart Owerhede Nr. 68 van 1951, is daar vir elkeen van hierdie stamme reeds stam= owerhede ingestel en stamowerheidsgebiede toegeken (vergelyk hoofstuk II). Die Changanastamowerheid voer gesag oor veer= tien plase, die Mnisistamowerheid (Nhlanganu) oor agt plase, die Jongilangastamowerheid (Nhlanganu) oor nege plase en die Hoxanastamowerheid (Changana) oor vyf plase wat almal in die Mhaladistrik geleë is (vergelyk kaart III). Die bevolkings getalle volgens die 1970 sensusgegewens van elkeen van die plase binne die onderskeie stamowerheidsgebiede, kan van tabel II afgelees word. Vervolg p.30.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## TABEL II

MHALADISTRIK : STAMOWERHEIDSGEBIEDE - BEVOLKINGSGETALLE OOREENKOMSTIG DIE 1970 SENSUS

1. Changanastamowerheid

| Plaasnaam | Changana-Tsonga | Sotho | Ander | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| New Forest ) ) Dingleydale) | 3308 | 1450 | 176 | 4934 |
| Arthurstone | 1473 | 237 | 15 | 1725 |
| Xanthia | 1035 | 566 | 30 | 1631 |
| Edinburgh | 2246 | 74 | 3 | 2323 |
| Rolle | 2233 | 112 | 64 | 2409 |
| Merry Pebble Stream | 2105 | 88 | 0 | 2193 |
| Agincourt | 2080 | 10 | 26 | 2116 |
| Allandale | 753 | 400 | 1 | 1154 |
| Dumfries | 1276 | 187 | 14 | 1477 |
| Newington | 986 | 17 | 0 | 1003 |
| Athol | 598 | 22 | 8 | 628 |
| Utha | 302 | 4 | 3 | 307 |
| Thulilamahanxi | 1162 | 11 | 30 | 1203 |
| Totaal : | 19557 | 3178 | 370 | 23103 |

2. Hoxanastamowerheid

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Ronaldsey | 898 | 42 | 107 | 1047 |
| Madras | 2505 | 855 | 794 | 4154 |
| Calcutta | 1424 | 333 | 123 | 1880 |
| Belfast) ) Cork ) | 716 | 52 | 7 | 775 |
| Totaal : | 5543 | 1282 | 1031 | 7856 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

3. Minisistamowerheid

| Plaasnaam | Changana-Tsonga | Sotho | Ander | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Okkernootboom | 2708 | 695 | 8 | 3411 |
| Welverdiend | 1124 | 432 | 16 | 1572 |
| Islington | 1038 | 62 | 1 | 1101 |
| Clare | 786 | 177 | 10 | 973 |
| Gottenburg | 768 | 161 | 1 | 930 |
| Ludlow | 1361 | 413 | 4 | 1778 |
| Seville | 602 | 42 | - | 644 |
| Eglington | 1366 | 294 | - | 1660 |
| Totaal : | 9753 | 2276 | 40 | 12069 |

4. Jongilangastamowerheid

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Croquet Lawn | 863 | 21 | 4 | 888 |
| Cunning Moor | 2793 | 147 | 96 | 3036 |
| Ireagh | 1441 | 6 | 53 | 1500 |
| Kildare | 1427 | 31 | 34 | 1492 |
| Justicia | 963 | - | 4 | 967 |
| Huntingdon | 626 | 5 | - | 631 |
| Lillydale) | 1472 | - | 21 | 1493 |
| Alicecot ) | | | | |
| Somerset ) | 477 | 5 | 22 | 504 |
| Totaal : | 10062 | 215 | 234 | 10511 |

5. Nie-toegekende plase

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Acornhoek | 2248 | 256 | 81 | 2585 |
| Andover | + | + | + | + |
| Leamington | + | + | + | + |
| Burlington | + | + | + | + |
| Orinoco | 753 | 42 | 12 | 807 |
| Dwarsloop | 1489 | 607 | 58 | 2154 |
| Excelsior | ++ | ++ | ++ | ++ |
| Lothian | ++ | ++ | ++ | ++ |
| Totaal : | 4490 | 905 | 151 | 5546 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nota : + Vroeëre privaat blanke eiendom: Geen sensus gegewens beskikbaar nie. Bevolkingsgetalle was egter baie laag in 1970.

++ Natuurreservaat wat sedert 1976 vir bewaring beskik=baar gestel is: Geen sensus gegewens beskikbaar nie. Gebiede byna onbewoon in 1970.

---

Dit is duidelik dat die verskeidenheid volkstipes wat in die Mhaladistrik teenwoordig is, die gebied by uitstek ge=skik maak om as aanvangsterrein vir regsoptekening te dien. Die gegewens wat so ingesamel kon word, kon as basis gebruik word om die reg van die Hlengwe-, Nwanati-, Dzonga- en Nwalungustamme, wat elders in Gazankulu woonagtig is, te kontroleer. Sodanige kontrolering en vergelyking val egter buite die bestek van hierdie navorsing. Dit gaan hier net om die optekening van die regsreëls van die vier Changana- en Tsongastamme in die Mhaladistrik.

E. Navorsingsmetodiek

Soos in die geval van alle volkekundige navorsing is daar begin met 'n deeglike ondersoek na alle toepaslike litera=tuur oor die navorsingsgebied en sy mense. Vanweë die ver=skille tussen die Westerse regsisteme en dié van primigene volke, moes daar ook 'n studie gemaak word van eerstens die toepaslike regsliteratuur en tweedens die werke van volke=kundiges wat baanbrekerswerk op die terrein van die studie van die regstelsels van primigene volke gedoen het.

Wat eersgenoemde kategorie betref, is daar veral aandag gegee aan die standaard handboeke wat vir studente in die regswetenskap aanbeveel word. Dit het dus 'n studie impli=seer van werke soos: Van Zyl en Van der Vyver (1972): Inleiding tot die regswetenskap; P J J Olivier (1977): Die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg; H R Hahlo (1960): The South African law of husband and wife; P van Warmelo

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(1973): Regsleer, Regswetenskap, Regsfilosofie; Van der Merwe en Rowland (1974): Die Suid-Afrikaanse erfreg; M Wiechers (1973): Administratiefreg; V G Hiemstra (1967): Suid-Afrikaanse Strafproses, ensovoorts. Uit die studie van hierdie en soortgelyke werke kon daar 'n duidelike beeld verkry word van die benadering van juriste en die indeling wat deur hulle gevolg word by die sistematisering van hul studiestof. Soos reeds hierbo in afdeling B verduidelik is, is kennis hiervan vir die volkekundige wat regsoptekening wil doen, noodsaaklik ten einde sy navorsingsresultate op so 'n wyse aan te bied dat dit vir die juris bruikbaar is.

Wat die volkekundige werke betref, is daar sprake van twee kategorieë, naamlik daardie werke waarin die regstelsels van bepaalde primigene volke die hoofmoment van belangstel= ling is en andersyds die monografieë oor die verskillende swart volke in die RSA. In die bestudering van die eers= genoemde kategorie werke is daar veral gekonsentreer op die meer resente beskrywings (vergelyk Coertze 1971; De Clercq 1975; Jacobs 1974 en Breytenbach 1971) waarin 'n benadering gevolg word wat in 'n veel groter mate as vroeëre werke (vergelyk byvoorbeeld Schapera (1955)) voldoen aan die eise wat juriste stel.

In die geval van die monografieë oor die swart volke van die RSA is daar heelwat probleme ondervind. Sommige van hierdie monografieë beantwoord nie aan die eise wat in die huidige tyd deur volkekundiges aan etnografiese beskrywing gestel word nie. Die belangrikste rede hiervoor is omdat sommige van die skrywers nie opgeleide volkekundiges was nie (ver= gelyk byvoorbeeld Stayt 1931 en Bryant 1929). Hierbenewens bestaan daar in werklikheid geen bruikbare monografieë oor die Changana- en Tsongastamme nie. Ek moes my gevolglik aanvanklik verlaat op die gegewens van Junod (1927) wat in werklikheid 'n studie van die Rongastamme in die suide van Mosambiek gemaak het. Hoewel sy gegewens dus nie direk op die Changana- en Tsongastamme van die suide van Gazankulu

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Mhala) van toepassing is nie, het dit nogtans waardevolle hulp verskaf. In die geval van die Changana kon daar wel ook gebruik gemaak word van volkekundige werke oor die Zulu-, Swazi- en Xhosastamme omdat die Changana van Nguni=herkoms is (vergelyk hoofstuk II). Die gegewens oor die gesagstruktuur en hofstelsel (administratief- en prosesreg) wat ekself vroeër onder die Changana van Mhala versamel en op skrif gestel het, kon as basis gebruik word vir nie al=leen meer gedetailleerde ondervraging van informante uit laasgenoemde stam nie, maar ook vir die kontrolering van en vergelyking met die gegewens wat onder die Tsongastamme van die Mhaladistrik versamel is.

Die leemte aan bruikbare gegewens oor die kultuur en veral die regstelsels van die verskillende Tsongastamme was selfs nog groter as in die geval van die Changanastam. Soos vroeër reeds vermeld is, kon daar wat laasgenoemde kultuuraspek be=tref, hoofsaaklik slegs gesteun word op die onvolledige ge=gewens van Ramsay (1941). Die enigste resente werk waarin gegewens oor die Tsonga verkrygbaar is, is dié van Kotze (1976). Ook die gegewens van laasgenoemde skrywer was vir die bestudering van die reg, te onvolledig.

Hoewel nuttige leidrade uit die werke van Olivier (1969) en Warner (1961 en 1965) verkry kon word oor die algemene be=ginsels wat in die regstelsels van die swart volke van die RSA aanduibaar is, vertoon albei hierdie werke ernstige leemtes vanweë die feit dat dit baie swaar steun op die sogenaamde gewysde reg (vergelyk Afdeling B, hierdie hoofstuk). Slegs sekere beginsels wat wel in die Appèlhowe vir Kommis=sarishowe beslis is, word in hierdie werke behandel terwyl daar selfs wat hierdie beginsels betref, nie gelykwaardige gegewens oor elkeen van die swart volke verskyn nie.

Vanweë die gebrek aan direkte gegewens uit die beskikbare literatuur, sowel as vanweë die besware wat teen die uit=sluitlike gebruikmaking van die beslissings van die Appèl=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

howe vir Kommissarishowe ingebring kon word, is dit voor die hand liggend dat daar in hierdie navorsing swaar op die versameling van gegewens by wyse van veldwerk gesteun moes word. Daar is van die standpunt uitgegaan dat betroubare gegewens oor die lewende reg van hierdie stamme hoofsaaklik verkry sou kon word deur die ondervraging van kundige informante en die toetsing van die resultate wat sodoende verkry is aan die hand van reekse hofsake wat ook van die grond af opgeteken moes word.

Alvorens daar met die navorsing te velde begin is, is die verskillende stamowerhede in die Mhaladistrik gepols oor hulle bereidwilligheid om met die beoogde navorsing behulp= saam te wees. Uit hierdie samesprekings was dit duidelik dat die betrokke stamowerheidslede so 'n projek goedgesind is maar dat hulle graag groter duidelikheid sou wou hê oor wat presies van hulle verlang word. Daar is gevolglik met die medewerking van die plaaslike magistraat, 'n vergadering van die Mhalastreekowerheid, waarop die Changana-, Jongilanga-, Mnisi- en Hoxanastamowerheid verteenwoordig is, belê. Nadat die aard, omvang, doel en metode van die navorsing breed= voerig aan hulle verduidelik is, het elkeen van die genoemde stamowerhede hulle bereid verklaar om kundige informante en 'n tolk aan die navorser beskikbaar te stel (vergelyk Bylae II vir 'n volledige lys van informante en tolke). Hulle het ook op eie inisiatief lokale waarin die ondervraging kon plaasvind voorsien en die orde waarin informante uit die verskillende stamme op gesette tye ondervra sou word, bepaal. Hierna kon daar met die ondervraging begin word.

Die ondervraging van informante het geskied aan die hand van 'n onderwerpsindeks waarin daar nie soseer bepaalde (spesi= fieke) vrae geformuleer is nie, maar waarin die onderwerpe waaroor daar duidelikheid verkry moes word, in samehangende verband aangedui is. Alle ondervraging is in Tsonga gedoen deur gebruik te maak van 'n bevoegde tolk. Alle antwoorde van informante is op band opgeneem om die ondervragingstyd

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


maksimaal te kon benut en om later die gegewens van infor= mante binne die verband waarin hulle dit self aangebied het, te kon kontroleer.

Uit wat reeds vroeër in afdelings A en B hierbo gesê is, volg dit logies dat die ondervragingsprosedure in sowel formulering as navraag groter presiesheid en fynere beson= derhede vereis het as wat normaalweg vir volkekundige na= vorsing aanvaar word. Daar moes byvoorbeeld in die besonder gelet word op die skeidingspunte waar verandering van status of aanspreeklikheid in die reg plaasvind en 'n duidelike onderskeid moes telkens tussen regsreëls en wellewendheids= reëls gemaak word. Informante is daarom telkens eers gevra om die korrekte handeling te beskryf en om dan daarna te verduidelik wat gebeur wanneer enige van die stappe in die korrekte prosedure deur enige van die daarby betrokke partye, nagelaat word. Die vraag was dan telkens of die betrokke voorskrif in 'n hof afdwingbaar sou wees. Sover as wat dit moontlik was, is daar ook aan die gebruik van die korrekte inheemse terme vir bepaalde begrippe voorkeur gegee.

Die kontrolering van gegewens is vergemaklik deur die feit dat informante in verskillende spanne ondervra kon word. Elke afsonderlike span informante het die kaptein, sy raads= manne by hofsittings, wykshoofde en die voorgangers in nie-openbare howe ingesluit. Tydens die ondervraging is elke onderwerp in die fynste detail bespreek en kon spanlede nie alleen gegewens onderling vergelyk nie maar ook mekaar se geheue oor bepaalde onderwerpe aanvul. Die verskillende stelle gegewens wat deur die onderskeie spanne verskaf is, kon uiteindelik gemaklik met mekaar vergelyk word.

Die verkreë gegewens is daarna sover as dit moontlik was, ook getoets aan die hand van beskikbare verslae van kapteins= howe by die kantoor van die Magistraat en deur die bywoning van 'n aantal hofsake wat in die onderskeie kapteinshowe verhoor is. Uiteindelik is 'n hele aantal hofsake self

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgeteken.

Die bestaande amptelike verslae van kapteinshowe verskaf nie 'n betroubare beeld van die twispunt en verloop van die hofproses asook die spesifieke regsbeginsel wat by die saak betrokke was nie. Hierdie verslae bevat, naamlik slegs bondige aantekeninge oor die name van die litigante, die klagte wat gedien het en die uiteindelike beslissing van die kapteinshof. Hierbenewens is dit so dat kapteins nie van alle beslissings van hulle howe verslag doen nie. Sodanige hofverslae verskaf dus nie alleen 'n onvolledige beeld van die totale aantal geskille wat vir beregting voor die kap=teinshof gebring word nie, maar bied ook geen beeld van die geweldige groot getal sake wat in die mindere howe ver=hoor en afgehandel word nie. Dit was baie gou reeds duide=lik dat 'n baie groot getal van die potensiële dispute wat deur informante genoem is, nie in die bestaande hofverslae gevind sou word nie. 'n Mens gee Coertze (1971:15) dus gelyk dat indien 'n mens die benadering van Hoebel (1954) sou volg "... en slegs uit die beskikbare sake 'n beeld van die reg=sisteem wou gee, sou dit noodwendig onvolledig gewees het."

Ten einde hierdie leemtes te oorkom, is daar eerstens oor die bestaande hofverslae meer volledige gegewens van infor=mante wat self as regsprekers daarby betrokke was, verkry. Daarbenewens is daar ook navraag gedoen oor sake wat in die familiehowe en wykshowe beslis is. Die sewentigtal sake wat in bylae I opgeneem is, is die resultaat van hierdie uitbouing van bestaande hofverslae en die eie optekenings=aksie. Al hierdie sake verskaf natuurlik nie 'n volledige beeld van alle moontlike twispunte wat in die inheemse reg onder die Changana- en Tsongastamme kan ontstaan nie. Dit moet daarom bloot gesien word as materiaal waarmee die uit=eensettings van informante uiteindelik getoets kon word. Hierdie opgetekende sake het ook as aanknopingspunt gedien om oor die fynere punte van die prosesreg gegewens in te win.

Soos vroeër reeds vermeld is, moes daar by die ondervraging

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van informante gebruik gemaak word van die volkekundige ondervragingslyn wat deur andere by regsoptekening gevolg is. Nadat alle gegewens by wyse van literatuurstudie, on= dervraging van informante, bestudering van hofverslae en bywonging van hofsake, versamel is, is die verkreë feite gesistematiseer aan die hand van 'n handleiding wat deur Coertze, Labuschagne en Prinsloo vir die optekening van inheemse regstelsels opgestel is. In hierdie handleiding is daar gepoog om die indeling van die verskillende aspekte van die reg wat deur Westerse juriste gevolg word, by die regsisteme en kultuuragtergrond van die swart volke aan te pas. Volgens hierdie handleiding word daar ook van die navorser verwag om voldoende agtergrondinligting oor die etniese geskiedenis van die betrokke stamme waaronder na= vorsing gedoen word, te verskaf. Daar is gevolglik breed= voerig navorsing gedoen oor die geskiedenis en etniese skakeling van die Tsonga- en Changanastamme van Mhala. Dit het later geblyk dat hierdie gegewens belangrike agtergrond kan verskaf in verband met die ooreenkomste en verskille tussen die regstelsels van hierdie stamme en die veranderinge wat daar ten opsigte van sekere regsbeginsels ingetree het (vergelyk hoofstuk II).

F. <u>Tegniese besonderhede</u>

Soos reeds vroeër vermeld is, word die benaming Changana gebruik wanneer verwys word na die Ngunigevolg van Sochangana en al daardie Tsongagroepe wat deur hom oorwin en by sy Ngunigevolg ingelyf is. Die benaming Tsonga word slegs ge= bruik om na daardie Tsonga wat nooit aan Sochangana se gesag onderworpe was nie, te verwys.

Die Tsonga-ortografie wat deur die Dept. van Ondw. en Opl. aanbeveel word, is vir die neerskrywe van inheemse Tsonga= woorde, gebruik. Daar moet egter op gelet word dat daar vandag nog 'n hele aantal Zuluwoorde in die Changanaspreek= taal voorkom wat nie gemaklik binne die klankwaardes van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tsonga-ortografie neergeskryf kan word nie. Dit geld veral die verskillende klapklanke. Hierdie verskynsel is uit die geskiedenis van die Changana verklaarbaar. Dit het meege= bring dat daar noodgedwonge soms van die Zulu-ortografie gebruik gemaak moes word.

Slegs vier genealogiese tabelle is in hoofstuk II ingesluit: Tabelle III en IV verskaf die sleutel tot die opeenvolging in geslagte van die kapteinshuise van respektiewelik die Nxumalo- (Changana) en die Nkunastam. In hierdie tabelle verskyn die name van die senior afstammelinge direk onder mekaar terwyl verskillende broers se name horisontaal langs mekaar geskryf word. Die mees algemene naam van elke per= soon verskyn eerste in hoofletters en daarna alle alterna= tiewe name in hakies. In tabelle V en VI word daar 'n aan= duiding gegee van watter persoon gedurende watter periode as kaptein of as 'n regent oor die betrokke stam gesag ge= voer het. Ook hier verskyn die mees algemene naam van elke persoon eerste en daarna al sy alternatiewe name in hakies. Die name van regente is met 'n stippellyn en die name van kapteins met 'n ongebroke lyn onderstreep. Indien 'n per= soon as kaptein sowel as regent regeer het, sal daar dus 'n stippellyn en 'n ongebroke lyn onder sy naam verskyn.

Ten einde so min as moontlik versteurings in die gang van die beskrywing en beredenering te bewerkstellig en om on= nodige duplisering uit te skakel, is alle sake van 'n nommer voorsien en in 'n afsonderlike bylae (Bylae I) aan die einde van die teks opgeneem.

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK II

## DIE ETNIESE GESKIEDENIS EN ONDERLINGE SKAKELING VAN DIE STAMME VAN MHALA

### A. INLEIDING

Die Mhalastreeksowerheid bestaan uit vier stamowerhede te wete die Changana-, Hoxana-, Mnisi- en Jongilangastamower= heid en is onderskeidelik ingestel vir die Nxumalo-, Nkuna-, Mnisi- en Khozastam van die huidige Mhaladistrik.

Die Tsongawoord mhala beteken rooibok en is volgens infor= mante gekies as benaming vir hierdie streeksowerheid vanweë die feit dat rooibokke net soos die mense van die distrik, altyd saam wei. Hoewel daar hiermee geïmpliseer wil word dat die vier stamme van die distrik saamhoort en as 'n eenheid saamgegroepeer kan word, is dit inderdaad nie die geval nie. Vanuit 'n etnies-historiese oogpunt beoordeel, het mens hier te make met minstens twee verteenwoordigende groepe te wete Changana en Tsonga (Nhlanganu).

Dit was verder uit die getuienis van die vier stamme duidelik dat hulle nie die benaming Changana-Tsonga vir hulleself aan= vaar nie. Daar is selfs binne die Tsongagebiede die neiging gewees om eerder die name van die oorspronklike Tsongastam= verbande te gebruik terwyl die Changana onwillig is om hul= self as Tsonga te bestempel. Vir die doeleindes van die onderhawige beskrywing, word daar breedvoerig onderskei tussen die Nhlanganu-Tsonga (Mnisi- en Khozastam) en die Changana (Nxumalo- en Nkunastam).

### B. DIE CHANGANASTAMME

#### 1. Die Nxumalostam

Die geskiedenis van die Nxumalostam (23-01 in Van Warmelo 1935:92) van waarnemende kaptein Nghobo (Kufakwezwe) Mackson Nxumalo, hou direk verband met die geskiedenis van Sochangana

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Nxumalo, die stigter van die Gazaryk in Mosambiek en grond=legger van die Machangana. Hierdie stam word nog steeds regeer deur die direkte afstammelinge van Sochangana en be=skou hulself daarom as die enigste ware Changanastam in die suide van Gazankulu en die mees senior stam binne die totale Changanaverband.

Hulle ontstaansgeskiedenis hou verband met die chaotiese toe=stande wat vanaf ongeveer 1815 in Natal deur Shaka ontketen is en wat onder meer daartoe aanleiding gegee het dat verskil=lende groepe Natalse Nguni noordwaarts vanuit Natal weggevlug het. Een van hierdie groepe was die mense wat later as die Changana bekend sou staan. Hulle was volgelinge van kaptein Zwide en hulle ontstaansgeskiedenis kan teruggevoer word na 1820 toe die Ndwandwe onder aanvoering van die veggeneraal Sochangana aan die Mhlatuzerivier verpletterend verslaan is deur die <u>izimpi</u> van Shaka.

'n Gedeelte van die verslane Ndwandwe het daarna onder leiding van Sochangana noordwaarts begin vlug. Na 'n vreedsame vlug al langs die oostelike hange van die Lebombobergreeks vestig die vlugtelinge hulle vir 'n kort periode op die walle van die Temberivier (suidoos van Swaziland) waar kaptein Owen hulle in 1822 aangetref het (Bryant 1929:449). Sochangana was hier tydelik buite bereik van Shaka en het vir bykans vyf jaar in die gebied van die Tembe gewoon, "enriching and strengthening himself by constant raids" (Bryant 1929:451). Daarna het hy ongeveer 1825 die Temberivier oorgesteek en in 'n noordwestelike rigting opgeruk.

Tydens sy verblyf in die gebied van die Tembe-Tsonga en daar=na, het Sochangana bykans al die Rongasibbes in die omgewing van Delagoabaai sonder enige teenstand oorwin. Al hul beeste is geroof, die jong vroue gevange geneem en die oorwonne jong mans in Sochangana se leërs opgeneem (Grandjean 1899:72). Hierdie jong mans is in regimente georganiseer en gebruik om as voorhoede tydens sy opmars te dien. Aan hulle het hy die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

prysnaam Mabulandlela ( hulle wat die pad skoonvee ) gegee en hulle voor sy eie leërs uitgestuur om alle hindernisse uit die weg te ruim (Junod 1927, I:450).

Op hierdie wyse het Sochangana nie alleen die Rongasibbes besuide Delagoabaai oorwin nie maar ook die Djongasprekendes wat tussen die Nkomati- en Olifantsrivier woonagtig was.

Na afloop van hierdie segetog, vestig Sochangana en sy gevolg hulle teen ongeveer 1824 op die vrugbare vlaktes van die Laer Limpopo in die gebied van die Bila, bekend as Bilene (Grand=jean 1899:73; Junod 1927,I:18). Hierdie gebied het buite die gesagsfeer van Shaka geval en die vlugtelinge het vir 'n verdere bykans vyf jaar hier gewoon. Volgens Junod (1905: 222) het hulle woonplek mettertyd as Kachangana bekend geword en Sochangana se volgelinge het die benaming Machangana ont=vang. Afgesien van sy steeds toenemende Tsonga-aanhang, is die leërs van Sochangana ook aansienlik versterk deur latere vlugtelinggroepe vanuit Natal (Omer-Cooper 1966:64; Bryant 1929:451).

In 1828 het Shaka vir oulaas sy leërs uitgestuur om vir eens en vir altyd 'n einde te maak aan die Ndwandwe wat dit durf waag het om teen sy gesag in opstand te kom (Isaacs 1836,I: 229; Bryant 1929:626). Hoewel daar klaarblyklik geen werk=like geveg plaasgevind het nie, was Shaka blykbaar tevrede dat sy oppergesag nie meer deur Sochangana bedreig sou word nie aangesien laasgenoemde met sy gevolg gevlug het (Bryant 1929:628). Vir Shaka het hierdie veldtog rampspoedige gevolge gehad, want reeds voor sy terugkeer het sy halfbroers, Dingane en Mhlangana, 'n komplot teen hom gesmee en is hy na sy tuis=koms deur hulle vermoor (Bryant 1929:662; Isaacs 1836, II:21).

Uit vrees vir moontlike latere aanvalle deur die Zulu, het Sochangana teen ongeveer 1834 die Limpopovallei verlaat en verder noordwaarts in die rigting van die Sabierivier en van=daar tot so ver noord as die Zambezirivier beweeg (Bryant

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1929:452; Omer-Cooper 1966:58; Liesegang 1967:51). Hier het hy in botsing gekom met twee ander vlugtelingleiers, Zwangendaba en Nxaba, wat ook vroeër uit Zululand gevlug het. Na twee kort skermutselings het Sochangana as oorwinnaar uit die stryd getree. Nadat hy eers vir Zwangendaba en later vir Nxaba oor die Zambezi noordwaarts verdryf het, word Sochangana teen ongeveer 1835 die onbetwiste heerser van die gebied wat gestrek het vanaf die Zambezirivier in die noorde tot by Delagoabaai in die suide en vanaf die see in die ooste tot by die Sabierivier in die weste (Warhurst 1969:48). Uit vrees vir die Zulu, het Sochangana na sy segetog nie teruggekeer na Bilene nie maar hom aan die einde van 1835 te Musapa gevestig (Grandjean 1899:76).

Hierdie nuwe vesting van Sochangana, midde in die Ndaugebied (Shona), het nadelige gevolge vir die omliggende Shonastamme gehad. Die Ndaustamme is nie net blootgestel aan plundertogte nie maar is inderdaad direk onder die gesag van Sochangana gebring, terwyl die jongmanne in die leërs van Sochangana opgeneem is (Kuper 1954:17).

Vanuit sy vesting te Musapa het Sochangana na 1835 ekspedisies in alle rigtings uitgestuur. Hy was spoedig in staat om die oorwonne gebiede tussen die Zambezirivier en Delagoabaai onder sy gesag te konsolideer en 'n ryk op te bou wat sedertdien as die Gazaryk, genoem na sy voorvader Gaza, bekend gestaan het (Omer-Cooper 1966:58; Warhurst 1969:48).

In 1838, na 'n verblyf van ongeveer drie jaar te Musapa, keer Sochangana weer terug na Bilene (Junod 1905:231; Liesegang 1967:52). Hoewel daar 'n seksie van sy volgelinge te Musapa agtergebly het, het Sochangana met bykans sy hele gevolg, suidwaarts verhuis. Volgens Grandjean (1899:78) het hy ook 'n menigte volgelinge uit die Ndau, Thongonono- en Nkunageledere met hom saamgebring.

Dit is tydens hierdie suidwaartse trek van Sochangana dat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eerste groepe Tsonga uit Portugees-Oos-Afrika na die Transvaal gevlug het. Uit vrees vir Sochangana het die meerderheid Nkuna onder leiding van kaptein Xiluvane asook die Vundja van kaptein Gulamenyo en die Loyi van kaptein Nkami hulle in die Transvaal gevestig (Junod 1905:231).

Na sy hervestiging te Bilene het Sochangana weinig steurnis veroorsaak. Die laaste jare van sy bewind is gekenmerk deur die stabilisering van sy mag en die afdwinging daarvan, deur jaarliks sy regimente tot aan die Zambezirivier uit te stuur om belastings te gaan vorder.

Sochangana is in 1858 oorlede en hierna het die Gazaryk stelselmatig begin verbrokkel. Die vernaamste aanspraakmakers op die opperhoofskap was Muzila, oudste seun van die eerste vrou met wie Sochangana reeds in Zululand getrou het, en Mawewe, die oudste seun van die hoofvrou van Sochangana (vergelyk ook Das Neves 1879:107; Erskine 1869:248; Grandjean 1899:81; Silva 1909:85; Junod 1905:233 en Myburgh 1949:76). Volgens Junod (1905:232) het Sochangana kort voor sy dood die familievergadering sowel as die stamraad versoek om vir Muzila in plaas van die regmatige opvolger, Mawewe, as sy opvolger aan te stel. Aangesien dit strydig is met die Zulu-opvolgingsreg, is die versoek van Sochangana verontagsaam en het die familievergadering besluit om vir Mawewe as opperhoof aan te wys.

Mawewe is in 1859 met heftige teenkanting van Muzila en sy aanhangers, as opperhoof ingehuldig (Junod 1905:233).

Mawewe was vanweë sy jeugdigheid nie opgewasse om die verantwoordelikheid van die opperhoofskap van die Gazaryk te dra nie. Vanweë sy strydlustige karakter, het hy nie alleen wreedaardig teenoor sy eie mense opgetree nie maar ook verskeie aanvalle op sowel die Portugese vestings as die omliggende Tsongastamme uitgevoer (Liesegang 1967:78 e.v.; Grandjean 1899:84). In 1861 het hy aan die hand gedoen dat alle mans in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy eie geledere wat te oud geword het om te veg, gedood moes word terwyl hy te Lourenco Marques (Maputo) en omgewing die gruwelikste barbaarshede gepleeg en verskeie Portugese onder= dane vermoor het (Grandjean 1899:85; De Vaal 1953:58 en Stevenson-Hamilton 1949:194).

Hierdie laaste optrede van Mawewe het veroorsaak dat sy eie mense sowel as die Portugese owerhede hulle na Muzila gewend het (Grandjean 1899:84; Liesegang 1967:78). Na talryke ver= soeke om hulp vanuit die Changanageledere self, het Muzila op 26 Oktober 1861 met sy hele gevolg vanuit die Transvaal na Gazaland vertrek om die stryd met Mawewe aan te knoop (De Vaal 1953:61). Tydens sy trek na Gazaland, het kaptein Magude van die Khosastam (Tsonga) met ongeveer 4 500 man by hom en sy 3 000 krygers aangesluit. Op 27 November 1861 het die hoofmag van Muzila met die krygers van Mawewe by Boloiuanene digby Lourenco Maques gebots (Junod 1905:233). Liesegang (1967:81) beweer dat die meeste van die Ngoni= regimente van Mawewe na Muzila oorgestap het en dat dit slegs die Mabulandlelaregimente (ingelyfde Tsonga), was wat die opmars van Muzila probeer stuit het.

Na 'n bloedige geveg van bykans twee dae waarin Mawewe vol= gens De Vaal (1953:61) bykans 7 000 man verloor het, het Mawewe gevlug terwyl Muzila verder suidwaarts na Lourenco Marques beweeg het. Aan die einde van 1861 het hy in Lourenco Marques aangekom waar hy hom aan die Portugese gesag onderwerp het ten einde laasgenoemde se steun teen Mawewe te verkry. Op 2 Desember 1861 het hy 'n verdrag met die Portugese owerheid gesluit waarin hulle hom, onderworpe aan sekere voorwaardes, as opperhoof oor al die Changana-Tsonga erken het. Hulle het onderneem om hom, wanneer dit nodig mag wees, met 'n gewapende mag by te staan en hom te verdedig teen alle aanvalle op hom en sy onderdane in die gebiede onder sy beheer (De Vaal 1953: 61). Op 16 Desember 1861 het Muzila met die steun van die Portugese, na Bilene vertrek. Die leërs van Mawewe is op die Nwambavlakte aan die Nkomatirivier teëgekom waar hulle nog

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dieselfde dag verslaan is (Junod 1905:234). Mawewe het daarna suidwaarts na Swaziland gevlug om hulp te soek by Mswati wat met sy suster getroud was (Liesegang 1967:81).

Ondersteun deur die regimente van Mswati, het Mawewe terug= gekeer en die leërs van Muzila verslaan waarna laasgenoemde met sy hele gevolg teruggevlug het na Musapa, waar sy vader Sochangana vantevore gewoon het (Grandjean 1899:85). In 'n vierde geveg tussen die twee broers is Mawewe egter op 20 Augustus 1862 finaal verslaan. Na sy nederlaag het hy en sy gevolg teruggevlug na Swaziland. Mswati het aan hom woonge= bied in die noorde van sy gebied, in die huidige Piggs Peak- en Barbertondistrik gegee (Myburgh 1949:76). Hier het Mawewe die status van 'n kaptein gekry en 'n outonome gesagvoerder binne die Swazigebied geword.

Hoewel die hoop gekoester is dat daar na afloop van die op= volgingstwis, 'n tydperk van vrede in Gazaland sou heers, was dit inderdaad nie die geval nie. Tussen 1863 en 1870 het Mawewe nog gereeld ekspedisies uitgestuur na die Limpopoval= lei om landerye te plunder en die krale af te brand. Die gevolg hiervan was dat die gebiede besuide die Limpopo in die huidige Mozambiek totaal ontvolk geraak het terwyl die Khosa, wat net benoorde die Limpopo gewoon het, ook hulle woongebied ontruim het.

Mawewe het in 1872 te sterwe gekom (Myburgh 1949:78). Ndlemane, sy broerskind, het as regent opgetree totdat Hanyana, die seun van Mawewe, in 1874 die kapteinskap oorgeneem het (Myburgh 1949:90). Tydens sy regering is die grens tussen Transvaal en Swaziland bepaal. Hiervolgens het Hanyana ondergeskik ge= raak aan die Transvaalse regering aan wie hy belasting moes betaal. In 1881 is gepoog om die belasting in te vorder maar hy het nie alleen geweier om dit te doen nie maar selfs van die swart konstabels wat die belasting kom invorder het, laat vermoor. Uit vrees vir die gevolge van hierdie optrede het hy daarna met 'n klein gevolg teruggevlug na Gazaland vanwaar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hy in 1891 deur die Portugese owerheid gevangegeneem en gedeporteer is (Liesegang 1967:121). Tot 1911 het sy suster, Mkhonjwase as regent oor sy mense in Swaziland opgetree. Daarna het Muntu, 'n seun van Hanyana, hierdie stam regeer (Myburgh 1949:81).

Die regeringstyd van Muzila, wat vir meer as twee dekades in Gazaland regeer het, het geensins aan die verwagtinge van die Portugese en die Tsonga, wat hom in sy stryd teen Mawewe ondersteun het, voldoen nie. Sy vestiging te Musapa het ook rampspoedige gevolge vir die Shonastamme aldaar ingehou. Die vrees wat hy vir Mawewe gekoester het, het ook bygedra tot 'n verwaarlosing van veral die suidelike gedeeltes van Gaza=land.

Hoewel hy in 1861 in 'n verdrag met die Portugese owerheid onderdanigheid aan hulle oppergesag belowe het (vergelyk Hartman 1972:48), het Muzila weinig van sy beloftes nagekom. Hy het nooit die soewereiniteit van die Portugese owerheid erken nie en het selfs later ontken dat hy aan die verdrag gebonde is, aangesien hy dit nooit onderteken het nie (Liesegang 1967:15). Hy het daarom gevegte met Portugese jagters aangeknoop en hulle uit sy gebiede verdryf. Die Por=tugese moes ook hul handelsposte aan die Zambezirivier ont=ruim vanweë herhaaldelike strooptogte terwyl Muzila ook in 1862 die ontginning van goud te Manica en Quiteve verbied het (Liesegang 1967:68).

Ondanks hierdie gesindheid van Muzila en die terugslae wat hulle moes verduur, het die Portugese owerheid 'n steeds groter belangstelling in hul Oos-Afrikaanse gebiede openbaar. Die Portugese militêre magte aan die ooskus is uitgebrei ter=wyl Portugese koloniste hul in toenemende getalle in die binneland gaan vestig het. Omer-Cooper (1966:61) vermeld dan ook dat : "In spite of Mzilas apparent contempt for the Portuguese, the balance of power began to shift in their favour during his reign."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Muzila het nie alleen die Portugese gesag geminag nie maar het selfs voortgegaan om sy gesag benoorde die Sabierivier uit te brei en te bestendig. Vanuit sy vesting te Musapa het hy gereelde ekspedisies uitgestuur na die omliggende Shonastamme en hulle aan sy gesag onderwerp (Mhlanga 1948: 72). Veral die Duma ('n Karangastam) en die Ndau wat noord van die Sabierivier woonagtig was, is direk onder sy gesag geplaas. Die jong mans uit hulle geledere het hy met hom saamgeneem en as rekrute in verskillende regimente geplaas om sodoende sy leërs aan te vul. Volgens Liesegang (1967: 84) is al die omliggende Shonastamme tot 1890 op hierdie wyse aan Muzila onderwerp.

Die oorwonne Tsongastamme het ook nie skotvry gegaan nie; ooreenkomstig die tradisionele Changanagebruik het Muzila steeds ekspedisies uitgestuur om hierdie stamme te plunder en te beroof. Sy regimente is ook jaarliks uitgestuur om belastings binne sy gebied in te vorder.

Muzila het sedert hy in 1862 oor die Sabierivier gevlug het, nooit weer na die suide van Gazaland teruggekeer nie. Dit het aanleiding gegee tot 'n verwaarlosing van die suidelike gedeeltes van sy gebied. Ten einde volle beheer oor die ge= heel van Gazaland uit te oefen, het Muzila in 1863 'n groot gedeelte van sy leër onder leiding van Manjombo suidwaarts na Bilene gestuur om as buffer teen verdere aanvalle van Mawewe te dien. Hoewel hierdie optrede hom nie verkwalik kan word nie, het dit nogtans 'n verdere versnippering van die Changanageledere, wat alreeds baie uitgedun was, veroorsaak.

Manjombo het in 1863 te Bilene aangekom, net betyds om 'n hernude aanval van Mawewe af te weer. In 1864 het hy ook daarin geslaag om Mawewe se leërs na Swaziland terug te dryf (Junod 1905:234). Sodoende het Muzila daarin geslaag om sy beheer ook in die suide van Gazaland af te dwing.

Na die dood van Mawewe in 1872, het Muzila sonder enige steur=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nis regeer. In die suide van Gazaland het daar nou ook 'n tydperk van vrede geheers en het baie Tsongastamme na hul vroeëre woongebiede teruggekeer (Junod 1905:235). Benoorde die Sabierivier het Muzila voortgegaan met sy gereelde eks= pedisies teen die omliggende Shonastamme. Hy het toe volle beheer oor Gazaland uitgeoefen (Grandjean 1899:88). Muzila is in Augustus 1884, vermoedelik aan malaria dood (Liesegang 1967:100).

Na die dood van Muzila het daar 'n opvolgingstwis binne die Changanageledere ontstaan. Die vernaamste aanspraakmakers was sy seuns Mafemana en Nghunghunyana. Volgens informante was Mafemana die oudste seun van die hoofvrou van Muzila en Nghunghunyana die oudste seun van die tweede vrou. Die fa= milieraad het Mafemana nie as geskik vir die opperhoofskap beskou nie en daarom vir Nghunghunyana, wat 'n groot aanhang onder die volgelinge van Muzila gehad het, as opperhoof aan= gewys.

In opdrag van Nghunghunyana het Magigwana, die leërowerste van Muzila, Mafemana om die lewe gebring waarna Nghunghunyana aan die einde van 1884 as kaptein ingehuldig kon word.

In 1886 het Nghunghunyana, uit vrees dat hy baie van sy ge= sag in die suide van Gazaland sou verloor, verskeie regimente teen die opstandige stamme in die omgewing van Lourenco Marques uitgestuur. Na verskeie gevegte is die opstandelinge verslaan en het hulle weer eens hulle onderdanigheid aan die gesag van Nghunghunyana belowe (Liesegang 1969:111).

Nghunghunyana het, ondanks die oorwinning, nogtans gevrees dat die hele suidelike gedeelte van Gazaland besig was om sy gesag te verwerp en daarom het hy in 1890 besluit om Musapa te verlaat en weer in die suide te gaan woon. Hy het met 'n groot gevolg (c. 100 000 siele) na Bilene vertrek en hom teen die einde van 1890 in die gebied tussen die Limpopovallei en die Indiese Oseaan gevestig (vgl. Warhurst 1969:52 en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Liesegang 1967:117). Hierdie vestiging het egter 'n nuwe tydperk van stryd en oorloë ingelui. Hy het aanvanklik slegs die Tsongastamme wat ten weste van die Limpopovlakte gewoon het, verdryf om sodoende genoegsame grondgebied vir sy groot getal volgelinge te verkry. Daarna het hy ook die Tswa-, Kwakwa- en Loyistamme, wat almal in die driehoek wat deur die samevloeiing van die Olifants- en Limpoporivier ge= vorm word, gewoon het, verdryf sodat die Changana hulle ook in hierdie gebied kon vestig (Liesegang 1967:129). Die Changana het só mettertyd gekonsentreer geraak in die suid= oostelike gedeelte van Gazaland. Nghunghunyana het hierna wel nog jaarlikse ekspedisies na die noorde uitgestuur maar sy invloed onder veral die voormalig onderdrukte Shonastamme, het aansienlik afgeneem (Liesegang 1967:132).

In 1895 word die tydperk van Changana-oppergesag in Gazaland plotseling beëindig. Tydens 1894 het verskeie Rongahoofmanne geweier om die Portugese owerheid onderdanig te wees (Warhurst 1969:59). Die Portugese regering in Lissabon was egter op daardie stadium, vanweë hulle toenemende belangstelling in Oos-Afrika, meer bereid om hulle gesag in hierdie gebied af te dwing. Portugese troepe is teen die opstandelinge uitge= stuur en in 'n veldslag op 2 Februarie 1895 is die Ronga verslaan waarna hulle by Nghunghunyana gaan skuiling soek het (Junod 1927, I:511). Die beskerming wat Nghunghunyana aan die opstandige leiers verleen het, het gelei tot spanning tussen die Changana en die Portugese owerheid.


Die Portugese owerheid het lank reeds beplan om Nghunghunyana aan hulle gesag te onderwerp. In bogenoemde optrede van Nghunghunyana het hulle gevolglik 'n gulde geleentheid gesien om met die troepeversterkings wat in 1895 uit Portugal opge= daag het, hul gesag in Gazaland af te dwing (Warhurst 1969: 60; Liesegang 1967:155 e.v.).

Op 7 November 1895 word die leërs van Nghunghunyana in 'n hewige geveg deur die Portugese verslaan en noordwaarts terug=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL III : CHANGANAREGEERDERS




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedryf (Junod 1927, I:512). Hierna het die Portugese begin met hul besetting van Gazaland. Aan die oewers van die Limpoporivier is 'n Portugese militêre pos gevestig en 'n groot deel van die Changanahoofmanne is aan hulle gesag onderwerp. Vroeëre verdryfde Tsongastamme en onderwerptes was verheug deur hierdie optrede en sommige van hulle het reeds voor die einde van 1895 na hulle tradisionele woonge=biede teruggekeer. Ook die Ndau, wat met geweld deur Nghunghunyana uit Musapa saamgebring is, het weer terugge=keer na Suid-Rhodesië (Liesegang 1967:158). Hierna is Nghunghunyana met sy gevolg in hegtenis geneem. Hy het eg=ter versoek dat sy oom, Mpisane, 'n jonger broer van Muzila, saam met sy eie seun, Thulilamahanxi, losgelaat moes word. Dié versoek is na betaling van 'n losprys deur Nghunghunyana, deur die Portugese toegestaan.

In 1896 is Nghunghunyana saam met al sy senior seuns waaron=der Godidi, Buyisonto en Mangwa, onder luide toejuiging van sy vroeëre onderdane (Tsonga) na Lourenco Marques geneem. Vandaar is hulle eers na Portugal en later na die Azore-eilande gedeporteer, waar Nghunghunyana in 1907 in balling=skap gesterf het.

Na 1896 is daar geen opperhoof in die plek van Nghunghunyana aangewys nie. Die hele Gazaland is in distrikte onderverdeel en direk onder Portugese beheer geplaas, terwyl die meeste opstandelinge na Portugal gedeporteer is. Die verowerde Changana is verspreid in verskillende distrikte geplaas. Ten spyte hiervan het hulle steeds gepoog om hulle verlore pres=tige te herwin. In 1897 het Magigwana, die leëroweerste van Nghunghunyana, daarin geslaag om uit die Ngonigeledere 'n leër op die been te bring met die doel om die suide van Gaza=land te herower. Hy is egter op 21 Julie 1897 finaal deur die Portugese magte verslaan (Junod 1927, I:512). Die oor=blywende Changana het daarna hoofsaaklik bestaan uit die oorblyfsels van die voormalige Ngoni en 'n aantal getroue volgelinge (vergelyk Junod 1927, I:27; Omer-Cooper 1966:62).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Stevenson-Hamilton (1949:200) het hierdie Ngoni en hulle volgelinge as gevolg van oorlog en emigrasie teen 1890 waarskynlik minder as 'n duisend getel.

Na die deportasie van Nghunghunyana saam met al sy senior seuns en prominente Changanaleiers, het daar weinig senior figure binne die Changanageledere oorbebly (Stevenson-Hamilton 1949:204). Die oudste oorblywende seun en aanspraak= maker op die kapteinskap, Thulilamahanxi, was nog minderjarig en gevolglik moes 'n regent aangewys word. Mpisane, 'n jonger broer van Muzila, is na afloop van die oorlog in 1897 as regent aangewys.

Uit vrees vir verder Portugese optrede en uit weersin vir die nuwe Portugese administratiewe bedeling, het die oorblywende Changana besluit om na Transvaal te verhuis (vergelyk Omer-Cooper 1966:62; Stevenson-Hamilton 1949:205 en Junod 1905: 236). Volgens informante was die gebied tussen die Lebombo- en Drakensberge bykans totaal onbewoon en het die Pulana (Oos-Sotho) in die omgewing van die huidige Bosbokrand, geen beswaar gehad dat die Changanavlugtelinge hulle as bure in die onbewoonde gebiede vestig nie. Oral waar hulle dus ge= skikte woonplek kon vind, het hierdie vlugtelinge hulle, son= der enige toestemming van die ZAR, hoofsaaklik in die gebiede benoorde die Sabierivier (Transvaal) aan die uitlopers van die Drakensberge gevestig (Junod 1905:236; Hartman 1972:77 e.v.). In hierdie gebied het die Changana sy aan sy met die Swazistamme, Oos-Sothostamme en Nhlanganu (Tsonga), gewoon (Stevenson-Hamilton 1949:205). Nadat verneem is dat Mpisane geskikte woonplek in die Transvaal gevind het, het talle Machangana, Portugees-Oos-Afrika tussen 1897 en 1900 verlaat en by hom aangesluit.

Mpisane het, hoewel hy eers in 1927 gesterf het, reeds teen ongeveer 1910 afstand van sy regentskap gedoen. Hierna het die kapteinskap oorgegaan op Thulilamahanxi. Thulilamahanxi was die enigste senior seun van Nghunghunyana wat nie in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorloë van 1895-1897 gesneuwel het of deur die Portugese gedeporteer is nie. Gevolglik het die familievergadering besluit om hom as kaptein, en nie as regent nie, in die plek van Nghunghunyana aan te stel. Hy was die oudste seun van Sabeka (Maweya), die derde vrou in die hiërargie van die vroue van Nghunghunyana. Die Machangana wat te Portugees-Oos-Afrika agtergebly het, het hul ook met die aanstelling van Thulilamahanxi vereenselwig. In 1919 het hulle selfs boodskappers na die Transvaal gestuur met die versoek dat Thulilamahanxi en sy volgelinge na Mosambiek moes terugkeer. Thulilamahanxi en die stamraad het egter teen sodanige emi= grasie besluit.

Op 21 Julie 1919 is Thulilamahanxi ook van owerheidsweë as kaptein van die Changana erken, toe daar kragtens Art. 4 van Wet 4 van 1885, volle kapteinsjurisdiksie aan hom, met setel te Orinoco (KU 233) verleen is.

Thulilamahanxi het verskeie vroue getrou. Daar is ook vir hom 'n stamvrou getrou te wete Mhlabasi (Dhlamini). Sy kon egter geen manlike nakomelinge vir hom baar nie en daarom is 'n jonger suster, Majoyi, as nhlantswa (stutvrou) vir hom ge= lewer. Haar oudste seun, Isaac Khetho (huidige Minister van Landbou van Gazankulu), was daarom die regmatige opvolger van Thulilamahanxi.

Na 'n termyn van twaalf jaar as kaptein van die Changana het daar in die regeringstyd van Thulilamahanxi een van die mees sonderlinge gebeurtenisse in die geskiedenis van die Changana plaasgevind. Buyisonto, die stamerfopvolger van Nghunghunyana wat saam met sy vader gedeporteer is, het hom as ontsnapte na Wêreldoorlog I in Suidwes-Afrika bevind. Toe hy verneem dat die Changana onder Thulilamahanxi hul in die Transvaal bevind, het hy in 1922 by hulle aangesluit. Op 30 Mei 1922 is daar op aanbeveling van die familievergadering 'n stamraadsverga= dering gehou waarop besluit is dat Buyisonto in die plek van Thulilamahanxi as kaptein aangestel moes word. Hierdie ge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wigtige besluit het, hoewel korrek, verreikende politieke implikasies ingehou wat selfs in die huidige tyd nog binne Changanageledere merkbaar is.

Thulilamahanxi het hierna wyslik besluit om die stamgebied te verlaat en het op die suikerplantasies in Natal gaan werk.

Na sy inhuldiging het Buyisonto verskeie polities-administra= tiewe omwentelinge teweeggebring. 'n Nuwe <u>ndhunankulu</u> en heelwat nuwe <u>tindhuna</u> is aangestel terwyl die kraal van die kaptein vanaf Orinoco na die huidige plaas Arthurstone (KU 247) verskuif is. Buyisonto was klaarblyklik nie gelukkig met die nuwe opset in die Transvaal nie en ook nie met die gedurige teenkanting wat hy van die familieraad ontvang het nie. Gedurende 1929 het hy daarom 'n poging aangewend om met die Changana na Sibasa te verhuis. Sy versoek is egter deur die stamraad op aanbeveling van die familieraad, geweier. Dit het 'n duidelike tweespalt binne die stamgeledere ontketen. Voordat daar egter teen Buyisonto en sy volgelinge opgetree kon word, is hy op 12 Oktober 1932 oorlede.

Met die oorlye van Buyisonto was sy regmatige opvolger, Mafemana, slegs sewe jaar oud. Thulilamahanxi is daarom ver= soek om na die stamgebied terug te keer en as regent waar te neem totdat Mafemana die kapteinskap kon oorneem. Op 15 Junie 1933 is hy ook as sodanig ingehuldig. Na sy inhuldig= ing het hy al die polities-administratiewe amptenare wat deur Buyisonto van hul amp onthef is, weer aangestel. Dit het die tweespalt binne stamgeledere vererger. Hy het egter nie lank regeer nie. In 1934 het hy as gevolg van toenemende blindheid die stamraad versoek om hom van sy pligte te onthef. Hierdie versoek is geredelik toegestaan.

Ooreenkomstig die opvolgingsreg moes Mafemana daarna as kap= tein aangewys word. Die stamraad het egter besluit dat Mafemana, wat op daardie stadium 18 jaar oud was, nog te jonk was om die kapteinskap oor te neem. Daar is gevolglik besluit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

om Isaac Khetho, die oudste seun van Thulilamahanxi, as regent aan te wys. Op 1 November 1934 is hy ook as sodanig ingehuldig. Isaac Khetho het aanvanklik geen gemaklike taak gehad nie. Hy het as regent toegetree op 'n stadium toe daar ernstige tweespalt binne die stamgeledere geheers het. Sy persoonlike kwaliteite as leier het egter sy status deur geboorte tot so 'n mate aangevul dat hy spoedig in staat was om hierdie dreigende onenigheid tot 'n einde te bring. Daarna het hy met groot welslae die stam regeer en het hy mettertyd een van die mees gewilde leiers binne Changana=geledere geword.

Tydens die regering van Isaac Khetho, is die Changanastam=owerheid gestig. Die stamowerheidsgebied is kragtens GK447 van 23 Maart 1962 omskryf. Dit sluit die volgende plase in: Dingleydale (KU 229), New Forest (KU 234), Arthurstone (KU 247), Xanthia (KU 253), Edenburgh (KU 228), Rolle (KU 235), Merry Pebble Stream (KU 246), Agincourt (KU 254), Newingston (KU 255), restant van Athol (KU 238), restant van Utha (KU 239), Allandale (KU 237) en Dumfries (KU 245).

Isaac Khetho het die stam vir 'n periode van vier en dertig jaar regeer. Aan die begin van 1967 het die familieraad eg=ter versoek dat Mafemana die kapteinskap moes oorneem. Isaac Khetho het hierdie versoek gesteun en op 'n stamraadsverga=dering is Mafemana amptelik aangewys as die volgende kaptein. Op 1 November 1967 is hy ook as sodanig ingehuldig.

Tydens die inhuldigingsplegtigheid het Mafemana egter versoek dat Isaac Khetho hom op alle statutêr-ingestelde rade van Gazankulu moet vergesel sodat hy hom van raad kon bedien. Isaac Khetho het hiertoe ingewillig maar ten spyte van hier=die goeie voornemens van Mafemana het hy vanweë sy gedrag in onguns by die familie- en stamraad geraak. Hy het ook steeds in die skadu van Isaac Khetho (wat ondertussen aangestel is as minister van Landbou in die kabinet van Gazankulu), regeer. Dit het aanleiding gegee tot 'n hernude tweespalt binne die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Changanageledere wat tans nog bestaan.

Mafemana het nie lank regeer nie. Na 'n regeringstermyn van ses jaar is hy op 12 Desember 1973 oorlede.

Die skielike afsterwe van Mafemana het weer eens 'n opvol= gingstwis binne Changanageledere ontketen. Mafemana het vyf vroue gehad waarvan drie hom reeds voor sy dood verlaat het. Nie een van sy vroue het as stamvrou gekwalifiseer nie aange= sien nie één met die goedkeuring van die kapteinsfamilie en daarom ook nie met stambeeste getrou is nie. Dit het meege= bring dat hoewel Mafemana seuns nagelaat het, daar geen wet= tige erfopvolger vir die kapteinskap was nie. Isaac Khetho, die oudste seun van Thulilamahanxi, is wel verwek uit 'n stamvrou, maar Thulilamahanxi was, soos vroeër verduidelik is, 'n jonger broer van Buyisonto. Die familievergadering het by verskeie geleenthede vergader om die aangeleentheid te be= spreek. Uiteindelik is daar op 3 Februarie 1974 besluit om Petrus Nghomu Nxumalo, 'n oom van Mafemana, voorwaardelik as 'n "tussentydse regent" aan te stel totdat groter duidelikheid verkry kon word.

Na afloop van die routydperk vir Mafemana het die familie= vergadering amptelik vergader om 'n kaptein aan te wys. Ver= skeie aspirante het na vore getree en die aangeleentheid het so gekompliseerd geraak dat dit eers aan die begin van 1976 vir die familieraad moontlik was om 'n finale besluit te neem. Hulle het besluit om tog vir Eric Mpisane (13 jaar oud), die oudste seun van Mafemana as regmatige erfopvolger te erken. Om= dat hy nog te jonk was om as kaptein aangestel te word, is daar besluit om 'n regent aan te stel. Nghobo Mackson, 'n broer van Mafemana, is as regent aangewys totdat Eric Mpisane die kapteinskap kon oorneem. Daarna is die aanstelling van Petrus Nghomu Nxumalo wat vir 'n periode van drie jaar as "tussentydse regent" waargeneem het, van owerheisweë inge= trek en is Nghobo Mackson Nxumalo aan die einde van 1976 as regent van die Changana ingehuldig. Hy regeer tans nog

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hierdie stam.

## 2. DIE NKUNASTAM

Die ontstaan van die Nkunastam (23-35 in Van Warmelo 1935:92) van kaptein Sam Matikwana Nkuna, hou net soos die ander Changanastamme van Gazankulu, verband met die opkoms van Sochangana en sy Gazaryk. Die Nkunastam van Mhala is van Tsongaherkoms en is etnies verwant aan die bekende Nkunastam van kaptein Muhlaba van Ritavi. Anders as laasgenoemde stam beskou hulle hulself vanuit 'n etnies-historiese oogpunt eg= ter nie as Tsonga nie maar as Changana ten spyte daarvan dat hulle en die stam van Ritavi vroeër een homogene etniese groep in Portugees-Oos-Afrika gevorm het. Van Warmelo (1935: 92) vermeld dan ook tereg dat die Nkuna van Mhala : " ...are counted maTšhangana, though they are known to be vakaNkuna (Tsonga) and a section junior to that of Muhlaba at Šiluvane in Tzaneen district".

Albei die bogenoemde Nkunastamme maak daarop aanspraak dat hulle oorspronklik van Nguniherkoms is en in die noorde van Zululand woonagtig was. Dit word bevestig deur die gegewens van verskillende skrywers. (Junod (1927, I:123) konstateer dat: "Amongst the Ba-Nkuna, some old men say they know the precise place in Zululand whence their forefather Nkuna started and declare that they still have relatives there". Die gegewens soos verkry van informante aangaande hulle her= koms, stem verder ooreen met dié van Van Warmelo waar hy, met verwysing na die Nkuna, beweer dat: "... interestingly, these (Nkuna) are not original Tsonga, but Zulu-speaking people from Ngome in Zululand, who trekked to Lydenburg on the interior plateau before moving down into the Lowveld and into Mozam= bique where they presumably turned into Tsonga ...." (Van Warmelo 1974:71; vgl. ook Jaques 1958:96 en Shilubana en Ntsanwisi 1958:16).

Hoe die Nkuna etnies met die vroeëre bewoners van Zululand

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskakel was en waarom en wanneer hulle uit Zululand verhuis het, kan egter nie met sekerheid aangedui word nie. Uit genealogiese gegewens wat van informante verkry is (vgl. Tabel IV) en uit die gegewens wat deur Bryant sowel as Shilubana en Ntswanwisi verstrek word, kan wel sekere aflei= dinge gemaak word. Volgens informante was ene Mkhachwa (Mkhatswa) die eerste en gemeenskaplike voorvader van die Nkuna (vgl. ook die genealogie in Shilubana en Ntsanwisi 1958: 14). Indien dit korrek is, is die Nkuna vermoedelik afkom= stig uit die voormalige Ndwandwegeledere. Informante beroep hulle hierop en dit word gerugsteun deur die bewering van Bryant dat: " ... the whole Ndwandwe clan claim to be de= scendants of 'Mkhatswa'" (Bryant 1929:161).

'n Verdere moontlike aanduiding dat die Nkuna uit die Ndwandwe= geledere afkomstig is, hou verband met hulle vroeëre woonge= bied. Informante beweer dat hulle tradisionele tuiste in die noorde van Zululand geleë was en bekend gestaan het as Ngome (vgl. ook Van Warmelo 1974:71 en Shilubana en Ntsanwisi 1958: 16). Dit strook met die gegewens van Bryant (1929:160 e.v.) waar hy beweer dat die Ndwandwe in vroeëre jare die hele noordelike gedeelte van Zululand bewoon het en wel vanaf die Pongolarivier in die noorde tot aan die suidelike punt van die Swart Umfolozi en vanaf Ngome in die noordweste, ooswaarts tot by St. Luciabaai aan die see.

Presies wanneer die Nkuna Zululand verlaat het, kan nie met sekerheid aangedui word nie. Volgens informante het dit plaasgevind tydens die regering van kaptein Mabuse. Hy was die oudste seun van die tweede vrou in die hiërargie van vroue van Xitlhelana (vgl. ook Shilubana en Ntsanwisi 1958:16). In= dien mens 'n gemiddelde termyn van 30 jaar per generasie as norm gebruik, is dit hiervolgens moontlik om te bereken wan= neer die Nkuna uit Zululand vertrek het. Volgens Junod (1905: 230) was Xiluvane die kaptein van die Nkuna tydens die aankoms van Sochangana in Portugees-Oos-Afrika (1820). Uit genealo= giese gegewens blyk dit dat Xiluvane drie generasies na Mabuse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regeer het. Dit beteken dat die Nkuna Zululand teen onge= veer 1730 moes verlaat het.

Nadat hulle Zululand verlaat het, het die Nkuna nie direk na Portugees-Oos-Afrika verhuis nie. Vanaf Ngome het hulle noordwaarts al langs die binnelandse plato getrek tot in die omgewing van die huidige Lydenburg. Daar het hulle 'n tyd lank vertoef en toe ooswaarts beweeg na die Laeveld. Tydens hulle verblyf in die Laeveld, in die gebied van die Nhlanganu, is hulle kaptein Mabuse oorlede (Shilubana en Ntsanwisi 1958: 16). Onder leiding van ene Tshungu het die Nkuna toe na Portugees-Oos-Afrika verhuis waar hulle hul aanvanklik in die gebied van die Rikhotso, 'n Djongasprekende stam wat tussen die Nkomati- en Olifantsrivier gewoon het, gevestig het. Na onderlinge rusie met die Rikhotso het die Nkuna besluit om verder noordwaarts te verhuis en volgens Junod (1927:17) het hulle hul uiteindelik besuide die Olifantsrivier, in die om= gewing van die samevloeiing van die Olifants- en Limpopori= vier gaan vestig.

Nadat die Nkuna 'n eie stamgebied verkry het, is Rinono, 'n jonger broer van Mabuse, as kaptein aangestel. Volgens in= formante was Rinono 'n baie bekwame en gewilde leier. Onder sy leiding het die Nkuna eers hulle suidelike bure, die Rikhotso, verslaan en daarna het hulle in 'n hewige geveg ook die Hlabe wat oos van hulle gewoon het, 'n nederlaag toege= dien.


Omring deur verskillende Djongasprekende stamme het die Nkuna mettertyd in hierdie gebied vertsonga (Van Warmelo 1974:71). Die akkulturasieproses het hom veral op taalkundige terrein voltrek. Junod kon byvoorbeeld reeds in 1905 (Junod 1905: 224) die Nkuna as Tsonga klassifiseer en wel as behorende tot die Djongasprekende groep wat die gebied tussen die Nkomati- en Olifantsrivier bewoon. In 'n latere klassifikasie van die Tsongataalgroep klassifiseer Ziervogel (1969:185) die Nkuna saam met die Nhlanganu in 'n sogenaamde Nkuna-agtige dialek=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

TABEL IV : NKUNAREGEERDERS



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bundel, wat binne die westelike subgroep van die Tsongataal= groep ressorteer.

Rinono het die stam vir etlike jare regeer (c.1730-c.1760). Hy het vyf vroue gehad maar by sy afsterwe was al die seuns van sy hoofvrou, Ko'olove, reeds dood. Aangesien die Nkuna die beginsel van laterale opvolging toegepas het, moet die name van hierdie seuns hier vermeld word sodat die status van die latere kapteins begryp kan word. Die name van hierdie seuns was, in orde van senioriteit, Maxongana, Nkhwaxu en Masisi.

By die afsterwe van Rinono was die vernaamste aanspraakmakers op die kapteinskap reeds oorlede. Die familievergadering het gevolglik besluit dat Kulaleni, die oudste oorlewende seun van die stutvrou van Ko'olove, Rinono moes opvolg. Hy was egter nog te jonk om as kaptein aangestel te word en daarom is Risumati, die oudste seun van die tweede vrou van Rinono, in sy plek as regent aangestel (Shilubana en Ntsanwisi 1958: 21). Hy het egter nie lank regeer nie. Die familievergade= ring het kort na sy inhuldiging gevrees dat hy die kapteinskap sou usurpeer en het besluit om hom van sy pligte te onthef. Daarna is Kulaleni, ten spyte van sy jeugdigheid, as kaptein aangestel (Shilubana en Ntsanwisi 1958:21).

Toe Kulaleni na 'n aantal regeringsjare oorlede is, was sy oudste seun, Muhlari,nog minderjarig en ene Nwa-Xinyokana is as regent aangewys. Hy het regeer totdat Muhlari oud genoeg was om as kaptein oor te neem. Daar is geen gegewens aan= gaande die regeringstermyn van Muhlari beskikbaar nie. Volgens Shilubana en Ntsanwisi (1952:22) is die kapteinskap na die afsterwe van Muhlari weer na die senior afkomslyn oorgedra. Mbangwa, die oudste seun van Nkhwaxu (vgl. vroeër), is daarop as kaptein aangestel. (Maxongana, die oudste seun van Rinono, het geen manlike nakomelinge gehad nie).

Junod (1927, I:411) se gegewens aangaande die status van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Mbangwa verskil egter van dié van Shilubana en Ntsanwisi. Volgens Junod was ene Hoxana 'n ouer broer van Mbangwa. Hy moes gevolglik in die kapteinskap opvolg. Hy het egter nooit opgevolg nie aangesien 'n gedeelte van die Nkunastam deur die Machangana aangeval is. Junod (1927, I:411) beweer daar= om dat: "... Hoshana fled to the Nwamba country and lost touch with the main body of the clan which settled in the Transvaal."

My informante was ook onseker oor die status van Hoxana. Hoewel hulle stamowerheid na Hoxana vernoem is en Hoxana die stigter van die Nkunastam van Mhala was, verskil die gegewens van informante oor sy afkoms. Sommige beweer dat die ge= gewens soos deur Junod verstrek, korrek is terwyl die meer= derheid Junod slegs gelykgee vir soverre hy beweer dat Hoxana en sy volgelinge weggebreek het van die hoofgroep en hulle in die Nwambagebied gevestig het (vgl. later). Wat sy afkoms betref, beweer hulle dat Hoxana nie 'n seun van Nkhwaxu was nie maar wel die oudste seun was van Xingwenyana, 'n jonger broer van Nkhwaxu (vgl. Tabel IV). Van Warmelo (1935:92) huldig ook laasgenoemde standpunt waar hy, met ver= wysing na die Nkuna van Mhala beweer: "The people of the chief Bantom in Pilgrimsrest ... are known to be vakaNkuna and (is) a section <u>junior</u> to that of Muhlaba at Ŝiluvane in Tzaneen district." (Ek onderstreep).

Mbangwa het slegs vier jaar regeer (Shilubana en Ntsanwisi 1958:23). Na sy afsterwe (c.1823) is die kapteinskap van die Nkuna, ooreenkomstig die Tsonga-opvolgingsreg (laterale op= volging) aan Ribye, 'n jonger broer van Muhlari, opgedra. Kort na sy inhuldiging as kaptein (c.1825) het die <u>izimpi</u> van Sochangana, die Nkuna aangeval. Na 'n kort skermutseling het die leërs van Sochangana die oorhand gekry waarna die Nkuna noordwaarts gevlug en hulle in die gebied van die Valoyistam (Nwalungu), benoorde die Olifantsrivier gevestig het. Hier sterf hulle kaptein Ribye teen ongeveer 1830. Xiluvane, 'n seun van Mbangwa van die senior afkomslyn, is daarna in sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plek as kaptein aangestel (Junod 1927, I:412).

Gedurende die regeringstyd van kaptein Xiluvane het die Nkunageskiedenis 'n drastiese wending geneem. Volgens Junod (1905:23) het Sochangana in 1834 'n versoek gerig aan al die omliggende Tsongakapteins om hom in sy opmars teen Zwangendaba en Nxaba te vergesel. Aan hierdie versoek is nie gehoor gegee nie. Slegs drie kapteins, te wete Xiluvane van die Nkuna, Gulamenyo van die Mavunda- en Ngonyama van die Nkhavelanastam het hom tot by die walle van die Limpoporivier vergesel. Hulle was egter nie bereid om saam met Sochangana verder noordwaarts te trek nie en het teruggekeer na Bilene (Shilubana en Ntswanwisi (1958:24). Junod (1905:229) beweer dat hierdie optrede van die Tsongakapteins: " ... greatly roused the anger of Manukosi (Sochangana), all the more be= cause they had confiscated and promptly eaten a number of oxen left behind by the Ngoni in their retreat."

Sochangana het eers gedurende 1838 teruggekeer na die suide. Omdat hulle gehoor het dat Sochangana van plan was " ... to kill all the adults who were tattoed on the nose and to spare only the young, who would learn to be more faithful to him" (Junod 1905:230), het die dislojale Tsongakapteins besluit om met hulle onderdane na die huidige Transvaal te vlug. Die vroue en kinders is vooruitgestuur en die leërs van veral die Nkuna-, Valoyi- en Mavundastam is gekonsolideer en vir oorlog voorberei. Sochangana het hulle egter in 'n kort geveg ver= slaan en uitmekaar gejaag (Shilubana en Ntsanwisi 1958:25). Hierna het elk van die stamme 'n eie koers ingeslaan.

Xiluvane het met sy Nkunavolgelinge suidweswaarts deur die gebied van die Khosastam getrek en daarna die Sabierivier oorgesteek. Uiteindelik het hulle in die gebied van die Nwamba, 'n Nhlanganustam wat tussen die Sabie- en Nkomati= rivier woonagtig was, aangekom (Jaques 1958:96). Xiluvane het besluit om verder weswaarts te vlug ten einde buite die bereik van Sochangana te wees maar Hoxana (vgl. vroeër) en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy volgelinge het besluit om in die gebied van die Nwamba aan te bly (Jaques 1958:96). Die meerderheid Nkuna het egter saam met Xiluvane getrek en hulle uiteindelik in die gebied van die Bakgaga (Sotho) naby Tzaneen gaan vestig waar hulle vandag nog woon (Junod 1905:230).

Na sy hervestiging te Bilene het Sochangana weer eens die om= liggende Tsongastamme aan sy gesag onderwerp en by sy geledere ingelyf. Die Nkuna van Hoxana is ook deur hom onderwerp en volgens informante by die Changana ingelyf. Hy het die jong manne in regimente georganiseer en as baanbrekers (mabulandlela) tydens sy gevegte aangewend. Die Nkuna het hulle hiermee versoen en hulle self mettertyd as Machangana beskou. Tydens die opvolgingstryd van Muzila en Mawewe, die seuns van Sochangana, het die Nkuna hulle aan die kant van Mawewe ge= skaar. Hulle leier, Hoxana, is ook aangestel as die leërower= ste van Mawewe. Nadat die leërs van Mawewe in 1861 op die Nwambavlakte deur Muzila verslaan is, het die Nkuna onder lei= ding van Hoxana saam met Mawewe na Swaziland gevlug. As on= derdane van Mawewe en later sy seun, Hanyana, het hierdie Nkuna vir ongeveer dertig jaar in Swaziland gewoon.

Teen ongeveer 1890 het die Nkuna besluit om Swaziland te ver= laat. Verskeie redes word deur informante aangevoer vir hierdie gewigtige besluit. Die belangrikste redes skyn te wees dat die langdurige tydperk van oorlogvoering tussen Muzila en Mawewe beëindig is en dat daar tweedens 'n behoefte by die Nkuna van Hoxana ontstaan het om hulle weer by die Nkuna van Xiluvane in die omgewing van Tzaneen, aan te sluit. 'n Derde rede wat aangevoer word, is dat daar ontevredenheid onder die Nkunaleiers ontstaan het nadat Mkhonjwase, die sus= ter van Hanyana, in 1895 as regentes oor Mawewe se volgelinge aangestel is. Die Nkuna was blykbaar nie geneë om deur 'n vrou regeer te word nie. Aangesien informante onseker is oor presies wanneer hulle Swaziland verlaat het, bestaan die moontlikheid dat die Nkuna reeds in 1881 uit Swaziland gevlug het nadat die soldate van Hanyana 'n aantal swart konstabels

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wat belasting namens die Transvaalse Regering kom invorder het, vermoor het. Hoewel daar onsekerheid bestaan oor die presiese datum en rede vir die trek, word dit deur alle in= formante bevestig dat hulle onder leiding van Hoxana noord= waarts getrek het en hulle aanvanklik te Phabeni (vgl. Van Warmelo 1961:38) in die omgewing van die huidige Pretorius= kop gevestig het. Aldaar moes hulle 'n kaptein aanwys aan= gesien hierdie Nkuna, sedert hulle aan die gesag van die Changana onderwerp is, nooit 'n eie kaptein gehad het nie. Hoxana het wel as hul nie-amptelike leier opgetree en ook die uittog uit Swaziland gelei.

Die afkomslyn van Xingwenyana is volgens genealogiese ge= gewens die mees senior lyn binne hierdie Nkunagroep (vgl. Tabel IV). Hoxana was die oudste seun van Xingwenyana en het daarom as die regmatige opvolger in die kapteinskap ge= kwalifiseer. Op 'n vergadering van die senior families is egter besluit dat hy nie as kaptein aangewys kan word nie aangesien hy die leërowerste van Mawewe was en as sodanig die leërs tydens oorloë ritueel versterk het. Hierdie bo= natuurlike kragte waaroor hy beskik het, het hom, sowel as sy nakomelinge, volgens die Nkuna-informante, as moont= like kapteins gediskwalifiseer. Tlatlatla en sy nakomelinge was op daardie stadium nog in Swaziland en die vergadering het gevolglik besluit om die afkomslyn wat tweede in orde van senioriteit was, as die regerende linie aan te wys. Hier= volgens het die direkte nakomelinge van Maxele (vgl. Tabel IV) die regerende linie geword en is Nwambatini, die oudste seun van Ximbatlwana as kaptein aangestel.

Nwambatini het spoedig sy bekwaamheid as kaptein getoon. Onder sy leiding het die Nkuna met groot sukses die aanvalle van die omliggende Mbayistamme (Oos-Sotho) afgeweer en mettertyd die hele gebied vanaf Phabeni tot aan die Sabierivier as stamge= bied verower. Hierdie sukses was egter van korte duur aange= sien die Nkuna, nadat hulle woongebied tot Wildtuin verklaar is, die gebied moes verlaat. Nwambatini en sy volgelinge het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

daarop met toestemming van die destydse Naturellekommissaris van die Transvaalse Regering noordweswaarts getrek en hulle op die huidige plaas Calcutta (KU 294) gaan vestig. Mettertyd het die stam ook die omliggende, onbewoonde plase Madras (KU 292), Oakley (KU 285), Ronaldsey (KU 283), Cork (KU 295), Kildare (KU 277) en Belfast (KU 296) betrek. Nwambatini en sy gevolg het besluit om in hierdie gebied te bly woon en het geen verdere poging aangewend om aansluiting by die Nkuna van Xiluvane te bewerkstellig nie.

Nwambatini is teen ongeveer 1912 oorlede. Sy regmatige erf=opvolger, Maphopho (Magondzweni), die enigste seun van sy hoofvrou, was reeds oorlede. Die familievergadering het daarop besluit om Frank (Fleng), die oudste seun van die tweede vrou in die hiërargie van die vroue van Nwambatini, as regent vir die minderjarige seun van Maphopho, Bantomu, aan te wys.

Informante stel dit uitdruklik dat Frank as 'n regent (<u>mukhomeri</u>) en nie as 'n kaptein (<u>Hosi</u>) nie, aangestel is. Hierdie besluit van die familievergadering was in stryd met die tradisionele opvolgingsreg (laterale erfopvolging) van die Tsonga. Daarvolgens moes Frank as 'n kaptein en nie as 'n regent nie, aangestel gewees het. Daar bestaan geen dui=delikheid by informante aangaande hierdie ingrypende wysiging van die opvolgingsreël met betrekking tot die kapteinskap nie. Sommige beweer dat dit die sterfbedwens van Nwambatini was dat hy deur sy kleinseun, Bantomu, opgevolg moes word maar aangesien Bantomu nog minderjarig was, is Frank as 'n regent aangestel. Die ouer informante daarenteen beweer dat dit gedoen is in navolging van die Changana (Nguni) opvolgings=reg.

Frank het nie lank regeer nie. Na 'n termyn van ongeveer nege maande is hy oorlede (c.1913). Die familievergadering was nie geneë om 'n tweede regent aan te wys nie en vir die tweede keer binne agtien maande neem hulle weer eens 'n on=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewone besluit. Daar word naamlik aanbeveel dat Bantomu op 'n uiters jeugdige ouderdom as kaptein aangestel moet word. Ten spyte van heftige teenkanting van die stamraad is Bantomu nogtans gedurende 1913 as kaptein ingehuldig. Bantomu het dan ook vanweë sy jeugdige voortvarendheid en hardkoppigheid al gou in onguns by veral die senior persone in die stam beland. Volgens informante het hy hom nie gesteur aan die advies van die familieraad en van sy raadsmanne nie. As hoofregter van die stam het hy dikwels ook foutiewe beslissings geneem en in plaas van hom waardig te gedra, het hy sy tyd in die geselskap van jongmanne en vroue verwyl. Ten spyte van herhaaldelike vermaninge van sy seniores het sy gedrag algaande verswak. Die hele stamadministrasie was besig om in duie te stort. In 1916, toe sy regering 'n absolute laagtepunt bereik het, is Bantomu dan ook op 'n uiters geheimsinnige wyse oorlede. Die meeste informante was baie traag om die oorsaak van sy dood te verstrek. Die ouer informante het dit egter onomwonde gestel dat Bantomu gesterf het nadat hy vergiftigde bier gedrink het.

Nwambatini II, die erfopvolger van Bantomu, was slegs tien jaar oud toe sy vader dood is. Die familieraad moes dus noodgedwonge weer 'n regent aanwys. Janchi (Nwahamule), 'n jonger broer van Frank is daarom gedurende 1916 as regent vir Nwambatini II ingehuldig.

Die Kutswestam (Oos-Sotho) van kaptein Moduping Mokwena (vgl. Van Warmelo 1935:35-05) het op blanke plase benoorde die Sabierivier gewoon en was die bure van die Nkuna. Hulle kaptein Moduping was 'n befaamde reënmaker en toordokter (vgl. Van Warmelo 1935:111 en Ziervogel 1954:110). Hierdie bonatuurlike vermoëns van Moduping en sy voorgangers "(have) always given them (Kutswe) a special hold over the majority of the people living in their area of influence, notwithstanding the fact, that the ba-Kutswe were only a small minority of the total population" (Bourquin 1973:2). Moduping is dikwels ook deur die Nkuna versoek om reën te maak en was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volgens informante baie suksesvol.

Teen ongeveer 1917 moes die Kutswe verhuis aangesien die gebied wat hulle bewoon het, deur Blankes beset is. Moduping was van voorneme om, ooswaarts te trek en in die omgewing van die huidige Manyeletiwildtuin te gaan vestig. Die Nkuna het hom egter versoek om by hulle te kom woon aangesien hy so 'n befaamde reënmaker was. Moduping het aan hierdie versoek gehoor gegee. Nadat Janchi aan hom en sy volgelinge verblyfregte binne die Nkunagebied verleen het, het die Kutswe daarheen verhuis en hulle hoofsaaklik op die huidige plase Calcutta (KU 294) en Oakley (KU 285) gevestig. 'n Kapteinskraal is vir Moduping op Calcutta, nie ver van die kraal van Janchi nie, opgerig terwyl die meeste van sy volgelinge op die aangrensende plaas Oakley gaan woon het. Sy aan sy en binne dieselfde stamgebied het Janchi en Moduping nou die gesag oor hulle onderdane gevoer. Gedurende 1919 is albei ook ooreenkomstig Art. 4 van Wet 4 van 1885 van owerheidsweë as hoofmanne oor hulle onderskeie onderdane erken en aangestel.

Hierdie ongesonde toedrag van sake het spoedig tot onderlinge stryd en korrupsie aanleiding gegee. Die Kommissariskantore vir die gebied was destyds op Graskop geleë. Volgens informante het die klerke wat daar werksaam was (hoofsaaklik Sotho) alle persone wat uit die Nkunagebied gekom het om belasting te betaal, as Kutswe geregistreer. Op hierdie wyse het Moduping binne enkele jare 'n groot groep geregistreerde volgelinge verkry. Uiteindelik het dit daartoe gelei dat kaptein Mathibela Mokwena (hy het Moduping in 1942 opgevolg) op 3 November 1942 van owerheidsweë as die enigste kaptein in die gebied van die Nkuna, met hoofsetel te Calcutta, erken en aangestel is. Dit het beteken dat die Nkuna hulle onafhanklikheid verloor het en van owerheidsweë as onderdane van die Kutswe gereken is.

Die Nkuna daarenteen het niks gedoen om die saak in die reine te bring nie. Janchi was baie sieklik en het weinig belang-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stelling in stamaangeleenthede getoon. Sy oudste seun Rozof (Rosehaugh) was besig met militêre diens tydens Wêreldoorlog II en Nwambatini II, die regmatige opvolger, was nog minder= jarig. Die senior persone binne die stam het hulle blykbaar vanweë die swak regering van eers Bantomu en later ook Janchi, nie verset teen die nuwe bedeling nie en het die gesag van Mathibela geredelik aanvaar.

Na sy aanstelling as kaptein oor geheel die Nkunagebied, het Mathibela ywerig voortgegaan met die bestendiging van sy ge= sag. Hy het effektief daarin geslaag om die lojaliteit van die Nkuna te behou deur hulle seniores in die tradisionele Nkunastamwyke aan te stel. Hierby het hy ook verskeie vroue uit die Nkunageledere as vroue geneem en so daarin geslaag om 'n hele aantal invloedryke Nkuna tot lojaliteit aan hom te verbind.

Ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Swart Owerhede (Wet 68 van 1951) is daar in 1961 verskillende stamowerhede in die Bosbokrandgebied ingestel. Die Mokwenastam (Kutswe) van kaptein Phillip Malengeza (Mathibela) Mokwena het 'n eie stamowerheid gekry, bekend as die Mathibelastamowerheid. Oor= eenkomstig Gk 447 van 23 Maart 1962 is die stamgebied omskryf en sluit dit die volgende agt plase in: Alexandria (KU 286), Madras (KU 292), Oakley (KU 285), Calcutta (KU 294), Ronald= sey (KU 283), Cork (KU 295), ged. B van Marite (KU 287) en ged. 1 van Belfast (KU 296).

Met die instelling van owerhede is daar aanvanklik een streeksowerheid vir die hele Bosbokrandgebied ingestel. Later is hierdie owerheid op etniese basis in drie streeks= owerhede verdeel. Benoorde die Sabierivier was daar 5 Mapulana-, 2 Nhlanganu-, 1 Changana- en die Kutswestamower= heid. Kaptein Mathibela wou nie saam met die ander Oos- Sothostamowerhede in een streeksowerheid saamgeskakel word nie. Vanweë die feit dat ongeveer 85% van sy onderdane, Chan= gana en Tsonga was, is daar toe ooreengekom dat die Mathibela=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


stamowerheid saam met die Changana- en Nhlanganustamowerhede is een streeksowerheid, wat bekend sou staan as die Mokwena-Changana-Nhlanganustreeksowerheid saamgeskakel sou word.

Na die instelling van gebiedsowerhede vir die onderskeie et=niese groepe en die daarmee gepaardgaande aksent op volks=aanhorigheid het die posisie van kaptein Mathibela en sy volgelinge ernstig in gedrang gekom. Sowel Lebowa as Gaza=nkulu het op die lojaliteit van Mathibela en sy volgelinge aanspraak gemaak. Uiteindelik is ooreengekom dat die Mathi=belastamowerheid onder Lebowa sou ressorteer. Daarmee is die probleem egter nie opgelos nie. Volgens Bourquin (1973: 3) het hierdie oorname deur die Lebowaregering verreikende gevolge gehad: "The position of the Tsonga living in his (Mathibela) Tribal Authority area immediately came to the fore and to the chief's surprise he found that they were no longer prepared to 'nkonza' to him and claimed a division of the land and the appointment of their own chief." Hierdie onwilligheid van die Nkuna om Lebowa-onderdane te word en hulle aanspraak op erkenning as 'n onfafhanklike stam binne die grense van Gazankulu, het daartoe gelei dat die grens tussen Gazankulu en Lebowa herbepaal moes word.

Ooreenkomstig die 1970-sensus was daar 21 000 inwoners in die gebied van die Mathibelastamowerheid (agt plase). Hiervan was slegs 5 000 (24%) Sotho en die res was hoofsaaklik Changana (Nkuna) en Nhlanganu. Die twee betrokke regerings het na heelwat struweling uiteindelik ooreengekom dat die Mathibelastamowerheidsgebied verdeel moes word tussen Gazankulu en Lebowa. Volgens hierdie ooreenkoms het die Ma=thibelastamowerheid slegs drie plase (Oakley, Alexandria en Marite) behou wat by Lebowa ingelyf is terwyl die ander vyf plase (Madras, Calcutta, Cork, Belfast en Ronaldsey) as deel van Gazankulu geproklameer is.

As gevolg van hierdie nuwe grensbepaling is die Nkuna weer ontvoog en kon hulle met reg aanspraak maak op die erkenning

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van hulle onafhanklikheid en die aanstelling van 'n kaptein. Kragtens GK 2 van 1973 (Gazankulu Regering, amptelike koe= rant 27.4.73) is daar dan ook oorgegaan tot die stigting van 'n nuwe stam wat bekend sou staan as die Hoxanastam. Die stamgebied is ook omskryf en sluit die volgende plase in : Belfast (KU 296), Ronaldsey (KU 283), Cork (KU 295), Calcut= ta (KU 294) en Madras (KU 292).

Die Nkuna wat vir meer as dertig jaar nie as 'n stam gefunk= sioneer het nie, het onmiddellik begin organiseer om 'n stam= kern byeen te bring. Hoewel daar oënskynlik geen samehorig= heidsgevoel onder stamlede bestaan het nie, het stamnasiona= lisme uiteindelik tog geseëvier en is daar voortgegaan met die aanstelling van 'n kaptein. Soos vroeër vermeld (vgl. Tabel IV) is die Nkunastam vroeër regeer deur die direkte afstammelinge van Maxele (junior). Die afstammelinge van Maxele en Xingwenyana (senior) het egter in 1973 ooreengekom dat laasgenoemde linie die kapteinskap moet oorneem aangesien hulle die senior afkomslyn binne die Nkunageledere is. Die nasate van Maxele (Nwambatini II en andere) was in elk geval ook nie bereid om weer die kapteinskap oor te neem nie.

Nadat daar op die Xingwenyanalinie besluit is, is al die moontlike aanspraakmakers byeengebring ten einde 'n kaptein aan te wys. Die direkte afstammelinge van Xingwenyana en sy oudste seun Hoxana (vgl. Tabel IV) het egter verhuis (c.1935) en kon nie opgespoor word nie. Uit die beskikbare aanspraak= makers was ene Chombeni, uit die afkomslyn van Tlatlatla, die senior persoon en sy kandidatuur het ook sterk steun geniet. Sy senioriteit het egter onder verdenking gekom nadat daar deur die ou vroue in die stam geopenbaar is dat hy 'n buite-egtelike kind is. Die nakomelinge van Londinda en Stokies kon ook nie opgespoor word nie en daar is derhalwe besluit om Sam Matikwane Nkuna, die mees senior persoon na Chombeni, as kaptein aan te wys. Ooreenkomstig die genealogie van die Nkuna, beklee Sam 'n junior posisie. Hy is egter die enigste beskikbare kandidaat wat bereid was om die kapteinskap te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanvaar. Sy aanwysing is ook van owerheidsweë aanvaar en gedurende 1973 is hy as kaptein van die Nkunastam ingehuldig. Daarna is 'n stamowerheid bekend as die Hoxanastamowerheid gestig. Dit is sedert 1973 op die Mhalastreeksowerheid ver=teenwoordig. Sam Nkuna regeer tans nog hierdie stam.

## C. DIE NHLANGANU-TSONGASTAMME

Daar is twee Nhlanganustamme in Gazankulu. Albei hierdie stamme is soos vroeër reeds vermeld is, woonagtig in die Mhaladistrik. Die twee stamme is onderskeidelik die Mnisi=stam van kaptein Phillip Phidulane Mnisi en die Khozastam van kaptein Jongilanga Khoza (Van Warmelo 1935:91).

Anders as die ander stamme in die Mhaladistrik, beskou hier=die twee stamme hulleself nie as Changana nie maar wel as Tsonga en meer spesifiek as Nhlanganu. Junod (1927, I:17) klassifiseer die Nhlanganu as 'n afsonderlike subgroep van die Tsonga. Volgens hom vorm die verskillende Nhlanganustam=me tesame met die Mabila- en Nwambastam,'n afsonderlike taal=kundige eenheid wat 'n noue ooreenstemming vertoon met dié van die Djongasprekendes.

Stevenson-Hamilton beskou die Nhlanganu ook nie as Changana nie. Hy beweer in hierdie verband dat: " ... die familie=groep van die Hlangane wat weerskante van die Lebombo langs die Sabierivier woon, was te ver weg om onder direkte beheer of beskerming van hulle nuwe base (Changana) te wees ...." (Stevenson-Hamilton 1949:192). Jaques (1958:80) bevestig hierdie bewering.

Van Warmelo wys op 'n taalkundige onderskeid tussen die Changana en die Nhlanganu. Hy beweer dat: " ... the Nhlanganu dialect differs in pronunciation (e.g. nḍi for ndi) and vo=abulary from that of the MaTšhangana who hail from the Bilen plains, where another variant of Ṭonga is spoken, and where, besides, the influence of the Ngoni conquerors was strongest."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hy voeg egter by dat: " ... these differences are not striking, and in appearance, dress and custom there is little that they have not in common" (Van Warmelo 1935:91).

Oor die herkoms en die vroeëre geskiedenis van die Nhlanganu bestaan nog geen duidelikheid nie. Die karige gegewens uit die literatuur sowel as die gegewens verkry van informante, stem ook nie ooreen nie. Feite word dikwels met fiksie ver= bind.

In sy verklaring oor die moontlike herkoms van die verskil= lende Tsongastamme beweer Junod (1927, I:21 e.v.) dat met uitsondering van die Loyi, Nwanati en Tembestamme "most of the other clans point to Zululand or to Swaziland as having been their first abode, which they left to invade the low country of the coast." Hy voeg egter by dat "the Hlanganus and Hlengwes seem to have no tradition of this kind." Hier= teenoor beweer Massie (1905:88) dat "the people called Hlangaans or Amahlangana are a mixed race, being the off= spring of Shangaans (sic!), Zulus or Swazis ...."

Informante het ook geen eenstemmigheid aangaande hulle herkoms nie. Sommige beweer dat die Nhlanganu aanvanklik te Nkhuru= mane naby Mahlabatini in Zululand gewoon het onder 'n Nguni= kaptein, Boningi. As gevolg van 'n stamtwis het die Nhlanganu onder leiding van hulle stigter Mhlangana (tien generasies gelede) Zululand verlaat. Hulle het noordwaarts deur die huidige Swaziland getrek en hulle uiteindelik te Marakweni aan die uitlopers van die Lebomboberge in Portugees-Oos-Afrika gaan vestig. Ander beweer dat die Nhlanganu nooit in Zululand gewoon het nie maar dat hulle afkomstig is uit die gebied van die huidige Swaziland. Hulle het hier gewoon tot en met die binnekoms van die verskillende Ngunigroepe (c.1790-1800) vanuit Natal. Die Nhlanganu is deur hierdie groepe verdryf en hulle het vanuit Swaziland noordooswaarts gevlug en hulle uiteindelik benoorde die Nkomatirivier te Marakweni gaan vestig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Oor presies wanneer die Nhlanganu in Portugees-Oos-Afrika ingetrek het, is daar insgelyks ook nie duidelikheid nie. Indien die eersgenoemde bewering korrek is, naamlik dat die Nhlanganu onder leiding van Mhlangana uit Zululand na Mara= kweni verhuis het, beteken dit dat hulle teen ongeveer 1675 (bereken teen 30 jaar per generasie) reeds in Portugees-Oos-Afrika aangekom het. Hierdie datering blyk meer korrek te wees aangesien die voorstanders van die bewering dat die Nhlanganu teen die aanvang van die vorige eeu uit Swaziland verhuis het, dit eens is dat hulle onder leiding van Mhlangana se opvolger (nege generasies gelede) na Marakweni verhuis het. Hierdie moontlikheid strook nie met die da= tering (c.1800) van die binnekoms van die eerste Ngunigroepe in die huidige Swaziland nie en kan nie as korrek aanvaar word nie. Watter datering die korrekte is, is nie duidelik nie en ook nie van soveel belang nie. Almal is dit eens dat die Nhlanganu hulle reeds ongeveer nege tot tien generasies gelede in Portugees-Oos-Afrika gevestig het en mettertyd ver= tsonga het. Op grond van taalkundige gegewens word die Nhlanganu as sodanig geklassifiseer en behoort meer spesifiek tot die westelike subgroep van die Tsongasprekendes (vergelyk in hierdie verband Ziervogel 1969:185; Junod 1927, I:17; Van Wyk 1966:38 en Baumbach 1970).

Volgens Junod (1927, I:17 e.v.) het die Nhlanganugroepe sedert hulle vestiging in Portugees-Oos-Afrika aan weerskante van die Lebomboberge gewoon en wel vanaf die Nkomatirivier in die suide tot by die Olifantsrivier in die noorde. Hulle was dus die mees westelike bewoners van die tradisionele Tsongawoongebied. Kort voor en net na hulle vestiging in hierdie gebied het daar egter 'n verdeling binne Nhlanganu= geledere ontstaan.

Die stigter van hierdie groep, Mhlangana (Mfulare) het ver= skeie seuns by sy hoofvrou gehad te wete Ntselele, Hubyanyana, Xihalana en Mavungwana. Ntselele was die oudste seun en daar= om die regmatige erfopvolger. Hy was egter 'n befaamde reën=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maker en dit het hom volgens informante as kandidaat vir die kapteinskap gediskwalifiseer. Die familievergadering het vervolgens besluit om sy jonger broer, Hubyanyana as kaptein van die Nhlanganu aan te stel. Ntselele en sy volge= linge het hulle met hierdie besluit vereenselwig maar nogtans geëis dat hulle senioriteit erken moes word. Nadat Hubya= nyana die kapteinskap oorgeneem het, is daar op 'n stamver= gadering besluit om aan Ntselele en sy volgelinge 'n afson= derlike stuk grond te gee waarbinne hulle as 'n afsonderlike outonome groep kon funksioneer. Vanweë sy vermoë om reën te maak, het Ntselele mettertyd 'n groot aantal volgelinge ge= had wat uiteindelik daartoe gelei het dat 'n nuwe sibbe (Ntselele) en daarna ook 'n nuwe Nhlanganustam ontstaan het. Hubyanyana en sy nakomelinge het steeds die gesag behou oor die oorblywende gedeelte van die Nhlanganu. Op hierdie wyse het die Nhlanganu in twee stamme verdeel. Die direkte af= stammelinge van Ntselele regeer vandag nog die Mnisistam terwyl die afstammelinge van Hubyanyana die gesag voer oor die Khozastam.

Na die verdeling van die Nhlanganu is daar weinig bekend oor die geskiedenis van die twee groepe. Ntselele is na sy dood opgevolg deur sy oudste seun Malwana en laasgenoemde weer deur sŷ oudste seun, Dzombo. Dzombo is opgevolg deur sy seun Machave en Machave deur Mfungana. Mfungana was die vader van Mabana wat die stam regeer het tydens die intog van Sochangana (c.1820).

Enkele jare na die aankoms van Sochangana in Portugees-Oos-Afrika het daar 'n groot droogte geheers. Sochangana het die hulp van verskeie reënmakers ingeroep maar al die pogings om reën te maak was onsuksesvol. Uiteindelik het hy die hulp van Mabana verkry. Mabana se poging was uiters suksesvol en volgens Jaques (1958:80) het reën oor die hele gebied van Sochangana uitgesak. Sochangana was uiters verheug en afge= sien van 'n aantal geskenke het hy ook aan Mabana 'n nuwe sibbenaam gegee. Sedertdien dra hierdie afkomsgroep dan nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL V : NHLANGANUREGEERDERS (MNISI)

- **MHLANGANA** (Mfulare) (c.1661-c.1670)
  - **NTSELELE** (c.1670-c.1700)
    - **MALWANA** (c.1700-c.1730)
      - **DZOMBO** (c.1730-c.1760)
        - **MACHAVE** (c.1760-c.1790)
          - **MFUNGANA** (c.1790-c.1825)
            - **MABANA** (c.1825-c.1860)
              - **MAGWAGWAZA** (1871-1917)
                - **XOBYANA** (1917-1952)
                  - **JOTHAM** (1953-1962)
                    - **PHILLIP** (1975-tans)
                  - **WILLY** (1962-1975)
              - MUGIDI (1900-1930)
                - MAROBA (1930-1960)
                  - DZOMBO (1960-tans) (Regeerders van Mnisireste in Maputo)
          - **SALANI** (1860-1870)
            - MAFOHLO (Leier van eerste groep vlugtelinge na Transvaal)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer die sibbenaam Ntselele nie, maar staan bekend as Mnisi (reënmakers).

Sochangana het teen ongeveer 1834 noordwaarts verhuis (vgl. vroeër). By sy terugkeer in 1838 het verskeie Tsongakapteins na die Transvaal gevlug. Een van hierdie vlugtelinggroepe, die Nkuna, het suidweswaarts gevlug en vir 'n kort periode in die gebied van die Mnisistam vertoef. Daarna het hulle hul vlug na Transvaal voortgesit. Uit vrees vir Sochangana het 'n groot aantal Nhlanganu (Mnisi) onder leiding van ene Mafohlo saam met die Nkuna gevlug en hulle uiteindelik in die huidige Lydenburgdistrik gaan vestig (vgl. ook Van Warmelo 1935:91). Mabana en die grootste gros van sy volgelinge het egter nie die vlug meegemaak nie.

Mabana is teen ongeveer 1860 oorlede. Sy oudste seun en erf=opvolger Magwagwaza was nog minderjarig en gevolglik is Salani, die vader van Mafohlo, as regent aangestel. Tydens die regering van Salani het die opvolgingstryd tussen Muzila en Mawewe van die Machangana uitgebreek. Die Nhlanganu (Mnisi) het hulle steun aan Muzila toegesê en ook meegedoen aan die eerste geveg tussen die twee broers in 1861. Nadat Mawewe die leërs van Muzila verslaan het, het Muzila en sy volge=linge na Musapa gevlug. Verskeie Tsongagroepe wat Muzila ondersteun het, moes noodgedwonge sy voorbeeld volg en ook vlug. Hulle het oor die Lebomboberge gevlug en hulle in die Transvaal gevestig. 'n Groot groep Nhlanganu (Mnisi) wat ten ooste van die Lebomboberge gewoon het, het insgelyks gevlug en hulle aangesluit by die vroeëre Nhlanganuvlugtelinge in die Lydenburgdistrik. Magwagwaza, die erfopvolger van Mabana het ook die vlug meegemaak.

Salani het steeds gesag gevoer oor die oorblywende stamlede in Portugees-Oos-Afrika. Na sy dood in 1870 het die familie=vergadering besluit om Magwagwaza as kaptein aan te stel. Hy is uit die Transvaal ontbied en aan die einde van 1871 as kaptein ingehuldig. Gedurende sy regering het 'n grensreëling tussen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Transvaalse en Portugese Regering meegebring dat die Mnisistam in twee gedeel is. Dit het aanleiding gegee tot 'n hele aantal ongerymdnede. Stevenson-Hamilton (1949:207) beweer: "Die mense het gevolglik aan albei kante van die grens ge= woon en hulle het al gou besef dat terwyl die Transvaalse Regering sy belasting in die somer ingesamel het en die Lae= veld gedurende die koorstyd volkome met rus gelaat het, die Portugese owerhede aan die ander kant van die somer hulle tyd vir die invordering van belastings gemaak het. Hulle het dit dus maklik gevind om betaling aan albei kante te ontduik deur die eenvoudige middel om hulle oeste in die Transvaal gedu= rende die somer en herfs te plant en in te bring, vir die winter met al hulle besittings na die Portugese gebied te verhuis en elke lente na die Transvaal terug te keer."

"Die boerejagters het ook gekla dat hulle die wild elke jaar geringer in getalle aangetref het as gevolg van die vervolging deur naturelle waaraan dit tussen September en Mei blootgestel was en dat hulle wins uit biltong en velle gevaar geloop het om weldra te verdwyn" (Stevenson-Hamilton 1949:207). Uit bo= genoemde gegewens is dit duidelik dat Magwagwaza en sy volge= linge voordeel uit die nuwe grensreëling getrek het.

Gedurende 1896 het daar 'n grensgeskil tussen twee Djongastam= me wat tussen die Nkomati- en die Olifantsrivier gewoon het, ontstaan. Die Xiburi het gedeeltes van die grondgebied van die Rikhotso as hulle eiendom geannekseer. Die twee partye het Nghunghunyana gevra om die geskil op te klaar maar laas= genoemde was self in 'n oorlog teen die Portugese betrokke en versoek die twee kapteins om met die hulp van Magwagwaza van die Mnisistam, die saak in die reine te bring. Magwagwaza kon nie daarin slaag om die twee kapteins tot 'n vergelyk te bring nie en het besluit dat magsgeweld die enigste oplossing sou wees. In die geveg wat daarna ontstaan het, het die leërs van Magwagwaza die Xiburi ondersteun en daarin geslaag om die Rikhotso te oorwin en die verlore grondgebied vir die Xiburi terug te kry.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ontevrede Rikhotsokaptein het nie hierby berus nie en het die aangeleentheid by die Portugese owerheid aanhangig gemaak. Die Portugese owerheid wat sedert 1894 gepoog het om hulle gesag in die suide van Mosambiek af te dwing (Warhurst 1969:59), het hulle troepe teen die twee "opstandige" kapteins uitgestuur. In 'n kort geveg is die Mnisi- en die Xiburileër verslaan. Magwagwaza het daarna met 'n groot deel van sy stam weswaarts oor die Lebomboberge gevlug en hom aangesluit by sy onderdane wat ten weste van die Lebomboberge in die Transvaal gewoon het. Volgens Van Warmelo (1935: 91) "they did not have to trek very far, seeing that they belong to what was in olden times the westernmost of the Ṭonga tribes in this quarter. Not much travelling brought them into the present Pilgrimsrest district, in which they are mainly congregated today."

Uit vrees vir die Portugese het Magwagwaza verder wes getrek en hom op die huidige plaas Guernsey (KU 81) naby Klaserie gevestig. Nadat Magwagwaza sy kraal te Guernsey opgerig het, het 'n hele aantal Nhlanganu wat gedurende 1838 en 1860 na Lydenburg gevlug het, weer by hom kom aansluit. Daardie lede van die stam wat ten weste van die Lebomboberge gewoon het, het nie verhuis nie omdat dit nie nodig was nie. Hulle het steeds binne die gesagsfeer van Magwagwaza gewoon en wel op die huidige plase Welverdiend (KU 206), Gottenburg (KU 221), Seville (KU 224), Jeukpeulhoek (KU 222), Thorndale (KU 223), Dixie (KU 240) en Gowrie (KU 342). Die stamgebied van kaptein Magwagwaza het ook stamwyke ingesluit wat tans binne die grense van die Krugerwildtuin geleë is. Die belangrikste van hierdie wyke was Nhlanguleni (vgl. Van Warmelo 1961:32), Kumana (Van Warmelo 1961:13) en Nwaswitsontso (Van Warmelo 1961:36).

Die Mnisi wat in Portugees-Oos-Afrika agtergebly het, het kaptein Magwagwaza na afloop van die Anglo-Boere-oorlog versoek om na Marakweni terug te keer. Uit vrees vir die Portugese owerheid het hy egter daarteen besluit. Mugidi Mnisi,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n jonger broer van Magwagwaza is daarna as hulle kaptein aangestel. Hy is opgevolg deur sy oudste seun Maroba Mnisi. Tans is Dzombo Mnisi, die oudste seun van Maroba, die kaptein van die Mnisistam in Mosambiek. Daar heers tans nog goeie betrekkinge tussen die twee groepe en die Mnisi van Mosam=biek erken nog steeds die senioriteit van die Mnisi van Mhala.

Magwagwaza en sy volgelinge het slegs enkele jare op die plaas Guernsey gewoon. Aangesien Guernsey privaat eiendom was, is Magwagwaza van owerheidsweë versoek om na kroongrond te verhuis. Teen ongeveer 1910 is daar 'n nuwe kapteinskraal vir Magwagwaza op die plaas Buffelshoek (KU 216) opgerig. Hier is Magwagwaza op 5 Augustus 1917 oorlede.

Magwagwaza is opgevolg deur sy oudste seun, Xobyana. Na sy inhuldiging as kaptein verhuis Xobyana na die naburige plaas Rooiboklaagte (KU 215). Gedurende 1919 word sy aanstelling met hoofsetel te Rooiboklaagte ook van owerheidsweë erken en word hy as 'n hoofman kragtens Artikel 4 van Wet 4 van 1885 aangestel. Ooreenkomstig GK 1818 van 4 Desember 1936 is Xobyana as 'n kaptein en nie meer as 'n hoofman nie, aange=stel oor die "Hlanganu tribe on crown land and privately owned farms in the district of Pilgrims Rest."

Rooiboklaagte is gedurende 1936 deur die SABT aangekoop. Aan=gesien 'n groot seksie Pulana (Oos-Sotho) hervestig moes word (die Departement van Bosbou het hulle woongebied in die Dra=kensberg vir bosboudoeleindes benodig) is Xobyana en sy vol=gelinge versoek om Rooiboklaagte en die omliggende plase te ontruim. In ruil vir Rooiboklaagte is die trustplaas Isling=ton (KU 219) aan die Mnisistam toegeken. Islington is tans nog die hoofsetel van hierdie stam.

Na 'n regeringstermyn van 44 jaar het Xobyana in 1952 sy fa=milieraad versoek om hom van die kapteinskap te onthef. Van=weë sy hoë ouderdom (c. 80 jaar) en sy toenemende onvermoë om sy verpligtinge na te kom, het die familieraad sy versoek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

goedgekeur. Xobyana het ook versoek dat sy oudste seun Jotham hom moes opvolg. Aangesien Jotham die regmatige op= volger was, het die familieraad ook hierdie versoek goedge= keur. Op 'n stamvergadering gehou op 14 Junie 1952 waar= tydens die Kommissaris en ongeveer 300 volwasse mans teen= woordig was, is die aangeleentheid bespreek. Die versoek van Xobyana om te abdikeer, is goedgekeur en die aanbeveling van die familieraad dat Jotham sy vader sou opvolg, is aan= vaar met dié voorbehoud dat Jotham (c. 38 jaar oud) 'n op= leidingstydperk van ongeveer ses maande moet ontvang, alvorens hy as kaptein ingehuldig kan word.

Nadat Jotham sy opleidingstydperk as kaptein deurloop het, is hy op 5 Januarie 1953 as kaptein ingehuldig. Jotham is ook van owerheidsweë as kaptein erken en wel oor daardie stamlede wat woonagtig is op trustplase en blanke privaatplase in die Pelgrimsrustdistrik.

Jotham kon, vanweë die feit dat sy vader en voorganger nog geleef het, nooit werklik as kaptein aanvaar word nie. Dit het 'n belangrike invloed gehad op sy openbare optrede sowel as op sy privaat lewe. Hy het spoedig in onguns by die fami= lievergadering verval en ook die onmin van baie onderdane verwerf. Sy openbare optrede was van so 'n aard dat die familieraad gedurende 1962 besluit het om hom van sy amp te onthef. Jotham het hierdie besluit baie teësinnig aanvaar maar tog uiteindelik daarin berus. Op 'n stamvergadering waarop die besluit van die familieraad en stamraad bespreek is, verklaar Jotham dan ook: "I find myself obliged to do so (om te abdikeer) as I cannot carry on without the support and confidence of my fathers. No one walks with me, I cannot work alone. A chief cannot work without the support of his family." Hy sê verder: "I therefore resign as from today from the chieftainship of the Mnisi-Hlangaan tribe, but wish to make it clear that my resignation does not in any way affect any right which my son and heir, Phillip Mnisi, who is 17 years of age and at present at the Arabie School of Chief's

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sons, or any other of my sons who may become heir, may have to the chieftainship" (Notule: Stamvergadering 31.3.1962). Die stamvergadering het besluit om Jotham van sy pligte as kaptein te onthef en het hom daarna uit die stamgebied ver= ban. English Mathebula is in sy plek as 'n tussentydse re= gent aangestel.

Aangesien Jotham se seun nog minderjarig was, het die fami= raad besluit om Mogidi Willy Mnisi, 'n jonger broer van Jotham, as 'n regent aan te stel. Enkele maande na die aan= stelling van Willy is die Mnisistamowerheid op 23 Maart 1962 gestig. Ooreenkomstig GK 445 van 23 Maart 1962 is die stam= owerheidsgebied ook omskryf. Hiervolgens ressorteer die volgende plase onder die jurisdiksie van die Mnisistam= owerheid: Islington (KU 219), Ludlow (KU 227), Welverdiend (KU 206), Clare (KU 220) en ged. G van Okkernootboom (KU 211). Nadat die SABT sekere aangrensende plase aangekoop het is die volgende plase gedurende 1970 ook by die Mnisistamowerheid ingelyf: Gottenburg (KU 221), Seville (KU 224) asook sekere gedeeltes van die plaas Eglington (KU 225).

Willy het vir bykans 14 jaar as regent van die Mnisistam ageer. Aan die begin van 1975 het die regmatige aanspraak= maker op die kapteinskap, Phillip Mnisi, die familieraad versoek om hom as kaptein aan te stel. Hierdie versoek van Phillip is ondersteun deur sy vader Jotham (wat gedurende 1975 weer na die stamgebied teruggekeer het) sowel as die seniorlede van die familieraad. Aangesien hy in 1975 reeds 33 jaar oud was en sy studies aan die Arabieskool voltooi het, het die familieraad hom as bevoegd beskou om die kapteinskap oor te neem. Willy het ook vrywilliglik ingewillig om van sy amp as regent onthef te word. Nadat ook die stamraad hier= die aanbeveling goedgekeur het, is daar vertoë gerig aan die kabinet van Gazankulu om die nodige goedkeuring te verleen. Op 2 Julie 1975 het die kabinet van Gazankulu besluit dat Willy Mnisi van sy amp as regent van die Mnisistam onthef word en dat Phillip Phidulani Mnisi in sy plek as kaptein

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangestel word.

Die stamraad het vereis dat Phillip vir enkele maande by die Mhalamagistraatskantoor moes werk ten einde die nodige ad= ministratiewe ondervinding op te doen en dat hy 'n hele reeks sittings van die kapteinshof moes bywoon om hom ook in hier= die taak te skool. Daarna is hy op 14 September 1975 ampte= lik as kaptein ingehuldig. Hy regeer tans nog hierdie stam.

Soos hierbo vermeld is, het daar na die dood van Mhlangana (Mfulare), 'n verdeling in die Nhlanganugeledere plaasgevind. Ntselele (senior) en sy volgelinge het weggebreek van die moederstam, 'n eie woongebied verkry en later na Transvaal verhuis waar die direkte nakomelinge van Ntselele tans nog die stam (Mnisi), wat so ontstaan het, regeer. Hulle bewoon tans die noordelike gedeelte van die Mhaladistrik. Hubya= nyana, 'n jonger broer van Ntselele, is na die verdeling van die Nhlanganu as kaptein van die oorblywende gedeelte van die stam aangestel (vgl. Tabel VI). Die direkte nakomelinge van Hubyanyana regeer tans dié gedeelte van die stam (Khoza) wat die suidoostelike gedeelte van die Mhaladistrik bewoon. Hoewel hulle vandag 'n outonome stam is en oor 'n eie stam= gebied beskik, erken die Khoza-afkomslyn steeds nog die senioriteit van die Mnisi-(Ntselele) afkomslyn.

Daar is baie min bekend aangaande die vroeëre geskiedenis van hierdie stam. Van die periode sedert die aanstelling van Hubyanyana as kaptein tot en met die koms van Sochangana (c.1820) kon informante slegs die name van die opeenvolgende kapteins verstrek. Uit genealogiese gegewens blyk dit dat Hubyanyana opgevolg is deur sy oudste seun Mhoxihini (Xile). By die afsterwe van Mhoxihini was sy oudste seun Khoza, nog minderjarig en is Khakhala, 'n jonger broer van Mhoxihini, as regent aangestel. Khakhala het die stam regeer tot onge= veer 1730. Daarna is Khoza, die regmatige opvolger as kaptein ingehuldig. Hy het regeer tot ongeveer 1760.

Na die afsterwe van Khoza het die stam nie meer as Nhlanganu bekend gestaan nie maar wel as Khoza. Informante kan egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL VI : NHLANGANUREGEERDERS (KHOZA)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1660-1670 | MHLANGANA (Mfulare) | | |
| 1670-1700 | NTSELELE (Stigter van Mnisistam) | HUBYANYANA | |
| 1700-1730 | | MHOXIHINI (Xile) | KHAKHALA (1700-1720) |
| 1730-1760 | | KHOZA | |
| 1760-1790 | | XIBUKU | |
| 1790-1820 | | BONDZENI | |
| 1820-1860 | | NWAMTONGA | |
| 1861-1891 | | NYAMBENDE | MUCHAKA (1911-1933) |
| 1891-1911 | | NDJONDJELA | JOHN (1935-1944) |
| 1933-1935:1944-1976 | | JONGILANGA | |
| 1976-tans | | JAMES | |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

geen spesifieke rede vir hierdie naamsverandering verstrek nie. Dit is egter duidelik dat Khoza 'n uiters gewilde en beroemde kaptein van hierdie stam was en dat die naamsver= andering verband hou met sy persoonlike bekwaamhede. Die benaming Khoza kan moontlik ook verband hou met die bewering van Jaques (1958:34 e.v.) dat 'n aantal onderdane van die Khozastam (Djonga) wat net benoorde die Nhlanganu, tussen die Nkomati- en Olifantsrivier gewoon het (vgl. Junod 1927, I:17) hulle by die Nhlanganu aangesluit het. Jaques ver= meld egter nie wanneer dit gebeur het nie en ook nie of die benaming Khoza hiermee in verband gebring kan word nie. Informante ontken egter hierdie moontlikheid.

Khoza is opgevolg deur sy oudste seun Xibuku en laasgenoemde is weer opgevolg deur sy oudste seun, Bondzeni. Volgens be= rekening het Bondzeni gedurende die periode 1790-1820 regeer. Hierdie datering is aanvaarbaar want volgens informante was Bondzeni reeds dood tydens die binnekoms van Sochangana (c.1821). Die gegewens van Stevenson-Hamilton strook egter nie hiermee nie. In 'n ongedateerde ongepubliseerde verslag vermeld hy dat: "The fighting between Mzila and Mawewe went on for about ten years and continually ravaging the country between the Crocodile and Olifant, until it became deserted. When the first hunters saw it in the early seventies (1870), it was quite uninhabited. The paramount chief of the Nhlanganu, Bondeni, was then living 30 miles north of the Save, in the Lebombo hills" (vgl. ook Stevenson-Hamilton 1949:200). Volgens informante is die gegewens van Stevenson-Hamilton nie korrek nie. Volgens hulle was dit nie Bondzeni nie maar wel sy kleinseun Nyambende wat die stam regeer het tydens die oorloë tussen Muzila en Mawewe. Laasgenoemde bewering blyk korrek te wees indien mens in aanmerking neem dat Ndjondjela, die seun van Nyambende,reeds gedurende 1890 as kaptein van die stam aangestel is.

Bondzeni is opgevolg deur sy oudste seun Nwamtonga. Nwamtonga het die stam regeer tydens die bewind van Sochangana (c.1820-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

1860). Die Khozastam is egter nie aan die gesag van Sochangana onderwerp nie. Soos vroeër vermeld is, was hulle woongebied te ver weg om onder die direkte beheer van So= changana te ressorteer. Hulle het egter nie skotvry gebly nie. Informante beweer dat hoewel hulle woongebied buite die gesagsfeer van Sochangana geval het en hulle jongmans ook nie by die Changanaleërs ingelyf is nie, die Khoza nog= tans deel gehad het in die Changana-oorloë. Sochangana en later ook sy seun Muzila, het, naamlik van tyd tot tyd versoek dat die Khozaregimente hulle in oorlog moet bystaan. Die Khoza, hoewel onwillig, het hierdie versoeke nooit geweier nie en gevolglik het daar mettertyd goeie verhoudinge tussen die Changana en die Khoza ontwikkel. Informante stel dit egter uitdruklik dat die Khozaregimente as afsonderlike een= hede geveg het en nooit soos die Tsonga-eenhede as Mabulandle= la (padskoonmakers) aangewend is nie. Dít is 'n duidelike aanduiding dat die Khozastam as 'n outonome stam bly voort= bestaan het tydens die bewind van die Changana.

Nwamtonga is teen ongeveer 1860 oorlede. Hy is opgevolg deur sy oudste seun, Nyambende. Gedurende die regering van Nyambende het sake nie so voorspoedig vir die Khozastam ver= loop nie. Nyambende het as kaptein oorgeneem toe die stryd tussen Muzila en Mawewe op sy felste was. Aangesien die Khozastam 'n bondgenoot van die Changana was, het Muzila die pas aangestelde Nyambende in 1861 versoek om hom in sy op= volgingstryd teen Mawewe te ondersteun. Nyambende en sy raad het aan die versoek gehoor gegee en die Khozaregimente aange= sê om vir die oorlog voor te berei. Die besluit van Nyambende het uiters nadelige gevolge vir die Khoza meegebring.

Soos vroeër vermeld is, het Muzila met die hulp van sy bond= genote vir Mawewe na vier opeenvolgende gevegte in 1862 finaal verslaan. Muzila het egter uit vrees vir Mawewe nie in die suide van Gazaland gebly nie maar hom in die noorde gaan ves= tig. Hierdie optrede van Muzila het sy vroeëre bondgenote in die suide van Gazaland weerloos gelaat teen die hernude

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanvalle van Mawewe. Volgens Grandjean (1899:85) het Mawewe tussen 1863 en 1870 nog gereeld ekspedisies uitgestuur na die suide van Gazaland om die lande te plunder en die krale af te brand. Hy het hom veral gewreek op die Khozastam van Nyambende en die ander bondgenote van Muzila. (Let wel: Die Khozastam van Nyambende moet nie verwar word met die Khosastam wat te Khosene besuide die Limpoporivier gewoon het nie).

Stevenson-Hamilton (1949:195 e.v.) gee 'n treffende beskry= wing van die lotgevalle van die Khozastam van Nyambende ge= durende hierdie periode. Hy beweer onder andere dat: "Die leër (van Mawewe) het die merendeel van die land tussen die berge (Lebombo) en die see deurgeloop en op hulle mars het hulle alles wat hulle teenkom met die vuur en die swaard ver= woes. Die Bantoenedersettings onder aan die uitlopers is grotendeels uitgewis terwyl die ba-Hlangane (Khoza) en die Tshangane vlugtelinge soos wilde diere gejag is waar hulle ook al teengekom is (p.195). Die ellendige ba-Hlangane was van al hulle besittings beroof en was gewoond om die winters in skuiling in grotte en in die digter boslandskap deur te bring terwyl hulle so goed of so kwaad as dit gegaan het van veldvrugte en van die diere wat hulle kon doodmaak, 'n bestaan gemaak het. In die somer het hulle betreklik veilig gevoel, terug na hulle afgebrande statjies gekruip en 'n bietjie koring gesaai met die floue hoop dat hulle tyd sou vind om voor die vyand se terugkeer te oes. Hulle het uit bittere ondervinding geleer dat hulle beste vooruitsig daarin gelê het dat hulle gedagte aan kraallewe moet laat vaar en ruwe grasbeskuttings moes bou, ver van mekaar geleë, waar enkele gesinne saam kon lewe, gereed om by die eerste aanduiding van gevaar op die vlug te slaan (p.196). Dit was 'n tydperk van voortdurende tragedie en verskrikking, en die Hlangane= volk het so nes wilde diere gelewe waarop daar jag gemaak word, dat hulle sedelike peil heelgoed tot dié van 'n trop impala-antilope kon gedaal het wat deur wildehonde gejag word" (Stevenson-Hamilton 1949:200).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die koms van die Blankes na die Transvaalse laeveld en die daaropvolgende ontdekking van die Lydenburgse goudvelde wat die aanlê van 'n hoofweg na Delagoabaai tot gevolg gehad het, het Mawewe sy strooptogte teen ongeveer 1870 gestaak. Hy is ook kort daarna (1872) oorlede. Die Khozastam kon daar= na terugkeer na hulle tradisionele woongebied en hulle afge= brande krale weer opbou. Stevenson-Hamilton (1949:200) beweer dat: "Gedurende die kwarteeu wat verloop het sedert die be= eindiging van die strooptogte, het die Hlanganegroep ver= menigvuldig en die vlaktes onder die Lebomboheuwels in aan= sienlike getalle beset."

Hierdie voorspoed was egter van korte duur. Nyambende is teen ongeveer 1890 oorlede en is opgevolg deur sy oudste seun Ndjondjela. Kort na die aanstelling van Ndjondjela as kaptein, het daar verskillende verwikkelinge ingetree wat 'n verrei= kende invloed op die geskiedenis van hierdie stam gehad het.

Teen ongeveer 1892 het daar 'n grensgeskil tussen die Khoza en die Mabila in Mosambiek (Junod 1927, I:17) ontstaan. Aan= gesien die geskil nie deur onderhandelinge besleg kon word nie, het dit uitgeloop op 'n oorlog tussen hierdie twee stam= me. In die gevegte wat hierna gevolg het, het die Khoza as oorwinnaars uit die stryd getree. Die verslane Mabilakaptein het sy lot by die Portugese owerheid gaan beklae en laasge= noemde het, ten einde hulle oppergesag te bewys, hulle leërs teen die Khoza uitgestuur. In die daaropvolgende geveg het die Mabila met die hulp van die Portugese leërs die Khoza verslaan. Hulle het weswaarts gevlug en hulle in die omgewing van die huidige Laer Sabie- en Skukuzagebiede gevestig.

Gedurende 1899 het 'n grenskommissie van die Transvaalse en Portugese Regering die grens tussen hierdie twee gebiede be= paal (Stevenson-Hamilton 1949:206). Die Khozastam wat aan weerskante van die grens gewoon het, is op hierdie wyse in twee gedeel. Die gesagvoerders oor die stam het onder die Transvaalse regering geressorteer terwyl 'n groot aantal on=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


derdane in Portugees-Oos-Afrika agtergebly het. Aangesien Ndjondjela nie meer gesag oor sy onderdane in dié gebied kon uitoefen nie, het die stamraad besluit om ene Mangalani Zitha as 'n hoofman oor hulle onderdane in Portugees-Oos-Afrika aan te stel. Mangalani is deur die Portugese owerheid erken en het die Khoza aldaar regeer tot ongeveer 1940. Hy is daarna opgevolg deur sy seun Mungolwe Zitha wat tans nog oor die agtergeblewenes gesag voer. Hulle erken nog steeds die senioriteit van die Khoza-afkomslyn van Mhala. Die hui= dige kaptein Jongilanga Khoza het tydens die ondersoek (1974) 'n besoek gebring aan sy "onderdane" aldaar en is volgens berigte hartlik ontvang. Tydens sy besoek is 'n hele aantal beeste geslag en volgens hom is daar vir etlike dae fees= gevier.

Die Transvaalse Khoza wat in die omgewing van die huidige Skukuza- en Laer Sabiegebied woonagtig was, moes hierdie ge= bied ook mettertyd ontruim. Verskeie pogings is van ower= heidsweë aangewend om hulle te verskuif. Die eerste poging het gevolg op klagtes van die boerejagters dat die Khoza hulle wild uitroei. Die Transvaalse regering het hierop ge= durende 1899, besluit om alle Laeveldse Swartes wat besuide die Nwanedzirivier gewoon het na die hoëveld te verplaas waar hulle verdeel en as arbeiders op verskillende blanke plase uitgeplaas sou word. Volgens Stevenson-Hamilton (1949:207) is daar "'n groot vangjag gevolglik op tou gesit en al die mans, vrouens en kinders wat nog nie daarin geslaag het om oor die grens te ontsnap nie, is met al die vee wat hulle besit het, onder 'n wag van naturellepolisie in gelid weggeneem en pleg= tig tuisgebring in die nuwe wonings wat vir hulle gekies was. Ongelukkig vir die sukses van hierdie plan het dit een ding geblyk om die naturelle te vang en 'n ander om hulle te hou nadat hulle eenmaal gevang is; binne 'n paar maande was hulle so te sê almal weer terug òf in die Laeveld òf in Portugese gebied."

Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog is hierdie her=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vestigingsplanne gestaak. Die Britse administrasie het na afloop van die oorlog egter voortgegaan met die hervestiging van die bewoners van die gebied tussen die Sabie- en Olifants=rivier, wat reeds gedurende 1898 deur die Transvaalse Volks=raad tot 'n wildreservaat verklaar is (Stevenson-Hamilton 1949:214). Hiervolgens is die Khozastam teen ongeveer 1903 verskuif na die onbewoonde Laeveldse plase benoorde die Sabie=rivier. Die kapteinskraal is opgerig op die huidige plaas Cunning Moor (KU 275) en die onderdane het gaan vestig op die omliggende plase Kildare (KU 277), Lillydale (KU 278), Justicia (KU 280), Huntingdon (KU 281), Croquet Lawn (KU 285) en Ireagh (KU 263).

In 1911, enkele jare na die vestiging van die stam in Trans=vaal, is Ndjondjela oorlede (UG 10-13, 1911). Jongilanga, sy opvolger, was slegs 5 jaar oud en gevolglik moes 'n regent aangewys word. Die familievergadering het besluit om Muchaka Khoza, 'n jonger broer van die voormalige kaptein Nyambende as regent aan te stel. In 1919 is hy ook van owerheidsweë as 'n hoofman kragtens artikel 4 van wet 4 van 1885 oor die Khozastam wat op kroongrond en privaatplase woonagtig was, aangestel.

Muchaka Khoza het die stam regeer tot 1933. Gedurende daardie jaar het hy die stamraad versoek om hom vanweë sy hoë ouderdom en toenemende onvermoë om sy pligte na te kom, van sy taak as regent te onthef. Aangesien Jongilanga die regmatige opvolger, ongeveer 27 jaar oud was, het die stamraad besluit om aan die versoek van Muchaka gehoor te gee. Jongilanga is gedurende 1934 as kaptein aangestel. Die jong avontuurlustige kaptein het hom egter gedurende die Tweede Wêreldoorlog vir militêre diens aangemeld en het eers gedurende 1944 met die rang van sersant in die "Native Military Corps" na die stamgebied te=ruggekeer. In sy afwesigheid het John Khoza, 'n seun van die voormalige regent Muchaka Khoza, as regent opgetree. In 1945 is Jongilanga Khoza van owerheidsweë as 'n kaptein erken en aangestel oor sy onderdane op die trustplase Croquet Lawn (KU

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



285), Cunning Moor (KU 275), Ireagh (KU 263), Kildare (KU 277), Justicia (KU 280) en Huntingdon (KU 281). Dié kap= teinskraal is ook gedurende 1945 vanaf Cunning Moor na Kildare verskuif waar dit tans nog geleë is.

Ooreenkomstig GK 447 van 23 Maart 1962 is daar vir hierdie stam 'n stamowerheid gestig wat bekend sou staan as die Jongilangastamowerheid. Die stamowerheidsgebied is ook om= skryf en het al die bogenoemde plase ingesluit. Nadat die plase Lillydale (KU 287), Somerset (KU 282) en Alicecot (KU 262) deur die SABT aangekoop is, is die gebiede gedurende 1967 tot die gebied van die Jongilangastamowerheid toegevoeg.

Jongilanga Khoza is aan die begin van 1976 oorlede en is op= gevolg deur sy oudste seun Ndjondjela James Khoza. James regeer tans nog hierdie stam.

D. Gevolgtrekking

Uit die voorgaande uiteensetting blyk dit duidelik dat 'n mens in die Mhaladistrik met ten minste twee onderskeibare etniese verbande te make het. Daar is naamlik eerstens sprake van mense wat na hulself as Changana verwys. Hierbe= newens is daar egter andere wat nie bereid is om hierdie be= naming vir hulself te aanvaar nie.

Die geskiedenis van die Changana kan herlei word na ongeveer 1820 toe Sochangana met sy Ndwandwevolgelinge vanuit Natal in Portugees-Oos-Afrika ingetrek het. Sochangana en sy volge= linge het ooreenkomstig die Shakapatroon die Tsonga-inwoners van laasgenoemde gebied aan hulle gesag onderwerp en hulle kultuur vir sowat vyf-en-sewentig jaar met geweld op hierdie mense afgedwing. Omdat 'n baie groot getal Tsongavroue in hierdie tydperk in die Changanageledere opgeneem is, het laas= genoemde tot 'n groot mate die Tsongataal en -gewoontes aange= leer. Hierdie proses van kultuurverandering was egter nie volledig nie want die Changana dring nog steeds daarop aan dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


hulle eintlik Zulu is en gebruik die Zulutaal nog steeds in hulle howe. 'n Mens moet dus besef dat daar in werklikheid nie alleen 'n proses van gedwonge akkulturasie van die Tsonga plaasgevind het nie maar ook 'n proses van transkulturasie by die Ndwandwe van Sochangana. Van Warmelo (1935:91) beweer dan ook tereg dat: "The MatShangana, though supposed to be of Nguni extraction ... represent the fourth or fifth generation that has been living amongst the Tonga. Their Nguni language and culture have survived in the midst of an alien environ= ment only at the price of considerable modification."

Die Nkunastam wat vandag in die Mhaladistrik woonagtig is, was een van die stamgroepe wat in die tydperk van Sochangana se gesagsuitbreiding, binne die Changanageledere opgeneem is en wat met verloop van tyd nie alleen kultureel nader aan die Changana getrek is nie maar ook gaandeweg na hulleself as Machangana begin verwys het. Indien die bewering aanvaar word dat die Nkuna self van Ndwandweherkoms is, kan aan= vaar word dat hierdie akkulturasieproses betreklik maklik geskied het.

Omdat die Nkuna reeds vir 'n tydperk van ongeveer sestig jaar (1838-1898) onlosmaaklik deel van die Changana was en sedert 1900 die Changana as bure gehad het, kan 'n mens hulle vir die doeleindes van die optekening van die inheemse reg inder= daad saam met die Changana groepeer.

In teenstelling met die Nkuna is die Nhlanganustamme van die Mhaladistrik nie bereid om as Changana bestempel te word nie. Hierdie houding hou eerstens verband met die feit dat hulle nooit onder die gesag van Sochangana geressorteer het nie en tweedens omdat hulle woongebied sedert 1820 steeds buite die invloedsfeer van die Machangana geleë was. Hulle kan dus met reg beweer dat hulle inderdaad Nhlanganu en nie Machangana is nie en word daarom as 'n tweede afsonderlike etniese ver= band naas die Changana binne die Mhaladistrik beskou. Van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Warmelo (1935:91) beweer egter dat die verskille tussen hierdie twee groepe nie opvallend is nie en dat "in appearance, dress and custom there is little that they have not in common." Aangesien hierdie bewering na 'n teenstrydigheid lyk, is dit as noodsaaklik beskou om vanuit die regstelsel vas te stel tot welke mate die Nhlanganu die Changanakultuur oorgeneem het en vice versa.

Die geskiedenis en etniese skakeling van die vier stamme van Mhala, is vir die doeleindes van die bestudering van hulle regstelsels van besondere betekenis. Dit is naamlik duidelik dat 'n mens deur die geskiedenis van die Changana daartoe gelei word om te aanvaar dat hul kultuur, en gevolglik ook hul regstelsel, 'n vermenging van Zulu- (Ndwandwe-) en Tsonga-elemente sal vertoon. Die Mnisi- en Khozastamme daarenteen, behoort 'n betreklik suiwer Tsongapatroon te vertoon hoewel daar tog 'n mate van Zulu-invloed veronderstel kan word. Hoewel die Nkunastam as gevolg van hul aanvaarding van Changanastatus, Zulu- sowel as Tsongakenmerke behoort te vertoon, kan daar in hulle geval ook aanvaar word dat die invloed van die Sotho, onder wie se gesag hulle lank geressorteer het, ook in hul regstelsel gereflekteer sal word.

Alles in ag genome kan 'n mens nie anders nie as om weer eens bedenkinge uit te spreek teenoor die benaming Changana-Tsonga vir die bevolking van die Mhaladistrik. Uit die geskiedkundige oorsig blyk dit duidelik dat die benaming Changana gebruik kan word met verwysing na die Ndwandwevolgelinge van Sochangana sowel as al die Tsongagroepe wat deur hom oorwin is en by Changanageledere ingelyf is. Die ander stamme in die Mhaladistrik (Mnisi en Khoza) is egter inderdaad Tsonga en kan gelyk gegee word wanneer hulle daarop aandring om as sodanig bekend te staan.

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## DIE GESAGSTRUKTUUR BY DIE STAMME VAN MHALA

### A. INLEIDING

Dit is uit die bestaande literatuur bewysbaar dat daar tra= disioneel binne alle Suidoos-Bantoestamme 'n uitgebreide en doeltreffende gesagstruktuur bestaan het. Soos op alle ander lewensterreine, het die verskillende gesagsfigure ook op die regterlike terrein die leiding geneem. Nie alleen vertoon die hiërargie van howe binne die stam 'n noue samehang met die gesagshiërargie nie maar die beoefening van die regspraak was inderdaad die taak van die gesagsdraers binne die stam en een van die wyses waarop die politieke gesag sy plig om orde te bewaar, vervul het. In 'n vroeëre studie wat onder die Nxumalostam van Mhala gedoen is (vgl. Hartman 1972) was dit ook duidelik dat die funksionering van die howe nie begryp kan word sonder diepgaande kennis van die gesagstruktuur nie. 'n Deeglike begrip van ook die ander stamme van Mhala is daarom as noodsaaklik beskou ten einde die funksionering van die hofstelsel te begryp. Daar sal gevolglik in hierdie hoofstuk 'n uiteensetting gegee word van die gesagstruktuur, dog slegs vir soverre dit noodsaaklik is om die judisiële stelsel te verstaan, en in die daaropvolgende hoofstuk aan die stelsel van howe en hulle funksionering.

Sedert die vestiging van die Owerhedestelsel in die Swart state (1951) is die funksies van die voormalige tradisionele gesagsfigure op die verskillende lewensterreine in toenemende mate deur amptenare van streeks- en gebiedsowerhede oorgeneem. Tot dusver is die voortbestaan van die kapteinskapstelsel tot 'n groot mate geborg deur die bepalings van die Swart Admini= strasiewet (Nr. 38 van 1927) en die Wet op Swart Owerhede (Nr.68 van 1951). Dit is egter nie die geval met die mindere gesagsfigure (wykshoofde, stamamptenare,ens.) in die stam nie. Dit is gevolglik nie onredelik nie om te verwag dat veral laasgenoemde gesagsfigure hulle gesag sou inboet en selfs as instansies heeltemal sou verdwyn. Dit is egter nie die geval

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. In resente ondersoeke van die politieke en judisiële stelsel van verskillende Suidoos-Bantoestamme (vgl. De Clercq 1969; Kriel 1976; Hartman 1972; Coertze 1971; Jacobs 1974 e.a.) is dit naamlik duidelik dat nie alleen die kap=tein nie maar veral die mindere gesagsfigure, ondanks die verlies van baie van hul funksies en die nie-erkenning van hulle bestaan van owerheidsweë, tans steeds nog bestaan en funksioneer. Dit is ook in die geval van die stamme van die Mhaladistrik bewysbaar.

Uit die voorafgaande volg dit logies dat dit belangrik is om te probeer bepaal om welke rede die tradisionele gesagstruk=tuur tog nog bestaan en funksioneer, met ander woorde wat die steunpunt is van die gesag van die politieke gesagsfigure.

Om hierdie vraag te beantwoord moet daarop gelet word dat daar oor die afgelope aantal jare bykans geen afname was in die uitoefening van die regterlike gesag deur hierdie gesags=figure nie. Vir die gewone stamlid is die politieke gesags=figure nog steeds die mense na wie hulle, hulle vanuit die erkenning van senioriteit wend vir die beregting van geskille. Anders gestel beteken dit dat die uitoefening van hierdie regterlike funksies tot in die huidige tyd een van die be=langrikste bewyse verskaf dat die politieke gesagsfigure deur hulle onderdane erken word. Die feit wat uit die voor=gaande bespreking duidelik geïllustreer word, is dat stamlede die politieke gesagstruktuur bly erken omdat dit vir hulle in die daaglikse lewe groot waarde het.

By al vier die stamme van Mhala kan die gesagstruktuur ver=deel word in 'n sentrale gesagsinstansie naamlik die kaptein-in-rade wat as hoogste politieke gesag oor die stam (<u>tiko</u>) wat 'n bepaalde gebied bewoon, regeer en in verskeie onder=geskikte plaaslike gesagsinstansies (wyke) onder die gesag van 'n wykshoof-in-rade.

Die funksionering van plaaslike gesagsinstansies naas die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

sentrale gesagsinstansie,moet toegeskryf word aan die desen=tralisasie van gesag waarvolgens die stamgebied in verskil=lende administratiewe eenhede (wyke) verdeel is. Hierdie eenhede is by die Changana-Tsonga van Mhala net soos by sommige ander Suidoos-Bantoevolke as suiwer geo-politieke eenhede aanduibaar. Die stamwyke het in feitlik elke geval by al vier die stamme tot stand gekom as 'n bewustelike geo=grafiese ordening van onderdane. Dit is versterk deur die herstrukturering van wyke volgens plaasgrense en sedert 1942 verder beklemtoon deurdat wykshoofde deur die volwasse man=like inwoners van 'n wyk verkies is. Waar in ander gevalle (vgl. Kriel 1976 en Strauss 1973) die wyk ook vanuit die sosiale struktuur as 'n eenheid beskou kan word, kan dit nie so geredelik by die stamme van Mhala gedoen word nie want die duur van die inwoning aldaar was te kort om so 'n alter=natiewe binding tussen wykslede te laat ontstaan. Wyke is dus werklik in hoofsaak polities-administratiewe eenhede waarin die gesag van die wykshoof op delegering van die stam=hoof berus.

Naas die polities-administratiewe eenhede (geo-politieke eenhede) funksioneer daar ook 'n reeks sosiale eenhede waar=in die gesagsposisie suiwer op senioriteitstatus binne die eenheid berus. Vanweë die gesagsfunksionering en die beheer wat uitgeoefen word ter ordening van hierdie eenhede (hoewel nie deur die sentrale stamgesag geborg nie), is hierdie een=hede onteenseglik geïntegreer met die gesagstruktuur van die stam. As sodanig kan hierdie eenhede as sosio-politiese een=hede beskou word.

Soos later sal blyk, moet daar onderskei word tussen politieke gesag en regterlike gesag soos by die kaptein-in-rade gesetel en die gesagsuitoefening by bogenoemde sosio-politiese eenhede. Eersgenoemde het die bevoegdheid om sy bevele deur geweld af te dwing terwyl die teregwysiginge binne sosio-politiese eenhede nie so afdwingbaar is nie. Die bereidwilligheid tot die erkenning van gesag deur onderdane berus by die sosio-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

politiese eenhede op die erkenning van sosiale senioriteit waarvolgens die teregwysiginge van persone van aansien aan=vaar en eerbiedig word.

As sosio-politiese eenhede kan onder andere die kraal- (muti), die groter gesinne- (ndyangu) en die linie-eenheid (Ch. = usende en Nhl. = nyimba) binne die stamgebiede aangedui word. Informante het beweer dat die sibbe-eenheid (xivongo mv. swivongo) in die verlede ook as 'n sosio-politiese eenheid gefunksioneer het. In meer resente tye kon veral nuwe sibbe-eenhede wat as afsonderlike linies met 'n eie naam van die moedersibbe afgesplinter het, moontlik so gefunksioneer het. Tans is dit egter vanweë die verspreidheid van sibbelede nie meer moontlik nie. Sibbelede woon nie alleen oor die stam=gebied verspreid nie maar woon ook buite die grense van die stamgebied. Gevolglik het die sibbe vandag slegs betekenis in die sosiale lewe en funksioneer dit nie meer as 'n sosio-politiese eenheid nie.

Die leierskap binne die onderskeie sosio-politiese eenhede word ooreenkomstig sosiale senioriteit bepaal. Elke afson=derlike eenheid het 'n hoof wat sy posisie aan die rangorde waarin hy gebore is, te danke het. Die hoof van die linie- en die groter gesinne-eenheid word normaalweg ook deur raad=gewende instansies in die uitvoering van hulle pligte byge=staan. Die bevoegdheid om beheer uit te oefen en die ver=antwoordelikheid vir die interne ordening van hierdie een=hede, berus dan by die onderskeie hoofde in samewerking met hul senior verwante as raadgewers.

## B. DIE STAMHOOF (HOSI)

### 1. Inleiding

Die vier stamme van Mhala funksioneer elkeen as 'n afsonder=like politieke eenheid binne 'n eie besondere gebied waar=binne elke stam (tiko) die gesagsinstansie wat oor hulle gevestig is, erken. Die hoogste politieke gesag oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


stam en die gebied wat deur hulle bewoon word, is net soos by alle Suidoos-Bantoestamme gesetel in die kaptein-in-rade. Die kwalifikasie "in-rade" impliseer dat die kaptein (hosi) ten spyte van sy erflike gesag slegs in oorleg met, en onder kontrole van die verskillende rade, elk met 'n bepaalde funksie, die stam kan regeer en dat die stamhoof nie oor dik= tatoriale bevoegdhede beskik nie. Vandaar ook die spreek= woord: "Hosi i hosi hi vanhu" wat beteken "die kaptein is kaptein deur sy mense".

Die regsgebied van elke stam soos dit van owerheidsweë om= skryf is, is reeds in hoofstuk II aangedui. Elke kaptein het tradisioneel gesag uitgeoefen oor sy onderdane wat binne 'n selferkende stamgebied woonagtig was. Met die koms van die Blanke na die Laeveld is daar plase afgebaken. Hierdie afbakening het nie rekening gehou met die grense van die bo= genoemde stamgebiede nie. Met verloop van tyd is hierdie plaasgrense deur stamlede gebruik om hul tuistes aan te dui. Plaasgrense het sodoende ook die aanduidingswyse geword waarmee vroeëre woongebiede aangedui is. Toe die Owerhede= stelsel na 1951 die afbakening en omskrywing van stamgebiede genoodsaak het, het blanke amptenare op hulle beurt slegs die plaasgrense gehad om hulle in die afbakening van stamge= biede te lei. Op hierdie wyse is mense wat vroeër tot ver= skillende stamme behoort het, maar toevallig op dieselfde plaas woonagtig was, soms verkeerdelik bymekaar gevoeg. Die gevolg hiervan was dat sommige stamowerheidsgebiede vandag 'n etnies heterogene bevolkingsamestelling vertoon en dat kapteins vandag gesag uitoefen oor groot getalle mense wat streng gesproke nie lede van hulle stamme is nie (vergelyk Tabel II). 'n Verdere uitvloeisel hiervan is dat die in= woners van die verskillende stamowerheidsgebiede die gesag van kapteins erken omdat hulle, hul in laasgenoemde se juris= diksiegebied bevind en dus eintlik ook geen ander keuse het as om regsaksies na sodanige kapteins te neem nie. Daar word hulle dan verhoor ooreenkomstig 'n ander regstelsel as hul eie (Sothosprekendes in 'n Changanastamgebied en omgekeerd).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By die afbakening van stamowerheidsgebiede het dit gebeur dat sommige trustplase nie aan enige stamgebied toegeken is nie. By die bewoners (Sotho, Changana en Nhlanganu) van hierdie plase (vergelyk byvoorbeeld Acornhoek, Orinoco, Andover en Leamington) bestaan daar dan onsekerheid oor hulle toekoms. Die gevolg hiervan is dat kapteins wat op hierdie plase aanspraak maak of onderdane daar het, elkeen plaaslike gesagvoerders (<u>tindhuna</u>) aanstel om hulle daar te verteen= woordig. In praktyk is dit tans dus so dat elk van die vier kapteins in Mhala gesag uitoefen oor mense wat buite hulle geproklameerde stamgebiede woonagtig is. Daar is dus 'n ver= skil tussen dit wat deur die mense self as deel van hulle stamgebied beskou word en dit wat statutêr as stamgebied aan hulle toegesê is.

Die probleem word nog verder gekompliseer deur die feit dat kapteins selfs gesag uitoefen oor mense wat op aangrensende plase van Blankes woonagtig is. Dit word nie voorsien dat sulke plase (vergelyk byvoorbeeld Dixie, Exeter en Walling= ford) ooit deel van Gazankulu of Lebowa sal word nie.

## 2. <u>Opvolging, opleiding en pligsvervulling</u>

Elke stam in die Mhaladistrik vorm 'n sosiale eenheid wat opgebou is uit verskillende sibbes (<u>swivongo</u>). Die mees senior sibbe binne die stam, vorm op grond van die erkenning van hulle sosiale senioriteit, die kerngroep binne stamgele= dere en is as sodanig verantwoordelik vir die interne orde= ning van die stam. Op grond van die senioriteitsbeginsel en ten gevolge van organiese groei, kan elke sibbe weer onder= verdeel word in verskeie patrilinies (Ch. = <u>masende</u>; Nhl. = <u>tinyimba</u>) wat in 'n hiërargiese orde tot mekaar gerangskik staan. Die mees senior linie binne die senior sibbe in die stamgebied verteenwoordig nie alleen die mees senior afkoms= groep binne die stam nie maar is inderdaad die linie-eenheid van die regerende verwantegroep. Hierdie eenheid voorsien nie alleen die stamhoof nie, maar die ander senior lede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan funksioneer indirek as regerende kerngroep. Die stamhoof is verteenwoordiger van hierdie linie en is vir sy optrede verantwoording verskuldig aan die senior lede van die linie. Hulle het 'n morele plig teenoor die stam om kontrole oor die optrede van die kaptein uit te oefen.

Ooreenkomstig die erf- en opvolgingsreg van hierdie stamme, is die stamhoof gewoonlik die mees senior manlike lid van hierdie linie. Sy posisie as sentrale gesagsfiguur in die stam berus op sy afkoms deur geboorte binne die regerende linie en word ooreenkomstig die heersende opvolgingsreëls binne elke stam (vergelyk Hoofstuk VI) na sy opvolger oorge= dra. Hiervolgens word die kaptein by sy afsterwe opgevolg deur die oudste seun (mudyandzhaka) van sy hoofvrou (nkosikazi). Informante beweer daarom "die kapteinskap (is) van geboorte - vuhosi byo velekiwa." Hierdie reël geld natuurlik net vir soverre die erfopvolger aan al die vereis= tes (fisies, psigies,ens.) wat vir die kapteinskap gestel word, voldoen. Indien hy nie aan die vereistes soos deur die opvolgingsreg bepaal word, voldoen nie, sal hy, ten spyte van sy hooggeborenheid, nie as kaptein aangewys en ingehuldig kan word nie. Opvolging geskied dus nie outomaties van die vader na die oudste seun van die hoofvrou nie. Die seniori= teitsbeginsel word inderdaad as 'n primêre vereiste gestel en is meestal deurslaggewend maar opvolging geskied slegs na deeglike oorweging en ruggespraak tussen die senior lede van die regerende afkomslyn wat die aanwysing van 'n opvolger doen.

Opvolging in die kapteinskap vereis in feitlik elke geval dat die opvolger uit 'n besondere vrou van die kaptein, naamlik die stammoeder of stamvrou, die nsati wa tiko, gebore word. Hierdie vrou is sy hoofvrou en staan as nkosikazi bekend. Vanweë die algemene neiging van die gewone stamlid om sy hoofvrou ook as nkosikazi aan te dui en die hoë agting jeens die stamvrou,verkies informante om na haar as ndlovukazi, (Tsonga: ndlopfu - olifant) te verwys en na al haar mindere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vroue in die meervoudsvorm, tindlovukazi.

Die hoofvrou van die kaptein word op 'n besondere wyse aan=gewys. Dit is die gebruik dat die kaptein 'n dogter van 'n naburige of bevriende stamhoof as hoofvrou sal neem maar dit is nie 'n absolute vereiste nie. As dit nie moontlik is nie, word daar gepoog om 'n vrou van senior afkoms binne die stam, as hoofvrou te neem. Net soos by die aanwysing van 'n nuwe kaptein berus die plig en die verantwoordelikheid om die stamvrou aan te wys by die senior lede van die kapteinslinie. Geen spesifieke vrou sal normaalweg aangewys word nie maar wel 'n spesifieke linie of kapteinshuis waaruit die kaptein sy hoofvrou behoort te neem. Die kaptein het gevolglik wel die geringe keuse om sy hoofvrou uit die hubare vroue in die aangewese verband te neem. Sý keuse is egter steeds aan die finale goedkeuring van die senior lede van die kapteinslinie onderhewig. Dit is ook die plig van die kapteinslinie om namens die stam die trougoedere te lewer. Anders as by som=mige Suidoos-Bantoestamme is die lede van die vier stamme van Mhala nie meer verplig om tot die lewering van trou=goedere vir die stamvrou by te dra nie.

Die status van die hoofvrou word in die openbaar aangekondig. Indien 'n kaptein sy hoofvrou neem nadat hy reeds as kaptein ingehuldig is, word hierdie verklaring tydens die huwelik=seremonie gedoen. Wanneer 'n kaptein egter reeds 'n vrou(e) getrou het voor sy aanstelling as kaptein, sal die kapteins=linie gewoonlik dié vrou wat getrou is met die beeste wat die kaptein van sy vader ontvang het, tot stamvrou verklaar. Haar status behoort dan gedurende die inhuldigingsplegtigheid van die nuwe kaptein aangekondig te word. Indien nie een van die vrou(e) van die nuwe kaptein aan die vereistes vir 'n stamvrou voldoen nie, sal die kapteinslinie die kaptein gelas om na sy inhuldiging 'n stamvrou te trou.

Normaalweg ontvang die opvolger in die kapteinskap geen for=mele opleiding in die stamadministrasie nie. Wanneer 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kapteinseun volwassenheid bereik, geniet hy, soos alle volwasse mans, die reg om hofsittings by te woon. Namate hy homself onderskei, sal sy vader hom stelselmatig in die stamadministrasie oplei en selfs versoek om die verskillende raadsittings by te woon. Dit spreek vanself dat die oplei= ding wat die opvolger so terloops ontvang, onvoldoende voor= bereiding vir die uitoefening van die verantwoordelikhede van die kapteinskap is. Die mudyandzhaka (erfopvolger) be= skik wel oor 'n basiese kennis van die algemene regsreëls, maar hy het nie die geleentheid om self uitspraak te gee en verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar voor hy as kaptein ingehuldig word nie. Vanweë die gevoel van onseker= heid wat elke jong kaptein aanvanklik ervaar, is hy baie sterk aangewese op die hulp en leiding van sy verskillende raadsinstansies. Veral die familieraad tree in die eerste aantal jare van sy regering prominent na vore en sal hom ge= durig van raad bedien. Dit word van die jong kaptein verwag dat hy hierdie raad sal aanvaar. Die eerste jare van sy regering dien dan as 'n harde opleidingskool vir elke jong kaptein.

In die huidige tyd, onder veranderde omstandighede, het dit noodsaaklik geword dat die opvolger in die kapteinskap 'n meer formele opleiding vir sy toekomstige plig ontvang. Ty= dens die duur van die ondersoek is twee nuwe kapteins in die Mhaladistrik ingehuldig, te wete kaptein Phillip Mnisi oor die Mnisistam en kaptein James Khoza oor die Khozastam. In albei gevalle het die familieraad van die regende linie dit noodsaaklik geag dat die opvolger, alvorens hy as kaptein ingehuldig kon word, vir enkele maande in die plaaslike magistraatskantoor moes gaan werk. Hier kon hy ondervinding opdoen van die funksionering van die Owerhedestelsel, sowel as 'n insig verkry in die interne administrasie en werksaam= hede van die plaaslike magistraatskantoor. Gedurende hierdie periode moes hulle ook die sittings van die stamowerheid sowel as die streeksowerheid bywoon.

Hierbenewens is aan kaptein Mnisi die vereiste gestel dat hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die verstryking van sy "diens" by die magistraatskantoor, vir ongeveer een maand hom daagliks by die stamkantoor moes aanmeld om insig te verkry in die interne stamadministrasie. Hy moes ook vir ten minste vier maande die hofsittings van die kapteinshof bywoon aangesien hy sedert sy kinderjare buite die stamgebied woonagtig was en moontlik nie oor vol= ledige kennis beskik het oor die prosedure- en regsreëls van die stam nie. Nadat hy die vereiste hofsittings bygewoon het, is daar aan hom die geleentheid gegee om vir drie op= eenvolgende hofsittings as voorsitter van die kapteinshof op te tree, ten einde self uitspraak in sake te kan gee. Ek het al drie hierdie hofsittings bygewoon. Dit was opvallend om te merk in watter mate die toekomstige kaptein deur sy <u>seniores</u> gelei en van advies bedien is tydens die verloop van elke hofsaak sowel as voor elke uitspraak wat hy moes gee. Hoewel die nodige ervaring nog by die jong kaptein ont= breek het, was sy raadsmanne na afloop van elke hofsitting tevrede met die verloop daarvan aangesien die toekomstige kaptein "bereid was om te leer en bewus was van sy eie te= kortkominge." In die geval van kaptein Khoza is daar nie 'n sodanige vereiste gestel nie aangesien hy sedert die berei= king van volwassenheid, gereeld die hofsittings van die kap= teinshof bygewoon en aktief daaraan deelgeneem het.

Geen kaptein mag regeer alvorens hy as sodanig ingehuldig is nie. By al vier die stamme van Mhala ontvang 'n kaptein sy reg om te regeer tydens 'n amptelike inhuldigingseremonie. Hierdie seremonie word deur die familie- en stamraad gereël en alle stamlede word daarheen uitgenooi. Vir die inhuldig= ing van bogenoemde twee kapteins is stamlede ook versoek om 'n geldelike bydrae te lewer ten einde voldoende voedsel en drank vir al die gaste te kon voorsien.

Tradisioneel word die inhuldiging van 'n nuwe kaptein en die oorhandiging van die gesagsimbole deur 'n naburige kaptein of 'n senior lid van die regerende linie waargeneem. In die huidige tyd word die kaptein amptelik aangestel en ingehul=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dig deur die Hoofminister van Gazankulu. Die aanstelling geskied kragtens die bepalings van paragraaf 27 van bylae I van die Grondwet van die Swart State, nr. 21 van 1971. Tydens dieselfde geleentheid word daar ook 'n sertifikaat van regsmag deur die minister van Justisie van Gazankulu aan die kaptein oorhandig. Hierdie regsmag word aan hom ver= leen ooreenkomstig die bepalings van artikel 21 en item 12 van die skedule tot die Grondwet van die Swart State nr. 21 van 1971 en artikels 21(1)(a) en 20(1)(a) van die Swart Administrasiewet, Nr. 38 van 1927.

As hoogste politieke gesagsfiguur in die stam het die kaptein 'n wye reeks verpligtinge wat hy binne die stamverband moet nakom (vgl. Hartman 1972:163 e.v.). Die behoud van sy posi= sie is afhanklik van die wyse waarop hy hierdie verpligtinge nakom. Hierdie verpligtinge was oorspronklik op die sosiale, ekonomiese, politieke, godsdienstige, militêre en regsterrein geleë. Vanweë veranderde omstandighede het sy verpligtinge op godsdienstige, ekonomiese en militêre terrein in 'n hoë mate verdwyn, terwyl die verpligtinge op politieke en reg= terlike gebied nie onaangetas bly voortbestaan het nie.

Die kaptein is en bly egter nog aan sy eie liniegenote ver= antwoordelik vir die beheer en administrasie van die stam. Sou hy nie na wense regeer nie, hom misdra of hom aan 'n oortreding skuldig maak, sal die familieraad hom berispe. Hulle kan hom selfs van sy amp onthef indien hy nie sy ver= pligtinge nakom nie of herhaaldelik sy eie posisie en dié van dië familieraad in die verleentheid stel (vergelyk by= voorbeeld Hoofstuk II: Die ontheffing van kaptein Jotham Mnisi in 1962). Indien 'n kaptein hom aan ernstige wangedrag skuldig maak en hom verset teen die vermaninge van die fami= lieraad, het dit al gebeur dat hy skielik sterf (vergelyk by= voorbeeld Hoofstuk II: Die optrede teen kaptein Bantomu in 1916). Informante beweer egter dat sodanige optrede teen die kaptein slegs sal geskied in gevalle van absolute wreedheid en 'n outokratiese optrede. In die huidige tyd sal hulle 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kaptein liefs langs statutêre weg van sy amp laat onthef (vergelyk die bepalings van artikel 2(7) van die Swart Ad= ministrasiewet Nr. 38 van 1927.

### 3. Raadgewende instansies

Soos vroeër verduidelik is, is die hoogste politieke gesag oor die stam en die gebied wat deur hulle bewoon word, ge= setel in die kaptein-in-rade. Vir die uitvoering van sy pligte is die kaptein aangewese op die advies en wense van verskillende raadgewende instansies. Daar rus 'n verplig= ting op die kaptein om sy verskillende adviseurs in alle stamsake te raadpleeg - die stam verwag dit van hom en ver= wag van die regerende familie om toe te sien dat die kaptein die verpligting nakom. Die hulp en advies van hierdie in= stansies verlig die taak van die kaptein en is veral in kritieke situasies vir hom onontbeerlik. Hierdie instansies verleen nie alleen hulp en advies aan die kaptein nie maar kan selfs die optrede van die kaptein kritiseer. Die kaptein is direk gemoeid met die samestelling van hierdie rade maar is nogtans tradisioneel verbind om sekere lede, ten spyte van sy persoonlike opinie, aan te wys of op besondere rade te koöpteer. Die onderskeie raadgewende instansies is die privaatraad, die linie- en familieraad, die stamraad en die "hofraad" van die kaptein.

Die privaatraad staan by die Changanastamme bekend as mutsundzuxi wa hosi, dit wil sê die adviseurs van die kaptein, en by die Nhlanganustamme as vapfuni va hosi - "die helpers van die kaptein." Soos die benaming tereg aandui, help en adviseer hierdie lede die kaptein in die uitvoering van sy pligte. Dit is 'n private en informele adviesliggaam wat alle belangrike sake wat voor die stamraad gelê moet word vooraf bespreek en die kaptein daarin van advies bedien.

Aangesien die privaatraad van die kaptein nie 'n formele lig= gaam is nie, het dit ook nie 'n formele samestelling nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die ledetal wissel ooreenkomstig die wense van die kaptein, en word bepaal deur die aard van die advies wat hy benodig. Die belangrikste vaste lede van hierdie raad is normaalweg die kaptein se vadersbroers, sy eie broers sowel as vertroue=linge van die kaptein wat op grond van hulle kundigheid in stamsake, sitting op hierdie raad verkry. Die raad vergader altyd in die geheim en die lede word deur die kaptein na die vergaderinge genooi. Hoewel dié raad as sodanig die advi=serende instansie is, kan die kaptein afsonderlik en privaat met individuele lede daarvan samesprekings voer en by hulle vertroulik advies inwin. Sy eie moeder en sy vader se oud=ste suster (hahani) word op hierdie wyse gereeld deur die kaptein om advies geraadpleeg. Dit is dus nie nodig dat die raad as geheel gereeld formeel vergader nie. Sodanige formele vergaderings geskied gewoonlik kort voor 'n belangrike ver=dering van die stamraad.

Die samestelling van die linieraad van die kaptein (Ch.: bandla ra usende en Nhl.: huvo ya nyimba) is beperk tot die volwasse lede van die regerende linie. Aangesien hierdie raad hoofsaaklik op die politieke terrein funksioneer en vrouens hier nie openlik optree nie, gebeur dit in praktyk dat slegs die volwasse manlike patriliniêre verwante sitting neem op hierdie raad. Hoewel alle volwasse mans van die regerende linie die verrigtinge van die raad mag bywoon, be=wys die praktyk dat slegs die senior verwante van die stam=hoof, gewoonlik die kaptein se vadersbroers, hulle seuns en die broers van die kaptein, gereeld die raadsittings bywoon. In die alledaagse lewe funksioneer die linieraad ter ordening en reëling van alle aangeleenthede wat gewone linieverwante raak. Eers wanneer dit gaan om sake wat die kaptein en sy regering raak, het die raad 'n politieke funksie.

As die mees senior verteenwoordiger van die eenheid is die kaptein vir enige optrede, persoonlik of polities, verant=woording aan die linieraad verskuldig. Die raad moet waak oor die optrede van die kaptein en hom, waar nodig, van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


advies bedien, kritiseer, of hom selfs bestraf. Hierdie raad is ook direk gemoeid met die persoonlike lewe van die kaptein. Alle huwelike wat deur die kaptein aangegaan word, word hier bespreek en moet die goedkeuring van die raad weg=dra. Hulle behandel in die finale instansie ook die klagtes wat die kinders van die kaptein teen hul vader mag inbring sowel as klagtes van linielede teen die kaptein.

Die kaptein moet in alle belangrike stamsake die advies van dié raad inwin en hul goedkeuring verkry nadat die aange=leentheid reeds deur hom en sy privaatraad bespreek is, en voor dit vir die finale goedkeuring aan die stamraad voorge=lê word.

Teoreties behoort hierdie raad gereeld te vergader maar van=weë die verspreidheid van sy lede oor die stamgebied en daar=buite, vergader die volle raad in die huidige tyd slegs in uitsonderlike gevalle soos byvoorbeeld by die aanstelling of afsetting van die kaptein. In die normale praktyk word die funksionering van hierdie raad deur die familieraad van die kaptein uitgeoefen.

Die familieraad staan by die Changanastamme bekend as die bandla ra vana va hosi (letterlik: die raad van die kinders van die kaptein) en by die Nhlanganustamme as huvo ya ndyangu (die raad van die familie) ook genoem yindlu ya vuhosi: ("die huis van die kapteinskap").

Die familieraad is hoofsaaklik saamgestel uit verwante van die kaptein en is as sodanig 'n ontwikkeling uit die linie=raad. Dit is 'n permanente instelling waarin die kaptein outomaties senior lidmaatskap verkry, nadat hy ingehuldig is. Die familieraad is in teenstelling met die linieraad 'n ge=slote raad. Lidmaatskap berus enersyds op senioriteit en andersyds op bekwaamheid en is uitsluitlik beperk tot mans. Gewoonlik is die kaptein se vadersbroers en sy eie jonger broers, lede van die raad. Wanneer belangrike stamsake be=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



spreek word, kan kundige nie-verwante genooi word om die familieraad te adviseer. Die familieraad vergader weekliks, gewoonlik oor die naweek, by die kraal van die kaptein.

Die familieraad kan in die huidige tyd beskou word as die regerende eenheid agter die skerms. Die kaptein as senior verteenwoordiger van hierdie eenheid, plaas die familieraad onder die verpligting om, indien hy (kaptein) nie oor al die nodige kwaliteite beskik nie, sy posisie te verstewig en soos informante dit uitdruk "hom sterk te maak."

In die verbygaan is reeds telkens gewys op die goedkeuring wat die familieraad in alle sake wat die kapteinskap raak, behoort te gee. Afgesien van diê verpligting kan hierdie raad vandag as die beleidmakende instansie beskou word. In die huidige tyd wek dit die indruk van 'n koukusvergadering en funksioneer in alle sake wat die politieke en judisiële organisasie van die stam raak. Die finale goedkeuring in alle belangrike beslissings berus egter by die stamraad en daarom kan die familieraad nie despoties regeer nie.

Die <u>stamraad</u> staan by die Changana bekend as <u>bandla ra hosi</u> en by die Nhlanganu as <u>huvo ya hosi</u>. Dit is 'n geslote raad met 'n formele samestelling. As verteenwoordigers van gedeeltes van die stam het die onderskeie wykshoofde outomaties sitting op hierdie raad. Op dieselfde wyse word alle lede van die familieraad as die verteenwoordigers van die senior linie binne die stam, lede van die raad. Die kaptein kan met goedkeuring van die raad, addisionele lede koöpteer. Sodanige persone word op grond van hulle kennis oor stamsake aangestel, en is gewoonlik private raadsmanne van die vorige of huidige kaptein.

Soos vermeld is, moet alle belangrike stamsake aan die stamraad voorgelê word. Oor meeste van hierdie sake het die familieraad reeds standpunt ingeneem. By die bespreking daarvan in die stamraad, is dit die taak van hierdie lede, om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

res van die raad tot hul sienswyse oor te haal. Die stamraad bespreek egter nie net sake wat deur die lede van die fami= lieraad geopper word nie. Enige raadslid kan voor die aan= vang van die raadsitting 'n voorstel, beswaar of probleem rakende die stamadministrasie by die voorsitter van die raad vir bespreking indien. Op hierdie wyse dien verskillende sake voor dié raad. Die belangrikste handel oor die optrede van die kaptein, nuwe wette, belastingheffing, ontevreden= heid oor die optrede van die blanke amptenary, die bevestig= ing van 'n nuwe kaptein of wykshoof, die beoefening van die regspraak, ensovoorts. Die raad vergader gewoonlik een keer per maand by die stamkantoor.

Die tradisionele stamraad is sedert 1963 met die instelling van die onderskeie owerhede in die Mhaladistrik, vervang deur die stamowerheid. Hierdie owerheid staan bekend as Mfumo wa Xivongo (letterlik : die regering van die stam). Die same= stelling van hierdie owerhede verskil by die verskillende stamme. So byvoorbeeld bestaan die Mnisistamowerheid uit 31 lede benewens die kaptein, die Jongilangastamowerheid uit 20 lede, die Changanastamowerheid uit 27 lede en die Hoxanastam= owerheid uit 15 lede. Met uitsondering van die Mnisistamower= heid is bykans al die lede van die voormalige stamraad ook lede van die onderskeie stamowerhede.

Die hofraad van die kaptein dra dieselfde benaming as die voormalige stamraad, dit wil sê bandla ra hosi by die Changana- en huvo ya hosi by die Nhlanganustamme.

Hoewel die benaming van die hofraad ooreenstem met dié van die stamraad, het hy nie dieselfde samestelling nie. Alle lede van die stamraad is teoreties ook lede van die hofraad maar hulle word nie verplig om elke sitting van die hof by te woon nie. Die hofraad het gevolglik nie 'n vaste stamestelling nie. Die kaptein is die voorsitter van die hofraad. Sy teenwoordig= heid is noodsaaklik. Naas die kaptein, bestaan die hofraad uit verteenwoordigers van die familieraad wat saam met die kap= tein verantwoordelik is vir die nakoming van sy judisiële verplig=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


tinge. Hierbenewens is alle wykshoofde ex officio lede van die raad. Hulle teenwoordigheid is egter nie 'n streng vereiste nie. Daar word egter van 'n wykshoof uit wie se wyk 'n saak afkomstig is, verwag om teenwoordig te wees. Alle volwasse lede van die stam is teoreties lede van die hof. Gewoonlik is dit slegs die belangrike persone en mans in die onmiddellike omgewing van die kapteinskraal wat teenwoordig is. In hulle geledere is daar 'n aantal ou manne, bekend as swikulu swa bandla (kundiges van die hof). Hierdie persone is ook bekend as die madoda ya bandla by die Changana- en vanuna va huvo, by die Nhlanganustamme. Hulle is op grond van hulle waardigheid en kundigheid van die stamreg, die kaptein se adviseurs.

Die kapteinshof is die belangrikste openbare hof in die stam en was oorspronklik die hoogste appèlhof in die stam. Die kaptein is die voorsittende beampte van die hof en beskik uit hoofde van sy kapteinskap oor die bevoegdheid om uitsprake volgens die bevinding van die hofraad te lewer. Hoewel dië hof bekend is as die kapteinshof moet mens onthou dat die hof eintlik die stamhof is. In die huidige tyd is dit ook die enigste hof binne die stam wat van owerheidsweë erken word en wat oor siviele sowel as kriminele regsbevoegdheid beskik (vergelyk hoofstuk IV).

## 4. Die Regent (mukhomeri)

Volwassenheid is die primêre vereiste vir aanstelling in die kapteinskap. Wanneer 'n kaptein sterf en sy opvolger is nog onvolwasse, moet daar 'n regent aangestel word. 'n Regent is by al die stamme van Mhala bekend as mukhomeri wa hosi (plaasvervanger van die kaptein) en word op bykans dieselfde wyse as 'n kaptein aangestel en ingehuldig.

'n Mens moet egter onderskei tussen 'n "volwaardige regent" en 'n "tussentydse regent". Laasgenoemde is iemand wat tydelik (byvoorbeeld gedurende die rouperiode) vir 'n gestorwe kaptein

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarneem totdat die wettige opvolger of volwaardige regent formeel as kaptein (of regent) ingehuldig kan word. Normaal= weg word 'n jonger broer van die gestorwe kaptein, of 'n ander senior persoon uit die familieraad, as tussentydse regent vir die interim-periode aangestel. Hy word nie for= meel ingehuldig nie en ageer slegs namens die familieraad totdat die nuwe kaptein amptelik ingehuldig is. Sy belang= rikste taak is om as voorsittende beampte van die kapteins= hof op te tree en die administrasie van die stam te behartig.

Aangesien so 'n regent nie altyd oor al die nodige kennis beskik om hierdie pligte sonder hulp uit te oefen nie, word hy gewoonlik bygestaan deur die lede van die familieraad. Hulle hulp is veral belangrik tydens hofsittings of wanneer belangrike besluite geneem moet word. Volgens informante kan 'n "tussentydse regent" nie alleen as voorsittende beampte van die kapteinshof optree nie. Hy word gewoonlik ook hier bygestaan deur lede van die familieraad, wat as mederegters optree. Tydens die ondersoek is Petrus Nxumalo by die Nxumalostam as 'n "tussentydse regent" aangestel. Die fa= milieraad het twee mederegters (assessore) aangestel om hom in die hof behulpsaam te wees. Tydens elke hofsitting het hulle saam met die "tussentydse regent" op die regbank sit= ting geneem en saam met hom die sake bereg. Nadat hulle tot 'n beslissing gekom het, het die "tussentydse regent" die uitspraak gelewer.

Indien die familieraad nie dadelik daarin slaag om 'n kaptein of 'n regent na afloop van die rouperiode aan te wys nie, byvoorbeeld as gevolg van 'n opvolgingstwis, gaan die dienste van die "tussentydse regent" voort totdat 'n opvolger in die kapteinskap aangestel kan word. So 'n situasie het ontstaan by die Nxumalostam. Petrus Nxumalo het die stam vir 'n periode van ongeveer vier jaar as 'n "tussentydse regent" regeer alvorens die familieraad in staat was om 'n regent vir die minderjarige seun van die oorlede kaptein aan te stel.

'n "Tussentydse regent" word ook aangestel wanneer 'n kaptein

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tydelik uit die stamgebied afwesig is of wanneer hy lang=durig siek is en nie in staat is om sy pligte na te kom nie. So 'n persoon sal deur die kaptein in oorleg met die familieraad, aangewys word om tydelik in die plek van die kaptein op te tree. Die ampstermyn van so 'n "tussentydse regent" kan selfs etlike jare duur. Tydens die ondersoek het dit geblyk dat kaptein Jongilanga Khoza as gevolg van siekte reeds vir meer as vyf jaar vir Abel Khoza as 'n "tussentydse regent" gebruik het om sy administratiewe en judisiële pligte na te kom. Hierdie aanstelling is gemaak ten spyte van die feit dat die kaptein se oudste seun reeds meerderjarig was en bevoeg was om in die kapteinskap op te volg. Die "tussentydse regent" het die stam tot die afster=we van kaptein Jongilanga regeer. Hy is deur die familie=raad aangewys om ook gedurende die rouperiode as "tussen=tydse regent" te regeer. Na afloop van die rouperiode is die oudste seun van die oorlede kaptein as volwaardige kap=tein ingehuldig. (By die ander stamme van Mhala word die reël gevolg dat wanneer 'n kaptein na sy eie oordeel dit moeilik vind om sy pligte na te kom, hy kan terugtree en sy regmatige opvolger in sy plek as kaptein kan laat aanstel. Sodanige aanstelling geskied egter slegs op versoek van die kaptein, en ook net nadat hy hom bereid verklaar het om te abdikeer - vergelyk hoofstuk II: Die aanstelling van kap=tein Jotham Mnisi oor die Mnisistam in die plek van sy vader).

Hierteenoor word 'n "volwaardige regent" aangestel wanneer 'n kaptein sonder 'n volwasse en wettige opvolger te sterwe kom. Wanneer die rouperiode vir die voormalige kaptein dan ten einde loop, vergader die familieraad onder voorsitterskap van die "tussentydse regent" om 'n volwaardige regent vir die minderjarige, wettige opvolger aan te wys. Hulle sal dan ooreenkomstig die senioriteitsbeginsel en heersende opvolgings=reëls 'n mukhomeri wa hosi aanwys. Ooreenkomstig hierdie reëls sal die jonger broer van die oorlede kaptein gewoonlik aangewys word (vergelyk hoofstuk II: Die aanwysing van Willy Mnisi as regent). Indien hy nog minderjarig is of wanneer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die kaptein geen broers het nie, sal die oudste lewende broer van die vader van die oorlede kaptein gewoonlik aan= gewys word (vergelyk hoofstuk II: Die aanwysing van Mpisane as regent). Wanneer geeneen van hierdie verwante meer leef nie, sal die regentskap normaalweg oorgaan op die oudste seun van die jonger broer van die oorlede kaptein (vergelyk hoofstuk II: Die aanwysing van Khetho Nxumalo as regent). 'n Vrou kan nie as 'n regent aangewys word nie.

'n Regent word op bykans dieselfde wyse as 'n kaptein aan= gestel en ingehuldig. Die voorregte, verpligtinge en be= voegdhede van 'n regent is ook dieselfde as dié van 'n kap= tein. Daar word egter geen stamvrou vir 'n regent getrou nie en sy erfopvolger het ook geen aanspraak op die kaptein= skap of regentskap nie.

## 5. Stamamptenare

Die pligsvervulling van die kaptein soos hierbo uiteengesit, plaas nie net 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die kaptein nie maar het tot gevolg dat geen kaptein hierdie verpligtinge na behore kan nakom indien hy nie daar= in bygestaan word nie. Ten einde die sentrale stamadmini= strasie te bestendig en 'n gereelde "diens" aan die stam te verseker, word gewoonlik 'n hele aantal amptenare aangestel om sekere pligte wat eintlik by die kaptein tuishoort, te behartig. Die aanstelling van sodanige amptenare verseker ook die kontinuering van die sentrale stamadministrasie ty= dens die afwesigheid en/of oorlye van die kaptein.

Die belangrikste stamamptenaar binne die sentrale stamad= ministrasie was tot onlangs nog die ndhunankulu - die hoof- of groot-ndhuna. Hy word deur informante as die "hoofminis= ter" van die stam aangedui en volgens hulle is hy "die oog, die oor en die mond van die kaptein", dit wil sê hy sien vir die kaptein, praat namens die kaptein en hoor vir die kap= tein. Die ndhunankulu was nie net 'n tussenganger na die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kaptein nie. Hy het ook spesifieke pligte gehad. As hoof-*ndhuna* moes hy toesien dat die onderskeie *tindhuna* die be=lasting in hul wyke invorder, omsien na die algemene welsyn van die stam en in sekere gevalle selfs die regspraak be=oefen. Hy was ook die tussenganger tussen die *tindhuna* en die kaptein. Alle klagtes teen die optrede van die kaptein is ook deur hom ontvang en by die familieraad aanhangig ge=maak. Die *ndhunankulu* was ook die voorsittende beampte van die stamraad (*bandla ra hosi*).

By die beoefening van die regspraak het die *ndhunankulu* be=perkte bevoegdheid gehad. Dit het slegs gedien ter verlig=ting van die verpligtinge van die kaptein. Saam met die ander *tindhuna* het hy alle sake ontvang wat na die kapteins=hof kom. Geringe sake wat onnodige tyd van die kaptein en sy hof sal verkwis, is deur hom en sy helpers vooraf verhoor en afgehandel. Indien die klaer of eiser daarop aandring dat die saak deur die kapteinshof verhoor moet word, is die saak egter op die "rol" geplaas en deur die kaptein en sy hofraad verhoor.

In die huidige tyd is sommige van die funksies van die *ndhunankulu* gedeeltelik deur die voorsitter van die stam=owerheid en gedeeltelik deur die stamsekretaris oorgeneem. Die verkose voorsitter van die stamowerheid hoef egter nie noodwendig uit die geledere van die *tindhuna* verkies te word nie. Normaalweg word die voorsitter op grond van persoon=like bekwaamheid uit en deur die lede van die stamowerheid verkies. Die stamsekretaris (*museketeri wa hosi*) is 'n aan=gestelde amptenaar van die stamowerheid en sy taak is hoof=saaklik administratief van aard. Hy is onder andere ver=antwoordelik vir die interne administrasie van die stamkan=toor, die optekening van hofsake, die ontvangs van boetes en hoffooie en die uitreiking van dagvaardings.

Die voormalige plig van die *ndhunankulu* om alle hofsake te "sif" en geringe sake saam met *tindhuna* af te handel voordat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit die kapteinshof bereik, het in die huidige tyd in 'n hoë mate verdwyn. Die tindhuna vergader nog steeds lank voor die aanvang van elke hofsitting, dog slegs om te ver= seker dat albei partye in die geding teenwoordig is en in die geval van 'n vrou of kind te verseker dat hulle van 'n volwasse manlike verteenwoordiger vergesel is. Dit is ook hul plig om na te gaan of die onderskeie getuies in elke saak by die hof teenwoordig is en die hoffooie betaal is.

Vir sover dit judisiële aangeleenthede betref, is daar nog twee soorte ampsdraers wat namens die kaptein, sekere pligte uitvoer. Eerstens het die kaptein 'n aantal boodskappers aan sy hof verbonde, bekend as swirhumiwa swa huvo, wat as bodes van die hof optree. In die huidige tyd word die be= naming phorisa (konstabel) ook deur sommige informante ge= bruik. Hierdie boodskappers word gestuur om die partye in 'n geding van die verhoordatum te verwittig en hulle moet toesien dat die uitspraak van die kapteinshof uitgevoer word. Hulle is ook behulpsaam om 'n ordelike verloop van hofver= rigtinge te verseker. Die ndhunankulu het tradisioneel die hofverrigtinge gelei. In die huidige tyd word daar gebruik gemaak van 'n amptelike aanklaer (muchuchisi), om hierdie taak te verrig. Dit is sy taak om by die aanvang van 'n saak die name van die litigante uit te roep om voor die kaptein te verskyn. Hy moet ook toesien dat die getuies van albei partye die hof verlaat en buite hoorafstand wag. Hier= in word hy bygestaan deur die xirumiwa xa huvo. Daarna is dit sy taak om die saak formeel te open deur die litigante aan die hof voor te stel waarna elkeen van laasgenoemde ge= leentheid kry om sy saak te stel. Daarna lei hy die onder= vraging namens die hof in. Dit is ook sy taak om na afloop van die ondervraging die bevinding van die hof saam te vat en dit formeel aan die kaptein wat dan die uitspraak lewer, oor te dra.

## C. STAMWYKE EN WYKSHOOFDE

### 1. Die stamwyk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die totale stamgebied (tiko ra hosi) van elk van die stamme van Mhala is vir polities-administratiewe doeleindes in ver= skillende stamwyke ingedeel. Elke stamwyk is 'n geografiese afgebakende eenheid en staan onder die gesag van 'n wykshoof (ndhuna). Hy word bygestaan deur verskillende raadgewende instellinge. Die wykshoof is 'n erkende politieke leier wat sy bevoegdheid om oor die wyk gesag te voer, van die kaptein ontvang. Die verskillende stamwyke is die kleinste polities-administratiewe eenhede binne die stamgebied.

Die stamwyk het in die verlede bekend gestaan as muganga (mv. miganga) (vgl. Hartman 1972:105). 'n Muganga was eint= lik 'n heuwelrif wat tradisioneel deur 'n aantal verwante bewoon is en as 'n geografiese eenheid aangedui kon word. Riviere en spruite het die grense (mindzilekano) tussen die onderskeie miganga gevorm. Elke muganga het 'n eie naam ge= had wat ontleen is aan die ontstaansgeskiedenis van die een= heid. In die verlede het daar ook 'n senioriteitsrangorde bestaan tussen die onderskeie miganga wat bepaal is ooreen= komstig hulle ligging tot die wyk waarbinne die kapteins= kraal geleë is.

In die huidige tyd het daar egter 'n verandering ten opsigte van die tradisionele verdeling in miganga ingetree. Met die koms van die Blanke na die gebied is daar plaasgrense afge= baken waarin daar nie rekening gehou is met die grense van die onderskeie "stamgebiede" nie. Op hierdie wyse is mense wat vroeër tot verskillende stamwyke (en soms ook stamme) behoort het, op een plaas saamgegroepeer. Toe die Owerhede= stelsel na 1951 in die vroeëre Bosbokrandgebied geïmplemen= teer moes word, is hierdie plaasgrense gebruik by die afba= kening van die onderskeie stamgebiede. Aangesien 'n omskrewe stamgebied uit soveel afgebakende plase bestaan het en vanweë die behoefte van die Staat om belastings ooreenkomstig die verskillende plase te vorder, het die stamme van Mhala afge= wyk van die tradisionele afbakeningswyse van die onderskeie miganga. In die huidige tyd bestaan daar 'n stamwyk vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

elke plaas of gedeelte van 'n plaas binne die omskrewe stam=gebied. Binne elke wyk is die tradisionele funksionarisse behou en vervul hulle ook hul pligte volgens die tradisio=nele voorskrif. Hierdie nuwe wykseenhede is egter vir in=formante nie sinoniem met die tradisionele muganga-begrip nie en staan gevolglik nie meer as muganga bekend nie maar na analogie van die Afrikaans heet so 'n wyk tans purasi (plaas).

Die onderskeie stamwyke by die stamme van Mhala is by uit=stek polities-administratiewe eenhede waarvan die totstand=koming verband hou met 'n behoefte aan die desentralisasie van gesagsuitoefening en die verkryging van 'n effektiewe plaaslike beheer ten opsigte van politieke en judisiële aangeleenthede. Gesagsuitoefening vereis normaalweg 'n definitiewe afbakening van die eenheid waaroor gesag uitge=oefen sal word. Die bestaan van definitiewe geografiese grense waarbinne die gesagsbevoegdheid van 'n wykshoof-in-rade duidelik aangedui word, is 'n kenmerk van elke stamwyk. Vanweë die huidige onderverdeling van die stamgebied in wyke volgens die grense van die verskillende plase, word wyks=grense deur draadomheinings aangedui. Elke inwoner van 'n wyk ken hierdie grense. Dit word ook aan elke nuwe intrek=ker deur die wykshoof uitgewys wanneer 'n toekenning van woon-, bewerkings- en weiregte binne die stamwyk gemaak word.

Uit die vestigingsgeskiedenis van die stamme van Mhala is dit duidelik dat die onderskeie stamgebiede onder abnormale omstandighede tot stand gekom het (vergelyk hoofstuk II). Die verhuising na die Transvaal het nie net die tradisionele vestigingswyse versteur nie maar inderdaad ook die afbake=ning van nuwe wyke beïnvloed. Daar was nie sprake van 'n stamgebied wat mettertyd deur 'n organiese groeiproses in wyke onderverdeel geraak het nie. Soos steeds verdere groepe vlugtelinge in Transvaal aangekom het, is steeds nuwe wyke gevorm met 'n gepaardgaande uitbreiding van die stam=gebied. Wyksvorming deur die verdeling van 'n bestaande wyk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het selde voorgekom. Dié abnormale groeiwyse van die vestigingspatroon het meegebring dat die onderskeie stam=wyke reeds met hulle ontstaan,'n sameskakeling was van mense met uiteenlopende herkoms. Dit is dus nie moontlik om ten opsigte van die stamme van Mhala aan te toon hoe stamwyke direkte skakeling vertoon met afkomseenhede binne die stam nie. Die duidelike skakeling tussen die sosiale en politie=ke organisasie wat ander skrywers ten opsigte van Suidoos-Bantoestamme kan aantoon, kon by die stamme van Mhala nie gevind word nie. Wat wel duidelik is, is dat daar binne die meeste wyke 'n afkomslyn (linie) bestaan waarvan die lede as senior persone in die wyk gereken word. Hierdie lyn loop gewoonlik terug op die eerste wykshoof wat as sodanig erken is.

Dit was voor die vestiging in Transvaal blykbaar gebruiklik dat nuwe wyke ontstaan het wanneer 'n tak van 'n linie 'n nuwe muganga (heuwelrif) gaan bewoon het of soos ons by die Changanastamme aantref, wanneer 'n militêre leier met sy regiment 'n nuwe gebied gaan oorheers het. Diegene wat van sodanige stigtersgroepe afgestam het, het mettertyd senior status in die wyke verkry. Nuwe intrekkers kon hulle by 'n bestaande wyk voeg maar is dan van laer status as die kern=groep beskou. Die senioriteit van diegene uit die kerngroep van 'n bepaalde wyk word vandag nog erken deur die respek wat aan hulle op die raad van die wykshoof betoon word.

Daar bestaan 'n rangorde tussen sibbes by die onderskeie stamme. Dit is eintlik slegs 'n breë onderskeid tussen die nasate van diegene wat aan die regerende sibbe behoort, die nasate van daardie sibbes wat reeds in Mosambiek by die regerende sibbe aangesluit het; diegene wat as Tsonga of Changana by die onderskeie stamme aangesluit het en onlangse toevoegings uit Sothogeledere. In die sosiale lewe van wyks=genote word aansien ook hierdeur bepaal.

Elke wyk omvat verskillende sosiale eenhede. Die kleiner

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesinne-eenheid, groter gesinne-eenheid en in 'n mate ook die linie, funksioneer as eenhede binne die grense van die wyk. Op ekonomiese gebied beskik die lede van sulke eenhede oor woon-, weidings- en bewerkingsregte wat slegs binne die grense van die wyk beoefen mag word. Indien geografiese gesteldhede of ander omstandighede 'n inwoner nie welgeval nie, mag hy met die toestemming van die wykshoof,van woonplek binne die wyk verander. Op daardie plase wat van owerheids=weë reeds beplan is en waarop spesifieke woonbuurtes afge=baken is, kan sodanige verhuising in die huidige tyd slegs geskied met goedkeuring van die plaaslike magistraat en dan ook slegs vir bewoning op 'n afgebakende perseel. Wanneer iemand egter na 'n ander wyk wil verhuis, geld as vereiste dat hy sy wykshoof daarvan sal verwittig en ook eers die toestemming van die nuwe wykshoof sal verkry. Woonregte in die nuwe wyk word gewoonlik slegs verleen indien daar vol=doende grond beskikbaar is. Hoewel die verkryging van 'n perseel op die beplande plase ook geskied ooreenkomstig die bogenoemde aanbeveling van die landboubeampte en die goedkeuring van die plaaslike magistraat, bewys die praktyk dat nuwe aansoekers om persele gewoonlik vergesel is van die wykshoof van daardie wyk of eers 'n aanbeveling van die be=trokke wykshoof verkry (vergelyk saak 59).

Tradisioneel is die wykshoof nooit geraadpleeg by die ver=deling van 'n kraal dit wil sê wanneer 'n getroude seun of seuns die kraal van die vader wou verlaat om 'n eie kraal op te rig nie. Elke volwasse seun het met die toestemming van die kraalhoof 'n nuwe kraal in die onmiddellike omgewing van die kraal van sy vader opgerig en ongesteurd sy regte as inwoner van die wyk bly handhaaf. In die huidige tyd is die toestemming van die wykshoof en op die beplande plase, dié van die magistraat, noodsaaklik by die oprigting van el=ke nuwe kraal binne die wyk.

Wanneer vreemdelinge hulle by die stam wil aansluit, meld hulle hulle gewoonlik eers by die wykshoof binne wie se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gebied hulle begerig is om te woon, aan. Indien die wyks=hoof die nuwe intrekkers as geskikte onderdane beskou, sal hy hulle vergesel na die kaptein waar dié en sy raad sal besluit of okkupasiereg aan hulle toegestaan sal word, al dan nie. As hulle die vreemdelinge in die stam wil ontvang, sal aan hulle 'n woonplek of 'n perseel toegeken word, in=dien dit beskikbaar is. Andersins sal daar na oorleg met die landboubeampte en die betrokke wykshoof aan hulle 'n woonplek in 'n ander wyk met die finale goedkeuring van die plaaslike magistraat toegeken word.

Ooreenkomstig die nuwe afbakening van stamwyke volgens plaasgrense, omsluit elke stamgebied soveel stamwyke as wat daar plase of gedeeltes van plase binne sy regsgebied res=sorteer. Hiervolgens bestaan die Nxumalostamgebied uit der=tien stamwyke, die Nkunastamgebied uit vyf wyke, die Khoza=stamgebied uit nege wyke en die Mnisistamgebied uit agt stam=wyke. Die Mnisikaptein het ook vyf stamwyke en die Nxumalo=kaptein drie stamwyke wat buite die omskrewe stamgebied ge=leë is (vergelyk Tabel VII en Tabel VIII). Die gemiddelde grootte van die onderskeie stamwyke (plase) is ongeveer 3 500 hektaar. In die meeste gevalle het hierdie wyke waar moontlik nog hul tradisionele benaming naas die alternatiewe naam van die plaas waaronder hulle vandag bekend staan, be=hou (vergelyk Tabel VII en Tabel VIII).

## 2. Die wykshoof

Elke stamwyk staan onder die gesag van 'n aangestelde wyks=hoof. By die stamme van Mhala is hy bekend as ndhuna (mv. tindhuna). Net soos die kaptein, regeer die ndhuna nie alleen nie maar word hy in die uitvoering van sy pligte bygestaan deur 'n raad (Ch. = bandla en Nhl. = huvo).

Tradisioneel het daar verskillende tipes tindhuna binne die politieke organisasie gefunksioneer (vgl. Hartman 1972:188 e.v. en Junod 1927, I:421). Die politieke funksie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL VII

## WYKE EN WYKSHOOFDE VAN DIE CHANGANASTAMME

| | Muganganaam | Plaas-/wyksnaam | Wykshoof |
|---|---|---|---|
| (a) | Nxumalostam | | |
| (i) | Binne stamgebied | | |
| | Mbumba | Dingleydale | Alfred Mnisi |
| | Nwambila | New Forest | Juvela Ubisi |
| | Mange | Arthurstone | Wilson Mathlavana |
| | Mabushweni | Xanthia | Johannes Mambane |
| | Nsongeni | Edinburgh | Mvexa Nxumalo |
| | Kumane | Rolle | Vakant |
| | Dlabesuthu | Merry Pebble Stream | Vakant |
| | Matsavana | Agincourt | Philemon Ngobeni |
| | Ntembeni | Allandale | Samuel Mhlanga |
| | Hlezeni | Dumfries | Jeremiah Ubisi |
| | Nwamagubu | Newington | Vakant |
| | Hukumurhi | Athol | Thomas Moyane |
| | Manyeleti | Utha | Manyangani Mabunda |
| (ii) | Buite stamgebied | | |
| | Mukhweyanthaba | Orinoco | Freddie Sithole |
| | Nwarela | Dwarsloop | Six Gazithe |
| | Mavuraka | Wallingford | Kokisi Masia |
| (b) | Nkunastam | | |
| | Boweni | Calcutta | Silas Mnisi |
| | Nwamahumane | Madras | July Maxele |
| | | Cork | Phineas Nthobeni |
| | Hlanganeni | Ronaldsey | Esrom Mnisi |
| | | Belfast | July Sibuyi |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# TABEL VIII

## WYKE EN WYKSHOOFDE VAN DIE NHLANGANUSTAMME

(a) Mnisistam

(i) Binne stamgebied

| Muganganaam | Plaas-/wyksnaam | Wykshoof |
|---|---|---|
| Mbhondoyeni | Okkernootboom | Office Manyike |
| Khokhovela | Islington | Vakant |
| Khokhovela | Ludlow | Vakant |
| Khokhovela | Clare | Basie Mnisi |
| Khokhovela | Eglington | Mantsena Chauke (waarn.) |
| Manyeleti | Welverdiend | Lucas Mlambo |
| Manyeleti | Gottenburg | Alfred Mnisi |
| Manyeleti | Seville | Madibula Sibuyi (waarn.) |

(ii) Buite stamgebied

| | | |
|---|---|---|
| Timbavati | Acornhoek | Waskit Ncube |
| Pungwe | Dixie | Marikwana Nkuna |
| Ndhova | Andover | Seven Ngobeni (waarn.) |
| | Burlington | Xipandzwa Lukhelo (waarn.) |
| | Jeukpeulhoek | Mandiwane Mnisi |

(b) Khozastam

| | | |
|---|---|---|
| (i) Binne stamgebied | Croquet Lawn | English Maritse |
| | Cunning Moor | Abel Khoza |
| | Kildare | Matches Sondhlane |
| | Ireagh | Samson Chabangu |
| | Alicecot | Jackson Khoza |
| | Lillydale | Solomon Nghwenya |
| | Somerset | Zankewu Chabangu |
| | Justicia | Elias Nkuna |
| | Huntingdon | Watch Khoza |

(ii) Buite stamgebied Geen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die ndhuna is in die huidige tyd beperk tot plaaslike administrasie van die wyk waarvan hy ook die verteenwoor= diger in die stamraad is. As wykshoof is hy belas met polities-administratiewe verpligtinge wat hy en sy raad namens die kaptein-in-rade behartig. As sodanig is hy ener= syds die verteenwoordiger van die kaptein binne die betrokke wyk en andersyds die verteenwoordiger van sy onderdane op die stamraad. Op hierdie wyse is die ndhuna 'n belangrike skakel tussen die kaptein en sy onderdane.

In die verlede het die kaptein-in-rade 'n ndhuna aangewys en oor 'n stamwyk aangestel. Dit was gewoonlik 'n persoon wat oor besondere kwaliteite soos leierskaphoedanigheid, sosiale senioriteit, lojaliteit teenoor die regerende fami= lie, onderskeiding in die kapteinshof, ens. beskik het. 'n Kapteinseun of 'n bloedverwant van die kaptein is egter baie selde as 'n wykshoof aangewys. Sedert ongeveer 1940 is wykshoofde nie meer op die tradisionele wyse aangestel nie. Vanweë 'n onderlinge stryd tussen die regerende familie en sommige wykshoofde by die Nxumalostam, het die kaptein en sy raad besluit op 'n meer demokratiese stelsel van verteen= woordiging. Daar is besluit dat wykshoofde nie meer deur die kaptein aangewys sou word nie maar dat die inwoners van 'n wyk self hul verteenwoordiger op die stamraad en dus hul wykshoof sou verkies. Die finale goedkeuring vir die aanstelling as 'n wykshoof berus egter nog steeds by die kaptein-in-rade. Die ander stamme van Mhala het spoedig die voorbeeld van die Nxumalostam gevolg en in die huidige tyd word alle wykshoofde uit en deur die inwoners van 'n betrok= ke wyk verkies, met die finale goedkeuring deur die kaptein-in-rade. Nadat 'n wykshoof verkies en sy aanstelling deur die kaptein bekragtig is, word hy tydens 'n inhuldigingsere= monie waarheen wykslede uitgenooi word, amptelik as ndhuna deur die kaptein ingehuldig.

'n Ndhuna word nie vir 'n vasgestelde termyn aangewys nie. Indien hy sy verpligtinge getrou nakom, kan hy selfs lewens=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


lank hierdie posisie behou. Anders as in die geval van die kaptein berus die behoud van sy posisie uitsluitlik op sy pligsvervulling. Daar bestaan dus geen besondere wyse waar= op 'n ndhuna sy posisie kan verstewig nie hoewel lojaliteit teenoor die kaptein soms voordelig kan wees.

As polities-administratiewe amptenaar het die wykshoof ver= skeie pligte. Hy is verantwoordelik vir die toekenning van grond (hierdie plig word in die huidige tyd vanweë die per= seelstelsel nie meer deur hom uitgeoefen nie), hy moet be= lasting namens die kaptein invorder, hy is tussenganger tussen sy mense en die kaptein, hy moet wet en orde handhaaf deur onder meer geskille tussen sy onderdane te besleg en hy is verantwoordelik vir die algemene welsyn van sy mense. By alle appèlsake vanuit sy hof na die kapteinshof, is sy teen= woordigheid noodsaaklik. Indien moontlik moet hy ook ge= reeld die kapteinshof vir ander sake bywoon.

In die uitvoering van bogenoemde pligte staan die wykshoof nie alleen nie. Daar is verskillende rade wat hom adviseer en bystaan. Daar is ook 'n aantal aangestelde amptenare wat as helpers van die wykshoof funksioneer. Hierdie amptenare is egter nie onderhoofde in die wyk nie. 'n Wyk word nie territoriaal onderverdeel nie. Die grootte van die wyk be= paal egter die hoeveelheid helpers wat 'n wykshoof sal aanwys.

In die huidige tyd wys 'n ndhuna self sy helpers (mupfuni, mv. vapfuni) aan. Hierdie helpers is die "oë" (mahlo) en "hande" (mandla) van die ndhuna en is as sodanig bekend as tihlo ra ndhuna of xandla xa ndhuna. Ten einde volledige beheer en toesig oor alle inwoners van sy wyk te kan hê, is dit wenslik dat 'n ndhuna sy helpers uit die senior gesins= hoofde binne sy wyk sal aanwys. Die vapfuni va ndhuna moet toesien dat alles binne die wyk ordelik verloop. Hulle moet met 'n ope oog en oor waak oor die belange van die wyk en moet alle ongerymdhede aan die ndhuna rapporteer. As lede van die wyksraad het hulle ook 'n politieke en judisiële

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


funksie (vergelyk hoofstuk IV).

Elke ndhuna het gewoonlik 'n boodskapper wat as die xirhumiwa xa ndhuna bekend staan. Hy word deur die ndhuna aangestel en vergoed. Alle boodskappe aan die vapfuni word deur hom in opdrag van die ndhuna gedoen. In die huidige tyd word hy ook gebruik as hofkonstabel en staan dan bekend as porisa ra bandla/huvo.

Twee raadgewende instansies kan by die ndhuna onderskei word te wete die privaatraad van die ndhuna (va yindlu ya ndhuna) en die wyksraad wat by die Changanastamme as bandla ra ndhuna en by die Nhlanganu as huvo ya ndhuna bekend staan.

Die privaatraad van die ndhuna is 'n informele raad. Gewoon=lik bestaan hierdie raad uit die senior verwante van die ndhuna en sluit onder meer sy vader, sy vadersbroers en sy eie broers in. Soms word die xandla xa ndhuna ook versoek om die vergadering van hierdie raad by te woon. Alle sake wat voor die wyksraad moet dien, word hier vooraf bespreek en die ndhuna daaroor geadviseer. Op hierdie wyse verseker die familie dat die ndhuna nie onverantwoordelik optree nie. Hierdie raad hou ook toesig oor die optrede van die ndhuna en sal hom vroegtydig waarsku indien hy teen die wense van sy verwante en die wykslede handel.

Die wyksraad is 'n geslote raad waarvan die samestelling by die ndhuna berus. Die wyksraad is saamgestel uit die ndhuna self, die xandla xa ndhuna, die verskillende vapfuni va ndhuna, die lede van die privaatraad van die ndhuna en enkele kundige wykslede, bekend as xikulu (mv. swikulu) of xibonda (by sommige ook bekend as madoda). Hierdie raad is 'n poli=tieke raad. Alle sake rakende die polities-administratiewe funksie van die ndhuna moet aan hierdie raad voorgelê word. Afgesien van die raad en bystand wat die wyksraad verleen, kan hulle ook die optrede van die ndhuna kritiseer. Die raad beskik egter nie oor die bevoegdheid om die ndhuna af te dank

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie maar kan hom wel by die kaptein verkla. Die belangrik= ste funksie van dié raad in die huidige tyd, is om die reg= spraak te beoefen. As sodanig funksioneer die wyksraad as 'n wykshof by die verhoor van sake (vgl. hoofstuk IV).

## D. SOSIO-POLITIESE EENHEDE

### 1. Inleiding

Naas die voorgaande eenhede (die stam en die wyk), wat op polities-administratiewe terrein funksioneer en geografies afgebaken kan word, bestaan daar ook ander eenhede wat hoof= saaklik op eenlynige afkoms gebaseer is en wat in die gesag= struktuur en die beoefening van die regspraak 'n rol speel. Na hierdie eenhede word as sosio-politiese eenhede verwys. Die belangrikste van hierdie eenhede is die linie-eenheid en die kraaleenheid. Uit laasgenoemde ontwikkel daar metter= tyd gewoonlik 'n kralekompleks. Aan elkeen van hierdie een= hede word daar in die hieropvolgende gedeeltes aandag gegee.

#### a. Die linie-eenheid en liniehoof

Elk van die stamme van Mhala is primêr 'n endogamiese een= heid wat patriliniêr georganiseer is en ingedeel is in ver= skillende sibbes wat bekend staan as <u>swivongo</u> (enk. <u>xivongo</u>). Elke sibbe is 'n nie-totemistiese, eksogamiese, patriliniêre en eponieme eenheid. Die mees senior persoon binne die senior sibbe is dan ook die kaptein van die stam. Die onder= skeie sibbes binne die stam het in die verlede blykbaar ook belangrike sosio-politiese funksies gehad, maar soos vroeër vermeld is, is dit in die huidige tyd nie meer so nie. Die lede van 'n sibbe woon nie saam nie en vorm dus nie 'n terri= toriale eenheid nie.

Elke sibbe word onderverdeel in 'n aantal eponieme patrili= nies wat by die stamme van Mhala onder verskillende benaminge bekend is en binne elke sibbe in 'n hiërargiese orde tot mekaar gerangskik kan word. Anders as by die sibbe strek die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die linie gewoonlik slegs oor drie tot vyf generasies vanaf die gemeenskaplike en aanduibare voorvader. Omdat die sibbe eksogamies is, kan lede van die linie ook nie ondertrou nie.

Die linie-eenheid staan by die Nhlanganustamme bekend as nyimba (mv. tinyimba) en by die Changanastamme as usende (mv. masende). Die term nyimba beteken "swanger baarmoeder" (vgl. Cuenod 1967:151 en Chatelain 1952:141). Die term usende wat die Changanastamme vir die linie-eenheid gebruik, is taalkundig moeilik te verklaar. Usende is die Changana= woord vir "testikel" en is sinoniem met die Zuluwoord isende (vgl. Doke en Vilakazi 1948:727). Hiernaas ken die Zulu egter die term usendo wat deur Doke en Vilakazi (1948:727) onder andere vertaal word as "lineage; family; descendants of the same male ancestor." Dit is bekend dat die term usendo deur sommige Zulustamme gebruik word om die linie-eenheid aan te dui. Dit is duidelik dat die Changanaterm usende met albei hierdie begrippe verband hou. Sommige Changana-informante het ook die term umndeni gebruik om die linie-eenheid aan te dui. Die term umndeni is vanuit die Zulu bekend en die betekenis wat die Changana daaraan heg, stem in 'n hoë mate met die Zulubegrip ooreen (vgl. De Clercq 1975;68).

Linielidmaatskap word gewoonlik nie verder terug as vyf tot ses generasies gereken nie. Daarvan is in praktyk gewoonlik slegs drie generasies nog lewend. Die linie is dus 'n patri= liniêre eenheid van bloedverwante en sluit mans sowel as vroue in. Elke vrou behou haar linieverband na die huwelik. Hoewel sy deel uitmaak van die groter gesinne-eenheid van haar man ressorteer sy geensins onder die beheer van die linie van haar man nie - haar kinders egter wel. By die Mnisistam het 'n getroude vrou egter 'n dubbele linielid= maatskap. Sy behou haar oorspronklike linieverband maar val ook binne die gesagsfeer van die linie van haar man en alle sake teen so 'n vrou sal deur die linie van haar man verhoor word. Hierdie dubbele lidmaatskap van 'n getroude vrou by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die Mnisistam word deur informante uitgedruk as "mukwana wa xinyayi" wat, as dit vertaal word, beteken "'n mes wat weers=kante toe sny." Binne elke groter gesinne-eenheid by die ander stamme van Mhala, is slegs die man, sy broers en hulle seuns en ongetroude dogters, lede van dieselfde linie. Ge=troude dogters beweeg vanweë patrilokale inwoning na die huwelik, weg van die lokale kerngroep van linieverwante maar ressorteer steeds binne die gesagsfeer van die linie ten op=sigte van linie-aangeleenthede. Vanweë die afwesigheid van die getroude vroulike lede, funksioneer die linie in die praktyk hoofsaaklik onder manlike verwante. Ongetroude dog=ters is, hoewel lid van die eenheid en binne dieselfde loka=liteit as hul vader en ondergeskik aan die gesag van die linie, gewoonlik onvolwasse. Hiermee wil 'n mens nie te kenne gee dat vroulike linieverwante van minder belang is nie. Wanneer hulle direk by 'n saak in die liniehof betrok=ke is, moet hulle ook die hofsitting bywoon.

Die mees senior lewende manspersoon is die hoof van die linie. Die hoof van die linie staan onder verskillende be=naminge by die onderskeie stamme bekend. By die Nxumalostam staan hy bekend as umnumzana en word gewoonlik aangedui as umnumzana wa usende lwaka .... Umnumzana is 'n Zuluwoord en word deur Doke en Vilakazi (1948:611) vertaal as "family head; village headman." Volgens De Clercq (1975:72) gebruik die abakwaMzimela van KwaZulu ook dié term om die liniehoof aan te dui. In die huidige tyd gebruik die Nxumalostam ook die term murhangeli wat deur Cuenod (1967:115) as 'n "pre=ceder" vertaal word. Dit is 'n nuwe term wat nie deur die ouer informante gebruik word nie. By die Nkunastam staan die liniehoof naas die benaming murhangeli ook bekend as kokwana. Kokwana beteken, as dit letterlik vertaal word, oupa. In die meervoud gebruik, dui dit die voorvaders aan (vgl. Cuenod 1967:76). Volgens informante dui die benaming kokwana op daardie nog bekende stamvoorvader van die betrokke linie, dit wil sê die stigter van die linie wat nie meer in lewe is nie. Die Nhlanganustamme gebruik ook verskillende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terme om die liniehoof aan te dui. Die mees algemene terme by die Mnisistam is hosana en mudyandzaka. Volgens Chatelain (1952:116) is 'n hosana 'n "petty chief." Die term mudya=ndzaka (erfopvolger) is streng gesproke nie die korrekte term om die liniehoof aan te dui nie. Dit word normaalweg gebruik wanneer daar na die potensiële opvolger in die liniehoofskap verwys word. Die Khozastam ken ook die terme nhloko (hoof) en mufambisi (leier).

Die posisie van die liniehoof word streng genealogies bepaal. Volgens hierdie beginsel word die mees senior lewende manlike afstammeling in die direkte lyn van die gestorwe stamvader as die hoof van die linie beskou. By die afsterwe van die liniehoof word hy dus opgevolg deur die oudste seun van sy hoofvrou. Hierdie opvolger (mudyandzaka) verkry sy posisie uitsluitlik op grond van geboorte. Sy posisie en bevoegdheid is geensins aan die goedkeuring van die kaptein of die wyks=hoof onderworpe nie. Hulle beskik ook nie oor die bevoegd=heid om hom van sy amp te onthef nie.

Die linie-eenheid bestaan nie uit 'n aantal gesinne nie maar uit patriliniêr verwante individue. Al die lede van 'n ge=sin behoort dus nie aan dieselfde linie nie. Die pligsver=vulling van die liniehoof is daarom beperk tot die lede van die eenheid en is hoofsaaklik geleë op die sosiale, politieke, ekonomiese en judisiële terrein.

Vanweë die direkte bloedverwantskap wat tussen liniegenote aangedui kan word, word linie-eksogamie beoefen. Dit is die taak van die liniehoof om hierdie reël as dit oortree word te laat handhaaf (vergelyk saak 40). Op ekonomiese gebied moet hy omsien na die behoeftes van sy mindere verwante. Indien 'n lid van die eenheid in ekonomiese nood verkeer, beskik die liniehoof oor die volste reg om die bystand van sy liniegenote te gelas ten einde aan die behoeftes van die besondere lid te kan voldoen. As leier van die eenheid is hy gemoeid met die dade van elke lid. Wanneer 'n lid van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die eenheid weens een of ander oortreding in die hof van die wykshoof of in die kapteinshof verskyn en deur die hof ge= straf word, is dit die plig van die liniehoof om hom by te staan. Indien hy werklik aanspreeklik is, sal die linie= hoof hom gelas (en soms help) om sy betaling aan die hof te doen, anders kan hy die lid adviseer om teen die uitspraak te appelleer.

Op judisiële gebied vind daar van tyd tot tyd sittings van die liniehof plaas. Dit is 'n nie-openbare hof waarin sake wat linielede raak, onderling verhoor word. Die hof kan ook as appèlhof vir beslissings van kraalhoofde en die hof van die groter gesinne-eenheid, in soverre dit linielede raak, optree. So 'n hof staan bekend as nhlengeletano ya timhaka ta le ndlweni, (vergadering vir huisaangeleenthede). Dit word so genoem vanweë die geheimhouding wat in alle linie-aangeleenthede geld.

Die liniehoof word in die uitvoering van sy pligte bygestaan deur 'n raad wat bestaan uit die kraalhoofde vanuit die linie-eenheid. In praktyk is dit gewoonlik die linie= hoof se eie broers, halfbroers en die broers van sy vader wat hom bystaan in die bestuur van en beheer oor die linie. Wanneer belangrike besluite geneem moet word, sal die linie= hoof nie alleen daaroor beslis nie maar die belangrikste van die ander manlike lede van die eenheid raadpleeg. Sodanige vergadering word op sy versoek byeengeroep en staan bekend as nhlengeletano ya usende/nyimba. Die liniehoof tesame met die seniores binne die eenheid vorm op hierdie wyse 'n linie= raad wat by die Changanastamme bekend staan as bandla ra usende en by die Nhlanganustamme huvo ya nyimba heet.

Die linieraad het geen geykte samestelling nie. Die same= stelling varieer ooreenkomstig die aard van die aangeleent= heid onder bespreking. Nogtans het sekere lede, gewoonlik die oudstes, op grond van hulle senioriteit outomaties sit= ting op hierdie raad. Hulle vorm die kern van die raad en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mindyangu/maguma eenhede. Elke poliginis het vanweë sy verskillende vroue aldus verskillende mindyangu/maguma gehad waarvan hy die hoof was. Hy was dus ook nkulukumba wa mindyangu/maguma. Vanweë die gesamentlike bewoning van die kraal deur verskillende getroude mans en hul gesinne, was daar in dieselfde kraal verskillende vakulukumba va mindyangu/maguma. Elkeen was hoof van sy eie mindyangu/maguma-eenheid. Al hierdie hoofde het in 'n hiërargiese orde, ooreenkomstig hul genealogiese posisie, onder gesag van die nkulukumba wa muti gestaan.

Hierdie lokale groep het tradisioneel as 'n groter gesinne-eenheid gefunksioneer. In die huidige tyd is die samestelling van die muti in so 'n mate gereduseer dat dit nie meer die grootste deel of die geheel van 'n groter gesinne-eenheid omvat nie. Soos vroeër verduidelik is, bestaan die kraaleenheid vandag in sy kleinste vorm uit slegs 'n enkele gesin en in gevalle waar poliginie beoefen word, uit die kraalhoof (nkulukumba wa muti, ook genoem nhloko ya muti) met sy onderskeie vroue en hulle ongetroude kinders. Die kraal word nog net soos in die verlede onderverdeel in verskillende mindyangu/maguma eenhede. (Die woord guma is uit die Zulu afkomstig en beteken letterlik 'n kookplek en word aldus deur die Changanastamme gebruik. Die Nhlanganustamme gebruik die Tsongawoord ndyangu wat onder andere ook 'n kookplek aandui). Wanneer 'n vrou 'n eie ndyangu/guma ontvang, kry sy 'n afsonderlike status binne die kraal. Elke poliginis het vanweë sy verskillende vroue aldus verskillende mindyangu/maguma waarvan hy hoof is. Daarom staan die kraalhoof soms ook bekend as nkulukumba wa mindyangu/maguma dit wil sê, heer van die mindyangu/maguma of nwini wa mindyangu/maguma : eienaar van die mindyangu/maguma.

Die kraalgroep vorm 'n hegte eenheid waarin die senioriteitsbeginsel deurslaggewend is. Die vader en sy seuns sowel as die ongetroude dogters wat daarin teenwoordig is, is direkte bloedverwante terwyl die vroue wat deur die huwelik bykom,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

in orde van senioriteit gerangskik is (vergelyk later). As geordende en samewonende eenheid waarbinne verpligtinge en gedragskodes nageleef moet word, funksioneer die muti nie alleen as 'n lokale sosiale eenheid nie, maar ook op godsdienstige, ekonomiese, politieke en judisiële terrein.

Die nkulukumba wa muti is nie alleen grondlegger van die eenheid nie, maar as vader en mees senior man binne die eenheid, beskik hy oor die gesag om die onderlinge pligte en verpligtinge asook die bepaalde gedragsreëls binne die eenheid te orden. Hoewel hy nie sy besluite absoluut kan afdwing nie, beskik hy as vader oor die gesag om familiesake te verhoor, onderlinge geskille by te lê en die vrede te handhaaf. Tradisioneel het hy ook oor die bevoegdheid be= skik om grond aan sy onderskeie seuns toe te ken maar in die huidige tyd is dit nie meer moontlik nie. Hy beskik wel oor die bevoegdheid om landerye aan sy onderskeie vroue toe te ken. As sodanig kan die muti as die kleinste politieke en judisiële eenheid binne die stam beskou word ondanks die feit dat dit slegs 'n afsonderlike sosio-politiese eenheid is en ondanks die feit dat die gesagvoerder oor dié eenheid nie as sodanig deur die kaptein aangestel word nie.

### c. Die kralekompleks en die hoof daarvan

Soos vroeër verduidelik is, word die kraal nie meer deur 'n groter gesinne-eenheid bewoon nie. Vanweë veranderde om= standighede soos byvoorbeeld die afbakening van woonareas en die afwesigheid van stamoorloë, breek hierdie groot eenhede op en vind 'n mens dat selfs monogame gesinne of poliginiese gesinne-eenhede hulle afsonderlik gaan vestig. Dit geskied egter op so 'n wyse dat die groter verband nog as 'n breë lokale groep beskou kan word wat steeds die gesag van die mees senior persoon die nkulukumba wa mindyangu of nkulukumba wa miti van die eenheid erken. Sodanige verdeling is natuurlik slegs moontlik binne daardie stamwyke waarin daar nog nie woonbuurtes met afsonderlike woonpersele afge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



baken is nie of waar inwoners nog nie verskuif is na so=danige woonbuurtes nie. Dit gebeur selfs dat wanneer in=woners na 'n afgebakende woonbuurt moet verhuis, hulle ver=soek dat die eenheid nie versteur word nie en daarom aansoek doen om 'n hele paar aangrensende persele, ten einde die tradisionele vestigingspatroon te kan handhaaf. In die prak=tyk kan aan sodanige versoeke egter nie altyd voldoen word nie.

Waar mettertyd die verdeling van die oorspronklike kraal van 'n poliginis in verskillende krale wel nog moontlik is, ge=skied dit in die praktyk op so 'n wyse dat 'n kralekompleks tot stand kom wat gewoonlik 'n lokale eenheid uitmaak en wat op grond van die onderlinge sosiale bande 'n politieke sowel as 'n administratiewe eenheid vorm. Hoewel die verdeling van die tradisionele kraaleenheid 'n verhoogde status aan elke hoof van 'n kleiner gesinne-eenheid verleen het (hy is naamlik nou 'n nkulukumba wa muti), funksioneer al hierdie vakulukumba va miti steeds in hiërargiese orde volgens hul genealogiese posisie, onder die gesag van die nkulukumba wa miti wat die eenheid oorspronklik gestig het.

Die benaming vir die kralekompleks verskil by verskillende informante en by die verskillende stamme. Die Nhlanganu=stamme gebruik die term ndyangu (mv. mindyangu) vir hierdie eenheid. Volgens Cuenod (1967:121) beteken die woord onder andere 'n "familie" terwyl Jaques (Van Warmelo 1931:54) vermeld dat "ndyangu can denote both the larger family, brothers, their wives and their children, or the single household." Die Changanastamme het vermoedelik in navolging van die Nhlanganu, die Zuluterm guma (mv. maguma) wat in sy engere sin (kookplek) dieselfde betekenis het, gebruik om 'n gro=ter gesinne-eenheid aan te dui. Die aanduiding van 'n groter ge=sinne-eenheid as miti ya ka ... (enk. muti) kom egter algemeen by al die stamme voor. Ten einde verwarring met die onderverde=ling binne die muti in verskillende mindyangu/maguma-eenhede te verhoed, sal die groter gesinne-eenheid hierna as miti ya ka ... aangedui word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die proses van kraalverdeling volg oor die algemeen geen vaste patroon nie. Dit is nie 'n eenmalige proses nie maar vind as 'n deurlopende versplinteringsproses plaas soos mindere eenhede die een na die ander afskei. Omstandighede is gewoonlik van so 'n aard dat die verdeling nie volgens die senioriteit van die onderskeie seuns geskied nie. Die seuns wat eerste volwassenheid bereik, trou eerste en kan dus voor hulle meerderes in status afskei. Waar poliginie beoefen word, sal 'n seun nie 'n eie kraal oprig alvorens sy eerste vrou nie 'n opleidingsperiode in die ndyangu/guma van sy moeder deurloop het en daar kinders gebore is nie. Vanweë die toenemende uitbreiding van die kraal deur die sluiting van verdere huwelike is dit wenslik dat 'n seun die kraal van sy vader verlaat alvorens hy 'n tweede huwelik sluit. Dit geskied nie alleen vanweë die behoefte van 'n seun om 'n eie kraal op te rig nie maar gaan gewoonlik ge=paard met die begeerte van sy eerste vrou om 'n eie status en eie kookplek te hê waar sy selfstandig kan optree.

Die verdeling van een kraal in verskillende verwante kraal=eenhede binne dieselfde lokaliteit, lei tot die ontstaan van 'n afsonderlike sosiale eenheid, die samewonende groter gesinne-eenheid waarvan 'n deel van die lede bloedverwant is en die ander deur die huwelik bygekom het. By die stamme van Mhala bestaan daar 'n duidelike onderskeid tussen hier=die eenheid en die linie-eenheid. Wanneer 'n vrou in die huwelik tree, doen sy afstand van haar band met die groter gesinne-eenheid van haar vader en word sy deel van die groter gesinne-eenheid van haar man. Sy bly egter steeds lid van die linie-eenheid waarin sy gebore is. (By die Mnisistam het sy egter 'n dubbele linielidmaatskap). Hierdie dubbele aanhorigheid plaas 'n vrou ondergeskik aan die gesagsbevoegd=heid van twee instansies, enersyds aan die groter gesinne-eenheid van haar man en andersyds aan die linie-eenheid waar=van haar vader en syself lede is. Behalwe by die Mnisistam, is 'n vrou nie ondergeskik aan die gesag van die linie-een=heid van haar man nie. Ondanks die feit dat dieselfde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

figure aan die hoof van die groter gesinne-eenheid en die linie-eenheid van haar man mag staan, word die verband waardeur die vrou aan die gesagsfiguur ondergeskik is, dui= delik onderskei. Aangeleenthede wat die vrou raak sal binne die gesagsbevoegdheid van die groter gesinne-eenheid besleg word maar (behalwe by die Mnisistam) nooit binne die linie van haar man nie. Linie-aangeleenthede het slegs betrekking op liniegenote.

Die pligsvervulling van die hoof van die groter gesinne-eenheid hou hoofsaaklik met die interne ordening van die eenheid verband. Die nkulukumba wa miti word as hoof van die eenheid verantwoordelik gehou vir die gedrag en optrede van sy ondergeskiktes. Alle lede is aan hom as die vader van die eenheid onderdanigheid verskuldig. Hy kan hulle maatskaplike, ekonomiese en religieuse lewe beheer. Saam met sy raad verhoor hy familiesake en alle lede is onderhe= wig aan sy beslissings. Dit word van hom verwag om in alle belangrike aangeleenthede met die hulp en advies van sy senior manlike verwante binne die eenheid te handel. Op hierdie wyse hanteer hy saam met sy raadsmanne alle huweliks= aangeleenthede, die lot van weduwees, die hantering van boedels, toenemende drankmisbruik, ensovoorts. Kortom, hy kan alle probleme wat die groep as geheel raak in behande= ling neem.

## E. SAMEVATTING

Binne die gesagstruktuur van die stamme van Mhala kan die bestaan van 'n sentrale politieke gesag in die vorm van die kaptein-in-rade en verskillende gewestelike gesagspersone in die vorm van wykshoofde aangedui word. Benewens hierdie suiwer politieke gesagspersone funksioneer daar ook verskil= lende sosio-politiese gesagsfigure binne die stam.

Die kaptein staan by al die stamme bekend as hosi en is saam met sy raad die kulminasiepunt van alle plaaslike en sosio-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


politiese gesag. Hy verkry sy posisie as hoogste politieke gesag op grond van sy hooggeborenheid. Hoewel hy normaal= weg die oudste seun van sy vader se hoofvrou is en as sodanig die kapteinskapsposisie binne die stam van sy vader erf, moet hy in hierdie posisie aangestel, opgelei en inge= huldig word. Sy aanwysing berus by die regerende familie= raad waarna hy op 'n openbare plegtigheid as kaptein inge= huldig word. Vanweë veranderde omstandighede het sy ver= pligtinge op veral godsdienstige, ekonomiese en militêre terrein in die huidige tyd in 'n hoë mate verdwyn, terwyl die verpligtinge op politieke en judisiële terrein nie on= aangetas bly voortbestaan het nie.

Vir die uitvoering van sy pligte is die kaptein aangewese op die advies en wense van vier verskillende raadgewende instansies, naamlik die privaatraad, die linie- en familie= raad, die stamraad en die hofraad. Eersgenoemde is 'n private en informele adviesliggaam wat alle belangrike sake wat voor die stamraad gelê moet word, bespreek en die kap= tein daarin van advies bedien. Die linieraad bestaan uit die volwasse manlike verwante van die kaptein en waak oor sy optrede en bedien hom waar nodig van advies. Daar rus 'n verpligting op die kaptein om in alle belangrike stamsake die advies van hierdie raad in te win en hul goedkeuring te verkry. Vanweë die verspreidheid van die lede van hierdie raad oor die stamgebied en daarbuite, funksioneer die kern van hierdie lede in die normale praktyk in die plek van die linieraad. In teenstelling met die linieraad, is die fami= lieraad 'n geslote raad en kan beskou word as die beleid= makende instansie. Die stamraad is net soos die familie= raad, 'n geslote raad en bestaan uit die onderskeie wyks= hoofde, alle lede van die familieraad en 'n aantal kundige persone. Hierdie raad behandel alle belangrike stamsake. Hierdie raad is egter by al vier die stamme sedert die in= werkingtreding van die Wet op Swart Owerhede (Nr. 68 van 1951) vervang deur 'n stamowerheid. Die hofraad dra die= selfde benaming as die tradisionele stamraad maar verskil in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


samestelling. Die kaptein is die voorsittende beampte van die hof en beskik uit hoofde van sy kapteinskap oor die bevoegdheid om uitsprake volgens die bevinding van die hof=raad te lewer.

Indien 'n kaptein sonder 'n wettige opvolger te sterwe kom, sy regmatige opvolger nog minderjarig is of indien geen op=volger deur die familieraad as geskik geag word nie, word 'n regent (mukhomeri) deur hulle aangewys. Hy ageer as regent totdat die regmatige opvolger aangewys kan word.

In die uitvoering van sy pligte word die kaptein bygestaan deur 'n aantal aangestelde amptenare wat elkeen 'n besondere taak namens en vir die kaptein verrig. Die belangrikste van hierdie amptenare is die ndhunankulu wat die "ore, oë en mond" van die kaptein is. As gevolg van veranderde omstandig=hede verrig die voorsitter van die stamowerheid in die hui=dige tyd hierdie funksie en bestaan daar geen ndhunankulu meer by die onderskeie stamme nie.

Binne die totale stamgebied bestaan daar tans 'n verskeiden=heid stamwyke (plase) wat elk 'n duidelike geografiese afge=bakende geheel vorm. Elke sodanige stamwyk staan onder die gesag van 'n wykshoof (ndhuna). In die verlede is 'n per=soon op grond van verskillende kwalifikasies deur die kaptein as wykshoof aangestel. In die huidige tyd word 'n wykshoof deur die lede van die wyk verkies. Die aanstelling van die wykshoof geskied egter vandag nog steeds deur die kaptein, met die gevolg dat die wykshoof se reg tot gesagsuitoefening deur die kaptein aan hom gedelegeer word en hy op formele wyse in sy posisie bevestig word. Anders as by die kaptein berus die behoud van sy posisie uitsluitlik op die nakoming van al sy verpligtinge wat hy namens die kaptein moet uit=voer. In die uitvoering van sy verpligtinge word hy byge=staan deur 'n familieraad en 'n wyksraad, sowel as 'n aantal aangestelde amptenare.

Binne die stam as sosiale eenheid bestaan daar verskillende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kleiner sosiale eenhede in die vorm van kraaleenhede, groter gesinne-eenhede en afkomslinies. Met die uitsondering van laasgenoemde wat dwarsoor die wyksverband kan sny, funksioneer al die ander eenhede as soveel afsonderlike eenhede binne wyksverband. (Dit vorm egter nie onderafdelings van die wyk as polities-administratiewe eenheid nie). Dit kan as sosio-politiese eenhede getipeer word vanweë die gesagsfunksionering en beheer wat ter ordening van elke afsonderlike eenheid binne die groter gesagstruktuur van die stam uitgeoefen word. Gesagsbevoegdheid binne hierdie eenhede berus suiwer op senioriteitstatus en nie op delegering van gesag deur die kaptein nie.

Die linie is 'n patriliniêre, eksogamiese en eponieme eenheid wat by die Changanastamme as usende en by die Nhlanganustamme as nyimba bekend staan. Elke linie sluit manlike en vroulike individue in wat hulle verwantskap oor drie na vyf generasies na 'n gemeenskaplike en bekende voorvader kan terugvoer. Die gesagvoerder oor die linie-eenheid is die mees senior lewende manlike persoon binne daardie eenheid en word by die Changanastamme met die benaming umnumzana wa usende of as murhangeli aangedui en by die Nhlanganustamme as hosana, mudyandzaka, nhloko of mufambisi. Die liniehoof is nie vir sy aanstelling en erkenning van die kaptein afhanklik nie en het slegs verpligtinge ten opsigte van die lede van sy linie. Sy pligte is hoofsaaklik geleë op die sosiale, politieke, ekonomiese en judisiële terrein. In die uitvoering van sy pligte word hy bygestaan deur 'n raad wat saamgestel is uit sy senior manlike verwante. Die linieraad is by die Changanastamme bekend as bandla ra usende en by die Nhlanganustamme as huvo ya nyimba. Hierdie raad funksioneer ook as 'n nie-openbare hof bekend as timhaka ta lendlweni waarin sake rakende linielede verhoor word.

Die groter gesinne-eenheid of kralekompleks bestaan tans uit 'n kern van verwante mans wat in verskillende krale in dieselfde omgewing woonagtig is sowel as hulle vroue en onge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

troude dogters. In die huidige tyd is sodanige samewoning slegs moontlik binne daardie stamwyke waarin daar nog nie van owerheidsweë, woonbuurtes met begrensde persele afgebaken is nie. Hierdie eenheid dra verskillende benaminge maar die mees algemene benaming is miti ya ka ... dit wil sê, krale van .... So 'n eenheid staan onder die gesag van die mees senior manlike lid daarvan wat as nkulukumba wa miti bekend staan. Hy is net soos die liniehoof 'n sosiale gesagsfiguur wat nie vir die verkryging van sy posisie van die kaptein afhanklik is nie, maar dit op grond van sy senioriteit as stigter van die eenheid beklee.

Die pligsvervulling van die hoof van die groter gesinne-eenheid hou hoofsaaklik verband met die interne ordening van die eenheid. In die uitvoering van sy pligte word hy bygestaan deur sy senior manlike verwante binne die eenheid.

Die linie-eenheid en die groter gesinne-eenheid verskil in samestelling van mekaar en 'n duidelike onderskeid moet gevolglik ook gemaak word tussen die jurisdiksie van die gesagvoerder van elke respektiewelike eenheid. Aangesien die linie gebaseer is op bloedverwantskap, is alle lede van die linie aan die gesag van die liniehoof as mees senior lid van die eenheid onderhorig. Die groter gesinne-eenheid daarenteen is nie 'n eenheid van patriliniêre verwante nie. Die hoof van die groter gesinne-eenheid voer dus gesag oor mans, vroue en kinders wat in die verskillende krale waaruit die eenheid saamgestel is, woonagtig is. Dit is egter moontlik dat die gesagvoerder oor 'n groter gesinne-eenheid ook 'n liniehoof kan wees.

Die kraaleenheid wat by al die stamme as muti bekend staan, is die kleinste sosiale eenheid binne die stam. In gevalle waar monogamie beoefen word, huisves so 'n muti, 'n man, sy vrou en hul ongetroude kinders. Indien poliginie beoefen word, sluit die muti 'n poliginiese gesinne-eenheid in. In elke geval is die gesagvoerder van die muti by implikasie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die vader, dit wil sê die kraalhoof. Hy staan bekend as nkulukumba wa muti/nhloko wa muti.

Die kraalgroep vorm 'n hegte eenheid waarin die senioriteits=beginsel deurslaggewend is. As geordende en samewonende een=heid waarbinne verpligtinge en gedragskodes nageleef moet word, funksioneer die muti nie alleen as 'n lokale sosiale eenheid nie, maar ook op godsdienstige, ekonomiese, politieke en judisiële terrein.

Die kraalhoof voer gesag oor lede van sy gesin of gesinne en is die laagste sosio-politiese gesagsfiguur binne die stam. Daar bestaan in die huidige tyd geen kraalraad wat die kraal=hoof in die uitvoering van sy pligte bystaan nie. Onder be=paalde omstandighede kan hy egter die hulp van sy senior man=like verwante inroep om hom behulpsaam te wees.

'n Goeie begrip van hierdie gesagstruktuur is noodsaaklik om die funksionering van die howe wat aan hierdie gesagsinstan=sies verbind is, te begryp.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IV

## DIE HOFSTELSEL EN HOFPROSEDURE

### A. DIE HOFSTELSEL

### 1. Inleiding

Dit is bekend dat die uitoefening van die regspraak een van die funksies van die politieke gesagsdraers binne die stam is. Daar bestaan ook by die stamme van Mhala geen duidelike skeiding tussen die regerende en regsprekende gesagsinstan= sies nie. Die onderskeie politieke gesagvoerders is die vernaamste regsprekers en die hiërargie van howe toon 'n noue samehang met die gesagshiërargie van elkeen van die vier stamme in die gebied.

Dieselfde onderskeid wat daar in die gesagstruktuur ten op= sigte van die polities-administratiewe eenhede (stam, wyk) en die sosio-politiese eenhede (linie, kraal) bestaan, openbaar hom ook in die hofstelsel. By 'n bespreking van die hofstelsel en hofprosedure van die stamme van Mhala moet 'n mens dus onderskei tussen twee tipes howe met in= herente bevoegdheid tot regspraak. Eerstens vind mens die familie- of nie-openbare howe. By hierdie howe het die senior lid of lede van 'n bepaalde sosiale eenheid op grond van hule sosiale senioriteit, die reg om die regspraak binne die besondere eenheid te beoefen. Tweedens funksioneer daar 'n stelsel van openbare howe wat met die territoriale in= deling (stam, wyk) verband het. Die kaptein beskik as politieke hoof van die stam oor die reg van gesagsuitoefe= ning en hierdie bevoegdheid word aan die onderskeie wyks= hoofde gedelegeer. Die dwingende gesag wat met hierdie gesagseenhede verbind is, kan dus herlei word na die dwingende vermoë van die politieke gesag. Die jurisdiksie van hierdie howe is uitgebrei tot alle onderdane binne die betrokke wyk en stam. Die jurisdiksie van die onderskeie nie-openbare howe is daarenteen beperk tot afkomsgenote en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(met uitsluiting van die liniehof by die Changanastamme) ook tot alle vroue waarmee hulle getrou het.

Hoewel die gesagsposisies binne die sosio-politiese eenhede suiwer op senioriteitstatus berus en nie deur die sentrale stamgesag aan hulle verleen word nie, bestaan daar nogtans 'n appèlmoontlikheid vanaf hierdie howe na dié van die wyks= hoof en vandaar na die kapteinshof. Op hierdie wyse is dit moontlik dat beslissings van hierdie howe deur die openbare howe afgedwing kan word. Die finale dwingende gesag wat hofuitsprake onderskraag, berus dus steeds by die politieke gesagsinstansie.

Soos reeds in Hoofstuk I verduidelik is, moet 'n mens ver= sigtig wees om nie die regstelsels van die swart volke met 'n bepaalde vooringenomenheid vanuit die gemenereg te be= nader nie en nie Westerse regsterminologie sonder meer in die beskrywing van hierdie regstelsels in te voer nie. Dit is egter onvermydelik dat 'n mens aansluiting by die be= staande regskundige terminologie sal soek. Wanneer Wester= se regsbegrippe dan gebruik word, moet daar egter duidelik besef word dat dit ten opsigte van die reg van swart volke nie noodwendig dieselfde inhoud sal hê as wat in die Wester= se wêreld daaraan geheg word nie. In die hieropvolgende hoofstukke word daar onder meer van die begrippe "appèl", "kriminele en siviele gedinge" en 'n "hof" gebruik gemaak. Dit word erken dat hulle betekenis 'n ander draagwydte as die normale het.

Die begrip "appèl" word gebruik wanneer 'n party wat in 'n mindere hof met die uitspraak ontevrede is, sy saak by 'n meerdere hof vir verhoor aanhangig maak. Wanneer die meer= dere hof dan die saak verhoor is dit nie soos in die Wes= terse judisiële sisteem, 'n appèlverhoor nie maar inderdaad 'n volledige herverhoor.

Primigene volke maak nie dieselfde skerp onderskeid tussen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kriminele (strafregtelike) en siviele (privaatregtelike) aspekte van die reg as wat by Westerse volke aangetref word nie (vergelyk Coertze 1973:230). Ook hierdie terme was vir beskrywing nodig. Wanneer daar hierna van "kriminele" en "siviele" sake gepraat word, word dit sover moontlik binne dieselfde betekenisverband as in die regswetenskap gebruik maar dit moet steeds in gedagte gehou word dat die Changana- en Tsongastamme nie self so 'n onderskeid maak nie. In afdeling B van hierdie hoofstuk word dié probleem verder verduidelik.

Die begrip hof word gewoonlik gebruik wanneer daar verwys word na 'n formele verhooraksie deur bevoegde regsprekers waartydens 'n klagte volgens 'n geykte prosedure aangehoor word en daaroor 'n uitspraak gegee word. Die toepassing van hierdie siening op die stamme van Mhala beteken dat die verhoor- en uitspraakaksie in die familievergaderings en voor die wykshoof en kaptein, almal as verskillende howe gesien kan word. Dit is die benadering wat hier gevolg word en daarom word na al hierdie verhore as 'n hof verwys. Changana- en Tsonga-informante tref egter 'n onderskeid tussen 'n verhoor in 'n openbare hof (<u>bandla/huvo</u>) en 'n formele bespreking van familie-aangeleenthede (<u>timhaka ta lendlweni</u>). Dit word erken dat die verhoor en uitspraak voor die familievergaderings nie in die openbaar geskied nie en dat beslissings daar nie met geweld afgedwing kan word nie. Die essensiële ooreen=koms tussen die twee tipes "howe", naamlik verhoor voor bevoegdes volgens 'n eenvormige regstelsel en prosedure en 'n formele uitspraak, kan egter selfs nie deur informan=te ontken word nie.

## 2. Openbare howe

### (a) Die kapteinshof

Die kapteinshof is die hoogste hof in die stam en was tra=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

disioneel die laaste hof waarheen stamlede kon appelleer. Hoewel hierdie hof uit die aard van die saak verbind is met die persoon en status van die kaptein en as sodanig as die kapteinshof bekend staan, is dit van belang om te onthou dat dié hof eintlik die stamhof vorm en dat die kaptein slegs die voorsittende beampte daarvan is. Uit hoofde van sy kapteinskap beskik hy oor die bevoegdheid om uitsprake vol= gens die bevinding van die hof te lewer. Die judisiële verpligting ten opsigte van die stam in sy geheel berus dus nie uitsluitlik by die kaptein nie. Die seniores in die senior linie tesame met die ander lede van die hofraad dra hierdie pligte saam met hom, soos duidelik uit die samestelling van sy hof sal blyk.

Die kapteinshof staan by die Changanastamme bekend as <u>bandla ra hosi</u> en by die Nhlanganustamme as <u>huvo ya hosi</u>. Die woord <u>bandla</u> is van Zuluherkoms en word deur Doke en Vilakazi (1948:64) vertaal as "assembly of men for dis= cussion, as to hear a trial or an announcement of the chief." <u>Huvo</u> is 'n Tsongawoord en beteken volgens Cuenod (1967:59) 'n "place where men foregather for deliberations and cases; court of justice, assembly, council." Volgens informante word albei hierdie woorde gebruik om eerstens na die ver= gaderplek van die hof (dit wil sê die hofsaal in die huidige tyd) te verwys en tweedens om die hof (dit wil sê die ver= gadering van mans wat sake in die openbaar verhoor) aan te dui.

Die woorde <u>bandla/huvo</u> word by die onderskeie stamme ook ge= bruik om die stamraad aan te dui (vergelyk Hoofstuk III). Informante maak egter geen onderskeid tussen 'n raad en 'n hof nie en wys tereg daarop dat die stamraad en die hof= raad teoreties ook dieselfde samestelling kan hê en dat die beoefening van die regspraak inderdaad een van die funksies van die stamraad is.

Albei hierdie terme (<u>bandla/huvo</u>) hou ook verband met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kraaluitleg. Elke kraal beskik oor 'n bandla en 'n huvo, elk met 'n besondere funksie (vergelyk Hartman 1972:139 en Junod 1927, I:316). Die huvo dien as die vergaderplek van die kraalinwoners. Mans, vroue en kinders het vrye toegang tot die huvo. Die bandla daarenteen is die vergaderplek van die mans en geen vrou of kind word daar toegelaat nie. Informante stel dit egter uitdruklik dat nóg die huvo nóg die bandla as hofsetel van 'n kraalhoof gebruik sal word en dat sy hof ook nie as sodanig bekend staan nie (vergelyk later).

Die vergaderplek van die kapteinshof (bandla/huvo) was tra= disioneel buite die kapteinskraal geleë, gewoonlik onder 'n boom digby die kapteinskraal wat spesiaal vir hierdie doel afgesonder word. In die huidige tyd vergader die kapteins= hof by al vier die stamme binnenshuis en wel in die stam= kantoorkompleks waar 'n hofsaal spesiaal vir hofdoeleindes afgesonder is. Hierdie hofsaal is steeds onder die tradi= sionele benaming bekend as bandla ra hosi/huvo ya hosi. Die kapteinshof het dus 'n vaste setel en sal nooit binne die kapteinskraal of enige ander plek vergader nie. By al vier die stamme vergader die kapteinshof op gesette tye. Hofsittings word weekliks op 'n vasgestelde dag gehou. Die hofverrigtinge neem om ongeveer 10h00 'n aanvang en duur tot ongeveer 16h00, afhangende van die hoeveelheid en die duur van die sake wat verhoor moet word. Onafgehandelde sake staan oor tot die volgende week.

Die samestelling van die kapteinshof stem basies ooreen met dié van die stamraad. Vanweë sy besondere verpligting op judisiële terrein is dit die taak van die kaptein om saam met sy raad deur middel van 'n georganiseerde hof, die reg= spraak te beoefen. Die kaptein is die voorsittende regter= like beampte en sy teenwoordigheid by elke hofsitting is noodsaaklik. In hierdie hoedanigheid staan hy soos enige ander regter in die mindere howe by die Nhlanganustamme bekend as muavanyisi (regter) en by die Changanastamme as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>muqwebi</u> (vgl. Doke en Vilakazi 1948:284 en Chatelain 1952: 39).

In uitsonderlike omstandighede kan 'n plaasvervanger vir die kaptein as voorsitter van die hof aangewys word. 'n Senior lid van die regerende linie word gewoonlik tydens die afwesigheid of langdurige siekte van die kaptein, as sy plaasvervanger in die hof aangewys. Informante stel dit egter uitdruklik dat sodanige plaasvervanger slegs uit die volwasse mans van die regerende linie aangewys mag word. Geen ander belangrike persoon soos byvoorbeeld 'n wykshoof of 'n lid van die stamowerheid kan namens die kaptein as voorsitter van die hof optree nie. Die plaasvervanger van die kaptein beskik in die hof oor dieselfde bevoegdhede as die kaptein. Sy uitspraak is finaal en daar kan by geen latere geleentheid, byvoorbeeld tydens die teenwoordigheid van die kaptein, teen sodanige uitspraak geappelleer word nie.

Naas die kaptein bestaan die hof uit verteenwoordigers van die regerende familie. Dit is gewoonlik broers van die kap= tein se vader, hulle seuns en ook sy eie broers wat saam met hom verantwoordelik is vir die nakoming van sy judisiële pligte. By die hofsittings wat tydens die navorsing byge= woon is, het dit geblyk dat ongeveer vyf tot sewe lede van die regerende familie by elke hofsitting teenwoordig was. Dit is vir informante ondenkbaar dat 'n kaptein 'n hof sal hou sonder die hulp van sy familie. Indien hulle nie by die hof opdaag nie is dit 'n aanduiding dat daar onenigheid binne die geledere van die regerende familie bestaan wat eers deur die kaptein in die reine gebring moet word. Hier= na sal hy weer op hulle hulp en bystand aanspraak kan maak.

Alle wykshoofde is lede van die hof en behoort, indien moontlik, elke sitting van die hof by te woon. In die hui= dige tyd word dit van die wykshoofde vereis dat hulle elke sitting van die hof moet bywoon aangesien hulle maandeliks

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur die stamowerheid vir hulle dienste vergoed word. Wyks=hoofde wat weens omstandighede nie teenwoordig kan wees nie, moet 'n rede vir hul afwesigheid aan die kaptein verstrek. Tydens die ondersoek het dit geblyk dat ongeveer 70% van alle wykshoofde by elke sitting van die kapteinshof teen=woordig was. Geen plaasvervanger kan namens die wykshoof in die hof sitting neem nie. 'n Wykshoof uit wie se wyk 'n saak afkomstig is, moet teenwoordig wees. Indien hy om een of ander rede afwesig moet wees, tree die xandla xa ndhuna (die "regterhand" van die wykshoof) as sy verteenwoordiger op (vergelyk hoofstuk IV B.6.)

Naas die genoemde lede, is daar ook 'n aantal lede wat van=weë hulle bekwaamheid en kennis aangaande die reg en regs=reëls van die stam, gereeld elke sitting van die kapteinshof bywoon. Hierdie persone word nie deur die kaptein gekies en aangestel nie maar verwerf hulle nie-amptelike status hoof=saaklik op grond van hulle ywer en bekwaamheid en hulle be=langstelling in die sake en belange van die stam. Hulle staan bekend as swikulu swa bandla (kundiges van die hof). Die Changanastamme verwys ook na hierdie oudstes as die madoda ya bandla terwyl hulle by die Nhlanganustamme bekend staan as vanuna va huvo, dit wil sê die manne van die hof. Alle volwasse mans van die stam is teoreties lede van die hof maar gewoonlik is dit slegs die belangrike persone en belangstellende mans in die onmiddellike omgewing van die hof wat gereeld die hofsittings daar bywoon.

Daar is verskillende ampsdraers verbonde aan die kapteins=hof. Soos vroeër verduidelik is, het die ndhunankulu in die verlede die hofverrigtinge gelei. In die huidige tyd verrig 'n amptelike aanklaer, bekend as muchuchisi, hierdie taak (vergelyk hoofstuk III). By die Changanastamme is die voorsitter van die stamowerheid die amptelike aanklaer en by die Nhlanganustamme word 'n senior persoon uit die ge=ledere van die swikulu swa huvo aangewys om hierdie taak te verrig. Die stamsekretaris (museketeri wa hosi) is ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

antwoordelik vir die ontvangs van alle hoffooie en boetes, die uitreiking van aanmanings en die optekening van hofsake. Hiernaas is daar ook 'n aantal boodskappers aan die hof ver= bonde. Hulle staan bekend as swirumiwa swa bandla/huvo. In die huidige tyd word so iemand ook phorisa (konstabel) ge= noem. As bodes van die hof is dit hulle taak om die partye in 'n geding van die verhoordatum te verwittig. Tydens die hofsitting moet hulle sorg dra dat die getuies in 'n saak buite hoorafstand stelling inneem en moet behulpsaam wees met die reëling van die ordelike verloop van die hofverrig= tinge. Na afloop van elke saak moet hulle toesien dat die uitspraak van die hof uitgevoer word.

Soos vermeld is, vergader die hof vandag binnenshuis in 'n hofsaal. Elke hofsaal is met tafels, stoele en banke toege= rus. Die lede van die hof kan gevolglik nie meer volgens die tradisionele wyse in die hof plaasneem nie (vgl. Hartman 1972:218 e.v.). Wanneer die kapteinshof in die huidige tyd 'n saak verhoor, neem die kaptein op die regterstoel plaas, voor in die saal (12h00 posisie). Links van die kaptein sit die stamsekretaris (13h00 posisie) en langs hom, die aanklaer (14h00 posisie). Die lede van die regerende fami= lie neem stelling in op 'n bank wat teen die linkerkantste muur van die saal geplaas is. Die onderskeie wykshoofde sit reg teenoor hulle teen die regterkantste muur. Die ander aanwesiges neem stelling in op die banke agter in die saal, gewoonlik op so 'n wyse dat die onderskeie swikulu swa bandla op die voorste banke aan weerskante van die paadjie sit en die ander mans agter hulle. Daar is opgemerk dat jonger mans hulle plekke ontruim wanneer hulle seniores die hofsaal binnekom en dan in 'n meer "junior posisie" gaan plaasneem. Die litigante gaan staan op hulle knieë in die oop vierkant, reg voor die regterstoel, nadat die muchuchisi hulle ontbied het en hulle die kaptein met die gebruiklike bayete begroet het. By die Nhlanganustamme sit vroue, wat om watter rede ook al die hofverrigtinge moet bywoon, heel agter in die saal. By die Changanastamme word vroue nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binne die hofsaal toegelaat nie (behalwe as hulle moet ge=tuig in 'n saak of een van die partye in 'n geding is). Gewoonlik sit die vroue buite om die hofsaal en op die trap=pe voor die ingang. Twee hofbodes bewaak die onderskeie in=gange van die hofsaal terwyl die ander hofbodes die orde buite die saal moet handhaaf.

Die samestelling van die kapteinshof soos dit hierbo uiteen=gesit is, is die tradisionele samestelling. Hoewel dit in die huidige tyd ook meesal die de facto samestelling is, verskil dit van die de jure posisie. Volgens die bepalings van Wet 38 van 1927 word geen statutêre erkenning verleen aan die hofraad van die kaptein nie. Kragtens die bepalings van artikels 12 en 20 van die Wet word beperkte kriminele en siviele regsmag aan 'n kaptein persoonlik verleen asof hy sake alleen verhoor. Vergelyk in hierdie verband die standpunt van Coertze (1971:186-187) asook die uitspraak in die saak Tsautse vs. Nene (1952 BAH, SA 73) waaruit die standpunt duidelik blyk asook dat die mindere howe wat steeds ondergeskik aan die kapteinshof by die stamme funk=sioneer, geen status in die reg het nie.

Tradisioneel het die kapteinshof siviele sowel as strafreg=telike jurisdiksie oor alle persone in die stamgebied gehad. Dit was die hoogste hof van die stam en sy uitsprake was finaal. Sy bevoegdheid was onbeperk en hy kon selfs 'n vonnis van verbanning of die doodstraf oplê. Die kapteins=hof was ook die enigste hof van die stam wat oor die be=voegdheid beskik het om volgens die stamreg sy vonnisse en uitsprake met die uitoefening van geweld, af te dwing (vgl. Hartman 1972:219). Vanweë sy onbeperkte publiekregtelike sowel as privaatregtelike regsbevoegdheid, kon die kapteins=hof in die verlede alle soorte sake verhoor. Ernstige strafregtelike sake soos moord, roof, brandstigting en man=slag kon alleen deur die kapteinshof verhoor word.

In die huidige tyd is die siviele regsmag van die kapteins=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hof ingevolge bestaande wetgewing steeds sonder beperkings. Die beperkinge wat die Derde Bylae van die Swart Administra= siewet van 1927 egter op sy strafregtelike regsmag lê, ver= bied hom om enige van die bogenoemde ernstige kriminele mis= drywe te verhoor. Vanweë sy onbeperkte siviele regsmag, het die kaptein nog steeds die bevoegdheid om siviele sake tussen partye wat in sy gebied woonagtig is, te verhoor. Sake soos familiegeskille wat nie in die familiehowe en die wykshof afgehandel kan word nie, twiste oor landerye, wan= betaling van skuld, ens., is van die mees algemene sake wat deur die kapteinshof bereg word. Die hof het die bevoegd= heid om skadevergoeding te bepaal en 'n bevel tot lewering daarvan uit te vaardig. Langs hierdie weg word in die hui= dige tyd van die kapteinshof gebruik gemaak om uitsprake van mindere howe te laat afdwing.

Ten spyte van die kaptein se beperkte strafregtelike regs= mag funksioneer die kapteinshof in die huidige tyd steeds as 'n hof van eerste instansie vir alle strafregtelike sake wat bo die tradisionele jurisdiksie van die wykshoof gaan. Tydens die navorsing het dit aan die lig gekom dat die on= derskeie kapteinshowe in die huidige tyd bykans enige straf= saak ontvang en verhoor. Oortredings soos bloedskande, ver= kragting, aanranding, ensovoorts, word as siviele sake han= teer en aan die verontregte party word skadevergoeding toe= geken. Anders as by die Bafokeng (vgl. Coertze 1971:189) word die uitspraakskuldeiser by die stamme van Mhala nie bevoordeel deur 'n addisionele strafelement aan die uit= spraak toe te voeg nie (vergelyk sake 43, 44 en 48). Die uitspraakskuldenaar moet egter die normale hoffooi, soos van toepassing op alle siviele sake, aan die hof lewer (vergelyk later).

Geen saak mag egter direk by die kapteinshof aanhangig ge= maak word nie. Alle sake moet normaalweg via die wykshoof na die kapteinshof kom (vergelyk byvoorbeeld saak 41). In= dien die wykshoof merk dat die saak vir sy hof te "swaar"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, en/of buite die jurisdiksie van sy hof val, sal die saak na die kapteinshof verwys word.

As die hoogste hof van appèl binne die stam, ontvang die kapteinshof dus alle appèlsake wat vanaf die wykshof afkom= stig is. Slegs in uitsonderlike gevalle sal daar direk van die onderskeie familiehowe na die kapteinshof geappel= leer word (vergelyk saak 67). Ernstige strafregtelike oor= tredings soos aanranding, manslag, roof, ens., kan egter direk deur enige persoon by die kapteinshof aanhangig ge= maak word. Hoewel sodanige regsaksie moontlik is, beweer informante dat die saak in die meeste gevalle tog eers by die wykshoof aangemeld word waarna hy, tesame met die klaer, die saak na die kapteinshof sal neem. Sodanige handeling vergemaklik die hantering van die saak in die kapteinshof aangesien die wykshoof hom eers deeglik van die feite ver= gewis het en sy indrukke van die saak aan die hof kan rap= porteer.

Slegs die kapteinshof het die bevoegdheid om klagtes teen'n wykshoof te verhoor. Hy is deur die kaptein aangestel en vir enige ongeregverdigde optrede verantwoording aan die kaptein verskuldig. Klagtes teen die optrede van die kap= tein en lede van sy gesin daarenteen, sal baie selde in die kapteinshof verhoor word. Enige klag teen die kaptein en lede van sy familie kan egter by die hof van die regerende familie aanhangig gemaak word (vergelyk saak 9).

(b) <u>Die Wykshof</u>

Die wykshof is die hoogste hof onder die kapteinshof en die laagste openbare hof van die stam. Die wykshoof en daarom ook die hof wat aan sy persoon en sy gebied verbonde is, ontleen egter sy gesag aan die gesag van die kaptein deur wie hy aangestel is. Sy hof beskik gevolglik nie oor in= herente jurisdiksie nie. Hierdie hof het verder slegs jurisdiksie oor die inwoners van sy wyk, hoewel daar voor=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

siening bestaan vir die beregting van geskille tussen partye wat in verskillende wyke woonagtig is. Sodanige sake word gewoonlik in die wykshof van die verweerder verhoor. Soos vroeër vermeld is, het sommige kapteins ook stamwyke buite hul statutêromskrewe regsgebied. Die wykshoofde van hierdie wyke het net soos die ander wykshoofde, jurisdiksie oor die stamlede wat in hulle wyk woonagtig is. Die wyk waarin die kapteinskraal geleë is, staan soos alle ander wyke onder die gesag van 'n aangestelde wykshoof. Laasgenoemde verhoor alle sake wat uit hierdie wyk voor hom gebring word met die uitsondering van familie-aangeleenthede waarby die linie van die kaptein betrokke is. Die stamhoof is dus nie tegelyk ook wykshoof van die wyk waarin hy woon nie. In die verlede was hierdie wykshoof die ndhunankulu. Waar hierdie posisie tans verval het, word die wykshoof soos alle ander wykshoof= de, deur die volwasse mans binne die wyk verkies.

Die formele hof van die wykshoof is by die Changanastamme bekend as bandla ra ndhuna en by die Nhlanganustamme as huvo ya ndhuna. Naas hierdie algemene benaming is die vol= gende benaminge ook teëgekom : huvo leyitsongo dit wil sê die "klein hof", huvo ya hlayisa vanhu va tiko - die hof wat stamlede help en xihubyana xa ndhuna - die klein hof van die wykshoof (letterlik).

Die setel van die wykshof is by die kraal van die wykshoof. Vanweë die aard van die verrigtinge sal die hof nooit binne die kraal van die wykshoof vergader nie. Die hof vergader onder 'n boom net buite die kraal van die wykshoof. Net soos die kapteinshof het hierdie hof 'n vaste setel en neem nie sitting op ander plekke binne die wyk nie.

Hoewel die reg om die regspraak te beoefen deur die kaptein aan die persoon van die wykshoof gedelegeer is, kan die wyks= hoof nie alleen 'n hof hou nie. Hy is egter by elke hofsit= ting die voorsittende regterlike beampte en hy alleen beskik oor die bevoegdheid om uitspraak in 'n geding voor sy hof te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gee. Indien die wykshoof nie in staat is om die hofsitting by te woon nie of wanneer die wykshoofskap vakant is, neem die xandla xa ndhuna (die "regterhand" van die wykshoof), die sake wat by hom aangemeld word, direk na die kapteins= hof.

In die beoefening van die regspraak word die wykshoof deur verskillende spesifieke persone bygestaan. Eerstens is daar die xandla xa ndhuna wat as "regterhand" van die wykshoof die taak het om alle sake te ontvang, die hofverrigtinge te organiseer, as aanklaer op te tree en aan die einde van elke saak die bevinding van die hof te formuleer en aan die wyks= hoof oor te dra vir uitspraak. Die xandla xa ndhuna is in die huidige tyd ook bekend as museketeri wa ndhuna (die sekretaris van die wykshoof).

Tweedens funksioneer daar 'n aantal helpers van die wykshoof. Hierdie helpers staan onder verskillende benaminge by die onderskeie stamme bekend. Naas die algemene benaming van vapfuni va ndhuna (helpers van die wykshoof) is ook die vol= gende benaminge vir hierdie helpers teëgekom : madoda ya bandla/huvo (die ou manne van die hof), vanuna va huvo (die manne van die hof), madoda ye lisango (die ou manne wat die hek binnegaan en in oordragtelike sin, die ou manne wat die reg het om sake te verhoor), vankulukumba va huvo (die be= langrike persone van die hof) en swikulu swa bandla (die kundiges van die hof). Hierdie helpers word op grond van hulle bekwaamheid en kennis van die stamreg deur die wyks= hoof aangewys en vorm saam met die wykshoof die kern van die hof. Hulle behoort almal vir 'n verhoor aanwesig te wees. Hoewel hulle nie daartoe verplig is nie, is daar in die prak= tyk altyd 'n genoegsame aantal van hulle in die wykshof teen= woordig om dit vir die wykshoof moontlik te maak om sake te verhoor. Alle ander volwasse mans van die wyk kan ook die hofsitting bywoon en deelneem aan die hofverrigtinge.

Die litigante word normaalweg deur hulle senior manlike ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wante vergesel. Veral die persoon wat die saak tuis ver=hoor het, se teenwoordigheid is van die uiterste belang. Dit is sy taak om in die wykshof te verduidelik wat in die familiehof gebeur het. Sy ander manlike verwante is 'n li=tigant se belangrikste ondersteuners. Indien hulle nie teenwoordig is nie, is dit reeds 'n aanduiding vir die hof dat hulle die litigant se saak nie ondersteun nie. Dit ge=beur gewoonlik wanneer 'n litigant nie berus het by die uitspraak van die familiehof nie of wanneer hy teen die wen=se van sy afkomsgenote 'n dispuut in 'n openbare hof aan=hangig maak. Net soos in die kapteinshof mag geen vrou die hofverrigtinge bywoon indien sy nie 'n getuie of 'n party in 'n geding is nie. Selfs dan moet sy deur 'n manlike per=soon vergesel word.

Elke wykshoof het een of meer bodes aan sy hof verbonde. So 'n persoon staan as ntsumi ya ndhuna of xirhumiwa xa ndhuna (boodskappers van die wykshoof) bekend. In die hui=dige tyd word so iemand ook phorisa ra bandla/huvo (hofkon=stabel) genoem. Hulle is aangestelde amptenare van die wykshoof en ontvang in die huidige tyd 'n salaris van die stamowerheid. Hulle belangrikste taak is om klagtes te on=dersoek en as bodes van die hof op te tree. Hulle moet elke hofsitting bywoon en met die organisering van die ver=rigtinge behulpsaam wees.

As daar sake is, vergader die wykshof weekliks - gewoonlik 'n paar dae vroeër as die kapteinshof - om sodoende aan appellante geleentheid vir appèl na die kapteinshof te gee. Wanneer die wykshof vergader, word daar ook 'n bepaalde sitwyse gevolg. 'n Volledige uiteensetting hiervan kom elders voor (vgl. Hartman 1972:223). Hierdie sitwyse word deur al die stamme van Mhala gevolg.

Die regsbevoegdheid van hierdie hof is territoriaal afgeba-ken. Die wykshoof kan alleen geskille van wykslede sowel as dispute met buitestanders waar een van die wykslede die ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weerder is, verhoor.

Die wykshoof het tot onlangs (1972) onbeperkte siviele regs=bevoegdheid gehad. Hiervolgens kon alle eise om skadever=goeding, met insluiting van eise weens diefstal, laster, ver=leiding, oortreding op die lande van 'n ander, ensovoorts, in die wykshof verhoor word. Die skadevergoeding wat 'n wykshoof in sulke sake kon toestaan, was onbeperk. Die wyks=hoof het egter alle sake wat belangrike implikasies het of wat hy as te "swaar" vir sy hof gereken het, volgens eie diskressie na die kapteinshof verwys. Hy het ook oor die bevoegdheid beskik om geringe strafsake te verhoor. Hoewel hy nie ernstige strafsake kon verhoor nie, het die wykshoof die bevoegdheid gehad om alle strafsake wat in sy gebied mag ontstaan en by sy hof aanhangig gemaak is, te ondersoek en daarna na die kapteinshof deur te stuur. Die wykshof kon egter nie in hierdie sake uitspraak gee nie en het ook nie oor die bevoegdheid beskik om 'n boete of lyfstraf op te lê nie. Met uitsondering van baie ernstige sake moes alle strafregtelike sake dus deur die wykshof na die kapteinshof gaan. 'n Saak kon in feitlik alle gevalle nie direk by die kapteinshof aangemeld word nie (vergelyk sake 49,64,67 en 69).

Die wykshof het as laagste openbare hof die bevoegdheid ge=had om alle sake wat nie deur die onderskeie familiehowe afgehandel kon word nie, te verhoor. Op hierdie wyse was die wykshof 'n hof van appèl vir diegene wat nie met die bevin=ding van 'n nie-openbare hof tevrede was nie. Nie-openbare howe het ook van die wykshof gebruik gemaak om hulle be=slissings te laat afdwing indien 'n lid hom nie aan die uit=spraak van hierdie howe wou onderwerp nie. 'n Familiesaak kon egter nie direk by die wykshof aangemeld word nie. In=dien so 'n saak wel voor die wykshof gelê word, sal die wyks=hof eers verneem of dit in die familiehof verhoor was. Indien nie, is die saak terugverwys na die familiehof (vergelyk saak 60). Op hierdie wyse word die vertroulikheid van familiesake

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bewaar en weerhou die wykshoof hom van onnodige inmenging in sake waarin die familiehoof oor meer vooraf kennis van die aangeleentheid as hy beskik.

Sedert 1972 is die regsbevoegdheid van die wykshof aansien= lik ingekort. Vanweë ongerymdhede by die hof van enkele wykshoofde in die Mhaladistrik, het die Streeksowerheid op aanbeveling van die destydse magistraat, besluit om die funksionering van die wykshof op te skort. Hierdie verbod word by die verskillende stamme en wykshoofde verskillend geïnterpreteer. Sommige beweer dat 'n wykshoof geen hof meer kan hou nie. Ander beweer dat hy wel nog sake mag verhoor maar dat hy nie oor die bevoegdheid beskik om uit= spraak te gee nie, terwyl die grootste groep beweer dat 'n wykshoof slegs "klein sake" kan verhoor en uitspraak daarin kan gee. Dit het uit ondervraging van wykshoofde in die Mhaladistrik egter duidelik geblyk dat die wykshof tans nog in wisselende mate, soos in die verlede, funksioneer. In meeste gevalle geskied dit ook met die medewete van die on= derskeie stamowerhede; trouens, by die sake wat tydens die navorsing in die onderskeie kapteinshowe bygewoon is, is daar by verskeie geleenthede aan die litigante gevra of die saak in die wykshof verhoor is. Geringe sake wat nie deur die wykshof verhoor is nie en net die tyd van die kaptein en sy hof sou verkwis, is telkens na die wykshof terugver= wys. Alle ander sake is egter direk deur die kapteinshof verhoor.

Die belangrikste rede waarom hierdie howe, ten spyte van die verbod, tans nog funksioneer, is eerstens omdat meeste wykslede, hoewel hulle oor die inperking van die bevoegdheid van die wykshoof ingelig is, nog steeds sake na die wykshof bring om aldaar verhoor te word. Die karige salaris van R12-00 per maand wat wykshoofde van die stamowerheid ontvang, is verder ook onvoldoende om in die behoeftes van die wyks= hoof te voorsien. Die addisionele inkomste wat 'n wykshoof uit hoffooie verkry, verhoog nie alleen sy inkomste nie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar stel hom in staat om die ander lede van sy hof vir hulle dienste te vergoed. Wykshoofde is beslis nie bereid om hulle administratiewe pligte te verrig sonder 'n salaris=verhoging nie.

Indien die verbod op die funksionering van die wykshof vol=ledig afgedwing sou word, volg dit logies dat die kapteins=hof oorlaai sal word met talle onbenullige sake. Sodanige volledige afdwinging kon tot dusver nog nie bewerkstellig word nie. 'n Mens kan dus die hoop uitspreek dat hierdie verbod opgehef sal word, veral omdat hierdie howe steeds nog funksioneer.

'n Mens moet ten slotte weer daarop wys dat die hof van die wykshoof ten spyte van sy bestaan en funksionering sedert die vroegste tye, nie deur die bestaande wetgewing en regu=lasies erken word nie. Die bepalings van artikels 12 en 20 van die Swart Administrasiewet van 1927 is slegs van toepassing op kapteins en hoofmanne en nie op wykshoofde nie. Ten spyte van hierdie miskenning van die kant van die wet=gewer, het dit nie die bestaan en funksionering van die wyks=hof nadelig beïnvloed nie.

3. Nie-openbare of familiehowe

(a) Die hof van die kraalhoof en kralekompleks

Vroeër is aangedui dat 'n kraal onder 'n hoof staan wat be=kend is as nkulukumba wa muti. Daar is ook aangedui dat hierdie kraalhoof oor 'n inherente bevoegdheid beskik om familiesake binne sy kraal te verhoor en onderling geskille tussen kraalinwoners te besleg. Omdat die kraal die klein=ste sosio-politiese eenheid binne die stam is, is die hof van die kraalhoof ook die laagste hof binne die judisiële organisasie van die stam.

Die benaming van die hof van die kraalhoof stem nie ooreen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met dié van die openbare howe nie. Informante is dit eens dat hierdie hof nie as bandla/huvo bekend kan staan nie - dit is nie 'n openbare hof nie. Daar bestaan ook nie 'n spesifieke onderskeidende benaming vir enige van die nie-openbare howe wat hulle afsonderlik van openbare howe aan=dui nie. Die benaming vir die kraalhof is byvoorbeeld nhlengeletano ya timhaka ta le ndlweni (die vergadering van huisaangeleenthede). In die vergadering kan vroue ook 'n aandeel hê. 'n Mens het in hierdie hof sowel as in alle nie-openbare howe te make met die verhoor van timhaka ta le ndlweni, dit wil sê "aangeleenthede van die huis." Vanweë die vertroulikheid van familiesake word hierdie hof ook ge=noem xihundla xa muti. Die begrip xihundla dui hier op 'n geheime plek, dit wil sê 'n hut waar familiesake bespreek word. Cuenod (1967:233) vertaal die woord dan ook as "secret place, where private affairs are discussed, hence secret." Hierdie laaste benaming word veral gebruik wanneer die familiesake van die kapteinshuis verhoor word.

Uit die aard van die saak is die setel van hierdie hof by die kraal van die kraalhoof. Aangesien die sake wat behan=del word gewoonlik vertroulik van aard is, verkies die kraal=hoof om saam met sy adviseurs in die afgesonderdheid van 'n hut te vergader. Gewoonlik vergader die hof in die hut van die hoofvrou of ook soms in 'n ander hut wat vir dié doel aangewese is. 'n Kraalhoof volg soms selfs die beleid om hof te hou in die hut van die vrou waar hy die vorige nag oornag het. Wanneer 'n lid van die kraal egter op die ter=rein van 'n ander kraalhoof oortree het, en die klaer die saak aanhangig kom maak, vergader die hof in die hut van die verweerder indien dit 'n vrou is, of in die hut van die moeder van die oortreder indien dit 'n minderjarige persoon is. Ten spyte van die betrokkenheid van vreemdelinge in die saak, word die verrigtinge van die hof dus steeds geheim ge=hou.

Die kraalhof het geen formele samestelling nie en varieer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewoonlik ooreenkomstig die aard van die saak en die partye wat daarin betrokke is. In geringe sake tussen kraallede onderling, kan die hof bestaan uit die kraalhoof, sy vol= wasse seuns wat nog in die kraal woonagtig is en sy onder= skeie vroue. In meer gewigtige sake tussen kraallede kan die kraalhoof na goeddunke besondere verwante versoek om die verhoor as adviseurs by te woon. Vanweë die vertroulikheid van familiesake, roep die kraalhoof slegs van sy patrilini= êre verwante om hom te kom bystaan. Dit is gewoonlik sy vader, sy vadersbroers en sy eie broers. Indien sy eie seuns reeds volwassenheid bereik het, dit wil sê getroud is, sal die kraalhoof hulle ook roep om die hofsitting te kom bywoon. Die kraalhoof is egter nie verplig om alle manlike verwante in die vaderlike lyn wat lede van dieselfde krale= kompleks is, na sy hof te ontbied nie. Hy doen dit slegs ten einde 'n regverdige beslissing in 'n gewigtige saak te verkry. Informante is dit egter eens dat die hof van die kraalhoof in gewigtige sake nooit uit minder as drie of vier volwasse manlike verwante tesame met die vroue van die kraal= hoof, saamgestel sal word nie. Wanneer die manlike verwante van die kraalhoof op hierdie wyse ontbied word, bly die kraalhoof steeds die voorsittende beampte, al is die linie= hoof of die ouer broers van die kraalhoof of dié van sy vader in sy hof teenwoordig. Die verhoor is ook steeds 'n verhoor voor die kraalhoof.

Wanneer die kraalhoof en enkele van sy broers of sy volwas= se seuns 'n saak verhoor en nie daarin slaag om die litigan= te tot die aanvaarding van die beslissing te bring nie, of wanneer een van die partye met die uitspraak van die hof ontevrede is, is die kraalhoof genoodsaak om sy vader, sy vadersbroers en sy eie broers na sy kraal te ontbied om die saak weer te verhoor. Hoewel dit steeds 'n kraalsaak bly, is die kraalhoof onder hierdie omstandighede nie meer die voorsittende beampte nie. Sy vader of die mees senior man= like persoon wat teenwoordig is, tree dan as voorsitter op. Op hierdie wyse verskil die samestelling van die kraalhof in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wese nie veel van die hof van die kralekompleks nie. Dit staan gevolglik ook nie meer bekend as die hof van die kraalhoof nie maar as die hof van die kralekompleks. 'n Appèl vanuit hierdie hof gaan gevolglik direk na die wykshof en in die geval van linieverwante, na die liniehof indien dit as 'n afsonderlike hof funksioneer (vergelyk later).

Indien 'n kraalhoof egter nie die bogenoemde prosedure volg nie, kan 'n ontevrede litigant na die hof van die kralekom=pleks appelleer. Die saak sal dan as 'n appèlsaak in die hof van die kralekompleks verhoor word.

Aangesien die kraalhoof ook alle sake verhoor waarin een van sy kraallede die verweerder is, word die samestelling van die kraalhof vir so 'n besondere verhoor so gewysig dat die verwante van die klaer ook teenwoordig is. As lede van die hof mag hulle aan die beraadslaging en ondervraging deelneem. Die kraalhoof van die verweerder is egter die voorsittende beampte. Indien hy die saak volgens hulle opinie nie na be=hore bereg nie en die litigante nie aan dieselfde kralekom=pleks of linie behoort nie, het hul egter die bevoegdheid om die saak daarna direk by die wykshoof aanhangig te maak.

<u>Die hof van die kralekompleks</u> is hoër in status as dié van die kraalhoof en kan in sekere sake 'n hof van appèl vorm, terwyl sommige sake direk by die hoof van die eenheid <u>(nkulukumba wa miti)</u> aangemeld word. Dié hof het alleen regsbevoegdheid in sake wat tussen die lede van die eenheid ontstaan of waarin 'n lid van die eenheid die verweerder is.

Die hof het dieselfde benaming as dié van die kraalhoof en die <u>nkulukumba wa miti</u> is die voorsittende beampte. Alle volwasse mans binne die eenheid is potensiële lede van die hof. Geen vreemdeling word by die hofsitting toegelaat nie want familiesake word nie voor vreemdelinge uitgepluis nie. Wanneer 'n vreemdeling die klaer in 'n saak is, is hierdie reël uit die aard van die saak nie van toepassing nie. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

klaer word vergesel van sy verwante en hulle kan, net soos in die kraalhof, deelneem aan die beraadslaginge van die hof.

Die hof het nie 'n vaste setel nie. Wanneer 'n saak by die nkulukumba wa miti aangemeld word, kan hy ooreenkomstig sy diskressie besluit waar die saak verhoor moet word. Normaal=weg vergader hy saam met die senior lede van die eenheid by die woonplek van die kraalhoof waar die saak ontstaan het of waarheen hy ontbied is. Hierdie prosedure word veral gevolg wanneer die uitspraak van die kraalhoof nie eerbiedig word nie of wanneer 'n saak te "swaar" is vir die kraalhof. An=dersins vergader die hof by die kraal van die nkulukumba wa miti en neem gewoonlik sitting binne die hut van sy hoofvrou.

Dié hof verhoor enersyds sake wat nie in die kraalhof afge=handel kon word nie en andersyds alle klagtes waarby 'n kraalhoof persoonlik betrokke is. Sake tussen 'n kraalhoof en sy vrou of kinders, val buite die jurisdiksie van die kraalhoof en moet gevolglik deur hierdie hof verhoor word. 'n Vrou meld daarom 'n klagte teen haar man by haar man se vader wat gewoonlik ook die nkulukumba wa miti is, aan. Aange=sien die man sowel as sy vrou onder die gesag van die nkulukumba wa miti staan, volg 'n man dieselfde prosedure wanneer hy 'n klag teen sy vrou wil lê. Indien die vrou haar nie aan die uitspraak van die hof wil onderwerp nie of haar by herhaling aan dieselfde oortreding skuldig maak, word haar familie, gewoonlik haar vader en die senior mans van haar afkomsgroep, na die woonplek van haar man genooi om die hofsitting van sy nkulukumba wa miti by te woon. Alhier kan die familie van die vrou aan die bespreking sowel as die be=slissing van die hof deelneem.

Wanneer 'n man die uitspraak van die nkulukumba wa miti ver=werp, word hy gewoonlik verkla by die liniehoof wat soms ook die hoof van die kralekompleks kan wees. Aangesien getroude vroue (met uitsluiting van die Mnisistam) nie aan dieselfde linie as hulle mans behoort nie, kan die liniehoof nie 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saak tussen man en vrou in die liniehof verhoor nie. Die liniehoof gaan daarom, vergesel van senior liniegenote, na die woonplek van die nkulukumba wa miti. Indien hulle na deeglike beraadsalging bevind dat die nkulukumba wa miti die saak nie na behore bereg het nie, vra die liniehoof gewoon=lik vir 'n herverhoor van die saak deur die nkulukumba wa miti. Hoewel die liniehoof die herverhoor van die saak by=woon, bly die nkulukumba wa miti steeds die voorsittende beampte. Die liniehoof en ander linielede funksioneer slegs as lede van die hof. By die Mnisistam waar 'n getroude vrou na die huwelik lidmaatskap van die linie van haar man verkry, word dieselfde prosedure as hierbo gevolg. Anders as by die ander stamme is die liniehoof egter die voorsittende beampte by die herverhoor van die saak. Dié hof staan dan ook bekend as die liniehof.

Indien die liniehoof nadat hy ontbied is, sou bevind dat die nkulukumba wa miti die saak wel na behore bereg het, vind daar nie 'n herverhoor plaas nie. Die liniehoof sal die uitspraakskuldenaar vermaan en hom gelas om hom aan die uit=spraak van die nkulukumba wa miti te onderwerp. Die linie=hoof het in hierdie optrede elke keer die beskerming van die goeie naam van die afkomslyn in die oog en probeer altyd om die saak sover moontlik binne die familieverband te beredder.

Indien 'n vrou egter 'n klag teen haar man het en die nkulukumba wa miti van haar man die saak na haar mening nie na behore bereg het nie, kan dit gebeur dat die ontevrede vrou na haar ouerhuis wegloop. Wanneer haar man by die kraal van haar vader na haar sou navraag doen en sy weier om terug te keer, word die klagte in die kraalhof van haar vader verhoor. Haar man is nou die klaer en die saak voor die hof handel oor die weglopery van sy vrou. Gewoonlik word die man in sulke sake vergesel deur sommige van sy senior manlike verwante. Hierdie verwante neem deel aan die beraadslaging sowel as die beslissing van die hof.

Uit die bogenoemde verduideliking van die samestelling van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die hof van die kraalhoof en kralekompleks, kan 'n mens die bewering van Coertze (1971:138) oor die familiehowe by die Bafokeng onderskryf: "Dit is ... duidelik dat hoe die ver=gadering ... ook al saamgestel is, die lede daarvan volgens ons norme, in elke geval uit mense wat in noue verwantskap met die verweerder staan, saamgestel sal wees. As sodanig voldoen hierdie beraad en beslissingswyse nie aan die Wes=terse eis dat die regter in 'n saak volkome onpartydig teenoor die saak en die partye moet kan handel nie." Infor=mante vertolk hierdie beginsel anders. Op 'n vraag waarom 'n saak by die kraal van die verweerder verhoor moet word, het hulle geantwoord, dat, wanneer 'n klag gelê word by die kraal van die verweerder en die saak aldaar verhoor word, die klaer enersyds sekerheid het dat die verweerder teen=woordig sal wees vir die verhoor. Andersyds word 'n klaer altyd vergesel van sy senior manlike verwante wat sal toe=sien dat die saak onpartydig verhoor word. Vervolgens be=staan daar natuurlik ook die moontlikheid om te appelleer na 'n openbare hof waar 'n partydige regter uit die familiehof in die openbaar deur die wykshoof berispe en betig sal word. Op hierdie wyse word 'n regverdige verhoor verseker.

Die enigste uitsondering op hierdie reël is wanneer die kap=tein of 'n lid van sy familie in 'n saak betrokke is. Hier geld die beginsel dat 'n saak waarin die kaptein of 'n lid van sy familie betrokke is, nie deur 'n onderdaan verhoor mag word nie. Hierdie reël is van toepassing op alle lede van die regerende linie. Wanneer 'n lid van die regerende linie 'n klagte het teen 'n onderdaan, word die saak in die kraal van die kaptein verhoor (vergelyk saak 9). Die hof word saamgestel uit die volwasse mans van die regerende familie tesame met verwante van die verweerder. Die kaptein is die voorsittende beampte en indien hyself een van die litigante is, sal sy vader se oudste broer as voorsitter sitting neem. Hierdie hof staan bekend as <u>xihundla xa vu=hosi</u> en vergader, vanweë die vertroulikheid van sulke sake, binne die hut van die hoofvrou van die kaptein. Aangesien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kaptein self die saak verhoor, word daar selde teen sy uitspraak geappelleer. Indien 'n persoon wel appelleer, gaan die saak direk na die kapteinshof waar dit dan in die openbaar verhoor word.

Wanneer 'n litigant geen verwant in die stamgebied het nie (dit gebeur baie selde in die Mhaladistrik) word daar steeds gepoog om die saak uit die openbare howe te hou. So 'n saak word gevolglik nie direk by die wykshof of die kapteinshof aangemeld nie, maar word ooreenkomstig die volgende prose= dure in die onderskeie familiehowe verhoor: Indien die "vreemdeling" (informante beweer dat daar geen ware vreemde= ling in die stamgebied woonagtig kan wees nie aangesien elke nuwe intrekker wanneer hy om woonregte in die stamgebied aan= soek doen, vergesel moet wees van 'n vriend of 'n verwant of deur iemand wat hom ken en kan aanbeveel), die verweerder in 'n saak is, kan hy uit sy vriendekring (gewoonlik sy buur= man) 'n persoon aanwys wat die saak sal verhoor. As vereiste geld egter dat hierdie vriend 'n bejaarde persoon moet wees en dat hy, tesame met sy manlike verwante, as die vreemdeling se "familie" die saak sal verhoor. Aangesien 'n litigant gewoonlik deur sy manlike verwante vir 'n verhoor vergesel word, moet die vreemdeling, indien hy die klaer is, sommige van sy vriende aanwys om hom na die hofstitting by die ver= verweerder te vergesel (vergelyk saak 14).

Soos hierbo vermeld is, vergader die familiehowe altyd binne 'n hut. Wanneer die litigante tesame met hulle verwante vir 'n verhoor vergader, word daar 'n bepaalde sitwyse gevolg. Nadat die voorsittende beampte plaasgeneem het, gaan sit sy verwante in orde van senioriteit in 'n halfmaan aan sy reg= terkant en dié van die klaer in 'n halfmaan aan sy linker= kant op so 'n wyse dat die twee groepe reg teenoor mekaar sit. Die mans sit op opgerolde matjies terwyl die matte van die vroue oopgerol is. Die twee litigante sit op hulle knieë, in die middel, regoor die voorsittende beampte. Hierna ver= loop die prosedure net soos in die openbare howe (vergelyk later.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos vroeër vermeld is, verhoor die hof van die kraalhoof en kralekompleks, sake wat tussen lede van die eenheid ont=staan of waar 'n lid van hierdie eenhede die verweerder is. Aangesien die openbare howe geen siviele eis sal hanteer al=vorens dit nie eers voor hierdie howe gedien het nie, word alle siviele sake aanvanklik by die hof van die kraalhoof aangemeld en verhoor (vergelyk sake 4, 5 en 10). Daarom behoort 'n klaer, wanneer sy saak by 'n openbare hof aange=meld word, vergesel te wees van die kraalhoof vanwaar die saak afkomstig is. Hy sal verslag kan lewer van wat in sy hof gebeur het.

Die familiehof het onbeperkte siviele regsmag en met uit=sondering van sake van ernstige aanranding en moord, kan hierdie howe ook alle strafsake verhoor. Net soos by die Bafokeng (Coertze 1971:141), hanteer hierdie howe strafreg=telike oortredings soos verleiding, diefstal, owerspel, ens. as siviele sake en kan skadevergoeding aan die klaer toegeken word. Daar word geen beperking geplaas op die omvang van die skadevergoeding wat toegeken word nie. Dit kom dus daarop neer dat indien die partye in 'n geding met die uitspraak van die hof genoeë neem, die saak afgehandel is. Afgesien van die bevoegdheid om skadevergoeding toe te ken, het hierdie howe ook die bevoegdheid om te berispe, 'n bevel van skuld=vereffening te gee en om lyfstraf op te lê.

(b) Die Liniehof

Oor die bestaan en funksionering van 'n liniehof was die in=formante dit nie eens nie. Daar bestaan trouens geen een=vormige patroon by die onderskeie stamme oor die bestaan en funksionering van so 'n hof nie. By die Nhlanganustamme funksioneer daar byvoorbeeld wel 'n linieraad. Die linieraad kan 'n ongehoorsame linielid berispe en vermaan maar die raad kan geen formele klagte verhoor nie. Vanweë die funksionering van die hof van die nkulukumba wa miti wat in meeste gevalle saamgestel word uit die senior verwante van 'n betrokke linie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word 'n liniehof by die Nhlanganustamme as oorbodig beskou. Soos vroeër vermeld is, word die liniehoof soms wel ontbied om 'n saak in die kraalhof te help verhoor. As sodanig tree hy as voorsittende regterlike beampte op en staan die hof van die kraalhoof, vanweë die teenwoordigheid van die liniehoof en ander senior linielede, wel bekend as die linie=hof. Die liniehof het dus nie 'n eie setel nie en die linie=hoof kan nie 'n hof hou tensy hy sodanige versoek van sy liniegenote ontvang nie.

By die Changanastamme, en meer spesifiek by die regerende linie, bestaan daar wel 'n liniehof naas die hof van die nkulukumba wa miti. Hierdie hof is hoër in rang as dié van die nkulukumba wa miti maar vorm slegs in sekere sake 'n hof van appèl. Die verskil tussen die liniehof en dié van die nkulukumba wa miti, lê daarin dat die regsgebied van dié hof in die eerste instansie nie territoriaal afgebaken is nie, en in die tweede instansie, dat die hof alleen familie=sake, en hier meer spesifiek sake tussen linieverwante, ver=hoor. Persone van ander linies, waarby ingetroude vroue ook gereken word, kan nie die verrigtinge van hierdie hof bywoon nie. Geen saak waarby hulle betrokke is, kan in hierdie hof verhoor word nie. Hulle behou hulle linieverband en vir sover dit linie-aangeleenthede betref, val hulle binne die gesagsfeer van hul eie linie.

In sake wat deur die liniehof verhoor word, is die liniehoof die voorsittende beampte. Sy posisie word deur sy seniori=teit van afkoms bepaal en sy reg tot gesaguitoefening word op grond daarvan deur die ander linieverwante erken en eer=biedig. Die liniehof is net soos die ander familiehowe be=kend as nhlengeletano ya timhaka ta le ndlweni ('n vergade=ring van huisaangeleenthede). Alle volwasse lede van die linie mag 'n verhoor bywoon en aan die besprekings deelneem. Aangesien vroue ook lede van 'n linie is, is dit volgens informante teoreties moontlik dat hulle ook die hofverrig=tinge mag bywoon. Vanweë patrilokale inwoning na die huwe=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lik gebeur dit egter selde dat die vrouelede van die een=heid die hofverrigtinge kan bywoon. Die hof vergader by die kraal van die liniehoof. Vanweë die privaatheid van die sake wat bespreek word, geskied die verrigtinge nooit in die openbaar nie, maar altyd binne 'n hut in die kraal van die liniehoof. Wanneer die liniehoof om een of ander rede af=wesig is en die verrigtinge deur sy plaasvervanger waarge=neem word, sit die hof by die kraal van die plaasvervanger.

Die liniehof is 'n hof van appèl vir sake wat deur kraal=hoofde behandel is en nie tot tevredenheid van een of albei partye afgehandel kan word nie. Soos vermeld is, het die hof slegs bevoegdheid om geskille wat tussen lede van die=selfde linie ontstaan het, te bereg. Sake waarin persone wat nie liniegenote is nie, of selfs waarin lede van die linie met nie-verwante betrokke is, val buite die jurisdik=sie van die hof. Met uitsondering van sake soos moord en ernstige aanranding, het die hof die bevoegdheid om alle appèlsake te verhoor en skadevergoeding van onbeperkte om=vang toe te staan. Die hof het verder die bevoegdheid om 'n skuldige te berispe, 'n versoening te bewerkstellig, skulde te laat terugbetaal en lyfstraf op te lê.

Indien 'n persoon nie genoeë neem met die uitspraak van die liniehof nie, kan hy die saak na die hof van die wykshoof neem. Omdat 'n saak daar in die openbaar verhoor word, is so 'n handeling baie onpopulêr. 'n Liniehoof kan wel die wykshoof na sy hof nooi om hom met die uitwysing van 'n saak te help ten einde rugbaarwording van 'n familie-aangeleent=heid te verhoed. Die liniehoof tree egter nog steeds as voorsitter op. Sou die aangeleentheid nie so afgehandel kan word nie, moet die saak na die openbare wykshof geneem word Dan word gesê: mhaka yi boxa xihlungwa - die saak dring deur die dak van die huis. Die liniehoof moet dan die appellant na die wykshof vergesel en tydens die verhoor verslag lewer van die bevinding van sy hof en sy uitspraak.

Al die bogenoemde nie-openbare howe funksioneer vandag nog

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en 'n saak wat nie eers vooraf deur hierdie howe behandel is nie, word baie selde in die openbare howe ontvang (vergelyk sake 1 en 3).

## B. DIE HOFPROSEDURE

### 1. Inleiding

Hoewel die omvang van die jurisdiksie van hof tot hof verskil en daar appèl van laer na hoër howe moontlik is, is die prosedure by die verhoor van 'n saak in die verskillende howe, basies dieselfde. Aangesien daar geen amptenare aan die onderskeie nie-openbare howe verbonde is nie, verskil die prosedure wat in hierdie howe gevolg word in sekere opsigte van dié wat in die openbare howe van toepassing is. By die behandeling van die hofprosedure sal daar telkens na hierdie verskille verwys word.

Uit die ondervraging van informante was dit duidelik dat ampsdraers en regsprekers in die openbare howe nie bekend was met die besonderhede van die voorskrifte oor die hofproses in die Swart Administrasiewet Nr. 38 van 1927 en die regulasies daaronder nie. Die prosedure wat gevolg is, was die tradisionele proses. Daar het dus afwykinge voorgekom van die statutêre vereistes ten opsigte van byvoorbeeld die registrasie van hofsake, verslaglewering aan die magistraat, ensovoorts. Na sommige van die afwykinge word later verwys.

Die hofprosedure wat by die onderskeie stamme gevolg word, geskied ooreenkomstig 'n goedgeorganiseerde patroon. Net soos elke amptenaar van die hof sy verpligting ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedurereëls van die stamreg moet uitvoer, is elke volwasse manlike stamlid bekend met die prosedure wat gevolg moet word by die aanmelding van 'n saak, die betaling van hofgeld, die prosedure tydens die verhoor, die wyse van die tenuitvoerlegging van 'n vonnis of uitspraak,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sowel as die bevoegdheid tot en prosedure by appèl van die onderskeie howe.

Daar bestaan by die onderskeie stamme geen prosedureverskil in die verhoor van 'n strafregtelike oortreding en 'n siviele geding nie. Hierdie begrippe het trouens vir hulle nie dieselfde betekenis as wat die Suid-Afrikaanse gemene= reg daaraan heg nie. 'n Mens moet Junod (1927, I:439) dan ook gelyk gee waar hy sê: "I will not assert that Thongas know the exact difference between civil and criminal cases, the same tribunal judging them both and all being called by the same name ...." Dit is egter moontlik om die verdeling wat ons maak op hulle handelinge oor te dra. In siviele gedinge gaan dit dan vir hulle in hoofsaak om die aantasting van die private regte van die individu met betrekking tot sy persoon, sy vermoë, ensovoorts. By 'n strafregtelike oortre= ding gaan dit dan om handelinge wat in die oë van die gemeen= skap tot nadeel van die gemeenskap in sy geheel strek. In siviele sake kan die hof die staking van handelinge en die lewering van skadevergoeding of genoegdoening gelas. In straf= sake kan in hoofsaak 'n boete of lyfstraf gelas word. Tronk= straf was onbekend by hierdie mense terwyl 'n bevel tot die doodstraf sedert die vestiging van die staatsgesag van die Blanke nie meer voorgekom het nie. 'n Mens moet egter daarop wys dat 'n enkele saak terselfdertyd 'n sivielregtelike sowel as 'n strafregtelike aspek kan inhou (vergelyk sake 43, 44, 48 en 59). Albei aspekte word gelyktydig, dit wil sê tydens dieselfde verhoor, afgehandel. Die stamme van Mhala volg dus dieselfde prosedure as wat Coertze (1971:135) ten op= sigte van die Bafokeng vermeld: "Die hele klagte word onder= soek en die uitspraak van die hof handel gelyktydig oor die vergoeding van skade en die bestraffing van 'n oortreding teen die orde in die maatskappy".

## 2. Aanmeldingsprosedure

Howe funksioneer wanneer daar sake is om te verhoor. 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Saak kan egter nie verhoor word indien die klagte nie amptelik by 'n hof aangemeld is nie. Die onus rus dus op die verontregte persoon om sy saak by die hof aanhangig te maak, alvorens dit verhoor sal word.

Daar is egter 'n verskil in die prosedure wat gevolg word by die aanmelding van 'n saak in die openbare howe en dié wat gevolg word by die nie-openbare howe. Die belangrikste rede vir hierdie verskille lê daarin dat die prosedure in die openbare howe meer formeel van aard is as dié wat in die nie-openbare howe gevolg word. Die verhoor van 'n saak in die nie-openbare howe geskied veel eerder as 'n informele bespreking van die aangeleentheid waarby vroue ook teenwoor=dig mag wees. Vanweë die vertroulikheid van familiesake word in hierdie howe ook nooit hard gepraat nie. Die onder=skeie nie-openbare howe beskik ook oor geen aangestelde amptenare om sake te ontvang nie.

Vanweë genoemde verskille maak die stamme van Mhala termino=logies onderskeid tussen 'n saak wat by die nie-openbare howe aanhangig gemaak word en sake wat in die openbare howe aanhangig gemaak en verhoor word. By die nie-openbare howe word die term <u>mhaka</u> (mv. <u>timhaka</u>) gebruik. Hoewel Cuenod (1967:104) die woord vertaal as "court case, matter, affair" dui die betekenis wat informante aan die woord heg, veel eerder op 'n probleem of 'n aangeleentheid wat die familie raak, as op 'n formele saak wat in die openbare howe ver=hoor word. Al die stamme van Mhala gebruik hierdie term wanneer na sake in die nie-openbare howe verwys word. In die openbare howe daarenteen gebruik die Nhlanganustamme <u>nandzu</u> (mv. <u>milandzu</u>) en die Changanastamme die Zuluwoord <u>icala</u> (mv. <u>macala</u>) om 'n hofsaak te omskryf.

By die aanmelding van 'n saak word daar ook tussen twee ter=me onderskei. Die aanmelding van 'n saak by die nie-open=bare howe staan bekend as <u>ku suma mhaka</u> en beteken letterlik "om die aangeleentheid te rapporteer." In die openbare howe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word daar nie gerapporteer nie maar word 'n formele klagte gelê. Hiervoor gebruik die onderskeie stamme die Zuluwoord ku mangala, wat dan ook tereg deur Cuenod (1967:94) vertaal word as "to lay a complaint with one in authority." Die term suma (rapporteer) word nooit vir die aanmelding van 'n saak in 'n openbare hof gebruik nie.

'n Verontregte persoon meld 'n saak nooit direk by 'n hof aan nie. As basiese vereiste geld die reël dat die verweer= der in siviele sake so gou as moontlik persoonlik van die klagte in kennis gestel moet word. Hy móét weet dat daar 'n klagte teen hom is (vergelyk saak 3). Daarna moet die ver= weerder reageer. Indien hy geen stappe neem om skadever= goeding te lewer nie, kan die klaer die saak by die hof aan= meld. Indien hy egter sy blaamwaardigheid erken, behoort die klaer hom voldoende tyd te gun om die skade te vergoed. In sekere omstandighede (vergelyk hieronder) kan die klaer die formele aanmelding van die klagte vir 'n onbeperkte tyd uitstel aangesien die regsreël geld dat "'n saak nie vrot word nie" (nandzu a wu boli). Hierdie reël dat 'n "saak nie vrot word nie" is veral van toepassing wanneer die verweerder nie oor genoegsame goedere beskik om skadevergoeding te lewer nie en 'n oorhaastige hofsaak dus geen sin het nie of wanneer die verweerder in 'n klag van verleiding sy aanspreeklikheid ontken. Die klaer (die vader/voog van die verleide meisie) sal dan, indien hy nie oor genoegsaam bewyse beskik nie, wag vir die bevalling ten einde die kind aan die hof te kan toon (vergelyk later). In sake soos aanklagte van moord en ern= stige aanranding, word 'n klagte egter so spoedig moontlik by 'n hof aangemeld. Die spreekwoord vula nandzu ya ha hisa - "hanteer (open) 'n saak terwyl dit nog vars is" - is hier ter sake. Aangesien hierdie sake nie in die nie-openbare howe verhoor word nie, word sodanige saak direk by die kap= teinshof aangemeld.

Met uitsondering van bogenoemde ernstige sake, word alle ander sake, sover moontlik by die onderskeie nie-openbare

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

howe aangemeld en verhoor. Daarom word geen siviele saak in 'n openbare hof ontvang alvorens dit nie voor die onder= skeie nie-openbare howe gedien het nie. Indien daar nie aan hierdie vereiste voldoen is nie, kan die ontvanger van sake by 'n openbare hof die klaer of eiser in 'n geding ver= soek om die saak eers by sy familiehoof aanhangig te maak. Soms gebeur dit dat hy wel die saak ontvang, waarna dit in die openbare hof verhoor word. Indien die regter by navraag sou vind dat die saak nie tuis verhoor is nie, kan hy die saak terugverwys (vergelyk sake 1, 67 en 69). Indien een van die partye egter ontevrede is met die familiehof se be= slissing, of vanweë onenigheid tuis die saak direk deur 'n openbare hof wil laat verhoor, word dit nie terugverwys nie. Selfs wanneer 'n saak in die familiehowe verhoor is en as 'n appèlsaak in 'n openbare hof ontvang word, kan die verwante van 'n litigant die hof nogtans versoek om 'n saak vir her= verhoor terug te stuur. Sodanige versoek word gewoonlik ge= stel wanneer daar nie genoegsame verwante van 'n party die verhoor in die familiehowe bygewoon het nie of wanneer die vader/voog van 'n litigant afwesig was tydens die verhoor. Sodanige versoek word gewoonlik deur 'n openbare hof toege= staan (vergelyk saak 1). Dieselfde prosedure kan gevolg word wanneer 'n litigant nie bereid was om die verhoor in sy familiehof by te woon nie. Op hierdie wyse kan die klaer 'n halstarrige verweerder deur 'n openbare hof laat dwing om die verhoor in die familiehof van die verweerder by te woon. Dit berus egter binne die diskressie van die openbare hof om te besluit of hy 'n saak gaan verhoor of dit gaan terug= verwys.

In die familiehowe moet die klaer self of iemand namens hom, die klagte by die aangewese persoon aanmeld. Soos vroeër verduidelik is, word die klagte by die mees senior manlike persoon binne die eenheid aangemeld. Dit wil sê: wanneer 'n vader 'n klagte het teen sy seun of 'n vrou 'n klagte het teen haar man (of omgekeerd), word die saak aangemeld by die man/vader se vader en indien hy nie meer leef nie, by laasge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

noemde se jonger broer. Dieselfde prosedure word gevolg wanneer twee broers mekaar sou aanspreek. Wanneer lede (vroue en kinders) van die kraaleenheid onderling in 'n saak betrokke is, word die klagte uit die aard van die saak by die kraalhoof aangemeld. In inter-kraalsake word die saak by die kraal van die verweerder aangemeld. Indien die verweerder 'n volwasse manlike persoon is, word die saak by hom persoonlik aangemeld. Aangesien hy nie self die saak kan verhoor nie, is dit sy plig om sy manlike verwante by= een te roep om die saak op 'n bepaalde datum te verhoor. Sou die verweerder 'n vrou of 'n minderjarige wees, word die saak by die eggenoot/vader vir 'n verhoor aangemeld. Die klaer lê sy klagte mondelings, gewoonlik in die teenwoordig= heid van 'n getuie. In sake wat handel oor towery word naas die mondelinge klagte ook 'n stok langs die ingang van die kraal van die verweerder ingeplant. Hierdie gebruik staan bekend as xitlhoma xitluka (om 'n stok in te plant). Dit dien as 'n aanduiding aan alle verbygangers dat 'n lid van die kraal beskuldig staan van towerpraktyke (vergelyk saak 3). Die stok mag eers verwyder word nadat die saak finaal afgehandel is.

Hoewel die wykshof nie oor die bevoegdheid beskik om alle sake te verhoor nie, kan 'n saak, soos vroeër vermeld is, nie direk by die kapteinshof aanhangig gemaak word nie. Dit moet die kapteinshof via die wykshoof bereik. Op hierdie wyse word alle sake wat buite die jurisdiksie van die onder= skeie nie-openbare howe val, asook appèlsake uit die nie-openbare howe, sowel as alle ander sake wat bo die jurisdik= sie van die wykshof is, maar waaroor hy verslag aan die kapteinshof moet lewer, by die wykshof aangemeld. In die huidige tyd word hierdie reël nie meer so streng toegepas nie. Vanweë die verwarring wat daar oor die jurisdiksie van die wykshof bestaan, word sulke sake soms direk by die kap= teinshof aangemeld, terwyl andere nog ooreenkomstig boge= noemde prosedure, by die kapteinshof aanhangig gemaak word.

Aan elke openbare hof is daar 'n ampsdraer(s) verbonde wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sake ontvang. By die wykshof word die klagte by die xandla xa ndhuna van die wyk waarin die verweerder woonagtig is, aangemeld. Alle sake moet direk by hom aangemeld word. Hy is die verantwoordelike beampte van die wykshof en is aan alle wykslede bekend. Geen saak kan voor die wykshof dien indien dit nie via die xandla xa ndhuna op die "rol" geplaas is nie. Met uitsondering van vroue, oues van dae, krankes en minderjariges, moet 'n klaer self sy klagte kom aanmeld. Niemand kan namens hom 'n klag by 'n openbare hof aanhangig maak nie. Indien dit 'n appèlsaak is, moet die klaer tesame met 'n verteenwoordiger van die betrokke nie-openbare hof, gewoonlik die regspreker in die hof, die saak by die wykshof aanhangig maak. 'n Persoon wat alleen daar aankom, word beskou as 'n halstarrige litigant en word normaalweg terug=gestuur om tesame met 'n verteenwoordiger van die betrokke familiehof, sy saak te kom aanmeld. Indien die uitspraak=skuldenaar in 'n appèlsaak die klaer vooruit sou loop en 'n uiteensetting van die gebeure in die familiehof aan die xandla xa ndhuna sou kom verstrek, òf probeer om sy saak eerste in 'n goeie lig te kom stel, word dit beskou as 'n poging tot omkopery. Tydens die verhoor van die saak sal sodanige optrede deur die hof teen hom gehou word.

Anders as by die onderskeie familiehowe kan vroue en minder=jariges nie self 'n saak by 'n openbare hof aanmeld nie. Die eggenoot of vader van so iemand moet die klaer vergesel en namens die klaer die saak aanhangig maak. Nadat die xandla xa ndhuna die klag aangehoor het en hom deeglik van die feite vergewis het (ku ringanisa) sal die saak, nadat die nodige hofgeld betaal is, op die "rol" kom en die betrokkenes in kennis gestel word van die dag waarop die saak verhoor sal word.

In die huidige tyd bestaan daar twee moontlikhede waarvolgens 'n klaer 'n saak by die kapteinshof aanhangig kan maak. Eer=stens kom sake na die kapteinshof op appèl vanaf die wykshof via die wykshoof. Dit gebeur ook in die geval van daardie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sake waar die wykshoof bemerk dat hy òf nie oor die juris=diksie beskik om die saak te verhoor nie, òf dat die saak "te swaar" is vir sy hof. In albei gevalle kom die wyks=hoof of sy verteenwoordiger tesame met die klaer na die kapteinshof. Aangesien sodanige sake reeds deur 'n openbare hof (wykshof) ontvang is en as geskik geag is om deur 'n openbare hof verhoor te word, word slegs die nodige hofgeld wat reeds aan die wykshof gelewer is, by die stamsekretaris inbetaal. Daarna word dit op die "rol" geplaas en word die verweerder in kennis gestel van die dag waarop die saak ver=hoor sal word.

Soos vroeër vermeld is, gebeur dit in die huidige tyd soms dat 'n klaer 'n appèlsaak vanuit die familiehowe direk by die kapteinshof aanmeld. Ten spyte van hierdie verandering kan 'n klaer egter nie direk na die stamsekretaris gaan om sy klagte aanhangig te maak en sy hofgeld te betaal nie. Die stamsekretaris beskik tans nie oor die bevoegdheid om 'n saak te aanvaar of weg te wys nie. Hy is slegs die matsalana wa huvo, dit wil sê "die skrywer van die hof." By die aan=melding van 'n saak het hy slegs die bevoegdheid om 'n kwi=tansie vir hofgeld uit te reik nadat hy daartoe deur 'n ndhuna gelas is.

Alle sake wat dus nie deur die wykshof ontvang of verhoor is nie, moet by 'n raad van wykshoofde aangemeld word. Vir hierdie doel vergader al die wykshoofde wat teenwoordig kan wees soggens ongeveer een uur voor die aanvang van die ver=rigtinge van die kapteinshof binne die hofsaal. Hulle staan bekend as tindhuna ta macala - hoofmanne van sake. Hulle is ook ontvangers van sake. Na hulle vergadering word as bandla ra tindhuna (Ch.) of huvo ya tindhuna (Nhl.) verwys. Aange=sien die onderskeie stamme nie meer 'n ndhunankulu (hoofin=doena) het nie, word 'n voorsitter vir die vergadering uit die geledere van die tindhuna verkies. Die vergadering be=skik oor geen regsbevoegdheid nie. Hulle oorweeg slegs die sake wat direk by die kapteinshof aangemeld word. Onbenul=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lige sake of sake wat nie deur die familiehowe verhoor is nie, word normaalweg terugverwys. Sake wat deur hulle aan=vaar word, word, indien die verweerder ook teenwoordig is, op die "rol" geplaas nadat die hofgeld by die stamsekretaris inbetaal is. Indien die verweerder nie teenwoordig is nie, word hy in kennis gestel van die saak teen hom asook van die dag waarop die saak verhoor sal word.

Wanneer 'n klaer 'n saak by 'n openbare hof aanhangig maak, moet hy iets lewer waarmee die hof "oopgemaak" word of waar=mee die saak aanhangig gemaak kan word. Hierdie geld word xipfula huvo/bandla (hofoopmaker) of xipfula nomu xa hosi/ndhuna (mondoopmaker van die kaptein/wykshoof) of ximangalo (klagte), genoem. By die onderskeie nie-openbare howe word geen sodanige hofgeld gelewer nie. Geen saak sal in 'n openbare hof verhoor word alvorens hierdie hofgeld nie ge=lewer is nie. Gewoonlik moet dit reeds by die aanmelding van die saak aan die ontvanger van sake gelewer word. Dit is 'n vasgestelde bedrag wat wissel tussen R2-00 en R3-00 by die onderskeie stamme.

By die Nhlanganustamme moet 'n klaer 'n bedrag van R2-00 lewer om die wykshof "oop te maak" en 'n bedrag van R5-00 indien 'n klagte by die kapteinshof aangemeld word. Wanneer 'n saak in die wykshof afgehandel word, behou die wykshoof hierdie geld maar wanneer daar teen die uitspraak van die wykshoof geappelleer word, moet die wykshoof die hofgeld aan die stamsekretaris oorbetaal en die appellant moet 'n addisionele bedrag van R3-00 inbetaal ten einde die saak formeel by die kapteinshof aan te meld. By die Nxumalostam is 'n vasgestelde bedrag van R3-00 van toepassing op die wyks- sowel as die kapteinshof. Net soos by die Nhlanganu=stamme behou die wykshoof die hofgeld van alle afgehandelde sake. In appèlsake of sake wat buite die jurisdiksie van die wykshoof val, moet hy dit aan die stamsekretaris oorbe=taal. Die lewering van hofgeld by die Nkunastam verskil van dié van bogenoemde stamme. Die verskil lê daarin dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie stam 'n onderskeid maak tussen die terme ximangalo (klagte) en xipfula bandla (hofoopmaker). By hierdie stam is die klaer verantwoordelik om ximangalo te lewer wanneer hy die saak by die hof aanhangig maak en moet die verweerder die hof "oopmaak", voordat die saak verhoor sal word. Hier=volgens moet die klaer 'n bedrag van R1-00 lewer wanneer hy 'n saak by die wykshof aanhangig maak en moet die verweerder 'n bedrag van R1-00 lewer alvorens die hofverrigtinge kan begin. Die onderskeie bedrae wat by die kapteinshof gelewer moet word, is R5-00 deur die klaer en R3-00 deur die verweer=der. In appèlsake vanaf die wykshof na die kapteinshof of sake wat nie deur die wykshof afgehandel is nie, moet die wykshoof die onderskeie bedrae aan die stamsekretaris oorbetaal. Die litigante moet egter die verskil inbetaal alvorens die saak in die kapteinshof verhoor sal word.

Informante beweer dat die lewering van 'n hofoopmaker nie 'n tradisionele gebruik is nie. In die verlede het 'n klaer sy klag mondelings gelewer en is daar nie van hom vereis om die hof te "open" met 'n geskenk of sekerheidstelling van sy klag nie. Die betaling van hofgeld in die huidige tyd moet dus toegeskryf word aan die eerbiediging van die bepalings van GK R2082 van 1967. Hiervolgens word aangestelde kapteins en hoofmanne gemagtig om hofgeld vir die verhoor van sake te vra. Die hofgeld wat deur die onderskeie stamme gehef word, is egter nie in ooreenstemming met die voorgeskrewe skaal van tariewe, soos deur die regulasies bepaal word nie. Die onder=skeie stamme hef ook nie, soos die regulasies bepaal, addisio=nele hofgeld vir 'n tweede en elke daaropvolgende dag van die verhoor nie (vergelyk Artikel 13 van GK R2082 van 1967). Die vordering van hofgeld deur die wykshoof is ook nie in ooreen=stemming met die betrokke regulasies nie aangesien die wet=gewer geen regsmag aan 'n wykshoof toeken nie (vergelyk hoof=stuk III).

Afgesien van die hofgelde wat die klaer in die huidige tyd moet lewer, is dit ook sy plig om die reiskoste van die bode van die hof wat die verweerder na die hof moet ontbied, te betaal. Hierdie geld staan bekend as milenge ya phorisa (die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voete van die konstabel) en hou blykbaar ook verband met die voorskrifte van GK R2082 van 1967. Vir reise binne die stamgebied wissel die bedrag tussen vyf-en-twintig sent en een rand, afhangende van die afstand wat die bode moes reis. Aangesien die hofkonstabel 'n amptenaar van die stamowerheid is, word sy reiskoste deur die wykshof sowel as die kapteins=hof gehef. Dit vorm deel van sy pligte en die inkomste hier=uit verkry, word in 'n stamrekening inbetaal. Die hofkonsta=bel onderneem selfs reise buite die stamgebied. In spoed=eisende sake kan die kapteinshof hom gelas om die verweerder in 'n saak te gaan haal, indien hy nie op 'n lasbrief om in die hof te verskyn, reageer nie. Tydens die ondersoek is hofkonstabels selfs so ver as Pretoria en Johannesburg ge=stuur om 'n halstarrige verweerder te gaan haal. In elke geval moes die uitspraakskuldenaar die reële uitgawes deur die hofkonstabel aangegaan, vereffen.

Ten slotte moet daarop gewys word dat indien die hof ten gunste van die klaer uitspraak gee, die uitspraakskuldenaar alle geld wat die klaer gelewer het om die saak te laat bereg, aan hom moet terugbetaal. Dit word egter nie deur die be=trokke regulasies voorgeskryf nie. Dit is egter 'n reël wat by al die stamme van toepassing is en deur alle openbare howe afgedwing word.

## 3. Verhoorprosedure

Die verhoorprosedure wat hierna behandel word is 'n uiteen=setting van die volledige hofproses wat, soos Coertze (1971: 162) dit stel "met die uitspraak en vonnis afgesluit word."

Nadat die lede van die hof en die aanwesiges stelling inge=neem het ooreenkomstig die wyse soos vroeër uiteengesit is, tree die aanklaer (muchuchisi) na vore en lei die verrig=ringe. (In die wykshof tree die xandla xa ndhuna as aanklaer op en in die onderskeie nie-openbare howe lei die voorsit=tende beampte self die hofverrigtinge). Die name van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


klaer/eiser (Ch.: mutlilahi en Nhl.: mumanghari) en die ver= weerder (Ch.: mutlilahiwa en Nhl.: mumanghaleriwa) word hardop uitgeroep en vergesel van die hofkonstabel, neem hul= le reg voor die regspreker op hulle knieë plaas. In hierdie verband is die volgende reëls van belang: Eerstens: Wanneer 'n vrou of 'n minderjarige 'n party in 'n geding is, moet sy/hy ook teenwoordig wees. Die vrou/kind moet egter verge= sel word deur 'n volwasse man - gewoonlik die eggenoot, vader of voog wat saam met die vrou of kind verskyn. Die enigste uitsondering op hierdie reël is wanneer 'n vrou geen verwante in die stamgebied het nie. Dit is 'n rariteit, maar volgens informante gebeur dit soms dat 'n vrou haar in 'n sodanige situasie bevind. Indien die vrou die klaer/eiser in die saak is, sal die hof haar toelaat om in sulke omstandighede alleen te verskyn. As die vrou die verweerder is, sal sy slegs toegelaat word om alleen te verskyn indien sy die no= dige waarborg (beeste/geld) verskaf dat sy, indien die hof haar as die blaamwaardige sou bevind, in staat is om die skadevergoeding te lewer. As sy dit nie kan doen nie, sal die hof versoek dat 'n buurman of 'n kennis saam met haar in die hof moet verskyn.

Die manlike persoon wat namens die vrou/kind in die hof moet verskyn, is nie 'n regsverteenwoordiger nie. Regsverteen= woordiging soos mens dit uit die gemenereg ken, is vreemd aan die inheemse reg van die stamme van Mhala. Die teen= woordigheid van 'n volwasse manlike verwant is egter nood= saaklik, aangesien 'n vrou of minderjarige nie aanspreeklik gehou kan word vir die lewering van skadevergoeding nie. Die manlike verwant is aanspreeklik vir die lewering van skadevergoeding. Waar die hof egter lyfstraf oplê, moet die vrou of kind dit self ondergaan.

'n Tweede belangrike reël is dat 'n litigant vroegtydig 'n verskoning vir afwesigheid aan die hof moet aanbied as hy nie die hofverrigtinge kan bywoon nie. Indien een van die partye nie teenwoordig kan wees nie, moet die ontvanger van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sake ten minste twee dae voor die verhoordatum daarvan ver=wittig word sodat die saak uitgestel en die ander party daarvan in kennis gestel kan word. In die openbare howe word afwesigheid sonder verskoning as minagting van die hof beskou (vergelyk later). Wanneer die verweerder in 'n nie-openbare hof sonder verskoning afwesig is, sal die hof wanneer die saak by 'n latere geleentheid verhoor word, addisionele ver=goeding aan die klaer toeken vir die dubbele moeite wat hom aangedoen is om sy saak te laat verhoor. Hierdie addisionele vergoeding staan bekend as mupoxa wat as dit vertaal word, beteken "'n vergoeding vir onbeleefdheid."

Dit is egter in alle gevalle noodsaaklik dat albei partye teenwoordig moet wees, anders kan die saak nie verhoor word nie. Informante het dit volledig ontken dat daar 'n moont=likheid bestaan van uitspraakgewing of vonnis by verstek. Daar kon ook geen voorbeelde van so 'n handeling by enige hof gevind word nie.

Nadat die litigante stelling ingeneem het, versoek die muchuchisi die getuies van albei partye om die hof te ver=laat en volgens die steun wat hulle sal gee in twee afson=derlike groepe buite hoorafstand te wag. Dit is die taak van 'n hofkonstabel om toe te sien dat die twee groepe ge=tuies nie met mekaar kommunikeer of binne hoorafstand van die hof wag nie. Hierna word die klaer/eiser versoek om self sy saak te stel (maonheriwa). Wanneer die klaer 'n vrou of kind is, word dieselfde vereiste gestel. Dit is die taak van die muchuchisi om die hofverrigtinge te lei, spreek=beurte toe te ken, die getuies te roep en aan die einde van die verhoor die bevinding van die hof saam te vat en aan die kaptein oor te dra vir 'n beslissing.

Nadat die klaer sy saak gestel het, word die verweerder aan die woord gestel. Daar word aan die verweerder gevra of hy "die saak teen hom sien" - U ti vona nandzu ke? Indien hy die klagte teen hom erken en bereid is om die skadever=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


goeding wat deur die klaer geëis word, te betaal, vind daar geen verdere bespreking meer plaas nie en is die hof gewoon=lik gereed om uitspraak te gee. Aangesien die saak reeds tot by 'n openbare hof gevorder het, gebeur dit uiters selde dat die verweerder die klagte teen hom erken. As die ver=weerder dan ontkennend antwoord (*u kanetile*), kry hy geleent=heid om sy kant van die saak te stel. Hierna word geleent=heid gegee vir ondervraging en beredenering.

Eerstens kry die partye die geleentheid om mekaar oor en weer te ondervra. Na hierdie ondervraging en soms oor en weer beskuldiginge deur die litigante, sal die *muchuchisi* die ondervraging namens die hof inlei. Sodra hy deur middel van sy ondervraging groter helderheid oor die dispuut verkry het, kry die lede van die hof ook die geleentheid om vrae aan albei partye te stel. Daarna word getuies (*tifakazi* : getuies; *timbhoni* : ooggetuies) geroep. Eers dié van die klaer wat, nadat hulle individueel deur lede van die hof en deur die litigante ondervra is, die hof verlaat en daarna dié van die verweerder.

Getuienis word nie onder eed afgelê nie, daarom is dit die taak van die hof om deur middel van intensiewe ondervraging die geloofwaardigheid van elke getuie te toets. Die getuies word ook telkens gemaan om die waarheid te praat. Indien die hof sou bevind dat 'n persoon leuens vertel, kan hy summier beboet word. Hierdie boete staan bekend as *u hakela vunwa bya yena* - "hy betaal vir sy leuens." Manspersone ontvang gewoonlik lyfstraf wat wissel tussen vyf en tien houe. Ou mans, dit wil sê mans bo die ouderdom van 50 jaar en vroue ontvang nie lyfstraf nie maar word 'n boete opgelê wat wissel tussen R5 en R10.

Aangesien dit die taak van die hof is om deur ondervraging die volle waarheid te bepaal, word geen saak oorhaastig af=gehandel nie. Net soos die litigante en die getuies nie aan tyd gebonde is om hulle saak te stel nie, het elke lid van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die hof die reg om vrae te stel sonder die vrees dat hy die hofverrigtinge vertraag. Die volgende spreekwoord tipeer die standpunt van die howe : "La hoxaka ku vulavula hubyeni a nga ka a nga soriwi, no yena wa hlamula - 'n man wat foute maak in die hof word nie verkwalik nie - hy het die reg om te sê wat hy dink." Dit is dan ook gewoonlik die jonger mans wat met die ondervraging begin. Hoewel baie van hulle vrae onbeholpe is en eintlik tyd mors, bly dit steeds die standpunt van die hof dat: "Munhu o dyondza vutlhari ahubyeni, laha ku nga tala vavanuna, va nwi dyondzisa - 'n man leer wysheid in die hof waar mans vergader is en hom onderrig." 'n Oorywerige jongeling sal egter gou die swye opgelê word. Nadat die jonger garde die ondervraging inge= lei het, kry die ander mans geleentheid om vrae te stel. Die meer intensiewe en doelgerigte ondervraging word egter deur die "kundiges van die hof" (swikulu swa bandla) en die onder= skeie tindhuna gedoen. Hulle sluit ook gewoonlik die onder= vraging af.

Die roep van getuies vir veral direkte getuienis, speel 'n belangrike rol in die bewyslewering gedurende die verhoor. Tereg wys Coertze (1971:164) met verwysing na die Bafokeng daarop dat: "Die hof moet tot sy bevrediging betwiste feite deur getuienis gestaaf kry. Die onus om 'n regverdige be= slissing in die geskil te kry, lê by die lede van die hof." Dit is ook waar ten opsigte van die stamme van Mhala. Liti= gante word daarom ook vergesel van soveel getuies as moontlik wat lig op die geskil kan werp. Indien 'n litigant aan die hof vermeld dat 'n getuie afwesig is en die hof bevind dat sodanige getuie noodsaaklik is om 'n regverdige beslissing te bereik, word die hofverrigtinge verdaag ten einde die be= trokke getuie na die hof te ontbied. Die hof is selfs bereid om 'n saak uit te stel ten einde 'n litigant die geleentheid te bied om sy getuies vir die verhoor op te roep. Sodanige versoek moet deur 'n litigant gedurende die verhoor van die saak aan die hof gerig word. Afgehandelde sake kan nie her= open word vir die aanbieding van nuwe getuienis nie. Die=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfde reël is van toepassing op appèlsake vanaf die wykshof. By die herverhoor van die saak in die kapteinshof mag 'n litigant volgens alle informante geen ander getuies roep as dié wat in die wykshof getuig het nie. Dit is die taak van die wykshoof om hierna om te sien. Hy moet ook kontroleer dat die getuienis wat by die herverhoor van die saak aange= bied word, nie verskil van die getuienis wat in sy hof ge= lewer is nie. Op hierdie wyse kry die wykshoof 'n belang= rike kontrolerende funksie by die verhoor van alle appèl= sake vanuit sy hof. Hy kan egter nie namens 'n getuie wat in sy hof getuienis gelewer het, getuig nie. Alle getuies moet tydens die herverhoor van die saak weer self getuienis lewer.

Die hof is ook bevoeg om 'n ondersoek ter plaatse te hou. In 'n geskil wat handel oor owerspel of die verleiding van 'n dogter, kan die hof byvoorbeeld van sy lede stuur om die plek waar die onregmatige daad gepleeg is, te besoek en die hof oor hulle bevinding te kom inlig. Indien die vrou se getuienis met dié van die ondersoek ooreenstem en die ver= weerder nie die teendeel kan bewys nie, sal die hof teen hom uitspraak gee (vergelyk saak 16). Die hof kan ook van sy lede stuur om 'n getuie wat weens siekte nie die hofver= rigtinge kan bywoon nie, by sy huis of in die hospitaal te besoek ten einde sy getuienis aan te hoor en hom daaroor te ondervra (vergelyk saak 7).

Terminologies word daar slegs tussen twee soorte getuies onderskei, te wete timbhoni en tifakazi. Die term timbhoni word gebruik wanneer na ooggetuies, dit wil sê diegene wat direkte getuienis kan gee, verwys word. Die term tifakazi (enkv.: nfakazi) is van toepassing op persone wat enige ander getuienis soos byvoorbeeld hoorsê- en omstandigheids= getuienis kan aanbied. Uit die aard van die saak is direkte getuienis vir die howe van die grootste belang en word daar= aan voorkeur gegee (vergelyk saak 10). Hoewel die howe skepties staan teenoor direkte getuienis wat namens 'n ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

want gelewer word, is sodanige getuienis, veral in familie=geskille, van die uiterste belang. Aangesien, soos Coertze (1971:166) dit stel, " ... die kanse baie goed is dat die verwant sy familielid sal probeer los lieg", word die ge=loofwaardigheid van sodanige getuienis egter deegliker ge=toets as in daardie gevalle waar die getuie nie verwant is aan een van die litigante nie. Verwante kan egter slegs getuienis lewer; onder geen omstandighede mag hul deelneem aan die ondervraging, bespreking en beslissing van die hof nie.

By gebrek aan direkte getuienis is omstandigheidsgetuienis vir die howe van groot belang. Omstandigheidsgetuienis hang saam met, soos Coertze (1971:166) dit stel " ... die hof se siening van die optrede van 'n redelike persoon in die om=standighede van die saak." In 'n saak van byvoorbeeld ver=leiding, is die getuienis dat 'n paartjie verlief is, of gedurig in mekaar se geselskap gesien is, 'n belangrike aanduiding vir die hof dat die betrokke jongeling wel ver=antwoordelik kan wees vir die beswangering van die meisie. Indien die meisie hom ook as die verleier uitwys en die jongman nie in staat is om aan die hof te bewys dat die mei=sie ook ander seunsvriende het wat haar kon verlei het nie, sal die hof gewoonlik met redelike sekerheid aanvaar dat hy die meisie verlei het (vergelyk saak 31). In 'n soortge=lyke saak was die getuienis dat 'n meisie die huishouding van 'n man tydens die afwesigheid van sy vrou waargeneem het en soms daar oornag het, genoegsaam omstandigheidsbewyse vir die hof dat die betrokke man verantwoordelik gehou kan word vir die beswangering van die meisie. Indien daar ad=disionele getuienis gelei kan word wat daarop dui dui dat daar 'n verhouding tussen die man en die meisie bestaan het soos byvoorbeeld die voorlegging van liefdesbriewe wat hy aan haar geskryf het of klere wat hy vir haar gekoop het, sal die hof sonder huiwering teen hom uitspraak gee. Ook hier is die erkenning van die meisie en die onvermoë van die man om ander minnaars uit te wys, belangrike addisionele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getuienis wat op die blaamwaardigheid van die man dui.

Volgens informante word hoorsêgetuienis nie baie ernstig deur die howe oorweeg nie. Net soos by die Bafokeng (ver=gelyk Coertze 1971:166) word daar by die stamme van Mhala nie na die stories van nuusdraers geluister nie. Selfs 'n kraambedbelydenis deur 'n vrou in 'n saak van owerspel, word skepties deur die howe bejeën. Sodanige getuienis sal nie aanvaar word nie tensy die getuienis met een of ander vorm van direkte getuienis gestaaf kan word. Die enigste hoorsêgetuienis wat deur die howe van waarde geag word, is dié van 'n vader wat van sy dogter gehoor het wie haar be=swanger het. Volgens informante is sodanige bekentenis deur 'n dogter aan haar ouers, 'n gewigtige saak. Ondervinding in die howe het ook bewys dat 'n dogter baie selde iemand ander as die werklike oortreder uitwys. Sodanige bekente=nis word egter nie goedsmoeds deur die howe aanvaar nie. By gebrek aan verdere direkte getuienis, is die lei van addisio=nele omstandigheidsgetuienis noodsaaklik. Die hoorsêgetui=enis sal ook deeglik deur die hof getoets word. Die geloof=waardigheid en lewenswyse van die getuie sowel as dié van sy dogter is ook 'n belangrike faktor waarmee die hof rekening hou. Sou die dogter bekend wees as iemand wat met baie mans omgaan, sal haar bekentenis nie maklik deur die howe aanvaar word nie.

Die lewering van deskundige getuienis (bloedgroepe, alkohol=toetse en lykskouings) wat in ons howe so hoog geag word, is onbekend in die inheemse howe van die stamme van Mhala. Die senior lede van die hof is, vanweë hulle regskundigheid en bekwaamheid in die verhoor van sake, self die deskundiges. Die hof is aangewese op hulle goeie oordeel en deskundig=heid. In 'n saak wat handel oor betwiste vaderskap, is dit hulle wat moet bepaal of die kind byvoorbeeld na die vader lyk (vergelyk sake 27, 28 en 29) of in die jongste tyd, of die groewe in die handpalm van die kind ooreenstem met dié van die vader. Sou hulle 'n ooreenstemming bespeur en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nodige omstandigheidsgetuienis dit bevestig, sal die hof hiervolgens uitspraak lewer.

In 'n saak van betwiste vaderskap word selfs die getuienis van die vroedvroue wat die bevalling waargeneem het, deur veral die onderskeie familiehowe aanvaar. By al die stamme van Mhala bestaan die gebruik om die naam van die vader van 'n pasgebore kind saggies te prewel voordat die kind vir die eerste keer aan sy moeder drink. Nadat die naam van die vader genoem is, sal die kind begin drink. Indien die kind egter nie tot aksie oorgaan nie, is dit 'n aanduiding dat die genoemde persoon nie sy vader is nie. Daarna sal die vroedvroue aan die moeder vra of sy omgang gehad het met ander mans. Indien sy bevestigend antwoord en die naam(e) van moontlike ander verwekker(s) verstrek het, sal dié name een vir een aan die kind geprewel word. Die eienaar van die naam waarop die kind reageer, is dan volgens hulle geloof, die biologiese vader van die kind. Hierdie getuienis word veral gelewer in sake wat handel oor die verleiding van 'n jong dogter waarin die vaderskap betwis word. Aangesien 'n man nie teenwoordig is by 'n bevalling nie, gebeur dit sel= de dat sodanige getuienis in 'n saak van owerspel gelewer word. Indien die vroedvroue egter die owerspelige vrou se belydenis aan haar man verklap het, kan hy in die hof daar= op aandring dat sodanige getuienis gelei word. Volgens in= formante word daar uiters selde teen 'n uitspraak wat oor= eenkomstig die getuienis van die vroedvrou gelewer is, ge= appelleer. Indien dit wel gebeur, word die getuienis van die vroedvroue in 'n openbare hof slegs aanvaar indien dit met addisionele getuienis van een of ander aard aangevul kan word. Die geloofwaardigheid van die vroedvroue sowel as die kraambedbelydenis van die moeder, sal ook deeglik deur die hof getoets word.

Naas die lei van getuienis tydens die verhoor van 'n saak, kan die howe ook van ander metodes van bewyslewering ge= bruik maak, veral in daardie sake waar voldoende getuienis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ontbreek. By gebrek aan sekerheid oor die skuldigheid of blaamwaardigheid van 'n persoon kan die hof, sowel as die partye in 'n geding, hulle beroep op bonatuurlike metodes van bewyslewering. In die verlede het 'n kaptein oor die dienste van 'n eie toordokter (n'anga ya hosi) beskik. In ernstige strafregtelike sake het die hof van sy dienste ge=bruik gemaak sodat hy met behulp van sy dolosse die beskul=digde se skuldigheid kon bepaal. Hierdie metode van bewys=lewering kan alleen in opdrag van die kapteinshof toegepas word. In later jare het die gebruik vanweë sy effektiwi=teit, ook posgevat in die laer howe. Volgens informante het die gebruik so gewild geword dat dit in bykans alle "moei=like" sake aangewend is. Die gevolg hiervan was dat die lede van die hof lui geword het en dat sake nie meer ooreen=komstig die tradisionele ondervragings- en beredenerings=metode bereg is nie. Vanweë die ernstige afmetings wat dié gebruik aangeneem het, is dit in die vyftigerjare amptelik verbied. In die huidige tyd gebeur dit selde dat 'n saak deur die hof na 'n toordokter verwys word. By gebrek aan die nodige bewyse kan die partye egter tans nog die hof ver=soek om aan hulle die vergunning te verleen om 'n toordokter te besoek ten einde die skuldige te laat uitwys. Sodanige versoek word gewoonlik deur die howe toegestaan (vergelyk sake 8, 9 en 21).

Dié gebruik word in die huidige tyd gewoonlik op die volgen=de wyse toegepas. Wanneer twee persone in 'n geding betrok=ke is en die nodige bewyse ontbreek, kan hulle met toestem=ming van die hof, 'n weddenskap (mbhejo) aangaan, waarvolgens ooreengekom word dat die bevinding van 'n waarsêer (mungoma) wat deur die hof aangewys sal word, as geldig beskou sal word. Nadat albei partye die ekwivalent van die bedrag wat die hof aan die uitspraakskuldenaar sou toeken, by die hof inbetaal het, gaan hulle, vergesel van twee lede van die hof wat as getuies moet optree, na die waarsêer. Na die be=soek aan die waarsêer, keer die partye terug na die hof waarna die hof uitspraak lewer ooreenkomstig die bevinding van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarsêer. Mens moet daarop wys dat hierdie metode van bewyslewering in die huidige tyd slegs op versoek van die litigante kan geskied. Die hof kan dit nie meer gelas nie.

'n Mens moet onthou dat getuienis nooit volgens hofprose= dure onder eed afgeneem word nie. Daarom word die persoon= likheid van 'n getuie altyd deur die hof in ag geneem. Selfs die status of karakter van die litigante en getuies kan in sodanige situasie, die uitspraak van die hof beïnvloed. In= formante is dit egter eens dat die volle waarheid in die huidige tyd alleen deur herhaalde ondervraging (<u>ku kombela u nga wisi</u>) deur die hof bepaal kan word. Daarom lui die die spreekwoord: "<u>U nga hatlisi timhakeni</u> - jy moet nie 'n saak (se afhandeling) aanjaag nie."

Nadat albei partye hulle saak gestel het en getuienis aan weerskante gelewer is en die getuies en die partye voor die hof ondervra is, is die saak oop vir algemene bespreking ten einde die hof tot 'n beslissing te kan lei. Dit word dan die taak van die hof om, soos Coertze (1973:234) dit stel, te beslis of die voorgegewe daad 'n oortreding van 'n regsreël is en indien wel, of die beskuldigde of verweerder skuldig is aan die oortreding. In 'n openlike debat word daar dan getrag om tot 'n beslissing te kom. In die hof van die wykshoof sowel as in die kapteinshof gee die onderskeie "adviseurs" een vir een hul mening volgens hul status be= ginnende by die junior figure. Op hierdie wyse sal eers die <u>madoda ya bandla</u> (Ch.) en <u>swikulu swa huvo</u> (Nhl.) in die wykshof hul bevinding in die saak gee. Daarna kom die <u>vapfuni va ndhuna</u> aan die beurt waarna die <u>xandla xa ndhuna</u> die onderskeie bevindings van die hof opsom en dit oordra aan die <u>ndhuna</u> as voorsittende beampte wat dan die uitspraak lewer. Die <u>ndhuna</u> as voorsittende beampte is aan die bevin= ding van die hof gebonde en sal slegs by hoë uitsondering en met die nodige motivering 'n ander uitspraak gee.

In die kapteinshof word dieselfde prosedure gevolg. Hier=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


volgens gee eers die madoda ya bandla/huvo hul mening in die saak en daarna die onderskeie tindhuna. Die muchuchisi (aanklaer) formuleer uiteindelik die bevinding van die hof waarna die saak afgesluit word deur die beslissing van die kaptein ooreenkomstig die algemene gevoel van die hof. In=dien die opinie van die kaptein verskil van dié van die meerderheid van die hof, sal hy hulle in die teenwoordigheid van al die aanwesiges probeer oorhaal tot sy standpunt. In meer ernstige sake kan hy selfs die aanwesiges sowel as die litigante versoek om die hofsaal te verlaat, waarna hy en sy hofraad die saak sal bespreek. Indien hulle nie tot 'n vergelyk kan kom nie, kan hulle besluit om die ondervraging voort te sit ten einde groter helderheid oor die aangeleent=heid te verkry. Die kaptein sal egter net soos die ndhuna, selde 'n uitspraak gee wat teen die oordeel van die meerder=heid van die hof indruis.

4. Die wyse waarop die vonnis of uitspraak ten uitvoer gelê word

Een van die belangrikste funksies van die hof as regsorgaan is, soos Coertze (1973:231) tereg aandui, om die reg te vind "en die 'vindenis' van die hof word dan die vonnis wat namens die gemeenskap uitgespreek word." Hierdie uitspraak of be=slissing (xigwevu) van die hof, geskied ooreenkomstig die stamreg. Daarom word 'n saak in die openbare howe in 'n hoë mate op meriete, volgens die toepaslike reg beoordeel. In die onderskeie nie-openbare howe is hierdie beginsel ook van toepassing, veral in sake waarin die litigante nie verwante is nie. Wanneer die litigante egter albei aan dieselfde sosiale eenheid (linie, kraalgroep, ensovoorts) behoort, is dit die primêre taak van die hof, om met inagneming van die toepaslike reg, die saak nie alleen op meriete te bereg en daarvolgens uitspraak te lewer nie, maar veel eerder om 'n versoening tussen die partye en die eenheid waaraan hulle behoort, te bewerkstellig. In hierdie howe bestaan daar dan ook die gebruik om veral in sake van minder ernstige omvang, die uitspraakskuldenaar of soms selfs albei die partye,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

te gelas om umchachazelo te lewer. Die term umchachazelo is afgelei van die Zuluwerkwoord ukushashazela en word veral deur die Changanastamme gebruik. Volgens Doke en Vilakazi (1948) beteken die woord om spyt te betuig of om gelukkige verhoudinge te herstel. Dit kan ook beteken "om verskoning te vra". Naas hierdie term gebruik die Nhlanganustamme ook die Tsongawoord chavelela wat volgens Cuenod (1967:24) be= teken: "condole with; express one's sympathy with." Volgens informante is umchachazelo 'n versoeningsoffer, nie net vir versoening tussen die strydende partye nie, maar ook om 'n versoening tussen die blaamwaardige en die eenheid waaraan hy behoort, te bewerkstellig (vergelyk sake 4, 5, 9 en 47). Op hierdie wyse kan die hof gelas dat die eintlike blaam= waardige of soms albei die partye, 'n hoender, en in sake van meer ernstige omvang, selfs 'n bok aan die hof moet lewer. Hierdie umchachazelo word dan geslag en deur die litigante saam met die lede van die hof geëet. Hierdeur word die vrede weer herstel.

Die lewering van umchachazelo kan ook op 'n ander wyse ein= dig. Dit is deel van die taak van die familiehof om stru= weling tussen nabye verwante te versoen en te keer dat die vuil wasgoed nie in die openbare howe gewas word nie. Wan= neer 'n persoon dan uit grondige oorwegings skadevergoeding, wat soms 'n hele omvang kan hê, van 'n nabye verwant eis, mag die hof hom versoek om nie "sy broer dood te maak nie." Die hof kan in die proses die blaamwaardige beveel om 'n aansienlike umchachazelo aan die eiser te betaal. Dit is egter altyd veel minder as die volle geregverdigde eis vir skadevergoeding. Sodanige umchachazelo word nie geslag en in die hof geëet nie. Die persoon wat gelyk gekry het, neem dit na sy huis in plek van skadevergoeding. Indien die eiser nie umchachazelo wil aanvaar nie en op die lewering van ska= devergoeding aandring, kan hy dit in 'n openbare hof eis. Ontvang hy egter die umchachazelo is dit 'n besondere wel= willendheidsgebaar teenoor sy verwant wat aan die ontvanger aansien besorg. Informante was daar baie duidelik oor dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dit nie nhlawulo (skadevergoeding) is wat ontvang word nie maar wel umchachazelo. Mens moet volledigheidshalwe daarop wys dat die onderskeie familiehowe wel bevoeg is om te be=veel dat skadevergoeding (nhlawulo) gelewer word. Die lewering van umchachazelo sal egter nooit op hierdie wyse gelas word in sake van ernstige aanranding, owerspel, die verleiding van 'n jong dogter, ensovoorts nie. Sulke sake is te ernstig. In sulke sake sal die hof die uitspraak=skuldenaar beveel om skadevergoeding soos deur die stamreg bepaal, te lewer.

Die lewering van umchachazelo word slegs in die nie-openbare howe gelas. (Vergelyk egter saak 47). In die openbare howe waar 'n klag formeel aanhangig gemaak word deur die betaling van 'n hoffooi, word 'n saak op meriete volgens die toepas=like stamreg beoordeel en word daarvolgens skadevergoeding toegeken. Dit bly nogtans die taak van die hof om, sover moontlik, 'n versoening tussen die litigante te bewerkstellig. Die enigste wyse waarop die hof hierin kan slaag, is om die oortreder tydens die hofproses tot "oorgawe", dit wil sê tot die erkenning van sy skuld te bring. In hierdie verband lui die spreekwoord dan ook dat "ku thlaya ku sasa moya wa mhunu - belydenis van skuld reinig die gees van die mens." Die beste bewys hiervan vind 'n mens by die afsluiting van 'n saak in die kapteinshof. Wanneer die kaptein uitspraak lewer, word sy beslissing by die Changanastamme deur die litigante, gevolg deur die aanwesiges in die hof, beantwoord met uitroepe van bayete ... bayete. By die Nhlanganustamme word die sibbenaam van die kaptein tweemaal hardop uitgeroep. Hierdie uitroepe openbaar nie alleen hul onderdanigheid aan die gesag van die kaptein nie, maar dien ook as 'n uiterlike bewys van die goedkeuring wat sowel die litigante as die aanwesiges aan die uitspraak verleen. Op dieselfde wyse word die boete wat die hof 'n skuldige mag oplê of die hoeveelheid skadevergoeding wat aan die uitspraakskuldeiser toegeken mag word, deur die litigante sowel as die lede van die hof beaam. Hierdie gesamentlike gebaar van die litigante weerspieël

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook die versoening wat deur die hofproses by die twee partye bewerkstellig is. In die kapteinshof kan nie alleen die lewering van skadevergoeding beveel word nie maar 'n skuldige kan ook gestraf word deur 'n boete op te lê, lyf=straf te beveel of hom te waarsku. In die verlede was die doodstraf of uitbanning ook as strawwe moontlik. Daar is egter reeds op gewys dat die howe nie 'n skerp onderskeid maak tussen siviele gedinge en strafsake nie. 'n Enkele saak kan daarom terselfdertyd 'n siviele sowel as 'n straf=regtelike aspek inhou en albei aspekte sal normaalweg gelyk=tydig, dit wil sê tydens dieselfde verhoor, afgehandel word. By die oortredings van eersgenoemde tipe moet daar op die een of ander wyse regstelling geskied of kompensasie gelewer word (gewoonlik geskied dit deur die lewering van skadever=goeding aan die eiser) - terwyl 'n kriminele oortreding streng en konsekwent gestraf word by wyse van 'n boete of 'n saam=gestelde vonnis. Die uitspraak van die hof bevat dus in 'n strafregtelike sowel as siviele saak, gewoonlik 'n bevel tot restitusie ten opsigte van die veronregte.

Vanweë die feit dat daar nie 'n skerp onderskeid gemaak word tussen siviele gedinge en strafsake nie, word daar ook nie terminologies onderskeid gemaak tussen die begrippe boete, as 'n element van straf in 'n vonnis en skadevergoeding, wat die hof in 'n suiwer siviele geding, aan die eiser mag toe=ken nie. Albei hierdie begrippe word met dieselfde term aan=gedui. By die Changanstamme word die Zuluterm -hlawulo ge=bruik wat volgens Doke en Vilakazi (1948) beteken "fine, penalty" maar ook "damages, reparation". Die betekenis van die woord dui dus op sowel 'n boete as skadevergoeding. Die Nhlanganustamme gebruik die Tsongaterm ndziho (ww. riha) om 'n boete/skadevergoeding aan te dui. Cuenod (1967:177) ver=taal die woord dan ook met "pay a fine; a compensation." Die begrippe boete sowel as skadevergoeding word dus ook in die betekenis van dié woord verstrengel. Hiervolgens moet die uitspraakskuldenaar dan aan die hof 'n boete betaal en aan die eiser skadevergoeding lewer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Soos vermeld is, is elke hof binne die stamgebied bevoeg om die lewering van skadevergoeding te beveel. Wanneer die nie-openbare howe beslis dat skadevergoeding gelewer moet word en die partye neem daarmee genoeë, is die saak afge= handel. Indien nie, het enige van die partye (gewoonlik is dit die uitspraakskuldenaar), die reg om hom op 'n openbare hof te beroep. Wanneer die hoër hof dan die uitspraak van die laer hof handhaaf, word daar nie 'n groter skadever= goeding aan die eiser toegeken nie. Die hof sal egter ge= woonlik na sy diskressie 'n stywe hoffooi van die uitspraak= skuldenaar vorder. Appelleer hy verder na die kapteinshof en kry weer daar die ongelyk, word hierdie hofgeld verhoog. Die skadevergoeding bly dieselfde. Informante wou hierdie hofgeld nie as 'n boete sien nie. Daar is verduidelik dat die uitspraakskuldenaar <u>nhlawulo</u> (skadevergoeding) aan die hof betaal vanweë sy onwilligheid om te berus in 'n lewe= ringsplig wat reeds in die familiehof aan hom uitgewys is.

By die bepaling van skadevergoeding is verskillende faktore van belang. Gewoonlik dien die eis wat die klaer in 'n saak stel as basis vir die bevel tot die lewering van skadever= goeding. Dit is egter vir die hof om te besluit of sodanige eis geregverdig is, al dan nie. In praktyk is die skadever= goeding wat deur die hof beveel word gewoonlik in ooreen= stemming met die aard van die oortreding. Vir sekere oor= tredings soos byvoorbeeld owerspel of verleiding, mag die eiser egter nie 'n hoër eis instel as die normale hoeveel= heid wat deur die stamreg voorgeskryf word nie (vergelyk sake 24 en 32). Die omvang van die skadevergoeding word dus in 'n hoë mate deur die stamreg voorgeskryf. Die hof het egter die bevoegdheid om 'n ligter of 'n swaarder restitusie vir 'n bepaalde onregmatige handeling op te lê. Verskillen= de faktore soos onder andere die ouderdom van die blaamwaar= dige persoon, sy status in die gemeenskap en die omstandig= hede waaronder die oortreding begaan is, word deeglik deur die hof in aanmerking geneem alvorens die omvang van die skadevergoeding bepaal word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit gebeur byvoorbeeld dikwels dat 'n ou man beveel word om 'n kleiner skadevergoeding as die normale te betaal. Dit sal gewoonlik die geval wees as hy uit sy karige middele moet instaan vir die skade wat 'n geskeide dogter onder sy sorg veroorsaak het (vgl. ook saak 39). Van persone van aansien word verwag dat hulle 'n voorbeeld sal stel. Wanneer hulle skade veroorsaak, kan dit verwag word dat die volle skade plus 'n hoffooi betaal sal moet word. By die toeken=ning van skadevergoeding neem die hof egter ook moontlike nalatigheid by die persoon wat skade gely het of versagtende omstandighede wat die persoon wat die skade veroorsaak het, in ag. Daar moet egter duidelik verstaan word dat wanneer die stamreg 'n geykte bedrag aan skadevergoeding voorskryf soos in die geval van verleiding en owerspel, die omvang daarvan nie maklik verminder sal word nie.

<u>Nhlawulo</u> (skadevergoeding) wat aan die uitspraakskuldeiser toegeken word, is egter te onderskei van <u>nhlawulo</u> (boete) wat 'n vonnisskuldenaar in 'n suiwer strafsaak, byvoorbeeld by ongehoorsaamheid aan die kaptein se bevele,opgelê word (<u>ku hlawulisa</u> - om 'n boete op te lê). Soos vroeër vermeld is, is die wykshof nie bevoeg om 'n suiwer strafsaak te ver=hoor nie. Dit neem egter nie die feit weg dat hierdie hof alle strafsake wat in sy gebied mag ontstaan, moet ontvang, ondersoek en na die kapteinshof deurstuur nie. Aangesien alleen die kapteinshof uitspraak in suiwer strafsake kan gee, is slegs hierdie hof bevoeg om 'n boete op te lê. Net soos by die bepaling van skadevergoeding, word die grootte van die boete wat opgelê word, bepaal deur die aard en ernstig=heid van die oortreding. Die boete wat gevorder word, is onderhewig aan dieselfde speling wat hierbo ten opsigte van die bepaling van skadevergoeding genoem is. Tradisioneel het alle boetes in strafsake na die kaptein,as verteenwoor=diger van die stam,gegaan.

In die huidige tyd is die bevoegdheid van die kapteinshof om boetes op te lê deur artikel 20(2) van Wet 38 van 1927 be=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

perk tot R40-00 of 10 stuks kleinvee of 2 stuks grootvee. Ooreenkomstig amptelike voorskrif word sodanige boetes van=dag in die stamkas inbetaal en kom nie meer die kaptein of sy hof ten goede nie. Ernstige strafsake wat in die Derde Bylae van Wet 38 van 1927 van die kaptein se jurisdiksie uitgesluit is, moet na die Kommissaris (Magistraat) verwys word, ondanks die feit dat die betrokke wykshof 'n voor=ondersoek gehou het. Soos vroeër vermeld is, word daar slegs by hoë uitsondering aan hierdie bepaling gehoor gegee. Die kapteinshof verhoor bykans alle sake (met uitsluiting van moord en ernstige aanranding) wat by die hof aanhangig gemaak word. Slegs daardie sake waarin die hulp van die Suid-Afrikaanse Polisie ingeroep is, word direk deur die plaaslike magistraat verhoor. In praktyk gebeur dit egter dikwels dat wanneer 'n persoon op hierdie wyse gearresteer, verhoor en gevonnis is, hy na die uitdiening van sy vonnis of die betaling van 'n boete, nie ooreenkomstig die inheemse reg skotvry gaan nie. Die saak sal naamlik by die kapteins=hof of toepaslike mindere hof in die stam aanhangig gemaak en ooreenkomstig die stamreg verhoor word (vergelyk saak 1). Volgens informante is sodanige dubbele verhoor van die saak nie onredelik nie, aangesien die blaamwaardige na die eerste verhoor slegs nhlawulo aan die Staat gelewer het en nie aan die stam of aan die veronregte persoon nie.

Naas die bevoegdheid wat die wykshof het om die lewering van skadevergoeding te beveel en dié wat die kapteinshof het om skadevergoeding in 'n siviele saak en 'n boete in 'n suiwer strafsaak te gelas, beskik albei hierdie howe oor die be=voegdheid om by alle siviele eise 'n addisionele hofgeld te hef. Hierdie hofgeld moet deur die uitspraakskuldenaar aan die hof gelewer word en kom nie die uitspraakskuldeiser ten goede nie. By die Changanastamme is hierdie strafelement of kostefaktor wat in die uitspraak aanwesig is, bekend as nkhavi ya huvo wat, as dit letterlik vertaal word, beteken "die lat/rottang van die hof." By die Nhlanganustamme staan dit bekend as ku kukula huvo, dit wil sê "om die hof te vee".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


In elke siviele saak wat in 'n openbare hof verhoor word, kan van die uitspraakskuldenaar gevra word om hierdie hof=geld te betaal. Dit dien enersyds om hom te straf omdat hy hom nie berus het by die uitspraak van die familiehowe nie en andersyds om te vergoed vir die moeite van die hof om die saak te verhoor.

Die hoeveelheid nkhavi ya huvo/xikukula huvo wat gelewer moet word, word hoofsaaklik bepaal deur die omvang van die skadevergoeding wat toegeken is. Die tydsduur van die pro=ses of die moeite van die hof om die saak te bereg, kan eg=ter die omvang van die bedrag wat aan die hof gelewer moet word, verhoog of verlaag. Normaalweg moet 'n bok vir elke bees skadevergoeding en in die huidige tyd 'n bedrag van R5-00 vir elke R10-00 tot R20-00 skadevergoeding wat deur die hof bepaal word, gelewer word. In sake waar 'n hoër skadevergoeding toegeken word, geld die reël dat hierdie bedrag een uit elke vier beeste wat aan die uitspraakskuld-eiser gelewer moet word, beloop. Volgens hierdie beginsel word die omvang van die bedrag redelik stereotiep bepaal. Uit die hofverslae wat bestudeer is, het dit geblyk dat hierdie bedrag nooit meer is as R30-00 in totaal of 3 beeste nie. Volgens informante kan die kapteinshof egter by ern=stige geskille 'n hoër bedrag bepaal en hom laat lei deur die aard van die klagte en die moeite van die hof om die saak te bereg. Ten slotte moet mens daarop wys dat die on=derskeie nie-openbare howe nie oor die bevoegdheid beskik om bogenoemde boete op te lê nie.

Alle nkhavi ya huvo/xikukula huvo wat gelewer word, gaan na die kaptein. Dit was ook in die verlede die plig van die wykshoof om alle sodanige gelde wat deur sy hof ontvang is, so gou as moontlik na die kaptein te neem. Op hierdie wyse het die wykshoof dan ook oor 'n afgehandelde saak aan die kaptein verslag gedoen. In die huidige tyd word hierdie geld nie meer weekliks aan die kaptein oorbetaal nie, maar slegs een keer per jaar. Dit het naamlik die gebruik geword by al die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stamme van Mhala, dat 'n wykshoof nie meer oor sake wat in sy hof verhoor en afgehandel is, aan die kaptein verslag moet doen nie. Gevolglik vereis die kaptein dat elke wyks= hoof uit die geld wat op bogenoemde wyse in sy hof ontvang is, jaarliks 'n bees, bekend as homu ya huvo ya hosi (die bees vir die kapteinshof) moet lewer. Uit die restant moet die wykshoof sy hof kos gee. Op hierdie wyse word nkhavi ya huvo/xikukula huvo gebruik vir die onderhoud van die hof. Aangesien die amptelike voorskrif (Goewerments= kennisgewing R2082 van 29.12.'67) die lewering van sodanige geld nie spesifiek vereis nie, is dit die indruk dat ont= vangste van hierdie aard nie altyd in die stamkas gestort word nie.

By die Changanastamme bestaan daar naas die lewering van bo= genoemde geld ook twee gebruike waarin enersyds die uitspraak= skuldenaar en andersyds die uitspraakskuldeiser, onder sekere omstandighede addisionele bedrae aan die hof moet lewer. By hierdie stamme is dit die gebruik dat die uitspraakskuldenaar in die laaste saak wat op die hofdag verhoor word, 'n fooi, bekend as ku tswehela huvo wat beteken "om die hofverrigtinge te beëindig" en in oordragtelike sin "om die hof skoon te maak", moet lewer. Tswehela huvo kom die hofhouer ten goede en word gehef in alle openbare howe. Die wykshoof moet eg= ter alle tswehela huvo wat in sy hof ontvang is, aan die kaptein oorbetaal. Die omvang van die bedrag wat aldus ge= lewer moet word, wissel tussen R2-00 en R5-00 in die wykshof en in die kapteinshof word 'n vasgestelde bedrag van R10-00 gelewer. Die uitspraakskuldenaar in die laaste saak wat deur die hof op 'n bepaalde dag verhoor word, is dus aanspreeklik vir (i) skadevergoeding aan die eiser, (ii) nkhavi ya huvo/ xikukula huvo vir sy verontagsaming van die uitspraak van 'n familiehof (iii) 'n hofoopmaker (iv) tswehela huvo vir die lot wat hom getref het, deur laaste op die "rol" geplaas te wees. Indien die laaste saak wat verhoor word om een of ander rede uitgestel moet word, word daar natuurlik geen tswehela huvo gelewer nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

In sekere sake moet die uitspraakskuldeiser ook 'n fooi aan die hof betaal. By die Changanastamme bestaan daar naamlik die gebruik bekend as die lewering van umbongo. Umbongo is 'n Zuluwoord en beteken om dankie te sê, dit wil sê om die hof te "bedank" vir die beregting van 'n geskil. Umbongo word nie deur die uitspraakskuldeiser aan die hof aangebied nie, maar hy word deur die hof gelas om dit te lewer. In sake waarin die hof dus moeite ondervind het om die skuldige tot erkenning te dwing, of soos informante dit stel "die hof hard gewerk het om die saak in jou guns te bereg" kan die hof gelas dat die uitspraakskuldeiser umbongo moet lewer. Die hoeveelheid umbongo wat gelewer moet word, word dan bepaal ooreenkomstig die omvang van die skadevergoeding wat toege= ken is. Gewoonlik is dit 'n bok vir elke bees. In sake waar 'n hoër skadevergoeding toegeken word, kan die umbongo een uit elke vyf of meer beeste wat aan die uitspraakskuld= eiser gelewer word, beloop. Umbongo varieer dus ooreenkom= stig die hoeveelheid skadevergoeding wat toegeken word. Vol= gens hierdie beginsel word die omvang van umbongo redelik stereotiep bepaal. 'n Mens moet egter daarop wys dat die lewering van umbongo nie 'n algemene praktyk in die howe is nie. Umbongo word slegs gelas in sake waarin die hof met groot moeite en kundigheid 'n oënskynlik "verlore" saak vir die uitspraakskuldeiser "wen" (vergelyk saak 5).

Alle umbongo wat gelewer word, gaan na die kaptein. Daarom noem sommige informante dit ook umbongo wa hosi, dit wil sê die dank aan die kaptein vir die betoning van geregtigheid. Dit is dan ook die plig van die wykshoof om alle umbongo wat deur sy hof ontvang is, so gou as moontlik na die kaptein te neem.

Soos vroeër vermeld is, het die openbare howe sowel as die nie-openbare howe, ook die bevoegdheid om lyfstraf te beveel. Lyfstraf (Ch.: jezisa en Nhl.: nkharisa) word beskou as nhlawulo en kan opgelê word in 'n suiwer siviele eis vir skadevergoe= ding sowel as in 'n strafsaak soos byvoorbeeld vir minagting

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van die hof. Dit is 'n normale straf vir kinders wat die rus verstoor, ongehoorsaam is teenoor hulle ouers en vir geringe diefstal (vergelyk sake 6 en 12). Lyfstraf kan ook beveel word vir 'n man wat sy vrou by herhaling mishandel, 'n vrou wat by herhaling owerspel pleeg nadat haar man reeds by 'n vorige geleentheid skadevergoeding vir haar owerspel geëis het (vergelyk later asook saak 11), 'n man wat by her=haling met dieselfde vrou owerspel pleeg (vergelyk saak 53) en 'n vrou wat haar man nie onderdanig is nie. Wanneer so=danige bevel gelewer word, "betaal 'n persoon met sy liggaam" en word geen addisionele skadevergoeding tot die uitspraak toegevoeg nie. Enige man, vrou of kind mag lyfstraf ontvang. 'n Ou man/vrou sowel as 'n swanger vrou mag egter onder geen omstandighede lyfstraf opgelê word nie. 'n Persoon wat hom byvoorbeeld misdra in die hof en vir minagting van die hof lyfstraf ontvang, word egter nie, indien hy die uitspraak=skuldenaar sou wees, kwytgestel van die skadevergoeding wat hy aan die uitspraakskuldeiser moet lewer nie. Hy bly daar=voor aanspreeklik nadat hy met sy liggaam vir minagting van die hof "betaal" het. Die omvang van die lyfstraf wat opgelê word, word bepaal ooreenkomstig die aard van die oortreding. 'n Ongehoorsame kind ontvang normaalweg drie houe met 'n stok of 'n rottang, terwyl 'n owerspelige man/vrou gewoonlik ses tot agt houe toegedien word. 'n Ou man/vrou of 'n swanger vrou wat nie met die liggaam kan betaal nie, moet R1-00 kon=tant lewer vir elke hou wat hulle sou ontvang het.

In die kapteinshof is die _ndhunankulu_ (vandag 'n aangewese _ndhuna_) en in die wykshof die _xandla xa ndhuna_ verantwoorde=lik vir die reëlings vir die tenuitvoerlegging van 'n vonnis of uitspraak. Nadat die wykshoof of die kaptein uitspraak gelewer het, neem die betrokke beampte die litigante tesame met hulle verwante, na buite en herhaal die uitspraak in die teenwoordigheid van albei partye. Indien die uitspraakskul=denaar die uitspraak aanvaar, word daar onmiddellik reëlings getref oor die wyse waarop die uitspraakgoedere gelewer sal word. Hierdie besluit en ooreenkoms word dan deur die be=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


trokke beampte aan die hof meegedeel. In die kapteinshof word dit ook deur die stamsekretaris in 'n hofboek opge=teken. In die onderskeie wykshowe, waar die xandla xa ndhuna in die meeste gevalle ongeletterd is, dien die lede van die hof as getuies van die ooreenkoms. Dié ooreenkoms en onderneming om te betaal is bindend en kan nie gewysig word sonder die toestemming van die hof en die uitspraak=skuldeiser nie. Indien die uitspraak- of vonnisskuldenaar nie met die vonnis of uitspraak genoeë neem nie, word daar kennis van appèl gegee (vergelyk later).

Alle betalings wat die hof beveel, moet aan die betrokke amptenare wat dit namens die hof en die uitspraakskuldenaar sal ontvang, gedoen word. Skadevergoeding wat aan 'n uit=spraakskuldeiser toegeken is, moet dus ook by die hof inbe=taal word. Hier kan die eiser dit in ontvangs kom neem. In die wykshof moet alle betalings aan die hof sowel as die oordrag van skadevergoeding aan die uitspraakskuldeiser, voor getuies geskied. In die kapteinshof word dieselfde prosedure gevolg by die oordrag van skadevergoeding aan die uitspraakskuldeiser. Alle ander betalings wat aan die hof gelewer word, word by wyse van 'n kwitansie deur die stam=sekretaris erken. Slegs dié per regulasie voorgeskrewe hof=onkoste en boete word in die stamkas inbetaal. Dit kom soms voor dat nie al die gelde in die stamkas inbetaal word nie maar soos van ouds, die hof ten goede kom. Soos vermeld is, moet die wykshoof alle gelde, met uitsondering van die hof=oopmaker wat vir afgehandelde sake gelewer is, aan die kap=teinshof oorbetaal. Aangesien die wykshoof nie meer oor afgehandelde sake verslag doen nie, is dit die indruk dat die addisionele gelde wat aan die wykshof gelewer word, nie aan die kapteinshof oorbetaal word nie. Dit is ook nie duidelik of al die geld wat deur die wykshoofde oorbetaal word, in die stamkas inbetaal word nie.

Die skadevergoeding wat 'n uitspraakskuldenaar ten gevolge van die uitspraak in die onderskeie nie-openbare howe aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die uitspraakskuldeiser lewer, word nie, soos dit by die openbare howe praktyk is, via die hof aan die uitspraak= skuldeiser oorbetaal nie. Die uitspraakgoedere kan direk aan die eiser gelewer word. Hiervoor gebruik die uitspraak= skuldenaar gewoonlik 'n senior verwant wat dit namens hom oordra. Hierdie persoon dien dan ook as getuie dat die goedere wel gelewer is.

Aan die uitspraak- of vonnisskuldenaar word 'n redelike tyd gegun om te betaal. Informante is dit eens dat geen beta= ling in die verlede direk na die uitspraak of vonnis gedoen is nie - veral nie aan die wykshof nie. 'n Persoon wat die ongelyk gekry het, bespreek gewoonlik eers die omvang van die skadevergoeding of die boete wat hom opgelê is met sy verwante, alvorens enige betaling gedoen sal word. In die huidige tyd is die tydsduur wat 'n skuldenaar gegun word om te betaal deur die stamgesag op dertig dae vasgestel. Hier= die tydsbeperking is 'n nuwe gebruik.

Dit was opvallend dat alle informante nie kennis gedra het van die feit dat die uitspraak van die kapteinshof in 'n siviele geding volgens regulasie (GK. R2082 van 1967) outo= maties verval as dit nie binne twee maande by die magistraats= kantoor geregistreer word nie. Die segsmanne het volgehou dat 'n hofuitspraak nie op so 'n wyse kan verval nie.

In die nie-openbare howe geld daar nie 'n tydsbeperking waar= binne 'n uitspraakskuldenaar moet betaal nie. Dieselfde be= ginsel wat vroeër vermeld is, naamlik dat 'n saak "nie vrot word nie," is hier ook van toepassing. Aangesien verjaring van skuld nie 'n kenmerk van die reg van hierdie stamme is nie, kan 'n uitspraak en insgelyks die eis om die uitspraak= goedere ook nie "vrot" word nie. Normaalweg word die uit= spraakskuldenaar by hierdie howe 'n redelike lang tyd gegun om te betaal. Indien hy nie binne 'n redelike tyd (ongeveer drie maande) reageer nie, sal deur die uitspraakskuldeiser via die hof daarom gevra word. Sou hy weier om te betaal, beskik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie howe nie oor die bevoegdheid om die uitspraak af te dwing nie. Die enigste uitweg is dan dat die uitspraak=skuldeiser die saak by 'n openbare hof aanhangig maak, waar dit herverhoor sal word.

Indien 'n persoon wat in 'n openbare hof blaamwaardig bevind is, nie in staat is om binne dertig dae sy "skulde" te ver=effen nie, moet hy amptelik by die hof om uitstel van beta=ling kom aansoek doen. Die hof kan dan in oorleg met die uitspraakskuldeiser beslis of sodanige versoek toegestaan kan word al dan nie. Uitstel kan slegs verleen word ten opsigte van goedere verskuldig aan die uitspraakskuldeiser. By al vier die stamme bestaan die reël huvo a yi kweletiwi wat as dit vertaal word, beteken "die hof mag nie geskuld word nie." Daarom sal daar slegs in hoogs uitsonderlike ge=valle uitstel gegee word vir die betaling van boetes of gelde wat aan die hof verskuldig is.

Wanneer die vasgestelde tyd verstreke is sonder dat daar om uitstel gevra is, sal die betrokke beamptes 'n hofkonstabel stuur om 'n onmiddellike betaling te eis. Aangesien die wyks=hof nie bevoeg is om 'n uitspraak af te dwing nie, sal 'n persoon wat weier om uitvoering daaraan te gee deur die uit=spraakskuldeiser voor die hof van die kaptein gedaag word. Die kapteinshof is daarenteen in staat om sy uitspraak of vonnis af te dwing. Indien 'n vonnis- of uitspraakskulde=naar dus weier om sy verpligtinge na te kom, sal die betrokke amptenare die onderskeie swirhumiwa swa bandla (boodskappers van die hof) uitstuur om op die uitspraakgoedere (soms deur geweld), beslag te lê. Dit spreek vanself dat sodanige op=trede direk verband hou met die politieke gesag van die kaptein wat elke lid van die stam verplig is om te erken. Aan=gesien verset teen die uitspraak van die kapteinshof inder=daad verset teen die kaptein as die stamgesag impliseer en in die verlede swaar gestraf is, was die afdwinging van hof=beslissings 'n uiters seldsame verskynsel. In die huidige tyd word 'n halstarrige, sonder 'n verdere verhoor, met 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

addisionele boete van R10-00 of 1 bees beboet. Vermoedelik hou dit verband met die bepalings van regulasie 8(3) van GK R2082 van 1967 wat bepaal dat enigeen wat 'n bode van 'n kaptein in die uitvoering van sy plig hinder, 'n oortreding begaan wat strafbaar is met 'n boete van hoogstens R10-00.

Wanneer 'n persoon wel bereid is om die uitspraakgoedere te lewer maar weens omstandighede nie oor die nodige middele beskik nie, moet hy binne dertig dae by die kapteinshof aan= meld en sy onvermoë om te betaal, bely. Aangesien skuld nie verjaar nie, is sodanige persoon in die verlede deur die hof beveel om hom by WENELA, wat in hierdie distrik mynarbeiders gewerf het, vir diens aan te meld. Op hierdie wyse kon die uitspraakskuldenaar geld verdien ten einde sy "skulde" te vereffen. In die huidige tyd kan sodanige persone ook be= veel word om by die stamarbeidsburo aan te meld waar 'n lid van die hof sal toesien dat hy by 'n werkgewer in diens ge= plaas word sodat hy binne 'n periode deur die hof bepaal, in staat sal wees om sy "skulde" te vereffen.

Die kapteinshof beskik as die hoogste hof in die stam,oor die bevoegdheid om sy vonnisse in strafsake met geweld af te dwing. Omdat die hof die bevoegdheid het, was daar aan hierdie hof, afgesien van die onderskeie swirhumiwa swa bandla wat belas was met die beslaglegging van uitspraak- en vonnis= skulde ook persone verbonde wat die taak van verbanning, die toediening van lyfstraf of die teregstelling moes uitvoer (vergelyk Hartman 1972:247). In die huidige tyd het meeste van hierdie funksionarisse verdwyn. Verbanning uit die stamgebied sowel as die teregstelling van skuldiges,is in die huidige tyd nie meer moontlik nie (vergelyk in hierdie verband die bepalings van Wet 38 van 1927 en die regulasies daarvolgens uitgevaardig). Naas die swirhumiwa swa bandla funksioneer daar vandag slegs die persoon(e) wat met die toediening van lyfstraf belas word. Gewoonlik is dit die taak van 'n spesifieke xirhumiwa xa bandla wat vir die uit= oefening van hierdie taak bekend is as mubi ya nhonga

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(stokslaner) om lyfstraf in opdrag van die hof in die ont= ruimde hofsaal toe te dien. Indien 'n persoon lyfstraf op= gelê word, ontvang hy sy straf direk na die uitspraak ge= lewer is (vergelyk sake 6, 11 en 53).

Die ondervinding van die onmiddellike verlede het bewys dat stamlede die beslissings van die kapteinshof so getrou nakom dat die kaptein nie nodig het om hom op die steun van die Kommissarishof (vandag die Magistraatshof) te beroep om be= slissings van sy hof te laat afdwing nie.

5. Minagting van die hof

By al die stamme van Mhala kan 'n persoon weens minagting van die hof summier beboet word. Hierdie reël is van toe= passing in die openbare sowel as in die onderskeie nie-openbare howe.

'n Verskeidenheid handelinge gedurende die verhoor van 'n saak word as minagting van die hof beskou. Hierdie optrede hou in elke geval verband met die skending van die ordelik= heid en die aantasting van die waardigheid en integriteit van die hof. Gewoonlik word die boete deur 'n waarskuwing voorafgegaan. So byvoorbeeld sal 'n persoon wat onder die invloed van drank, luidrugtig in die hof te kere gaan, of die hofverrigtinge vertraag, vermaan word om hom ordelik te gedra. Indien hy hierdie waarskuwing nie gehoorsaam nie of weier om die hofsaal te verlaat, kan hy summier beboet word. Dieselfde prosedure word gevolg wanneer 'n persoon, na hy vermaan is, met verdere tussenwerpsels of beledigende op= merkinge, die gang van die verhoor vertraag.

Slegs by hoë uitsondering sal 'n persoon weens belediginge wat hy in die hof uitspreek, beboet word. Net soos by die Bafokeng (Coertze 1971:162) en die abakwaMzimela (De Clercq 1975:117) word enige uitlating of kommentaar wat in die hof gemaak word, as 'n gepriviligeerde mededeling beskou. 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Persoon het egter nie absolute vryheid van spraak nie. Indien 'n persoon na 'n vermaning van die voorsittende be=ampte sou voortgaan om beledigend en selfs lasterlik van 'n ander te praat en die waardigheid van die hofverrigtinge so te versteur, sal hy summier beboet word vir minagting van die hof. Wanneer die hof sou bevind dat 'n persoon leuens vertel, sal hy vermaan word om slegs die waarheid aan die hof mee te deel. Sou die hof bevind dat hy die waarheid verdraai en sodoende die hofverrigtinge vertraag, geld sy optrede as minagting van die hof en is dit strafbaar.

Die verweerder in 'n saak of selfs 'n getuie wat deur die hof gelas is om die hofverrigtinge by te woon, kan weens minagting van die hof beboet word indien hy sonder versko=ning afwesig is. Indien hy by 'n daaropvolgende verhoor op=daag en vir die hof bevredigende redes vir sy afwesigheid verstrek, kan sy boete ter syde gestel word. Hy bly egter steeds verantwoordelik om mupoxa (vergelyk B.3. hierbo) aan die eiser te lewer vir die dubbele moeite wat dié gehad het om die saak te laat verhoor. Mupoxa word deur die hof be=veel en dit word dan deel van die skadevergoeding wat die uitspraakskuldenaar aan die eiser moet lewer.

Indien 'n persoon teen die uitspraak van die kapteinshof appelleer (vergelyk B.6. hierna), of die inheemse howe ver=bygaan en 'n saak direk by die hof van die Kommissaris gaan aanmeld, word dit beskou as minagting van die kapteinshof. Wanneer sodanige persoon by 'n later geleentheid in die kap=teinshof sy opwagting maak, sal hy beboet word. Die hof ag dit benede sy waardigheid om die oortreder op te roep. Hulle wag tot hy eendag self as die verleë persoon by die hof kom hulp vra.

Die boete vir minagting van die hof wat deur die onderskeie nie-openbare howe opgelê word, beloop gewoonlik R1-00 of 'n hoender en by ernstiger oortredings selfs R5-00 of 'n bok. In die openbare howe is daar 'n vasgestelde boete van R10-00

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir minagting van die hof. In alle gevalle kom die boete die hofhouer toe. Die wykshoof mag egter nie hierdie boetes "eet" nie, maar moet dit aan die kaptein oorbetaal. Wanneer 'n persoon in die hof gelieg het, moet hy egter met sy lig=gaam betaal. Die hoeveelheid houe wat 'n leuenaar kan ont=vang, varieer tussen vyf en tien, afhangende van die duur van die vertraging wat hy met sy leuens veroorsaak het. Die wykshof is egter nie bevoeg om lyfstraf te laat toedien nie. 'n Leuenaar in die wykshof word gewoonlik by die kapteinshof verkla. Hy ontvang gevolglik sy lyfstraf in die kapteinshof.

## 6. Appèl en verslag

Enige van die partye in 'n geding waarin 'n openbare of nie-openbare hof uitspraak gegee het, kan teen die uitspraak appèl aanteken. Appèl geskied dan van laer na hoër howe ooreenkomstig die rangorde van die verskillende howe. 'n Aangeleentheid wat nie in die laagste hof, die kraalhof, bereg kan word nie, sal na die hof van die kralekompleks en in die geval van linieverwante na die liniehof verder gevoer word (slegs by daardie stamme waar die liniehof funksioneer). Andersins word die liniehoof as <u>nkulukumba</u> ingeroep om deel te neem in die beреddering van familiegeskille in 'n beson=dere kraal.

Die wykshof as laagste openbare hof vorm weer 'n hof van appèl vir sake wat nie in die nie-openbare howe tot tevreden=heid van albei die partye bereg is nie. In die laaste in=stansie het 'n persoon wat nie tevrede is met die uitspraak van die hof van die wykshoof nie, die vermoë om direk na die uitspraak van die wykshoof of selfs later, kennis van appèl te gee en hom op die kapteinshof te beroep. In die verlede was hierdie hof die hoogste hof in die stam en die uitspraak van die hof was dus finaal en bindend.

In die huidige tyd het litigante ook die moontlikheid om na die plaaslike magistraatshof te appelleer indien hulle hul

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie aan die uitspraak of vonnis van die kapteinshof wil onderwerp nie. Met verwysing na sodanige appèlbevoegdheid, moet mens die standpunt van Stevenson-Hamilton (1949:235) vermeld waarin hy hom ten opsigte van die stamme van Mhala as volg uitlaat: "Al die Laeveldse naturelle lewe nog on= der die stamstelsel al is dit met aansienlike wysiginge. Die seun van Gungunyane wat met ander van die vorige koninklyke huis van die ba-Ngoni 'n voortvlugtige in die Transvaal was, word deur al die Thongagroepe wat onder die benaming ba Tshangane behels word, as opperhoof erken, en alle appèlle teen toekennings deur onderhoofde kragtens na= turellereg word nog aan hom vir beslegting voorgelê. Daar is altyd 'n verdere appèl na die Naturellekommissaris van die distrik na wie naturelle vir die reëling van hulle ge= skille mag gaan, maar dis gebruiklik om die saak, indien moontlik, deur die kaptein van die betrokke partye te laat uitwys .... Nietemin lewe daar nog onder die volk 'n sterk gevoel van tradisionele lojaliteit en (ek onderstreep) <u>'n onbillike beslissing wat van 'n meerdere van hulle eie ras uitgaan, mag geredeliker aanvaar word as 'n meer korrekte van 'n blanke amptenaar</u>."

Die posisie soos hierbo uiteengesit, het sedertdien verander. In die huidige tyd word die kaptein van die Nxumalostam (direkte nakomelinge van Nghunghunyana) nie meer deur die omliggende stamme as opperhoof erken nie. Al die kapteins in die Mhaladistrik is van owerheidsweë erken en aangestel (vergelyk Hoofstuk II). 'n Appèl vanuit hierdie howe gaan gevolglik nie meer na 'n opperhoof nie maar direk na die magistraatshof. Hoewel daar in die huidige tyd soms teen die beslissing van 'n kaptein geappelleer word, geskied dit nie sonder moontlike nadelige gevolge vir 'n appellant nie. Sodanige persoon onttrek hom as 't ware aan die jurisdiksie van die kapteinshof. By sommige stamme bestaan daar die ge= bruik dat iemand wat vantevore teen die uitspraak van die kapteinshof geappelleer het, nie daarna weer 'n saak na laasgenoemde hof kan bring alvorens hy nie 'n addisionele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


geskenk, 'n soort versoeningsoffer, tesame met die hoffooi aan die ontvanger van sake van die kapteinshof gelewer het nie.

Ander stamme (Nkuna en Khoza) hef egter geen versoeningsoffer by die aanmelding van so 'n saak nie. 'n Persoon wat teen die uitspraak van 'n kaptein appelleer, word, wanneer hy ter gelegener tyd weer in die kapteinshof verskyn, summier met een bees vir minagting van die kapteinsgesag beboet. By die Nkunastam word sodanige boetes opgelê wanneer die magistraat die uitspraak of vonnis van die kapteinshof handhaaf. Indien die magistraat sou bevind dat die kapteinshof die saak nie na behore bereg het nie en anders beslis, word die appellant nie by 'n later geleentheid beboet vir minagting van die kapteinshof nie. Die Khozakaptein redeneer anders. Elke persoon wat teen die uitspraak van sy hof appelleer, word in alle gevalle summier met een bees beboet. Die belangrikste rede hiervoor is enersyds die minagting van die gesag van die kaptein en andersyds die moeite en vernedering wat so= danige appellant die kaptein aandoen om ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel 11 van GK R2082 van 1967 die redes vir sy uitspraak aan die klerk van die magi= straatshof te verstrek.

Soos vroeër vermeld is, word daar slegs by uitsondering teen die uitspraak of vonnis van die kapteinshof geappelleer. 'n Mens moet Stevenson-Hamilton (1949:235) dan ook gelyk gee (informante bevestig dit) waar hy beweer dat "'n onbillike beslissing wat van 'n meerdere van hulle eie ras (stam) uit= gaan, mag redeliker aanvaar word as 'n meer korrekte van 'n blanke amptenaar." Informante is bewus van etlike sake waarin die kaptein na hulle oordeel, sowel as dié van die uitspraakskuldenaar, 'n saak foutief bereg het en daar nie teen sodanige uitspraak geappelleer is nie. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak in sake 8 en 41).

Ingevolge die bepalings van GK R2082 van 1967 moet 'n kap=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tein die beslissing van sy hof binne 30 dae met opgaaf van redes by die magistraat registreer. Sodanige registrasie vind vandag wel plaas, maar dit is die indruk dat nie alle uitsprake so geregistreer word nie. Navorsing het getoon dat ongeveer drie uit elke agt sake wat verhoor en afgehan= del is, op bogenoemde wyse geregistreer word.

Om te appelleer beteken vir informante ku hundzela mahlweni, dit wil sê "om die oë verder te rig" of ku tlulela wat be= teken "om vorentoe te gaan." 'n Ontevredene kan dus appel= leer wanneer hy reken dat daar in 'n betrokke hof, nie aan hom reg geskied het nie. Nadat die voorsittende beampte van die hof uitspraak gelewer het, kan 'n ontevredene dade= lik te kenne gee dat hy in hoër beroep gaan. Dit is natuur= lik ook moontlik om eers na verloop van 'n paar weke kennis van appèl te gee, met dié voorbehoud, dat die uitspraakskul= denaar nie reeds 'n gedeelte of die volle bedrag aan skade= vergoeding gelewer het nie. Indien wel, kan geen appèl aan= geteken word nie. Wanneer die uitspraakskuldenaar wel appèl aangeteken het, maar later van besluit verander, staan dit hom vry om aan die bevel van die laer hof gehoor te gee, waarna daar geen appèlsaak meer volg nie. Is die appèlsaak egter reeds by 'n hoër hof aangemeld, en die hoffooi van die laer hof na die hoër hof oorgedra, moet die persoon wat aan= vanklik geappelleer het, tesame met die voorsittende beampte van die laer hof, die wending wat ingetree het, aan die amp= tenaar wat die appèlsaak ontvang het, verduidelik en reëlings tref vir die teruggawe van die hofgeld wat reeds gelewer is. Daarna word die saak in die hoër hof van die "rol" geskrap.

Appèl vanaf 'n nie-openbare hof na 'n openbare hof vereis deeglike oorweging en bespreking. Indien dit 'n suiwer familiesaak is wat die litigante graag eerder binne die familie wil afhandel of soos gewoonlik gebeur, die familie daarop aandring dat dit binne familieverband bereg word, sal dit eers na die familievergadering geneem en aldaar bespreek word. Die rede hiervoor is dat daar sover as moontlik getrag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word om familiesake binne die familieverband af te handel. Daarom lui die spreekwoord dan ook: Nsila va hlantswela makoti - "hulle was die vuilgoed agter die hut". Hiermee word bedoel "familiesake word nie voor vreemdelinge afge= handel nie" (milandzu ya le kaya a mi vekiwi amahlweni ka vanwana vanhu). Indien ook die familievergadering nie daarin slaag om 'n versoening tussen die litigante te bewerkstellig nie, gaan die probleem, nou nie meer bekend as 'n mhaka (aangeleentheid) nie, maar wel as 'n icala/nandzu (saak), "deur die dak van die huis" (mhaka yi boxa xihlungwa), op appèl na die wykshof, as laagste openbare hof van die stam. Alhier word die saak de novo verhoor, nadat die appellant vir die eerste keer sedert die ontstaan van die geskil, die nodige hoffooi gelewer het. Die voorsitter van die nie-openbare hof moet die appellant vergesel en mondeling ver= slag lewer van wat in sy hof gebeur het en wat sy bevinding en uitspraak was. Andersins word daar geen verslag aan die openbare howe gelewer van sake wat in die onderskeie nie-openbare howe afgehandel is nie.

In die huidige tyd lewer die wykshoof nie meer verslag oor sake wat in sy hof verhoor en afgehandel is nie. Hy moet egter die geld wat die kaptein toekom, oorbetaal (vergelyk B.4. hierbo). Soos vermeld is, ontvang die wykshoof die hoffooi in alle sake wat by sy hof aanhangig gemaak word, selfs in daardie sake wat bo die jurisdiksie van die wyks= hof is. In sodanige sake moet die wykshoof die klaer ver= gesel en verslag lewer van die voorondersoek wat in sy hof gehou is, en die hoffooi wat aan sy hof gelewer is by die aanmelding van die saak aan die ontvanger van sake by die kapteinshof oorhandig. Net so moet die wykshoof in 'n appèlsaak vanuit sy hof, die hoffooi oorbetaal en verslag lewer van wat in sy hof plaasgevind het en wat sy uitspraak was. Sou die klaer in die wykshof as ontevredene appelleer, lewer hy dus nie weer 'n hoffooi aan die kapteinshof nie, maar as die verweerder in die wykshof sou appelleer, moet daar weer hofgeld by die aanmelding van die saak gelewer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. Net soos in die geval van 'n appèlsaak in die wyks= hof, verhoor die kapteinshof sodanige saak ook de novo. Vanweë die afwesigheid van skriftelike hofverslae is dit dus 'n volledige herverhoor.

## 7. Samevatting

Die inheemse hofstelsel van die stamme van Mhala hou ten nouste verband met die gesagshiërargie wat volgens die in= heemse kultuurpatroon binne die stamgebied aangetref word. Daarom vind 'n mens vanweë die funksionering van twee soorte politieke konstellasies, te wete die polities-administra= tiewe eenhede sowel as die sosio-politiese eenhede, ook twee soorte howe met inherente regsbevoegdheid. Verbonde aan die polities-administratiewe eenhede bestaan daar 'n reeks open= bare howe wat hulle regsbevoegdheid uit die gesag van die kaptein-in-rade herlei. Binne die sosio-politiese eenhede bestaan daar nie-openbare of familiehowe van verskillende rang wat hul regsbevoegdheid herlei uit die reg en plig van die seniores binne die familie- of linieverband om oor die gedrag van hul minderes toesig te hou.

Die belangrikste openbare hof is dié van die kaptein. Die kaptein is die hoogste gesagsdraer binne die stam en vorm saam met sy hofraad die hoogste hof van die stam. Die kap= tein is die voorsittende beampte van die hof en beskik uit hoofde van sy kapteinskap oor die bevoegdheid om uitsprake volgens die bevinding van die hof te lewer. Hoewel die hof bekend is as die kapteinshof, moet mens onthou dat die hof eintlik die stamhof vorm. Dit is dan ook die enigste hof wat oor siviele en kriminele regsmag beskik. Die hof het nie alleen jurisdiksie om sake teen enige stamlid binne die stamgebied te verhoor nie, maar handhaaf ook sy jurisdiksie oor daardie onderdane wat buite die stamgebied op aangrensen= de blanke plase werksaam is en daar in stamwyke saamgegroe= peer is.

In die huidige tyd is die tradisionele jurisdiksie wat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kapteinshof in siviele sake gehad het deur die bepalings van die Swart Administrasiewet van 1938, aangetas. Die grootste gedeelte van sy strafregtelike jurisdiksie is hom deur die bepalings van die Derde Bylae van die Wet ontneem. Hiervolgens behoort bykans alle strafsake vandag na die Kommissarishof verwys te word. Ondanks hierdie inperking van die kaptein se voormalige regsbevoegdheid, verhoor hy vandag nog bykans alle soorte sake wat vir beslissing voor sy hof gebring word. Sake wat volgens Westerse terminologie as strafregtelike sake getipeer kan word, word steeds deur die kapteinshof verhoor maar dan as eise om skadevergoeding, dit wil sê as siviele gedinge.

Die hof het 'n vaste setel en vergader weekliks op 'n vasge=stelde dag binne 'n spesiaal opgerigte hofsaal. Dit is 'n openbare byeenkoms waar nie alleen die lede van die hof nie, maar ook alle aanwesiges ooreenkomstig 'n geykte patroon stelling inneem. Naas die spesifieke lede van die hofraad mag alle volwasse manlike stamlede die hofsittings bywoon en aan die besprekings deelneem. Geen vrou of minderjarige word in die hofsaal toegelaat nie behalwe wanneer hul getuienis moet lewer of een van die litigante is. Normaalweg neem die hof 'n aanvang om 10h00 en duur tot ongeveer 16h00. Onafge=handelde sake staan oor tot die volgende week. Die teenwoor=digheid van die kaptein of sy plaasvervanger is noodsaaklik. Hy kan egter nie alleen 'n saak verhoor nie. Van sy raadslede word verwag om teenwoordig te wees. Hoewel hul teenwoordig=heid nie 'n absolute vereiste is nie, moet verskoning vir afwesigheid gelewer word. In 'n appèlsaak vanaf die wykshof, moet die wykshoof of sy verteenwoordiger die hofsitting by=woon.

Daar is verskillende ampsdraers aan die kapteinshof verbonde. Die belangrikste hiervan in die huidige tyd, is die aanklaer (<u>muchuchisi</u>) wat die hofverrigtinge lei, die stamsekretaris, (wat verantwoordelik is vir die ontvangs van alle hofgeld, die uitreiking van aanmanings en die optekening van hofsake),

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en die hofkonstabels wat as bodes van die hof optree.

Die enigste ander openbare hof naas die kapteinshof, is die hof van die wykshoof. Dit vorm die laagste openbare hof van die stam. Elke wykshoof en bygevolg ook die hof wat met sy persoon en sy gebied verbonde is, ontvang sy bevoegdheid om reg te spreek van die kaptein-in-rade deur wie hy aangestel is. Die hof het slegs jurisdiksie oor die stamlede wat in die betrokke wyk woonagtig is, hoewel daar voorsiening bestaan vir die beregting van geskille tussen partye wat in verskillende wyke woonagtig is.

As laagste openbare hof is die wykshof 'n hof van appèl in sake wat nie in die nie-openbare howe tot die tevreden=heid van die partye bereg is nie. Die hof het alleen die bevoegdheid om siviele sake te verhoor. Dit is egter die plig van die hof om alle strafsake wat binne sy regsgebied ontstaan het, te ontvang, en waar nodig 'n voorondersoek te hou alvorens die saak na die kapteinshof oorgedra word.

Hoewel die bevoegdheid om die reg te spreek deur die kaptein aan die wykshoof gedelegeer word en dus aan laasgenoemde in sy persoonlike hoedanigheid opgedra is, kan hy nie alleen 'n hof hou nie. In die beoefening van die regspraak word hy bygestaan deur persone van aansien wat oor die nodige kennis en status beskik. Alle volwasse mans is egter welkom om die hofsitting, wat weekliks in die openbaar net buite die kraal van die wykshoof gehou word, by te woon.

Naas die openbare howe funksioneer daar 'n stelsel van nie-openbare howe waar 'n senior lid of lede van 'n be=paalde sosiale eenheid op grond van hul sosiale seniori=teit sake verhoor. Die sosiale eenhede waarbinne sake

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

verhoor kan word, omvat in stygende orde die kraalgroep, die kralekompleks en die linie. Die nederigste van hierdie howe is dié van die kraalhoof wat eers sal pro=beer om 'n versoening tussen die betrokke partye te be=werkstellig alvorens hy 'n hof hou. Sy hof verhoor nie alleen sake tussen kraallede nie, maar is ook bevoeg om 'n saak te verhoor waarin een van die kraallede die ver=weerder is. Die hof vergader vanweë die vertroulikheid van familie-aangeleenthede feitlik altyd in 'n hut binne die kraal. Aangesien die kraal in die huidige tyd deur hoogstens 'n kleiner gesinne-eenheid bewoon word, is die kraalhoof gewoonlik verplig om verwante wat naby woon, gewoonlik sy vadersbroers, eie broers sowel as sy volwasse seuns wat oor eie krale beskik, as adviseurs in te roep om 'n saak te help verhoor.

Net soos die ander nie-openbare howe het die kraalhof alleen siviele regsmag. Indien die partye daarmee genoeë neem, kan die hof 'n onbeperkte hoeveelheid skadevergoe=ding aandui. Indien een van die partye ontevrede is met die uitspraak van die hof, kan hy na die hof van die kralekompleks appelleer. Aangesien die kraal vroeër deur 'n groter gesinne-eenheid bewoon is, is die same=stelling en bevoegdheid van hierdie hof in wese, identies aan die kraalhof van die verlede.

Die hof van die kralekompleks is hoër in status as dié van die kraalhoof en kan in sekere sake 'n hof van appèl vorm, terwyl sommige sake direk by die hoof van die een=heid aangemeld word. Die hof het alleen regsbevoegdheid oor sake wat tussen die lede van die eenheid ontstaan of sake waarin 'n lid van die eenheid die verweerder is. By som=mige stamme en ten opsigte van sekere sake, is hierdie hof ook die hoogste nie-openbare hof. 'n Saak wat hier nie tot tevreden=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

heid van een van die partye bereg word nie, gaan in hoër beroep na die wykshof en word dus openbaar gemaak.

By daardie stamme waar 'n liniehof naas die hof van die kraal en kralekompleks funksioneer, word 'n saak wat nie in die hof van die kralekompleks afgehandel kan word nie, aan=gemeld by die liniehoof, wat tesame met sy senior manlike verwante 'n hof vorm. Hoewel hierdie hof hoër in rang is as die vorige een, dra dit 'n besondere karakter en wel in die sin dat sy regsgebied nie territoriaal afgebaken is nie. Anders as die ander nie-openbare howe, verhoor hierdie hof (behalwe by die Mnisistam), alleen sake tussen verwante in die vaderlike linie met uitsluiting van vroue wat hier inge=trou is.

Ten spyte van die verskil in magte en bevoegdhede tussen openbare en nie-openbare howe, is dit duidelik dat daar deurlopend dieselfde regstelsel vanaf die kraalhof as nederigste hof in die stam tot by die kapteinshof as hoogste en finale hof van die stam, toegepas word. Met uitsondering van enkele prosesregtelike aspekte, word daar ook in al die howe 'n eenvormige prosedure ooreenkomstig die stamreg ge=volg.

By die onderskeie openbare howe word 'n saak by 'n spesifiek daartoe aangestelde amptenaar, tesame met 'n "hofoopmaker" aanhangig gemaak. In teenstelling met die verlede word geen saak in die huidige tyd by 'n openbare hof ontvang alvorens 'n "hofoopmaker" gelewer is nie. Geen hofgeld word by die nie-openbare howe vereis nie, terwyl 'n saak hier direk by die voorsitter van die hof aangemeld word. Geen saak, be=halwe sommige strafsake, word direk by 'n openbare hof aan=gemeld nie.

Die prosedure tydens die verhoor volg basies dieselfde proses in alle howe. Nadat die voorsitter of 'n amptenaar die aard van die saak aan die hof verduidelik het en die klaer sowel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

as die verweerder hul betoog gelewer het, word getuienis gelei. Die litigante sowel as die getuies word onder kruis=verhoor geneem ten einde groter duidelikheid te verkry en die hof tot 'n beslissing te lei.

Die roep van getuies vir veral direkte getuienis, speel 'n belangrike rol in die bewyslewering gedurende die verhoor. By gebrek aan direkte getuies maak die howe selfs van om=standigheids- en in 'n mindere mate, van hoorsêgetuienis gebruik. Getuienis word nie onder eed afgelê nie, en dit is daarom die taak van die hof om betwiste feite by wyse van herhaaldelike intelligente ondervraging van getuies gestaaf te kry. Die lewering van deskundige getuienis is onbekend. Die howe maak soms nog gebruik van bonatuurlike bewysmetodes in sake waar voldoende getuienis ontbreek.

Naas die taak van die hof om 'n versoening tussen die liti=gante te bewerkstellig, veral in die onderskeie nie-openbare howe, kan alle howe die betaling van skadevergoeding beveel. Aangesien alleen die kapteinshof oor die bevoegdheid beskik om strafsake te verhoor, is hierdie hof ook bevoeg om 'n skuldige 'n boete tesame met die skadevergoeding wat die hof mag bepaal, op te lê. Alle openbare howe kan by alle siviele eise 'n addisionele boete-element byvoeg. Hierdie boete wat eintlik 'n deel van die skadevergoeding uitmaak, kom die hof=houer toe. Die howe beskik ook oor die bevoegdheid om lyf=straf te beveel. By sommige stamme moet die hof "bedank" word vir die beregting van 'n geskil. Die betaling hiervan word in sommige gevalle die uitspraakskuldenaar en in ander gevalle die uitspraakskuldeiser ten laste gelê. In plaas van die hof te "bedank" moet 'n blaamwaardige of soms albei partye in die onderskeie nie-openbare howe 'n "versoenings=offer" in die vorm van 'n dier aan die hof lewer. Hiermee word 'n versoening tussen die litigante of 'n reiniging van die sosiale eenheid waaraan hulle behoort, bewerkstellig. Hierdie "offer" kom nie die hofhouer ten goede nie, maar word gesamentlik deur die lede van die hof of in geringer sake,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

deur die litigante opge-eet.

Die uitspraakskuldenaar word 'n redelike tyd gegun om die uitspraakgoedere te lewer. In teenstelling met die nie-openbare howe, beskik die openbare howe oor verskillende metodes waarvolgens 'n vonnis of uitspraak afgedwing kan word. Dit is die taak van die swirhumiwa swa bandla om in opdrag van die hof op die uitspraakgoedere beslag te lê.

Minagting van die hof word as 'n ernstige oortreding beskou. Enige hof in die stam is bevoeg om 'n persoon summier vir sodanige oortreding te beboet.

Elkeen van die bogenoemde howe funksioneer nog in die huidige tyd by die onderskeie stamme in die Mhaladistrik. Die funk=sionering geskied nog steeds in 'n hoë mate ooreenkomstig die tradisionele patroon. Die grootste persentasie hofsake word nog steeds in die onderskeie nie-openbare howe verhoor en daar afgehandel. Die openbare howe ontvang baie selde 'n saak as dit nie eers in die nie-openbare howe behandel is nie. Ondanks die regulatiewe beperkings waaraan slegs die kapteinshof onderhewig is, funksioneer hierdie hof ook in 'n hoë mate soos in die verlede. Volgens die tradisionele patroon, volg elke saak vandag nog die appèlprosedure vanaf die kraalhof as laagste, tot by die kapteinshof as hoogste hof binne die stam. In die huidige tyd kan litigante ook na die plaaslike magistraatshof appelleer indien hulle hul nie aan die uitspraak of vonnis van die kapteinshof wil onderwerp nie.

Die wyse waarop daar deur laer howe aan hoër howe verslag oor hulle werksaamhede gedoen word, dui duidelik die onder=skeid tussen nie-openbare howe en openbare howe aan.

By nie-openbare howe tree die regsprekers op uit hoofde van 'n senioriteitsposisie deur geboorte en vanweë hulle bevoegd=heid as "vader" oor sy "kinders". Oor sulke beslissings word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan geen hoër gesag verslag gelewer nie.

In die geval van die openbare howe waar die wykshoof gedelegeerde gesag, ook op regsterrein, uitoefen, moet hy aan die kaptein verslag doen oor die sake wat in sy hof verhoor is. In die huidige tyd het dit afgewater tot 'n eenmalige handeling per jaar. Dit spreek vanself dat sodanige verslaglewering in die geval van sake wat na die kapteinshof op appèl gaan, nie nodig is nie.

Die feit dat ons met 'n deurlopende hofsisteem van die kraalhof tot die kapteinshof te doen het, word onderstreep deur die deurlopende lyn van aansoeke om appèl, die byna eenvormige prosedure wat in alle howe gevolg word en die regsbeginsels wat op eenvormige wyse in alle howe toegepas word.

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK V

## DIE FAMILILIEREG

### DEEL I

### A. Inleiding

By die aanvang van 'n uiteensetting van die familiereg van die verskillende stamme van die Mhaladistrik, is dit wens= lik om aan te dui wat normaalweg onder die begrip familie= reg verstaan word. Verskeie volkekundige skrywers het reeds in die verlede probleme ondervind om die belangstellingster= rein van hierdie regsfaset duidelik te begrens (vergelyk Coertze 1971:193; De Clercq 1975:158 en Breytenbach 1971: 122). Myburgh (1974:306) wat die regsisteme van die swart volke van Suid-Afrika behandel het beweer wel dat die term familiereg selfverklarend is maar wanneer hy dit omskryf as " ... that division of law pertaining to the family; that is to spouses, parents and children, guardians and wards", is die uiteensetting nog onduidelik. Die probleem word nog verder gekompliseer deur die feit dat sekere faktore wat die status van 'n persoon in die reg bepaal en dus tot die terrein van die personereg behoort na my oordeel onlosmaak= lik verbonde is met die familiereg (vergelyk ook Myburgh 1974:301-305 en Coertze 1971:196-197).

Ten einde hierdie onsekerheid en die daarmee gepaardgaande vaagheid tot 'n minimum te beperk, is dit nodig om kortliks 'n aanduiding te gee van die wyse waarop die familiereg in die hieropvolgende gedeeltes benader en behandel sal word. Dit is ook nodig om aan te dui tot welke mate hierdie be= nadering en behandelingswyse van dié wat normaalweg in die gemenereg gebruik word, verskil.

Die gemenereg by Westerse volke dui die status van persone in die reg aan deur op ander sake die klem te plaas

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


as dit wat by die swart volke van die RSA die deurslag gee. Hahlo en Kahn (1960:345) voer byvoorbeeld aan dat die fak=tore wat 'n persoon se status in die Suid-Afrikaanse ge=menereg bepaal raskundige aanhorigheid, nasionaliteit, domisilie en ouderdom is maar beweer dan dat: "... of lesser importance in this respect in modern law are sex, legitimacy and marriage." As 'n mens by hierdie faktore "of lesser importance" ook die begrip senioriteitsrangorde voeg, het 'n mens die faktore wat die status van 'n persoon in die inheemse reg bepaal, almal bymekaar. Ondanks die feit dat dit die kern van die personereg aandui, is al hierdie fak=tore deel van die belangstellingsveld van die familiereg. Die statusverskille tussen seuns en dogters, die rangorde volgens geboorte binne hierdie groepe seuns en dogters afsonderlik, die wettigheid van geboorte en volwassenheid wat eintlik eers deur die huwelik kom, is almal insigte wat uit die familiereg spruit. In 'n sekere sin word die in=houd van die personereg in die inheemse reg eers verstaan=baar as die familiereg goed begryp word (vergelyk ook Coertze 1971:196).

In hierdie verband kan daar byvoorbeeld verwys word na die feit dat alle dogters ongeag hulle ouderdom by die stamme van Mhala die minderes is van hulle broers en dat 'n vrou ewigdurend die mindere van mans bly. Dit het onder meer tot gevolg dat vrouens uiters selde alleen aksie in 'n hof kan bring of verdedig en dat hulle eintlik onbevoegd tot wettige handelinge in die reg is. Hierbenewens is dit ook so dat 'n man normaalweg as minderjarige beskou word totdat hy trou. Die volwasse status word gevolglik nie deur die bereiking van 'n mondigheidsouderdom verwerf nie. Elke man se seniori=teitsrang word bereken op grond van die posisie wat sy moeder binne die rangleer van die poliginiese gesinne-eenheid beklee. Ouderdom is nie hier die deurslaggewende faktor nie. Hieruit blyk dit duidelik dat dit onvermydelik is om by 'n behande=ling van die familiereg van die swart volke, sake te behan=del wat volgens die gemenereg eintlik binne die terrein van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die personereg ressorteer.

'n Mens behoort soos Coertze (1971:193) van die standpunt te kan uitgaan dat die familiereg fundamenteel te make het met: " ... daardie regsreëls wat die verhoudinge tussen lede van dieselfde gesin reël". Dit moet egter onthou word dat die gesinseenheid waarna hier en ook algemeen in die gemenereg verwys word, die monogame gesin is (vergelyk Hahlo en Kahn 1960:394). Vir 'n lid van so 'n gesin is daar verhoudinge in die reg teenoor die medelede van slegs twee gesinseenhede ter sprake, naamlik die gesin waarin hy of sy gebore is en die gesin wat hy of sy deur die huwelik tot stand bring (vergelyk Coertze 1971:193; Jacobs 1974:149 en Hahlo 1963). 'n Mens gee volkekundige skrywers soos Coertze (1971:193) en De Clercq (1975:158) gelyk dat die sosiale struktuur van die swart volke van Suid-Afrika nie soos by Westerse volke uit 'n aantal afsonderlike monogame gesinsatome bestaan nie maar uit 'n netwerk van gesinseenhede waarbinne die onder= linge verhoudinge tussen individue ook deur regsreëls be= paal word. Vir die behandeling van die familiereg onder sulke omstandighede moet 'n persoon se verhoudinge in die reg teenoor lede van 'n veelheid van gesinne waarmee hy deur die huwelik of afkoms geskakel is, ondersoek word.

In die hieropvolgende bespreking van die familiereg van die stamme van Mhala word die monogame gesin volgens die be= handelingspatroon van die gemenereg as uitgangspunt geneem. Dit bring mee dat die vereistes vir die sluiting van 'n huwelik, die regshandelinge tydens verlowing, die sluiting van die huwelik, die regsgevolge van hierdie handelinge, die ontbinding van die huwelik en die voortsetting daarvan na afsterwe van een of albei deelgenote telkens bespreek sal word met verwysing na die verbintenis tussen een man en een vrou. Hiermee kan daar egter nie volstaan word nie want die gesinseenheid wat op hierdie wyse sy beslag kry, vorm slegs maar 'n onderdeel van die poliginiese gesinne-eenheid, die kraalgroep, die kralekompleks, die patrilinie en die sibbe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die regsreëls wat die verhoudinge tussen individue en groepe binne al hierdie eenhede reël, sal ondersoek moet word. Die verhoudinge tussen lede van die kerngesin word dus as uit=gangspunt geneem maar daar sal ook verwys moet word na regs=verpligtinge en verhoudinge van 'n persoon teenoor 'n wye reeks bloed- en aanverwante.

## B. Die huwelik

### 1. Inleiding

Die huwelik is 'n universele instelling. Volgens Eloff (1973:153) dui " ... alle volkekundige gegewens daarop dat die mens vanaf sy vroegste bestaan een of ander vorm van huweliksluiting gehad het." Hy wys verder daarop dat: " ... die huwelik duidelik onderskei moet word van paring wat slegs uit seksuele oorwegings voortvloei." Volgens hom (p.133) is laasgenoemde verbintenis tussen twee persone gewoonlik net tydelik van aard en gaan dit nie met enige onderlinge verantwoordelikheid of pligte gepaard nie. Hier=teenoor is die huwelik 'n permanente verbintenis en hoewel dit nie primêr 'n instelling is om geslagsomgang te reël nie, is die reëling van geslagsomgang ongetwyfeld een van die funksies van die huwelik. In hierdie verband beweer dieselfde skrywer(1973:153) dat die huwelik " ... egter wel die verwekking van kinders (reguleer), naamlik in die opsig dat dit die instelling is wat die geboorte van kinders wet=tig. Die vernaamste funksie van die huwelik is dan ook die totstandkoming van die gesin" en verder: "Die huwelik is die sosiale meganisme waardeur die verbintenis tussen 'n man en vrou bestendig word en hulle in 'n formele en sosiaal erkende verhouding van onderlinge verantwoordelikheid en pligs=pleginge teenoor mekaar geplaas word."

Die huwelik is dus 'n verbintenis tussen een man en een vrou. Dit beteken egter nie noodwendig dat 'n man slegs wettig met een vrou getroud mag wees of <u>vice versa</u> nie. Wat as wettig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskou word, wissel by die volke van die wêreld. 'n Mens moet De Clercq (1975:163) gelyk gee wanneer hy beweer dat: "Die variasie in wat wettig is in die oë van die gemeenskap, moet ook aanleiding gee tot die variasies wat daar in die regsreëls (en hier meer spesifiek die huweliksreëls) van volk tot volk voorkom." Onder Westerse volke kom uitsluit=lik monogamie voor. By hierdie volke is daar reeds gedu=rende die kanonieke periode (c.a. 1100-1580) onder kerklike invloed 'n verbod geplaas op poligame huwelike (vergelyk in hierdie verband Olivier 1977:164). Daarom is dit vandag volgens die gemenereg nie alleen 'n huweliksbeletsel nie maar ook 'n misdaad vir iemand om met 'n tweede persoon in die huwelik te tree, solank hy nog met die eerste getroud is (vergelyk Hahlo 1963:54-55). By die swart volke van Suid-Afrika en ook by die stamme van Mhala, bestaan daar nie so 'n verbod nie. Trouens, poliginie kom nog algemeen voor. In die praktyk beteken dit dat een man met meer as een vrou in 'n gelyktydige huweliksverbintenis verbind kan wees. Hoewel Hahlo en Kahn (1960:394) beweer dat: "The customary union of the South African Native, being potentially, if not in fact, polygamous, is not recognised as a lawful marriage ... whether contracted inside or outside South Africa" word sodanige verbintenis by hierdie volke as regsgeldig in die oë van die gemeenskap beskou en word dit ook as sulks deur die onderskeie stamhowe vertolk.

Dit is vandag nog 'n twisvraag onder regsgeleerdes of die huweliksverbintenis 'n kontrak is al dan nie. Een groep skrywers verklaar dat 'n huwelik wel 'n kontrak is terwyl andere weer die teenoorgestelde beweer. Vergelyk in hierdie verband die onderskeie standpunt van onder andere: Maasdorp (1958:12); Hahlo (1963:31); Aquilius (1946:355); Wille (1961: 293); Meyer Fortes (1962:2) en Van Apeldoorn (1925:1).

Dit is begryplik dat verskeie volkekundiges wat die regsis=teme van swart volke bestudeer het, ook deur hierdie probleem gekonfronteer is (vergelyk Coertze 1971:199; De Clercq 1975:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

163-170, Breytenbach 1971:145; Jacobs 1974:161 en Schapera 1955:125). De Clercq (1975:169) beskou byvoorbeeld die huwelik as 'n kontrak sui generis tussen vaders wat hulle kinders laat trou omdat " ... derde persone (die man, vrou en kinders) daardeur geraak word." Coertze beweer met ver= wysing na die Bafokeng ook dat: " ... die huwelik nie 'n kontrak tussen man en vrou is nie, maar wel 'n regshandeling van sy eie soort." Ter motivering vir hierdie standpunt voer hy aan (p.205) dat die huweliksooreenkoms fundamenteel tussen twee verwante groepe aangegaan word. Hy wys verder daarop (p.199) dat die gevolge van die huwelik nie net die man en die vrou raak nie maar dat dit ook 'n hele netwerk van verhoudinge meebring tussen die twee afkomsgroepe wat deur die huwelik geskakel word. Hy wys ook daarop dat: "Die wil en die wens van hierdie derde persone word by die sluiting van die huwelik nie in ag geneem nie. Die huwelik kan ook nie deur die wedersydse instemming van die man en die vrou weer ontbind word nie."

Hierdie besondere posisie wat die huwelik inneem is ook ons bevinding by die stamme van Mhala. By hierdie stamme word die huweliksooreenkoms net soos by alle ander Suidoos-Bantoe= stamme nie beskou as 'n kontrak wat tussen man en vrou ge= sluit word nie maar as 'n besondere ooreenkoms wat deur die onderskeie vaders aangegaan word om hulle kinders te laat trou. Anders as by die Bafokeng (Coertze 1971:199) is die instemming van die bruidegom sowel as die bruid egter 'n vereiste vir die sluiting van 'n huwelik. Deur 'n huwelik word dan ook twee verwantegroepe aan mekaar verbind, soos later volledig verduidelik sal word. Hierdie standpunt word ook deur Junod (1927, I:121) ten opsigte van die Tsongavolke in die algemeen bevestig waar hy beweer dat: "To understand them (Tsonga), we must observe that marriage ... is not an individual affair as it became with us (Westerlinge). It is an affair of the community. It is a kind of contract between two groups, the husband's family and the wife's family." In= dien mens dus in die lig hiervan die huwelik ooreenkomstig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die terminologie van die gemenereg as 'n kontrak wil beskou, moet mens in navolging van De Clercq (1975:167) dit as 'n kontrak sui generis beskryf en wel as 'n kontrak tussen twee vaders of tussen 'n man en sy skoonvader.

2. Voorhuwelikse geslagsverhoudinge

(a) Inleiding

By sowel die Changana- as Nhlanganustamme is voorhuwelikse geslagsverhoudinge geen rariteit nie. Informante maak egter 'n duidelike onderskeid tussen eervolle en oneervolle gedrag tussen jong mense voor die huwelik.

In die verlede en vandag nog is dit 'n normale praktyk van jong mense om te gangisa. Gangisa is afgelei van die woord ganga wat deur Cuenod (1967) vertaal word as: "accept a boy as a lover; induce a young girl to accept one as her lover; flirt; court, of young boys only." Dit is ook die betekenis wat informante aan die woord heg.

Gangisa word normaalweg beoefen deur jong mense in hulle vroeë puberteitstadium. Volgens hierdie gebruik kry 'n jong seun tydens 'n speletjie die geleentheid om vir hom 'n vrien= din, uit die meisies wat in 'n sirkel dans, te kies. Nadat die seun sy keuse gemaak het en die meisie dit aanvaar het, volg 'n periode van hofmakery (vergelyk ook Junod 1927,I:97).

Volgens informante is dit 'n normale praktyk by die jonge= linge om gedurende hierdie hofmaakperiode eksterne geslags= gemeenskap te hê. Hierdie gebruik staan by die Changanastam= me bekend as ku hlobonga wat deur Doke en Vilakazi (1948) uit die Zulu tereg vertaal word as: "indulge in external sexual intercourse." Die Nhlanganustamme ken dié gebruik as ku huha wat letterlik beteken: "om te speel".

Hierdie "spel" van die kinders word volgens informante nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as 'n onregmatige daad beskou nie. Informante beskou dit inderdaad as 'n spel en beweer dat die vader van 'n dogter, indien die kinders op heterdaad betrap word, nie 'n eis van skadevergoeding vir die beoefening van die speletjie kan instel nie. 'n Vader mag egter sy seun of dogter vermaan of selfs tugtig, indien hulle betrap word.

(b) Deflorasie en bevrugting

Olivier (1969:267) maak in sy studie van die privaatreg van die swart volke van Suid-Afrika 'n onderskeid tussen geslags= omgang met 'n maagd wat as seduksie beskryf word en die swangermaking van 'n ongehude meisie. Albei hierdie oor= tredings word deur hom saam met ander onregmatige dade as 'n aparte afdeling van die inheemse deliktereg beskou.

Met betrekking tot hierdie delikte beweer hy dat daar in vroeëre uitsprake van die howe meestal geen onderskeid ge= maak is tussen geslagsomgang met 'n maagd en die beswangering van 'n ongehude meisie nie. Albei hierdie oortredings is deur die howe met die term "seduksie" aangedui. Die rede hiervoor is dat die gemenereg nie die beswangering van 'n ongehude meisie as 'n afsonderlike delik beskou nie.

By die Changana- sowel as die Nhlanganustamme is sowel die ontmaagding (deflorasie) as die beswangering van 'n ongehude meisie, in die verlede, as afsonderlike delikte beskou. Die pleging daarvan was grond vir 'n eis om skadevergoeding teen die skuldige manspersoon.

Deflorasie staan by die Changanastamme as ku mekeza bekend. Dit word deur Doke en Vilakazai (1948) uit die Zulu vertaal as "cleave open; deflower a virgin." By die Nhlanganustamme heet dit ku onha nwana wat beteken "om 'n dogter te onteer."

In die verlede is dogters periodiek deur die ou vrouens (mees= al die hahane) ondersoek om te bepaal of hulle maagde is of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

nie. Hierdie ondersoeke het gewoonlik tweemaandeliks ge= skied. Van 'n dogter is verwag om, wanneer sy ontmaagd is, dit onmiddellik aan haar vader se oudste suster (hahane) te rapporteer. Dié sou dan die volle besonderhede van die daad van die dogter neem, en dit aan haar vader rapporteer. Hier= na kon hy 'n eis van skadevergoeding teen die vader van die beweerde oortreder instel. Indien die dogter, uit skaamte, nie die daad rapporteer nie, het dit in elke geval tydens die periodieke ondersoek na haar maagdelikheid, aan die lig gekom. Sy moes dan die presiese gebeure onthul waarna haar vader 'n eis van skadevergoeding kon instel. Indien sy 'n getroude persoon vir die deflorasie verantwoordelik hou, is 'n eis teen hom persoonlik ingestel.

Die normale eis vir die deflorasie van 'n dogter was een bees of die gelyke waarde daarvan in geld. Indien daar later bevind is dat die meisie ook deur die daad beswanger is, is 'n verdere bees of geld van die oortreder geëis. Die meisie self is nie vir die daad in die hof aangespreek nie.

Nadat die vader van die deflorasie van sy dogter verwittig is, moes hy so gou as moontlik 'n eis vir skadevergoeding teen die beweerde oortreder instel. Hiervoor het die vader, vergesel van 'n manlike verwant, 'n besoek aan die kraal van die verweerder gebring. Aldaar is die saak by die vader van die verweerder aanhangig gemaak. Informante stel dit uit= druklik dat indien die vader die saak nie binne 'n redelike tyd aanhangig gemaak het nie, hy nie veel kans gehad het om met sy eis te slaag nie. Indien die verweerder erken dat hy die daad gepleeg het en aangebied het om binne 'n redelike tyd met die dogter te trou, is daar gewoonlik nie met die eis voortgegaan nie. Indien hy dit ontken het of die vader van die dogter nie bereid was om die huweliksaanbod te aanvaar nie, is daar met die saak voortgegaan.

By die verhoor van die saak was die getuienis van die dogter as bykans onweerlegbaar beskou. Dit is van die verweerder ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wag om te bewys dat die meisie se beskuldiging vals is. Die meisie se getuienis is egter tog nie sonder meer aanvaar nie. Nadat die geloofwaardigheid van haar getuienis deur onder= vraging getoets is, moes haar getuienis ook aangevul kon word met óf direkte óf omstandigheidsgetuienis. By gebrek aan direkte getuienis is omstandigheidsgetuienis soos byvoorbeeld dié van die tussenganger van die dogter wat ontmoetings tus= sen haar en die jong man gereël het of die getuienis van per= sone wat die partye gereeld in mekaar se geselskap gesien het, as belangrike addisionele getuienis beskou.

Soos vermeld is, is daar van die manlike party verwag om die teendeel te bewys. Indien hy nie in staat was om die dogter se bewerings te weerlê nie, is hy gewoonlik skuldig bevind en deur die hof beveel om skadevergoeding aan die eiser te lewer. Sou die verweerder nog minderjarig wees, is sy vader of voog beveel om die uitspraakgoedere te lewer.

Hierbo is uitgewys dat indien die seun wel sy aanspreeklik= heid vir die deflorasie van die dogter sou erken en aanbied om met haar te trou, daar geen eis vir skadevergoeding teen hom ingestel word nie. As hy egter nie binne 'n redelike tyd (ongeveer 12 maande) sy belofte begin uitvoer nie, kan die eiser voortgaan met die eis. Indien die verweerder dan skuldig bevind is, is hy beveel om twee beeste, dit wil sê, dubbeld die normale skadevergoeding aan die eiser te lewer. Die rede hiervoor is dat hy die dogter verhinder het om ver= houdinge met ander seuns aan te knoop en haar kanse om 'n huweliksmaat te verwerf, benadeel het.

In die huidige tyd word die deflorasie van 'n ongehude dogter nie meer as 'n onregmatige daad beskou nie. Die rede hier= voor is dat dogters nie meer periodiek ondersoek word nie om te bepaal of hulle maagde is nie. Informante beweer dat hierdie gebruik in onbruik geraak het nadat die stamme van Mhala teen ongeveer 1930 op aandrang van die Switserse sen= dinggenootskap, die onderskeie inisiasieseremonies vir seuns

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


en dogters afgeskaf het. Aangesien dogters sedertdien nie meer periodiek ondersoek is nie, was dit gevolglik nie vir 'n ouer moontlik om, indien die dogter nie self die deflora= sie aanmeld nie, van die oortreding bewus te word nie. Dit het tot die ontsteltenis van informante daartoe aanleiding gegee dat daar mettertyd 'n sedelike verval by die jong mense van Mhala ingetree het wat tot in die huidige tyd voortduur.

Maagdelikheid as sodanig word daarom vandag nie meer as 'n belangrike vereiste beskou waaroor 'n dogter behoort te be= skik nie. Van haar vader word ook nie meer verwag om 'n waarborg van haar maagdelikheid te lewer wanneer hy haar as bruid aan haar toekomstige man oorhandig nie. Die eggenoot kan daarom ook nie meer soos in die verlede, indien hy na die troue sou uitvind dat sy vrou ten tye van die huwelik nie meer 'n maagd is nie, 'n bees van sy skoonvader eis nie.

Hierdie sedelike verval van die jeug en die gebrek om dit deur middel van periodieke ondersoeke te bewys, het uit die aard van die saak ook 'n belangrike invloed uitgeoefen op die betrokke regsreëls.

Die deflorasie van 'n ongehude dogter geld dus vandag nie meer as 'n onregmatige daad nie. By die Changanastamme het daar egter nog 'n element van hierdie reël behoue gebly: 'n vader kan vandag nog 'n eis om skadevergoeding teen 'n man wat geslagtelik met sy dogter verkeer het, instel. Hoewel deflorasie moontlik vanweë die daad kon plaasgevind het, is die eis egter nie vir die deflorasie van die dogter nie maar wel weens die pleging van die geslagsdaad as sodanig.

Uit die aard van die saak kan so 'n eis slegs ingestel word indien die jongelinge op heterdaad betrap word of indien dit met een of ander vorm van direkte getuienis gestaaf kan word. Die blote erkenning van 'n dogter dat 'n seun met haar intiem verkeer het, word nie deur die howe, as daar geen beswange=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ring plaasgevind het, aanvaar nie. Die howe is trouens nie bereid om so 'n saak te ontvang of te verhoor as daar nie direkte getuienis gelewer kan word dat die partye intiem verkeer het nie.

Indien die twee jongelinge egter deur 'n volwasse verwant van die dogter op heterdaad betrap word, kan die dogter se vader 'n eis by die vader van die seun aanhangig maak. Aan=gesien die getuienis in so 'n saak as verdoemend beskou kan word, gebeur dit in die praktyk ook nooit dat die seun die klagte teen hom ontken nie. Die normale eis in sulke sake is 1 bees of R10-00. Indien daar later bevind word dat die dogter beswanger is, is haar vader geregtig om 'n tweede eis in te stel. Dit word dan as 'n afsonderlike saak behan=del en geskied ooreenkomstig die prosedure wat gevolg word by die verhoor van sake waar 'n ongehude dogter beswanger is (vergelyk hieronder). Die erkenning van die seun in die eerste saak word egter nie outomaties met die tweede hofsaak as 'n erkenning van vaderskap beskou nie. Dit moet opnuut bewys word.

Anders as die Changanastamme beskou die Nhlanganustamme die blote daad van geslagsgemeenskap met 'n ongehude dogter in die huidige tyd nie meer as 'n onregmatige daad nie. Net soos die Changanastamme beskou hulle egter die beswangering van 'n ongehude dogter as 'n onregmatige daad. Die bewering van Ramsay (1941:23) ten opsigte van die stamme van Mhala dat: "Any man who seduces an unmarried girl, whether she be a virgin or not, and whether pregnancy follows or not, is liable to the girl's guardian for damages" is in die huidige tyd dus slegs nog gedeeltelik waar.

Die reeds genoemde term vir die deflorasie van 'n dogter (Ch.: ku mekeza en Nhl.: ku onha nwana) word vandag ook ge=bruik wanneer verwys word na die beswangering van 'n onge=hude dogter. Hiernaas gebruik informante ook die volgende terme: ku xurhisa (om te bevredig); ku tshoveka tsolo (om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die knieë oop te breek) en ku dyohisa (om te verlei).

Wanneer 'n jong dogter verlei is en deur die daad beswanger is, behoort sy dit aan haar hahane mee te deel. Sy sal die berig dan via die dogter se moeder aan die vader laat rap= porteer. Indien die dogter haar swangerskap verswyg, sal haar moeder haar, wanneer sy die tekens van swangerskap bemerk, self daaromtrent uitvra en dit dan aan die vader rapporteer. Dit is dan die reg van haar vader om, wanneer hy die naam van die skuldige persoon van die dogter verkry het, sy klagte en eis by die vader van die seun of indien dit 'n getroude persoon is, by hom persoonlik aanhangig te maak.

Dit is noodsaaklik dat die vader die klagte so spoedig moont= lik sal rapporteer. Indien hy versuim om dit te doen, mag dit selfs gebeur dat hy die saak kan verloor. Hy mag ook nie met die aanmelding wag tot die geboorte van die kind nie. Slegs die openbare hof kan beveel dat daar gewag moet word tot die kind gebore is om te kan bepaal of die kind fisiese ooreenstemminge met die verweerder toon (vergelyk sake 27, 28 en 29). Die ontvanger van sake is egter geregtig om so 'n saak wat eers na die geboorte van die kind aanhangig gemaak word, te ontvang indien die vader of voog van die dogter genoegsame redes vir sy versuim om dit aan te meld, kan verstrek. Geldige redes sou wees dat hy elders werksaam was en nie van die swangerskap van sy dogter verwittig was nie of dat hy nie vroeër verlof van sy werkgewer kon kry om huis toe te kom en die saak aanhangig te maak nie. 'n Laat eis sal ook ontvang word indien die eiser kan bewys dat die verweerder afwesig was uit die stamgebied en die eis dus nie by hom aanhangig gemaak kon word nie. Dit is egter die plig van die eiser om die saak, in die laasgenoemde geval, voor= lopig by die vader of voog van die verweerder aanhangig te maak. Dit is dan die plig van hierdie persoon om die ver= weerder van die klagte te verwittig. Indien hy versuim om dit te doen kan die eiser die saak direk by 'n openbare hof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aanhangig maak. Dit word dan die taak van die hof om opdrag te gee dat die verweerder opgespoor moet word.

Die volgende prosedure word gevolg wanneer so 'n saak aan=hangig gemaak word: Die vader van die dogter (eiser) sal baie selde self die saak aan die verweerder bekend maak. Hy stuur gewoonlik twee persone as afgevaardigdes te wete 'n man (dit mag nie 'n familielid van die eiser wees nie) en 'n vrou - gewoonlik die hahane van die dogter. Die hahane se teenwoordigheid is noodsaaklik aangesien 'n manlike persoon nie vrouesake met vroue mag bespreek nie. Die hahane sal dan aan die moeder van die skuldige seun verduidelik wat haar seun aangerig het. Daarna sal die twee vroue by die mans waar hulle afsonderlik sit, aansluit. Die manlike tussen=ganger (ndhuna) van die eiser sal dan formeel die klagte aan die vader van die seun oordra. Dit word nie van hom verwag om onmiddellik op die klagte te antwoord nie. Hy word nor=maalweg twee weke gegun om te reageer.

Wanneer 'n persoon daarvan beskuldig word dat hy 'n ongehude dogter beswanger het, kan hy

- (i) erken dat hy die dogter beswanger het en aanbied om met haar te trou;
- (ii) erken dat hy 'n onregmatige daad gepleeg het en aanbied om die geykte skadevergoeding te lewer, of
- (iii) die klagte teen hom ontken waarna die saak in 'n hof verhoor sal word.

Die regsreëls wat die onderskeie moontlikhede dek, is soos volg:

(i) Indien die persoon erken dat hy die dogter beswanger het en aanbied om met haar te trou, moet die vader van die dogter besluit of hy die aanbod wil aanvaar al dan nie.

Informante is dit egter nie eens oor die beslissingsreg van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die vader van die dogter nie. Sommige beweer dat hy nie die reg het om wanneer hy die saak aanhangig gemaak het, 'n hu=weliksaanbod te weier nie. Die motivering vir hierdie stand=punt is dat die verweerder in sulke sake 'n keuse het om ôf skadevergoeding te lewer ôf aan te bied om met die dogter te trou. Andere beweer egter dat 'n vader die reg het om so 'n aanbod te weier en wel om die volgende redes:

(a) Die seun moontlik 'n onaanvaarbare eggenoot vir sy dogter is.
(b) Die dogter van die eiser te jonk is of dat die seun te jonk is en nie in staat is om 'n vrou te onder=hou nie.
(c) Die dogter 'n student of skolier is wat volgens die begeerte van haar vader eers haar studies moet vol=tooi (vergelyk saak 32).
(d) Die dogter reeds aan iemand anders verloof is of beloof is.
(e) Die seun iemand is met wie die dogter vanweë die ver=bodsbepalinge by die keuse van 'n huweliksmaat nie mag trou nie.

Dit moet hier aanvaar word dat die tweede groep informante korrek is omdat dit tog vandag in die praktyk gebeur dat 'n vader 'n huweliksaanbod van hierdie aard weier en daarop aandring dat daar skadevergoeding vir die beswangering van sy dogter gelewer moet word (vergelyk saak 32). Die stand=punt van die eerste groep informante word hier slegs vermeld omdat hulle nie deur die tweede groep informante tot 'n an=der oordeel oorreed kon word nie.

Wanneer 'n huweliksaanbod wel aanvaar word, verval die eis en kan die huweliksonderhandelinge nie gevoer word alvorens die kraal van die eiser nie eers gereinig is nie. Hierdie reinigingseremonie staan bekend as <u>ku xuva</u> (om te strooi) en moet deur die skuldige man self uitgevoer word. Die skuldige moet dan, vergesel van twee manlike getuies, 'n bok

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die kraal van die eiser neem. Die skuldige moet self die bok slag, die kleinpens verwyder en die inhoud daarvan in die kraal van die eiser strooi. Daarna moet hy die bok opsny en aan die eiser oorhandig. Nadat die bok gaar ge= maak is, word een voorkwart aan die skuldige oorhandig. Hy moet dan die kraal, tesame met die dogter wat hy beswanger het, verlaat en hulle gedeelte van die vleis iewers in die veld gaan eet. Die dogter mag eers na die kraal terugkeer wanneer die res van die bok deur haar verwante opgeëet is. Daarna word die kraal as gereinig beskou en mag die huweliks= onderhandelinge 'n aanvang neem.

Hoewel die eis vir skadevergoeding verval, bly die verweer= der egter aanspreeklik vir die lewering van die volle hoe= veelheid trougoedere. Indien die verweerder nie binne 'n redelike tyd (ongeveer 12 maande) sy belofte om met die huweliksonderhandelinge te begin, nakom nie, mag die eiser met sy oorspronklike eis voortgaan (vergelyk saak 36).

(ii) Indien die verweerder erken dat hy die dogter be= swanger het maar nie bereid is om met haar te trou nie, kan hy die vasgestelde skadevergoeding aan die eiser aanbied. Indien die eiser dit aanvaar, is die saak geskik. Die saak hoef dus nie eers in die familiehof verhoor te word nie. Die belangrikste vereiste is dat die aanbod sowel as die oor= handiging van die skadevergoeding, voor getuies moet geskied. Indien die skadevergoeding nie binne 'n redelike tyd (onge= veer 30 dae) gelewer word nie, is die eiser geregtig om die saak by 'n hof aanhangig te maak (vergelyk saak 36). By die verhoor van die saak sal die vroeëre erkenning van die verweerder voor getuies, as onweerlegbare getuienis van sy aanspreeklikheid beskou word tensy hy nou die teendeel kan bewys of grondige redes kan verstrek waarom hy vantevore aangebied het om skadevergoeding aan die eiser te lewer.

(iii) Indien die beskuldigde die klagte teen hom ontken, word die saak formeel in 'n hof (gewoonlik die familiehof)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoor.

Tydens enige verhoor wat mag volg, is die getuienis van die meisie van groot waarde aangesien sy behoort te weet wie haar beswanger het. Haar getuienis word egter nie sonder meer aanvaar nie. Die howe vereis dat haar getuienis deur óf direkte óf omstandigheidsgetuienis gestaaf word. Van die verweerder word dan verwag om die teendeel te bewys.

Naas die getuienis van die meisie word die getuienis van haar tussenganger as baie belangrik beskou. Indien die tussenganger kan getuig dat sy gereelde ontmoetings vir die partye gereël het, geskenke van die verweerder aan die mei=sie oorhandig het, liefdesbriewe oor en weer besorg het, ensovoorts, is dit vir die hof 'n aanduiding dat die twee partye verliefdes is en sal die hof aanvaar dat hulle ook intiem verkeer het (vergelyk saak 31).

Die enigste wyse waarop die verweerder hierdie getuienis kan weerlê is om op gegronde wyse aan te voer dat ander mans ook met die meisie intiem verkeer het. Indien die hof hier=die getuienis aanvaar, sal die saak gewoonlik uitgestel word tot na die geboorte van die kind ten einde te bepaal wie die vader van die kind is.

Daar word van verskillende metodes gebruik gemaak om vader=skap te bewys. Hierdie metodes is reeds in Hoofstuk IV behandel. Volledigheidshalwe word dit hier weer kortliks herhaal. Die belangrikste metode wat vandag in die howe toe=gepas word, is om te bepaal na wie die kind lyk (vergelyk sake 27 en 28). Vir hierdie doel moet alle moontlike "vaders" waarvan die name in die hof vermeld is, vir die verhoor op=geroep word. Die hof moet dan besluit of die baba fisiese ooreenstemming met een van hulle vertoon. Sommige howe ver=gelyk selfs die lyne van die handpalm van die baba met dié van die verdagtes. Die kapteinshof van die Mnisistam gaan selfs sover om sonder om die rede te vermeld, bloedtoetse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by die plaaslike sendinghospitaal te laat doen van die kind en sy vermeende vader, ten einde 'n moontlike ooreenstem= ming tussen vader en kind te bepaal. Informante was dit eens dat dit nie nodig is om die bloedgroep van die moeder te laat bepaal nie (sic!). As die kind se bloedgroep met dié van die vermeende vader ooreenstem, word dit as bewys van vader= skap aanvaar. Stem dit nie ooreen nie, is die vermeende vader nie die kind se vader nie. Hierdie uiters aanvegbare en onwaardige metode van bewyslewering word hoewel nie dik= wels nie, inderdaad vandag toegepas. Hier word geen saak vermeld nie omdat die vermelding die openbaarmaking van die identiteit van litigante sal meebring.

Die gewildste metode wat veral in die onderskeie nie-open= bare howe gevolg word, is om op grond van die getuienis van die vroedvroue, wat die bevalling waargeneem het, te beslis wie die vader van die kind is. Soos vroeër verduidelik is, word dit aanvaar dat 'n kind nie aan sy moeder sal drink alvorens die naam van sy vader aan hom geprewel word nie. Dit is die taak van die vroedvroue om dit te doen. Op hier= die wyse kan na bewering bepaal word wie die vader van die kind is (vergelyk saak 33). Indien die kind op geen naam reageer nie, beteken dit dat die naam van die werklike vader nog nie genoem is nie. Van die moeder sal dan verwag word om te <u>vulela</u>, dit wil sê om haar sonde te bely en die naam van die werklike vader aan die vroedvroue te openbaar.

Die normale eis vir die beswangering van 'n ongehude meisie is 2 beeste of R20-00. Anders as by die Bafokeng (Coertze 1971:201) vergroot die stamme van Mhala egter nie die eis wanneer die verweerder 'n getroude persoon is nie. Die eis is in alle gevalle dieselfde. In die huidige tyd gebeur dit egter dat 'n vader 'n hoër eis as die tradisionele vir die beswangering van sy ongehude dogter instel (vergelyk saak 32). Dit gebeur veral in gevalle waar die dogter 'n skolier of 'n student is en die vader gevolglik skade ly vanweë die be= eindiging of onderbreking van haar studies. By daardie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stamme (Mnisi en Nkuna) waar hierdie gebruik onlangs posge= vat het, is 'n vader dus geregtig om sy reële skade (klas= gelde, ensovoorts vir die betrokke jaar) by die vasgestelde eis te voeg. By nie een van die stamme mag daar egter 'n addisionele eis vir die onderhoud van die kind ingestel word nie. Die skadevergoeding wat deur die hof toegestaan word, dien ook terselfdertyd as onderhoud vir die kind (vergelyk saak 24).

Wanneer swangerskap uitloop op 'n miskraam is die vader van die meisie steeds daarop geregtig om die volle hoeveelheid skadevergoeding te eis. 'n Belangrike voorvereiste is egter dat die swangerskap by die kraal van die beweerde oortreder aangemeld moet wees voordat die miskraam plaasvind. Geen eis om skadevergoeding sal aanvaar word nadat 'n miskraam plaasgevind het nie. Wanneer 'n persoon dus ontken het dat hy 'n meisie beswanger het en 'n miskraam vind daarna plaas, verval die saak indien geen direkte getuienis (wat in sulke sake bykans onmoontlik is) gelewer kan word dat hy wel die meisie beswanger het nie. Indien die verweerder reeds skadevergoeding gelewer het vir die beswangering van 'n mei= sie en 'n miskraam vind daarna plaas, is hy egter nie ge= regtig om die skadevergoeding terug te eis nie. Wanneer 'n kind doodgebore word, is dieselfde reëls as hierbo van toe= passing.

Wanneer een van die partye, nadat die saak formeel aanhangig gemaak is, te sterwe kom, kan daar voortgegaan word met die saak. Indien die verweerder sterf, word sy vader of voog steeds vir die daad aanspreeklik gehou en is hy verplig om die normale skadevergoeding namens die oorledene te lewer. Wanneer 'n swanger meisie te sterwe kom, kan daar ewe eens voortgegaan word met die saak maar die eis is, anders as wanneer sy die lewe sou behou, veel hoër. By al die stamme van Mhala word daar naamlik geglo dat wanneer 'n swanger meisie sterf, dit aan haar swangerskap toe te skryf is. Die persoon wat haar beswanger het, so word geglo, is dan ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

antwoordelik vir haar dood. Daarom word daar, naas die normale eis vir beswangering, 'n addisionele eis van 12 beeste of R120-00 toegelaat. Hierdie addisionele eis is gelykstaande aan die normale hoeveelheid trougoedere wat haar vader vir haar sou ontvang het wanneer sy eendag sou trou. Wanneer 'n persoon op hierdie wyse skadevergoeding gelewer het, word hy egter as 'n skoonseun beskou en ook as sodanig aangespreek. Hy is daarom geregtig om 'n plaasver= vangende vrou van sy "skoonvader" te vra (vergelyk Deel III B.2.). Indien die meisie tydens die bevalling sou sterf en die kind word lewendig gebore, is hy ook geregtig op die kind omdat die lewering van skadevergoeding tot die volle omvang van trougoedere 'n egverbintenis tot stand bring en die kind dus sy wettige kind word.

Wanneer 'n verloofde meisie deur haar verloofde beswanger word, word geen eis om skadevergoeding ingestel indien die man die huweliksooreenkoms nakom nie. Indien hy nie daarmee sou voortgaan nie, is die vader van die meisie geregtig om 'n saak teen hom aanhangig te maak. Hy is dan ook geregtig om skadevergoeding te eis vir elke kind wat deur die ver= loofde verwek is. Daar word dus in sodanige gevalle afgewyk van die normale regsreël dat 'n vader slegs na die eerste beswangering van sy dogter 'n eis om skadevergoeding teen die verwekker kan instel.

Wanneer 'n verloofde meisie deur iemand anders as haar ver= loofde beswanger word, word dit as 'n ernstige oortreding beskou. 'n Verloofde meisie word geag as haar verloofde se toekomstige vrou. Wanneer sy dan deur iemand anders be= swanger word, word hierdie oortreding as gelykstaande aan owerspel beskou. Daarom is die eis vir 'n sodanige oortre= ding dieselfde as dié vir owerspel, naamlik 5 beeste of R50-00. Aangesien verloofdes nie as getroud geag word nie, het die verloofde man geen reg om vir hierdie daad met sy verloofde, te eis nie. Dit bly steeds die verantwoordelik= heid van die meisie se vader om 'n eis teen die beweerde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oortreder in te stel (vergelyk saak 34). Aangesien die beswangering van 'n verloofde meisie 'n grond vir die ver= breking van die verlowing is, gebeur dit in die praktyk dat die vader van die meisie, nadat hy skadevergoeding vir haar beswangering ontvang het, 'n gedeelte daarvan (2 beeste of R20-00) aan haar verloofde oorbetaal, ten einde te ver= goed vir die oortreding wat sy dogter begaan het. Hierdie gebruik staan bekend as ku pfala manyala wat beteken: "om die skande te verberg." Indien dit deur haar verloofde in ontvangs geneem word, is haar oortreding deur hom gekondo= neer en kan daar voortgegaan word met die voorgenome huwe= lik. Indien hy dit nie aanvaar nie, word die verlowing verbreek en moet haar vader die verlowingsbeeste terug= besorg (vergelyk saak 35). Indien die vader van die dogter nie 'n poging aanwend om die 2 beeste of R20-00 aan sy aan= staande skoonseun oor te dra nie, kan laasgenoemde dit by wyse van 'n hofaksie van hom eis.

Wanneer 'n man egter na sy troue sou uitvind dat sy vrou voor die troue deur iemand anders beswanger is, kan hy

(i) dit as 'n grond vir 'n egskeiding aanvoer;
(ii) 'n gedeelte (5 beeste of R50-00) van die trougoedere terugeis, of
(iii) sy skoonvader versoek om 'n eis teen die beweerde oortreder in te stel waarna die uitspraakgoedere aan hom oorhandig moet word (vergelyk saak 41). Die eggenoot is egter nie geregtig om self 'n saak teen die beweerde oortreder in te stel nie aangesien die onreg= matige daad voor die troue gepleeg is.

Wanneer 'n ongehude dogter beswanger word, is haar vader geregtig om slegs vir haar eerste swangerskap te eis. Hy is nie geregtig om vir 'n tweede en verdere swangerskap van sy dogter te eis nie want dan is hy besig om met sy dogter "besigheid te maak" (vergelyk ook Coertze 1971:201). Daarom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lui die gesegde dan ook: "wansati urihiwa kanwe - vir 'n vrou kan slegs een maal betaal word." Hierdie reël is slegs van toepassing wanneer die dogter deur verskillende mans beswanger word. Wanneer 'n dogter dus vir 'n tweede keer beswanger word deur iemand anders as die eerste keer, mag haar vader haar tugtig of selfs deur 'n hof laat betig vir haar losse sedes. Sy mag egter nie lyfstraf ontvang wanneer sy swanger is nie. Die persoon wat haar vir 'n tweede keer beswanger het, gaan skotvry. 'n Vader is egter geregtig om hom 'n loesing te gee indien hy hom op heter= daad betrap waar hy sy dogter verlei. Sodanige oortreder kan ook geen eis om skadevergoeding vir sy pak slae teen die vader instel nie.

Indien 'n dogter deur dieselfde man vir 'n tweede of verdere kere beswanger word, is haar vader geregtig om vir elke swangerskap te eis. Die rede hiervoor is dat die verweerder met die dogter handel asof hy met haar getroud is (vergelyk saak 36).

Ten slotte moet daarop gewys word dat 'n vader, wanneer sy dogter met meer as een man gedurende haar moontlike tyd van konsepsie omgang gehad het, nie 'n eis om skadevergoeding teen elke moontlike oortreder mag instel nie. Hy mag ook nie, na 'n onsuksesvolle eis teen die eerste verdagte, 'n verdere eis vir dieselfde swangerskap teen 'n tweede per= soon instel nie (vergelyk sake 29 en 30). In sulke sake word die dogter as iemand van losse sedes beskou en is die howe ook nie bereid om haar geloofwaardigheid as getuie te aanvaar nie. Vergelyk egter die uitspraak in saak 28 waar= in die hof bevind het dat die kind na 'n ander persoon dan die beskuldigde lyk en dié persoon beveel is om skadever= goeding aan die eiser te lewer. Die uitspraakskuldenaar het egter in hierdie saak sy blaamwaardigheid erken en was buitendien van voorneme om met die meisie te trou.

'n Persoon wat sonder dat hy skuld erken het skuldig bevind

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is dat hy 'n ongehude meisie beswanger het en dan die skadevergoeding daarvoor gelewer het, maar later uitvind dat die meisie nie swanger is nie, is geregtig om die skadevergoeding van die uitspraakskuldeiser terug te eis. Sodanige saak word as 'n teeneis beskou en die eiser is geregtig op die volle omvang van die skadevergoeding wat hy aanvanklik gelewer het. Sy eis slaag omdat dit duide= lik geword het dat die meisie nie swanger is nie.

3. <u>Vereistes vir die sluiting van 'n huwelik</u>

(a) <u>Inleiding</u>

In die Suid-Afrikaanse gemenereg word die volgende ver= eistes gestel alvorens 'n geldige huwelik gesluit kan word:

(i) Die partye moet handelingsbevoeg wees. Hierdie handelingsbevoegdheid is onderhewig gestel aan 'n wye reeks vereistes ten opsigte van minder= jariges.

(ii) Daar moet wilsooreenstemming tussen die partye bestaan.

(iii) Die huwelik moet geoorloof wees en

(iv) Die voorgeskrewe formaliteite moet nagekom word (vergelyk Olivier 1977:189 e.v.).

Alhoewel voorgenoemde vier vereistes wat deur die gemenereg gestel word, sekerlik ook breedweg ter sprake is by 'n uit= eensetting van die huwelik van die swart volke van Suid-Afrika bestaan daar na aard en inhoud sulke belangrike verskille tussen die vereistes vir huweliksluiting in die gemenereg en in die regstelsels van die swart volke, dat daar 'n totaal ander sisteem gevolg moet word in die be= skrywing van die vereistes vir huweliksluiting by laasge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

noemde. Ter illustrasie kan daar met enkele voorbeelde van die ontoepaslikheid van die gemeneregtelike vereistes by die stamme van Mhala volstaan word. Volgens punt (i) hierbo word daar byvoorbeeld die vereiste gestel dat die partye handelingsbevoeg moet wees. In die gemenereg be= teken dit in hoofsaak dat persone tussen 7 en 21 jaar nie 'n geldige regshandeling kan aangaan en insgelyks 'n huwe= lik kan sluit sonder die ouerlike toestemming nie. Soos later sal blyk, is 'n dogter (vrou) by die stamme van Mhala ewigdurend handelingsonbevoegd terwyl 'n man eers werklik sodanige bevoegdheid verkry nadat hy 'n huwelik gesluit het. Handelingsbevoegdheid verskil dus in beginsel by die twee regsisteme.

Volgens punt (ii) hierbo moet daar wilsooreenstemming tussen die partye, dit is die man en vrou bestaan. By die stamme van Mhala is die instemming van die seun en die dogter tot die huwelik slegs sekondêr van belang. Dit gaan eintlik om die bereiking van consensus tussen die vaders van die aan= staande egpaar. Die reëls ten opsigte van wilsooreenstem= ming verskil dus ook in beginsel.

Dit word daarom raadsaam geag om in hierdie afdeling nie met begrippe uit die gemenereg te werk nie maar te konsen= treer op (i) Daardie vereistes wat betrekking het op die persone self, te wete bepaalde bevoegdheidsvereistes waar= aan hulle moet voldoen en (ii) die reëls waaraan daardie persone ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat on= derworpe is (vergelyk Eloff 1973:156). Hierby kan die bepaalde toestemmingsvereistes gevoeg word, hetsy van die man en vrou in die egverbintenis, hetsy van die ouers en/of verwante aan albei kante.

By die stamme van Mhala geld hierdie vereistes vandag nog by die sluiting van 'n huwelik. Daar word dus hierna aandag ge= gegee aan (i) Individuele vereistes vir die man en die vrou; (ii) Toestemmingsvereistes en (iii) Keusevereistes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(b) Individuele vereistes

In die verlede was die vernaamste vereiste vir die sluiting van 'n huwelik, die bereiking van volwassenheid. Volwassen=heid het egter nie net fisiese rypheid of die bereiking van 'n spesifieke ouderdom beteken nie, maar het saamgehang met 'n volledige opname van die jongeling in die stamverband en die toekenning van volwasse status op grond van die deur=loping van 'n reeks inisiasieseremonies. Eers na sodanige opname in die stamverband is 'n persoon as volwasse beskou en bevoeg geag om as volwassene die verantwoordelikhede van 'n getroude lewe te dra. Geen vader sou dit eers oorweeg om vir sy kind 'n huwelik te sluit alvorens hy of sy nie aan hierdie vereiste voldoen het nie.

By die Changanastamme het dit beteken dat 'n seun op ver=skillende stadia in sy lewe verskillende seremonies moes deurloop. Hy moes eerstens die oordeurboringseremonie (ku boxa tindleve - om die ore te deurboor), wat op ongeveer tien- tot twaalfjarige ouderdom uitgevoer is, deurloop. Na hierdie seremonie is hy nog nie as volwasse beskou nie maar sy status is beslis verhoog. Sodra 'n seun geslagtelike volwassenheid bereik het, dit wil sê na sy eerste saadstor=ting, moes hy 'n volgende seremonie wat bekend is as die ku thomba (om puberteit te bereik) deurloop. Hierdie sere=monie het ongeveer drie tot vier dae geduur en na afloop daarvan is die seun na 'n rivier geneem waarin hy moes af=duik. Wanneer hy bo die water verskyn het, is hy as nuut gebore beskou en het hy 'n nuwe naam gekry. Hierna was hy nie meer 'n mufana (seuntjie) nie, maar 'n jaha (jong man). Tradisioneel kon 'n seun egter nie trou voordat hy nie eers in 'n regiment opgeneem is nie. Die gebruik was dat 'n seun ongeveer twee jaar na afloop van die ku thomba-seremo=nie in 'n regiment opgeneem is. Hierdie seremonie het be=kend gestaan as die ku butho - (regimentsvorming)-seremonie en het ongeveer een maand geduur. Gedurende hierdie tydperk het die seuns bedags militêre opleiding ontvang en moes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle vir die kaptein werk. Saans is hulle deur die ou mans onderrig oor die betoning van respek aan hulle meer=deres, etiketsreëls, geslagsake, ensovoorts. Na afloop van die seremonie is al die seuns wat dit deurloop het, opge=neem in 'n nuwe regiment met 'n eie naam. Daarna is 'n seun as volwasse beskou en kon hy trou.

By die Nhlanganustamme moes 'n seun in die verlede ook verskillende sermonies deurloop alvorens hy in die huwelik kon tree. Net soos by die Changana is 'n jong seun se ore ook deurboor. Daarna het 'n volgende seremonie plaasgevind wat bekend gestaan het as die ku kula - (om volwasse te word)-seremonie. Hierdie seremonie het geskied pas nadat 'n seun geslagtelike volwassenheid bereik het. Die aard en die duur daarvan het in 'n hoë mate ooreengestem met die ku thomba-seremonie van die Changana (vergelyk ook Junod 1927,I:95). Nadat 'n seun hierdie seremonie deurloop het, is hy as volwasse beskou en kon hy, wanneer hy die nodige toestemming van sy vader ontvang het, trou.

Dogters moes in die verlede ook hubaarheidseremonies deur=loop alvorens hulle kon trou. Wanneer 'n dogter by die Changanastamme ontdek het dat sy geslagtelike rypheid bereik het, dit wil sê vir die eerste keer gemenstrueer het, het sy dit aan haar moeder meegedeel. Daarna moes sy die mugongo - (afsondering)-seremonie deurloop. Nadat sy vir ongeveer sewe dae binne 'n afskorting in haar moeder se hut afgesonder is, het die mugcagco (feesdans) gevolg. Tydens die mugcagco het haar vader 'n bees geslag en is die netvet van die bees oor haar skouers gehang. Daarna is haar hare geskeer en is sy gebad. Na afloop van hierdie seremonie is sy as hubaar beskou en kon sy met die toestemming van haar vader trou. Die Nhlanganustamme het 'n soortgelyke seremo=nie vir dogters gehad. Dit het bekend gestaan as die ku khomba - (om hubaar te word)-seremonie en is uitgevoer nadat 'n dogter geslagtelike rypheid bereik het. Na afloop van hierdie seremonie is 'n dogter as volwasse beskou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos vroeër verduidelik is, het hierdie seremonies vir seuns sowel as dogters teen ongeveer 1935 in onbruik geraak. Daar bestaan gevolglik by informante geen eenstemmigheid oor wanneer 'n jong man vandag ryp is om te trou nie. Ten op= sigte van seuns beweer sommige dat 'n seun as fisies volwas= se beskou word wanneer sy baard begin groei (ongeveer 22 jaar). Andere weer beweer dat 'n seun geslagtelike volwas= senheid moet bereik het. Op my vraag of 'n seun dan op 13-14-jarige ouderdom hubaar is, het hulle met 'n besliste nee geantwoord. Alle informante was dit egter eens dat dogters fisiese volwassenheid bereik wanneer hulle vir die eerste keer gemenstrueer het.

Hoewel fisiese rypheid by die stamme van Mhala as 'n ver= eiste vir die sluiting van 'n huwelik gestel word, is sodanige kwalifikasie egter nie voldoende nie. Van 'n seun word vandag verwag om ook ekonomies onafhanklik te wees voor sy vader op sy versoek namens hom huweliksonderhande= linge sal aanknoop. Daarom beweer informante dat 'n seun gereed is om te trou wanneer hy byvoorbeeld afstudeer het, reeds werk het en oor 'n eie inkomste beskik, ten minste vyf-en-twintig jaar oud is, ensovoorts. Die rede waarom hierdie vereistes gestel word, is dat daar vandag van 'n seun verwag word om ten minste die verlowingsbeeste te voorsien alvorens hy deur sy vader toegelaat sal word om te trou. Sommige vaders vereis ook dat 'n seun 'n gedeelte van die trougoedere moet kan lewer. Hoewel laasgenoemde vereiste streng gesproke nie as 'n regsvereiste beskou kan word nie, is dit tog so dat geen hof 'n vader sal dwing om sy seun van die volle hoeveelheid trougoedere te voorsien nie (vergelyk sake 37, 38, 65 en 66 en vergelyk later). Informante beklemtoon egter die feit dat, hoewel dit nog nie in die howe getoets is nie, 'n seun nie geregtig is om die verlowingsbeeste van sy vader te eis nie. Dit is sy persoonlike verantwoordelikheid. Aan die ander kant gebeur dit vandag ook in die praktyk dat 'n vader nie bereid is om sy dogter te laat trou indien die toekomstige eggenoot nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ekonomies onafhanklik is nie of nie in staat is om sy dogter te onderhou nie. Hierdie vereistes bring mee dat seuns en dogters vandag op 'n veel later stadium van hulle lewe ge= reed is om te trou. Uit die aard van die saak word hierdie vereiste nie so streng deur die vaders toegepas in gevalle waar 'n seun 'n dogter beswanger het nie.

In die geval van dogters is fisiese rypheid vandag nog die belangrikste voorvereiste. Ongehude dogters kan in drie kategorieë verdeel word. Daar is eerstens die vanhwanyana of ook genoem die matshitshi, dit wil sê, klein dogtertjies. Hulle is nie bevoeg om te trou nie aangesien hulle nog nie fisies ryp is nie. Die volgende stadium in 'n dogter se lewe is wanneer sy fisiese rypheid bereik het (ongeveer 13-14 jaar). Wanneer sy hierdie stadium bereik het, staan sy bekend as 'n ntombi (dogter). Hoewel sy nou fisiese rypheid bereik het en streng gesproke bevoegd is om te trou, beweer informante dat 'n vader vandag nie geneë is om sy dogters reeds op hierdie stadium te laat trou nie. Die ideaal is om te wag totdat die dogter meer volwasse is, dit wil sê, 'n nkehli (volwasse dogter) is. 'n Dogter be= reik hierdie stadium op ongeveer 18-20 jarige ouderdom of soos informante dit stel: "Wanneer haar borste begin afsak". Hoewel dit as die ideaal gestel word, gebeur dit vandag in die praktyk, dat dogters reeds op sestienjarige ouderdom of selfs vroeër in die huwelik gegee word. Daar is dus, naas die vereiste van fisiese rypheid, geen vaste reël nie.

Naas die bogenoemde vereistes bestaan daar vanuit 'n regs= oogpunt geen ander individuele bevoegdheidsvereistes waar= aan die jongelinge moet voldoen nie. Fisiese of geestelike gebreke is wel 'n persoonlike diskwalifikasie by hofmaking maar daar bestaan geen regsreël wat 'n persoon wat oor een of ander gebrek beskik, verbied om te trou nie. Informante stel dit egter uitdruklik dat 'n vader nie sy kind sal ver= soek om met so 'n persoon te trou nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar bestaan ook enkele gebruike wat 'n vader gewoonlik in ag neem wanneer 'n seun sy toestemming vra om te trou. So byvoorbeeld is dit nie wenslik dat 'n jonger broer voor 'n ouer broer sal trou nie. In die verlede is hierdie voorskrif streng toegepas en is slegs verbreek wanneer die ouer broer 'n ximane is. 'n Ximane is volgens Doke en Vilakazi (1948) 'n "man unsuccessful in courtship." In sulke gevalle is daar nie gewag totdat die ouer broer "sukses" behaal het nie want in meeste gevalle het hy uit= eindelik 'n nghwendza (oujongkerel) geword. Vandag gebeur dit egter dikwels dat 'n jonger broer voor die ouer broer trou. Dit gebeur veral wanneer die jonger broer voor die ouer broer finansieel in staat is om te trou. In sulke ge= valle word daar nie gewag totdat die ouer broer gereed is om te trou nie.

Dit is ook wenslik dat 'n ouer suster voor haar jonger sus= ter in die huwelik gegee word. Hoewel 'n vader sal poog om dit so te laat geskied, bestaan daar egter geen regsreël wat dit verbied nie. So ook is dit wenslik dat die bruide= gom ouer as die bruid moet wees. In meeste gevalle gebeur dit ook vandag maar daar bestaan ewe eens geen reël wat die teendeel verbied nie.

Soos vroeër verduidelik is, is maagdelike reinheid as so= danig, vandag nie meer 'n voorvereiste vir die sluiting van 'n huwelik nie. Daar bestaan ook geen gebruik waarvolgens 'n man, indien hy na die troue sou uitvind dat sy vrou nie meer 'n maagd is nie, sy skoonouers op een of ander diskrete wyse daarvan kan verwittig nie. Hy kan dit ook nie aanvoer as 'n grond vir egskeiding nie of op grond daarvan eis dat die hoeveelheid trougoedere wat gelewer moet word, verminder word nie.

Impotensie en/of steriliteit van die man of steriliteit van die vrou kan volgens informante nie as 'n diskwalifikasie vir die sluiting van 'n huwelik beskou word nie. Die rede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiervoor is dat dit baie moeilik is om in die geval van 'n ongetroude te bepaal of hy of sy steriel is. Indien die bruidegom of bruid wel van so 'n persoonlike gebrek bewus is en dit teenoor die ander party verswyg, geld dit in elk geval nie as 'n grond vir egskeiding nie. Wanneer 'n eg= paar kinderloos bly, bestaan daar inheemse metodes om te bepaal wie van die partye steriel is. Hoe dit toegepas word en wat gebeur wanneer vasgestel is wie steriel is, sal later behandel word (vergelyk Deel II A.3.). 'n Mens kan hier vol= staan met die opmerking dat vrugbaarheid nie 'n voorvereiste in die reg is vir die sluiting van 'n huwelik nie en dat steriliteit nie 'n grond vir egskeiding is nie. Potensie van die man is ook geen voorvereiste vir die sluiting van 'n huwelik nie. Sy impotensie is ook nie 'n grond vir egskei= ding nie (vergelyk Deel III A.2.).

(c) <u>Toestemmingsvereistes</u>

Soos vroeër verduidelik is, is huweliksluiting 'n familie-aangeleentheid. Dit is nie slegs twee individue wat in die eg verbind word nie. Daar word ook 'n band gelê tussen twee afkomsgroepe. Die kontrakterende partye is gevolglik ook nie die man en vrou wat in die eg verbind word nie maar wel die vader van die man aan die een kant en van die vrou aan die ander kant. Wanneer een of albei van die vaders nie meer leef nie, is in die geval van 'n eerste huwelik die toestemming van die wettige voog noodsaaklik alvorens 'n huweliksooreenkoms aangegaan kan word. In die geval van 'n vrou moet hierdie toestemming te alle tye verkry word. Dit maak nie saak of sy ongetroud, weduwee of geskeie vrou is nie.

Hoewel die toestemming van die onderskeie vaders noodsaak= lik is en hulle inderdaad die kontrakterende partye is, beteken dit nie dat die wense van die partye wat gaan trou, en die verwante aan weerskante, negeer word nie. Net soos in die geval van die Imidushane (vergelyk Jacobs 1974:164)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was 'n huweliksooreenkoms in die verlede by die stamme van Mhala wel 'n saak tussen twee families en moes die seun en dogter dikwels die keuse van hulle onderskeie families een=voudig sonder teenstribbeling aanvaar. Die vaders kon dus die inisiatief neem in die keuse van 'n huweliksmaat vir hulle kinders en die kinders moes hulle by hierdie keuse berus. Op hierdie wyse was dit byvoorbeeld vir 'n vader moontlik om vir sy seun in sy afwesigheid, 'n vrou te trou. Die toe=stemming van die seun of die dogter was dus nie 'n wettige vereiste vir die sluiting van 'n huwelik nie. 'n Mens moet egter byvoeg dat hoewel dit die praktyk in die verlede was, 'n wyse vader tog die wense van sy kind in ag geneem het en dat dit selde gebeur het dat 'n huwelik op 'n kind afgedwing is.

In die huidige tyd het die situasie verander. Vaders vind dit nie meer so maklik om vir hulle kinders 'n huwelik te sluit nie. Die praktyk eis nou dat die wense van hulle kinders in ag geneem moet word. Vandag gebeur dit dus nie meer dat die vader die inisiatief neem om vir sy kind 'n huweliksmaat te kies nie. Dit het die voorreg van die kind geword om self te kies. Die uiteindelike formele toestem=ming berus egter nog by die onderskeie vaders. Hulle is steeds die kontrakterende partye.

Vandag het dit die taak van die seun geword om self vir hom 'n huweliksmaat te kies. Sy keuse word egter beperk deur die geldende verbodsbepalinge by hierdie keuse. As hy in stryd daarmee handel, pleeg hy bloedskande. Indien 'n seun dus fisies volwasse is en in 'n sekere sin ook ekonomies onafhanklik is, kan hy vir hom, met inagneming van die keusemoontlikhede, 'n huweliksmaat kies. Nadat hy sy keuse gemaak het, vermeld hy dit gewoonlik aan sy <u>hahane</u>. Dit is haar plig om via die seun se moeder, sy keuse van 'n huwe=liksmaat en sy voorneme om in die huwelik te tree aan sy vader oor te dra. Die vader sal dan die seun ontbied en met hom ruggespraak voer. Indien die keuse van sy seun hom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

welgeval, sal hy die inisiatief neem en met die huweliks=onderhandeling begin. Indien die keuse van sy seun hom nie welgeval nie, sal hy dit aan hom meedeel en aan hom 'n fa=milie(s) uitwys waarbinne hy vir hom 'n huweliksmaat behoort te kies. Die onus rus daarna op die seun. Is hy gehoor=saam, sal hy doen wat hy beveel is. Hy kan ook volhard in sy ongewilde keuse. Indien hy laasgenoemde optrede volg en self oor die nodige trougoedere beskik, kan hy voortgaan met sy voorneme om te trou en self die huweliksonderhande=linge voer. In praktyk beteken dit dat hy in opstand kom teen die wense van sy vader en uit die aard van die saak, homself as onafhanklik van sy vader beskou. Sodanige op=trede van 'n seun het gewoonlik verreikende gevolge. Nor=maalweg word hy uit die kraal van sy vader verjaag en in meeste gevalle word hy ook onterf.

Dit is duidelik dat 'n seun wat self oor die nodige trou=goedere beskik, geregtig is om sonder die formele toestem=ming van sy vader 'n huweliksooreenkoms met die vader van sy aanstaande vrou te sluit. Sy vader kan hom dit nie verbied nie. Hy kan egter nie trou sonder die toestemming van die mei=sie se vader nie. Wanneer die meisie se vader wel die nodige toestemming verleen het, kan daar voortgegaan word met die huweliksonderhandelinge sonder die toestemming van die seun se vader. So 'n huweliksluiting is nie die gewen=ste nie, maar gebeur vandag tog soms in die praktyk. In hierdie verband moet 'n mens daarop wys dat, hoewel 'n vader verplig is om die trougoedere of 'n gedeelte daarvan vir sy seun se eerste vrou te lewer, hy nie deur die howe verplig kan word om dit te lewer indien die seun sonder sy toestemming trou nie. 'n Vader kan slegs verplig word om dit te voorsien indien hy geen grondige rede kan verskaf waarom hy sy toestemming weerhou nie (vergelyk saak 37).

'n Dogter kan egter nie sonder die toestemming van haar vader trou nie. Geen egverbintenis tussen 'n man en 'n vrou word deur die stamhowe as wettig beskou indien die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vader van die dogter nie sy toestemming daartoe verleen het nie. Informante beweer dat selfs 'n huwelik wat vol= gens die gemenereg gesluit is, nie as 'n wettige huwelik beskou word alvorens die dogter se vader sy toestemming daartoe verleen het en hy die nodige trougoedere vir sy dogter ontvang het nie (vergelyk 5.f. hieronder). Dit is duidelik dat die meerderjarigheid (bo 21) van die dogter hier nie in ag geneem word nie.

Die enigste wyse waarop 'n dogter huweliksonderhandelinge teen haar vader se sin kan afdwing, is om te dros na die man met wie sy wil trou. (Sy kan dit natuurlik ook doen wanneer sy reeds verloof is aan 'n man wie se vader traag is om die trougoedere gereed te kry. Op hierdie wyse kan sy haar toekomstige skoonvader dwing om die huwelik te be= spoedig). Hierdie wegloopaksie staan bekend as <u>ku fohlisa</u> (van die werkwoord <u>ku fohla</u> wat letterlik beteken "om uit te breek"). By sommige informante is hierdie gebruik ook bekend as <u>ku tlhakisa</u> wat beteken "om 'n meisie te oorreed om te dros". Informante stel dit duidelik dat geen meisie uit haar eie vrye wil van haar vader se kraal sal wegloop nie. Sy word gewoonlik deur haar minnaar oorreed om dit te doen. 'n Meisie mag egter nie teen haar sin geskaak word nie. Haar instemming om weg te loop is noodsaaklik (verge= lyk saak 21). Dit gebeur egter selde, soos dit die geval was in saak 21, dat 'n seun 'n meisie sal oorreed om na sy vader se kraal te dros. As die jongmense op versoek van die seun daarheen wegloop, is dit 'n redelike vermoede dat die handeling met die toestemming van die seun se vader geskied. Uit die aard van die saak dros die meisie sonder die toestemming van haar ouers.

Nadat 'n meisie na die kraal van haar minnaar se vader ge= dros het, moet haar ouers (gewoonlik eers die volgende dag) daarvan verwittig word. Die verwittigingsprosedure geskied gewoonlik soos volg: 'n Man word deur die seun se vader af= gevaardig om as tussenganger op te tree. Hy moet namens die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seun se vader met die meisie se vader gaan onderhandel. Vir hierdie doel moet hy 'n bok of R2-00 met hom saamneem. Hierdie bok of geld staan by die Changanastamme bekend as funelani nganeno en by die Nhlanganustamme as lavelani halenu wat in albei gevalle beteken: "kyk in hierdie rig= ting" (vergelyk ook Ramsay 1941:8). Die tussenganger moet hierdie bok of geld aan die meisie se vader oorhandig en aan hom verduidelik dat sy dogter gedros het en dat die skuldige jongman begerig is om met haar te trou. Indien haar vader hierdie aanbod aanvaar, beteken dit dat hy be= reid is om sy dogter in die huwelik te gee. Nadat sy dogter na sy kraal teruggekeer het kan die huweliksonderhandelinge normaalweg 'n aanvang neem. Volgens informante gebeur dit vandag selde dat 'n vader, onder sulke omstandighede, sy toestemming weier. Net 'n dom man sal dit doen.

Wanneer die dogter se vader, om watter rede ook al, nie be= reid is om sy dogter in die huwelik te gee nie, is hy ge= regtig om die funelani nganeno te weier en te versoek dat sy dogter aan hom terugbesorg moet word (vergelyk sake 20 en 26). Hy is ook geregtig om 'n eis van 1 bees of R10-00 in te stel vir die skaking van sy dogter - (ku tshova rihlampfu wat letterlik beteken "om die heining te breek"). Indien dit later sou blyk dat sy dogter ook deur die seun beswanger is, kan hy 'n verdere eis van 2 beeste of R20-00 instel.

'n Vader is nie geregtig om, wanneer sy dogter vir 'n tweede keer na dieselfde man dros, weer 'n eis om skadevergoeding in te stel nie want dan is hy besig om met haar "besigheid te maak". Hy is wel geregtig om weer sy toestemming tot die voorgenome huwelik te weier. Volgens informante behoort 'n wyse vader egter te besef dat wanneer sy dogter vir 'n tweede of verdere kere dros, hy haar nie maklik sal laat afsien van die voorgenome huwelik deur elke keer sy toestemming te weier nie. Die gebeure soos verduidelik in saak 22 is 'n duidelike voorbeeld hiervan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die sogenaamde ku tlhuba-seremonie wat deur Junod (1927,I: 119) beskryf word waarvolgens 'n arm man wat oor geen trou= goedere beskik nie vir hom 'n vrou kan roof, is onbekend by die stamme van Mhala. Volgens hierdie gebruik was dit in die verlede moontlik vir 'n arm man om 'n vrou te roof en daarna toestemming te verkry om met haar te trou sonder om enige trougoedere te lewer. Sodanige vrygewigheid bestaan in die huidige tyd nie meer nie.

(d) Keusevereistes

Naas die bogenoemde individuele en toestemmingsvereistes waaraan voldoen moet word, bestaan daar ook 'n reeks verbods= bepalinge op huwelike tussen persone wat binne sekere grade aan mekaar verwant is. Daar geld ook enkele aanduidings van wenslike keuses vir diegene wat wil trou.

By die stamme van Mhala bestaan daar egter nie soos byvoor= beeld by die Sothovolke besondere voorkeurbepalings by die sluiting van 'n eerste huwelik nie. 'n Persoon mag dus streng gesproke, met inagneming van dit wat vir hom verbode is, met enigiemand trou. 'n Vader het wel in die verlede spesifieke families uitgewys waarbinne 'n seun vir hom 'n vrou mag soek. In die huidige tyd geld dit egter nie meer as 'n strenge vereiste waaraan die seun moet voldoen nie. Dit word egter nog as die ideaal gestel en 'n vader beveel vandag nog sekere families aan waarbinne sy seun behoort te trou maar die seun is nie daardeur gebind nie. Hoewel 'n seun vandag dus 'n vryer keuse het ten opsigte van 'n huwe= liksmaat, gebeur dit egter selde dat hy die wense van sy vader sal verontagsaam. 'n Vader het steeds die reg om die keuse van sy seun af te keur en sy toestemming tot 'n huwe= lik te weier. Geen hof sal hom indien hy nie onbillik op= tree nie, hierin teëgaan nie.

In die verlede is stamendogamie ten strengste gehandhaaf. Hiervolgens was dit nie vir 'n Changanaman moontlik om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

byvoorbeeld vir hom 'n vrou uit die Nhlanganustamme te kies nie en omgekeerd. Hierdie verbod het egter vandag heelte= mal verdwyn en in die huidige tyd in interstamhuwelike 'n algemene verskynsel. Daar word ook vryelik huwelike ge= sluit tussen persone uit die stamme van Mhala met persone uit die geledere van veral die omliggende Swazistamme. Uit vrees vir towery gebeur dit egter baie selde dat huwelike gesluit word met lede van die omliggende Oos-Sothostamme. Daar is egter geen reël wat dit verbied nie.

Hoewel 'n man geen besondere voorkeurplig het by die keuse van 'n egmaat vir die eerste huwelik wat hy sluit nie, het 'n getroude man wel 'n voorkeuraanspraak by die beoefening van sororale poliginie. Daar bestaan ook 'n reeks voor= keurbepalings in die geval van sororale aanvulling en die leviraatgebruik. Die prosedure wat hier gevolg word en die keusevereistes waaraan voldoen word, sal in 'n volgende afdeling aandag geniet (vergelyk Deel III B.2.).

In teenstelling met die afwesigheid van besondere voorkeur= huwelike by die stamme van Mhala, bestaan daar egter 'n ver= bod op die huwelik tussen bepaalde bloedverwante. Hierdie verbodsbepalinge hou direk verband met 'n vrees vir bloed= skande. Behalwe die normale reël dat kinders van dieselfde ouers of ouers en hulle eie kinders nie met mekaar mag trou nie, bestaan daar 'n hele reeks verbodsbepalinge op huwelike tussen sekere verwante. Daar bestaan eerstens 'n stelsel van sibbe-eksogamie. Hiervolgens mag lede wat dieselfde sibbenaam dra, nie met mekaar trou nie. Dit beteken onder andere dat 'n man nie mag trou met sy vader se broer (<u>bava</u>) se dogter en by uitbreiding daarvan ook nie met 'n dogter van enige manlike patriliniêre verwant van sy vader nie. Hierdie eksogamiese verbodsbepalings geld egter so sterk dat dit geen verskil maak hoe ver verwyderd die verwantskap tussen lede van dieselfde sibbe is en of die verwantskap nog aangedui kan word al dan nie.

Die eksogamiese bepalings is ook van toepassing op potensiële

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

egmaats in die sibbe van 'n persoon se moeder. Streng gesproke mag 'n persoon dus nie trou met iemand uit die sibbe waaruit sy moeder afkomstig is nie. Dit beteken eerstens dat 'n persoon nie mag trou met sy moeder se broer (malume) se dogter nie. So 'n huwelik is dus, anders as by die Sothostamme, 'n verbode huwelik. Aangesien 'n man se vrou se broer se dogter vir hom 'n voorkeurhuweliksmaat is, is 'n huwelik tussen sy seun en dié se malume se dogter by die stamme van Mhala, dus dubbeld verbode eerstens weens sibbe-eksogamie en tweedens omdat die seun hierdie vrou as moe= der (mhake) aanspreek. Dit is ook vir hom verbode om te trou. met sy moeder se suster (mhake) se dogter. Terminologies is jou moeder se suster ook jou moeder (mhake). Uit die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat sowel die patriliniêre kruis neef-en-niggiehuwelik asook die parallel= le neef-en-niggiehuwelik verbode is.

Hierbo is vermeld dat 'n persoon nie mag trou met iemand wat dieselfde sibbenaam as sy moeder dra nie. In praktyk word hierdie reël egter nie so streng toegepas nie en ge= beur dit vandag dat persone wat in die derde of verdere graad in die sibbe van die moeder aan mekaar verwant is, wel met mekaar trou. Die verbodsbepalinge geld dus baie strenger in die afkomslyn van die vader as dié van die moeder.

Informante beweer dat 'n persoon in die verlede ook nie toe= gelaat is òm te trou met iemand wat dieselfde sibbenaam ge= dra het as dié van sy of haar grootmoeder aan vaderskant nie. In die huidige tyd word dit egter nie meer as 'n ver= bode huwelik beskou nie.

Buite die reëls van sibbe-eksogamie geld daar ook 'n ab= solute verbod op 'n huwelik van 'n man met sy vader se suster (sy hahane) se dogter. Alhoewel hierdie dogter nie aan 'n verbode sibbe behoort nie, is die bloedbande met die vadersibbe te nou en is so 'n huwelik weens bloedskande verbode.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geslagsgemeenskap tussen twee persone wat binne die verbode graad van verwantskap ressorteer, word as bloedskande be=skou. Bloedskande is 'n ernstige oortreding en staan vol=gens verskillende informante onder verskillende benaminge bekend. By sommige informante is dit bekend as masingita wat letterlik beteken : "'n wonderwerk." Andere gebruik die woord muhlola ('n slegte voorteken; sonde). 'n Manlike persoon wat bloedskande gepleeg het, moet gereinig word. Indien hy nie gereinig word nie, word geglo dat hy ernstig siek sal word en uiteindelik sal sterf. Hierdie siekte staan bekend as bukulu. Die gevolge van bukulu is dat die liggaam opswel en die sieke kort-kort vomeer en uiteindelik sterf. Die reinigingseremonie om bukulu te verhoed, staan ook onder verskillende benaminge bekend, naamlik ku basisa - om te reinig; phutula - die behandeling van 'n pasiënt om na die normale lewe terug te keer en ku horhola wat ook beteken om te reinig. Hierdie reinigingseremonie moet deur 'n medisynemeester uitgevoer word. Die vroulike deelgenoot moet ook gereinig word alvorens sy weer geslagsgemeenskap met iemand anders mag hê. Aan haar word dieselfde medisyne, bekend as vurivata (om te vergeet) gegee, as die wat 'n kind ontvang wanneer hy van sy moeder gespeen word. Wanneer 'n meisie dit drink, word geglo dat sy enersyds sal vergeet van die daad wat sy gepleeg het en andersyds die begeerte om weer bloedskande te pleeg, sal vergeet. Indien 'n dogter deur die daad beswanger is en nie vurivata drink nie, sal die kind doodgebore word.

Bloedskande is nie net 'n ernstige oortreding nie maar uit die aard van die saak ook 'n baie groot skande. Daarom ge=beur dit baie selde dat so 'n saak in 'n openbare hof ver=hoor word (vergelyk egter sake 40 en 44). Normaalweg word die saak tussen die twee families geskik en in meeste geval=le word geen eis om skadevergoeding ingestel nie. Die vader van die dogter is egter geregtig om 'n eis in te stel teen die persoon wat 'n bloedskendige verhouding met sy dogter het. Hy mag egter nie eis vir die deflorasie van sy dogter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of die blote beoefening van die geslagsdaad nie. Hy is slegs geregtig om te eis vir die beswangering van sy dogter. In sulke gevalle is die eis dubbeld die normale, dit wil sê 4 beeste of R40-00. Wanneer bloedskande met 'n getroude vrou gepleeg word, is die eis dubbeld dié van owerspel, dit wil sê, 10 beeste of R100-00. In die verlede was daar naas die reinigingsaksie en die lewering van skadevergoeding, ook die moontlikheid van straf omdat die skuldige man dood= gemaak kon word. Die vrou is egter nie so bestraf nie. Hierdie bestrawwing vind nie meer in die huidige tyd plaas nie (vergelyk egter saak 44).

Wanneer twee persone wat in die verbode graad van verwant= skap ressorteer, begerig is om te trou, kan die huweliksver= bod, onderworpe aan sekere voorwaardes, opgehef word. Die verbod mag egter nie opgehef word vir parallelle neefs en niggies nie. Dit beteken dat die kinders van twee broers of twee susters, al het hulle bloedskande gepleeg en hulle daarna gereinig is, nooit toegelaat sal word om te trou nie. Dit is 'n taboe. Dit gebeur egter in die praktyk dat kruis neef-en-niggiehuwelike onder uitsonderlike omstandighede wel toegelaat word. Wanneer 'n man sy vader se suster (hahane) se dogter beswanger het, kan hy met haar trou in= dien albei die onderskeie vaders hulle toestemming daartoe verleen en indien die man en die meisie saam 'n rituele seremonie deurloop (vergelyk hieronder). Die toestemming van die hahane is egter ook noodsaaklik aangesien daar 'n besondere verhouding tussen 'n man en sy vader se suster bestaan. Net so kan die verbod op die huwelik tussen 'n man en sy moeder se broer (malume) se dogter opgehef word. Vir so 'n huwelik word egter meerdere vereistes gestel. Vroeër is dit verduidelik dat dit vir 'n man dubbel ver= bode is om met sy malume se dogter te trou aangesien sy vader 'n voorkeurreg het om haar as sy tweede of verdere vrou te trou. Om hierdie verbod op te hef (die versoek kom gewoonlik van die malume self) is eerstens die goed= keuring van die seun se vader nodig. Hy moet amptelik ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

klaar dat hy nie begerig is om met sy swaer se dogter te trou nie en dat hy bereid is om haar aan sy seun af te staan. Indien die vader reeds dood is, is die toestemming van sy broer, wat die versorgingsplig ten opsigte van die weduwee het, noodsaaklik aangesien dié geregtig is om die swaer se dogter namens die oorledene te trou. Die toestemming van die weduwee is tweedens ook noodsaaklik aangesien sy wanneer sy oud word, volgens die gebruik van sororale aanvulling, daarop geregtig is dat haar broer se dogter as 'n nhlantswa vir haar gelewer moet word (vergelyk later).

Naas die bogenoemde toestemmingsvereistes moet die twee per= sone ten derde ook 'n rituele seremonie uitvoer. Hierdie seremonie staan bekend as ku dya xivindzi wat beteken "om lewer te eet" (figuurlik) of ku tsema vuxaka wat letterlik beteken "om die bloedverwantskap te sny." Vir hierdie seremonie moet die seun se vader 'n bok slag. Die lewer word verwyder en aan 'n tante van die seun wat reeds die vrugbaar= heidsleeftyd verby is, oorhandig. Daarna word die bok afge= slag en die nat vel word oor die koppe van die seun en die dogter geplaas. Die tante moet dan die lewer in twee dele verdeel en elke helfte op 'n spit plaas en daarna deur 'n gat wat in die bokvel gesny is, steek. Die seun en dogter moet dan tesame die rou lewer eet. Hierna is die bloedver= wantskap wat daar tussen hulle bestaan het "verbreek" en mag hulle met mekaar trou. Hierdie seremonie is nog vandag algemene praktyk wanneer dit nodig is.

4. Die Verlowing

(a) Kinderverlowing

Dit is die taak van vaders om 'n huweliksooreenkoms namens hulle onderskeie seun en dogter aan te gaan. Die huwelik as sodanig word voorafgegaan deur 'n ooreenkoms tussen die vaders dat hulle kinders mag trou. Hierdie ooreenkoms kan as 'n verlowingsooreenkoms beskou word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die verlede was dit vir twee vaders moontlik om reeds, wanneer hulle kinders nog baie jonk is, ooreen te kom dat die seun en dogter, wanneer hulle eendag hubaar is, met me=kaar sal trou. Informante stel dit egter baie uitdruklik dat dit slegs 'n mondelinge ooreenkoms was en dat dit nie die latere verlowingsooreenkoms (ku qoma) na die kinders hubaar geword het, vervang het nie. Dit het slegs die ku qoma voorafgegaan. Die ooreenkoms was egter bindend en die onderskeie seun en dogter moes dit by hulle volwassewording gehoorsaam.

By die Nhlanganustamme is kinderverlowing bekend as ku twanana (om ooreen te kom). Sodanige ooreenkoms is gewoon=lik gesluit deur twee vaders wat graag die goeie verhoudinge wat tussen hulle onderskeie families bestaan het, wou uitbou deur 'n huwelik tussen hulle kinders te laat sluit. Hoewel die instemming van die onderskeie moeders verkry is voordat die ooreenkoms gesluit kon word, was dit egter nie 'n regs=vereiste nie.

By die Changanastamme staan hierdie ooreenkoms bekend as ku yendiselana. Endisa is 'n Zuluwoord wat deur Doke en Vilakazi (1948) vertaal word as: "Cause to travel far; cause to marry; give in marriage." Ku yendiselana is egter net soos ku twanana slegs 'n mondelinge ooreenkoms van twee vaders dat hulle kinders eendag sal trou. Dit het ook nie hier die ku qoma vervang nie. Daar is ook geen verlowings=bees of ander goedere deur die vader van die seun aan die vader van die dogter gelewer nie. Die ooreenkoms kon gevolg=lik sonder enige regsgevolge met wedersydse instemming deur die twee vaders verbreek word. 'n Vader was ook nie verplig om by die vroeë sterfte van sy seun of dogter 'n plaasver=vanger te lewer nie. Indien die ooreenkoms egter staande ge=bly het, het die kinders nie die reg gehad om wanneer hulle volwasse word, te weier om met mekaar te trou nie. Die dog=ter het gewoonlik ook die hoofvrou van die seun geword. Aan=gesien kinders in die huidige tyd 'n groter aandeel het in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die keuse van hulle egmaat, het hierdie gebruik vandag volledig uitgesterf.

In die verlede kon 'n arm man ook sy dogter aan 'n skuld=eiser aanbied om sy skuld mee te vereffen. Volgens hier=die gebruik kon 'n man wat nie in staat was om sy skuld te vereffen nie, voor getuies of in die hof onderneem om sy dogter, wanneer sy hubaar word, aan sy skuldeiser of dié se seun in die huwelik te gee sonder dat daar vir haar trou=goedere gelewer word. Informante beweer egter dat slegs 'n dwase vader so 'n ooreenkoms sou sluit indien hy slegs een of twee beeste aan die skuldeiser verskuldig was. Volgens hulle is sodanige ooreenkoms slegs aangegaan wanneer die skuld ses of meer beeste beloop het. Hierdie gebruik het egter ook in die huidige tyd verdwyn. 'n Man kan vandag nie meer sy dogters aanbied om sy skuld te vereffen nie. So 'n ooreenkoms word ook nie meer vandag deur die stamreg as 'n wettige ooreenkoms erken nie.

'n Gebruik wat egter vandag nog bestaan, is dat 'n arm man op skuld mag trou. Volgens hierdie gebruik kan 'n arm man wat nie oor die nodige trougoedere beskik nie, onderneem om dit te lewer wanneer sy eie dogter eendag trou (vergelyk saak 22). Hierdie gebruik word egter nie as 'n kinderver=lowing beskou nie, aangesien daar geen ooreenkoms gesluit word dat die dogter met 'n spesifieke seun of met 'n seun uit 'n spesifieke familie sal trou nie. Dit is slegs 'n ooreenkoms dat die trougoedere wat vir haar gelewer sal word, aangewend sal word om haar vader se skuld te vereffen. In=dien die man geen dogter sou hê nie, moet hy sy skuld op 'n ander wyse vereffen. Hy kan byvoorbeeld nie die trougoedere wat eendag vir sy kleindogter gelewer sal word, aanbied ter vereffening van sy eie skuld nie.

Volgens die ku xipfula yindlu-gebruik, (vergelyk Deel III B.2.), mag 'n vader egter vandag nog sy minderjarige dogter aan sy skoonseun beloof as plaasvervangende vrou vir haar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oorlede suster. Daar vind egter geen verlowingsooreenkoms plaas nie. Dit is slegs 'n belofte van die vader dat die dogter, wanneer sy hubaar is, aan sy skoonseun gelewer sal word. Hierdie belofte kan nie deur die dogter om watter rede ook al, verbreek word nie. Dit moet natuurlik opge= volg word met 'n formele verlowingsooreenkoms alvorens sy in die huwelik gegee word.

(b) Volwasseverlowing

Wanneer 'n jongman vir hom 'n toekomstige vrou gekies het, stuur hy aan haar 'n doring. Dit is 'n aanduiding dat hy begerig is om met haar te trou. Indien die meisie die aanbod aanvaar, sal sý weer 'n doring aan die jongman stuur. Hier= die gebruik staan bekend as manyanisa (om te bevestig of te sweer) en dit word in die huidige tyd as 'n gebruiklike handeling by die sluiting van 'n verlowingsooreenkoms aan= getref. Die rede hiervoor is dat sowel die man as die meisie op hierdie wyse toestem dat hulle onderskeie vaders 'n verlowingsooreenkoms kan sluit. Ramsay (1941:6) vermeld 'n gebruik wat bekend staan as nyanisa of ntiyisa. Hiervol= gens word 'n bedrag van R2-00 as deel van die verlowingsoor= eenkoms deur die man aan sy toekomstige skoonvader oorhandig. Informante ken egter nie hierdie gebruik nie.

Nadat 'n jong man die doring as bevestiging vir sy aanbod om te trou van die meisie ontvang het, oorhandig hy dit aan sy hahane. Dit is gewoonlik daardie hahane van hom wat ook bekend is as nya tihomu, dit wil sê, sy vader se geskakelde suster. Aan haar sal hy sy voorneme om te trou bekend maak en ook aandui wie die meisie is met wie hy begerig is om te trou. Die hahane vermeld dit dan aan sy vader wat hom sal ontbied en tesame met sy moeder die aangeleentheid met hom sal bespreek. Indien sy vader tevrede is met sy keuse of altans tevrede is met die familie waartoe die dogter behoort sal hy sy seun se voorneme om te trou met sy familieraad bespreek. Indien ook hulle die voorgenome huwelik goedkeur,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan daar voortgegaan word met die onderhandelinge om te trou.

Nóg die seun nóg sy vader mag persoonlik aan die onderhandelinge met die aanstaande skoonfamilie deelneem. Vir hierdie doel word twee persone deur die familieraad van die seun aangewys. Dit is gewoonlik 'n man en 'n vrou. Die man staan bekend as ndhuna ya malovolo. Hy moet namens die jongman se vader die onderhandelinge voer. Hy mag nie 'n verwant wees nie maar moet uit die aard van die saak 'n baie betroubare persoon wees. Hy is gewoonlik 'n vriend van die familie. Hy mag egter nie alleen die onderhandelinge voer nie. Hy moet deur 'n vrou vergesel word. Dit is gewoonlik die hahane van die jongman wat wil trou of indien sy oorlede is, die jongman se oudste suster. Dit is die taak van hierdie vrou om as 'n getuie namens die man se familie al die onderhandeling by te woon en toe te sien dat dit volgens die wense van haar familie geskied.

Die meisie wat die doring van die jongman ontvang het, volg dieselfde prosedure. Indien sy die goedkeuring van haar vader en insgelyks ook van die familievergadering verkry het, sal sy dit aan die jongman meedeel. Saam sal hulle dan op 'n datum besluit waarop die onderhandelinge gevoer sal word. Hierdie datum sal sy aan haar vader vermeld wat op sy beurt ook 'n ndhuna ya malovolo sal aanstel om namens hom die onderhandelinge te voer.

Die onderskeie tindhuna ta malovolo het nie net die taak om namens die onderskeie vaders te onderhandel nie. Dit is ook hulle taak om teenwoordig te wees by die latere oorhandiging van die trougoedere sowel as die oordrag van die bruid. Hulle is daarom ook die belangrikste getuies in enige dispuut wat uit die onderhandelinge mag voortvloei. Elke ndhuna ya malovolo moet ook rekord hou van elke bees wat oorhandig of ontvang word. Vir hierdie doel ontvang elkeen 'n stok wat bekend is as nhonga ya ku hlaya ntsengo wa tihomu wat beteken "die stok waarop die hoeveelheid beeste getel word." In enige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hofsaak wat oor die hoeveelheid trougoedere wat gelewer is, handel, word hierdie stok as die belangrikste bewysstuk be= skou. Dit word daarom lewenslank deur die ndhuna ya malovolo bewaar.

Die vader van die jongman sal aan sy ndhuna meedeel hoeveel trougoedere hy bereid is om te lewer en op watter wyse hy van voorneme is om dit te lewer. Aan die hahane word twee snuif= dosies (timfuku) oorhandig. Een vir die vader van die dogter met 50c daarin en een vir haar moeder met 25c daarin. Hierdie dosies word oorhandig om enersyds die "mond van die dogter se vader te open" vir onderhandelinge en andersyds om goeie ge= sindhede tussen die twee families te bou. Dit is 'n gebruik van goeie vriende om saam snuif te gebuik (ku siyelana of ku dzahisa). Volgens informante sal geen onderhandeling gevoer word alvorens hierdie snuifdoesies oorhandig is nie.

Die prosedure wat hierna gevolg behoort te word, is soos volg: Die ndhuna en die hahane van die jongman vertrek op die afgespreekte dag na die kraal van die meisie. Aldaar moet hulle buite die ingang van die kraal wag totdat hulle binnegenooi word. Daarna word hulle versoek om die doel van hulle besoek mee te deel waarop die ndhuna gewoonlik ant= woord: "Hi ta kombela mati - ons kom water vra." Dit is 'n aanduiding dat hulle oor 'n moontlike huwelik kom onder= handel. Daarna vind die samesprekings in die hut van die hoofvrou plaas wat spesiaal vir hierdie doel ingerig is. Die kraalhoof en al sy vroue is teenwoordig by die onder= handelinge. Sy ndhuna ya malovolo is ook vooraf verwittig om teenwoordig te wees. Nadat die partye stelling ingeneem het, ontbied die kraalhoof al sy ongehude dogters en selfs ongehude dogters uit naburige krale na die hut. Daarna is dit die taak van die hahane van die jongman om aan die kraal= hoof te wys watter dogter vir hulle "water moet bring". Wanneer die spesifieke dogter uitgewys is, sal haar vader aan haar vra of sy die besoekers ken. Indien sy bevestigend ant= woord, word aan haar gevra of sy gewillig is om vir hulle "water te bring." Indien sy bevestigend

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


antwoord, is dit 'n aanduiding dat sy begerig is om met die jongman te trou. Hierdie instemming van die dogter is noodsaaklik anders kan daar nie met die onderhandelinge voortgegaan word nie. Indien sy dus bevestigend antwoord, word die dogters beveel om die hut te verlaat en kan die onderhandelinge 'n aanvang neem.

Wanneer 'n vader op hierdie wyse die instemming van sy dogter verkry het, is sy aandeel aan die samesprekinge af= gehandel. Hoewel hy steeds in die hut aanwesig bly, word die verdere onderhandeling deur sy ndhuna ya malovolo ge= voer. Voordat die amptelike samesprekinge 'n aanvang neem, moet die vader van die dogter eers formeel sy toestemming daartoe verleen. Dit geskied op die volgende wyse. Sy ndhuna ya malovolo sal aan die besoekers vra wat hulle saam= gebring het as bewys van hulle voorneme om met die dogter te trou. Hierdie gebruik staan bekend as ku humelela of ku vonakala wat onder andere beteken om die trougoedere ten toon te stel. Die hahane van die jongman sal dan 'n spesi= ale doek wat bekend is as mukume op die vloer ooplê. Die twee snuifdosies wat sy saamgebring het, word daarop ge= plaas en die vader en die moeder van die dogter word dan versoek om dit te neem. Indien die aanbod aanvaar word, beteken dit dat die vader van die dogter sy toestemming verleen om haar in die huwelik te gee en dat die twee tindhuna met die onderhandelinge mag voortgaan.

Die aanvang van die onderhandelinge staan bekend as ku sungula, dit wil sê, "om te begin". Dit is die taak van die ndhuna van die man se mense om te verduidelik hoeveel trougoedere hulle bereid is om te lewer en op watter wyse dit gelewer sal word. Die ndhuna van die meisie se vader moet dan besluit of hy die aanbod sowel as die wyse waarop dit gelewer sal word, wil aanvaar of verwerp. Indien hy dit aanvaar, word 'n mondelinge ooreenkoms om te trou gesluit en vanaf hierdie oomblik het die ooreenkoms regs= bindende krag. Dit moet egter onthou word dat bogenoemde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

handeling slegs 'n ooreenkoms tussen die partye is om hulle kinders te laat trou en dat die jongman of sy vader na die ooreenkoms oor geen regte oor die aanstaande bruid beskik nie. Sy bly in die sorg van haar vader en sy is sy ver= antwoordelikheid totdat die huwelik formeel voltrek is.

Nadat die ooreenkoms gesluit is, volg die formele bekrag= tiging van die verlowing. Die verlowing is by die Changana= stamme bekend as ku qoma en by die Nhlanganustamme as ku vuta. Die verlowingsprosedure is soos volg. Nadat die ndhuna van die man se mense terug gerapporteer het dat 'n formele ooreenkoms om te laat trou gesluit is, is dit die taak van die jongman om die verlowingsbees (muqomu) te ver= skaf. Hierdie bees vorm nie deel van die trougoedere (lovola) nie. Dit is 'n addisionele bees of in die huidige tyd selfs 'n addisionele R10-00 wat deur die jongman self voorsien moet word. In die verlede is die muqomu ook as addisioneel tot die trougoedere gereken maar toe was dit die plig van die seun se vader om dit te voorsien. Indien 'n seun vandag egter nie self die muqomu kan lewer nie, word dit as 'n groot skande beskou. Sodanige onvermoë van die jongman is bekend as xilema xa le muti wat beteken "die kreupel of impotente persoon van die kraal." Geen seun wil graag as sulks aangespreek word nie. Daarom ge= beur dit uiters selde dat hy nie self die muqomu lewer nie. 'n Mens moet egter daarop wys dat hoewel die muqomu in die verlede sowel as vandag as addisioneel tot die trougoedere gereken is, dit in die geval van 'n egskeiding saam met die trougoedere aan die man teruggelewer moet word (vergelyk Deel III A.2.).

Die muqomu kan dus vandag afhangende van die ooreenkoms, 'n bees of R10-00 kontant wees. Indien dit 'n bees is, moet dit 'n verskalf wees. Die lewering van die muqomu alleen is egter nie voldoende vir die sluiting van 'n verlowing nie. Die muqomu kan ook nooit alleen gelewer word nie. Dit moet vergesel gaan van ten minste een addisionele bees

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


of R10-00. Hierdie bees of R10-00 (dit kan selfs meer wees) word gereken as die eerste "paaiement" van die trougoedere. Dit staan bekend as ku pfala hlahla, dit wil sê, "om die hek toe te maak." Aangesien dit die plig van die vader is om die trougoedere of ten minste 'n gedeelte daarvan vir sy seun se eerste vrou te lewer, is dit ook sy plig om die ku pfala hlahla te lewer. Indien dit 'n bees is wat gelewer word, moet hierdie bees, anders as die muqomu-bees, 'n bul=kalf wees.

Die ndhuna ya malovolo en die seun se hahane moet die muqomu en die ku pfala hlahla aan die meisie se vader oorhandig. Sy ndhuna ya malovolo moet by die oorhandiging teenwoordig wees. Die meisie se vader het die reg om die beeste wat gelewer word, te inspekteer en indien hy nie daarmee tevrede is nie, af te keur en te vra dat plaasvervangende beeste gelewer word. Hy moet egter grondige redes daarvoor verstrek soos byvoor=beeld 'n siekte waaraan die bees ly, ensovoorts alvorens hy sodanige versoek mag rig. By die keuring van die beeste word daar egter geen onderskeid gemaak tussen byvoorbeeld 'n kalf en 'n volgroeide bees nie. Volgens informante is 'n bees, 'n bees. Nadat die beeste gekeur en aanvaar is, moet dit deur die onderskeie tindhuna bevestig word.

Die verlowing is egter nie amptelik voltrek alvorens die leë snuifdosies aan die vader van die jongman terug besorg is nie. Wanneer die meisie se vader dus die beeste in ont=vangs geneem het, moet hy so gou moontlik bier laat voorbe=rei en dit tesame met die snuifdosies wat hy en sy vrou vroeër ontvang het, aan die jongman se vader terugstuur. Dit is die taak van sy ndhuna ya malovolo en die hahane van sy dogter om dit te oorhandig. Die oorhandiging van die leë snuifdosies is enersyds 'n bewys vir die jongman se vader dat die beeste aan die regte persoon oorhandig is en ander=syds dat die muqomu en ku pfala hlahla deur die dogter se vader ontvang en aanvaar is. By die ontvangs van die leë snuifdosies is die verlowing dan amptelik voltrek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hoewel die sluiting van 'n verlowing 'n normale voorver=eiste vir die sluiting van 'n huwelik is, is dit nie 'n vereiste dat die huwelik deur 'n verlowingsperiode vooraf=gegaan moet word nie. Dit gebeur daarom dikwels in die praktyk dat die volle hoeveelheid trougoedere tesame met die muqomu gelewer word en direk daarna deur die huwelik=seremonie opgevolg word. Wanneer die lovolo tesame met die muqomu gelewer word, word daar egter duidelik onderskei tussen die muqomu- en die lovolo-beeste.

Die sluiting van 'n verlowing is 'n voorvereiste vir elke huwelik wat gesluit word. Selfs in daardie gevalle waar 'n huwelik deur 'n wegloopaksie afgedwing word, moet die paar=tjie ook eers verloof raak alvorens hulle mag trou. Hierdie vereiste geld ook wanneer 'n man 'n tweede of verdere vrou trou. Hoewel die toestemming van 'n man se vader nie 'n regsvereiste is by die sluiting van 'n tweede of verdere huwelik nie, gebeur dit in die praktyk egter baie selde dat 'n man nie sy vader van sy voornemens inlig en sy goedkeu=ring daarom vra nie. By alle verlowings word daar egter dieselfde prosedure as hierbo beskryf, gevolg.

(c) Verbreking van verlowing (ku ya riwa)

Alhoewel die verlowing 'n voorvereiste tot die sluiting van 'n huwelik is, plaas dit egter nie 'n onafwendbare plig op die partye om 'n huwelik te sluit nie. Die verlowing kan dus by die verbreking van sekere reëls eensydig opgesê of verbreek word. Dit kan ook met wedersydse instemming opge=hef word.

Net soos by die Bafokeng (Coertze 1971:222) gaan die ver=lowingsooreenkoms egter nie outomaties tot niet wanneer óf die seun óf die dogter te sterwe kom nie. Die onderskeie vaders het die reg om 'n plaasvervanger vir die afgestorwene aan te bied. Indien daar geen geskikte plaasvervanger is nie, kan die verlowing verbreek word. As daar egter 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


plaasvervanger aangebied word, mag dit, behalwe in uitsonderlike gevalle byvoorbeeld ernstige fisiese en psigiese gebreke wat by die substituut aanwesig is, nie geweier word nie. Vir 'n substituut word daar geen addisionele muqomu gelewer nie.

Wanneer 'n verloofde meisie te sterwe kom, kan haar vader haar jonger suster as substituut aanbied. So 'n substituut staan bekend as xipfula yindlu wat beteken "om die hut oop te maak." Die verloofde seun kan haar slegs in uitsonderlike gevalle weier. Sy vader sal haar ook normaalweg nie weier nie aangesien sy steeds uit die familie afkomstig is wat hy vir sy seun met die oog op 'n huweliksmaat aangedui het. Dit was vir informante ondenkbaar dat so 'n aanbod deur òf die seun òf sy vader geweier sal word aangesien die substituut uit die gekose familie kom. 'n Substituut kan selfs 'n minderjarige dogter wees. So 'n minderjarige substituut kry egter dieselfde statusposisie binne die poliginiese kleiner gesinne-eenheid as wat haar oorlede suster sou beklee het, wanneer sy uiteindelik in die huwelik gegee word.

Wanneer 'n man 'n xipfula yindlu aanvaar en sy is nog minderjarig, is hy egter daarop geregtig om in die tussentyd aan 'n ander meisie(s) verloof te raak en selfs met haar (hulle) te trou. Dit is nie 'n grond vir die verbreking van die eerste verlowing nie. Sodanige verlowing/huwelik mag nie die status van die xipfula yindlu, wanneer sy eendag getrou word, aantas nie.

Soos vermeld is, mag 'n xipfula yindlu nie geweier word nie. Indien die man nie bereid is om die substituut te neem nie, is die verlowing deur die dood van die dogter verbreek en verloor die man sy muqomu sowel as die ku pfala hlahla wat hy aan die oorlede meisie se vader gelewer het.

Die man of sy vader kan nie 'n xipfula yindlu eis nie. As

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die substituut nie deur die vader van die dogter aangebied word nie, gaan die verlowingsooreenkoms outomaties deur die dood van die verloofde meisie tot niet en word die verlowingsbees en eerste deel van die trougoedere wat ge= lewer is, alles verbeur.

Die reëls in verband met die lewering van 'n subsituut, wanneer die seun te sterwe kom, is nie so streng nie. Die meisie se vader het ook hier nie die reg om 'n substituut te eis nie. Indien 'n substituut egter aangebied word, mag dit nie geweier word nie. Die enigste vereiste is dat die substituut 'n jonger broer van die oorledene moet wees en dat die substituut nie jonger as die verloofde meisie mag wees nie. Die voorsiening van 'n substituut is egter nie 'n vereiste vir die sluiting van die huwelik nie. So by= voorbeeld is dit moontlik dat die oorledene se vader die volle hoeveelheid lovolo lewer. Die vrou wat dan op hier= die wyse getrou word, word dadelik as 'n weduwee beskou. Daar kan dan ooreenkomstig die leviraatgebruik 'n manlike verwant van die oorledene aangewys word om haar te versorg en ook namens die oorledene kinders by haar te verwek. Indien geen substituut of lovolo gelewer word nie, geld die verlowingsooreenkoms ook in die geval as verbreek. Die meisie se vader moet dan alle beeste (geld) wat hy reeds ontvang het, teruggee. Indien die oorledene egter reeds 'n kind(ers) by sy dogter verwek het, is hy geregtig om alle goedere wat gelewer is, te behou. Die goedere word dan aangewend om die kind(ers) groot te maak. Nòg die kinders nòg die goedere mag dan deur die oorledene se vader opgeëis word.

Die duur van die verlowingsperiode word normaalweg by die sluiting van die huweliksooreenkoms bepaal. Daar bestaan eg= ter geen vasgestelde tydsduur vir 'n verlowingsperiode nie. Dit wissel van ongeveer een maand tot twee jaar afhangende van omstandighede. Normaalweg duur 'n verlowing egter nooit langer as een jaar nie. Dit word ook deur die howe as 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

redelike tyd beskou. Die duur van hierdie tydperk kan egter verleng word indien die seun byvoorbeeld by wyse van gereelde besoeke of andersins, steeds sy voorneme om met die dogter te trou, openbaar. Indien hierdie besoeke met verloop van tyd egter afneem of selfs gestaak word, is dit gewoonlik 'n aanduiding dat die seun nie meer begerig is om met die voorgenome huwelik voort te gaan nie. Wanneer die meisie se vader so 'n vermoede het, stuur hy gewoonlik sy ndhuna ya malovolo tesame met 'n getuie na die seun se vader met die boodskap: "ku kala majaha" wat beteken "daar is 'n skaarste aan seuns." Hierdie boodskap impliseer dat indien die seun nie binne 'n bepaalde tyd (ongeveer een week) daarop sou reageer deur 'n besoek aan die meisie se vader te bring en sy voorneme om te trou, herbevestig nie, die meisie se vader die verlowingsooreenkoms eensydig sal kan opsê. Hy behou dan ook die goedere wat hy ontvang het. Sodanige eensydige opsegging van die verlowingsooreenkoms mag egter nie geskied alvorens die seun sowel as sy vader, die ku kala majaha-boodskap ontvang het nie. Daarom is die teenwoordigheid van die getuie wat die ndhuna ya malovolo moet vergesel, noodsaaklik.

Indien die seun van voorneme is om wel met die ooreenkoms voort te gaan, moet hy kom verduidelik wat sy voorneme is en wanneer hy die trougoedere sal lewer. Indien dit die meisie se vader tevrede stel, is die saak geskik. Informan=te stel dit egter uitdruklik dat die meisie se vader nie ad infinitum aan 'n lyntjie gehou kan word nie. Hy sal hoog=stens 'n tweede keer die ku kala majaha-boodskap stuur. Daarna is hy geregtig om die verlowingsooreenkoms te ver=breek.

Die meisie se vader is ook geregtig om die ooreenkoms te verbreek indien die seun gedurende die verlowingsperiode met ander meisies flankeer of 'n ander meisie sou beswanger maar dan met die verlies van alle goedere wat hy reeds ont=vang het. Die regsreëls by sodanige verbreking van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlowing is soos volg. Dit is geoorloof vir 'n verloofde man om met ander meisies te flankeer of selfs aan 'n ander meisie verloof te raak gedurende die verlowingsperiode met die eerste meisie. Die enigste voorwaarde is dat hy steeds van voorneme moet wees om met sy verloofde te trou of deur sy dade (gereelde besoeke, ensovoorts) nie die indruk laat dat hy belangstelling in sy verloofde verloor het nie. Sou die vader van sy verloofde of die verloofde meisie self egter nie met sy handelswyse genoeë neem nie, kan die oor= eenkoms opgesê word. Aangesien die seun regtens nie ver= keerd gehandel het nie, verbeur die vader van sy verloofde die goedere wat hy ontvang het. Die rede hiervoor is dat hy ten spyte van die seun se voorneme om te trou, versoek het dat die ooreenkoms verbreek word. As die seun egter sy verloofde verwaarloos het en ook nie meer van voorneme is om met haar te trou nie, verbeur hy (die seun) die goedere wat gelewer is.

Die reëls vir 'n verloofde meisie is baie strenger as dié vir 'n seun. Die seun is byvoorbeeld geregtig om die ver= lowing te verbreek as sy verloofde met ander mans flankeer ten spyte van haar voorneme om met die verlowing voort te gaan. Die meisie se vader moet dan al die goedere wat hy ontvang het, teruglewer. Die seun is ook daarop geregtig om die ooreenkoms te beëindig as sy verloofde deur 'n ander persoon beswanger is (vergelyk saak 34). Hy is egter nie geregtig om skadevergoeding van die ander persoon te eis nie. Slegs die meisie se vader mag sodanige saak aanhangig maak en skadevergoeding eis. Die meisie se vader kan egter, na afhandeling van die saak, probeer om sy dogter se oor= treding gekondoneer te kry deur die skadevergoeding wat hy vir haar beswangering ontvang het, aan haar verloofde aan te bied. Indien hy dit aanvaar, is die saak geskik (verge= lyk saak 35).

'n Man (of sy vader as dit 'n eerste huwelik is) is ten slotte ook daarop geregtig om die verlowingsgeskenk en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


eerste deel van die trougoedere wat gelewer is, terug te eis sodra dit duidelik word dat die aanstaande skoonvader die ku qoma-geskenk van 'n ander man vir sy bespreekte dogter ontvang het. So 'n optrede kom neer op 'n tweede verlowingsooreenkoms tydens die bestaan van 'n eerste. Die eis waarop die man (of sy vader) geregtig is, omvat slegs dit wat gelewer is. Daar kan geen skadevergoeding in die ware sin van die woord vir die kontrakbreuk geëis word nie.

Die verlowingsooreenkoms moet formeel beëindig word. Dit beteken in die geval van 'n eensydige opsegging van die verlowingsooreenkoms dat die ander party in die teenwoor= digheid van getuies daarvan verwittig moet word. Dit is dan die taak van die onderskeie tindhuna ta malovolo om die ooreenkoms formeel te beëindig. By hierdie geleentheid moet elk vergesel wees van 'n getuie. Die verbrekingsboodskap moet aan die ontvangende vader persoonlik oorgedra word.

Andersins kom die twee families bymekaar en word die ver= lowingsooreenkoms in die teenwoordigheid van albei partye formeel verbreek. By hierdie geleentheid word daar, af= hangende van die skuld, bepaal of die vader van die meisie die goedere wat hy ontvang het, verbeur of behou.

## 5. Die sluiting van die huwelik

### (a) Wyse van huweliksluiting

Eloff (1973:158) wys tereg daarop dat: "Alvorens die ver= bintenis tussen 'n man en vrou as 'n huwelik erken sal word deur die gemeenskap en die geboorte van kinders dus gewettig sal wees, moet die wyse van huweliksluiting deur die bepaal= de gemeenskap erken word." Hy wys verder daarop dat die mees algemene wyse (en uit die aard van die saak ook erkende wyse) waarop 'n huwelik by primigene volke gesluit word uit twee aspekte bestaan te wete :

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(a) Die kontraktuele aspek en

(b) die seremoniële aspek.

Dit is ook die wyse waarop die stamme van Mhala 'n huwelik sluit. Die kontraktuele aspek van die huweliksluiting bestaan gewoonlik uit 'n ooreenkoms voor getuies dat daar getrou sal word. Hierdie ooreenkoms om te trou, is by die stamme van Mhala egter nie 'n addisionele ooreenkoms naas die verlowingsooreenkoms nie. Wanneer die kontrakterende partye dus aanvanklik besluit het om te trou (vergelyk vroeër), word dit normalitêr opgevolg met 'n verlowings=periode wat, soos vroeër verduidelik is, opgesê of verbreek kan word; en indien nie, word dit outomaties opgevolg met die huwelikseremonie. Soos later verduidelik sal word, bevat die kontraktuele aspek van die huweliksluiting ook 'n stilswyende inhoud. Hierdie stilswyende inhoud van die kontrak word nooit tydens die onderhandelinge genoem of be=spreek nie. Dit behels onder meer dat die familie van die vrou onderneem om 'n vrugbare vrou te lewer en dat die fa=milie van die man onderneem om die vrou te versorg en na haar vermoë by haar kinders te verwek.

By die stamme van Mhala geskied die huwelik, net soos by die meeste Suidoos-Bantoestamme, deur die lewering van trougoedere. Geen huwelik, met insluiting van selfs 'n kerklike of siviele huwelik, word deur die stamreg erken, alvorens die nodige trougoedere gelewer is nie. Dieselfde reël is ook van toepassing waar die aanloop tot huwelik=sluiting deur 'n wegloopaksie (<u>ku fohlisa</u>) bewerkstellig word. Soos vroeër verduidelik is (vergelyk B 3.c. hierbo), kan 'n man die lewering van trougoedere nie vryspring wan=neer hy 'n meisie oorreed het om saam met hom te dros nie. Sy moet eers aan haar vader terugbesorg word waarna die man se mense 'n ooreenkoms om trougoedere te lewer, moet sluit alvorens 'n wettige huwelik tot stand kan kom. Die soge=naamde skuldhuwelik word in die huidige tyd by hoë uit=sondering gesluit (vergelyk saak 22) maar ook hier vereis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die regsreëls dat trougoedere gelewer moet word - net op 'n later stadium. Die bewering van Junod (1927,I:120) dat die wegloopaksie van 'n dogter kan meebring dat 'n arm man sonder die lewering van trougoedere 'n vrou kan trou, word nie deur die stamme van Mhala erken nie. Junod (1927,I:120) beweer in hierdie verband: "If she (dogter) is quite deter= mined to remain with her ravisher, they let her go free, deploring their misfortune and their shame." Volgens in= formante het so 'n saamleefaksie geen kans op sukses nie aangesien so 'n verbindtenis geen waarborg verskaf dat die vrou 'n goeie behandeling van haar man en skoonfamilie sal ontvang nie. Waar die huweliksluiting deur die lewering van trougoedere geskied, onderskei Olivier (1969:8) onder meer tussen

(i) Die sogenaamde reëlmatige aansoekhuwelik en
(ii) die omgekeerde aansoekhuwelik.

Die sogenaamde reëlmatige aansoekhuwelik is volgens hom die aanloop tot 'n huwelik waarby die man se familiegroep, of die man self, die inisiatief neem en die familie van die meisie nader met die oog op 'n verlowing en huwelik. Die omgekeerde aansoekhuwelik is wanneer die inisiatief uitgaan van die meisie se familiegroep. Ook De Clercq (1975:239-245) skets verskillende aanlope tot die huwelik waarin hy 'n duidelike onderskeid maak tussen die ukukhonga-aanloop, ditwil sê waar die jongman se mense 'n versoek aan die mei= sie se vader rig om te trou en die ukuganisela-aanloop waar die dogter deur haar vader verplig word om met 'n man van sy keuse te trou.

Die stamme van Mhala ken nie die sogenaamde omgekeerde aansoekhuwelik nie. Die enigste prosedure waarvolgens 'n huwelik gesluit kan word, is waar die man se vader of die man self die inisiatief neem en deur middel van 'n tussen= ganger, aansoek doen by die vader van die meisie om te trou. Hierdie huwelik staan dan ook bekend as ku teka (om te neem)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of meer algemeen as ku teka nsati, dit wil sê "om 'n vrou te neem" of "te trou" (vergelyk ook Cuenod 1967:192). Sodanige huweliksluiting kan slegs geskied deur die lewering van trougoedere (ku lovola of ku ndzovolo). Dit is vir in= formante ondenkbaar dat die vader van die meisie die inisia= tief sal neem en die jongman of sy vader sal versoek om met sy dogter te trou. Die man is en bly die "jagter" en 'n aansoek om te trou kan slegs van sy kant kom. Net so is dit nie vir 'n jong dogter moontlik om uit haar eie weg te loop na 'n jong man van haar keuse of die keuse van haar vader nie. So 'n meisie word beskou as 'n meisie van losse sedes en sal onmiddellik na haar vader teruggestuur word. Die ku fohlisa -(om te dros)-gebruik word, soos vroeër verduidelik is, slegs toegepas wanneer die vader van die dogter onwillig is om haar aan die jongman in die huwelik te gee of soms, wanneer die jongman en sy vader nie oor die volle hoeveelheid lovolo beskik nie en hulle daardeur die die huwelik wil bespoedig om dan by 'n latere geleentheid die res van die lovolo te lewer. Die inisiatief gaan egter steeds uit van die man en sy mense - dit is hulle wat die meisie moet oorreed om te dros (vergelyk sake 19, 20, 21, 22 en 23). Die meisie moet egter volgens die lavelani halenu-gebruik (vergelyk B 3.c. hierbo) aan haar vader terugbesorg word. Daarna kan die normale ooreenkomste met die oog op 'n huwelik voltrek word.

(b) Trougoedere (lovolo)

(i) Die funksie van die trougoedere

Huweliksluiting deur die lewering van trougoedere is vir die stamme van Mhala, net soos vir ander Suidoos-Bantoe= stamme, nie 'n kooptransaksie nie. Die man verkry nie deur die lewering van trougoedere eiendomsreg oor sy vrou nie. Aangesien hy geen eiendomsreg oor sy vrou verkry nie, be= teken dit dat hy haar nie soos 'n slavin mag verkoop of na willekeur mag mishandel nie. Een van die belangrikste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


funksies van die trougoedere is egter, vanuit die oogpunt van die betrokke families gesien, dat dit as 'n waarborg dien dat die vrou 'n goeie behandeling van hàar man en skoonfamilie sal ontvang (Eloff 1973:159). Dit beteken dat indien die vrou nie deur haar man se mense versorg word nie, die huwelik ontbind en die trougoedere verbeur kan word.

Hoewel die lewering van trougoedere nie as 'n kooptransaksie beskou kan word nie, bied die trougoedere egter tog 'n vorm van kompensasie aan die ouers van die bruid. Die vader van die bruid kan die trougoedere wat vir haar gelwer is, aan=wend om 'n vrou vir homself of vir een van sy seuns te ver=kry. Op hierdie wyse kompenseer die trougoedere vir die verlies van die dogter wat in die huwelik gegee is (vergelyk ook Junod 1927,I:121 en Van Tromp 1948:49).

Volgens Bruwer (1956:75): " ... is die belangrikste funksie van die lobolo ... die versekering van 'n kroos vir die man en die verryking van sy verwantskapsgroep met kinders." Ook Olivier (1969:100) beweer in hierdie verband dat "een van die primêre funksies van <u>lobolo</u> is om die reproduksievermoë, die baarkrag, van die vrou na die familie van haar eggenoot oor te dra; met ander woorde, dit is duidelik dat daar 'n noue verband bestaan tussen

(a) die oordrag van die <u>lobolo</u>-beeste en

(b) die reproduksievermoë van die vrou." (Vergelyk ook Schapera 1959:138). Olivier beweer verder (p.97) dat " ... omstandighede kan ontstaan, naamlik wanneer die vrou haar reproduksieplig nie (kan) nakom nie of wanneer die man weier om aan die <u>lobolo</u>-verpligting te voldoen - wat daartoe kan lei dat die wettige en regsgeldige huwelik ongedaan gemaak kan word ...."

Mens wil vir sowel Bruwer as Olivier en andere gelyk gee dat die lewering van trougoedere en die reg op die reproduksie=vermoë van die vrou 'n verband het. Dit kom ook by die stam=me van Mhala voor. Indien 'n vrou nie bereid is om haar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



baarvermoë tot die beskikking van haar man en na sy dood, tot die beskikking van 'n plaasvervanger, (een van sy broers) te stel nie, is dit 'n grond vir egskeiding. Dit moet ook onderskryf word dat as 'n man die uitstaande trougoedere nie aan sy skoonvader wil lewer nie, so 'n handeling tot 'n eg= skeiding sal lei.

Die bewering van Olivier dat "wanneer 'n vrou haar reproduk= sieplig nie kan nakom nie ... (dit) kan lei dat die wettige en regsgeldige huwelik ongedaan gemaak kan word" is egter nie waar ten opsigte van die stamme van Mhala nie. Soos hier= bo verduidelik is, het die vrou 'n reproduksieplig teenoor haar man en sy familie. Haar vader verskaf trouens 'n bees aan die familie van haar man om haar baarvermoë te waarborg. Indien sy egter onvrugbaar is of sterf voordat sy enige kinders gebaar het, is dit egter nie 'n grond vir egskeiding nie. Soos later verduidelik sal word, het haar vader, wan= neer sy onvrugbaar is, 'n morele plig om 'n plaasvervangende vrou te verskaf om namens die onvrugbare vrou, kinders vir die man te lewer. Daar bestaan ook die gebruik waarvolgens 'n vader die reproduksieplig van sy oorlede dogter kan aan= vul deur die lewering van 'n plaasvervangende vrou. Infor= mante stel dit egter uitdruklik dat dit slegs 'n morele plig is wat op die vader van die onvrugbare en/of oorlede vrou rus. 'n Man het dus nie die reg om (i) indien sy vrou on= vrugbaar is, van haar te skei of 'n plaasvervangende vrou van haar vader te eis nie en (ii) indien sy vrou sterf voordat sy haar reproduksieplig ten volle nagekom het, 'n plaasvervanger vir haar te eis nie. Die vader kan onder sulke omstandighede ook nie verplig word om die <u>lovolo</u> wat hy vir sy dogter ontvang het, terug te gee nie (vergelyk Deel II B.3.).

Hoewel die vader van die onvrugbare en/of gestorwe vrou nie verplig kan word om 'n plaasvervanger vir sy dogter te lewer nie, is informante dit egter eens dat 'n man wat weier om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die plaasvervanger te lewer, sy aansien in die gemeenskap sal verloor. Van 'n "ordentlike" vader word dus verwag dat hy sy morele verpligtinge ten opsigte van die reproduksie= plig van sy dogter sal nakom. Hy sal dus, indien dit moont= lik is, 'n plaasvervangende vrou verskaf om so die goeie verhoudinge wat daar deur die huwelik tussen die twee fami= lies ontstaan het, te handhaaf.

(ii) Die aard en omvang van die trougoedere

Die lewering van trougoedere staan by al die stamme van Mhala bekend as ku lovola en die trougoedere as sodanig as lovolo. Die naamwoord lovolo is van Zuluherkoms (lobolo) en word deur Doke en Vilakazi (1948) as volg vertaal: "marriage consideration ; goods, cattle, or money handed over by the bridegroom's people to the father or the guar= dian of the bride in order to clinch a marriage contract." Volgens hierdie vertaling kan die trougoedere dus bestaan uit òf goedere (ongespesifiseerd), òf beeste òf geld. Die= selfde vertalers vertaal die werkwoord lobola egter as: "Effect a contract of marriage by the handing over of some present of goods or of an agreed number of cattle (or money in lieu thereof) on the part of the intended husband's people to the father or guardian of the bride elect." Dit beteken dat òf goedere (ongespesifiseerd) òf beeste as trou= goedere gelewer kan word en dat by gebrek aan beeste, selfs geld gelewer kan word. Junod (1927,I.101) vertaal die woord lobola as "the sum paid, the oxen, the hoes or the pounds sterling." Dit impliseer dat die trougoedere by die Changana-Tsonga uit pikke, beeste of geld kan bestaan.

Alle informante was dit eens dat trougoedere na regte uit beeste saamgestel behoort te word. Volgens hulle was beeste dan ook tradisioneel die gebruiklike lovolo-medium. By die Nhlanganustamme is die bees egter as gevolg van Sochangana se strooptogte, tussen die jare 1830-1870 met pikke, as trou= goedere vervang. Grandjean (1899:74) beweer dat hulle hier=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die pikke vir ander artikels van die Venda geruil het. Tien pikke is as die ekwivalent van een bees vir lovolo gebruik (Junod 1927,I:275). Sedert 1870 het baie Nhlanganu in die goudmyne aan die Rand gaan werk en is die pikke vervang met geld as lovolo. Een pond sterling was die ekwivalent van tien pikke maar namate geld meer volop geraak het, is die waarde van tien pikke as lovolo vanaf £1 sterling na £10 sterling verhoog. Volgens Junod (1927, I:276) is die normale hoeveelheid lovolo by die Tsongastam=me van Transvaal (waaronder ook die Nhlanganu) aan die begin van hierdie eeu verhoog na £25 sterling. Geld was dan ook op daardie stadium die enigste lovolo-medium by hierdie stamme.

Die Changana daarenteen beweer dat hulle sedert die vroegste tye beeste as trougoedere gebruik het. Nadat Nghunghunyana egter in 1896 deur die Portugese verslaan is, het hulle met 'n groot verlies aan beeste na Transvaal gevlug. Aan=gesien daar nie genoeg beeste was om as trougoedere te ge=bruik nie, is dit met geld tot die korrekte waarde aangevul. Vyf pond (R10-00) is as die ekwivalent van 1 bees beskou.

In die huidige tyd bestaan daar geen vaste reël oor die aard van die trougoedere nie. Dit kan òf geld òf beeste, òf geld en beeste wees. Perde, bokke, skape, varke of enige ander goedere sal egter nie as lovolo aanvaar word nie. Dit gebeur egter uiters selde dat slegs geld as lovolo ge=lewer word. Volgens informante behoort die lovolo ten minste twee beeste in te sluit. Daar bestaan egter geen vaste reël in hierdie verband nie. Dit is egter nog ge=bruiklik dat wanneer geld as lovolo gebruik word, dit as "beeste" aangedui word. Tien rand word gewoonlik as die ekwivalent van een bees gereken.

Wanneer beeste gelewer word, bestaan daar geen spesifieke reëls aangaande die tipe en geslag van die beeste nie. Die enigste vereiste is dat die ku pfala hlahla-bees 'n bulkalf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet wees. Die res kan uit 'n mengsel van osse, koeie en kalwers saamgestel word. Die gehalte van die beeste is egter van groot belang. Die vader van die bruid het daarom ook die reg om enige siek of kreupel bees af te keur en te eis dat dit met 'n ander een vervang word.

Die samestelling van die lovolo word normaalweg deur die vader van die jongman voorgestel. Dit is dan die taak van sy ndhuna ya malovolo om tydens die onderhandelinge te ver= duidelik wat hy bereid is of in staat is om as lovolo te lewer. Die vader van die meisie het egter die reg om die aanbod te aanvaar of dit af te keur. Indien hy nie tevrede is met die aanbod nie, kan hy stipuleer hoe die lovolo saam= gestel moet word, dit wil sê watter gedeelte beeste moet wees en watter gedeelte geld. Hy het natuurlik ook die reg om enige aanbod wat slegs uit geld bestaan, te verwerp en te eis dat die lovolo slegs uit beeste moet bestaan of dat ten minste 'n gedeelte daarvan beeste moet wees. Die vader van die jongman moet dan hierop reageer waarna die onderhandelinge voortgesit of gestaak sal word.

Die gebruiklike hoeveelheid lovolo wat deur gewone stamlede gelewer word, is deur die stamreg vasgestel op 'n minimum van twaalf beeste of die ekwivalent daarvan in kontant. Dit is in die huidige tyd die normale hoeveelheid wat gelewer word en ook die minimum wat 'n vader gewoonlik vir sy dogter sal aanvaar. Hierdie reël geld by al die stamme van Mhala en word ook deur die onderskeie openbare howe toegepas. Dit staan 'n vader egter vry om minder beeste vir sy dogter te aanvaar. Dit is duidelik dat 'n kontant bedrag van R10-00 die ekwivalent van 1 bees is en dat wanneer geld as lovolo gebruik word, dit as "beeste" getel word. In praktyk gebeur dit daarom dikwels dat 'n man vandag R100-00 in kontant en 2 beeste as lovolo lewer. Hierdie bees-tot-geld-verhouding kan natuurlik ook varieer. So beweer sommige informante dat hulle nie bereid is om hulle dogter in die huwelik te gee as ten minste die helfte van die hoeveelheid lovolo nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit beeste saamgestel is nie. Naas die vasgestelde minimum hoeveelheid trougoedere wat gelewer moet word, bestaan daar geen verdere vaste reëls oor die samestelling sowel as die hoeveelheid trougoedere wat gelewer moet word nie. Daar bestaan ook geen beperking op die maksimum hoeveelheid wat gelewer kan word nie. Die hoeveelheid lovolo wat gelewer word, word dus deur onderhandelinge bepaal.

By die vasstelling van die hoeveelheid lovolo word verskil=lende faktore in ag geneem. Die status van die vader of voog van die bruid bepaal of die gebruiklike twaalf beeste of dalk meer gelewer sal word. Die hoeveelheid lovolo wat vir die dogter van 'n kaptein gelewer moet word, is byvoor=beeld onbeperk. Twintig beeste word egter as die normale lovolo vir 'n kapteinsdogter beskou. Vir die dogter van 'n seun, broer of oom van die kaptein is vyftien beeste die gebruiklike hoeveelheid. Wykshoofde en ander stamamptenare is egter nie geregtig om 'n groter hoeveelheid as twaalf beeste as lovolo vir hulle dogter te eis nie. Hulle word vir lovolo-doeleindes as gewone stamlede beskou en is dus slegs geregtig op die gebruiklike twaalf beeste.

In die huidige tyd het daar, naas die status van die vader van die bruid, 'n addisionele faktor na vore getree wat 'n invloed op die hoeveelheid lovolo wat gelewer moet word, het. Dit het naamlik gebruiklik geword dat 'n vader 'n groter hoeveelheid lovolo vereis wanneer sy dogter byvoor=beeld 'n skoolopleiding gehad het. Hierdie vereiste is veral van toepassing wanneer die dogter sekondêre en ter=siêre onderrig ontvang het. Die maatstaf is egter nie dié van geletterdheid nie maar die reële uitgawe wat haar vader aangegaan het om haar die onderrig te laat ontvang. Daar word daarom van die vader van die jongman verwag om vir hierdie onkoste of ten minste 'n gedeelte daarvan, te kom=penseer en hierdie bedrag word dan aan die gebruiklike hoeveelheid trougoedere toegevoeg.

Volgens informante het hierdie versoek om kompensasie vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die opvoeding van die dogter, in die huidige tyd noodsaaklik geword. Dit hou in 'n sekere sin verband met die reële waarde van die bees. Soos vroeër verduidelik is, word R10-00 as die ekwivalent van 1 bees gereken. Dit word ook so deur die howe geïnterpreteer. Wanneer geld in plaas van beeste as lovolo gelewer word, beteken dit dat 'n vader slegs 2 beeste en R100-00 kontant vir sy dogter kan ontvang. Dit is volgens informante te min om te vergoed vir die verlies van 'n dogter wat haar vader duur gekos het aan skoolonderrig. Die uitgawe wat 'n vader vir die opvoeding van sy dogter ge=had het, word dan by die normale hoeveelheid lovolo wat ge=lewer moet word, bygevoeg.

Dit is duidelik dat die onrealistiese beoordeling van die waarde van 'n bees (R10 volgens die howe) en die vaspenning van lovolo deur die stamreg op 12 beeste (R120) die behoefte laat ontstaan om onderhandelinge oor 'n realistiese vergoe=ding in moderne tye te kan voer. Dit is die bewys van 'n kommersiële element wat vandag by die lewering van trou=goedere ingetree het. Die enigste oplossing hier sou die amptelike herwaardering van die waarde van 'n bees wees.

Ten slotte moet 'n mens daarop wys dat wanneer 'n huwelik in 'n openbare hof ontbind word (vergelyk Deel III B.2.) die howe nie die addisionele waarde wat, om watter rede ook al in die vorm van geld of beeste gelewer is, erken nie. Die vasgestelde hoeveelheid trougoedere wat vandag deur die howe erken word, is 'n kontant bedrag van R120-00. Geen addisionele waarde wat dus as lovolo gelewer is, kan in 'n openbare hof geëis word nie. Die howe huldig verder ook die reël dat die waarde van iedere lovolo-bees in enige geskil wat oor lovolo handel, op R10-00 vasgestel is. Die eiser het ook geen keuse tussen beeste en geld nie. Wanneer 'n persoon dus beeste gelewer het en die huwelik word in 'n openbare hof ontbind, is hy slegs geregtig op 'n kontant bedrag. Egskeiding kan dus 'n groot verlies vir die eiser meebring. Volgens informante is dit een van die redes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

(naas andere) waarom so min egskeidingsake by die openbare howe aangemeld word. Die enigste moontlikheid om hierdie probleem te oorbrug, is om tydens die huweliksonderhandelinge die waarde van elke bees wat gelewer word, te bepaal. (Sommige vaders doen dit ook). Indien 'n skeisaak dan voor 'n openbare hof dien en daar kan getuienis gelewer word oor die waarde van die gelewerde beeste, is die howe bereid om sodanige getuienis te aanvaar en die reële waarde van die lovolo soos deur die partye tydens die huweliksooreenkoms vasgestel is, aan die eiser toe te ken. Wanneer 'n huwe= lik in die nie-openbare howe ontbind word, moet die werklike omvang van die trougoedere wat gelewer is, teruggegee word.

(iii) Die voorsiening van die trougoedere

Dit is die plig van 'n vader of voog om die lovolo vir die eerste vrou van elk van sy seuns te voorsien. Die seun is geregtig op hierdie bystand van sy vader en indien gereg= verdig kan hy dit, onderhewig aan sekere voorbehoude, deur 'n hof laat afdwing (vergelyk saak 37). 'n Seun het egter nie die reg om die lovolo vir sy tweede vrou van sy vader te eis nie (vergelyk saak 38).

Hoewel 'n vader die verpligting in die reg het om die lovolo vir die eerste vrou van elk van sy seuns te voorsien, word hierdie plig nie volstrek deur die howe afgedwing nie. Dit word veel eerder as 'n morele plig beskou waaraan vele voorbehoude verbonde is. Ten eerste stel informante dit uitdruklik dat 'n vader wat oor voldoende beeste of geld beskik, deur 'n hof gedwing kan word om die lovolo te voor= sien tensy die vader grondige redes kan verstrek waarom hy weier om dit te voorsien. Aangesien die vader een van die kontrakterende partye by die huweliksluiting is, het hy die reg om die keuse van sy seun se huweliksmaat goed of af te keur. Indien hy dus nie met sy seun se keuse tevrede is nie, kan hy weier om hom van lovolo te voorsien. Tweedens kan 'n vader nie verplig word om die volle hoeveelheid lovolo vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy seun se huwelik te voorsien, indien hy nie daaroor be= skik nie. 'n Seun is dus nie geregtig om iets van sy vader te eis wat hy nie kan lewer nie. Die howe vertolk hierdie beginsel as volg: 'n Vader kan slegs lovolo vir sy seun voorsien ooreenkomstig sy eie vermoëns en met inagneming van sy ander seuns wat ook op 'n bydrae tot hulle lovolo geregtig is. Die howe sal dus nie 'n vader wat slegs oor tien beeste beskik en drie seuns het, verplig om al die beeste vir die oudste seun as lovolo te gebruik nie. Elke ander seun is net so geregtig op 'n gedeelte van die beeste van sy vader vir lovolo-doeleindes (vergelyk saak 65).

Wanneer 'n vader egter sy toestemming tot die voorgenome huwelik van sy seun verleen het, is hy, indien daar nie anders ooreengekom is nie, verplig om die volle hoeveelheid lovolo te lewer. Die bruid se vader kan dit van hom eis.

Normaalweg bespreek 'n vader egter die wyse waarop die lovolo voorsien sal word met sy seun. So byvoorbeeld kan hy aanbied om na sy vermoë, 'n gedeelte van die lovolo te voorsien en sy seun die res. Hierdie ooreenkoms tussen vader en seun moet egter tydens die huweliksonderhandelinge duidelik gestipuleer word sodat die vader van die bruid dit verstaan en aanvaar. By die oorhandiging word ook aangedui watter beeste van wie afkomstig is. Alle eise wat daarna ingestel word, sal dan, met inagneming van wie nog 'n deel van die trougoedere moet lewer, teen hom ingestel word. Indien die vader en sy seun geen ooreenkoms aangegaan het ten opsigte van die voorsiening van die trougoedere nie en die vader onderhandel met die vader van die meisie in ver= band met die huwelik en die lovolo, is hy aanspreeklik vir die lewering van die volle omvang van die lovolo of die restant daarvan indien sy seun reeds deur die lewering van 'n gedeelte van die lovolo, met die meisie getroud is. 'n Vader is egter nie aanspreeklik vir die voorsiening van die lovolo of die restant daarvan, indien sy seun sonder sy medewete of sonder sy goedkeuring met die vader van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


meisie onderhandel het en/of met die meisie getrou het nie. Sulke onbehoorlike handelinge deur 'n jong man kom onge=lukkig vandag wel voor.

'n Seun is verplig om daardie gedeelte van die lovolo wat sy vader nie kan voorsien nie, uit sy eie goedere aan te vul. Geen ander verwant ook nie sy vader nie, is verplig om hom hiermee te help nie. 'n Seun wat dus trou of van voorneme is om te trou sonder dat hy self oor die restant van die lovolo beskik, word as 'n xilema xa muti - 'n skande vir die kraal beskou.

Wanneer 'n vader die lovolo vir sy seun voorsien, kan hy dit uit sy eie private besit neem. In praktyk gebeur dit egter selde. Normaalweg neem hy die lovolo uit die goedere van die huis (guma) waaruit die seun gebore is. Hierdie goedere is gewoonlik trougoedere wat vir 'n dogter uit daar=die huis ontvang is. Vir hierdie doel word broers en susters uit dieselfde huis geskakel. Normaalweg word 'n ouer broer aan 'n jonger suster geskakel. Wanneer die suster dan trou,neem die vader die lovolo wat vir haar ont=vang word om vir die broer 'n vrou te trou. Die seun self het egter geen aanspraak op hierdie goedere nie. Slegs die vader het die reg om dit te neem en as lovolo vir hom aan te wend. Die algemene reël in hierdie verband is dat die trougoedere wat vir 'n vader se oudste dogter in elke huis gelewer word, die vader toekom. Hy kan dit gebruik om vir hom 'n verdere vrou te trou wat hy dan tot die huis waaruit die goedere afkomstig is, toevoeg, of hy kan dit vir enige ander doel aanwend. Die lovolo wat vir alle jonger dogters gelewer word, word as trougoedere vir hul geskakelde broers gebruik. Die geskakelde broer het 'n reg op hierdie goedere as lovolo en hy kan dit vir hierdie doel van sy vader eis. Hy is egter slegs geregtig op daardie gedeelte van die lovolo wat sy suster ingebring het wat hy benodig om te trou. Indien hy reeds getroud is, het hy geen aanspraak op die lovolo wat later vir sy geskakelde suster gelewer word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Broers en susters kan slegs met mekaar geskakel word in=dien dit prakties moontlik is. Die oudste broer word daar=om vir lovolo-doeleindes aan die tweede oudste suster ge=skakel, die tweede oudste broer aan die derde oudste suster, ensovoorts. Indien daar geen susters is nie, is skakeling onmoontlik.

'n Vader mag nie broers en susters uit verskillende huise (maguma) vir lovolo-doeleindes skakel nie. 'n Poliginis het dus nie die reg om goedere van een huis te neem of goedere wat 'n spesifieke huis toekom te neem en as trou=goedere vir 'n seun uit 'n ander huis te gebruik nie. In=dien die een huis egter nie oor voldoende trougoedere vir 'n seun uit daardie huis beskik nie, mag die vader 'n inter-guma-lening aangaan. Hierdie lening kan op twee wyses geskied. Die vader kan enersyds self die lening aangaan wat beteken dat hyself of sy stamerfopvolger verantwoordelik is vir die vereffening daarvan of hy kan andersyds namens die seun wat wil trou of namens die huis waaruit die seun wat wil trou, afkomstig is, leen. In laasgenoemde geval beteken dit dat die seun (wanneer die vader nog leef) of die huis waaruit die seun afkomstig is (na die dood van die vader) die lening moet vereffen. Aangesien die voorsiening van trougoedere as 'n deel van die erflating waarop 'n seun geregtig is, beskou word, gebeur dit gewoonlik in die praktyk dat die seun se erfdeel gebruik word om sy skuld teenoor die ander guma te vereffen. Andersins moet hy die lening mettertyd uit sy eie bates vereffen.

Wanneer 'n vader trougoedere vir sy seun voorsien, word dit as 'n geskenk aan die seun beskou. Dit is, soos infor=mante dit aandui, eintlik sy erfdeel of 'n gedeelte van sy erfdeel. Dit hang van die seun af hoe hy sy erfdeel gaan benut. Hy kan enersyds vra dat daarmee vir hom 'n huwelik gesluit word waaruit kinders vir hom gebore mag word of dit andersyds mettertyd as 'n erflating ontvang. Indien die huwelik egter ontbind word en die man geregtig is op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teruggawe van die trougoedere, gaan die trougoedere na hom terug en nie na sy vader nie. Nòg die vader van die seun, nòg enige ander verwant het 'n aanspraak op die trougoedere wat die vader vir sy seun voorsien het en by egskeiding deur hom as 'n persoonlike verryking ontvang is.

Ten slotte moet 'n mens daarop wys dat die moeder geen reg het om beeste of geld wat aan haar huis toegewys is of haar huis toekom, as trougoedere vir haar seun te voorsien nie. Slegs die vader of die wettige voog van die seun beskik oor die reg om die trougoedere te voorsien en die bates wat aan die huishouding behoort, daarvoor aan te wend.

(iv) Die oorhandiging van die trougoedere

Die oorhandiging van die trougoedere moet by al die stamme van Mhala net soos by die Bafokeng, "helder oordag, in die openbaar en voor getuies van weerskante uit die twee families" geskied (Coertze 1971:227).

Nadat die huweliksonderhandelinge gefinaliseer is, reël die onderskeie tindhuna ta malovolo 'n datum waarop die trougoedere oorhandig sal word. Op die vasgestelde dag vertrek die ndhuna ya malovolo van die jongman tesame met die jongman se hahane en 'n klomp seuns om die beeste aan te jaag, na die kraal van die meisie se vader. Die beeste mag nie in die kraal van die meisie se vader gejaag word nie want dit behoort nie aan hom alvorens hy dit nie goedgekeur en in ontvangs geneem het nie. Vir hierdie doel sal eers sy eie ndhuna ya malovolo en die hahane van sy dogter na buite kom om die beeste te tel en te inspekteer. Indien die getal en die samestelling van die lovolo ooreenstem met die ooreenkoms, word die ontvanger ontbied om self die beeste te inspekteer. Hy het die reg om sekere beeste af te keur of indien die volle hoeveelheid soos daar ooreengekom is, nie gelewer is nie, te eis dat die ontbrekende beeste gelewer moet word alvorens hy dit in ontvangs sal neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Indien die vader van die meisie die lovolo goedkeur, sal hy dit amptelik via sy ndhuna aan die ndhuna van die jong=man bevestig. Daarna word die beeste in sy kraal gejaag en die gaste binnegenooi om bier te geniet. Indien die volle hoeveelheid lovolo gelewer is, moet die vader van die meisie op dieselfde dag 'n bees slag. Hierdie bees staan bekend as homu ya risiva wat letterlik beteken "die bees van die veer." Die slagaksie dien as 'n amptelike beves=tiging dat die vader van die meisie die volle hoeveelheid lovolo ontvang het. Dit word die bees van die veer genoem omdat daar nou 'n veer as versiering op die kop van die toekomstige bruid gedra kan word. Dit dien ook as 'n aan=duiding dat sy binne afsienbare tyd in die huwelik gegee sal word. As verdere bewys dat die volle hoeveelheid lovolo ontvang is, word die helfte van die bees aan die vader van die jongman gestuur. Nadat die vader van die meisie die homu ya risiva geslag het en hy die helfte daarvan aan die man se mense oorhandig het, het hy volle besitreg oor die vee sowel as die aanteel wat daarna gebore word.

Soos hierbo verduidelik is, word die homu ya risiva nie geslag alvorens al die trougoedere nie gelewer is nie. Dit beteken egter nie dat die huwelik nie voltrek mag word al=vorens al die lovolo ontvang is nie. Jong mense word van=dag toegelaat om te trou alvorens die volle hoeveelheid lovolo gelewer is. Die minimum van die vasgestelde lovolo wat vereis word alvorens 'n vader sy dogter aan haar man sal oorhandig is agt beeste. Die restant daarvan moet dan so gou moontlik, of soos ooreengekom, na die voltrekking van die huwelik gelewer word. Eers dan sal die vader van die bruid die homu ya risiva slag en die helfte daarvan aan sy skoonseun se vader stuur.

Wanneer die vader van die jongman sy helfte van die homu ya risiva ontvang het, is dit sy plig om ook ter voorbereiding van die toekomstige huwelik 'n bees te slag. Hierdie bees staan ook bekend as homu ya risiva. Nadat die bees geslag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, word daar 'n veer in die hare van die bruidegom se moeder gesteek. Hierdie veer dien as 'n aanduiding dat haar seun binnekort gaan trou. Die helfte van die bees word aan die vader van die bruid gestuur om enersyds die gedeelte van sy homu ya risiva te erken en andersyds om goeie verhoudinge tussen die ouerpare voor die oordrag van die bruid, te bewerkstellig. Indien die vader van die bruidegom nie ook 'n homu ya risiva slag nie, word dit as slegte maniere beskou. Die vader van die bruid kan daarom die halwe bees wat hy aan die vader van die bruidegom gestuur het, terugeis. In die praktyk beteken sodanige optrede dat daar 'n gebrek aan goeie gesindheid bestaan, dat die huweliksooreenkoms tot niet sal gaan en dat die vader van die dogter die lovolo sal terugstuur. Vir informante is dit egter ondenkbaar dat die homu ya risiva van die vader van die bruid, nie deur die vader van die bruidegom erken sal word nie. Indien hy dit egter nie erken nie, is dit 'n aanduiding dat hy nie meer wil voortgaan met die voorgenome huwelik nie.

In die praktyk gebeur dit dikwels dat die oorhandiging van die lovolo nie 'n eenmalige proses is nie maar dat die lovolo in paaiemente gedurende die verlowingsperiode gelewer word. Indien alles nie voor die huwelikseremonie gelewer is nie, word die restant daarvan gelewer nadat die egpaar reeds as man en vrou saamwoon. Wanneer die lovolo in paaiemente gelewer word, moet elke paaiement ook helder oordag en voor getuies gelewer word. Uit die aard van die saak word daar geen risiva-bees geslag alvorens die volle hoeveelheid lovolo gelewer is nie. Die onderskeie tindhuna ta malovolo moet by elke oorhandiging teenwoordig wees. Dit is hulle taak om rekord te hou van elke bees wat gelewer is en ontvang word.

Beeste of geld wat op hierdie wyse voor die huweliksluiting gelewer word, word nie beskou as verlowingsbeeste nie maar wel as lovolo. Wanneer die vader van die verloofde meisie dit in ontvangs geneem het, verkry hy dadelik volle eiendoms=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reg oor die beeste sowel as die aanteel wat daarna gebore word. Die bewering van Olivier (1969:16): "dat hulle die eiendom bly van die persoon wat hulle gelewer het tot tyd en wyl die huwelik plaasvind, wanneer hulle (die beeste) sowel as die aanwas, as lobolo, die eiendom word van die persoon wat geregtig is op die lobolo van die meisie", is dus nie waar ten opsigte van die stamme van Mhala nie. 'n Verdere reël is dat die aanteel wat na die ontvangs van die beeste bygekom het, nie as lovolo gereken mag word nie. Dit is die eiendom van die ontvanger. Die persoon wat die beeste ontvang het, dra ook die risiko van verliese. Indien van die gelewerde beeste sommige sou vrek of verlore raak voor die volle lovolo gelewer is, is dit sy verlies. Indien dit gebeur dat die beeste om een of ander rede teruggegee moet word alvorens die huwelik voltrek is, behou die ont=vanger die aanteel. Hy is slegs verplig om die hoeveelheid beeste wat hy ontvang het aan die vader van die seun terug te lewer (vergelyk ook Olivier (1969:18) in verband met hier=die gebruik onder die stamme van Griekwaland-Oos sowel as die voorskrifte van art. 85(1) van Die Natalse Wetboek van Swart Reg, R.195 van 1967).

Ten slotte moet mens daarop wys dat die lewering van die lovolo of 'n gedeelte daarvan geen reg aan die vader van die seun of aan die seun self gee oor die dogter van die ont=vanger nie. Haar vader bly steeds vir haar dade aanspreek=lik totdat sy formeel aan haar bruidegom oorhandig is (vergelyk ook Coertze 1971:229).

(c) Die oorhandiging van die bruid

Die huwelik is amptelik voltrek sodra die bruid formeel aan haar bruidegom en sy mense oorhandig is. Die oordrag van die bruid gaan gepaard met 'n reeks seremonies waardeur sy onder andere losgemaak word van haar eie familieverband en daarna ingelyf word by die familie van haar man. Hierna is die huwelik voltrek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die oordrag van die bruid staan bekend as ku hloma of ku kandza vukati. Ongeveer 30 dae nadat die lovolo oorhandig is, stuur die jongman se vader sy ndhuna ya malovolo met R2-00 of 'n bok na die vader van die meisie met die opdrag "kombele nsati - gaan vra die vrou." Aldaar sal die onderskeie tindhuna ta malovolo 'n datum bepaal waarop die bruid oorgedra sal word. (Die oorhandiging van die bruid, na die ontvangs van die lovolo, mag nie geweier word nie. Haar vader is verplig om haar binne 'n redelike tyd (onge= veer 30 dae) nadat hy daarom versoek is, aan die man te oor= handig. Indien hy dit nie doen nie word dit beskou as kon= trakbreuk en moet hy al die lovolo wat hy ontvang het, terug= gee. Junod (1927,I:112) vermeld in hierdie verband tereg dat: "It is taboo for the bride's parents to keep their daughter in their village when the lobolo has been entirely delivered; because should the bride die with them, they would have to return all the cattle ....")

Alvorens die bruid oorgedra word, vind daar eers 'n sere= monie plaas in haar vader se kraal. Tydens hierdie sere= monie word 'n bok, bekend as die mbuti ya nyongwa wat letterlik beteken "die bok van die gal", geslag. Die gal= blaas word geledig en daarna opgeblaas en in die hare van die bruid vasgeheg. Die bruid word daarna deur haar vader na die gandzelo (offerplek) van die kraal geneem waar hy dele van die bok aan die voorvadergeeste offer om haar los te maak van haar eie familieverband. Die geeste word ook meegedeel dat sy aan die familie van haar bruidegom oorge= dra word. Na afloop van hierdie seremonie word die muthimbu (bruidsgroep) saamgestel. Dit bestaan onder ander uit die ndhuna ya malovolo, die hahane van die bruid, sommige ooms en tantes van die bruid sowel as 'n aantal bruidsmeisies en jongseuns om die bruid te vergesel. Voordat die groep ver= trek, word 'n bees geslag. Die bees is bekend as die homu ya mugwazu (Changana) of homu ya ku tlhavela hlomisa (Nhlanganu) dit wil sê die bees vir die oordrag van die bruid. Die bees word in twee dele verdeel en die een helfte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word aan die ouers van die bruidegom gestuur. Sommige Changana stuur ook, naas die gedeelte van die homu ya mugwazu, 'n lewendige bees saam. Hierdie bees is bekend as muganda en die gebruik word tereg deur Cuenod (1967) vertaal as "Bring ox with bride as symbol or guarantee of her future progeny. It is eaten by husband's family. She may not see any part of it, if she does she will say: they killed my child." Die lewering van die muganda-bees om die reproduksievermoë van die bruid te waarborg, kom nie voor by die Nhlanganustamme nie en by die Changana is dit ook tans besig om uit te sterf. Informante het die gebruik egter goed geken.

Die bruidsgroep verlaat die kraal van die bruid se vader teen sononder (gewoonlik op 'n Saterdagaand). Hulle word nie deur die ouers van die bruid of deur die bruidegom self vergesel nie. Dit is 'n taboe. Die bruidsgroep oornag ook nie in die kraal van die bruidegom se vader nie. Nadat hulle die vader van die bruidegom van hulle aankoms verwittig het, oornag die bruidsgroep in die veld. Die volgende oggend word die bruid (mutekiwa) ritueel gereinig voordat sy amp=telik deur die vader van die bruidegom in ontvangs geneem word. Die reinigingsmiddel bestaan uit fyngemaalde grond=bone wat deur die hahane van die bruidegom voorberei is en met water gemeng word. Nadat die bruid se hele liggaam hiermee gesmeer is, was sy haar in 'n rivier om haarself te reinig. Daarna word sy met 'n mengsel van vet en olie gesmeer en geklee vir die huwelikseremonie. Teen ongeveer 10h00 word die bruidsgroep deur die vader van die bruidegom na sy kraal ontbied. Aldaar slag die vader van die bruidegom 'n bok. Hierdie bok is bekend as mbuti ya muphaqulu - die bok van reiniging - en hy oorhandig dit aan die ndhuna van die bruid. Hierdie bok word geslag in die teenwoordigheid van die bruidegom se vader en moeder, sy ndhuna ya malovolo, die hahane van die bruidegom en die bruidegom (muteki) self. Die galblaas word ook verwyder en nadat dit geledig is, word dit opgeblaas en langs die ander galblaas in die hare van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die bruid geheg. Daarna word die bruid amptelik in ontvangs geneem deur die vader van die bruidegom en vanaf hierdie oom=blik is sy in die sorg van en onder die beheer van haar man se mense. Vir die res van die dag word daar gedans (*chongola*) en feesgevier. Daardie nag oornag die bruid en haar bruids=meisies in die hut van die bruidegom se moeder.

Die volgende oggend word die huweliksbees (*mugwazu*) geslag. Net soos die *risiva*-bees word hierdie bees ook in twee dele verdeel. Die een helfte word aan die ouers van die bruid gestuur en die ander helfte word, nadat dit op 'n bepaalde wyse tussen die verwante van die bruidegom en die ander gaste verdeel is, deur hulle geëet. Die bruid word daarna met rooi oker ingevryf en deur die *hahane* van die bruidegom onderrig. Daarna word die bruidegom ontbied en word hy in die teenwoor=digheid van die bruid deur sy vader vermaan om sy bruid goed te versorg en om sy skoonouers met die nodige respek te be=handel. Die bruidsmeisies vertrek hierna om hout te ver=samel sodat water gekook kan word vir die inwoners van die kraal om hulleself te was. Hulle moet ook die kraal vee en die vloere van al die hutte met beesmis smeer. Die res van die dag word daar dan weer eens gedans en feesgevier. Daar=die nag oornag die bruid weer saam met die bruidsmeisies in die hut van haar skoonmoeder.

Die oggend van die derde dag word die rooi oker van die bruid verwyder en word nuwe klere deur die *hahane* aan die bruid oorhandig. Daarna word daar amptelik afskeid geneem van die bruidsgroep.

Nadat die bruidsgroep op die derde dag vertrek het, mag die bruid en bruidegom vir die eerste maal geslagsgemeenskap hê. Dit geskied nadat hulle, hulle intrek geneem het in 'n af=sonderlike hut wat die bruidegom langs die hut van sy moeder opgerig het. Vanaf hierdie stadium word die bruid en bruide=gom as man en vrou beskou. Dit beteken egter nie dat die huwelik eers dan as voltrek beskou word nie. Soos vroeër

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verduidelik is, is die bruid reeds amptelik in ontvangs geneem deur die vader van die bruidegom op die stadium wan= neer die galblaas van die muphaqulo in haar hare geheg is. Vanaf daardie stadium is sy onder die beheer van die man se mense en is hulle verantwoordelik vir haar dade. Oor pre= sies wanneer die huwelik voltrek is, is informante dit nie eens nie. Sommige beweer dat die huwelik reeds voltrek is op die tydstip wanneer die vader van die bruidegom die bruid in ontvangs geneem het terwyl andere beweer dat die huwelik voltrek word wanneer die mugwazu-bees geslag word. Laasge= noemde bewering stem ooreen met die gebruik wat onder die Zulu bekend is (vergelyk De Clercq 1975:274; Breytenbach 1971:189 en Krige 1965:149). Wanneer 'n mens egter aan informante verduidelik dat die mugwazu-bees vandag nie meer by die sluiting van alle huwelike geslag word nie, gee hulle 'n mens gelyk dat die slag van die muphaqulu-bok (wat selfs vandag nog 'n absolute vereiste is) die oomblik is waarop die huwelik amptelik voltrek is.

Ten slotte moet vermeld word dat bogenoemde beeste en bokke wat geslag word nie 'n deel van die lovolo uitmaak nie. Hoewel die lewering van die helfte van die risiva en mugwazu-bees geëis kan word en die slag van die muphaqulu-bok 'n ab= solute vereiste is vir die huweliksluiting, kan dit nie in die geval van 'n egskeiding teruggeëis word nie. Slegs die lovolo met inbegrip van die verlowingsbees (muqomu) kan ge= eis word.

(d) Die huwelik van die kaptein

Die kaptein is geensins bo die stamreg verhef nie. Vir die doeleindes van huweliksluiting moet hy net soos 'n gewone stam= lid, voldoen aan al die vereistes wat die stamreg bepaal.

Naas die individuele vereistes (volwassenheid ensovoorts) mag die kaptein ook nie 'n huwelik sluit sonder die toestemming van sy vader en hier meer bepaald, sonder die toestemming van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die regerende familie nie. Hierdie vereiste is slegs van groot belang wanneer die kaptein sy hoofvrou trou. Die kaptein moet ook aan die keusevereistes in verband met 'n huweliksmaat voldoen. Die vroeër genoemde eksogamiese be= palings (vergelyk B 3.d. hierbo) is dus ook op hom van toe= passing.

Die hoofvrou van die kaptein hoef nie noodwendig uit sy stam te wees nie. Normaalweg trou 'n kaptein met die dogter van 'n naburige kaptein. Indien hy egter sy hoofvrou neem uit die geledere van die stam, is dit gewoonlik 'n dogter uit een van die mees senior sibbes in die stam. Dit is normaal dat 'n kaptein slegs met 'n dogter uit 'n spesifieke sibbe mag trou. Hierdie sibbe en meer bepaald die linie waarbinne 'n kaptein mag trou, word deur die regerende familie aange= wys. Indien 'n kaptein nie aan hierdie vereiste voldoen nie en met 'n vrou trou uit 'n afkomslyn wat nie die goedkeuring van die regerende familie wegdra nie, sal hierdie vrou nie as sy hoofvrou (nkosikazi) erken word nie.

Die aanwysing van die hoofvrou van die kaptein berus uit= sluitlik by die regerende familie. Daarom gebeur dit dik= wels in die praktyk dat 'n kaptein, anders as gewone stamlede, sy hoofvrou trou nadat hy reeds met een of meer vroue getroud is. By nie een van die stamme van Mhala bestaan die reël dat die kaptein sy hoofvrou moet trou nadat hy as kaptein inge= huldig is nie. Indien hy reeds met een of meer vroue getroud is voordat hy as kaptein ingehuldig is, kan die familiever= gadering een van hierdie vroue tot stamvrou verhef mits sy aan die vereistes wat daar gestel word vir 'n stamvrou (afkoms ensovoorts) voldoen. Wanneer dit gebeur moet hierdie vrou amptelik tot stamvrou verklaar word. Hierdie besluit moet ook vir kennisname aan die stamraad voorgelê word. Geen addisionele trougoedere word dan vir haar gelewer nie.

Indien nie een van die bestaande vroue van 'n nuwe kaptein die goedkeuring van die regerende familie om as stamvrou aan=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewys te word, wegdra nie, moet hy, in opdrag van die regerende familie, 'n hoofvrou uit 'n linie wat vir hom aangewys sal word, trou. Indien 'n kaptein nie aan hier=die vereiste voldoen nie, beteken dit dat daar geen stam=vrou is wat 'n stamerfopvolger kan baar nie. So 'n situ=asie het al in die verlede by een van die stamme ontstaan. Die kaptein was getroud met drie vroue waarvan nie een as stamvrou verklaar is nie. Na sy afsterwe het die dilemma ontstaan dat daar geen wettige erfopvolger (hoewel hy seuns by die ander vroue gehad het), vir hom was nie. Aangesien die regerende familie bepaal wie die hoofvrou van 'n kap=tein moet wees, kan hulle wanneer so 'n situasie ontstaan, kies tussen twee moontlikhede te wete:

(i) Vir die oorlede kaptein 'n stamvrou trou en dan oor=eenkomstig die leviraatgebruik 'n stamerfopvolger laat verwek.

(ii) Een van die weduwees van die kaptein tot stamvrou ver=hef, waarna haar oudste seun dan die wettige stamerfopvol=ger sal word.

Indien die eerste alternatief gevolg word, moet die regeren=de familie die persoon (gewoonlik 'n broer van die oorlede kaptein) aanwys wat die verwekkingsplig namens die oorledene moet verrig. Die meeste segsmanne het egter geredeneer dat dit nie die ideale toedrag van sake is om 'n stamerfopvolger ooreenkomstig die leviraatgebruik te verwek nie. Sommige be=beweer selfs dat 'n seun wat volgens hierdie gebruik verwek is, nie as 'n kaptein aangestel mag word nie. Daarom word die tweede moontlikheid deur die meeste informante verkies. Dit is ook wat by die betrokke stam gebeur het. Die enig=ste ander alternatief is om 'n jonger eie broer van die kaptein as kaptein in die plek van sy oorlede broer aan te stel en dan vir hom 'n stamvrou te trou. Sodanige persoon mag nie as 'n regent aangestel word nie, aangesien 'n regent nie 'n kaptein kan verwek nie.

Wanneer die regerende familie 'n kaptein beveel om vir hom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

'n stamvrou te trou, is hulle verantwoordelik vir die verlowingsbees sowel as vir die lewering van die lovolo. Die regerende familie kan self vir die voorsiening van hierdie goedere instaan of die hele stam kan versoek word om 'n bydrae te lewer. In die huidige tyd word die stam egter nie meer verplig tot die lewering van die trougoedere nie. Die rede hiervoor is dat die stam belas word om 'n bydrae te lewer vir die inhuldiging van die kaptein. Wanneer die regerende familie daarna ook nog 'n stamvrou wil trou, is dit hulle eie verantwoordelikheid. Hulle trou dan namens die stam 'n stamvrou vir die kaptein en voorsien ook die trougoedere vir hierdie vrou.

Die huweliksseremonie vir 'n kaptein verloop in alle ander opsigte soos dié van 'n gewone lid van die stam. Die huweliksfees is egter van 'n groter omvang en alle stamlede kan dit bywoon. Vir hierdie doel word die stam wel beveel om 'n bydrae te maak in die vorm van bier, vleis of geld. Dit is die taak van die onderskeie tindhuna om hierdie insamelingsveldtog te loods.

(e) Die afdwinging van die lewering van uitstaande trougoedere

By die stamme van Mhala word die getal lovolo-beeste wat gelewer moet word, primêr by wyse van 'n ooreenkoms tussen die kontrakterende partye vasgestel. Dit gebeur egter dikwels dat 'n man en 'n vrou reeds in 'n wettige egverbintenis saamwoon voordat die laaste deel van die lovolo waarop ooreengekom is, aan die vader van die vrou oorhandig word. Hoewel 'n mens Olivier (1969:109) gelyk gee dat die huwelik eers as volkome beskou kan word wanneer die volle hoeveelheid lovolo gelewer is, beteken dit egter nie dat die huwelike nie voltrek kan word alvorens dit gedoen is nie. Dit volg egter logies dat die voltrekking van die huwelik nie impliseer dat die man kwytgeskeld word van sy verpligting om die volle totaal lovolo te lewer nie. Normaalweg word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


daar tydens die huweliksonderhandelinge ooreengekom op welke wyse en oor watter tydperk die lovolo gelewer sal word.

Indien die man aan hierdie ooreenkoms uitvoering gee of die nodige reëlings met sy skoonvader tref indien hy hom nie daarby kan hou nie, kan daar nie sprake wees van enige regs=aksie van die kant van die skoonvader nie. Word geen verdere ooreenkoms met die skoonvader getref nie of bly die man in gebreke om aan die oorspronklike ooreenkoms uitvoering te gee, kan die skoonvader normaalweg via sy ndhuna ya malovolo 'n versoek aan sy skoonseun rig om sy verpligtinge na te kom. Indien daar geen positiewe reaksie van die skoonseun se kant kom nie, sal daar langs dieselfde weg aan laasgenoemde kennis gegee word dat sy vrou en die kinders deur haar vader terug=geneem sal word tot tyd en wyl die ooreenkoms nagekom word.

Indien die skoonseun weier om aan al hierdie versoeke gehoor te gee, kan die ndhuna ya malovolo gestuur word om die vrou en die kinders te haal. Sodanige optrede van die kant van die skoonvader kan nie deur die skoonseun as 'n grond vir egskeiding aangevoer word nie. Hy kan ook nie die terug=lewering van sy vrou by wyse van 'n hofbevel verkry nie. As hy dus sy vrou wil terughê, moet hy die oorspronklike oor=eenkoms nakom of met sy skoonvader 'n nuwe reëling aangaan. Doen hy dit nie, kan sy skoonvader die aangeleentheid by 'n openbare hof aanmeld en op hierdie wyse sy skoonseun probeer dwing om die uitstaande lovolo te lewer. Die hof sal bepaal of die skoonvader se eise redelik of onredelik is en daarna beveel op welke wyse en binne watter tydperk die skoonseun die uitstaande lovolo moet lewer. Indien die skoonseun die hof meedeel dat hy nie daarin belangstel om die vrou terug te kry nie, kan die hof hom van die verpligting om die uit=staande goedere te lewer, onthef met dien verstande dat hy geen verdere aansprake op die vrou maak nie en dat hy alle goedere wat reeds gelewer is, verbeur. Hy verloor ook die beheer en voogdy oor die kinders wat reeds gebore is. Hierdie kinders word dan deel van die sibbeverband van die vrou se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vader net asof hulle buite die eg gebore is.

(f) <u>Regsvereistes vir die totstandkoming van 'n huwelik</u>

In die verbygaan is daar gepoog om by die beskrywing van die proses van huweliksluiting aan te dui watter vereistes essen= sieel in die reg is vir die totstandkoming van 'n huwelik.

Die belangrikste regsvereistes waaraan voldoen moet word, is die volgende:

(i) Die wilsooreenstemming tussen die twee betrokke familiegroepe.
(ii) Die lewering en ontvangs van die trougoedere.
(iii) Die oordrag van die bruid (vergelyk ook Coertze 1970: 233; Jacobs 1974:191 en Olivier 1969:36 e.v.).

Met betrekking tot die wilsooreenstemming tussen die twee betrokke familiegroepe om te laat trou, was die enigste ver= eiste in die verlede dat daar 'n ooreenkoms tussen die onder= skeie vaders moes wees dat hulle kinders sou trou. In die geval van 'n tweede huwelik, kom hierdie ooreenkoms tussen 'n man en sy skoonvader tot stand. In die huidige tyd word dit nog as essensieel beskou. Daar het egter 'n addisionele ver= eiste bygekom. 'n Vader kan vandag nie meer sonder die in= stemming van sy kind, 'n ooreenkoms om te laat trou, sluit nie. Die instemming van die seun sowel as die dogter om te trou, moet as essensieel beskou word. Om hierdie rede is dit vandag nie meer vir 'n vader moontlik om in die afwesigheid van sy seun en insgelyks sonder die instemming van sy seun, vir hom 'n vrou te trou nie. Net soos die seun, moet ook die dogter instem tot die ooreenkoms. 'n Dogter mag dus vandag nie gedwing word om met iemand te trou met wie sy nie wil trou nie. Sy kan egter daartoe oorreed word. Feit bly, haar instemming om te trou, is noodsaaklik. Die rede vir hierdie wysiging in die tradisionele vereistes vir huwelik= sluiting, is moeilik verklaarbaar. Segsmanne beweer dat dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ten opsigte van die seun, daaraan te wyte is dat hy vandag, anders as in die verlede, oor 'n eie inkomste beskik. Dit stel hom in staat om self 'n gedeelte of die grootste gedeelte van die lovolo te voorsien. Dit weer gee aan hom die geleentheid om self te kies met wie hy wil trou.

'n Seun mag egter nie trou sonder die toestemming van sy vader nie. In teorie kan dit wel gebeur dat hy, indien hy oor die nodige lovolo beskik, sonder die toestemming van sy vader, persoonlik met die vader van die meisie 'n ooreenkoms sluit. Dit gebeur egter uiters selde. Die rede hiervoor is dat 'n vader normaalweg sy seun onterf indien hy 'n huweliksooreenkoms sonder sy toestemming sou sluit. Ook die familie sal hom verag en as onafhanklike sal hy vir hom elders 'n heenkome moet vind. Hiernaas gebeur dit selde dat die vader van die dogter bereid is om persoonlik met 'n jongman of sy persoonlike tussenganger oor 'n voorgenome huwelik te onderhandel. Aangesien die huwelik 'n familie-aangeleentheid is, vereis die vader van die dogter normaalweg die toestemming van die jongman se vader alvorens hy oor 'n moontlike huwelik sal onderhandel.

In die geval van dogters is dit anders. Hoewel die instemming van die dogter vandag noodsaaklik is, kan sy nie, soos die jongman wat oor sy eie lovolo beskik, 'n party wees in 'n huweliksooreenkoms sonder die toestemming van haar vader nie. Nòg sy, nòg iemand anders as haar vader of haar wettige voog kan toestemming tot haar voorgenome huwelik verleen nie. Haar vader of voog is geregtig op die lovolo wat vir haar gelewer word en slegs hy mag sy toestemming met die nodige instemming van sy dogter, tot 'n huweliksooreenkoms verleen. Soos verduidelik is, mag 'n vader egter nie sy toestemming verleen sonder die instemming van die dogter nie. Volgens segsmanne het hierdie wysiging in die tradisionele vereistes op aanbeveling van die staatsgesag ingetree en wel as gevolg van gedurige klagtes dat ouers hulle dogters dwing om met egmaats wat hulle nie wil hê nie, te trou. Nie net die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


staatsgesag nie maar ook die plaaslike sendingaksie het be=swaar gemaak teen hierdie optrede. Die gevolg hiervan is dat die instemming van die dogter vandag as essensieel beskou word. Samevattend kan dus verklaar word dat die toestemming van die onderskeie vaders sowel as die instemming van die jongman en die meisie vandag 'n noodsaaklike vereiste is vir die totstandkoming van 'n regsgeldige huwelik. 'n Siviel=regtelike huwelik of 'n huwelik wat in die kerk ingeseën is, word daarom vandag nie deur die stamreg erken indien die on=derskeie vaders nie ook hulle toestemming daartoe verleen het en trougoedere vooraf (ten minste ten dele) oorgedra is nie.

Die tweede essensiële vereiste is dat _lovolo_ gelewer word. Oor hierdie vereiste is reeds vroeër breedvoerig gehandel. Sekere aspekte oor die lewering van _lovolo_ verdien egter nadere aandag. Die ooreenkoms om _lovolo_ te lewer, is 'n essensiële vereiste. Die lewering van die volle _lovolo_ is egter nie 'n essensiële vereiste nie. 'n Huwelik kan dus voltrek word sonder dat die volle hoeveelheid _lovolo_ soos daar ooreengekom is, gelewer is. Die restant daarvan kan dan in paaiemente, nadat die huwelik voltrek is, gelewer word. Die volle _lovolo_ moet egter uiteindelik gelewer word. Hier geld die reël dat skuld nie kan verjaar nie. Die uit=staande _lovolo_ kan gevolglik ook van 'n man se boedel geëis word. Indien die uitstaande _lovolo_ nie gelewer word nie, kan dit 'n grond vir egskeiding word. Die man verloor dan al die _lovolo_ wat hy reeds gelewer het. Indien die huwelik om hierdie rede ontbind word, is die man egter nie aanspreek=lik vir die uitstaande _lovolo_ nie. Dit is die verlies van die dogter se vader aangesien hy bereid was om sy dogter in die huwelik te gee alvorens die volle _lovolo_ gelewer is.

Die hoeveelheid _lovolo_ wat gelewer moet word alvorens hy sy dogter in 'n huwelik sal gee, word deur die vader van die dogter bepaal. Informante beweer egter dat geen vader sy dogter in die huwelik sal gee alvorens daar nie ten minste agt beeste gelewer is nie. Dit gebeur daarom uiters selde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat die sogenaamde skuldhuwelik gesluit word (vergelyk egter saak 22). In die verlede was dit wel moontlik dat 'n vader, wanneer die jongman of sy vader oor geen trougoedere beskik het nie, sy dogter op skuld in die huwelik gegee het. Vandag kom dit nie meer voor nie. Die lewering van <u>lovolo</u> is nood=saaklik, selfs wanneer die huwelik deur 'n wegloopaksie afge=dwing word (vergelyk sake 19 en 20).

Die lewering van <u>lovolo</u> of die ooreenkoms om <u>lovolo</u> te lewer, word deur segsmanne ook as 'n essensiële vereiste beskou al=vorens 'n sivielregtelike huwelik gesluit kan word. Sodanige huwelik word nie deur die stamreg erken alvorens daar nie <u>lovolo</u> gelewer is nie. Om dieselfde rede word die blote saamwoon van 'n man en 'n vrou nie as 'n wettige huwelik be=skou nie.

Wanneer 'n siviele huwelik gesluit word, word dit gewoonlik gesluit nadat die nodige <u>lovolo</u> gelewer is en die huwelik volgens stamreg voltrek is. Verskeie redes word hiervoor aangevoer. Dit geskied veral om 'n huweliksertifikaat te bekom. Die twee persone trou dus 'n tweede keer. Hier ein=dig dit nie. Dit het ook mode geword en dit word ook van lidmate van verskillende kerke verwag om hulle huwelik in die kerk te laat inseën. In praktyk beteken dit die deurloping van 'n derde huwelikseremonie deur dieselfde persone. In=formante het beweer dat 'n paartjie eers volgens stamreg trou, daarna trou hulle vir die "certificate" en uiteindelik trou hulle in die kerk "for blessing". Die stamhowe erken slegs die tradisionele huwelik. Hulle is trouens ook nie geregtig om 'n huwelik wat ooreenkomstig die gemenereg gesluit is, te ontbind nie. In praktyk word die wetlike implikasies van 'n huwelik volgens die gemenereg nie in ag geneem nie (die mees=te howe dra daar trouens geen kennis van nie). Gevolglik word 'n huwelik wat eers ooreenkomstig die stamreg en daarna oor=eenkomstig die gemenereg voltrek is, ooreenkomstig die stam=reg ontbind.

Die derde essensiële vereiste is die oordrag en die ontvangs

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


van die bruid. Die huwelik is eers voltrek wanneer die bruid oorhandig is en deur die man se mense in ontvangs ge=neem is. Die lewering van die lovolo sonder die oordrag van die bruid is nie voldoende om die huwelik te voltrek nie. Indien die lovolo gelewer is en die vader van die bruid weier om haar te oorhandig, word dit as kontrakbreuk beskou. Alhoewel 'n egskeiding as sodanig nie volg nie, is die man geregtig om al die lovolo wat hy gelewer het, terug te eis. Hy mag egter geen addisionele eis vir die verbreking van die ooreenkoms om te trou, instel nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DEEL II

## DIE GEVOLGE VAN DIE SLUITING VAN 'N HUWELIK

### A. Die totstandkoming van 'n gesin en kleiner gesinne-eenheid

Die huwelik is by die stamme van Mhala, net soos by alle ander volke, 'n wettige verbintenis tussen een man en een vrou waardeur die verwekking van kinders mag plaasvind. Die belangrikste gevolg van die sluiting van 'n huwelik is dan die totstandkoming van 'n gesin as voortplantingseen=heid en die ordening van 'n hele reeks van verpligtinge van man en vrou teenoor mekaar en ook teenoor die kinders wat daarbinne gebore word en omgekeerd.

Soos vroeër verduidelik is, is die huweliksluiting by die stamme van Mhala nie slegs 'n verbintenis tussen twee indi=vidue nie, maar is dit 'n besondere verbintenis tussen die onderskeie familiegroepe. By die sluiting van 'n huwelik is daar dus nie slegs reëls wat die verhoudinge tussen die man en die vrou onderling reël of die verhoudinge tussen ouers en hulle kinders en omgekeerd reël nie maar ook reëls met betrekking tot die onderlinge verhoudinge van verwante en aanverwante wat nagekom moet word. Coertze (1971:243) merk dan ook tereg op dat "(Die) verhoudinge wat tussen die man en vrou ontstaan en die verpligtinge teenoor mekaar se verwante, sowel as die regte en verpligtinge van die ouers teenoor hulle kinders en omgekeerd, kan as die vernaamste noodwendige gevolge van die huweliksluiting beskou word." (Vergelyk ook De Clercq 1975:278; Olivier 1969:119 en Breytenbach 1971:194). Nie al hierdie verpligtinge en ge=bruike het egter status in die reg nie.

Die gesin wat deur die sluiting van 'n huwelik tot stand kom, bestaan uit 'n man, sy vrou en hulle kinders. So 'n gesin is by die Changanastamme bekend as <u>guma</u> (mv. <u>maguma</u>)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en by die Nhlanganustamme as ndyangu (mv. mindyangu). Albei hierdie terme beteken onder andere 'n kookplek. Volgens Cuenod (1967) beteken ndyangu ook 'n gesin of 'n familie. Elke getroude vrou is geregtig op 'n eie kookplek. Hierdie kookplek word reg voor haar hut opgerig en vorm 'n integrale deel van haar woonkompleks. Na hierdie eenheid word dan verwys as 'n guma of ndyangu. Die kinders wat 'n vrou baar, word lede van die guma of ndyangu van hulle moeder. Elke guma of ndyangu het 'n besondere lokaliteit binne die kraal (muti) en staan onder die gesag van die vader. Elke gesin funksioneer dus as 'n aparte lokale eenheid, waarbinne ver=pligtinge teenoor mekaar nageleef moet word. Die vader be=skik oor die gesag om die onderlinge pligte en verpligtinge asook die bepaalde gedragsreëls binne die eenheid te orden. Soos vroeër verduidelik is, beskik hy ook oor die gesag om familiesake te verhoor, onderlinge geskille by te lê en die vrede binne die gesin te handhaaf.

Die beoefening van poliginie is vandag nog, hoewel nie so omvangryk as in die verlede nie, 'n algemene verskynsel. Hiervolgens is enige man geregtig om gelyktydig 'n wettige huwelik met meer as een vrou te sluit. Die voorkoms van poliginie beteken egter nie dat daar 'n poliginiese gesin tot stand kom nie. Dit het ten gevolg dat daar verskillende gesinne met dieselfde vader as die hoof van elke gesin, hul beslag kry. Hoewel elke gesin 'n aparte eenheid vorm, be=woon die onderskeie gesinne van 'n poliginis steeds dieselfde kraal. Die kraal van 'n poliginis word egter onderverdeel in verskillende mindyangu of maguma-eenhede. Elke poliginis het dus, vanweë sy verskillende vroue, verskillende mindyangu of maguma waarvan hy die hoof is. Die kleiner gesinne-eenheid wat op hierdie wyse ontstaan, is dan ook bekend as maguma of mindyangu ya ka .... Hierdie eenheid bestaan dus uit 'n man en sy verskillende vroue en hulle kinders.

Tussen die onderskeie maguma of mindyangu bestaan daar 'n vaste rangorde. Hierdie rangorde word bepaal volgens die orde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


waarin die moeders getrou is. Hierdie reël is geldig by al die stamme van Mhala. Hiervolgens is die eerste vrou wat 'n man trou normaalweg sy hoofvrou (nkosikazi of nsati wa xiteko). In uitsonderlike gevalle gebeur dit egter dat die eerste vrou waarmee 'n man trou, nie sy hoofvrou word nie of dat sy van haar status as hoofvrou onthef kan word. Die reëls vir die onderskeie moontlikhede is as volg:

(i) 'n Man kan, soos vroeër verduidelik is, gelyktydig aan twee meisies verloof wees. In die praktyk gebeur dit soms dat 'n man eers trou met die tweede meisie waaraan hy ver=loof geraak het en later met die eerste. Wanneer dit ge=beur, word die vrou met wie hy eerste getrou het, nie sy hoofvrou nie. Die meisie waaraan hy eerste verloof geraak het, word altyd die hoofvrou sodra sy met die man trou. Die vrou waarmee die man eerste getrou het geniet egter die sta=tus van 'n hoofvrou totdat hy sy hoofvrou trou. Indien hy nie met haar trou nie, behou die vrou met wie hy eerste ge=trou het, haar status as hoofvrou.

(ii) 'n Vrou kan ook van haar status as hoofvrou onthef word. Dit kan slegs op een manier geskied, naamlik wanneer 'n man 'n ouer suster van sy hoofvrou of 'n senior halfsuster van sy hoofvrou as tweede of verdere vrou trou. Aangesien 'n ouer suster of 'n halfsuster uit 'n senior guma of ndyangu 'n hoër status het as 'n jonger of 'n junior suster, mag hierdie jonger of junior suster nie as hoofvrou funksioneer bo haar ouer- of senior halfsuster nie. Daarom word sy van haar status as hoofvrou onthef en kry sy die status van tweede vrou in die hiërargie van vroue.

Die tweede en verdere vroue wat 'n man trou, verkry 'n sta=tusposisie volgens die orde waarin hulle getrou is. Die tweede vrou wat 'n man trou is dus tweede in status en sy staan bekend as nsati wa vumbirhi, die derde vrou is bekend as nsati wa vunharhu en sy is derde in rang. Ook hierdie rangorde kan versteur word, naamlik

(i) Wanneer haar man haar ouer suster of senior halfsuster

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


na haar trou. Die senior suster kry dan die status wat die junior suster gehad het, terwyl die junior suster sowel as die ander vroue wat laer in status as sy is, elk een posisie laer afskuif.

(ii) 'n Man is ook geregtig om op versoek van enige van sy vroue 'n nhlantswa (ku hlantswa - om te was) vir daardie vrou te trou (vergelyk B.3. hieronder). Sodanige versoek kom nor=maalweg van die vrou self wanneer sy byvoorbeeld onvrugbaar is, haar arbeidslas wil verlig of slegs dogters gebaar het. Die nhlantswa kry status direk na die vrou wat haar aange=vra het. Alle ander vroue skuif dan een posisie laer in rang (vergelyk ook Coertze 1971:244).

Wanneer 'n vrou sterf, kan 'n man 'n plaasvervanger vir haar trou (vergelyk B.2. hieronder). So 'n plaasvervanger staan bekend as xipfula yindlu (hutoopmaker) en kry die status van die oorledene. Die afsterwe van 'n vrou het dus geen invloed op die rangorde van die ander vroue nie. Al word daar geen xipfula yindlu vir haar getrou nie, behou elke vrou haar sta=tus soos vantevore. 'n Vrou kan om geen ander rede as dié hierbo genoem, haar status verloor nie. Daar bestaan ook geen moontlikheid dat die status van 'n vrou verhoog kan word nie behalwe wanneer 'n vrou, wat kinderloos is, geskei word. Alle ander vroue wat laer in status as sy is, skuif dan een posisie hoër op. Indien sy egter kinders het, bly die rangorde van die ander vroue onveranderd.

'n Man is ook geregtig om vir hom 'n vrou te trou met beeste wat aa 'n besondere guma of ndyangu behoort. Hiervoor het hy die toestemming van die betrokke vrou nodig. 'n Vrou wat op hier=die wyse getrou word, word dan toegevoeg tot die guma of ndyangu wat die trougoedere voorsien het. Hoewel sodanige vrou toegevoeg word tot die betrokke guma of ndyangu wat die lovolo voorsien het, verhoog dit nie haar status binne die hiërargie van vroue nie. Sy ontvang haar status volgens die orde waarin sy getrou is. Haar kinders is ook nie geregtig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op die erfgoedere van die guma of ndyangu waaraan hulle moeder toegevoeg is nie (vergelyk hoofstuk VI). Die toe= voeging van vroue volgens hierdie reg waaroor 'n man beskik, moet nie verwar word met die affiliasie van vroue soos dit deur Art. 1 van Die Natalse Wetboek van Swart Reg (Prok. R195 van 1967) vir die stamme van Natal voorgeskryf is nie. Hier= die artikel omskryf die begrip affiliasie as volg: "die aan= hanklikheid van een of meer junior huise aan 'n senior of superieure huis ... ten einde voorsiening te maak teen 'n gebrek aan 'n erfgenaam in sodanige senior of superieure huis ...." Die stamme van Mhala ken die gebruik waarvolgens 'n stutvrou (nhlantswa) getrou word ten einde 'n erfgenaam vir 'n onvrugbare vrou te baar (vergelyk B.3. hieronder). Die enigste rede waarom 'n vrou toegevoeg word tot die guma of ndyangu van die voorsiener van die lovolo, is om daar diens te kan lewer. Sy ressorteer onder die gesag van die betrokke vrou en moet in opdrag sekere take soos byvoorbeeld koskook, die lande bewerk, ensovoorts, verrig. Sy kry egter 'n eie status en insgelyks 'n hut van haar eie waarbinne sy oor haar eie regte beskik.

Die status wat 'n vrou gaan beklee, word reeds tydens die huweliksonderhandelinge aan haar vader meegedeel. Dit word dus nie as vanselfsprekend aanvaar dat die vrou wat byvoor= beeld tweede getrou word, tweede in status is nie. Hoewel daar normaalweg nie van die geykte rangordening van vroue afgewyk mag word nie, verklaar informante dat dit noodsaak= lik is dat 'n vrou, reeds voor haar troue oor haar toekomstige status ingelig moet word. Op hierdie wyse word 'n vrou bewus gemaak van haar senioriteitsposisie binne die kleiner gesinne= eenheid van haar man en ook van haar verpligtinge teenoor haar seniores.

Die rangorde van die moeder bepaal die status van haar kinders. Dit weer bepaal die onderlinge verhouding tussen die kinders van die onderskeie maguma of mindyangu. Dit het egter ook belangrike implikasies met betrekking tot die erf-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en opvolgingsreg van die onderskeie kinders (vergelyk hoof= stuk VI). Kinders behou hierdie status vir die res van hulle lewe. Die afsterwe van die moeder of 'n egskeiding beïnvloed dus nie die status van die kinders nie. Om hier= die rede kan die status van 'n junior vrou nie verhoog word as 'n senior vrou wat kinders gebaar het, te sterwe kom nie. Wanneer 'n vader en 'n moeder skei en die moeder behou die beheer oor die kinders, het dit ook geen invloed op die sta= tus van die kinders binne die kleiner gesinne-eenheid van hulle vader nie.

Die kraal (muti) waarbinne die poliginiese gesinne-eenheid gehuisves word en waarbinne die senioriteitsbeginsel 'n belangrike rol speel, vertoon vandag by al die stamme van Mhala 'n bykans universele patroon. Die kraaluitleg is van so 'n aard dat die status van die vroue deur hulle onder= skeie plasing in die kraal bepaal word. Vir 'n volledige uiteensetting en diagramatiese voorstelling van die kraal= uitleg vergelyk Hartman (1972:138-144.)

Die gebruik om die vroue in 'n senioriteitsrangorde in te deel, het die gevolg dat die regte en pligte van die ver= skillende vroue formeel bepaal word. Hiervolgens verkry die hoofvrou die reg om gesag te voer oor alle mindere vroue. Indien die man 'n sekere taak verrig wil hê, gee hy opdrag aan sy nkosikazi om dit te laat uitvoer. Sy weer beskik oor die bevoegdheid om hierdie taak aan een van die junior vroue op te dra. Indien die junior vrou nie bereid is om die op= drag uit te voer nie, kan die hoofvrou haar by die man verkla. Die man kan dan na goeddunke optree. Hy kan die ongehoorsame vrou berispe of selfs tugtig. Indien sy egter herhaaldelik weier om opdragte uit te voer, is haar ongehoorsaamheid teen= oor die man 'n grond vir egskeiding. Die hoofvrou beskik egter nie oor die bevoegdheid om direkte opdragte te gee aan stutvroue van die vroue met mindere rang of aan vroue wat tot die guma of ndyangu van 'n mindere vrou toegevoeg is nie. Sulke opdragte kan egter via daardie vrou aan haar stutvrou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of toegevoegde vrou gegee word.

Hoewel die mindere vroue die hoofvrou moet eerbiedig en met respek moet behandel, beskik sy nie oor die bevoegdheid om haar eie pligte te ontduik en aan die mindere vroue opdrag te gee om dit namens haar te verrig nie. Die hoofvrou mag dus nie 'n mindere vrou opdrag gee om byvoorbeeld die lande van die hoofvrou te bewerk of haar normale huishoudelike pligte uit te voer nie. Dit bly steeds die taak van die hoofvrou. Indien sy nie meer in staat is om dit te verrig nie, kan sy 'n stutvrou aanvra.

Die hoofvrou is soos Coertze (1971:245) dit stel "die moeder van al die ander vroue." Alle klagtes wat die mindere vroue het, moet by haar aanhangig gemaak word. Sy kan dit òf self oplos òf indien dit vir haar onmoontlik is, met die man be= spreek wat dan die saak in die reine moet bring. Onderlinge rusies tussen die mindere vroue of tussen hulle kinders, moet ook eers by die hoofvrou aanhangig gemaak word alvorens die man daarmee belas word.

Dit is ook die taak van die hoofvrou om die plantseisoen in te lei. Daarom oorhandig die man al die saad aan sy hoofvrou. Geen mindere vrou mag plant alvorens die hoofvrou geplant het nie. Nadat sy geplant het, ontvang elke mindere vrou saad volgens die senioriteitsrangorde. Dieselfde prosedure word gevolg tydens oestyd. Die lande van die hoofvrou word eerste geoes en daarna dié van die mindere vroue. Indien hierdie reël oortree word, kan die hoofvrou die oortreder by die man gaan verkla. Hy kan by 'n eerste oortreding sodanige vrou berispe of selfs tugtig. Indien sy egter by herhaling sou oortree, is dit 'n grond vir egskeiding weens haar ongehoor= saamheid.

Van 'n man word verwag om die instemming van sy hoofvrou te vra alvorens hy 'n tweede of verdere vrou trou. Die hoofvrou beskik egter nie oor die bevoegdheid om haar instemming te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weier nie. Sy is egter geregtig om haar teësinnigheid oor 'n voorgenome huwelik van haar man by sy familieraad aan=hangig te maak. Dié raad kan dan die man probeer oorreed om van sy voorneme af te sien. Slegs 'n onverantwoordelike man sal goedere uit die gesamentlike boedel neem sonder die instemming van sy hoofvrou. Hy is egter geregtig om dit te doen. 'n Man mag egter nie goedere wat sy hoofvrou of enige mindere vrou toekom, as lovolo gebruik sonder die toestemming van die hoofvrou of die mindere vrou nie (vergelyk die beheer oor eiendom in gesamentlike boedel).

Slegs die hoofvrou mag opdragte aan mindere vroue gee. 'n Vrou wat tweede in rang is, mag nie opdragte gee aan byvoor=beeld 'n vrou wat vierde in rang is nie. Die enigste uit=sondering op hierdie reël is wanneer 'n vrou 'n stutvrou kry of wanneer 'n vrou aan haar guma of ndyangu toegevoeg word. Dan is sy geregtig om aan hierdie toegevoegde of stutvrou bevele te gee. 'n Stutvrou ontvang normaalweg geen landerye van haar eie nie. Dit is haar plig om te help met die bewer=king van die landerye van die vrou wat haar aangevra het. 'n Toegevoegde vrou moet ook die opdragte uitvoer van die vrou aan wie sy toegevoeg is.

Die status van die hoofvrou word ook gehandhaaf deurdat elke nuwe vrou wat die eggenoot trou, vir 'n tydperk direk onder haar beheer geplaas word. Die "nuwe" vrou word dan deur die hoofvrou opgelei alvorens sy 'n kookplek van haar eie ontvang. Daar bestaan geen vasgestelde termyn vir die duur van die op=leiding nie. Normaalweg ontvang 'n vrou eers 'n eie kookplek wanneer 'n verdere vrou getrou word. Gedurende haar opleiding, moet sy dan onder toesig van die hoofvrou die kookwerk behar=tig. Indien die man egter nie van voorneme is om 'n verdere vrou te trou nie, kan sy na verloop van ongeveer drie tot vier jaar van hierdie plig onthef word. Sy kry dan 'n kook=plek van haar eie.

Stutvroue of toegevoegde vroue ontvang nie hul opleiding by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die hoofvrou nie maar by die vrou aan wie hulle toegevoeg is. 'n Stutvrou ontvang nooit 'n kookplek van haar eie nie - 'n toegevoegde vrou wel.

Vir die eerste jaar van haar opleiding ontvang 'n vrou ook geen landerye wat sy kan bewerk nie. Dit is haar plig om die landerye van die hoofvrou of die vrou waar sy haar op= leiding ontvang, te bewerk. Na verloop van een plantsei= soen is sy egter geregtig op haar eie landerye. 'n Stut= vrou is nie geregtig op haar eie landerye nie.

Die hoofvrou ontvang haar opleiding van haar skoonmoeder. Normaalweg woon 'n man vir die eerste jare nadat hy met sy hoofvrou getrou het, in die kraal van sy vader. Aldaar ont= vang sy hoofvrou 'n hut van haar eie - gewoonlik word dit direk langs die hut van haar skoonmoeder opgerig. Sy kry gedurende hierdie periode geen kookplek van haar eie nie. Sy is ook nie daarop geregtig nie. Dit is haar plig om die kookwerk onder die toesig van haar skoonmoeder te behartig en om die landerye van haar skoonmoeder te bewerk. Nadat haar man 'n kraal van sy eie opgerig het, kry sy outomaties haar eie kookplek en landerye. Indien die man, byvoorbeeld as jongste seun, in sy vader se kraal bly woon, is daar geen vaste bepaling oor wanneer sy vrou haar eie kookplek kry nie. Soms kry sy dit, soms nie. Voorbeelde van albei die moontlikhede is bekend. Dit is egter duidelik dat die vrou nie haar eie kookplek kan eis nie.

B. <u>Persoonlike regsverhoudinge</u>

1. <u>Status en handelingsbevoegdheid</u>

Soos vroeër verduidelik is, is die direkte gevolg van die sluiting van 'n huwelik en die totstandkoming van die gesin dat die man en die vrou besondere regte en verpligtinge ver= kry. Hierdie regte en pligte is soos Coertze (1971:246) tereg verduidelik: " ... onderling aanvullend. Die regte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van die een is die pligte van die ander."

Die sluiting van 'n huwelik verhoog ook die status van die man en die vrou. Wanneer 'n man trou, word hy tegelykertyd eggenoot en gesinshoof en gewoonlik mettertyd ook vader. As hoof van die gesin beskik hy oor die gesag om die onderlinge pligte en verpligtinge binne die gesin te orden. Hy is ook die verteenwoordiger van die gesin na buite en is aanspreek=lik vir die onregmatige dade van die lede van sy gesin. Ten einde hierdie taak te verrig, ontvang 'n man wanneer hy trou, volwasse status in die gemeenskap. Hoewel 'n man sy lewe lank verplig is om sy vader as sy meerdere te respekteer, weerhou dit nie sy status as volwassene wanneer hy trou nie. Hierdie status kan hom ook nie ontneem word solank hy nog in die kraal van sy vader as 'n getroude man woonagtig is nie. Hoewel hy onder sulke omstandighede meer direk onder die ge=sag van sy vader ressorteer, is en bly hy steeds die hoof van sy eie gesin en aanspreeklik vir hul onregmatige dade. Wanneer hy sy eie kraal oprig, is hy egter nie meer so direk onderworpe aan die gesag van sy vader nie en beskik hy, uit die aard van die saak, oor 'n groter handelingsbevoegdheid. Indien hy as 'n pasgetroude sou skei of sy vrou kinderloos sou sterf, behou hy hierdie status en keer hy nie terug tot die posisie van ongetroude seun in sy vader se huishouding nie.

As volwassene is 'n man bevoeg om hofsittings by te woon en aan die hofverrigtinge deel te neem. Hy verkry ook die be=voegdheid om namens homself of 'n lid van sy gesin 'n regs=aksie in sowel 'n openbare as 'n nie-openbare hof in te stel en te verdedig. Hy is aanspreeklik vir die onregmatige dade van sy vrou en sy ongetroude kinders. Alle sake teen lede van sy gesin moet by hom aanhangig gemaak word. Indien die saak in 'n hof verhoor word, moet hy die lede van sy gesin in die hof verteenwoordig en word die aksie teen hom ingestel.

Aangesien dit die plig van die man is om die orde binne die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesin te handhaaf, kan hy hierdie orde binne perke afdwing. 'n Man beskik oor die reg om nie alleen sy kinders nie, maar ook sy vrou(e) te tugtig wanneer hulle, hulle na sy oordeel misdra het. Wanneer 'n man sy vrou om 'n goeie rede lyf= straf toedien, is dit nie 'n grond vir egskeiding nie. Hy mag haar egter nie aanrand of in die proses liggaamlike letsels berokken nie. Dit word beskou as mishandeling en sy vrou is geregtig om hom vir sodanige mishandeling by sy vader te verkla.

'n Vrou mag egter nie sonder meer na haar vader of sy op= volger vlug as sy mishandel word nie. Aangesien 'n man aan die gesag van sy vader ondergeskik is, word dit van 'n vrou verwag om die optrede van haar man by haar skoonvader aanhangig te maak. Dit is sy taak om die saak te ondersoek en sy seun oor sy optrede te berispe. Indien die seun sou voortgaan om sy vrou te mishandel kan daar in hoër beroep gegaan word. Normaalweg word die familieraad van die man byeengeroep wat dan die saak sal verhoor. Hulle kan die man óf berispe óf gelas om 'n versoeningsoffer van hoogstens R2-00 of 'n hoender aan die hof te lewer. Indien die man egter sy vrou aangerand het of haar ernstige letsels berok= ken het, kan die hof ook lyfstraf vir die man beveel.

'n Vrou is geregtig om van haar man na haar vader te vlug indien haar man haar by herhaling sou aanrand of mishandel. Wanneer 'n man dus, nadat hy reeds deur sy familiehof vir sodanige optrede tereg gewys is, sou voortgaan om sy vrou te mishandel, mag sy vlug en die saak by haar eie vader aanhangig gaan maak. 'n Wyse skoonvader sal eers 'n tussenganger stuur om navraag te doen waarom sy dogter na hom gevlug het. Sou hy nalaat om dit te doen en sy dogter sonder enige navraag in sy sorg hou, is dit grond vir die man om egskeiding aan te vra. Indien die man nie op die navraag antwoord nie, is dit 'n aanduiding dat hy nie meer bereid is om met die hu= welik voort te gaan nie en word dit 'n grond vir egskeiding vanaf die vrou se kant. Indien die man egter van voorneme

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is om met die huwelik voort te gaan moet hy, vergesel van sy vader en/of sy broers, sy optrede gaan verduidelik. Dit geskied gewoonlik nadat die man versoek het dat sy vrou aan hom terugbesorg moet word. Die saak word dan verhoor in die hof van sy skoonvader waar verwante van die man ook by kan wees. Hierdie hof het die bevoegdheid om die skoonseun by skuldigbevinding, te gelas om 1 bees of R10-00 aan sy skoon= vader te lewer. Na die lewering daarvan kan hy sy vrou terug= kry (vergelyk sake 45 en 46). Indien hy dit nie lewer nie, volg egskeiding gewoonlik outomaties.

Dit is nie duidelik of hierdie goedere (1 bees of R10-00) as 'n versoeningsoffer of as skadevergoeding gereken word nie. Informante beweer egter dat die vrou se vader, hoewel hy normaalweg nie oor haar jurisdiksie het nie, nogtans ge= regtig is om dit van sy skoonseun te eis omdat hy sy dogter mishandel het. Die verduideliking wat informante hiervoor bied, is vir hulle heeltemal logies. Hulle beweer dat 'n skoonvader geregtig is om sy dogter in sy sorg te hou tot= dat hy die versekering het dat sy dogter in die toekoms 'n goeie behandeling van haar man en sy familie sal ontvang. Dat sy gevlug het, is juis 'n aanduiding dat sy dit nie ontvang het nie en dat haar man se familie ook nie daarin kon slaag om dit vir haar te verseker nie. Die lewering van R10-00 of 1 bees dien dan om die goeie verhoudinge tussen die twee families te herstel. 'n Man se eie familiehof kan hom nie gelas om hierdie versoeningsoffer aan hulle te lewer nie aangesien hulle dan bevoordeel word deur die mishandeling van hulle skoondogter.

Indien die familiehof van die vrou se vader sou bevind dat sy sonder goeie rede gevlug het, sal sy berispe word en ver= maan word om haar man onderdanig te wees. Die hof kan selfs beveel dat sy lyfstraf moet ontvang en haar daarna beveel om na haar man terug te keer.

Hierdie bevoegdheid wat 'n skoonvader by die stamme van Mhala

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, strook nie met die bevinding van Coertze (1971:248) by die Bafokeng nie. Hy beweer dat: "Die vrou se vader of enigeen van haar verwante het nie die reg om die man wat hulle dogter mishandel, op enige plek uit eie inisiatief aan te spreek nie" en verder: "Sy vrou se ouers het nie 'n eis teen hom vir die mishandeling van hulle dogter nie. Sy behoort as sy vrou aan sy lesika." Behalwe vir hierdie reg waaroor die skoonvader by die stamme van Mhala beskik, is die vrou, net soos by die Bafokeng, andersins volledig

onder die beheer van haar man en by uitbreiding daar=van onder die beheer van sy familie.

Die man is, soos vroeër verduidelik is, ook aanspreeklik vir die onregmatige dade van sy vrou. Enige vergryp wat sy begaan het, moet by hom as verweerder aanhangig gemaak word. Tydens hofsittings verskyn sy as verweerder in die hof maar haar man is verantwoordelik vir die skadevergoeding wat ge=lewer moet word, indien sy blaamwaardig bevind word. Hierdie aanspreeklikheid van die man is beperk tot die lewering van skadevergoeding. Die man moet die skadevergoeding uit sy eie goedere verhaal. Hy mag nie die bates wat sy vrou by=voorbeeld verwerf het deur die verkoop van die opbrengs van haar lande, daarvoor gebruik nie. Hy is slegs geregtig om hierdie eiendom as skadevergoeding te lewer indien hyself nie oor die nodige goedere beskik nie en indien sy vrou in=stem dat dit gebruik kan word. Die man is egter geregtig om sy vrou te tugtig indien sy haar by herhaling aan wange=drag skuldig maak waarvoor hy skadevergoeding moet lewer.

Aangesien die man verplig is om die skadevergoeding namens sy vrou te lewer, is hy op sy beurt weer geregtig op die skadevergoeding wat 'n hof aan sy vrou toestaan. Hy kan dit tot sy eie voordeel aanwend. Sy vrou het geen aanspraak daarop nie. Wanneer die man egter te sterwe kom, gaan hier=die goedere of die restant daarvan (met inbegrip van die aanteel of rente) nie na sy stamerfopvolger nie, maar na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die oudste seun van die betrokke vrou. Dit word dan 'n bate in die goedere wat aan haar hut behoort.

'n Man word nie aanspreeklik gehou vir die lewering van skadevergoeding wanneer sy vrou moord gepleeg het of towery beoefen het nie. In die verlede is moordsake deur die kapteinshof verhoor. Wanneer 'n persoon iemand vermoor het, moes hy met sy eie lewe daarvoor boet. 'n Getroude vrou wat skuldig bevind was aan moord, is ooreenkomstig hierdie reël doodgemaak en nie haar man nie. In die huidige tyd word alle moordsake deur die landshowe verhoor. Dit gebeur egter in die praktyk dat die beskuldigde soms vrygespreek word of slegs 'n gevangenisstraf opgelê word. Wanneer so 'n persoon ontslaan word, beteken dit nie dat hy in die oë van die gemeenskap onskuldig is of dat hy deur die uitdiening van 'n gevangenisstraf, vir sy oortreding betaal het nie. Die eiser is geregtig om 'n eis van skadevergoeding teen die persoon wat die dood veroorsaak het, in te stel. Wanneer 'n vrou dus beveel word om in so 'n saak skadevergoeding te lewer, is haar man daarvoor aanspreeklik. Op dieselfde wyse kan 'n man skadevergoeding eis van iemand wat sy vrou vermoor het of vir haar dood verantwoordelik is (vergelyk saak 48). Indien die landshowe egter 'n moordenaar ter dood veroordeel het of hom of haar 'n lewenslange gevangenisstraf opgelê het, kom die moordenaar nie terug nie en volg daar geen verdere aksie teen die man of die verwante van die moordenaar nie.

'n Man word ook nie aanspreeklik gehou wanneer sy vrou kwaad=willliglik towery beoefen het nie. Daar word geglo dat 'n vrou hierdie "bevoegdhede" van haar ouers ontvang. Enige aksie teen 'n vrou wat towery beoefen, word gevolglik by haar vader aanhangig gemaak. Indien sy skuldig bevind word, is hy aanspreeklik vir die lewering van die skadevergoeding. 'n Vader word nie onthef van hierdie aanspreeklikheid wan=neer hy sy dogter in die huwelik gee nie. Die beoefening van kwaadwillige towery is ook 'n grond waarop die man egskeiding kan aanvra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer 'n vrou skuldig bevind word en die hof beveel dat lyfstraf toegedien moet word, ontvang die vrou die lyfstraf en nie haar man nie. Indien die hof egter gelas dat skade= vergoeding naas die lyfstraf gelewer moet word, is die man aanspreeklik vir die lewering van die skadevergoeding.

'n Man bly verantwoordelik vir die onregmatige dade van sy vrou totdat hulle amptelik geskei is of totdat sy sterf. Selfs al woon sy nie meer by hom nie, bly die man nog ver= antwoordelik totdat die egskeiding gefinaliseer is. Net so is hy na haar dood steeds aanspreeklik vir die onregmatige dade wat sy voor haar dood gepleeg het. Wanneer die vonnis egter lyfstraf is of soos in die verlede by moord, die dood= straf ten gevolg het, word die vonnis ter syde gestel want die man kan nie daarvoor aangetas word nie en 'n dooie kan nie gestraf word nie.

Die sluiting van 'n huwelik verander ook die status en die handelingsbevoegdheid van die vrou. Sy word uit die gesag= sfeer van haar vader oorgeplaas na dié van haar man en sy familie waar sy, as die ondergeskikte van haar man, haar taak as vrou en later ook as moeder moet verrig. Hoewel 'n ge= troude vrou as 'n volwassene beskou word, beteken dit egter nie dat sy deur die huwelik volwasse status in die reg kry nie. Soos Coertze (1971:246) dit tereg uitdruk "geld (sy) as 'n ewigdurende minderjarige, eers onder die opsig van haar vader of voog, en later, na die huwelik, onder die op= sig van haar man of sy plaasvervanger uit sy lesika." As minderjarige in die reg het 'n vrou dus 'n uiters beperkte handelingsbevoegdheid. Sy is en bly ondergeskik aan haar man of sy plaasvervanger.

Deur die huwelik ontvang die vrou naas haar eie sibbenaam ook die sibbenaam van haar man. Dit geskied vandag in na= volging van die Blankes. Sy sal egter nooit op die sibbe= naam van haar man aangespreek word nie, maar wel as die vrou van .... 'n Getroude vrou word egter by die Changanastamme

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

nooit 'n lid van die patrilinie (<u>usende</u>) van haar man nie. Sy bly 'n lid van die linie van haar vader. Dit beteken dat sy nie die hofsittings van die linie van haar man mag bywoon nie en dat 'n saak teen haar ook nie op appèl deur die liniehof van haar man verhoor mag word nie (vergelyk hoofstuk IV 3.b.). By die Nhlanganustamme verkry 'n vrou egter lidmaatskap van die linie (<u>nyimba</u>) van haar man. Sy behou egter, net soos by die Changanastamme, haar lidmaatskap van die linie van haar vader. Ondanks die feit dat 'n vrou haar lidmaatskap van die linie waarbinne sy gebore is na die troue behou, ressorteer sy onder die beheer van haar man en sy verwante. In die praktyk beteken dit dat sy vir soverre dit aangeleenthede van haar linie betref, steeds binne die gesagsfeer van die linie van haar vader ressorteer. Dit im=pliseer dat sy die hofverrigtinge van die linie van haar vader mag bywoon en dat sy, wanneer sy haar misdra, deur 'n medelid by die liniehoof verkla mag word. Indien sy haar nie aan 'n berisping van die liniehoof steur nie, kan sy selfs aangekla word en deur die liniehof verhoor word. So=danige optrede mag egter nie sonder die toestemming van haar man geskied nie. Normaalweg is hy egter die persoon wat oor haar gedrag kom kla, sodat toestemming nie nodig is nie.

Hoewel 'n vrou buite die gesagsfeer van die <u>usende</u> of <u>nyimba</u> van haar man val, ressorteer sy vir alle ander praktiese doeleindes onder die beheer van haar man en sy verwante. Vanweë patrilokale inwoning na die huwelik, word sy 'n lid van die groter gesinne-eenheid (kralekompleks) waaraan haar man behoort en is 'n lid van die kraaleenheid van haar man. Dit beteken dat sy eerstens onder die direkte beheer van haar man kom en by uitbreiding daarvan, onder die beheer van sy vader of sy wettige voog. 'n Saak teen die vrou kan dus eerstens by haar man aanhangig gemaak word. Hy beskik oor die bevoegdheid om die saak te verhoor. Indien dit nie tot die tevredenheid van een van die partye verhoor is nie, kan die saak op appèl gaan na die hof van die groter gesinne-eenheid waaraan die man behoort of hy kan die manlike lede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die groter gesinne-eenheid dit wil sê sy vader en sy broers na sy kraal ontbied sodat die saak deur hulle verhoor kan word (vergelyk hoofstuk IV 3.a.).

## 2. Onderhoud en versorging

Dit is die plig van die man om sy vrou na sy vermoë te on= derhou, te beskerm en te versorg. Die vrou is geregtig om dit van haar man te verwag. Daarteenoor is dit die plig van die vrou om haar man en haar gesin na haar vermoë en met die middele tot haar beskikking, te versorg.

Al die stamme van Mhala is patrilinièr georden. Dit impli= seer onder andere patrilokale inwoning, dit wil sê dat die pasgetroude egpaar hulle in die kraal of in die onmiddellike omgewing van die bruidegom se ouers gaan vestig. Met die sluiting van 'n huwelik is 'n vrou dus verplig om, nadat sy aan haar man oorhandig is, by hom te woon. Dit weer verleen aan haar 'n reg om mettertyd 'n eie huishouding tot stand te bring.

Dit gebeur uiters selde dat 'n egpaar onmiddellik na die huweliksluiting hulle eie kraal inrig en bewoon. Normaalweg woon die jong egpaar vir ten minste een jaar na die huwelik= sluiting in die kraal van die man se vader. Aldaar is die vrou geregtig op haar eie hut (yindlu). Hierdie hut moet reeds voor die huweliksluiting opgerig word aangesien 'n vrou daarop geregtig is om nie 'n hut met 'n ander te deel nie. Dit is die plig van die man en nie sy vader nie, om hierdie hut op te rig. Die vermoë om aan hierdie vereiste te vol= doen, is op sigself 'n aanduiding dat die man oor die vermoë beskik om 'n vrou te onderhou. Tydens die oprigting van die hut, kan hy egter die hulp en die bystand van sy verwante vra.

Soos vroeër verduidelik is, is 'n vrou in die huidige tyd nie geregtig op 'n eie kookplek (guma of ndyangu) terwyl sy in die kraal van haar skoonvader woon nie. In die verlede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was dit wel moontlik aangesien die kraal die groter gesinne-eenheid gehuisves het. Selfs dan kon 'n vrou nie 'n eie kookplek verkry alvorens 'n jonger bruid, hetsy van haar man, hetsy van haar man se jonger broer, haar pligte teenoor die skoonmoeder kon oorneem nie. In die huidige tyd sou so 'n reëling ook moontlik wees. In praktyk gebeur dit egter dat 'n man ongeveer drie tot vier jaar na die sluiting van die huwelik, die kraal van sy vader verlaat en 'n kraal van sy eie oprig. Aldaar is die vrou geregtig op die eerste hut wat opgerig word sowel as op 'n eie kookplek. Vir alle mindere vroue wat daarna getrou word, geld dieselfde reël as hierbo. Elkeen is geregtig op 'n eie hut binne die kraal van die man maar elke vrou moet eers 'n opleidingsperiode by die hoofvrou deurloop alvorens hulle 'n eie kookplek ont= vang (vergelyk A hierbo).

'n Vrou is nie geregtig om van haar man te vereis dat hy 'n eie kraal oprig nie. Dit is 'n reëling tussen vader en seun. Wanneer 'n man egter begerig is om sy eie kraal op te rig, moet hy die toestemming van sy vader verkry. Normaalweg weier 'n vader dit nie. Hy is ook nie geregtig om dit te weier nie behalwe in die geval van 'n enigste seun of 'n jongste seun.

Die man is self verantwoordelik vir die oprigting van sy kraal. Binne daardie stamwyke wat nog nie oor afgebakende woongebied met opgemete woonpersele beskik nie, moet 'n man eers die toestemming van die wykshoof verkry alvorens hy sy kraal mag oprig op die plek wat sy vader vir hom aangewys het. 'n Wykshoof is egter nie geregtig om die "perseel" toe te ken sonder die toestemming van die man se vader nie. Hy is ook nie geregtig om 'n "perseel" aan 'n ongetroude per= soon toe te ken nie. Aangesien hierdie stamwyke ook metter= tyd beplan sal word en landelike woonbuurtes daarbinne af= gebaken gaan word, word sodanige vestiging in die huidige tyd ontmoedig. Jong getroude mans word in sulke gevalle versoek om hulle kraal binne die begrensde woonbuurtes op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


te rig. Dit versteur natuurlik die tradisionele vestigings=wyse.

Die woonpersele binne die opgemete gebiede is 'n $^1/_5$ hektaar. Bewoningsregte alhier kan verkry word met die toestemming van die plaaslike magistraat teen die betaling van R1-00 per jaar. Bewoningsregte word slegs verleen indien 'n man aan die vol=gende vereistes voldoen (i) Hy die toestemming van die kap=tein het. Hy kan dit verkry deur die betaling van 'n <u>khondza</u>-fooi van R2-50 aan die kaptein. (ii) Hy wettig ge=troud is. 'n Huweliksertifikaat as bewys van 'n siviel=regtelike huwelik of 'n registrasiesertifikaat van 'n tradi=sionele huwelik wat deur die kaptein uitgereik is, word ver=eis. (iii) Hy belastingpligtig is.

'n Man is verplig om waar hy ook al woon, vir sy vrou 'n eie hut op te rig. Die vrou is geregtig om dit van haar man te eis. Informante is egter nie bewus van een saak waarin 'n man verhoor is omdat hy versuim het om aan hierdie vereiste te voldoen nie. Hulle is dit egter eens dat die hof 'n man kan verplig om vir sy vrou 'n hut te bou. Indien hy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, is dit 'n grond vir egskeiding omdat hy haar nie na behore versorg nie.

Net soos die man verplig is om vir sy vrou 'n hut te voor=sien, is die vrou verplig om haar man te volg en die hut wat hy vir haar opgerig het, te bewoon (vergelyk saak 18). Sy mag geen ander hut bewoon as dié wat haar man vir haar opge=rig het nie. 'n Vrou mag ook slegs met die toestemming van haar man uitslaap. Wanneer sy dus by 'n vriendin wil oornag of selfs haar ouers wil besoek, mag sy dit nie sonder haar man se toestemming doen nie. Indien sy hierdie reël oortree, is haar man geregtig om haar te berispe en selfs te tugtig. Indien sy dit meermale doen, kan hy haar by sy vader gaan verkla. Indien sy vermaning ook geen vrug afwerp nie, kan die man die aangeleentheid by sy skoonvader gaan rapporteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die skoonvader kan haar berispe en selfs beveel dat sy lyfstraf moet ontvang. ('n Vrou wat egter volhard om sonder toestemming uithuisig te wees, kan moeilikheid ver= wag.) Gereelde uithuisigheid en gepaardgaande verwaarlosing van die man en die huishouding, is 'n grond vir egskeiding omdat die vrou nie haar pligte nakom nie (vergelyk sake 49 en 61).

'n Vrou het nie die reg om met die oog op haar eerste en ook latere bevallings haar hut te verlaat nie. Alle bevallings moet in haar man se kraal geskied. Indien 'n vrou sou ver= soek om elders te kraam (byvoorbeeld by haar ouerhuis), is dit 'n aanduiding vir die man dat sy owerspel gepleeg het. Volgens informante sal 'n vrou slegs sodanige versoek rig indien sy die identiteit van die vader van haar kind geheim wil hou. 'n Man sal daarom gewoonlik nooit aan so 'n versoek gehoor gee nie. 'n Vrou is egter geregtig om te versoek dat haar eie moeder as een van die vroedvroue optree.

Wanneer 'n man weens sy werksomstandighede vir weke en selfs vir maande uithuisig is, mag sy vrou nie sonder sy toestem= ming die kraal verlaat nie. Dit is haar plig om die huis= houding te behartig en haar kinders tuis te versorg. Wanneer 'n vrou onder sulke omstandighede uithuisig is, is dit 'n aanduiding dat sy op soek is na 'n ander "hut" en dat sy nie meer met die huwelik wil voortgaan nie. Normaalweg eindig haar uithuisigheid ook met 'n egskeiding.

Die man is nie net verplig om sy vrou van 'n hut te voorsien nie. Dit is ook die plig van die man om die vrou te onder= hou. Daarom moet 'n man aan elke vrou haar eie land gee waarop sy akkerbou kan beoefen. Elke vrou van 'n poliginis is verplig om dit te doen. Wanneer 'n vrou dus haar eie hut ontvang, ontvang sy ook 'n stuk land. Hierdie lande word begrens en 'n vrou mag slegs haar eie land bewerk. Met die huidige perseelstelsel is akkerbougrond egter beperk en moet daar spesiaal voor op meriete aansoek gedoen word. 'n Vrou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is tans geregtig op 'n eie tuin op 'n gewone woonperseel ($^1/5$ ha.). Op die semi-pastorale persele wat uit 'n woon=perseel van 'n $^1/5$ ha. plus addisionele bewerkbare grond van 3,4 hektaar bestaan sowel as op die pastorale persele (0,9 hektaar) is daar groter oppervlaktes grond wat deur die vrou bewerk kan word.

Die blote verskaffing van 'n land om akkerbou te beoefen, beëindig nie die onderhoudsverpligting wat 'n man teenoor sy vrou het nie. In die beoefening van die akkerbou bestaan daar 'n arbeidsverdeling tussen die man en die vrou. Die verdeling is as volg. Dit is die taak van die man om indien nodig, die lande te ontbos. Dit is ook sy taak om die lande te ploeg. Die lande word gewoonlik volgens die rangorde van die verskillende vroue geploeg. 'n Man is geregtig op die hulp van al die seuns in die kraal om die ploegwerk te doen. Hy is ook geregtig om enige bees in sy kraal te gebruik om die lande te ploeg. Die man is verder verplig om die vroue van saad te voorsien en indien hy dit nodig ag, bemesting te verskaf. Hierdie voorrade word gewoonlik aan die hoofvrou oorhandig. Dit is haar taak om die saad en die misstof aan haar mindere vroue uit te deel.

Die vrou is verplig om die plant- of saaiwerk te doen. Dit is ook haar plig om te skoffel en indien moontlik, die lande nat te lei. Die vrou moet ook die gewasse oes wanneer dit ryp is.

Daar rus geen verpligting op òf die man òf die vrou om te verseker of te poog dat reën betyds vir die ploeg- en plant=tyd sal val nie. Wanneer die wykshoof egter van voorneme is om 'n toordokter te versoek om reën te maak, is elke kraal=hoof binne die wyk onder baie sterk morele verpligting om tot die vergoeding van die toordokter by te dra (<u>ku luba</u>). Indien die reën na die poging van die toordokter steeds weg=bly, is dit die taak van die oudstes van die onderskeie families om aan die voorvadergeeste te offer. Elke volwasse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

manlike lid van die betrokke linie of groter gesinne-eenheid is onder sterk morele verpligting om tot die offer=gawe by te dra. Soms gebeur dit dat die reën na die offer=seremonies steeds wegbly. Indien dit gebeur, word daar geglo dat die voorvadergeeste om een of ander rede die reën weg=hou. Die belangrikste rede hiervoor is wanneer 'n kind wat sterf voordat hy drie maande oud is, nie op die wal van 'n rivier of 'n spruit begrawe is nie of wanneer die liggaams=dele van 'n kind wat wel daar begrawe is, nie ten volle met grond bedek is nie. (Dit gebeur soms dat honde hierdie vlak grafte oopgrawe). Dit is dan die taak van al die vroue wat reeds die vrugbaarheidsleeftyd verby is om toe te sien dat alle gestorwe babas op die korrekte plekke begrawe is en om alle oop grafte toe te gooi. Daarna moet hulle die mbelele uitvoer. Volgens Cuenod (1967) is mbelele 'n "ceremonial dance and songs, e.g. for rain making or to avert calamity." Volgens informante is dit ook die plig van alle meisies wat nog maagde is om aan die mbelele-seremonie deel te neem. Tydens die seremonie moet hulle aan 'n aflos resies met pap=lepels deelneem. Hierdie aflos vind plaas terwyl die ou vroue sing en dans. Wanneer die dogters begin sweet, sal die reën begin val. Vrouens en dogters wat nie aan hierdie aksie meedoen nie, kan nie in die hof daaroor aangespreek word nie. Hierdie seremonie vind vandag nog gereeld volgens behoefte plaas.

Elke vrou is geregtig op die opbrengs van haar land en sy moet dit aanwend om haar gesin kos te gee. Haar man mag hierdie opbrengs nie sonder haar toestemming vervreem nie. Dit is die plig van die man om vir elke vrou 'n bergplek vir graan (Ch. tsala; Nhl. dulu) te bou. Hierdie bergplek wat op pale gebou word en die vorm van 'n hut het, word agter die hut van elke vrou opgerig. Slegs die vrou het toegang tot die bergplek en kan na regte oor die inhoud beskik (vergelyk C hieronder).

Die fees van die eerste vrugte (ku luma) het by die meeste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stamme in onbruik geraak (vergelyk Junod 1927,I:394-404). By daardie stamme waar dit wel nog beoefen word (Mnisi en Nkuna) is dit nie onderhewig aan die bevel van die kaptein nie. Elke kleiner gesinne-eenheid doen dit op hul eie en wel ooreenkomstig die rangorde van die onderskeie vroue. 'n Vrou wat hierdie reël oortree, kan deur haar man berispe of selfs getugtig word. Indien sy dit by herhaling doen, word dit beskou as 'n minagting van die senioriteitsreëls van die kraal en dit kan aanleiding gee tot 'n egskeiding weens die ongehoorsaamheid van die vrou.

In die huidige tyd gebeur dit dikwels dat 'n man weens sy werksomstandighede, vir lang periodes van die kraal afwesig is. Die afwesigheid van die man beteken nie dat hy sy pligte mag versuim nie. Wanneer 'n man afwesig is, gaan sy onder= houd en versorgingspligte oor op sy jonger broer of op 'n ander manlike verwant wat hy aandui. Indien die jonger broer of familielid wat deur die man aangewys is, nie hier= die pligte nakom nie, kan die vrou nie 'n klagte teen die broer of aangedulde verwant aanhangig maak nie. Die verplig= ting rus steeds op haar man en hy moet toesien dat sy broer of verwant dit nakom. 'n Man is ook verplig om wanneer hy werk, 'n gedeelte van sy loon aan sy vrou te stuur. Die vrou kan dit van hom eis via sy vader. Indien hy na sy hier= oor by haar skoonvader gekla het, nog versuim om geld aan haar te stuur, kan die kaptein beveel dat die man 'n gedeelte van sy loon vir die onderhoud van sy gesin moet lewer. 'n Lui vrou is egter nie geregtig op 'n gedeelte van haar man se loon nie. Indien sy dus versuim om die lande te bewerk en as gevolg daarvan 'n gebrek aan inkomste het, kan 'n man nie verplig word om tot die onderhoud van die huishouding by te dra nie. 'n Man is egter verplig om, wanneer die oes swak is of wanneer die opbrengs nie voldoende is nie, 'n gedeelte van sy loon aan sy vrou te gee vir die onderhoud van die huishouding. Indien hy dit nie doen nie, kan die vrou dit van hom eis in die hof. Dit is egter baie moeilik om te bepaal watter gedeelte van sy loon 'n man aan sy vrou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet oorbetaal. Normaalweg geskied dit volgens die diskresie van die hof. Verskeie faktore is hier van belang byvoorbeeld die behoeftes van die onderskeie vroue en kinders sowel as dit wat die man nodig het om 'n normale bestaan te voer. Volgens informante bepaal die hof eers die minimum behoefte van die vrou(e) en die kinders. Daaraan móét die man voldoen. Daarna sal bepaal word watter gedeelte van die loon 'n man vir sy eie gebruik mag terughou.

Net soos wat 'n man 'n aanspraak het op die hulp en bystand van sy familie om sy onderhoud- en versorgingsplig tydens sy afwesigheid na te kom, het 'n vrou 'n aanspraak op die dienste van haar jonger suster wanneer die arbeidslas vir haar te swaar word. By al die stamme van Mhala bestaan die gebruik dat 'n vrou haar vader mag versoek om haar jonger suster te lewer om vir haar te kom hlantswa (was) dit wil sê om 'n stutvrou in haar huishouding te word. Sodanige versoek kom gewoonlik van die vrou self. Aangesien die volle hoeveelheid lovolo vir so 'n suster gelewer moet word, is die toestemming van die man noodsaaklik. 'n Man mag so 'n versoek van sy vrou nie weier nie behalwe (i) wanneer hy nie oor die nodige trougoedere beskik nie; (ii) hy die trougoedere benodig vir 'n seun wat wil trou; (iii) sy vrou lui is en slegs haar onderhoud- en versorgingsplig wil ontduik. Normaalweg rig 'n vrou so 'n versoek wanneer sy slegs dogters het of wanneer sy meer dogters as seuns het. Die trougoedere wat vir een van haar dogters gelewer word, word dan gebruik om vir haar 'n nhlantswa te trou. Haar vader is egter nie verplig om 'n nhlantswa te lewer nie. Hy het daarom nie die toestemming van sy skoonseun nodig alvorens hy een van sy jonger dogters aan iemand anders in die huwelik wil gee nie. 'n Nhlantswa wat op hierdie wyse getrou word, ontvang 'n hut van haar eie. Sy is egter nie geregtig op 'n eie kookplek of landerye nie. Sy staan onder die gesag van haar ouer suster en moet namens haar die kookwerk verrig en haar lande bewerk. Indien sy egter in staat is om meer as een land te bewerk, kan sy via haar suster vra

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat 'n addisionele land aan haar toegeken word. Andersins het sy volle status as vrou en is sy geregtig op die onder=houd en versorging van die man.

Alle informante is dit eens dat dit die taak van die man is om die veeteelt te beoefen. Hy moet dus toesien dat die beeste opgepas en saans in die kraal gejaag word. Die man is ook verantwoordelik vir die bou van 'n veekraal. Hiernaas moet hy sorgdra dat die beeste gereeld gedip en gemelk word. Elke vrou is egter geregtig op 'n gedeelte van die melk. Sy kan dit van hom eis as 'n deel van sy onderhoudsplig. Indien die man geen beeste het nie, bestaan daar geen sodanige eis nie. Wanneer 'n man weens werksomstandighede nie tuis is nie, gaan hierdie pligte op sy verwante oor. In die huidige tyd gebeur dit egter dat 'n man sowel as sy broers elders werk=saam is. Indien daar dan geen manlike verwante is om die beeste te versorg nie, kan 'n man sy vrou(e) beveel om die beeste te versorg. 'n Vrou mag nie hierdie bevel verontag=saam nie.

3. Seksuele voorregte

Die huwelik is, soos vroeër verduidelik is, 'n wettige ver=bintenis tussen een man en een vrou waardeur die verwekking van kinders mag plaasvind. Dit verleen dus by implikasie aan sowel die man as die vrou volle seksuele regte binne die huwelik. Indien een van die partye geslagsomgang aan die ander sonder 'n goeie rede sou weier, is dit 'n grond vir egskeiding.

Die man is dus enersyds geregtig op geslagsomgang met sy vrou en andersyds verplig om met haar geslagsomgang te hê. Indien sy vrou dit sonder goeie rede sou weier, is 'n man geregtig om haar te tugtig. Hy is ook geregtig om haar via sy hahane by sy vader te verkla. Indien ook sy vermaning geen vrug afwerp nie, is die man geregtig om sy vrou by haar ouers te rapporteer. Indien 'n vrou ook nie reageer op haar vader se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vermaning nie, is die man geregtig om van haar te skei.

'n Man is egter nie geregtig om geslagsomgang van sy vrou te eis wanneer sy ritueel onrein is nie. Dit is 'n taboe. 'n Vrou word as onrein beskou wanneer sy

(i) menstrueer;
(ii) rou, en
(iii) gekraam het.

Daar bestaan 'n geloof dat 'n man wat met 'n onrein vrou omgang het, 'n siekte sal opdoen. Hierdie siekte wissel by die onderskeie stamme van tering tot geslagsiekte. Sommige glo selfs dat 'n man sal sterf indien hy geslagsomgang met 'n onrein vrou het. 'n Man mag dus nie met 'n onreine omgang hê, alvorens sy nie ritueel gereinig is nie. Daar bestaan egter geen reinigingseremonie nadat 'n vrou gemen= strueer het nie. 'n Vrou moet egter ritueel gereinig word na afloop van 'n rouperiode. Die rouperiode duur normaalweg twaalf maande. Die reinigingseremonie vir 'n vrou wat ge= kraam het, geskied ongeveer ses weke na die bevalling of gewoonlik direk na afloop van haar eerste menses na die bevalling. Omgang met 'n onrein vrou is egter geen grond vir egskeiding nie. Die vrou kan ook nie 'n saak teen die man aanhangig maak nie. Sy straf ontvang hy langs bonatuur= like weg. Dit is gewoonlik 'n siekte of soms die dood. 'n Onrein vrou wat geslagsomgang het, word self nie siek nie. Daar word egter geglo dat indien sy bevrug sou word, die kind doodgebore sal word.

'n Man is geregtig om met sy vrou geslagsomgang te hê wanneer sy swanger is. Dit sal die kind "sterk maak." 'n Vrou daar= enteen is geregtig om hom geslagsomgang te weier wanneer sy merk dat die bevalling nader, dit wil sê ongeveer vier weke voor die bevalling. Indien 'n man dan met haar omgang sou hê, word daar geglo dat die kind sal sterf. 'n Vrou kan egter nie 'n saak teen haar man aanhangig maak indien hy hierdie verbod oortree nie. Daar kan ook geen eis teen die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man ingestel word indien die kind doodgebore word nie. 'n Vrou is egter geregtig om beskerming teen haar man se pogings tot geslagsomgang te vra, waarna sy toegelaat sal word om in die hut van haar skoonmoeder te oornag.

Volgens informante (hulle was almal mans), is dit vir 'n man toelaatbaar om met 'n ander vrou geslagsomgang te hê wanneer sy vrou onrein is. 'n Man kan ook geslagsverkeer met 'n ander vrou hê wanneer sy vrou swanger is. Soos later verduidelik sal word, is dié owerspel van 'n man nie 'n grond vir egskeiding nie. Indien hy egter met 'n getroude vrou owerspel pleeg of 'n ongehude meisie beswanger, kan daar 'n eis van skadevergoeding teen hom ingestel word deur die man van die vrou wat hy verlei het of die vader of voog van die meisie wat hy beswanger het.

Slegs die wettige man is geregtig om met sy vrou geslags= omgang te hê. Sy jonger broer of 'n ander verwant het geen sodanige reg nie, behalwe natuurlik wanneer die man te sterwe kom en daar ooreenkomstig die leviraatgebruik iemand aangewys word om namens hom die verwekkingsplig na te kom. 'n Jonger broer of 'n verwant het dus nie die reg om wanneer die man afwesig is en hy die vrou in die afwesigheid van haar man moet versorg, met haar geslagsomgang te hê nie. Dit word as owerspel beskou.

'n Vrou het, net soos 'n man, die reg op normale geslagsom= gang binne die huwelik. Verwaarlosing op seksuele gebied deur die man is 'n grond vir egskeiding. Selfs 'n poliginis is verplig om gereeld geslagsomgang met elk van sy vroue te hê. Indien een van die vroue ten gunste van 'n ander ver= waarloos word, is dit 'n grond vir egskeiding. "Normale geslagsomgang" is egter 'n relatiewe begrip. Dit was nie vir informante moontlik om eenstemmigheid te verkry oor wat "normale geslagsomgang" impliseer nie. Sommige het dit as normaal beskou om ten minste een keer elke nag geslagsomgang te hê. Andere weer beweer dat drie geleenthede per week as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

normale geslagsomgang beskou kan word. Almal was dit egter eens dat wanneer 'n man sy vrou vir langer as 'n week vermy, hy haar op seksuele gebied verwaarloos. Dan is sy geregtig om hom te verkla. In die geval van 'n poliginis is dit veel moeiliker om te bepaal wat "normale geslagsomgang" is, al dan nie. Die enigste reël is dat 'n man 'n vaste rotasie tussen die onderskeie vroue moet volg. Indien een van die vroue dan sonder 'n goeie rede oorgeslaan word, word dit as verwaarlosing beskou. Hierdie reël is egter nie van toe= passing op die hoofvrou nie. Aangesien dit in die huidige tyd selde voorkom dat die man 'n hut van sy eie het, oornag hy gewoonlik in die hut van sy hoofvrou wanneer hy nie 'n rotasie besoek by een van die mindere vroue aflê nie. Daar= om gebeur dit dat die man meermale in die hut van die hoof= vrou oornag. Dit word aanvaar dat wanneer 'n man by die hoofvrou oornag, daar nie noodwendig geslagsomgang plaasvind nie.

Wanneer 'n vrou op seksuele gebied verwaarloos word, kan sy haar man by sy vader via sy <u>hahane</u> gaan verkla. Die vroue van 'n poliginis kla via die hoofvrou. Die man se vader kan hom slegs berispe. Indien die man nie gehoor gee nie, kan die vrou by haar eie vader gaan kla. Hierna word dieselfde prosedure gevolg as wanneer 'n vrou van haar man vlug (verge= lyk B.1. hierbo). Daar kan egter geen eis teen 'n man inge= stel word as hy sy vrou op seksuele gebied verwaarloos nie. Die enigste gevolg vir die volstrekte weiering van huweliks= regte aan die vrou, is 'n egskeiding (vergelyk saak 54). Die man verbeur dan die trougoedere wat hy gelewer het. Hy be= hou egter die kinders (vergelyk deel III).

Wanneer 'n man weens sy werksomstandighede uithuisig moet wees, word dit nie beskou as verwaarlosing van die vrou op seksuele gebied nie. Dit is geen grond vir egskeiding nie. Die vrou is ook nie geregtig om tydens die man se afwesig= heid met iemand anders omgang te hê nie. Dit is owerspel (vergelyk sake 5, 9 en 50) al doen sy dit op aanbeveling of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die toestemming van haar skoonouers. Die enigste ver=eiste wat aan 'n man onder sulke omstandighede gestel word, is dat hy gereeld met sy vrou in kontak moet bly en dat hy moet toesien dat sy versorg is en indien nodig, gereeld 'n gedeelte van sy inkomste aan haar stuur ten einde sy ver=sorgingsplig na te kom. Indien 'n man nie aan hierdie ver=eistes voldoen nie, het hy sy vrou "vergeet". 'n Vrou is dan geregtig om via haar skoonvader 'n eis teen haar man in te stel. Die eis is vir haar onderhoud en versorging en nie vir die verwaarlosing op seksuele gebied nie.

Wanneer 'n man rou, word hy ook as ritueel onrein beskou. Gedurende die rouperiode mag hy met geen vrou geslagsomgang hê nie. 'n Vrou is daarom nie geregtig om gedurende hierdie tydperk geslagsomgang van haar man te eis nie. Sy mag ook met niemand anders geslagsomgang hê nie (vergelyk saak 53).

Impotensie van die man is nie 'n grond vir egskeiding nie. Die vrou van 'n impotente man mag ook nie met iemand anders omgang hê nie. In praktyk gebeur dit egter dat 'n impotente man sal probeer om sy onvermoë tot geslagsomgang vir die gemeenskap te verberg. Hy kan dan, met die toestemming van sy vrou, iemand van sy keuse versoek om namens hom met sy vrou omgang te hê. Op hierdie wyse is hy verseker van 'n nakroos. Die vriend het geen aanspraak op die kinders nie. Hy is ook nie geregtig om na eie keuse met die vrou omgang te hê nie. Die hele aangeleentheid word per ooreenkoms en met die instemming van die vrou gereël. Die man kan daarom nie die vriend van owerspel met sy vrou beskuldig nie. Volgens informan=te is die skande verbonde aan die impotensie van 'n man so groot dat hy dit nie sou waag om 'n saak aanhangig te maak nie.

Die steriliteit van die man en onvrugbaarheid van die vrou is ewe-eens nie 'n grond vir egskeiding nie. Wanneer 'n eg=paar kinderloos bly, moet daar egter bepaal word of die man steriel is en of die vrou onvrugbaar is. Al die stamme van Mhala ken die gebruik waarvolgens bepaal kan word wie onvrug=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

baar is. Hierdie gebruik staan bekend as ku kamba mbeleko (om onvrugbaarheid te bepaal). Ooreenkomstig hierdie ge= bruik word twee snuifdosies geneem en met graansorghum ge= vul. Die ndhuna van die man wat as tussenganger en getuie opgetree het by die huweliksluiting, oorhandig dan aan elke party 'n snuifdosie. Hierna word urine van die vrou op die saad in die een dosie gestrooi en urine van die man op die saad in die ander. Daarna word die dosies sorgvuldig bewaar. Die eienaar van die urine van daardie saad wat nie ontkiem nie, word as onvrugbaar of steriel beskou. Indien die saad in albei dosies wel ontkiem, bestaan daar twee moontlikhede waarvolgens 'n uitsluitsel verkry kan word. Sommige infor= mante beweer dat die saad wat eerste ontkiem 'n aanduiding is dat die eienaar daarvan vrugbaar is en dat die saad wat later ontkiem, 'n aanduiding is dat die eienaar daarvan minder vrugbaar of selfs onvrugbaar is. Ander informante glo dat indien die saad in albei dosies ontkiem, albei die per= sone vrugbaar is en dat daar 'n ander rede moet wees waarom die egpaar kinderloos bly. Uit die aard van die saak is dit nie nodig om 'n poliginis aan hierdie toets te onderwerp nie. Die verwekking van kinders by sy ander vroue is 'n aanduiding dat hy wel vrugbaar is. Aangesien 'n man nie kan eis dat 'n substituut vir sy onvrugbare vrou gelewer moet word nie, is die aflegging van 'n "vrugbaarheidstoets" nie 'n afdwingbare vereiste nie. Dit is volgens informante ook nog nie vante= vore in 'n hof getoets nie.

'n Man kan sy steriliteit op dieselfde wyse oorbrug as wat 'n impotente man sy onvermoë tot geslagsomgang verberg (verge= lyk hierbo). Dieselfde voorvereiste is hier van toepassing, naamlik dat dit nie mag geskied sonder die toestemming van die vrou nie. 'n Vrou is geregtig om haar toestemming te weier.

Die onvrugbaarheid van die vrou kan oorbrug word deur die lewering van 'n stutvrou (nhlantswa). Soos hierbo genoem is, is 'n man egter nie geregtig om 'n nhlantswa vir sy onvrug=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

bare vrou te eis nie. Hy is ook nie geregtig om sy vrou op grond van haar onvrugbaarheid te skei nie. Hy mag haar ook op geen wyse (seksueel of andersins) verwaarloos nie. Net soos 'n man nie 'n stutvrou vir sy onvrugbare vrou kan eis nie, kan hy ook nie, soos dit by sommige ander Bantoestamme die praktyk is, 'n stutvrou eis as sy vrou slegs seuns of slegs dogters baar nie.

Die vader van 'n onvrugbare vrou het volgens die gebruik van sororale aanvulling, 'n morele verpligting om 'n stutvrou (nhlantswa) vir sy onvrugbare dogter te lewer. 'n Vader wat nie bereid is om 'n stutvrou te lewer nie, ondervind verlies van aansien in die gemeenskap. Hy het immers tydens die huweliksonderhandeling stilswyend onderneem om 'n vrugbare vrou aan sy skoonseun te lewer. Indien hy verseg om sy skoonseun van 'n stutvrou te voorsien, loop hy ook gevaar om sy ander dogters vir die res van sy lewe as oujongnooiens te versorg. Geen man sal maklik weer daar trou nie.

'n Stutvrou staan bekend as xipfula rhumbu (dit wat die in= gewande open). Dit is die plig van 'n onvrugbare vrou om self, maar gewoonlik onder aansporing van haar man, 'n stutvrou van haar vader te vra. Indien haar vader bereid is om 'n stutvrou te verskaf, moet die skoonseun self die verdere onderhandelinge met sy skoonvader voer.

Normaalweg word 'n vrou se jonger suster (namu) as stutvrou gelewer. Dit is ook 'n voorkeurhuwelik indien die vrou on= vrugbaar is of wanneer daar ooreenkomstig die sororaat 'n tweede vrou getrou word. Indien daar nie 'n jonger suster beskikbaar is nie, kan die dogter van die vrou se jonger broer as stutvrou gelewer word. Die rede vir hierdie voor= keurhuwelik is omdat die trougoedere wat vir die onvrugbare vrou gelewer is, haar jonger broer in staat gestel het om vir hom 'n vrou te trou. Hierdie vrou staan bekend as nyatihomu (van die beeste) en haar skoonsuster het 'n morele aanspraak op haar dogter indien sy self onvrugbaar is. Net soos die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vader van die onvrugbare vrou, is haar broer ook nie in die reg verplig om sy dogter as stutvrou vir sy onvrugbare sus=ter te lewer nie. Moreel rus daar egter 'n sterk verpligting op hom om haar te lewer.

Die lovolo wat vir 'n stutvrou gelewer moet word, wissel by die onderskeie stamme. By die Nhlanganustamme is dit die helfte van die normale lovolo, dit wil sê ses beeste en by die Changanastamme is dit agt beeste. Die man moet self die lovolo voorsien. Hy is egter geregtig om goedere uit die guma van sy onvrugbare vrou te neem, ten einde die gevraagde lovolo te kan verskaf. Die onvrugbare vrou mag dit nie weier nie. Normaalweg beskik die huishouding van 'n kinder=lose vrou oor geen eiendom nie en moet die man die lovolo uit sy eie goedere voorsien. Indien die vrou se jonger broer die stutvrou verskaf, onderhandel hy met die man en ontvang hy die lovolo wat vir sy dogter gelewer is.

'n Stutvrou kan nie teruggeëis word indien die onvrugbare vrou, nadat daar vir haar 'n stutvrou gelewer is, swanger raak nie. Dit word ook nie as bedrog beskou nie en geen eis om skadevergoeding kan teen die man ingestel word nie. 'n Man is egter geregtig om 'n stutvrou, soos enige ander vrou, te skei. Wanneer die stutvrou ook onvrugbaar is, kan 'n volgende stutvrou aangevra word.

Vroeër is daarop gewys dat die wedersydse verlening van hu=weliksregte 'n vereiste is waaraan sowel die man as die vrou moet voldoen. Gepaard met hierdie vereiste het albei partye ook 'n plig tot huwelikstrou. Volgens Olivier (1975:277) is dit in die gemenereg " ... deel van die huwelikstrou dat die man sowel as die vrou hulle moet onthou van geslagtelike ver=keer met iemand buite die huwelik, onverskillig of daardie derde persoon getroud of ongetroud is. Oortreding van hier=die verbod konstitueer 'n grond vir egskeiding." Hy konsta=teer verder dat: "Owerspel is die vrywillige geslagsverkeer tussen 'n getroude persoon en 'n ander persoon wat nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eersgenoemde se eggenoot of eggenote is nie" (vergelyk ook Hahlo 1963:363). Ten einde die verskille met betrekking tot huweliksontrouheid tussen die opvattinge van die gemenereg en dié van die inheemse reg van die stamme van Mhala te ver=duidelik, moet 'n mens die plig tot huwelikstrou van die man en van die vrou afsonderlik behandel.

Owerspel (vóóswi) is by al die stamme van Mhala 'n onregmatige daad. Dit is 'n grond vir egskeiding en dit kan ook aanlei=ding gee tot 'n eis vir skadevergoeding. Huweliksontrouheid van die man word egter nie as owerspel beskou nie. Dit is dus nie 'n grond vir egskeiding van die kant van die vrou nie. Vanweë die beoefening van poliginie kan 'n vrou ook nie van haar man skei wanneer hy geslagsomgang met een van sy ander wettige vroue het nie. Wanneer 'n getroude man ooreenkomstig die leviraatgebruik (vergelyk deel III C.2.) die seksuele ver=pligtinge van 'n oorledene moet verrig, word dit ook nie as owerspel beskou nie. Dit is nie 'n grond vir egskeiding nie.

Wanneer die huweliksontrouheid van 'n man egter aanleiding gee tot die verwaarlosing van die vrou of tot die weiering aan haar van haar regmatige huweliksregte, kan die vrou haar man by sy vader verkla en kan dit uiteindelik tot egskeiding lei. Die klagte handel dan nie oor die owerspel van die man nie maar oor die verwaarlosing van sy vrou. Die vrou hoef geen bewyse van haar man se ontrouheid te lewer nie. Die feit dat hy haar huweliksregte weier of dat hy nie 'n normale geslags=verkeer met haar het nie, word as voldoende bewys beskou dat hy met ander vroue buite die huwelik geslagsomgang het. 'n Vader mag sy seun berispe indien hy sy vrou verwaarloos. Indien hy nie op hierdie vermaning ag slaan nie, is sy vrou geregtig om na haar eie mense terug te gaan. 'n Vrou is nie verplig om na haar man terug te keer alvorens hy onderneem om aan haar normale huweliksregte te verleen nie. Indien die man dit sou weier, is dit 'n grond vir egskeiding. Hy verbeur dan ook al die trougoedere wat hy gelewer het (vergelyk saak 54).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Huweliksontrouheid deur die vrou word as owerspel beskou. 'n Getroude vrou mag met niemand anders as haar wettige man geslagsomgang hê nie. Die enigste uitsondering op hierdie reël is wanneer: (i) Die man impotent is. Die vrou kan dan met toestemming en op aanbeveling van haar man geslagsgemeen= skap met 'n ander man hê. Die vereistes vir sodanige geslags= omgang is hierbo verduidelik. (ii) Die man steriel is. Vergelyk hierbo. (iii) Die man oorlede is. Soos later ver= duidelik sal word, sal daar iemand anders aangewys word om die seksuele verpligtinge van 'n oorlede man oor te neem. 'n Weduwee mag egter nie met iemand anders as die wettig aangewesene, geslagsomgang hê nie. Ook dit geld as owerspel.

Owerspel van die vrou is enersyds 'n grond vir egskeiding en andersyds aanleiding tot 'n eis vir skadevergoeding. Wanneer 'n vrou owerspel pleeg, het haar man die reg om summier van haar te skei. In die praktyk gebeur dit egter selde. Nor= maalweg sal hy haar tugtig wanneer sy die eerste keer ower= spel pleeg. Die man het die reg om dit te doen. Dit word nie as aanranding beskou nie. Hy het egter nie die reg om 'n eis van skadevergoeding teen sy vrou of teen haar vader in te stel nie. Hy kan wel 'n eis van skadevergoeding instel teen die persoon wat met sy vrou owerspel gepleeg het. Indien 'n vrou vir 'n tweede keer owerspel pleeg, is 'n egskeiding die logiese gevolg.

Die ideale getuienis vir owerspel is wanneer 'n man die owerspeliges op heterdaad betrap. Hy is dan geregtig om sy vrou sowel as die oortreder te tugtig. In die verlede het hy selfs die reg gehad om albei dood te maak. Indien hy 'n saak van owerspel aanhangig wil maak, is sy ooggetuienis alleen nie voldoende bewys van die daad nie. Dit moet met addisionele getuienis aangevul word. Die normale gebruik is dat 'n man 'n kledingstuk van die oortreder neem as 'n addisio= nele bewys.Hy kan ook alarm maak ten einde addisionele oogge= tuies by te roep. Omstandigheidsgetuienis word ook deur die howe aanvaar (vergelyk saak 50). Naas die getuienis van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man is die erkenning van die vrou van die uiterste belang. Haar erkenning word gewoonlik aanvaar wanneer die man weens sy werksomstandighede nie tuis was toe die daad gepleeg is nie (vergelyk sake 8 en 17). 'n Kraambederkenning deur die vrou is ook voldoende bewys van owerspel. Wanneer 'n vrou onwillig is om in die kraal van haar man te kraam, kan die man dit ook aanvaar as 'n aanduiding dat sy owerspel gepleeg het.

'n Man kan ook, indien hy agterdogtig is, 'n vriend versoek om die bewegings van sy vrou dop te hou (vergelyk ook Junod 1927,I:196). Die getuienis van die vriend moet egter net soos dié van 'n eggenoot wat die owerspeliges op heterdaad betrap met òf addisionele ooggetuienis òf met 'n kledingstuk bevestig word.

Die owerspel van 'n vrou kan ook deur haar swangerskap bewys word. In hierdie verband moet mens Olivier (1969:314) gelyk gee " ... dat die delikpleger, indien dit bewys is dat hy met die vrou owerspel gepleeg het, ook verantwoordelik gehou word vir die swangerskap tensy (a) hy bevredigende bewys kan lewer dat hy onmoontlik vader van die kind kan wees; en (b) dit blyk dat die vrou se eggenoot ook seksuele toegang tot haar gehad het gedurende die tyd van oorspel." Indien 'n eggenoot die owerspel van sy vrou met haar swangerskap wil bewys, moet hy dus bewys dat hy onmoontlik die vader van die kind kan wees omdat hy nie geslagsgemeenskap met sy vrou gehad het toe bevrugting plaasgevind het nie. Die man kan ook wag totdat die kind gebore is. Na die geboorte van die kind kan hy (i) die getuienis van die vroedvroue wat die be=valling behartig het, aanbied; (ii) probeer bewys dat die kind soos die oortreder lyk; (iii) die kraambederkenning van sy vrou gebruik. Sodanige bewyse word gewoonlik gelewer wanneer 'n man weens sy werksomstandighede vir 'n lang tyd=perk uithuisig was (vergelyk sake 8, 17 en 50). Dit word deur die howe aanvaar. Indien die eggenoot nie weet wie sy vrou beswanger het nie en sy ook weier om die naam van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

oortreder te verstrek, kan die eggenoot uit die aard van die saak nie 'n eis van skadevergoeding instel nie. Die swangerskap van sy vrou is egter 'n grond vir egskeiding.

Indien 'n vrou van haar man se kraal dros en saam met 'n ander man gaan woon, word geen addisionele getuienis vir haar owerspel vereis nie. Die eiser moet slegs bewys lewer dat sy vrou gedros het en dat sy saam met die verweerder woon of gewoon het. Teen die verweerder kan dan 'n eis van skadevergoeding ingestel word.

Coertze (1971:266) wys in die geval van die Bafokeng van Rustenburg daarop dat "wanneer 'n persoon 'n man kom vertel dat hy sy vrou en 'n ander op heterdaad in owerspel betrap het, het die eggenoot onmiddellik 'n eis vir skadevergoeding vanweë hierdie nuusaandraery teen die informant." By die stamme van Mhala kan daar egter nie op hierdie wyse teen 'n nuusdraer opgetree word nie. Die getuienis van nuusdraers word in elk geval nie aanvaar nie (vergelyk saak 12). 'n Nuusdraer kan egter wel deur 'n hof berispe en selfs getug= tig word vir sy onrusstokery.

Die oogluikende toelating van owerspel op 'n sekere tydstip kan nie by 'n latere geleentheid aanleiding gee tot 'n eis vir skadevergoeding teen die oortreder nie. In saak 10 het twee egpare oor en weer owerspel gepleeg. In hierdie saak was die verweer van die verweerder dat die eiser vantevore ook met die vrou van die verweerder owerspel gepleeg het. Die hof het sy verweer verwerp op grond daarvan dat die ver= weerder die vroeëre owerspel oogluikend toegelaat het

'n Eggenoot mag slegs 'n eis van skadevergoeding weens ower= spel instel indien hy nog wettig met die vrou getroud is. Hy beskik nie oor die reg om skadevergoeding van die oortreder te eis, nadat hy van sy vrou geskei het nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die eggenoot van die vrou wat owerspel gepleeg het, is die eiser van die skadevergoeding. Hy is in alle gevalle ook geregtig op die skadevergoeding wat gelewer word. Wanneer die vrou egter om een of ander rede in die kraal van haar vader vertoef en sy aldaar owerspel pleeg, kan haar vader 'n eis om skadevergoeding namens haar man instel. Hy moet egter die skadevergoeding wat gelewer word, aan die wettige eggenoot oorbetaal (vergelyk saak 51).

Indien 'n man oorlede is, is sy broer of familielid wat ooreenkomstig die leviraatgebruik aangewys is om die weduwee te versorg, die eiser. Die skadevergoeding wat toegeken word, gaan egter na die boedel van die oorledene en nie na die eiser nie. Indien iemand anders as die versorger van die weduwee aangewys word om die seksuele verpligtinge van die oorledene te behartig (vergelyk deel III B.2.b.), bly die versorger van die weduwee steeds die eiser. Hy is aanspreeklik vir die dade van die weduwee en is insgelyks, die enigste persoon wat 'n eis om skadevergoeding vir haar owerspel mag instel.

Die hoeveelheid skadevergoeding wat 'n man vir owerspel mag eis, is deur die stamreg vasgestel. Wanneer die saak in die nie-openbare howe verhoor word, is die eis 5 beeste of R50-00 (vergelyk ook Ramsay 1941:21). Die bewering van Junod (1927,I:197) dat die volle hoeveelheid <u>lovolo</u> as skadevergoeding vir owerspel geëis word, is dus nie op die stamme van Mhala van toepassing nie. In 'n openbare hof is die eis ook 5 beeste of R50-00, maar die uitspraakskuldenaar moet in hierdie howe 'n addisionele bees of R10-00 lewer aan die hof wat die saak verhoor het. Hy moet ook die <u>mangala</u> wat die eiser gelewer het, aan hom terugbetaal. Enige kledingstuk wat die eiser van die verweerder geneem het, ten einde die owerspel met sy vrou te bewys, moet egter aan die uitspraakskuldenaar teruggegee word.

In 'n eis vir owerspel word daar anders as by die verleiding

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 'n ongetroude meisie, geen onderskeid gemaak tussen blote geslagsgemeenskap en die beswangering van die vrou nie. Die eis is vir owerspel en is in alle gevalle dieselfde. Wanneer die owerspel deur swangerskap gevolg word, kan daar ook nie 'n addisionele of 'n tweede eis ingestel word nie. Indien die verweerder op heterdaad betrap is en reeds 'n pak slae van die eiser ontvang het, word dit ook nie as genoeg= doening beskou nie. In die praktyk gebeur dit dan ook dikwels dat die verweerder eers 'n pak slae van die eiser ontvang en daarna nog die volle hoeveelheid skadevergoeding moet lewer.

Soos hierbo verduidelik is, is die hoeveelheid skadevergoe= ding by al die stamme van Mhala vasgestel. Olivier (1969: 324) beweer dat die hof onder bepaalde omstandighede die diskresie het om die skadevergoeding vir owerspel te verhoog of te verlaag. Die faktore wat in hierdie verband volgens hom deur die hof in aanmerking geneem kan word, is onder an= dere die mate waarin die eggenoot sy vrou verwaarloos het of sleg behandel het, die tydperk van afwesigheid van die man en die herhaling van die delik ten spyte van optrede deur die eggenoot. By die stamme van Mhala beskik 'n hof nie oor so 'n wye diskresiebevoegdheid nie. Die enigste twee faktore wat wel daartoe aanleiding kan gee dat die hof van die ge= bruiklike skadevergoeding kan afwyk is: (i) Wanneer 'n nabye bloedverwant van die man en meer bepaald sy eie broer of halfbroer of sy eie vader of vadersbroer, owerspel met sy vrou pleeg. By die Changanastamme word dit as 'n groot oor= treding beskou. Dit grens aan bloedskande. Die eis vir sodanige owerspel is daarom dubbeld die normale, dit wil sê 10 beeste of R100-00. Die Nhalanganustamme beskou dit egter nie as grensende aan bloedskande nie. By hierdie stamme is die eis dieselfde as die gebruiklike. Die eis is egter nooit minder as die gebruiklike nie (vergelyk egter in hierdie ver= band Coertze (1971:264) en Schapera (1959:267-8)). Volgens hierdie skrywers is die skadevergoeding, wanneer die verleier aan die <u>lesika</u> van die verontregte eggenoot behoort, minder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


as die normale hoeveelheid skadevergoeding. (ii) Wanneer 'n vrou vir 'n tweede keer owerspel pleeg, kan haar man nie vir 'n tweede keer skadevergoeding eis nie. Al die stamme van Mhala ken in hierdie verband die uitdrukking wansati u rihiwa kan'we - vir 'n vrou word net eenkeer betaal. Hoewel 'n man nie skadevergoeding kan eis van dieselfde man wat vir 'n tweede keer met sy vrou owerspel gepleeg het nie, beskik enige hof egter oor die bevoegdheid om te beveel dat die ver= weerder in so 'n geval lyfstraf ontvang. Die eiser kan selfs versoek dat sy vrou ook lyfstraf moet ontvang wanneer sy vir 'n tweede keer met dieselfde man owerspel pleeg (vergelyk saak 11). Normaalweg skei 'n man van sy vrou wanneer sy her= haaldelik owerspel pleeg. Wanneer 'n vrou vir 'n tweede keer owerspel pleeg met iemand anders as die eerste oortreder, kan haar man ook geen skadevergoeding eis nie. In hierdie geval kan die hof beveel dat die verweerder sowel as die vrou van die eiser (slegs op versoek van die eiser), lyfstraf moet ontvang.

Uitlokking van die oortreder deur 'n vrou of geslagsomgang teen vergoeding (prostitusie) kan onder geen omstandighede as 'n geldige verweer aangebied word of daartoe aanleiding gee dat daar van die normale hoeveelheid skadevergoeding afgewyk word nie. Prostitusie is nie 'n oortreding nie. Teen die vrou word nie opgetree nie. Die eggenoot van 'n prosti= tuut (gelegele - warrelwind of nwahuba-zuka - 'n goedkoop-ding (vry vert.) is egter geregtig om van haar te skei weens haar owerspel. Hy is ook geregtig om die gebruiklike hoeveelheid skadevergoeding vir owerspel van die oortreder te eis. Die oortreder daarenteen het nie die reg om die "sikspens" wat hy aan die vrou gegee het, terug te eis nie. Die skadever= goeding kan ook nie dienooreenkomstig verminder word nie.

Die verkragting (ku khoma - om te gryp of om te forseer) van 'n getroude vrou, word as 'n ernstige oortreding beskou. Aan= gesien 'n kaptein nie oor die bevoegdheid beskik om sulke sake te verhoor nie (vergelyk die bepalings van die Swart

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Administrasiewet Nr. 38 van 1927), behoort sulke sake direk na die plaaslike magistraat verwys te word. In die praktyk gebeur dit ook soms. Uit ondervraging het dit egter geblyk dat die gevangenisstraf of boete wat 'n oortreder op hierdie wyse deur die magistraat opgelê word, nie deur die eiser as kompensasie vir die inbreuk op sy huweliksregte be= skou word nie. Dit word gewoonlik gevolg deur 'n eis vir skadevergoeding in die inheemse howe. Soms word 'n verkrag= tingsaak direk deur die onderskeie stamhowe verhoor. Dit word dan as 'n eis om skadevergoeding aangehoor. Die eis is hoër as dié vir gewone owerspel. Dit wissel tussen 7 beeste of R70-00 tot 9 beeste of R90-00 by die onderskeie stamme.

Ten slotte moet daarop gewys word dat 'n eis om skadever= goeding teen die verweerder nie daartoe aanleiding gee dat 'n man nie van sy vrou mag skei op grond van haar owerspel nie. 'n Man het die reg om wanneer sy vrou vir die eerste keer owerspel pleeg, 'n eis om skadevergoeding teen die oor= treder in te stel sowel as om daarna van sy vrou te skei. Soos hierbo verduidelik is, mag 'n man egter nie 'n eis van skadevergoeding instel wanneer sy vrou vir 'n tweede of ver= dere keer owerspel pleeg nie. In sulke sake is die man ge= regtig om te vra dat die oortreder sowel as sy vrou lyfstraf moet ontvang. Hy het die reg om daarna van sy vrou te skei.

## C. Vermoënsregtelike gevolge van die huwelik

Die sluiting van die huwelik het besondere vermoënsregtelike gevolge vir sowel die man as die vrou. Deur die huwelik kom 'n gesamentlike boedel tot stand. Hierdie boedel staan onder die beheer van die man en alle goedere van die gesin of goe= dere wat 'n lid van die gesin mag verkry of toekom, word in die gesamentlike boedel opgeneem. Soos later verduidelik sal word, is daar egter goedere wat die persoonlike eiendom van die vrou is asook goedere waarop die vrou 'n aanspraak het. Hierdie goedere vorm wel deel van die gesamentlike boedel maar die man mag dit nie vervreem sonder die instemming van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die vrou nie. Alle ander goedere in die gesamentlike boedel is onder die direkte beheer van die man.

Die huwelik het ten gevolg dat die vrou onder die maritale mag van die man kom. Soos vroeër verduidelik is, word 'n vrou as permanent minderjarig in die reg beskou. Die man alleen het dus handelingsbevoegdheid ten opsigte van die ge= samentlike boedel. Alle informante is dit egter eens dat die instemming van die vrou noodsaaklik is by enige handeling van die man met die gesamentlike boedel. Die toestemming van die vrou is egter nie noodsaaklik nie. Indien sy dus haar toe= stemming weier, kan die man voortgaan met die handeling. Hierdie handelingsbevoegdheid waaroor die man beskik, verskil van die bevinding van Coertze (1971:267) by die Bafokeng. By die stamme van Mhala kan 'n handeling van die man, sonder die instemming van die vrou, nie soos by die Bafokeng deur 'n hof nietig verklaar word nie. Die man het egter 'n onderhoud- en versorgingsplig teenoor sy vrou. Indien hy hierdie plig nie nakom nie, kan sy dit van hom eis. Die nalating van sy ver= sorgingsplig is ook 'n grond vir egskeiding. Enige handeling van die man wat die boedel op so 'n wyse benadeel dat hy nie sy versorgingsplig kan nakom nie, is grond vir 'n klagte deur die vrou. Die handeling met die boedel kan egter nie deur die klagte van die vrou, tot niet gemaak word nie.

Hierteenoor het 'n vrou nie die reg om na eie goeddunke met die gesamentlike boedel te handel nie. Sy word as handelings= onbevoegd beskou. Dit beteken nie dat 'n vrou oor geen han= delingsbevoegdheid beskik nie. Sy mag met die gesamentlike boedel handel maar dan moet dit met die uitdruklike toestem= ming van die man geskied. Indien sy sou handel sonder die toestemming van die man, kan die handeling deur 'n hofbevel nietig verklaar word.

Die stamme van Mhala maak nie 'n duidelike onderskeid tussen die verskillende vermoënsbestanddele in die gesamentlike boedel nie (vergelyk Olivier 1969:139 e.v.). Die gesament=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

like boedel is bekend as ndzhaka ya muti, dit wil sê die boedel van die kraal en die kraalhoof is die eienaar daar=van. Daarom is die kraalhoof ook bekend as nwini wa muti, dit wil sê die eienaar van die kraal. Tydens sy lewe het hy 'n beskikkingsreg oor al die eiendom van sy kraal. Na sy afsterwe is daar eers sprake van 'n duidelike onderskeid tussen algemene kraaleiendom en huis- of huteiendom. Spe=sifieke persone het dan 'n aanspraak op die vererwing van spesifieke goedere uit die boedel (vergelyk hoofstuk VI). Daar is egter nie spesifieke benaminge vir spesifieke ge=deeltes van die boedel nie. Alle eiendom is bekend as mpahla. Dit sluit kraal- sowel as huiseiendom in. Die enigste goedere wat uitgesonder word, is die persoonlike eiendom van die man en die vrou.

Sowel die man as die vrou het persoonlike eiendom. Dit is egter gering in waarde. Die persoonlike eiendom van die vrou is bekend as xibya (mv. swibya). Dit bestaan uit die bruidskat wat sy van haar ouers ontvang het sowel as alle artikels wat sy met haar saamgebring het ten tye van haar huwelik. Dit bestaan gewoonlik uit eetgerei, slaapmatte, komberse, ensovoorts. 'n Bruid ontvang egter nie soos by ander Suidoos-Bantoestamme 'n bees as bruidskat van haar vader nie (vergelyk in hierdie verband: Coertze 1971:276; Jacobs 1974:227; De Clercq 1975:311 en Olivier 1969:154). Daar word ook geen "maagdelikheidsbees" ter bevestiging van die maagdelikheid van die bruid gelewer nie (vergelyk Olivier 1969:159). Die enigste ander persoonlike eiendom waaroor 'n vrou kan beskik, is haar persoonlike kledingstuk=ke, ornamente en versiersels, kookgerei en persoonlike ge=skenke wat sy van haar man ontvang het. Aangesien die meeste van hierdie artikels noodsaaklik is vir die daaglikse gebruik, word daar selde of ooit mee gehandel. Hoewel hier=die goedere as die persoonlike eiendom van die vrou beskou word, het sy nie 'n volle beskikkingsreg daaroor nie. Alleen die man kan dit vervreem. Hy mag dit egter nie doen sonder die uitdruklike toestemming van die vrou nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die verdienste van 'n vrou word nie as haar persoonlike eiendom beskou nie. Alle arbeid wat 'n vrou verrig, verrig sy namens die man en die inkomste wat sy daaruit verkry, word deel van die gesamentlike boedel. Daarom mag 'n vrou haar nie aan 'n werkgewer verhuur sonder die toestemming van die man nie. Die rede waarom 'n vrou gaan werk, is egter nie om die boedel te verryk nie. 'n Vrou gaan slegs werk wanneer daar armoede heers of wanneer die inkomste van die man nie voldoende is om sy gesin(ne) te versorg nie. Die verdienste van die vrou moet daarom aangewend word om die nodige lewensmiddele aan te skaf. 'n Man mag dus nie die verdienste van sy vrou vir 'n ander doel aanwend sonder die uitdruklike toestemming van die vrou nie. 'n Poliginis mag die verdienste van een vrou ook nie aanwend om 'n ander vrou te versorg nie. Dit kan slegs gedoen word met die uitdruklike toestemming van die vrou wat dit verdien het. Indien die man dit wel sou doen, kan die benadeelde vrou hom by sy vader verkla.

Die vrou het ook geen beskikkingsreg oor boetes of skadever= goeding wat deur 'n hof toegestaan word ten opsigte van 'n onregmatige daad wat teen haar gepleeg is nie. Dit word deel van die gesamentlike boedel en die man het volle be= skikkingsreg daaroor. Hy het ook nie die toestemming van die vrou nodig alvorens hy daarmee mag handel nie. Dit word ook nie na sy dood as 'n deel van die bepaalde huis se eien= dom beskou nie, maar wel as algemene kraaleiendom wat na die stamerfopvolger vererf. Die rede hiervoor lê daarin dat 'n man ten volle aanspreeklik is vir die lewering van skadever= goeding vir 'n onregmatige daad wat deur sy vrou gepleeg is en daarom ook skadevergoeding moet ontvang. Wanneer die man namens sy vrou skadevergoeding moet betaal, mag hy nie goe= dere waarop sy 'n gebruiksaanspraak het (byvoorbeeld haar akkerbouprodukte), gebruik om as skadevergoeding vir haar oortreding te lewer nie.

Net soos die vrou het die man ook sekere persoonlike be=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sittings en hiermee mag die man handel sonder die toestemming of die instemming van die vrou. 'n Man se persoonlike besittings bestaan normaalweg uit sy kledingstukke, kieries, gereedskap en daardie gedeelte van sy loonverdienste wat nie benodig word vir die onderhoud en versorging van sy gesin(ne) nie. Indien die loonverdienste van die man nie benodig word vir die onderhoud en versorging van sy gesin(ne) nie, het die vrou geen aanspraak daarop nie. Dit gebeur egter selde dat 'n man gaan werk om homself te verryk. Hy doen dit juis om sy familie te versorg. Sy loonverdienste of 'n gedeelte daarvan word dan aan die vrou(e) oorhandig om lewensmiddele aan te koop.

Alle ander bates van die man sowel as die vrou vorm deel van die gesamentlike boedel en is onder die direkte beheer van die man. Soos vroeër verduidelik is, maak die stamme van Mhala nie 'n duidelike onderskeid tussen hierdie bates terwyl die man nog lewe nie. Daarom is daar selde sprake van kraal- en huiseiendom voordat die boedel beredder word. Daar bestaan ook nie die gebruik dat 'n man gedurende sy lewe beeste of goedere aan 'n bepaalde huis toewys wat dan as huis- of hutgoedere gereken kan word nie. Dit is ook die bevinding van Ramsay (1941:26) wat met verwysing na die stamme van Mhala in hierdie verband beweer dat: "The Tsonga tribes differ from many others in their system of ownership and inheritance. While the head of a kraal is alive, all property in the kraal belongs to him and he may do as he likes with it. His unmarried sons and daughters are minors and their earnings belong to him. There is no division of property into houses (wives' separate huts or estates); it is lumped together as one entity." Die bewering van Ramsay dat die man " ... may do as he likes with it" is egter in die huidige tyd, nie heeltemal korrek nie. Soos hieronder aangedui sal word, word daar sekere beperkings geplaas op die handelingsbevoegdheid van die man met sekere bestanddele van die gesamentlike boedel. Mens moet dit egter weer hier uitdruklik stel dat 'n eiegeregtige handeling van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man met die gesamentlike boedel, nie deur 'n hofbevel tot niet gemaak of herstel kan word nie.

Wanneer 'n man 'n tweede vrou wil trou, is dit goeie maniere dat hy dit met sy eerste vrou sal bespreek en dat hy ook haar instemming daarvoor sal vra. Hy het egter nie die toe= stemming van sy vrou nodig om beeste uit die gesamentlike boedel te neem vir die lewering van trougoedere nie - veral nie as dit beeste is wat hyself in die gesamentlike boedel gebring het nie. Wanneer die man egter beeste wat deur die vrou in die gesamentlike boedel gebring is, (byvoorbeeld beeste wat met haar verdienste aangekoop is) as lovolo wil gebruik, word daar egter 'n beperking op sy handelingsbe= voegdheid geplaas. Volgens informante moet hy die toestem= ming van sy vrou verkry alvorens hy van hierdie beeste as trougoedere kan gebruik. Hulle voeg egter dadelik by dat 'n vrou gewoonlik nie haar toestemming sal weier nie. Al= hoewel die man tog sonder hierdie toestemming die beeste sou kon gebruik, sal hy 'n ernstige verlies van aansien on= der sy eie verwante en sy skoonfamilie ondergaan.

Hoewel dit teoreties moontlik is, gebeur dit uiters selde in die praktyk dat 'n man so 'n handeling sal deurvoer sonder die toestemming van sy vrou. Drie belangrike redes kan hiervoor aangevoer word te wete

(i) 'n Vrou wat getrou word met goedere wat deur 'n ander vrou in die boedel gebring is, word toegevoeg tot daardie vrou. Dit beteken dat sy haar opleiding van die betrokke vrou moet ontvang en dus indirek onder die gesag van daardie vrou geplaas word. Haar hut word langs dié vrou s'n opgerig en sy ontvang vir ten minste die eerste jaar na die huweliksluiting ook geen kookplek van haar eie nie. Sy kook by en onder toesig van die vrou wat die goedere waar= mee sy getrou is, in die boedel gebring het. Wanneer 'n man dus 'n tweede of verdere vrou trou sonder die toestem= ming van daardie vrou wat die beeste in die boedel gebring

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, kan dit in die praktyk oneindig baie probleme vir hom veroorsaak.

(ii) Die goedere wat deur 'n vrou in die boedel gebring is, word na die afsterwe van die man, huis- of hutgoedere van daardie vrou. Wanneer 'n man dan van hierdie goedere gebruik om 'n ander vrou mee te trou en sy eerste vrou op hierdie wyse so verarm dat sy na sy dood 'n sukkelbestaan sal voer, kan sy hom vroegtydig by sy vader verkla. Die vader en by uitbreiding die familieraad, kan die man probeer oorreed om af te sien van die handeling. Hulle kan hom eg= ter nie verbied om met die boedel te handel nie. Sou hy teen die sin van sy vrou en sy familie tog voortgaan met die handeling, kan die vrou na haar vader terugkeer. Dit word gewoonlik opgevolg met 'n skeisaak.

Die sukses wat 'n vrou in so 'n saak sal hê, sal afhang van die bepaalde omstandighede, naamlik of die handeling van die man die vrou en haar gesin met sekerheid op so 'n wyse sal benadeel dat dit hulle na sy dood sal verarm. 'n Mens moet in hierdie verband onthou dat die familie van die man, volgens die leviraatgebruik, verantwoordelik is vir die onderhoud en die versorging van die vrou na die man se dood. 'n Man wat op so 'n wyse met die gesamentlike boedel handel dat dit na sy dood een, of meer as een verarmde vrou, aan die versorging van sy verwante opdra, kan nie reken op die steun van sy familie nie. Hulle sal die vlugaksie van die vrou gewoonlik ondersteun. Indien die handeling van die man egter nie so 'n nadelige uitwerking op die boedel sal hê nie, het die vrou weinig kans op sukses. Sy sal vir haar selfsugtigheid berispe word. Sy kan selfs vir haar vermetel= heid getugtig word en deur haar vader aangesê word om na haar man terug te keer.

(iii) Beeste wat as trougoedere gelewer word vir die dogter van 'n spesifieke vrou, word na die dood van die man die huteiendom van daardie spesifieke huis. Hierbenewens word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sodanige beeste normaalweg ook gebruik as trougoedere vir 'n seun uit daardie huis. Wanneer 'n man van hierdie beeste wil neem om 'n tweede of verdere vrou te trou, het hy die instemming van die vrou daarvoor nodig. Indien hy daarsonder sou handel, kan 'n vrou dieselfde prosedure as wat hierbo verduidelik is, volg ten einde die huteiendom te beskerm en ook te verseker dat haar seun(s) van trougoedere voorsien sal kan word.

In hierdie verband beweer Ramsay (1941:26) dat (i) "Dowry received for a daughter of whatever wife or house belongs to the father and not to the house which produced the daughter." (ii) "It is fairly usual, however, for a father to allow such stock to be used by the wife who bore the daughter in question." (iii) "There is no action at the disposal of a son of any wife for stock received by the father for a girl of the same mother and which is disposed of by the father." en (iv) "The latter is free to sell it, place it at the disposal of another house, or do as he pleases with it." Die bewering van Ramsay is in subpunte verdeel ten einde elke regsreël wat hieruit mag voortspruit, afsonderlik te behandel.

In die lig van die beginsel dat daar nie hutgoedere tot stand kom terwyl die man nog lewe nie, klink die bogenoemde bewerings van Ramsay korrek te wees. In die praktyk geskied dit egter anders. Volgens segsmanne is dit teoreties waar dat 'n man ten volle oor die beheer van die trougoedere wat vir enige van sy dogters by enige vrou gelewer is, beskik. In die praktyk word hierdie vrye handelingsbevoegdheid van die man egter aan bande gelê. In die huidige tyd het 'n man slegs volle beskikkingsreg oor die trougoedere wat vir die eerste dogter uit elke huis ontvang word. Hy mag daarmee na sy eie goeddunke handel. Na sy afsterwe word hierdie goedere deel van die algemene kraalgoedere en word dit nie as 'n deel van die hutgoedere van die betrokke huis gereken nie. Alle verdere trougoedere wat ontvang word, behoort tot die ge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

samentlike boedel van die man, die spesifieke vrou en haar kinders. Die man het reg van beheer oor hierdie goedere maar dit is nie onbeperk nie. Aangesien hierdie goedere na sy afsterwe as hutgoedere gereken word, kan die man nie daarmee handel alvorens hy die toestemming van die vrou ont= vang het nie. Die bewering van Ramsay ten opsigte van punt (i) hierbo is dus slegs gedeeltelik korrek. Mens moet egter weer toegee dat 'n vrou nie oor die reg beskik om haar toe= stemming te weier nie, maar 'n man wat herhaaldelik met hierdie goedere handel sonder die toestemming van sy vrou, kan teëspoed verwag omdat hy in die oë van sy vrou die erf= goedere van haar kinders benadeel.

Ten opsigte van punt (ii) hierbo, is die bewering van Ramsay ook nie heeltemal korrek nie. Aangesien daar nie sprake is van hutgoedere terwyl 'n man nog lewe nie, gebeur dit nie in die praktyk dat 'n vrou 'n aanspraak het op die gebruiksreg ten opsigte van hierdie goedere nie. Terwyl 'n man nog lewe, is dit sy plig om elke vrou en haar kinders te onderhou en te versorg. Vir hierdie plig verdeel 'n man nie sy beeste in soveel afsonderlike krale nie maar word hulle tesame in een kraal gehuisves. Geen vrou is geregtig op die produksie (melk) van 'n spesifieke bees nie - elke vrou is slegs ge= regtig op haar aandeel uit die gesamentlike produksie van die beeste. Dit wat oor is, kan die man na eie goeddunke aanwend. Wanneer 'n man moet ploeg, gebruik hy ook nie spesifieke beeste om die lande van elke afsonderlike vrou te ploeg nie. Hy wend die beeste na sy eie goeddunke aan om die onderskeie lande te bewerk.

Ten opsigte van punt (iii) hierbo is Ramsay egter heeltemal korrek. Hoewel 'n seun sy eerste vrou normaalweg trou met goedere wat vir sy geskakelde suster gelewer is, het hy geen aanspraak daarop terwyl die vader nog lewe nie. Soos vroeër verduidelik is, rus daar 'n plig op die vader om by te dra tot die trougoedere vir die eerste vrou wat elke seun trou. Normaalweg gebruik hy die beeste wat vir die geskakelde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


suster gelewer is. Die seun kan egter nie die spesifieke beeste van hom eis nie.

Die bewering van Ramsay onder punt (iv) hierbo en meer spesifiek sy bewering dat: "The latter is free (to) ... place it at the disposal of another house" is nie heeltemal korrek nie. By die stamme van Mhala geld in hierdie verband die grondliggende beginsel soos deur Olivier (1969:146) uiteengesit is, naamlik: "... dat die kraalhoof nie een huis mag verryk ten koste van 'n ander, of een huis mag verarm ten voordele van 'n ander huis of van iemand anders nie" en verder " ... indien hy eiendom wat aan een huis verbonde is ten voordele of ten behoewe van enige ander huis in die kraal gebruik, rus daar op sodanige ander huis 'n verpligting om dit of die gelyke waarde daarvan terug te besorg." Hiervolgens mag die man nie goedere wat vir 'n dogter uit een huis gelewer is, verkoop of dit tot voordeel van 'n ander huis aanwend, sonder die toestemming van die spesifieke vrou nie. Wanneer 'n spesifieke huis egter oor meer as voldoende goedere beskik byvoorbeeld wanneer daar slegs dogters is of meer dogters as seuns is, en die vrou haar toestemming gee, kan die man van daardie beeste verkoop ten einde sy versorgingsplig teenoor 'n ander huis na te kom. Wanneer hy dit doen, ontstaan daar geen skuldverhouding tussen die twee huise na die afsterwe van die man nie. Wanneer 'n man egter beeste van een huis gebruik om spesi= fiek as trougoedere vir 'n seun uit 'n ander huis aan te wend, ontstaan daar beslis 'n skuldverhouding tussen die twee huise. Dit is die plig van die seun vir wie die beeste geleen is, om die skuld na die afsterwe van sy vader te ver= effen. Sodanige lening mag egter nie aangegaan word sonder die toestemming van die betrokke seun nie. Indien dit wel sonder sy toestemming geskied, is dit die plig van die stam= erfopvolger om die skuld, na die afsterwe van die vader te vereffen.

Hierteenoor het 'n vrou egter nie die reg om met die trou=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

goedere wat vir haar dogter(s) gelewer is, te handel nie. Sy mag dit nie voor of na die afsterwe van die man verkoop of aan haar seun as trougoedere gee nie. Die beheersreg daaroor lê by die man en na sy dood, by sy wettige opvolger.

Naas die bogenoemde goedere is daar ook ander bates wat deur die vrou in die gesamentlike boedel gebring kan word: Soos vroeër verduidelik is, is die man verplig om aan elke vrou 'n hut (yindlu) en 'n land (msimu) van haar eie te gee. Nadat die vrou dit begin gebruik het, kan die man dit nie terugneem of aan 'n ander vrou gee nie. Wanneer die man egter verhuis, is die vrou verplig om hom te volg (vergelyk saak 18) met dien verstande dat sy op die nuwe perseel weer 'n hut en 'n land van haar eie sal ontvang. Elke vrou is verplig om die land wat aan haar toegeken is, te bewerk. Die opbrengs van die land word dan aangewend om in die be= hoeftes van die gesin van die vrou te voorsien. Die man mag hierdie opbrengs nie vervreem indien hy nie op 'n ander wyse sy versorgingsplig nakom nie. Die vrou daarenteen is slegs geregtig op daardie gedeelte van die inkomste wat nodig is vir die onderhoud en versorging van haarself en haar gesin. Die restant gaan oor na die man en hy mag dit tot sy eie voordeel en tot voordeel van die gesamentlike boedel aanwend. Alle beeste wat die man daarmee aankoop, word egter na sy dood as hutgoedere van die betrokke huis gereken. Die man mag nie van hierdie inkomste gebruik om een van sy ander vroue en haar gesin te versorg sonder die toestemming van die vrou wat dit geproduseer het nie. Hier geld dieselfde beginsel van verarming en verryking van huise. Volgens in= formante kan die verryking van 'n bepaalde huis aanleiding gee tot luiheid van die betrokke vrou. Sy kan dan teer op die arbeid van die ander vrou(e) en dit kan aanleiding gee tot disharmonie binne die kleiner gesinne-eenheid. Wanneer 'n vrou egter sieklik is en daar nie vir haar 'n stutvrou gelewer is nie, kan die man van die opbrengs van sy ander vroue neem en dit aan die hulpbehoewende gesin gee. Dit word nie as verryking van die bepaalde huis beskou nie. Daar ont=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staan ook geen skuldverhouding tussen die twee huise nie.

Goedere wat deur die man in die gesamentlike boedel gebring is, is onder die volle beheer van die man. Hoewel daar geen spesifieke benaming vir hierdie goedere bestaan nie, kan mens dit as die algemene kraaleiendom of kraalvermoë beskou. Hierdie goedere sluit onder andere in: die verdienste van die man, beeste wat hy met sy eie verdienste aangekoop het, of tydens die huweliksluiting in die boedel gebring het, kapitale bates soos byvoorbeeld ploeë en trekgoed, skadevergoeding of boetes wat aan hom toegeken is weens 'n onregmatige daad wat teen hom of 'n lid van sy gesin(ne) gepleeg is, die trougoedere wat vir die oudste dogter van elke vrou ontvang is sowel as enige ander beeste of geld wat hom mag toekom.

Aangesien dit nie gebruiklik is dat die man, terwyl hy lewe, goedere aan spesifieke vroue of huise toeken nie, moet die man hierdie goedere primêr aanwend in belang van die kraal as 'n geheel. Hy het 'n onderhoud en versorgingsplig teenoor elke vrou en haar gesin. Hy het 'n morele plig tot 'n gelyke beregtiging van die onderskeie gesinne. Indien hy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, is dit egter nie 'n grond vir 'n aksie teen die man nie. 'n Vrou is slegs geregtig om by haar skoonvader te kla wanneer die man haar en haar gesin nie na behore onderhou en versorg nie.

Na die afsterwe van die man word die restant van hierdie goedere as algemene kraaleiendom beskou. Dit word vir boedeldoeleindes geskei van die goedere wat dan as hut- of huiseiendom gereken word en vererf op 'n bepaalde wyse, soos in hoofstuk VI verduidelik sal word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## D. Ouerlike gesag en die posisie van kinders in die gesin en die kleiner gesinne-eenheid

### 1. Inleiding

By die stamme van Mhala kom 'n wettige huwelik alleenlik tot stand wanneer die man en vrou en hulle onderskeie vaders aan al die vereistes wat deur die gemeenskap as reg en bindend aanvaar word, voldoen het. Uit 'n verbintenis wat op sodanige wyse tot stand gekom het, kan wettige kinders gebore word. Dat die ouers in sodanige gevalle gesag oor die kinders het en laasgenoemde die regte en verpligtinge van wettige kinders het, is voor die hand liggend. Anders as in die gemenereg, voldoen gebruike soos die leviraat en sororale aanvulling ook aan hierdie vereiste, met die gevolg dat ook kinders wat op sodanige wyse verwek is, die regte en verpligtinge van wet=tige kinders het. Daar is egter ook verdere kategorieë kinders wat volgens die gemenereg buite-egtelike kinders is (vergelyk Olivier 1977:322-338 en Hahlo en Kahn 1960:352-358) maar wat by die stamme van Mhala gewettig kan word en waaroor 'n man gesagsbevoegdheid kan verkry. Die regte en verplig=tinge van sodanige kinders word by wyse van 'n ooreenkoms bepaal. Aan elk van hierdie kategorieë en die ooreenkomste wat ter sprake is, sal hieronder aandag gegee word.

Vanweë die groot verskille wat daar tussen die twee regstel=sels bestaan, sal daar in die hieropvolgende gedeeltes slegs aandag gegee word aan ouerlike gesag en die regte van kinders soos dit deur die inheemse reg van die stamme van Mhala voor=geskryf word. Daar sal nie gepoog word om die twee regstel=sels te vergelyk nie.

Dit dien verder daarop gewys te word dat die begrippe wettig en onwettig soos dit ten opsigte van kinders in die gemenereg geldig is, nie dieselfde betekenis het by die stamme van Mhala nie. By hierdie stamme is daar streng gesproke nie so-iets as 'n "onwettige" kind nie. Alle kinders wat gebore word,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word as "wettige" kinders beskou. Daar word wel 'n onderskeid gemaak tussen binne-egtelike en buite-egtelike kinders. 'n Buite-egtelike kind is egter nie soos in die gemenereg 'n onwettige kind nie. Die rede hiervoor is dat die regsposisie van 'n buite-egtelike kind nie in dieselfde opsigte verskil van dié van 'n wettige kind in die gemenereg nie. Volgens Olivier (1977:329 e.v.) verskil die regsposisie van 'n wettige en 'n onwettige (buite-egtelike) kind in die gemenereg in onder andere die volgende aspekte:

(i) "Waar 'n wettige kind onder die gesag en voogdy van sy of haar vader verkeer, staan die buite-egtelike kind onder die natuurlike voogdy van sy moeder."

(ii) "Die moeder het die beheer en toesig oor die buite-egtelike kind, en nie die vader nie."

(iii) "Die buite-egtelike kind is geregtig op onderhoud van beide sy vader en sy moeder ...."

(iv) "Wat intestate erfreg betref word dit beskou asof die buite-egtelike kind geen vader het nie" en

(v) "'n Buite-egtelike kind volg die domicilium van sy moeder en dra haar naam, tensy die vader toestem dat die kind sy van mag aanneem."

Die stamme van Mhala tref nie dieselfde onderskeid, as hierbo genoem, ten opsigte van wettige en buite-egtelike of onwettige kinders nie: 'n Buite-egtelike kind verkeer nooit onder die gesag en voogdy van sy moeder nie. Daarom verkry die moeder ook nie beheer en toesig oor die kind nie. Aangesien 'n vrou (getroud of ongetroud) geen locus standi in judicio het nie, kan sy nie as voog van 'n kind aangewys word nie. Daar moet in alle gevalle 'n manlike persoon as voog van 'n buite-egtelike kind aangewys word. Sodanige voog hoef nie deur 'n hof aangewys te word nie. Aangesien 'n ongetroude of 'n geskeide vrou onder die gesag van haar vader of van 'n manlike bloedverwant van haar vader ressorteer, staan al haar kinders wat buite die huwelik gebore word, ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

onder sy gesag. 'n Vader mag nie hierdie voogdyskap weier nie. Wanneer 'n buite-egtelike kind dan onder die gesag van sy grootvader aan moederskant kom, is hy (i) geregtig op die onderhoud en versorging van sy grootvader; (ii) volg hy die domicilium van sy grootvader en dra hy sy sibbenaam; hy word ook lid van die linie van sy grootvader; (iii) hy erf van sy grootvader; en (iv) hy is verplig om, indien nodig, sy grootvader te versorg. Wanneer mens die bogenoemde aspekte van nader betrag, is daar nie 'n verskil in die regs=posisie van wettige kinders en buite-egtelike kinders nie. Daarom dat segsmanne beweer dat daar nie so-iets as 'n "on=wettige" kind bestaan nie. Ten einde 'n onderskeid te tref tussen hierdie twee kategorieë kinders, sal die terme "wettige" en "buite-egtelike" kinders hierna gebruik word om verwarring uit te skakel.

## 2. Kindersoorte binne die familiereg

Die stamme van Mhala is almal patrilinièr georden. Dit be=teken dat alle kinders wat binne die huwelik gebore is, nie net as wettige kinders van die ouers gereken word nie, maar dat hulle regsposisie bepaal word deur die reëls van 'n patrilinière ordening.

Die belangrikste kenmerke van 'n patrilinière ordening wat ook by die stamme van Mhala geldig is, is die volgende:

(i) Patrilinière afkomsrekening: Hiervolgens behoort kinders aan die linie sowel as die sibbe van die vader;

(ii) Patronimie: Kinders word in die maatskappy deur die vader se naam kenbaar: (Kind van ....)

(iii) Patrilinière opvolging: 'n Man word in status opgevolg deur sy senior seun;

(iv) Patrilinière vererwing: Eiendom vererf van 'n vader na sy seuns, en

(v) Patria potestas: Gesagvoering deur die vader oor die kinders.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hierby kan ook nog die gebruik van patrilokale inwoning gevoeg word, dit wil sê dat 'n pasgetroude egpaar hulle in die kraal of onmiddellike omgewing van die man se ouers gaan vestig.

Die verskillende kategorieë kinders wat hulle plek binne hierdie bedeling vind, is die volgende.

(a) Kinders van moeder met vader as voorhuwelikse verwekker

Wanneer 'n vrou voorhuwelikse kinders by 'n man het en later met die man trou, word die kinders deur die huwelik van die vader en die moeder gewettig en kom hulle saam met die moeder in die huwelik. Die biologiese vader het nie die reg om, wanneer hy met die moeder trou, die kinders te weier nie. Net so het die grootvader aan moederskant, onder wie se gesag die kinders voor die huwelik geressorteer het en wie se naam hulle gedra het, geen reg om die kinders te behou nie.

'n Man wat 'n voorhuwelikse kind by 'n vrou verwek het en skadevergoeding vir die beswangering van die vrou gelewer het maar daarna met die vrou trou, kan

(i) Nie die skadevergoeding terugeis nie;
(ii) nie op 'n vermindering in die hoeveelheid trougoedere wat gelewer moet word, aandring nie; en
(iii) nie die kind wat hy verwek het, weier nie. Hierdie kinders ontvang ook status ooreenkomstig die orde waarin hulle gebore is.

(b) Kinders van moeder met ander man as voorhuwelikse verwekker

Wanneer 'n vrou voorhuwelikse kinders by 'n man het maar later met iemand anders as die biologiese vader van die kinders trou, kan die kinders ook deur die huwelik van die moeder gewettig word. Die biologiese vader het egter geen aanspraak op hierdie kinders indien hy nie met die moeder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

trou nie. Die regsposisie van sodanige kinders is as volg: Voordat die moeder in die huwelik gegee word, ressorteer hulle onder die gesag van die grootvader aan moederskant. Hulle dra sy familienaam, volg sy domicilium, word deur hom versorg, ensovoorts. Hy is verplig daartoe aangesien hy

(i) die wettige voog van hulle moeder is en
(ii) skadevergoeding ontvang het vir die beswangering van sy dogter.

Wanneer die moeder trou, kan die status quo gehandhaaf word of die regsposisie van die kinders kan gewysig word. Die lot van die kinders word bepaal deur die gesindheid van die moeder se toekomstige man. Indien hy nie bereid is om die kinders in die huwelik te neem nie, word die status quo gehandhaaf. Informante was daaroor duidelik dat hy nie verplig is om die kinders, wanneer hy met die moeder trou, te neem nie. Hy het 'n keuse. Indien hy egter begerig is om wel die kinders te neem, moet hy dienooreenkomstig met sy toekomstige skoonvader onderhandel. Die skoonvader weer het 'n keuse. Hy kan of die kinders behou (hy is nie verplig om hulle af te gee nie), of hulle deur onderhandeling saam met sy dogter in die huwelik laat gaan. Hierdie onderhandeling word gewoonlik gevoer nadat die onderhandelinge om te trou, afgehandel is. Die toekomstige skoonseun kan dan kom vra of hy die kinders mag kry. Tydens hierdie onderhandelinge moet hy ook duidelik spesifiseer wat die status van hierdie kinders in die gesin en die kleiner gesinne-eenheid sal wees. 'n Verdere reël is dat 'n man nie net sekere kinders mag neem nie. Indien hy sulke kinders in die huwelik wil neem, moet hy al die voorhuwelikse kinders van die vrou neem. In die praktyk gebeur dit egter dat 'n grootvader nie kinders en veral seuns wat ouer as vyf jaar oud is, aan sy skoonseun sal afgee nie, aangesien hulle alreeds op daardie ouderdom deur die gemeenskap as kinders van die grootvader aanvaar is. Kinders onder die ouderdom van vyf jaar word normaalweg nog deur die moeder versorg en kan daarom makliker afgegee word. Indien die skoonseun hierdie kinders wil hê,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet hy sonder keuse, almal neem.

'n Man moet vir elke kind wat hy op hierdie wyse in die huwelik neem, 'n vergoeding aan sy skoonvader lewer. Vir elke seun wat hy in die huwelik neem, moet hy een bees of R10-00 lewer en vir elke dogter twee beeste of R20-00. Dog=ters word van groter waarde geag omdat daar vir hulle, wan=neer hulle in die huwelik gegee word, trougoedere ontvang sal word. Daarom moet daar vir hulle 'n hoër vergoeding gelewer word as vir die seuns. Aangesien die onderhandelinge oor die kinders geskei word van die onderhandelinge om te trou, is dit logies dat hierdie beeste of geld wat vir die kinders gelewer word, nie die hoeveelheid trougoedere wat gelewer moet word, beïnvloed nie.

Kinders wat op hierdie wyse in die huwelik geneem is, word na die huweliksluiting nie meer as buite-egtelike kinders gereken nie. Hulle word beskou as die wettige kinders van hulle sosiologiese vader. Hulle kom onder sy gesag, dra sy familienaam, erf van hom, ensovoorts. Daar bestaan egter by die onderskeie stamme 'n verskil in status tussen hierdie kinders en die kinders wat binne die huwelik gebore word. Aangesien hierdie verskille 'n invloed het op die erf- en opvolgingsreg, sal dit in die gedeeltes wat hierna behandel word, breedvoerig verduidelik word.

(c) <u>Kinders van ongetroude dogters</u>

Die regsposisie van sodanige kinders is reeds hierbo terloops verduidelik. Daar is ook verduidelik dat hoewel hulle as buite-egtelike kinders beskou word, hulle regsposisie ver=skil van buite-egtelike kinders in die gemenereg. Solank as wat die moeder ongetroud bly, ressorteer hulle onder die gesag van die grootvader aan moederskant met al die voor=regte en verpligtinge daaraan verbonde. Die biologiese vader van hierdie kinders het geen aanspraak op die kinders nie, tensy hy met die moeder trou. Indien iemand anders met die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


moeder trou, kan daar volgens die reëls onder (b) hierbo, oor die posisie van die kinders onderhandel word. Ten slotte moet daarop gewys word dat al bogenoemde reëls nie 'n onder= skeid maak tussen 'n kind wat gebore word uit die verleiding van 'n ongetroude dogter en 'n kind wat uit die verkragting van 'n jong dogter verwek is nie.

(d) <u>Kinders van 'n geskeide dogter</u>

Die regsposisie van hierdie kinders stem ooreen met dié van die kinders van 'n ongetroude dogter. Die enigste probleem in hierdie verband is die datum waarop sulke kinders gebore word. Soos vroeër verduidelik is, het die man (of sy fami= lie) 'n aanspraak op die baarvermoë van die vrou. Alle kinders wat binne die huwelik verwek is, is die wettige kinders van die man. Daarom word alle kinders wat binne die huwelik gebore word, hetsy die man en vrou saamwoon al dan nie, beskou as die wettige kinders van die man. Wanneer 'n vrou dus van haar man dros maar nie amptelik van hom geskei is nie en daarna kinders baar, word hulle as die wettige kinders van die man beskou. So ook word alle kinders wat gebore word, binne nege maande nadat die huwelik ontbind is, as die wettige kinders van die man beskou. Dit maak nie saak of hy die biologiese vader van die kinders is, al dan nie.

'n Periode van nege maande word na bewering deur al die stam= me as die enigste wettige tydsduur vir swangerskap aanvaar. 'n Kind wat dus nege maande en een dag na die ontbinding van die huwelik gebore word, word nie meer as die wettige kind van die man beskou nie. Volgens informante is die almanak wat deur Blankes verskaf word, die belangrikste hulpmiddel in hierdie verband. Hulle handel streng daarvolgens.

(e) <u>Owerspelige kinders</u>

Hier moet 'n mens onderskei tussen owerspelige kinders van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die man en owerspelige kinders van die vrou. Soos hierbo verduidelik is, is alle kinders wat uit 'n vrou gebore word, die kinders van haar wettige man. Vandaar die spreekwoord: xi=vongo i xa tihomu wat beteken "die sibbeverband is (van) die beeste." 'n Ander verwekker dan die wettige man, het geen aanspraak op kinders wat hy by 'n getroude vrou verwek het nie. Hoewel hy aanspreeklik is vir die lewering van skade=vergoeding vir sy owerspel, verleen die lewering van skade=vergoeding nie aan hom die reg om aanspraak te maak op die kind nie. Die enigste manier waarop hy voogdyskap oor die kind kan verkry, is wanneer die wettige vader van die kind sy vrou op grond van haar owerspel skei en hy ook nie die kind wil hê nie. Wanneer die man wat owerspel gepleeg het, daarna met die geskeide vrou wil trou, kan hy met sy toe=komstige skoonvader onderhandel om die kind saam met sy moeder in die huwelik te neem. Dan word dieselfde prosedure gevolg as wat in (b) hierbo verduidelik is.

Hierbo is verduidelik dat alle kinders wat deur 'n vrou gebaar word, dié kinders van haar wettige man is. Dit im=pliseer dat kinders wat uit die owerspel van die vrou ge=bore word, ook aan haar wettige man behoort. Coertze (1971: 278) beweer dat sulke kinders "moet deur die man as sy wettige kinders aanvaar word." By die stamme van Mhala word daar nie so 'n absolute verpligting op die wettige man geplaas nie. Hoewel hy 'n aanspraak op sodanige kinders het, is hy nie verplig om hulle as sy wettige kinders te aanvaar nie. Hy het 'n keuse. Hy kan òf die kinders as sy wettige kinders aanvaar òf weier om hulle as sy wettige kinders te aanvaar. Wanneer hy die kinders aanvaar, word hulle beskou as sy eie kinders en moet hy al die ouerlike pligte teenoor hulle nakom. Hulle ontvang ook sy familienaam, erf van hom, ensovoorts. Hulle ontvang soms selfs status ooreenkomstig die orde waarin hulle gebore word (vergelyk punt 4 hierna). 'n Man het egter die reg om die owerspelige kinders van sy vrou te weier. Hy kan dit doen sonder om van sy vrou te skei. Hy is egter ook geregtig om van sy vrou te skei en terself=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dertyd die kinders te weier. Dit is ook moontlik om van die vrou te skei en die kinders te behou. Daar bestaan dus ver= skillende keusemoontlikhede vir 'n man wat hy in hierdie ver= band kan volg. Die feit dat hy skadevergoeding vir die owerspel van sy vrou ontvang het, plaas geen beperking op die handelingsbevoegdheid van die man nie.

Wanneer 'n man nie bereid is om die owerspelige kinders van sy vrou as sy wettige kinders te aanvaar nie, gaan hierdie verpligting oor op sy skoonvader. Laasgenoemde is verplig om die voogdyskap oor hierdie kinders te neem. Hy mag dit nie weier nie. In sulke omstandighede moet die man natuurlik kan bewys dat hy nie die biologiese vader van die kinders is nie. Kinders wat op hierdie wyse na die grootvader aan moederskant oorgedra word, se regsposisie stem ooreen met dié van kinders onder (c) hierbo verduidelik.

'n Man het egter nie die reg om kinders wat verwek is uit die verkragting van sy vrou te weier nie. Indien daar bewys is dat die vrou verkrag is, is die vrou van alle blaamwaardig= heid onthef. Die man kan gevolglik nie die voogdyskap oor die kinders weier en aan sy skoonvader oordra nie. Sulke kinders word as sy wettige kinders beskou. Hulle ontvang egter nie status in die erfreg ooreenkomstig die orde waarin hulle gebore is nie.

(f) <u>Kinders verwek na die afsterwe van die man</u>

Die regsposisie van sodanige kinders sal in die volgende afdeling behandel word. Hier kan net gekonstateer word dat die afsterwe van die man, nie die beëindiging van die huwelik meebring nie. Daar kan 'n plaasvervanger in die plek van die oorledene aangewys word wat die verwekkingspligte van die oorledene oorneem. Kinders wat op hierdie wyse verwek word, word as die wettige kinders van die oorledene beskou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3. Geboorte en sterfte van kinders

By die stamme van Mhala neem die regsubjektiwiteit van die mens, net soos in die ou Romeinse reg (vergelyk Olivier 1977:14 e.v.) 'n aanvang by die voltooiing van sy geboorte en word dit beëindig deur die dood. Die ongebore vrug word nie deur die inheemse reg as moontlike regsubjek erken nie.

Die geboorte van elke kind moet voor getuies geskied. Vol=gens segsmanne is dit ondenkbaar dat daar slegs een getuie teenwoordig kan wees. Daar moet naas die moeder, ten minste twee ander getuies teenwoordig wees. Die rede vir hierdie vereiste is dat daar tydens die geboorte bo alle twyfel bepaal moet word of die wettige man die biologiese vader van die kind is en in die geval van tweelinge, wie eerste gebore is. Daarom is dit 'n vereiste dat 'n vrou nie vir die bevalling na haar ouerhuis mag gaan nie, maar dat sy moet kraam in die hut van haar man se moeder. Hierdie ver=eiste is veral van toepassing by die geboorte van die eerste kind. Daarna mag 'n vrou in haar eie hut kraam met dié vereiste dat daar genoeg getuies teenwoordig is.

Die belangrikste getuies by 'n bevalling is enersyds die vrou se skoonmoeder en andersyds die vroedvroue wat die be=valling behartig. Hulle getuienis is byvoorbeeld in 'n saak wat handel oor betwiste vaderskap, vir die howe van deurslag=gewende belang. Die teenwoordigheid van getuies word deur hierdie stamme so hoog geag dat 'n vrou, sedert die aanvang van die agste maand van swangerskap, nie toegelaat word om alleen te wees nie. Sy mag die kraal van haar man alleen verlaat in die teenwoordigheid van 'n vroulike persoon wat deur haar skoonmoeder aangewys is. Sy mag ook nooit alleen in haar hut oornag nie. Indien die man afwesig is, moet die aangewese persoon saam met haar in die hut oornag.

Geen man, ook nie die eie vader nie, mag by die bevalling teenwoordig wees nie. Dit is 'n taboe. Die vader of enige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander manspersoon mag eers die kind sien of die kraamhut binnekom, nadat die geboorte voltooi is. Die geboorte is eers voltooi wanneer die kind buite die moederliggaam ont=vang is en die afgebinde naelstring self afgeval het. Laas=genoemde duur volgens informante van sewe tot tien dae. Daar word geglo dat indien 'n man die hut sou binnekom voordat die geboorte op die wyse afgehandel is, die kind en ook die moeder 'n ernstige siekte sal opdoen. Daarom gebeur dit vandag nog uiters selde dat 'n vrou haar by 'n sendinghospi=taal sal aanmeld vir 'n bevalling. 'n Mens moet egter daar=op wys dat hoewel taboereëls uiters streng nageleef word, dit nie as 'n regsreël beskou kan word nie. 'n Persoon wat hierdie taboereël oortree, kan nie vir sy oortreding byvoor=beeld wanneer die moeder of die kind na bewering as gevolg daarvan 'n siekte mag opdoen, by 'n hof aangekla word nie. Daar word geglo dat die voorvadergeeste hom sal straf vir sy oortreding.

Nadat die bevalling plaasgevind het en nadat die kind ge=reinig is, word die kind aan sy moeder getoon. Daarna is dit die plig van die vroedvrou om die naam van die vader aan die kind te prewel alvorens die kind aan sy moeder sal drink. Indien die kind gunstig hierop reageer, is dit 'n bewys dat die wettige eggenoot van die moeder, die vader van die kind is (vergelyk ook vroeër asook saak 33). Indien dit nie gebeur nie, sal, soos vroeër verduidelik is, ander metodes gevolg word om die biologiese vaderskap te bepaal.

Nadat die vaderskap op bogenoemde wyse bepaal is, word daar aan die vader meegedeel dat 'n kind (seun of dogter) vir hom gebore is. Hierna word hy as die wettige vader van die kind beskou en kan hy nie sy vaderskap ontken nie.

Die kind word nadat die geboorte voltooi is, aan sy vader getoon. Daarna ontvang hy sy voornaam (vito lerikulu) van sy grootvader (seun) of sy grootmoeder (dogter) aan vaders=kant. Die bekendmaking van die name geskied ongeveer een

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maand na die geboorte van die kind. Dit geskied egter nie seremonieel nie maar slegs by wyse van 'n bekendmaking deur die grootvader of die grootmoeder. Dit is gewoonlik 'n naam van een van die nog bekende voorvaders in die vader= like afkomslyn. Die grootouers aan moederskant of hulle voorouers word nie vernoem nie. Die sibbenaam (familienaam) van die vader gaan outomaties oor op die kind.

Nadat 'n kind sy naam ontvang het, word die res van die familie aan vaderskant daarvan verwittig. Dit is slegs 'n wellewendheidshandeling en nie 'n afdwingbare vereiste nie. Daar bestaan ook nie die gebruik dat die wykshoof of die kaptein van die geboorte verwittig moet word nie. Dit ge= beur ook selde dat daar voldoen word aan die vereistes soos gestel deur die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwe= like en Sterfgevalle Nr. 81 van 1963. Die grootouers aan moederskant moet egter van die geboorte verwittig word. Hulle moet dan voorbereidings tref vir 'n dankseggingsere= monie aan die voorvadergeeste aan vaderskant. Hierdie sere= monie staan bekend as ku tlangela nwana - om dankie te sê vir die kind - en geskied ongeveer een week na die bevalling. Tydens die seremonie word 'n bok geslag en in twee dele ver= deel. Die een helfte word aan die vroedvroue oorhandig as vergoeding vir hulle dienste tydens die bevalling en die ander helfte word deur die familie van die kind geëet. Die vel van die bok is in die verlede gebruik as 'n abbavel vir die kind. Tydens dieselfde seremonie word die moeder se hare geskeer. Dit dien as 'n aanduiding dat sy gekraam het en dat sy geen geslagsomgang mag hê, alvorens die hare nie uitgegroei het nie. Hierdie gebruike is almal deur die na= vorsing as steeds gangbare munt bewys.

By baie informante bestaan die geloof dat 'n vrou aan 'n monsteragtige wese geboorte kan skenk. Sommige informante het selfs getuig dat hulle daarvan bewus is dat vroue aan bobbejane geboorte kan skenk. By andere weer is dit 'n taboe dat 'n vrou na 'n erdvark mag kyk terwyl sy swanger is. Indien sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hierdie reël oortree, sal sy 'n erdvark baar. Dit is ook vir 'n vrou 'n taboe om na 'n seekoei te kyk of van sy vleis te eet terwyl sy swanger is. Indien dit gebeur sal die kind met die tande van 'n seekoei gebore word. Sulke monsteragtige wesens word onmiddellik doodgemaak en onder die grootste geheimhouding op 'n afgeleë plek begrawe deur die vroedvroue. Aan die vader word meegedeel dat die "kind" dood was by geboorte.

Alle ander kinders wat gebore word, word as 'n tinyiko ('n geskenk) beskou. Dit is 'n geskenk van die voorvader=geeste en mag nie doodgemaak word nie. Daarom gebeur dit nie meer vandag soos in die verlede dat misvormde kinders of een van 'n tweeling om die lewe gebring word nie. In die verlede is die geboorte van 'n tweeling of 'n misvormde kind as 'n ku hlola ('n slegte voorteken) beskou. Sulke kinders is net soos die monsteragtige wesens, onmiddellik doodgemaak. Vandag word tweelinge as 'n dubbele geskenk van die voorvaders beskou. Wanneer 'n tweeling gebore word, word die kinders onmiddellik na die bevalling met gekleurde grastoutjies gemerk ten einde die eersgeborene aan te dui. Informante is nie bewus van enige drielinge wat gebore is nie. Hulle beweer egter dat sodanige geboorte as 'n drie=voudige geskenk beskou moet word en dat die senioriteit van die kinders bepaal sal word ooreenkomstig die orde waarin hulle gebore is.

Tweeslagtige kinders (impisixangu) is ook in die verlede doodgemaak. In die huidige tyd gebeur dit volgens informante nie meer nie. Sommige beweer dat 'n tweeslagtige kind na 'n spesifieke toordokter geneem word wat oor die vermoë beskik om die manlike geslagsdeel te vernietig en sodoende te bewerkstellig dat alle tweeslagtige kinders, vroulik word. Daar kon egter geen bevestiging vir hierdie bewering gevind word nie.

'n Doodgebore kind (net so ook 'n miskraam) word onmiddellik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die geboorte begrawe. Geen man mag aan hierdie begrafnis deelneem nie. Dit is die taak van die grootmoeder aan vaders=kant en die vroedvroue. Die grootmoeder aan vaderskant moet teenwoordig wees ten einde te verseker dat die kind op die korrekte wyse begrawe word. Indien dit nie gedoen word nie, kan dit nadelige gevolge vir die moeder hê. Die kind word in 'n kleipot geplaas en in natgrond (gewoonlik op die wal van 'n rivier) begrawe. Die pot moet onderstebo in die vlakgraf geplaas word en daar moet 'n gaatjie in die bodem van die pot gemaak word. Indien die pot met die opening na bo in die graf geplaas word, kan die lyk deur honde, enso=voorts uitgegrawe word en dit sal meebring dat daar geen reën sal val nie. Die rede waarom daar 'n gaatjie in die bodem van die pot gemaak moet word, is om te verseker dat die baarvermoë van die vrou nie deur 'n toe pot verseël moet word nie. Daar bestaan naamlik die geloof dat indien dit nie op hierdie wyse geskied nie, die moeder nooit weer kinders kan baar nie. 'n Vrou wat 'n miskraam gehad het of van wie die kind doodgebore is, word as 'n sieke beskou en sy moet van die siekte (munyama) genees word alvorens sy 'n lewendige kind sal kan baar. 'n Miskraam of 'n doodgebore kind word nie aan die owerspel van die vrou toegeskryf nie.

Slegs die moeder rou vir 'n doodgebore kind of 'n kind wat binne drie maande na die geboorte sterf. 'n Vader rou slegs vir kinders wat ouer as drie maande was. Dit laat die ver=moede bestaan, soos Coertze (1971:281) dit bevind het, dat 'n kind wat jonger as drie maande is, eintlik as 'n nonentiteit gereken word. Oor hierdie punt kon mens, net soos Coertze, geen bevredigende uitsluitsel verkry nie. Die feit dat alle kinders wat sterf voordat hulle drie maande oud is, in afge=sonderde vlakgrafte begrawe word, is egter 'n bevestiging van hierdie vermoede. Volgens informante is 'n kind eers 'n mens nadat die ku fuwa (om die kind huistoe te bring), plaasgevind het. Dit geskied wanneer die vader vir die eerste keer na die bevalling met die moeder geslagsomgang het. Normaalweg geskied dit drie maande na die geboorte van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die kind. Kinders wat hierna sterf, word net soos vol= wassenes in die kraal van die vader begrawe - gewoonlik reg agter die hut van die moeder. Die afsterwe van 'n kind word net aan die familie vermeld. Sterfgevalle word nie by die kaptein of elders aangemeld of geregistreer nie.

4. Rangverskille tussen kinders

Die begrip rangstatus wat hier gebruik word, moet nie verwar word met die begrip status in die reg soos dit in die gemene= reg vertolk word nie (vergelyk Olivier (1977:48-51). Met verskil in rangstatus word bedoel die verskille wat tussen kinders ontstaan as gevolg van die verskil in senioriteit binne die gesin, dit wil sê die senioriteitsverskille tussen kinders. Dat hierdie verskille 'n invloed het op die be= voegdhede van 'n regsubjek om regte te verwerf en te beskerm, kan egter nie betwis word nie.

Die senioriteits- of statusverskille wat tussen kinders binne die gesin en die kleiner gesinne-eenheid bestaan, word deur verskeie faktore bepaal. Die belangrikste van hierdie faktore is onder andere (i) geslag; (ii) ouderdom en (iii) rang van moeder.

Binne die enkelvoudige gesin is die eerste twee faktore die belangrikste faktore wat die senioriteit van 'n kind bepaal. As basiese reël geld dat alle seuns die seniores is van enige dogter, selfs al is die dogter baie ouer as die seun. 'n Verdere reël is dat daar binne die enkelvoudige gesin vir elke geslag 'n senioriteitsrangorde volgens die orde van ge= boorte bestaan. Dit beteken dat die oudste seun binne die gesin, die mees senior seun is. In die praktyk bring dit mee dat hy die hooferfgenaam (mudyandzhaka) van sy vader word. Na die afsterwe van sy vader volg hy hom ook in status op. Die jonger broers ontvang rangstatus en erf ooreenkomstig die orde waarin hulle gebore is. Tussen dogters bestaan daar ook rangverskille. Aangesien dogters slegs in uitsonderlike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevalle mag erf, is hierdie verskille van minder belang as vir seuns. Die enigste betekenis wat rangverskille in die praktyk vir dogters het, is dat hulle normaalweg in die huwelik gegee word ooreenkomstig die orde waarin hulle gebore is. Dit is egter nie 'n afdwingbare reël nie en word in die praktyk nie altyd streng in ag geneem nie. Verskille in rangstatus tussen dogters het egter 'n belangrike invloed op die voorsiening van die trougoedere vir seuns. Aangesien broers en susters vir hierdie doel geskakel word (vergelyk 5 hieronder), speel die getalsverhouding tussen seuns en dogters binne die gesin sowel as die rangstatus van die dogters 'n belangrike rol by die lewering van trougoedere vir seuns.

Buite-egtelike kinders wat deur die huwelik gewettig word of owerspelige kinders van die moeder wat deur die vader aanvaar word, kan egter die senioriteitsrangorde tussen kinders wat binne die huwelik gebore is, beïnvloed. Die belangrikste kategorie kinders in hierdie verband, is kinders van die moeder met die vader as voorhuwelikse verwekker. Sulke kinders ontvang rang ooreenkomstig die orde waarin hulle gebore is. Wanneer hulle dus deur die huwelik van die vader en die moeder gewettig word, is hulle die <u>seniores</u> van die kinders wat binne die huwelik, dit wil sê, na hulle gebore word.

Oor die tweede kategorie kinders wat deur die huwelik gewettig kan word, dit wil sê die kinders van die moeder met 'n ander man as voorhuwelikse verwekker, bestaan daar geen eenstemmigheid by die onderskeie stamme nie. Volgens informante by die Nxumalo- en die Mnisistam ontvang so 'n kind en veral 'n seun, die mees junior rang onder die seuns binne die gesin van die stiefvader. Dit beteken dat hy as die mees junior seun van sy stiefvader erf maar dat hy hom nie in status kan opvolg nie. Die enigste uitsondering is wanneer die stiefvader geen eie seuns het nie. In so 'n geval erf hy van sy stiefvader en volg hy hom op in status. Hy word dus as senior bo die eie dogters van die stiefvader beskou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ondanks sy posisie as mees junior seun, is hy nog seun en moet deur sy stiefvader van trougoedere voorsien word en kan hy as die mees junior in rang tog erf.

By die Nkuna- en die Khozastam kan so 'n seun selfs senior=status kry (vergelyk saak 68). Dit beteken dat hy ook die stamerfopvolger van sy stiefvader kan word. By hierdie stamme word so 'n seun se rang tydens die onderhandeling om hom saam met sy moeder in die huwelik te neem, bepaal. Die stiefvader moet dan uitdruklik aandui wat die senioriteit van die kind binne die huwelik sal wees. Die grootvader aan moederskant het dan die keuse of hy hiervolgens die kind saam met die moeder in die huwelik wil gee en of hy die kind as sy eie mees junior kind wil behou. Indien die status van die kind nie per ooreenkoms tussen die stiefvader en die grootvader bepaal is nie, het die stiefvader die keuse om self die status van die kind binne die gesin te bepaal. Die praktyk bewys dat die kind onder sulke omstandighede uitein=delik as die junior van die eie kinders van die stiefvader beskou word. Dit is as gevolg hiervan dat grootouers nie baie geneë is om sulke buite-egtelike kinders saam met die moeder in die huwelik te gee nie. Wanneer die senioriteit van die kind binne die gesin uitdruklik per ooreenkoms bepaal is, is dit natuurlik 'n ander saak.

Anders as by die Bafokeng (vergelyk Coertze 1971:284-5) het die seun van 'n ongetroude dogter, hoewel hy laer in status as sy eie moeder en haar susters beskou word, 'n reg om van sy grootvader te erf bo sy eie moeder en haar susters. Hier=die reg word deur sy geslag bepaal. Net soos wat sy groot=vader verplig is om hom op te voed en van trougoedere te voorsien, is hy ook geregtig op 'n gedeelte van sy erflating. Hy kan egter slegs erf indien die grootvader geen seuns het nie. Hy mag hom egter nie in status opvolg nie. Kinders van 'n geskeide dogter word op dieselfde wyse behandel.

Ten opsigte van die status van kinders wat deur die owerspel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die moeder in die gesin gekom het, bestaan daar ook 'n meningsverskil tussen die onderskeie stamme. By die Nxumalo- en Mnisistam het so 'n kind die mees junior status onder die kinders van sy of haar geslag. Indien dit 'n seun is, is hy egter vanweë sy geslag, die senior van sy stiefvader se eie dogters. Indien die stiefvader geen eie seuns het nie, kan hy gevolglik die erfopvolger van sy stiefvader word. By die Nkuna- en Khozastam ontvang so 'n kind egter rang ooreenkomstig die orde waarin hy gebore is. Informante by hierdie stamme argumenteer dat indien 'n vader bereid is om so 'n kind as sy wettige kind te aanvaar, hy nie die reg het om die kind in rang te degradeer nie. Wanneer 'n vader nie bereid is om aan die kind sodanige senioriteit te verleen nie, het hy die reg om die kind te weier en na sy grootvader aan moederskant te stuur. Wanneer hy hom egter as wettige kind aanvaar, word die identiteit van die biologiese vader geheim gehou en kan hy selfs die stamerfopvolger van sy sosiologiese vader word.

Die bogenoemde reëls ten opsigte van owerspelige kinders van die moeder is by die onderskeie stamme ook van toepassing op kinders wat verwek is deur die verkragting van die moeder en daarna deur die sosiologiese vader as sy eie kinders in die gesin aanvaar is.

Kinders wat volgens die leviraatgebruik verwek is, word soos vroeër verduidelik is, beskou as die wettige kinders van die oorlede man. Hulle beklee rang volgens die orde waarin hulle gebore is.

Waar poliginie beoefen word, word die rang van die moeder naas die faktore van ouderdom en geslag ook in berekening gebring by die bepaling van status tussen die kinders binne die kleiner gesinne-eenheid. Soos vroeër verduidelik is, bestaan daar 'n senioriteitsrangorde vir die vroue van 'n poliginis. Die status van die verskillende groepe kinders word gevolglik bepaal deur die orde waarin die moeders getrou


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word. Hiervolgens word die oudste seun van die hoofvrou die stamerfopvolger van sy vader, selfs al is hy in jare jonger as die seuns van mindere vroue. As die mees senior seun is hy die hooferfgenaam van sy vader en volg hy sy vader in status op. Ooreenkomstig hierdie beginsel het die jongste seun van die hoofvrou 'n hoër rang as die oudste seun van die tweede vrou. 'n Diagram wat die rangorde tussen kinders in die kleiner gesinne-eenheid illustreer verskyn hieronder.

<u>DIAGRAM</u>




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In hierdie diagram is A die poliginis. Vroue b, c en d het status volgens die orde waarin hulle op die diagram verskyn. Hierdie status word volgens die bogenoemde reëls op hulle kinders geprojekteer.

Soos in 'n vorige afdeling verduidelik is (vergelyk deel II A hierbo), kan die rangorde van 'n vrou onder bepaalde om= standighede gewysig word. So 'n wysiging het ook 'n invloed op die senioriteit van die kind. 'n Mens moet dit egter weer hier duidelik stel dat 'n kind nie sy senioriteit verloor wanneer die huwelik tussen die vader en die moeder ontbind word of wanneer die moeder sterf nie. Hy behou sy rangsta= tus volgens die rangorde wat sy moeder gehad het.

Die status van buite-egtelike kinders wat deur die huwelik gewettig word en van owerspelige kinders van die vrou wat deur die sosiologiese vader as sy wettige kinders aanvaar is, word deur die senioriteitsorde van die onderskeie vroue van 'n poliginis beïnvloed. Soos vroeër verduidelik is, kry so 'n kind by die Nxumalo- en die Mnisistam die mees junior= status volgens sy of haar geslag binne die enkelvoudige gesin maar dat so 'n seun, indien die stiefvader geen eie seun het nie, die erfopvolger van sy stiefvader kan word. Wanneer 'n man egter poliginie beoefen en eie seuns by sy ander of mindere vroue het, is sodanige erfopvolging nie moontlik nie. Die man se eie seuns by hierdie vroue het hoër rang as hierdie seun. Hy beklee die mees juniorstatus van al die seuns binne die poliginiese kleiner gesinne-eenheid. By die Nkuna- en Khozastam is sodanige wysiging in die rang van 'n kind nie moontlik nie aangesien sy posisie in die senioriteitsrangorde tydens sy wettiging deur sy sosiologiese vader aangedui is.

5. <u>Die skakeling van kinders</u>

Die stamme van Mhala ken ook die gebruik waarvolgens kinders geskakel of gekoppel word. Hierdie gebruik staan bekend as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ku lovotana en dit beteken letterlik "om vir mekaar die trougoedere te voorsien." Die betekenis van die woord illustreer ook die gebruik.

Die skakeling van kinders hou direk verband met die voor= siening van trougoedere vir 'n seun nadat 'n vader die trou= goedere vir sy dogter ontvang het. Volgens hierdie gebruik word broers en susters van dieselfde moeder aan mekaar ge= koppel, om so mekaar te help by die lewering van trougoedere. Dit is nie 'n afdwingbare regsreël nie maar 'n nuttige hulp= middel by die verskaffing van trougoedere. 'n Seun het egter geen aanspraak op die trougoedere wat vir 'n spesifieke suster gelewer word alvorens die vader nie 'n amptelike skakeling tussen broer en suster aangekondig het nie. 'n Vader is nie verplig om broers en susters te skakel vir lovolo-doeleindes nie.

Slegs eie broers en susters kan geskakel word. Daar bestaan ook nie die gebruik dat twee broers vir die doel van hulp= verlening geskakel kan word nie. Halfbroers en -susters kan ook nie geskakel word nie. In praktyk beteken dit dat 'n vader nie beeste wat vir 'n dogter uit een guma gelewer is, mag gebruik as trougoedere vir 'n seun uit 'n ander guma nie. Indien hy dit doen moet 'n leentransaksie aangegaan word (vergelyk egter saak 64).

Aangesien 'n vader geregtig is om die trougoedere wat vir die oudste dogter uit elke guma gelewer word tot sy eie voordeel aan te wend, word so 'n dogter nooit aan 'n broer geskakel nie. In die praktyk beteken dit dat die tweede oudste dogter in 'n guma geskakel word met die oudste seun van daardie guma, die derde oudste dogter met die tweede oudste seun, ensovoorts. Wanneer 'n vader twee kinders amp= telik geskakel het, is die seun geregtig op die trougoedere wat vir sy suster gelewer word. Die vader mag dit nie weier nie.

'n Seun mag die beeste wat hy deur middel van 'n geskakelde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

suster ontvang het, slegs vir lovolo-doeleindes aanwend en vir niks anders nie. 'n Geskakelde suster wat die beeste in die boedel gebring het, staan bekend as wa tihomu, dit wil sê "van die beeste". Wanneer 'n man daardie beeste via sy vader ontvang het, het hy slegs 'n morele plig tot hulp=verlening aan sy suster. Hierdie plig kan nie in 'n hof afgedwing word nie. Sy morele plig sluit onder andere in dat hy sy geskakelde suster van hulp en advies moet bedien. Hy is egter nie verplig om haar en haar kinders in tye van nood te versorg of op te voed nie. Net so ook het die sus=ter nie 'n aanspraak op haar geskakelde broer se seun of dogter wanneer haar eie seun of dogter in die huwelik wil tree nie. Die kruis neef-en-niggiehuwelik wat by die Sotho=volke 'n huwelik van eerste voorkeurrang is, is nie 'n voorkeurhuwelik by hierdie stamme nie.

## 6. Die uitoefening van ouerlike gesag

Die uitoefening van ouerlike gesag is 'n logiese gevolg van die huweliksluiting en een van die primêre funksies van die gesin. Hahlo (1960:367) som dit treffend op as hy be=weer dat "The parental power is the legal concomitant of parenthood."

By volke wat vaderregtelik georden is, waaronder ook die stamme van Mhala gereken kan word, tref mens die verskynsel van patria potestas aan, dit wil sê die gesagvoering in die gesin geskied deur die vader en by uitbreiding daarvan deur die senior manspersoon in die samewonende eenheid. In so 'n gemeenskap kan die moeder nie werklik gesag oor die kinders uitoefen nie. Die vrou het in so 'n gemeenskap 'n ewigdurende minderjarige status en sy is net soos die kinders, ook onder=geskik aan die gesag van die man. As moeder het sy besondere pligte en bevoegdhede teenoor die kinders maar sy doen dit soos Coertze (1971:389) dit stel " ... voortdurend onder die opsig van haar man ...." In die praktyk beteken dit dat die uitoefening van die ouerlike gesag hoofsaaklik in die vader

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesetel is. Wanneer die vader te sterwe kom, gaan hierdie gesag ook nie soos in die gemenereg oor na die moeder nie (vergelyk Hahlo 1960:368), maar na die wettige manlike voog van die kinders (vergelyk hoofstuk V: deel III).

Die uitoefening van ouerlike gesag verleen nie alleen 'n gesagsposisie aan die ouers en meer bepaald aan die vader oor die kinders nie, maar vereis ook 'n onderdanigheid en gehoorsaamheid van die kinders teenoor hulle ouers. In na=volging van Coertze (1971:288) en De Clercq (1975:351) kan die regte en pligte wat uit hoofde van die ouerlike gesag nagekom moet word, soos volg saamgevat word:

(i) 'n Versorgings- en beskermingsplig teenoor die kinders. Dit sluit 'n verantwoordelikheid vir die opvoeding van die kind in. Hierdie plig eindig eers as die kind in die huwelik gegee word.

(ii) 'n Tugtigingsvermoë van die vader en 'n daarmee gepaardgaande onderdanigheidsplig van die kind. Die vader mag die kinders egter nie mishandel nie. Doen hy dit, kan hy in die familiehof daaroor aangespreek word.

(iii) 'n Aanspreeklikheid van die vader vir die onregmatige dade van sy kinders. Dit gaan egter gepaard met 'n stelselmatige stygende toerekeningsvatbaarheid van die kind.

(iv) Beheer oor die eiendom van kinders.

Hierdie regte en pligte wat uit ouerlike gesag spruit, is deur verskeie navorsers onder die Suidoos-Bantoe reeds deeg=lik getoets. (Vergelyk in hierdie verband Coertze 1971:288-302; De Clercq 1975:350-354; Jacobs 1974:239-250 en Breytenbach 1971: 232-240). Tydens my eie navorsing is die bevindinge van veral Coertze en De Clercq by die stamme van Mhala getoets. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevinding is dat die reëls wat die versorgings- en beskermingspligte wat 'n vader en 'n moeder teenoor die kinders het, sowel as die tugtigingsvermoë waaroor die vader beskik, reël (vergelyk ook in hierdie verband saak 6), identies met die bekende materiaal is. Dit dien na my mening geen doel om die bevindinge weer hier te herhaal nie. Ten opsigte van die aanspreeklikheid van die vader vir die onregmatige dade van sy kinders en die stygende toerekeningsvatbaarheid van die kind sowel as die beheer wat 'n vader het oor die eiendom van sy kinders, is daar egter opmerklike verskille wat hierna behandel sal word.

(a) Die aanspreeklikheid van die vader en die <u>stygende toerekeningsvatbaarheid van kinders</u>

Alle minderjarige kinders is onder die gesag van die vader. In die praktyk beteken dit dat sulke kinders handelingsonbevoegd is en verder dat die vader enersyds aanspreeklik gehou word vir die onregmatige dade van sulke kinders en andersyds namens die minderjarige kinders aksie bring wanneer 'n onregmatige daad teen die minderjarige kind gepleeg is.

By die stamme van Mhala moet daar 'n onderskeid getref word tussen minderjarige dogters en minderjarige seuns. 'n Ongetroude dogter en so ook 'n getroude vrou, het geen <u>locus standi in judicio</u> nie. Sy is ook handelingsonbevoegd. Daarom bly 'n vader verantwoordelik vir die onregmatige dade van sy dogter, totdat hy haar in die huwelik gee. Daarna word sy die verantwoordelikheid van haar man. Dit beteken egter nie dat die huwelik van die dogter daartoe aanleiding gee dat die vader sy verantwoordelikheid vir haar onregmatige dade permanent verloor nie. Hoewel die dogter wanneer sy trou, onder die gesag van haar man kom en hy in die hof aangespreek word vir elke onregmatige daad of misdaad wat sy gepleeg het, kan die vader tog enersyds direk en andersyds indirek aanspreeklik gehou word vir oortredings wat sy getroude dogter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



begaan.

Soos vroeër verduidelik is, word 'n man nie aanspreeklik gehou wanneer sy vrou towery beoefen nie. Aangesien die geloof bestaan dat die beoefening van kwaadwillige towery oorerflik is, word die vader van die vrou en nie haar man nie, aanspreeklik gehou vir sulke oortredings van die vrou. Verder is dit ook uit die voorgaande besprekings duidelik dat hoewel 'n vader nie in 'n hof aanspreeklik gehou kan word vir die owerspel van sy dogter nie, hy tog 'n vermoëns=regtelike las moet aanvaar wanneer sy skoonseun weier om die owerspelige kind in sy huwelik te neem. Die vader is verplig om so 'n kind van sy dogter te neem en hom op te voed. Hy kry geen vergoeding daarvoor nie en hy kan ook nie 'n eis van skadevergoeding vir die owerspel van sy dogter instel nie. Wanneer 'n getroude dogter as 'n ge=skeide vrou na die kraal van haar vader terugkeer of selfs elders gaan woon, moet die vader sy aanspreeklikheid vir haar onregmatige dade hervat. Hy kan dit nie ontduik nie.

Normaalweg word alle ongetroude seuns as minderjarig in die reg beskou. Die vader is dus aanspreeklik vir hulle onreg=matige dade totdat hulle trou. Wanneer 'n ongetroude seun in die huidige tyd buite sy vader se kraal gaan bly en ekonomies selfstandig geword het, verwerf hy nie 'n eie <u>locus standi in judicio</u> of handelingsbevoegdheid nie. Hy bly minderjarig in die reg.

In die huidige tyd skep hierdie minderjarigheid van volwasse en dikwels onafhanklike seuns, geweldig baie probleme. Vaders is nie meer geneë om aanspreeklik gehou te word vir die on=regmatige dade van hulle ongetroude seuns wat oor 'n eie in=komste (en soms 'n aansienlike inkomste) beskik nie of dié van seuns wat oor die ouderdom van twintig jaar is, en nog ongetroud is nie. Volgens hulle word ongetroude seuns deur hierdie regsreël beskerm en bevorder dit 'n laksheid en onverantwoordelikheid by ongetroude seuns wat later verkies

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


om oujongkêrel te bly.

Ten einde hierdie probleem die hoof te bied, is die howe in die jongste tyd meer toegeeflik teenoor vaders. Wanneer 'n seun oor 'n eie inkomste beskik en herhaaldelik oortree, kan 'n vader die hof versoek om hom te onthef van sy aan=spreeklikheid vir die onregmatige dade van sy seun. So 'n versoek word selde deur die howe geweier, veral as die vader bewyse kan aanvoer dat die seun nie meer sy inkomste of 'n gedeelte van sy inkomste aan sy vader oorhandig nie. Wan=neer 'n seun egter die ouderdom van twintig jaar of ouer bereik het, maar steeds sy inkomste of 'n gedeelte daarvan aan sy vader oorhandig, sal die howe nie sodanige versoek van die vader toestaan nie (vergelyk saak 37). Dit is dan die plig van die vader en sy familie om die seun te berispe en selfs te tugtig wanneer hy herhaaldelik oortree. Wanneer 'n vader volgens hierdie beginsel sy seun tugtig, kan die seun nie 'n saak van aanranding of mishandeling, teen die vader aanhangig maak nie.

Ongetroude seuns wat oor die ouderdom van dertig jaar is, word vandag nie meer normaalweg as minderjarig in die reg beskou nie. Volgens informante kan die vader nie verant=woordelik gehou word vir die seun se onvermoë om vir hom 'n vrou te vind nie. Wanneer so 'n seun egter 'n liggaam=like of 'n geestelike gebrek het, bly hy minderjarig in die reg en bly die vader verantwoordelik vir sy dade.

Sommige informante beweer ook dat 'n vader nie meer aan=spreeklik is vir die onregmatige dade van sy seun, nadat hy hom van trougoedere voorsien het nie. Hierdie aanduiding is alleen geldig ten opsigte van 'n hubare jongman vir wie sy vader wil aandui dat hy nou behoort te trou. Die vader kan aan so 'n ongeveer twintigjarige seun sy trougoedere skenk. Dit geld die oordrag van 'n deel van sy erfgoedere, word sy eiendom en daarom kry hy ook die aansien dat hy vir sy eie onregmatige dade verantwoordelik gehou kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Volgens verskillende kapteins en hofraadslede by wie oor die aanspreeklikheid van 'n vader navraag gedoen is, het daar nog nooit so 'n saak voor 'n kapteinshof in die Mhaladistrik gedien nie. Hulle was dit egter almal eens dat indien so 'n seun wat sy trougoedere ontvang het in die hof aangespreek sou word, die hof nie die vader aanspreeklik sal hou vir die onregmatige dade van die seun nie.

'n Vader is ook nie aanspreeklik vir die onregmatige dade van 'n seun wat 'n wewenaar is of geskei is nie.

Wanneer 'n minderjarige oortree, word die saak direk by die vader aanhangig gemaak. Indien die vader die saak betwis, word die saak eers in die onderskeie familiehowe verhoor en indien daar nog geen uitsluitsel oor verkry kan word nie, kan die klaer die saak by 'n openbare hof aanhangig maak. Die vader moet namens die minderjarige in die hof verskyn. Indien nodig, moet die minderjarige sy vader vergesel (ver= gelyk saak 70). Kinders onder die ouderdom van ongeveer 12 jaar kan slegs by hoë uitsondering in 'n openbare hof toegelaat word. Indien dit wel nodig is, mag hulle slegs die tersaaklike vrae beantwoord en daarna moet hulle die hofsaal verlaat. 'n Vader moet hom dus deeglik van die feite van 'n saak vergewis wanneer hy namens so 'n kind as eiser of as verweerder optree. Hy is ook ten volle aanspreek= lik vir enige skadevergoeding wat gelewer moet word.

Seuns wat reeds die puberteitstadium bereik het (jaha) moet teenwoordig wees by die verhoor van 'n saak waarby hulle betrokke is. Hulle mag vrae beantwoord maar mag geen vrae stel nie. Die vader doen dit namens hulle. Die vader is aanspreeklik vir die lewering van skadevergoeding maar indien die hof lyfstraf beveel, ontvang die seun dit. Indien die hof lyfstraf naas skadevergoeding beveel, moet die vader die skade= vergoeding lewer en die seun die lyfstraf ontvang.

Minderjarige kinders is ook handelingsonbevoegd. Dit beteken

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dat hulle nie oor die bevoegdheid beskik om geldige regs=handelinge te volvoer nie. Vir informante beteken dit onder andere dat 'n minderjarige persoon nie oor die bevoegdheid beskik om 'n kontrak te sluit nie. 'n Opgeskote seun kan egter namens en met die uitdruklike toestemming van sy vader 'n kontrak sluit. Aangesien 'n kontrak 'n tweesydige regs=handeling is, rus die onus op die ander party om te verseker dat die minderjarige met die toestemming van sy vader handel. Indien hy in gebreke bly om dit te doen en dit later sou blyk dat die minderjarige sonder die toestemming van sy vader ge=handel het en die ander party 'n verlies gely het, kan hy geen eis teen die vader van die minderjarige instel nie. Hoewel die ander party geen eis teen die minderjarige se vader kan instel nie, kan hy wel die gelewerde goedere, of soveel as wat daarvan oor is, van die minderjarige en sy vader terugeis. Indien hierdie goedere nie meer bestaan nie, of verbruik is, kan niks egter van die minderjarige en sy vader verhaal word nie. Die voorbeeld van Coertze (1971:300) waar 'n leweransier 'n koopkontrak met 'n minderjarige sluit sonder die sekerheid dat die minderjarige met die toestemming van die vader handel, is by drie stamme getoets. By al drie die stam=me het dit geblyk dat die vader nie vir die koopsom verant=woordelik gehou kon word nie. Die handelaar kan wel 'n klag=te van diefstal teen die seun en daardeur teen die vader aan=hangig maak maar sy eis sal nie slaag nie aangesien (i) die kind nie die goedere gesteel het nie en (ii) die onus op die handelaar rus om te verseker dat die kind met die toe=stemming van die vader gehandel het. Indien dit sou blyk dat die kind met die toestemming van die moeder gehandel het, verval die eis ook aangesien 'n vrou ook handelingsonbevoegd is. 'n Man kan egter sy kind sowel as sy vrou tugtig wanneer hulle kontrakte sonder sy toestemming sluit.

Informante stel dit ook uitdruklik dat hoewel 'n handelaar nie 'n eis teen die vader kan instel nie, hy wel die vader by 'n openbare hof kan verkla oor die onverantwoordelike handelinge van óf sy vrou óf sy minderjarige kind. Dit is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


egter nie duidelik watter standpunt die hof in so 'n saak sal inneem nie. Sommige beweer dat dit die taak is van die hof om sulke onverantwoordelike handelinge te bekamp deur die onverantwoordelike persoon wat die kontrak gesluit het, lyfstraf op te lê. Andere beweer dat die vader vermaan moet word om sy versorgingsplig op só 'n wyse na te kom dat sy vrou of kind nie onverantwoordelike regshandelinge sal pro= beer aangaan nie. So 'n saak is nog nooit in 'n hof ge= toets nie.

(b) Beheer oor die eiendom van kinders

Streng volgens die inheemse reg, was die vermoënsregtelike posisie van minderjarige kinders bykans gelykstaande aan dié van die filius familias (vergelyk Olivier 1977:63). Hier= volgens kon 'n man wat nog onder die potestas van sy vader gestaan het, geen vermoënsregte verwerf nie. Alles wat hy verkry het, het sy vader ten bate geval.

In die huidige tyd word hierdie reël nie meer so streng ge= handhaaf nie. Die ouer informante voel egter nie baie ge= lukkig oor die huidige toedrag van sake nie. As basiese wellewendheisreël geld dit egter vandag nog dat 'n seun ten minste 'n gedeelte van sy verdienste aan sy vader moet oor= handig. Dit is egter nie 'n afdwingbare regsreël nie en die nie-nakoming daarvan lei tot groot onenigheid tussen ouers en kinders.

Anders as in die verlede mag die verdienste van 'n kind ook nie meer vandag tot voordeel van die vader alleen aangewend word nie. Wanneer kinders hulle verdienste aan die vader oorhandig, word daar deur die kind en deur die hof verwag dat die vader die grootste gedeelte daarvan sal aanwend tot die bevoordeling van die kind, by wyse van die aankoop van roerende eiendom. Seuns verkies dat die vader veral beeste sal aankoop sodat hulle ten minste die verlowingsbeeste uit hul eie vermoë kan voorsien. (In die huidige tyd is dit 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereiste dat 'n jongman self hierdie beeste moet lewer ten einde sy ekonomiese selfstandigheid te bewys). Die res van die eiendom moet die vader in trust vir die kind hou.

'n Verdere reël is dat die vader die verdienste van 'n seun slegs mag aanwend ter versorging van die guma waaruit die seun afkomstig is. Wanneer 'n ander guma behoeftig is, mag hy dit nie tot voordeel van daardie guma aanwend sonder die toestemming van die seun nie. Aangesien die seun se eie verdienste, na die afsterwe van die vader, nie as algemene kraaleiendom of huteiendom beskou word nie, maar direk na die seun teruggaan, bring die aanwending van die seun se eiendom vir 'n ander guma 'n skuldverhouding tot stand. Dit is nie 'n inter-guma skuldverhouding nie maar 'n skuld= verhouding wat die betrokke guma direk met die besondere seun aangegaan het. Na die afsterwe van die vader moet dit aan die seun persoonlik teruggegee word.

Aangesien 'n vader aanspreeklik is vir die onregmatige dade van sy kinders, is hy ook aanspreeklik vir die lewering van skadevergoeding namens die kind. Oor die voorsiening van hierdie skadevergoeding is informante dit nie eensgesind nie. Die een standpunt is dat die vader dit in alle gevalle self moet voorsien. Dit verleen aan hom die reg om die skadever= goeding wat 'n hof aan sy minderjarige kind toeken, te ont= vang en tot sy eie voordeel aan te wend. Dit kom nie die kind of die hut waaruit dit stam, toe nie. Die ander stand= punt is dat die eiendom van die seun wat by die vader in trust gelaat is as skadevergoeding volgens 'n bevel wat eint= lik teen die seun gedien is, gebruik kan word. Dié voor= waarde vir so 'n optrede is egter dat die seun dan geregtig is op skadevergoeding wat 'n hof eintlik ten gunste van hom toeken. Die howe hou die vader egter in alle gevalle aan= spreeklik vir die lewering van skadevergoeding namens sy seun. Waar hy dit vandaan haal, gaan die hof eintlik nie aan nie. In saak 38 blyk dit egter duidelik dat 'n seun, vanweë sy herhaaldelike oortredings, sy vader sodanig kan belas dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hy op hierdie wyse 'n groot gedeelte van sy trougoedere kan verbeur.

By die stamme van Mhala bestaan daar nie die gebruik dat 'n vader beeste vir sy seun oormerk nie (vergelyk Coertze 1971: 301). Al die beeste behoort aan die vader totdat hy sterf. Na die afsterwe van die vader is die seun dus slegs geregtig op daardie eiendom wat hy in sy vader se boedel as trust=goedere gebring het. Dit is sy eiendom en niemand anders mag dit erf nie. Volgens die bepalings van die erfreg (vergelyk hoofstuk VI) is die seun egter geregtig op 'n deel van die beeste in die boedel. 'n Mens kan dit egter nou reeds sê dat 'n seun wat reeds beeste as trougoedere van sy vader ontvang het, nie 'n aanspraak het op verdere beeste uit die boedel van sy vader ten nadele van sy jonger broers nie. 'n Seun wat egter sy eie goedere aanwend as trougoedere, verbeur nie hierdie reg nie.

Wanneer 'n seun trou en vir hom 'n hut in die kraal van sy vader oprig, behoort die hut aan die vader. Indien die seun later sy eie kraal oprig, mag hy nie hierdie hut afbreek of dele daarvan (byvoorbeeld die sink, vensters, deure, enso=voorts) verwyder nie. Dit word die eiendom van die vader en word gewoonlik gebruik om jonger broers of susters te huisves.

Die verdienste van dogters wat onder die gesag van die vader is, behoort uitsluitlik aan die vader. Hy mag daarmee handel na eie goeddunke. In die praktyk gebeur dit egter dat die vader 'n gedeelte daarvan aan die dogter gee om haarself te klee of klein besittinkies mee te koop. Die restant daarvan kan die vader vir homself of vir enige <u>guma</u> aanwend. Indien die verdienste van 'n dogter byvoorbeeld 'n onderwyseres, so groot is dat die vader beeste daarmee kan koop, word hierdie beeste na sy dood huteiendom en dit vererf na die seuns van daardie hut. Terwyl die vader nog lewe, kan hierdie beeste ook gebruik word om die dogter se geskakelde broer van trou=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goedere te voorsien. Indien dit gebruik word as trougoedere vir 'n seun uit 'n ander guma, ontstaan 'n inter-guma skuld=verhouding.

7. Onderhoudsplig teenoor ouers

Net soos wat dit die plig van die ouers is om die kinders te versorg, is dit die plig van die kinders om hulle ouers te versorg (ku hlayisa) of om by te dra tot die onderhoud van die gesin. Dit is nie slegs 'n morele plig nie, maar kan in 'n hof afgedwing word.

Soos dit uit die vorige afdeling duidelik blyk, neem hierdie plig van die kind reeds 'n aanvang wanneer hy oor 'n eie verdienste beskik. Van hierdie verdienste kan aangewend word om die ouers te versorg. Dogters is ook verplig om wanneer hulle nie vir 'n werkgewer werk nie, die moeder te help met die akkerbou en die huishouding terwyl seuns behulpsaam moet wees met die beoefening van die veeteelt en veral wanneer daar geploeg word. Hulle moet ook behulpsaam wees met die oprig=ting van nuwe hutte.

Die werklike onderhoudsplig van die kind neem egter eers 'n aanvang, wanneer die ouers oud is en nie meer in staat is om hulleself te onderhou nie. Hoewel dit die plig is van elke seun om hiertoe by te dra, word dit uiteindelik die taak van die jongste seun van elke gesin om sy ouers te onderhou. So 'n seun staan bekend as xigumandzeni of xisiva rhumbu, dit wil sê die verseëler van die baarmoeder. Hierdie seun mag nie die kraal van die vader verlaat nie. Hy bly vir sy hele lewe lank in die kraal en erf dit ook uiteindelik. Dit is die taak van sy vrou om sy moeder te help met die akkerbou, kos te kook en haar te versorg. Volgens informante is dit nie 'n onregverdige lot nie, aangesien elke seun en skoon=dogter op 'n sekere tydstip hierdie versorgingsplig gehad het. Soos vroeër verduidelik is, bestaan daar naamlik die gebruik dat 'n seun nadat hy getroud is, in die kraal van sy vader

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kom woon. Gedurende hierdie tyd moet sy vrou die kook=werk en ander versorgingspligte behartig. Wanneer 'n vol=gende seun trou, rig die ouer broer sy eie kraal op en word dit weer die taak van die jonger broer se vrou om die ver=sorgingspligte na te kom. Dit gaan so voort totdat die xigumandzeni en sy vrou vir die duur van die ouers se lewe hierdie pligte moet nakom.

Elke gesin het 'n xigumandzeni. In die kraal van 'n poligi=nis kan dit dus gebeur dat meer as een xigumandzeni in die kraal aanbly. In die praktyk gebeur dit egter dat die onder=skeie swigumandzeni van die mindere vroue na die afsterwe van hulle vader, 'n eie kraal oprig. Hulle is dan verplig om hulle onderskeie weduweemoeders met hulle saam te neem. Uiteindelik bly net die hoofvrou en haar xigumandzeni en sy gesin in die kraal agter.

Wanneer 'n vrou geen seuns het nie, kan daar langs drieërlei weë gehandel word om haar te versorg. Dié besluit berus by die familievergadering van die man. Die onderskeie moontlik=hede is die volgende: (i) Die weduwee kan gaan inwoon by een van haar dogters; (ii) In ooreenkoms met die leviraat=gebruik kan sy versorg word deur 'n broer van haar man (ver=gelyk afdeling III); (iii) Daar kan met beeste wat vir een van haar dogters gelewer is, 'n vrou vir haar oorlede man getrou word. Dit is dan die taak van hierdie vrou om die weduwee te versorg. So 'n vrou word beskou as 'n stutvrou (nhlantswa) en 'n broer van die oorledene sal aangewys word om kinders by haar te verwek. Haar status en dié van haar kinders is dieselfde as dié van enige ander nhlantswa (ver=gelyk hoofstuk V deel I).

Wanneer die vrou eerste sterf en die man agterbly, word die=selfde riglyne as hierbo gevolg. Ouers is dus altyd verseker van onderhoudslewering deur hulle kinders.

Ten slotte moet mens daarop wys dat hoewel die onderhoudsplig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


uiteindelik op die xigumandzeni oorgaan, sy ouer broers nie totaal onthef is van hulle onderhoudsplig teenoor hulle ouers nie. Indien die xigumandzeni nie in staat is om alleen die onderhoudsplig na te kom nie, kan 'n ouer daarop aandring dat die ander seuns en veral die stamerfopvolger (mudyandzhaka) bydra tot die onderhoud. Hierdie plig is in die hof af=dwingbaar.

8. Die aanneming van kinders

Aanneming van kinders soos dit in die gemenereg bekend is (vergelyk Spiro 1971:50 e.v. en Olivier 1977:338 e.v.) be=staan nie by die stamme van Mhala nie. Hulle woordeskat maak ook nie daarvoor voorsiening nie. Die enigste regs=handeling wat ooreenstem met die aanneming van kinders soos ons dit in die gemenereg ken, is wanneer 'n vrou met 'n ander man as die voorhuwelikse verwekker trou en die kind dan saam met die moeder in die huwelik geneem word. Hierdie regs=handeling en die regsposisie van sodanige kind is reeds vroeër bespreek.

Die teenhanger van aanneming is versorging. So versorg die grootvader byvoorbeeld die buite-egtelike kinders van sy dogter. Sodanige versorging staan bekend as ku undla wat deur Cuenod (1967) vertaal word as: "bring up a child, care for, nurse." Wanneer 'n kind dus albei sy ouers verloor, word hy as weeskind (xisiwana) deur of sy grootvader aan vaderskant of deur 'n ander manlike verwant van sy vader versorg. Hy behou sy familienaam en die boedel van sy vader word vir hom in trust gehou. Wanneer daar geen verwante aan vaderskant is om die kind te versorg nie, gaan hy normaalweg oor na sy moeder se oudste broer (malume) of by ontstentenis aan so 'n oom, na die volgende manlike verwant van sy moeder. Dit is vir informante ondenkbaar dat 'n kind totaal wees ge=laat kan word. Daar is volgens hulle altyd 'n verwant wat die plig het om die kind te versorg.

Die gebruik waarvolgens 'n kind, nadat hy van sy moeder ge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


speen is, deur sy grootouers opgevoed word totdat hy puberteit bereik, staan ook bekend as ku undla. Die kind word nie deur die grootouers aangeneem nie. Hulle versorg hom totdat hy puberteit bereik of selfs vir 'n korter termyn, waarna hulle hom na sy ouers terugstuur. By die Nhlanganu= stamme is die grootouers geregtig op 'n vergoeding vir die opvoeding van so 'n kind. Sodanige vergoeding staan bekend as xiwundlo (vergelyk ook Ramsay 1941:25). Die maksimum vergoeding wat geëis kan word, is 1 bees of R10-00. By die Changanastamme is sodanige vergoeding nie afdwingbaar nie. Dit is egter goeie maniere dat 'n seun wat deur sy groot= ouers opgevoed is, uit sy eerste verdienste 'n geskenk aan sy grootouers oorhandig. Sommige informante ken ook die gebruik dat een van die lovolo-beeste wat 'n vader vir sy dogter ontvang het, aan die grootouers oorhandig word uit dankbaarheid vir die opvoeding van die kind. Hierdie bees is bekend as i homu ya nyimba - die bees van swangerskap.

Uit al die bogenoemde gebruike is dit met uitsondering van die eerste moontlikheid wat behandel is, nie moontlik om 'n kind aan te neem nie maar wel om 'n kind namens die nog lewende ouers of in die geval van 'n weeskind, namens sy oorlede ouers te versorg.

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## DEEL III

## HUWELIKSONTBINDING EN -VOORTSETTING NA STERFTE

### A Egskeiding

### 1 Inleiding

Hoewel daar by die sluiting van die huwelik veronderstel word dat dit 'n permanente verbintenis sal wees tussen nie alleen die man en die vrou nie, maar ook tussen die onder= skeie families, word daar by die stamme van Mhala net soos by alle ander volke, voorsiening gemaak vir die ontbinding van die huwelik.

Egskeiding staan bekend as <u>ku dlaya vukati</u> d.w.s. om die huwelik dood te maak en in oordragtelike sin, om die huwelik te ontbind (vergelyk ook Chatelain 1952 en Cuenod 1967). <u>Ku dlaya vukati</u> kan slegs deur 'n ooreenkoms tussen die onderskeie belanghebbendes geskied. Die huwelik kan dus nie soos in die gemenereg deur 'n hof ontbind word nie. Omdat die huwelik by die stamme van Mhala soos tewens by alle Suidoos-Bantoestamme, 'n verbintenis tussen nie alleen die man en die vrou is nie maar ook 'n verbintenis tussen afkomsgroepe vorm, is die ontbinding van die huwelik baie meer gekompliseerd as in die gemenereg. Daar is ook meer mense as slegs die man en die vrou by betrokke. Net soos die huwelik tot stand gekom het deur middel van 'n ooreen= koms tussen die vrou se vader of voog en die vader of voog van die man, of by 'n tweede huwelik, die man self, kan 'n huwelik slegs ontbind word deur die opsegging van die oor= eenkoms deur die bogenoemde partye. Die man en die vrou kan onder geen omstandighede alleen die huwelik per ooreen= koms laat ontbind nie. 'n Man se eerste huwelik kan wel ontbind word deur 'n ooreenkoms tussen hom en die vader of voog van sy vrou mits sy eie vader of sy opvolger in status, in die familiehof teenwoordig is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die huwelik kan ook nie ontbind word deur die twee partye (die onderskeie vaders/voogde) wat die oorspronklike oor= eenkoms aangegaan het nie. Die uitdruklike toestemming van die man en die vrou is nou ook nodig. Hulle moet ook tydens die onderhandeling met die oog op egskeiding teen= woordig wees. Hierbenewens word ook vereis dat die onder= skeie tindhuna ta malovolo teenwoordig moet wees. Hulle was die persone wat as tussengangers tydens die huweliks= onderhandelinge opgetree het en word daarom as die belang= rikste getuies beskou. Hulle is ook die persone wat rekord gehou het van die hoeveelheid trougoedere wat ge= lewer en ontvang is.

Hoewel dit hierbo beweer is dat die huwelik nie soos in die gemenereg deur 'n hof ontbind word nie (vergelyk ook in hierdie verband: De Clercq 1975:370; Olivier 1969:161; Van Tromp 1948:151 en Holleman 1952:265), word daar met die begrip hof hier 'n openbare hof bedoel. Die ooreen= koms om te skei is by uitstek 'n familie-aangeleentheid. Hoewel dit oënskynlik mag blyk dat dit 'n blote informele ooreenkoms is, is dit inderdaad nie die geval nie. Elke egskeiding word gefinaliseer deur 'n bevel van die familie= hof wat die saak hanteer. Watter familiehof die saak sal hanteer, sal afhang van waar die klagte aanhangig gemaak moes word. Die betrokke kraalhoof, hetsy die vader van die man, hetsy die vader van die vrou, tree dan op as die voor= sittende beampte. Wanneer daar nie in die familiehof 'n ooreenkoms tussen die partye bereik kan word nie, gaan die saak op appèl na 'n openbare hof. Die saak wat dan voor die hof dien is nie 'n aansoek deur die partye om te skei nie. Dit handel gewoonlik oor 'n eis van die man dat sy vrou na hom moet terugkeer of by ontstentenis daarvan, dat die trougoedere teruggegee moet word (vergelyk sake 56, 57 en 58). Wanneer die hof dan beveel dat die trougoedere voor 'n bepaalde datum teruggegee moet word, beteken dit dat die hof indirek die huwelik ontbind aangesien die teruggawe van die beeste die huwelik outomaties ontbind. Wanneer die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

partye egter na die uitspraak van die hof besluit om nie meer te skei nie, is die uitspraak van die hof nie bindend nie en kan hulle voortgaan met die huwelik.

## 2 Gronde vir egskeiding

In die vorige afdelings is daar telkens verwys na handelinge van òf die man òf die vrou wat 'n grond vir egskeiding verteenwoordig. Hierdie gronde vir egskeiding sal hierna kortliks saamgevat word. 'n Mens moet egter vir Olivier (1969:306) gelyk gee waar hy beweer dat " ... daar in die Bantoereg nie 'n afgebakende, beperkte lys van gronde vir huweliksontbinding is nie." Anders as in ons gemenereg waar daar slegs vier gronde vir egskeiding bestaan (verge= lyk Olivier P.J.J. 1977:277), is daar 'n hele reeks handelinge wat by die stamme van Mhala as gronde vir eg= skeiding aangevoer kan word. Daar bestaan egter 'n aantal bekende gronde vir egskeiding wat in die inheemse regsisteme algemeen geldend is en wat ook by die stamme van Mhala gronde vir egskeiding vorm (vergelyk ook in hierdie verband Art. 76(1) van die Natalse Wetboek van Swart Reg; Coertze 1971:306-307, De Clercq 1975:172-173, Olivier 1969: 166-168).

Die belangrikste gronde vir egskeiding is volgens informante die volgende:

i Owerspel van die vrou (vergelyk sake 51 en 52). Die owerspel van die man is nie 'n grond vir egskeiding nie (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B 3).

ii Die beoefening van kwaadwillige towery deur die vrou (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B ). Die beoefening van kwaadwillige towery deur die man is volgens die informante nie 'n grond vir egskeiding nie.

iii Die nie-nakoming van die versorgingspligte deur sowel die man as die vrou (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B 2 en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sake 49, 53 en 61).

iv Die mishandeling van die vrou (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B 1).

v Die weiering van huweliksregte deur sowel die man as die vrou (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B 3 en saak 54).

vi Die verjaging van die vrou - met of sonder goeie rede (vergelyk saak 55).

vii Kwaadwillige verlating deur die vrou met of sonder goeie rede (vergelyk sake 56, 57 en 58).

viii Die pleeg van bloedskande deur sowel die man as die vrou (vergelyk saak 44). Wanneer 'n vrou bloedskande pleeg, word dit ook as owerspel beskou.

ix Voorhuwelikse swangerskap wat nie deur die latere eggenoot veroorsaak is nie (vergelyk saak 41) en waarvan hy ten tye van die huwelik nie kennis gedra het nie.

x Wanneer 'n vrou haar hand teen haar man oplig.

Soos vroeër verduidelik is, is die impotensie sowel as die steriliteit van die man, nie 'n grond vir egskeiding nie (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B 3). Net so ook is die onvrugbaarheid van die vrou of die feit dat sy slegs seuns of slegs dogters gebaar het, nie 'n grond vir egskeiding nie (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B 3). Wanneer die man 'n gevangenisstraf van selfs langer as vyf jaar moet uitdien, is dit ook nie 'n grond vir egskeiding nie. Solank as wat die man se familie die onderhouds- en versorgingspligte teen= oor die vrou getrou nakom, het sy nie 'n klag van verwaar= losing wat kan uitloop op 'n egskeiding nie. Dieselfde reël is ook van toepassing wanneer die man vir baie lang termyne weens sy werksomstandighede van die kraal afwesig moet wees. In gevalle waar die vrou gevangenisstraf uit= dien of weens haar werk van die huis afwesig is, geld dieselfde reëls.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


### 3 Egskeidingsprosedure

'n Huwelik kan alleenlik ontbind word wanneer die korrekte prosedure gevolg word. Daarom word die huwelik nie reeds ontbind wanneer die man sy vrou verjaag óf wanneer die vrou die man kwaadwillig verlaat nie. Die huwelik kan ook nie ontbind word indien die vader van die vrou die trougoedere aan sy skoonseun terugstuur nie. Die man kan altyd weier om die beeste te ontvang. Die huwelik moet deur 'n formele ooreenkoms ontbind word.

Die ontbinding van die huwelik kan op twee wyses geskied, te wete:

i Wanneer die man die inisiatief neem vir die beëindi= ging daarvan, of

ii wanneer die inisiatief uitgaan van die vrou en haar vader.

Wanneer die vrou nie haar versorgingspligte nakom nie, haar man huweliksregte weier of enige handelswyse volg wat daar= toe aanleiding kan gee dat die huwelik kan ontbind, sal haar man haar by sy vader gaan verkla. Indien dit sy eerste of enigste vrou is, geskied dit via sy moeder of sy hahane. Indien dit 'n mindere vrou is, sal die hoofvrou eers die betrokke vrou vermaan. Indien sy voortgaan met die handelswyse, sal die hoofvrou dit via die man se hahane of sy moeder aan die vader rapporteer. Op dieselfde wyse sal 'n vrou wat getrou is met beeste wat gelewer is vir 'n dogter uit 'n besondere guma, eers deur daardie vrou beris= pe word en indien nodig, ooreenkomstig bogenoemde prosedure verkla word. Aangesien 'n stutvrou (nhlantswa) wat gelewer is om die arbeidslas van 'n spesifieke vrou te verlig of 'n stutvrou (xipfula rhumbu) wat gelewer is vir 'n kinderlose vrou, op versoek en met die instemming van daardie vrou getrou is, moet bogenoemde prosedure ook via daardie vrou gevolg word. Die betrokke vrou se instemming is ook nodig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

alvorens haar man van die stutvrou kan skei.

Nadat die man se vader die klagte aangehoor het, kan hy die vrou vermaan om haar handelswyse te staak. Indien sy daar=mee sou voortgaan, kan een van twee moontlikhede gevolg word. Die man kan sy skoonouers ontbied om sy klagte aan te hoor. Indien daar nie 'n versoening bewerkstellig kan word nie, kan die huwelik in die teenwoordigheid van al die partye, ontbind word. Sodanige ontbinding van die huwelik gebeur egter selde in die praktyk. Die betrokke verwante=groepe en meer spesifiek, die onderskeie ouerpare, doen gewoonlik hul uiterste bes om die man en die vrou met mekaar te versoen. Die skoonvader is menslikerwys gewoonlik ook nie baie geneë om die trougoedere wat hy ontvang het, te verbeur nie. Daarom is dit 'n normale praktyk dat hy sy skoonseun sal versoek om die dogter na sy kraal terug te stuur sodat haar moeder haar weer kan onderrig om 'n goeie en onderdanige vrou te wees. Na hierdie onderrigperiode word sy met twee houers bier na haar man teruggestuur met die belofte dat sy haar handelswyse sal staak en haar nor=male huweliksplígte sal hervat. Indien hierdie poging ook misluk, kan die huwelik per ooreenkoms en in die teenwoor=digheid van al die partye ontbind word.

Die tweede moontlikheid word gewoonlik gevolg wanneer 'n vrou haar aan ernstige wangedrag skuldig maak of by her=haling nie die vermaninge van haar man en sy familie wil gehoorsaam nie. Die man is dan geregtig om sy vrou weg te stuur of weg te jaag. Die korrekte prosedure wat gevolg moet word, is dat die man haar, vergesel van 'n tussen=ganger, met een bees of R10-00 na sy skoonvader stuur om sodoende amptelik 'n klag teen sy vrou aanhangig te maak (vergelyk saak 45). Die skoonvader moet dan op die klagte reageer, waarna die saak in die familiehof van die man ver=hoor sal word. In die praktyk gebeur dit egter dikwels dat 'n man sy vrou sonder meer wegjaag. Dit skep geweldig baie probleme. Die blote verjaging van die vrou ontbind nie die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

huwelik nie. 'n Skoonvader is ook daarop geregtig dat die skoonseun die korrekte prosedure moet volg wanneer hy van sy vrou wil skei. Hy kan gevolglik weier dat die huwelik ontbind word alvorens hy 'n bees of R10-00 van sy skoon=seun ontvang het. In die huidige tyd word die howe ook oorval met sake waarin die skoonvader kla dat die skoonseun sy dogter onwettig verjaag het. Die skadevergoeding wat deur die howe in sulke sake toegestaan word, is gewoonlik een bees of R10-00, sonder om te bepaal wat die rede vir die verjaging was. Sulke sake ontstaan gewoonlik wanneer die skoonseun daarop aandring dat die trougoedere terugge=lewer moet word of wanneer die skoonseun sy vrou sonder goeie rede verjaag het.

Wanneer die verjaging van 'n vrou nie opgevolg word met 'n formele ooreenkoms om te skei nie, is die huwelik nie ont=bind nie en is daar geen eis moontlik vir die teruggawe van die trougoedere nie. Informante is bewus van baie sulke gevalle waar die egskeiding halfpad bly vassteek het. Dit kan uit die aard van die saak geweldige groot probleme veroorsaak aangesien die vrou streng gesproke nog onder die gesag van die man is en hy geregtig is op haar baarvermoë en verantwoordelik is vir haar dade. In die praktyk gebeur dit egter selde dat 'n man hom bemoei met die dade van 'n vrou wat hy verjaag het. Die skoonvader daarenteen beroep hom ook selde op hierdie pligte en verantwoordelikhede van die skoonseun aangesien dit in die praktyk gaan eindig in 'n ontbinding van die huwelik en die teruggawe van die trou=goedere. In die huidige ekonomiese omstandighede word dit ten alle koste vermy.

Die huwelik kan ook ontbind word op inisiatief van die vrou en haar vader. Mens moet dit hier uitdruklik stel dat die toestemming of die inisiatief van die vrou alleen, nie die huwelik kan ontbind nie. Haar vader het namens haar die huweliksooreenkoms aangegaan en slegs hy of haar wettige voog kan namens haar die huwelik ontbind. Anders as by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die sluiting van die huwelik is die toestemming van die vrou egter noodsaaklik by die ontbinding van die huwelik. Haar vader of voog en haar man kan dus nie sonder haar toe=stemming die huwelik per ooreenkoms ontbind nie. Net so is dit ook nie moontlik vir die vrou en haar vader om die huwelik eensydig te ontbind nie.

Die toestemming van die man en sy vader en in die geval van 'n tweede of verdere huwelik, die toestemming van die man, is noodsaaklik alvorens die huwelik ontbind kan word. Daarom is dit nie moontlik om in Mhala, soos Olivier (1969:178) in die algemeen beweer, die huwelik te ontbind, deur die reeds gelewerde lovolo-beeste te jaag na die kraal van die man nie. Hoewel sodanige handeling in die praktyk uiteindelik kan eindig in die ontbinding van die huwelik, is die huwelik nie deur so 'n optrede ontbind nie. Die man het die reg om te weier om die beeste te ontvang of om die beeste weer terug te jaag. Informante beweer ook dat 'n vader veel eerder sy dogter na haar man sal terugstuur alvorens hy ongevraagd die beeste na sy skoonseun sal terug=stuur.

Die terugjaag van die lovolo-beeste is egter ook nie die korrekte prosedure wat gevolg moet word wanneer die inisia=tief van die vrou en haar vader uitgaan om die huwelik te ontbind nie. Wanneer die man sy vrou mishandel, haar huweliksregte weier, haar nie na behore versorg nie, ens., het 'n vrou die reg om haar man via sy hahane of sy moeder, by sy vader te verkla. Dit is die plig van die man se vader en by uitbreiding die familieraad van die man, om die klagte aan te hoor. Indien dit 'n grondige klagte is, kan hulle die man berispe en selfs tugtig aangesien sy optrede die verlies van die vrou sowel as die trougoedere, ten gevolg kan hê.

Indien die man volhard om sy vrou nie te versorg nie het die vrou die reg om van haar man na haar vader of sy opvolger in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



status te vlug. (L.W.: Sy kan dit slegs doen nadat sy haar man reeds sonder gevolg voor sy familieraad laat daag het. Indien nie, is dit kwaadwillige verlating en 'n grond vir egskeiding van die kant van die man). Wanneer sy by die kraal van haar vader aankom, sal sy moet verduidelik waarom sy daar is. Hierna berus dit by haar vader om te besluit watter prosedure hy gaan volg. Vir hom bestaan daar drie moontlikhede waarvolgens hy kan handel te wete:

i Indien hy nie begerig is dat die huwelik moet ontbind nie, sal hy sy dogter probeer oorreed om na haar man terug te keer.

ii Indien hy twyfel of sy dogter se verlating van haar eggenoot geregverdig is, kan hy 'n boodskapper na haar man stuur en 'n verduideliking vra vir sy optrede. Indien die man se optrede na sy oordeel geregverdig is, sal hy sy dog= ter terugstuur en 'n verskoning vir haar gedrag aanbied. Indien die man die verskoning nie aanvaar nie, word die saak beslis deur die familiehof van die man wat oor die bevoegdheid beskik om die huwelik te ontbind. Die vrou sowel as haar vader moet dan teenwoordig wees.

iii Indien die vader sou bevind dat sy dogter grondige redes het vir die verlating van haar man, kan hy haar in sy kraal hou totdat die man òf sy vrou kom terugvra òf 'n versoek rig dat die trougoedere teruggelewer moet word. Wanneer die man die eersgenoemde versoek rig, kan die skoonvader sy dogter aan haar man teruggee. Dit geskied gewoonlik nadat die man 'n verskoning aangebied het vir sy gedrag en een bees of R10-00 daarvoor gelewer het. Die skoonvader is ook geregtig om hierdie bees of R10-00 van die man te eis alvorens hy sy dogter aan haar man terugbesorg. By gebrek daaraan is hy geregtig om sy dogter te hou todat die bees of R10-00 gelewer word. Indien die man nie begerig is om sy vrou terug te neem nie, kan hy 'n versoek rig dat die trougoedere teruggelewer word. So 'n versoek word in die teenwoordigheid van die man se verwante in die familie=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hof van die vrou oorweeg. Haar vader is die voorsittende beampte. Die hof het die bevoegdheid om die huwelik te ontbind en afhangende van die bevinding van die hof, te beslis of die trougoedere teruggelewer moet word, al dan nie. Indien die man nie tevrede is met die uitspraak van die hof nie, kan hy die teruggawe van die trougoedere in 'n openbare hof eis.

Sou die man versuim om sy vrou terug te vra of die trou=goedere op te eis, ontstaan daar 'n probleemsituasie, soort=gelyk aan die situasie wat volg wanneer 'n man sy vrou ver=jaag. In hierdie verband moet mens Olivier (1969:181) gelyk gee waar hy in verband met 'n soortgelyke probleem beweer: "Sou die man weier of nalaat om die vrou te kom _phutuma_ of sou, na die _phutuma_, die vrou nog volhardend weier om terug te keer, kan die saak natuurlik ook onbepaald in 'n swewende toestand gelaat word. So 'n toestand is vir albei partye onbevredigend; vir die vader, omdat hy in besit is van die _lobolo_-beeste en die presumpsie dus bestaan dat die huwelik nog bestaan; die eggenoot omdat hy in onsekerheid gelaat word oor die beeste wat hy as _lobolo_ gelewer het, en o.a. ook i.v.m. die regsposisie van kinders wat daarna uit die vrou gebore mag word." Die informante kon geen voorbeeld aanbied van 'n saak wat uit so 'n swewende egskeidingsituasie gespruit het nie. Informante beweer egter dat die blote versaking van 'n vrou 'n normale praktyk is, en dat 'n man wat sy vrou versaak het, hom nie verder met haar optrede bemoei nie. Net so min sal 'n skoonvader wat hom versoen het met die optrede van sy dogter, die man by 'n latere geleentheid vir die onregmatige dade van sy dogter laat aanspreek. Informante was daaroor eens dat kinders wat na die verjaging gebore word, met die sibbenaam en onder die sorg van die vrou se vader sal groot=word. Die toestand bly dus swewend tot die man of die vrou se vader handel om die egskeiding formeel te laat bevestig. Wanneer 'n vrou owerspel pleeg of haar aan die beoefening van kwaadwillige towery skuldig maak, is haar man geregtig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


om haar direk na die kraal van haar vader te stuur. In sulke gevalle het haar vader nie die reg om 'n bees of R10-00 van sy skoonseun te vorder nie. Hy is verplig om sy dogter in ontvangs te neem en deur 'n ooreenkoms die trou= goedere aan sy skoonseun terug te lewer. Indien hy dit nie doen nie, kan die skoonseun dit in 'n openbare hof eis.

Die huwelik is ontbind op die tydstip waarop die ooreenkoms om te skei gefinaliseer is en nie wanneer die trougoedere teruggegee is nie. Dit blyk 'n logiese reël te wees aange= sien die ontbinding van die huwelik nie noodwendig beteken dat die trougoedere teruggelewer moet word nie. Soos later verduidelik sal word, is die man onder sekere omstandighede nie geregtig om die trougoedere te eis nie. Wanneer hy wel daarop geregtig is, kan die teruglewering van die trougoede= re selfs die formele ontbinding van die huwelik voorafgaan. Die huwelik self is eers ontbind wanneer 'n familiehof die blaamwaardige party uitgewys het en die partye daarna nie 'n versoening kon bewerkstellig nie en daarom die huwelik as formeel ontbind verklaar.

4 <u>Die gevolge van die egskeiding</u>

Net soos in die Suid-Afrikaanse gemenereg (vergelyk Olivier 1977:297), kan die gevolge van die ontbinding van die huwelik by die stamme van Mhala onder vier hoofde saamgevat word, te wete:

a Die gevolge ten aansien van die persoonlike status van die partye;

b Die gevolge ten aansien van die vermoë van die partye;

c Die gevolge met betrekking tot onderhoud tussen die partye; en

d Die gevolge met betrekking tot die kinders uit die huwelik gebore.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Aangesien die inheemse reg nie daarvoor voorsiening maak nie, kan die familiehof tydens die ontbinding van die huwelik of daarna, nie 'n bevel vir onderhoudspligtigheid maak nie. Die ontbinding van die huwelik beëindig die wedersydse verpligting van die man en die vrou om mekaar te onderhou. Aangesien die wyse waarop die vrou na die ontbinding van die huwelik onderhou word, verband hou met haar persoonlike status, sal (a) en (c) hierbo, gesamentlik behandel word.

a <u>Persoonlike gevolge</u>

Na die ontbinding van die huwelik, verkry 'n vrou vir sover dit haar status in die reg betref, weer die status van 'n ongetroude dogter in die kraal van haar vader. Sy staan onder die gesag en voogdy van haar vader - selfs al keer sy nie na sy kraal terug nie (vergelyk saak 59). Dit beteken dat daar vir 'n geskeide vrou, anders as in die gemenereg, na die egskeiding nie 'n toename in vermoë in die reg is nie. Hoewel sy nie meer onder die gesag van haar man ressorteer nie, verkry sy nie soos 'n geskeide vrou in die gemenereg, volle handelingsbevoegdheid nie. Net soos enige ander vrou beskik sy in die inheemse reg steeds nie oor 'n eie handelingsbevoegdheid nie en het sy geen <u>locus standi in judicio</u> nie. Sy word as vrou as 'n minderjarige in die kraal van haar vader beskou.

Hierdie status wat 'n vrou na die ontbinding van die huwelik het, beteken ook dat sy anders as in die gemenereg, nie oor die bevoegdheid beskik om sonder die toestemming van haar vader of sy opvolger in status, 'n volgende huwelik te sluit nie. Net soos by haar eerste huwelik moet haar vader of sy opvolger namens haar die onderhandelinge voer. Daar moet weer trougoedere vir haar gelewer word en haar vader is weer daarop geregtig. 'n Huweliksooreenkoms kan egter nie aangegaan word sonder die instemming van die geskeide vrou nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Soos hierbo verduidelik is, het 'n geskeide vrou, ongeag waar die skuldoorsaak lê, geen eis om onderhoud teen haar man nie. Sy kom onder die gesag van haar vader en hy is verplig om haar te onderhou. Hy is ook verantwoordelik vir haar onregmatige dade en is daarom aanspreeklik om skade=vergoeding namens haar te lewer wanneer 'n hof dit beveel. Hierteenoor is hy geregtig om 'n eis van skadevergoeding in te stel vir enige onregmatige daad wat teen sy geskeide dogter gepleeg word. Hy is dan geregtig op die skadever=goeding wat gelewer word.

Die persoonlike status wat 'n man verkry wanneer hy 'n huwelik sluit, verander nie wanneer die huwelik ontbind nie. Hy behou dus sy status as meerderjarige in die reg, selfs wanneer monogamie beoefen word en hy met of sonder sy kinders alleen in die kraal agterbly. Wanneer hy as die enigste agtergeblewene d.w.s. sonder die kinders in die kraal agterbly of wanneer hy as geskeide man na die kraal van sy vader terugkeer, behou hy ook hierdie status. Normaalweg trou 'n man vir 'n tweede keer sodra hy die trougoedere wat vir sy eerste vrou gelewer is, terug ontvang het.

Vir 'n poliginis bring die ontbinding van die huwelik met een van sy vroue ook geen verandering in status mee nie. In die praktyk beteken dit vir hom slegs 'n vermindering van sy pligte en verantwoordelikhede.

'n Geskeide man het anders as 'n geskeide vrou, nie die toe=stemming van sy vader nodig wanneer hy 'n tweede of verdere huwelik wil sluit nie.

b Vermoënsregtelike gevolge

Hier moet onderskei word tussen: (i) Die wyse waarop met die bates wat die man sowel as die vrou in die gesamentlike boedel ingebring het, gehandel word; en (ii) die wyse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


waarop met die trougoedere gehandel word wanneer die huwelik ontbind.

Ten opsigte van (i) kan dit duidelik gestel word dat daar nie 'n verdeling van die gesamentlike boedel plaasvind wanneer die huwelik ontbind nie. Afgesien van 'n vrou se persoonlike besittings, het sy geen aanspraak op enige deel van die gesamentlike boedel nie. Hierdie reël is van toe= passing, ongeag by wie die skuldoorsaak vir die ontbinding van die huwelik lê. Al is die man dus die skuldige party, het die vrou steeds geen aanspraak op 'n gedeelte van die gesamentlike boedel of op daardie gedeelte wat sy in die gesamentlik boedel ingebring het nie. In die praktyk beteken dit dat 'n vrou nie eers geregtig is op daardie gedeelte van haar persoonlike verdienste wat sy aan haar man oorhandig het nie. Ook nie op die inkomste uit die landbouprodukte wat sy verbou het nie. Selfs die oes wat op haar land staan, behoort aan die man. Uit die aard van die saak is sy ook nie geregtig op die trougoedere wat vir een van haar dogters gelewer is nie - selfs nie eers wanneer die minderjarige kinders uit die huwelik aan haar toegeken word nie. Soos later verduidelik sal word, gebeur dit egter uiters selde dat die kinders aan die moeder toegesê word.

Die persoonlike eiendom van die vrou, d.w.s. die <u>xibya</u> wat sy van haar vader ontvang het tydens die huweliksluiting, geskenke wat sy van haar man ontvang het, sowel as geringe besittinkies wat sy met die toestemming van die man aange= koop het, behoort aan die vrou. Na die ontbinding van die huwelik bly dit ook haar eiendom.

Wanneer daar oor die trougoedere gehandel word, bestaan net twee moontlikhede te wete: (aa) As die man die skuld dra vir die ontbinding van die huwelik behou sy skoonvader die trougoedere, (bb) As die vrou die skuld dra vir die ont= binding van die huwelik moet die volle hoeveelheid trou=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


goedere, met uitsondering van een bees of R10-00 aan die man teruggegee word.

Olivier (1969:193) beweer dat: „As dit duidelik is dat die skuld by al twee die persone lê, en dat dit verkeerd sou wees om slegs een persoon vir die verbreking van die huweliksbetrekkinge verantwoordelik te hou, sal die partye 'n skikking probeer tref, of die Hof 'n verdeling maak waar=deur slegs 'n deel van die lobolo aan die eggenoot terug=gegee sal word...." 'n Sodanige verdeling van die trou=goedere wanneer die skuldoorsaak aan weerskante lê, ken die stamme van Mhala nie. Net soos wat kinders nie tussen die man en vrou verdeel kan word nie, kan trougoedere ook nie verdeel word nie. Die reël in sulke gevalle is dat die man altyd die voordeel van die twyfel ontvang en dat hy daarom geregtig is om die trougoedere te eis. 'n Ander reël wat ook soms in sulke probleemgevalle toegepas word, is dat die party wat die inisiatief neem om die huwelik te laat ontbind, die trougoedere verbeur aangesien hy of sy nie meer in die voortsetting van die huwelik belangstel nie. Hierdie reël is egter nog nie in 'n openbare hof getoets nie. Wat ookal die reël in sulke gevalle mag wees, staan dit vas dat die trougoedere nie verdeel kan word of by ooreenkoms verdeelbaar is nie.

Wanneer 'n man die trougoedere eis, is hy slegs geregtig op die hoeveelheid trougoedere wat hy gelewer het minus die toelaatbare aftrekking van een bees of R10-00. In die praktyk kom dit daarop neer dat hy nie geregtig is op die aanteel van beeste wat hy as trougoedere gelewer het of op die rente van geld wat hy as trougoedere gelewer het nie. Trougoedere word beskou as 'n "geskenk" en nie as 'n leen=transaksie of sisa-beeste wat aan die skoonvader toevertrou is nie. Daarom bestaan die reël dat slegs die oorspronklike hoeveelheid trougoedere geëis mag word.

Indien die oorspronklike hoeveelheid trougoedere saamgestel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

is uit beeste en geld, is die man geregtig op dieselfde ver= houding van beeste en geld as wat hy aan sy skoonvader gelewer het. Hy is egter nie geregtig om die oorspronklike beeste wat hy gelewer het, terug te eis nie - slegs die= selfde hoeveelheid. Hy het egter die reg om minderwaardige beeste af te keur. Die geslag en die ouderdom van die beeste is egter nie van belang nie.

Bogenoemde reël is slegs van toepassing in die onderskeie nie-openbare howe. In die openbare howe word 'n vaste reël gevolg dat 'n man nie meer as twaalf beeste of R120-00 in kontant mag eis nie (een bees = R10-00). 'n Man is dus nie geregtig om in 'n openbare hof, indien hy meer as die vasgestelde hoeveelheid trougoedere gelewer het, die oor= spronklike hoeveelheid trougoedere of die oorspronklike verhouding van beeste en geld, terug te eis nie. Die reël in die openbare howe is dus: beeste of geld met 'n vasge= stelde maksimum.

Dit is duidelik dat hierdie reël onregverdig is. 'n Mens kan verwag dat dit mettertyd sal moet verander. Dit is 'n verouderde reël in dié sin dat 'n bees in die huidige tyd aansienlik meer werd is as die waarde van R10-00 wat deur die howe gehandhaaf word.

Wanneer 'n man die trougoedere verbeur, verbeur hy slegs daardie trougoedere wat hy tot en met die ontbinding van die huwelik gelewer het. 'n Vader gee dus selde sy dogter in die huwelik voor daar nie 7-8 beeste van die trougoedere gelewer is nie. Die getal wat uitstaande is moet so klein as moontlik wees. Die ontbinding van die huwelik het nie ten gevolg of stel ook nie die vereiste dat 'n man die nog uitstaande trougoedere moet lewer nie.

Daar bestaan nie by die stamme van Mhala die gebruik dat die aantal beeste wat teruggeëis word, bepaal word deur die aantal kinders wat die vrou in die lewe gebring het nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

(vergelyk in hierdie verband De Clercq 1975:385 en Olivier 1969:193-197). By die stamme van Mhala gaan dit by die ontbinding van die huwelik dus nie soos De Clercq (1975:385) ten opsigte van die abakwaMzimela beweer: " ... oor die vraag of die man se verwantskapsgroep die verwagte reproduktiwiteit van die vrou ten volle kan benut of nie, met ander woorde of hulle deur die vrou kompensasie vir die lewering van die lobolo ontvang het nie". Die hoeveelheid kinders wat 'n vrou gebaar het, beïnvloed nie die hoeveel= heid trougoedere wat teruggelewer moet word nie.

Die enigste toelaatbare aftrekking is die een bees of R10-00 waarop die vader van die vrou geregtig is (vergelyk hierbo). Hierdie bees of die geld staan bekend as i homu ya muphahla d.w.s. die bees vir 'n offerande. Die doel van hierdie bees is enersyds om die goeie verhoudinge wat daar tussen die twee afkomsgroepe bestaan het, te handhaaf. Andersyds word dit by hoë uitsondering vir offerdoeleindes gebruik. Daar bestaan naamlik die opvatting dat die voor= vadergeeste van die moeder ook 'n invloed op die lewe van haar kinders kan hê. Wanneer die kinders dus siek word en die voorvadergeeste van die vader nie gunstig reageer op 'n offerande nie, is die vader genoodsaak om sy kinders, selfs na die ontbinding van die huwelik, na sy voormalige skoon= vader te neem sodat daar vir hulle geoffer kan word by die voorvadergeeste van die vrou. Die bees uit die trougoedere wat agtergelaat is, word dan as offerande gebruik. Hierdie bees kan in 'n openbare hof geëis word (vergelyk saak 58).

Wanneer die huwelik ontbind word deur die handeling van 'n derde persoon soos dit bv. die geval is by owerspel van die vrou,en die vader van die vrou daardeur die trougoedere moet teruggee, is hy geregtig om sy verlies van die derde per= soon te eis (vergelyk saak 52). In hierdie saak het die wettige eggenoot nie skadevergoeding geëis van die persoon wat met sy vrou owerspel gepleeg het nie. Hy het verkies om van haar te skei en die trougoedere te eis. (L.W. Hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is geregtig om hierbenewens ook 'n eis van skadevergoeding in te stel teen die persoon wat met sy vrou owerspel gepleeg het. Hy het dit nie gedoen nie). Na die ontbinding van die huwelik en die teruggawe van die trougoedere het die vrou se vader die hoeveelheid trougoedere wat hy moes teruggee (ses beeste) van die man geëis - dit is hoër as die normale eis vir owerspel. Die hof het die eis toegestaan. Saak 52 is die enigste saak van hierdie aard waarvan informante bewus is. Of die beslissing in die toekoms deur ander howe ge=volg sal word, is nie seker nie. Na my mening is dit 'n gevaarlike presedent wat geskep is. Dit is ongelukkig nie duidelik of hierdie reël by al die stamme van Mhala tans van toepassing is nie.

c    Die beheer en voogdy oor kinders

Anders as in die Suid-Afrikaanse gemenereg (vergelyk Olivier 1977:307) word daar met betrekking tot kinders by die ont=binding van die huwelik, nie noodwendig volgens dit wat in die beste belang van die kind sal wees, gehandel nie. Volgens die reëls wat in enige patriliniêre ordening geld, gee die beginsel van patriliniêre afkomsrekening, opvolging en vererwing die deurslag. Dit beteken dat die kinders aan die sibbe van die vader behoort, dat hulle van die vader erf en dat die vader deur sy senior seun opgevolg word. Dit beteken ook dat kinders onder die gesag van die vader ressorteer. By die ontbinding van die huwelik geniet hier=die norme voorkeur.

Wanneer die huwelik ontbind word, bly die kinders dus nor=maalweg onder die beheer en die voogdy van die vader. Hulle volg die domisilie van die vader en gaan nie saam met die moeder na die kraal van haar vader nie. In die praktyk beteken dit ook dat die normale verpligtinge wat die kinders teenoor die ouers het, ten opsigte van die moeder verval. Hieruit volg dit logies dat die moeder se versorgingsplig teenoor haar kinders ook verval.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die ontbinding van die huwelik bring ook geen verandering in die senioriteitsrangorde van die kinders mee nie. Hulle behou die rangorde wat hulle ooreenkomstig die rangorde van hulle moeder ontvang het. Dit beteken dat wanneer die huwelik van 'n man met sy hoofvrou ontbind word, haar oudste seun steeds die stamerfopvolger van sy vader bly.

Net soos by die Bafokeng (vergelyk Coertze 1971:310) is dit egter gebruiklik dat die moeder suigelinge tydelik onder haar beheer hou en na die kraal van haar vader meeneem. Anders as by die Bafokeng, verval hierdie beheer normaalweg sodra die kind gespeen is. Die moeder of haar wettige voog kan geen onderhoud vir die kind eis nie en die vader kan die kind, nadat hy gespeen is, deur 'n hofproses terugeis as dit nodig blyk. Indien die moeder nie bereid is om die suigeling te versorg nie, kan sy dit weier. Die kind word dan versorg en opgevoed deur sy grootmoeder aan vaderskant. Afgesien van suigelinge, het 'n vader ook 'n reg op elke kind wat binne nege maande nadat die huwelik ontbind is, gebore word. Hy het geen aanspraak op kinders wat daarna gebore word nie.

Bogenoemde reëls met betrekking tot kinders is die tradisio=nele en algemeen bekende regsreëls. In die huidige tyd word dit nog so by meeste stamme toegepas. In die jongste tyd gebeur dit egter dikwels, dat die beheer en voogdy oor jong kinders aan die vrou en haar vader, of aan die man toegeken word, afhangende van waar die skuldoorsaak lê. Hierdeur, sê informante, word die skuldige ouer gestraf. Baie informante het beweer dat dit ook die tradisionele reël was. Geen algemene bevestiging kon hiervoor gevind word nie. In daardie gevalle waar dit wel so geskied, is dit egter 'n voorvereiste dat kinders oor die ouderdom van ses jaar nie die moeder kan volg en so onder die beheer en die voogdy van die grootvader aan moederskant kan kom nie. Dit kan slegs geskied ten opsigte van kinders onder die ouderdom van ses jaar of in daardie gevalle waar die vader die kinders saam met die moeder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verjaag of nie begerig is om beheer en voogdy oor die kinders te behou nie.

Dit is 'n vereiste dat die beheer en voogdy oor kinders wat die moeder volg per ooreenkoms gereël moet word. In die praktyk beteken dit dat die vader formeel moet afstand doen van sy beheer en voogdy oor die kinders en dat die grootvader aan moederskant bereid moet wees om die beheer en voogdy oor die kinders oor te neem aangesien die moeder nie self die voogdy oor die kinders kan kry nie. In die praktyk beteken dit dat die vader sy voogdy oor die kinders verbeur en dat die kinders nie meer geregtig is om van die vader te erf nie. Dit plaas die kinders in 'n benarde posisie aangesien die moeder enersyds oor geen eiendom beskik nie en aangesien hulle andersyds as die mees juniors in die kraal van hulle grootvader, status kry. Ooreenkom=stig hierdie status kan seuns egter van hulle grootvader erf. Hy is ook verplig om hulle van trougoedere te voor=sien. Dit verhaal hy gewoonlik uit die trougoedere wat vir hulle susters gelewer word. Die restant daarvan word vir daardie seuns as erfgoedere in trust gehou. Indien die seuns op hierdie wyse van trougoedere en moontlik ook van erfgoedere voorsien word, is hulle nie geregtig op 'n verdere erflating van hulle grootvader nie.

Hierdie prosedure word slegs gevolg wanneer kinders aan die "onskuldige" moeder toegeken word. Dit beteken dat haar vader as gevolg van sy dogter se "onskuld" die trougoedere wat vir haar gelewer is, behou. Die seuns van hierdie vrou het geen aanspraak op die trougoedere nie. Hulle kan dit ook nie erf nie. Aangesien die grootvader in besit bly van die trougoedere, is hy verplig om sy dogter en haar kinders te versorg.

Sulke kinders behou egter in alle gevalle die sibbenaam van hulle vader.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## B Die dood van die vrou

### 1 Sterfgebruike vir 'n getroude vrou

Die dood van die vrou beëindig nie noodwendig die bestaande huwelik nie. Hoewel die dood van die vrou haar persoonlike verpligtinge in die huwelik beëindig, kan die bestaande huwelik voortgesit word deur 'n plaasvervangende vrou. Volgens die gebruik van sororale poliginie kan 'n jonger suster van die oorledene of 'n dogter van die oorledene se geskakelde broer,die bestaande huwelik voortsit.

Wanneer 'n vrou op sterwe is, word sy in haar hut afgesonder waar vroue wat reeds die vrugbaarheidsleeftyd verby is, by haar waak. Dit is gewoonlik die taak van haar eie moeder en haar skoonmoeder. Geen mans of kinders mag die hut binnegaan nie. Haar dood word geheim gehou vir klein kinders. Aan haar eie kinders word meegedeel dat sy gaan kuier het. Alle verwagtende vroue moet saam met die kinders, die kraal verlaat. Daar bestaan naamlik die ge= loof dat kinders blind sal word as hulle 'n lyk aanskou terwyl verwagtende vroue se ongebore kinders sal sterf.

'n Vrou word reg agter haar hut begrawe. Die graf word voorberei deur die patriliniêre verwante van die man - gewoonlik sy vader en sy eie broers. Die ouers en patri= liniêre verwante van die vrou word van haar dood verwittig en uitgenooi om die begrafnis by te woon. Hulle teenwoor= digheid is noodsaaklik aangesien die verwante van die man nie alleen die oorskot van die vrou mag begrawe nie.

Dit is die taak van die vrou se moeder en haar skoonmoeder om die lyk voor te berei vir die begrafnis. Die knieë van die lyk word opgetrek tot teen die bors en om die rug vas= gebind sodat die lyk 'n sittende houding inneem. Die arms word buite om die knieë gevou en die hande voor die knieë saamgebind. Daarna word die lyk op die linkersy in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

graf, bo-op 'n slaapmat neergelê en met 'n kombers bedek.

Die begrafnis vind ongeveer twee tot sewe dae na die af=sterwe van die vrou plaas. Die stoflike oorskot word na die graf gedra deur die patrilinière verwante van die man en die vrou. Dit geskied op so 'n wyse dat die bolyf gedra word deur die verwante van die oorledene en die onderlyf deur die verwante van die man. Die oorskot word dan in 'n uitgeholde nis op die vloer en in een van die wande van die graf geplaas sodat die grond en klippe waarmee die graf gevul word nie daarop kan val nie. Daarna word die graf toegegooi deur dieselfde persone as wat dit gegrawe het. Daar word by die geleentheid ook aan die voorvadergeeste geoffer en die nuwe toevoeging tot hulle geledere aan hulle meegedeel.

Hierna volg daar verskillende seremonies. Vir doeleindes van hierdie navorsing is slegs die volgende twee seremonies van belang. Die eerste van hierdie seremonies staan bekend as ku dla murhi d.w.s. om met medisyne te versterk. Hier=die seremonie vind direk na die begrafnis plaas. Tydens hierdie seremonie word 'n bok, bekend as mbuti ya ku dla murhi geslag. Die vleis daarvan word saam met medisyne wat deur 'n toordokter (n'anga) voorberei is, geëet. Die doel van hierdie seremonie is om die man van die oorledene, die inwoners van die kraal en al die aanwesiges by die begrafnis, ritueel te beskerm teen die dood. Na afloop van die seremonie word die man se hare geskeer en daarna neem die amptelike rouperiode 'n aanvang vir die man en die kinders.

Die rouperiode vir die man duur ongeveer een jaar. Geduren=die hierdie tydperk is die man ritueel onrein en is dit vir hom verbode om geslagsomgang te hê (vergelyk saak 53). Wanneer 'n man hierdie verbod oortree kan hy egter nie deur 'n hof gestraf word nie - sy straf ontvang hy langs bonatuur=like weg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Drie maande na afloop van die begrafnis vind daar 'n volgen= de seremonie plaas. Hierdie seremonie is bekend as ku kamela nswanyi (om die ingewande te pers). Dit is 'n reinigingseremonie waartydens die kinders van die oorledene ritueel gereinig word. Tydens die seremonie word 'n bok (mbuti ya ku kamela nswanyi) geslag. Die blaarpensinhoud van die bok word gemeng met medisyne wat deur 'n n'anga voorberei is en aan die kinders van die oorledene gesmeer. Daarna moet hulle in 'n rivier gaan was en is hulle ge= reinig. Dit beëindig die rouperiode vir die kinders. Die res van die mengsel word gemeng met klei en gebruik om die hut van die oorledene te reinig. Dit is die taak van haar susters en haar medevrouens om die vloer en die mure van die hut met die mengsel te smeer. Daarna word die hut gesluit en niemand mag dit binnegaan alvorens die rouperiode van die man ook beëindig is deur middel van 'n rituele reinigingseremonie nie.

## 2 Die verkryging van 'n stutvrou

Die rouperiode vir die man word ongeveer twaalf maande na die dood van sy vrou opgehef. Dit geskied by wyse van 'n seremonie wat bekend is as ku susa tintambu (om die rou= bande te verwyder). Dit is 'n baie geheimsinnige seremonie waar slegs wewenaars teenwoordig mag wees. Tydens die seremonie word die man se hare weer eens geskeer, sy ou klere word verbrand en hy word deur sy vader van nuwe klere voorsien. Na afloop van hierdie seremonie is die man ge= reinig en mag hy weer geslagsomgang hê. Hy mag ook weer 'n huwelik sluit.

Die lewering van 'n moontlike plaasvervanger of stutvrou vir die oorledene word soos volg gefinaliseer. Dit is 'n gebruik dat 'n man, nadat hy gereinig is, sy skoonouers uitnooi om die graf van hulle oorlede dogter te besigtig. Volgens informante is dit 'n bedekte metode van die wewenaar om 'n versoek om 'n plaasvervangende vrou te rig. Wanneer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die skoonouers by die kraal van die skoonseun opdaag, moet hulle buite die ingang wag. Hulle mag die kraal nie binne=gaan nie aangesien daar nie meer 'n bloedverwant van hulle woon nie. Hulle mag slegs die kraal binnegaan nadat hulle formeel deur die skoonseun binnegenooi is. Hy doen dit gewoonlik deur 'n bok of 'n kontantbedrag van R2-00 aan hulle te oorhandig. Die dood van die dogter word dan ampte=lik aan hulle bekendgemaak, waarna hulle deur die oor=handiging van 'n verdere vyftig sent, oorreed word om die graf te besigtig.

Die besoek van die skoonouers en die amptelike aankondiging van die dood van hulle dogter word daarna feestelik gevier. Daar word 'n bees geslag en bier voorgesit. Hierdie bees is bekend as homu ya timbambo (die bees van die ribbes). Die bees word met 'n assegaai deur die ribbes gedood en daarna tussen die twee families verdeel. Elke familie kry 'n helfte wat afsonderlik voorberei en geëet moet word. Die skeiding wat die dood van die vrou tussen die twee families gebring het, word op hierdie wyse gesimboliseer.

Na die feesvierings word die besoek deur 'n samespreking tussen die twee families afgesluit. Wanneer die man begerig is om 'n stutvrou te verkry, sal hy onder andere na die leë hut van sy oorlede vrou verwys en verduidelik dat die hut sedert dit gereinig is, nog nie oopgemaak is nie. In hier=die verband is ons eie spreekwoord: „'n Goeie begryper het 'n halwe woord nodig" van toepassing. Indien die skoon=vader bereid is om 'n stutvrou (ku xipfula yindlu - om die hut oop te maak) te lewer, sal hy dit aan sy skoonseun meedeel. Hierdie seremonie vind so algemeen plaas dat informante dit as die normale vraagwyse aangedui het.

Mens moet dit duidelik stel dat die skoonseun nie die reg het, om 'n ku xipfula yindlu in enige hof te eis nie. Die vroeë afsterwe van die vrou of wanneer die vrou kinder=loos sterf, verleen ook nie aan hom die reg om 'n stutvrou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


te vra nie. In sulke gevalle is hy ook nie geregtig om die trougoedere te eis nie. 'n Vrou het slegs 'n morele reproduksieplig. Wanneer sy te sterwe kom voordat sy aan hierdie plig voldoen het, kan die man hoogstens 'n versoek rig.

Net soos die vrou slegs moreel verplig is om kinders te baar, het haar vader, wanneer sy te sterwe kom, slegs 'n morele plig om 'n stutvrou te lewer. Informante beweer egter dat hoewel die vader slegs 'n morele plig het, die nie-nakoming daarvan, vir hom nadelige gevolge kan hê. Die rede hiervoor is dat ander mans nie baie geneë sal wees om met die jonger dogters van so 'n gierige vader te trou nie.

Die morele plig om 'n stutvrou te lewer hou verband met die stilswyende morele ooreenkoms waardeur die familie van die oorlede vrou onderneem het om 'n vrugbare vrou te lewer. Wanneer 'n vrou te sterwe kom wat reeds 'n "voldoende" hoeveelheid kinders gelewer het, d.w.s. seuns sowel as dogters, word daar uiters selde 'n stutvrou gelewer alhoewel sy nogtans aangevra kan word. In hierdie verband moet mens Coertze (1971:312) gelyk gee waar hy ten opsigte van die Bafokeng beweer: "Dit is duidelik dat die plig in morele druk afneem hoe langer die huwelik geduur het, en veral wanneer daar nie meer jong kinders is waarmee aanspraak gemaak sou kon word op 'n versorgster uit die <u>lesika</u> van die oorlede vrou nie".

Wanneer 'n skoonvader 'n stutvrou aanbied, kan 'n man dit nie weier nie. Hoewel 'n stutvrou nie op 'n man afgedwing kan word nie, word die weiering van die man as uiters swak maniere beskou. Sodanige optrede word beskou as 'n skeiding met die graf. 'n Man het ook nie 'n keusemoontlikheid ten opsigte van 'n stutvrou nie. Hy moet die stutvrou wat vir hom aangebied word, neem. Normaalweg word die oorledene se onmiddellike jonger suster, indien sy nog nie getroud

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is nie, as stutvrou aangebied. Indien dit nie moontlik is nie kan enige ander suster van die oorledene gelewer word. Indien daar nie susters is wat gelewer kan word nie, word die dogter van die oorledene se geskakelde broer as stut=vrou aangebied. Die broer het 'n morele plig om 'n stut=vrou vir sy geskakelde oorlede suster te lewer aangesien die trougoedere wat vir haar ontvang is, hom in staat gestel het om 'n vrou te trou. Hy is egter geregtig op die trou=goedere wat vir sy dogter gelewer moet word en nie sy vader nie.

Vir 'n stutvrou word die helfte van die normale hoeveelheid trougoedere gelewer, d.w.s. ses beeste of 'n kontantbedrag van R60-00. 'n Stutvrou sal egter nie gelewer word alvorens die volle hoeveelheid trougoedere vir die oorledene gelewer is nie.

Die instemming van die dogter wat gekies word om as stut=vrou te dien, is nodig. Omdat sy as stutvrou aangebied word, word vir haar geen verlowingsbees of ku pfala hlahla - bees(te) gelewer nie. Die rede hiervoor is dat so 'n huwelik nie deur 'n verlowingsperiode voorafgegaan word nie. Die normale oordrag van die bruid en die onderhandelinge geskied ook nie soos by 'n normale huwelik nie. Die stut=vrou word slegs deur haar vader na die man gebring en daar aan hom oorhandig. Hierna verloop die huweliksfees op dieselfde wyse as wanneer 'n normale huwelik gesluit word.

'n Stutvrou kan vir enige vrou wat sterf, gelewer word.

Ten slotte moet mens daarop wys dat bogenoemde gegewens in verband met die verkryging van 'n stutvrou geensins ooreen=stem met die gegewens wat Ramsay in hierdie verband aanbied nie (vergelyk Ramsay 1941:9). Die gegewens van Ramsay kan kortliks soos volg saamgevat word. Hy beweer onder andere:

i 'n Vader is verplig om 'n stutvrou te lewer indien

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


sy dogter kinderloos sterf;

ii Indien hy nie bereid is om 'n stutvrou te lewer nie, kan die skoonseun die trougoedere wat vir die oorledene gelewer is in 'n hof terug eis;

iii Vir 'n stutvrou word slegs drie beeste gelewer.

Hierdie reëls is vir alle informante totaal onbekend. Of die situasie sedert 1941 so drasties kon verander het, is nie moontlik om te verklaar nie.

3 <u>Die regsgevolge van die huwelik met 'n stutvrou</u>

Aangesien 'n stutvrou as plaasvervangende vrou vir haar oorlede suster in die huwelik kom, ontvang sy die senioriteitsrangorde van die oorledene. Sy ontvang daarom ook nie 'n nuwe hut nie. Sy word inderdaad gelewer om die geslote hut van die oorledene te open en daarom moet sy ook die betrokke hut bewoon. Soos informante dit stel: "Sy gaan voort waar die oorledene opgehou het". Dit beteken dat sy ook nie geregtig is op 'n nuwe land nie. Sy neem die land van die oorledene oor en kontinueer die werksaamhede van die oorledene.

Aangesien die stutvrou die senioriteitsposisie van die oorledene "erf", kry sy ook dadelik status as 'n selfstandige vrou. Die feit dat daar vir haar slegs die helfte van die normale hoeveelheid trougoedere gelewer is, beïnvloed nie haar status binne die huwelik nie. Indien sy bv. as stutvrou vir 'n oorlede hoofvrou in die huwelik kom, kry sy die status van hoofvrou en haar kinders kry dienooreenkomstig status.

Die regsgevolge van die sluiting van 'n normale huwelik is ook op hierdie huwelik van toepassing. Sy is dus ook geregtig op 'n aanvullende vrou (<u>nhlantswa</u>) en wanneer sy sterf kan daar weer vir haar 'n stutvrou gelewer word. Sy moet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die kinders (as daar is) van die oorlede vrou versorg asof hulle haar eie is. Haar eie kinders kry egter nie status bo die kinders van die oorledene nie. Hulle volg in rang op die kinders van die oorlede vrou.

Aangesien daar nie 'n nuwe hut tot stand kom wanneer 'n stutvrou gelewer word nie, is dit teoreties moontlik dat die kinders van die oorledene geskakel kan word met die kinders van die stutvrou. Dit word ook gedoen indien dit prakties uitvoerbaar is. Dit is egter 'n vereiste dat die kinders van die oorledene voorkeur geniet in die skakelingsproses, d.w.s. dat hulle eers geskakel word en dat die restant van daardie kinders dan geskakel word met die kinders van die stutvrou.

Indien die oorledene slegs dogters gehad het, erf die seun van die stutvrou bo die dogters van die oorledene.

C <u>Die dood van die man</u>

1 <u>Sterfgebruike vir 'n getroude man</u>

Aangesien die huwelik by die afsterwe van die man nie outomaties ontbind nie, is dit nodig om die sterfgebruike vir 'n getroude man in oënskou te neem.

Wanneer 'n man op sterwe is, word hy na die hut van sy hoofvrou geneem. Aldaar word hy versorg deur al sy vroue. Na sy dood vind twee begrafnisse plaas. Daar is eerstens die werklike begrafnis van die stoflike oorskot en tweedens 'n skyn-begrafnis waartydens sekere van sy persoonlike besittings sowel as enkele kledingstukke van elk van sy vroue begrawe word. Die werklike begrafnis geskied so gou as moontlik na die dood van die man op 'n plek wat sy stam=erfopvolger moet aanwys - gewoonlik in die beeskraal. Tydens hierdie seremonie word daar 'n bees geslag wat bekend is as <u>homu ya muheleka,</u> d.w.s. die bees wat sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gees na die geledere van die voorvadergeeste verplaas. Hierdie seremonie word bygewoon deur al sy vroue en sy patriliniêre verwante. Die aanverwante is afwesig. Die lyk word in die vel van hierdie bees toegerol en daarna begrawe. Die volgende dag vind die skynbegrafnis plaas. Alle familielede en vriende word hierna uitgenooi. In die huidige tyd word daar by hierdie geleentheid van 'n vooraf= vervaardigde kis gebruik gemaak en sommige van die man se persoonlike besittings sowel as kledingstukke van elke vrou, word hierin geplaas.

Na die begrafnis begin 'n periode van rou vir die onderskeie vroue. Dit neem 'n aanvang met 'n afsonderingsperiode wat ongeveer een week duur. Gedurende hierdie week is dit vir hulle taboe om water te drink. Hulle hou hulle besig met vlegwerk (nekringe, enkelringe, ens.) wat hulle na afloop van die periode van afsondering kan dra. Die dra van hier= die gevlegte ringe is 'n aanduiding dat die vrou se man gesterf het en dat dit met hulle sleg gaan. (Gedurende die lewe van 'n man versier 'n vrou haar liggaam op so 'n wyse dat dit 'n toonbeeld is van die goeie versorging wat sy van haar man ontvang). Die ringe van gras wat 'n vrou geduren= die die rouperiode dra, simboliseer 'n vrou wat onversorgd is.

Na afloop van die afsonderingsperiode klee die vroue hulle in swart rokke en daarna volg 'n reinigingseremonie wat bekend is as <u>byala bya mavoko</u>, (bier van die hande). Die hande word met bier gewas.

Na verloop van drie maande volg die <u>ku susa tintambo</u>-seremonie vir die kinders waartydens hulle rouperiode opge= hef word en die kraal van alle onreinheid gesuiwer word (vergelyk B2 hierbo).

Die rouperiode vir vroue word beëindig na verloop van onge= veer twaalf maande. Dit geskied tydens 'n seremonie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat bekend is as ku pumba ndzilo d.w.s. "om die rou te verwyder". Tydens hierdie seremonie word die vroue ritueel gereinig en van nuwe klere voorsien.

Gedurende die volle rouperiode van een jaar mag 'n vrou geen geslagsomgang hê nie. Dit is vir haar 'n taboe om in die teenwoordigheid van mans te verkeer. Oortreding van hierdie reël bring egter slegs 'n voorvaderlike straf mee. Dit kan nie in 'n hof bestraf word nie. 'n Man wat met haar geslags=omgang sou hê, sal na bewering tuberkulose opdoen. Hy kan egter ten spyte van sy bonatuurlike straf, nog deur die verwante van die man vir owerspel aangekla word. 'n Verwant van die oorledene en selfs 'n eie broer, kan so aangespreek word. Die skadevergoeding wat vir hierdie oor=tredings gelewer word, kom die boedel van die oorledene ten goede.

Gedurende die rouperiode gaan die versorgingsplig van die oorlede man oor op sy vader of sy oudste broer. So 'n persoon word verantwoordleik gehou vir die onregmatige dade van die vrou(e) en die kinders. Hy kan egter nie na eie goeddunke met die oorledene se boedel handel nie. Hy kan dit slegs doen op versoek van die vrou(e) en met goed=keuring van die familieraad van die oorledene (vergelyk saak 62). Hierbenewens moet alle bates wat die boedel toeval, in trust gehou word totdat die boedel verdeel word.

## 2 Die leviraat

### a Prosedure by die aanwysing van 'n plaasvervangende man

Die leviraat is 'n bekende gebruik by die meeste Suidoos-Bantoestamme. Soos dit reeds vantevore vermeld is, verbind die huwelik nie slegs twee individue nie, maar ook hulle onderskeie families. Dit plaas ook die onderskeie families in 'n verhouding van onderlinge morele pligte en verpligtinge teenoor mekaar. Die inhoud van die kontrak kom in kort

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

daarop neer dat die familie van die vrou stilswyend onderneem om 'n vrugbare vrou te lewer en die familie van die man onderneem om die vrou vir die res van haar lewe te versorg en na haar vermoë by haar kinders te verwek. Hierdie laasgenoemde stilswyende onderneming van die man se mense gee aanleiding tot die leviraatgebruik.

Die leviraat word deur Eloff (1973:163) as volg verduidelik: "By die meeste stamme word die gebruik aangetref dat wanneer 'n man te sterwe kom 'n familielid van hom, gewoonlik 'n broer, die weduwee oorneem en die afgestorwene se pligte voortsit. ... Die leviraatgebruik bring dus enersyds mee dat 'n vrou se pligte teenoor haar man se familie nie verval wanneer die man sterf nie en andersyds dat die man se familie na sy dood sy funksies moet voortsit deur vir sy weduwee en kinders te sorg en ander huwelikspligte na te kom ... Dit is belangrik om daarop te let dat dit ... nie as 'n nuwe huwelik beskou word nie maar slegs as die voortsetting van 'n bestaande een". Hierdie gebruik kom ook by al die stamme van Mhala voor.

Nadat die weduwees na afloop van die rouperiode ritueel van hulle onreinheid wat deur die dood van die man veroorsaak is, gereinig is, vind 'n volgende seremonie plaas. Die doel van hierdie seremonie is om (i) 'n plaasvervanger aan te wys wat die versorgings- en verwekkingsplig van die oorledene kan oorneem en (ii) die eiendom van die gesamentlike boedel te verdeel. Hierdie seremonie geskied in twee fases. Die reël is dat daar eers 'n plaasvervanger vir die oor= ledene aangewys word alvorens die boedel verdeel word. Die eerste fase sal direk hierna behandel word en die tweede fase in 'n volgende hoofstuk (vergelyk Hoofstuk VI).

Die inisiatief vir hierdie seremonie gaan uit van die persoon wat gedurende die rouperiode die versorgingspligte van die oorledene waargeneem het, d.w.s. die vader of die oudste broer van die oorledene. Indien hy nie die inisia=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


tief neem nie, kan die weduwees deur 'n ander verwant van die oorledene hom voor die familiehof laat daag om die seremonie op bevel van die hof uitgevoer te kry. Dit is die versorger se plig om al die belanghebbende persone vir hierdie seremonie te ontbied. Vir die aanwysing van 'n plaasvervangende verwekker en versorger mag slegs die oor=ledene se vader, sy broers, sy vadersbroers, sy volwasse seuns en al sy weduwees teenwoordig wees. Aangesien hier=die seremonie nie herhaal kan word nie, is dit 'n absolute vereiste dat al die weduwees teenwoordig moet wees. Half=broers van die oorledene is nie teenwoordig nie.

Die weduwees moet vroegtydig in kennis gestel word van die seremonie. Dit gee aan elkeen die geleentheid om bier voor te berei wat tydens die seremonie van die uiterste belang is. Elke weduwee moet twee potte bier voorberei. Die een pot dien as 'n verversing tydens die seremonie en die ander pot om 'n plaasvervanger vir die oorledene aan te wys.

Die leviraatgebruik is bekend as ku hlanganisa, d.w.s. om te verenig of om te ontmoet. Ooreenkomstig die reëls van hierdie gebruik het elkeen van die weduwees die reg om 'n plaasvervanger vir die oorlede man met die oog op verwek=king en versorging by haarself aan te wys. Daar word dus nie 'n algemene plaasvervanger deur die man se familie aan=gewys nie. Verskillende weduwees kan egter selfs dieselfde persoon kies. Die man se familie mag nie die vroue in hulle keuse beïnvloed soos Junod beweer nie (vergelyk in hierdie verband: Junod 1927,I:202). Elke vrou kry streng volgens haar posisie in die senioriteitsrangorde die ge=leentheid om 'n plaasvervanger te kies. Hierdie gebruik staan bekend as ku langa wanuna, d.w.s. "om 'n man te kies." 'n Weduwee doen dit deur die pot bier wat sy vir die ge=leentheid voorberei het, voor die man van haar keuse om te keer. Haar keuse is finaal en die man mag dit nie weier

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie. Gewoonlik is dit nie vir hom 'n verrassing nie. Van=af daardie oomblik is hy die wettige plaasvervanger van die oorledene.

Hoewel daar aan die weduwees 'n keuse gelaat word om 'n plaasvervanger te kies, is daar egter sekere reëls wat hulle bind. Hierdie reëls hou verband met die verbodsbe=palinge wat in verband met geslagsomgang van toepassing is. Dit is vir 'n man verbode om geslagsomgang te hê met die vroue van sy jonger broers. So 'n vrou word terminologies aangedui as sy <u>nwingi</u>, d.w.s. sy skoondogter. Dit is ver=bode om geslagsomgang met jou skoondogter te hê. Hierteen=oor is dit vir 'n man binne die leviraat toelaatbaar om met sy ouer broer se vroue geslagsomgang te hê. Terminologies word hulle as sy <u>valamu</u> (enkv. <u>namu</u>) aangedui. Dieselfde term word ook gebruik om die susters van 'n man se vrou aan te dui. 'n Huwelik met jou vrou se suster is ooreen=komstig die sororaatgebruik, 'n huwelik van eerste voor=keurrang. Net soos 'n man met hierdie vroue 'n huwelik mag sluit, is dit vir hom binne die leviraat toelaatbaar om geslagsomgang met sy <u>valamu</u> te hê. Vergelyk ook Junod 1927,I:247-249 en p.262-264).

Uit die bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat die keuse van die weduwees vir 'n plaasvervangende versorger en verwekker beperk is. Alle geslagsomgang van 'n weduwee met die vader van haar man (<u>nwingi wa xi nuna</u>), haar man se ouer broers sowel as haar eie seuns en die seuns van een van haar medevroue is verbode. Haar keusemoontlikheid vir 'n plaas=vervanger is dus beperk tot haar man se jonger broers en ten dele ook die junior halfbroers van haar man. 'n Half=broer mag nie normaalweg volgens die reëls van die leviraat, die weduwees van sy oorlede senior halfbroer versorg en by hulle kinders verwek nie. Hy kan dit slegs doen indien die oorlede halfbroer nie eie broers het nie.

Ten einde hierdie probleme te oorbrug, is dit in die huidige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tyd moontlik om binne die leviraat die versorgingsplig van 'n plaasvervanger te skei van die verwekkingsplig wat hy teenoor die weduwees van die oorledene moet nakom. Dit is vandag moontlik dat een verwant die versorgingsplig kan nakom en 'n ander persoon die verwekkingsplig van die oor=ledene kan oorneem. Hoewel die familieraad van 'n man baie teësinnig sal wees wanneer die weduwee iemand van buite sou kies om kinders vir die oorledene te verwek, mag hulle die moontlikheid nie weier nie. Hulle het egter die reg om die vreemdeling wat sy kies, te beoordeel en selfs af te keur. Dan kan sy weer kies.

Wanneer 'n weduwee nie een van die jonger broers van die oorledene kies om by haar sowel die verwekkings- as ver=sorgingsplig te vervul nie keer sy die gevulde pot met bier buite die hek van die kraal om. Dit beteken dat die weduwee nie een van die korrekte verwante van haar man as verwekkings=pligtige wil aanvaar nie. Sy moet dan die naam van die vreemde persoon wat sy verkies aan die familievergadering bekend maak. As sy iemand van buite kies staan die ver=wekking onder die leviraat as ku chinga (om in te gaan) bekend. Sommige informante gebruik ook hiervoor die uit=drukking ku nghena, wat dieselfde betekenis het. Hierdie persoon neem slegs die verwekkingspligte van die oorledene oor. Alle ander pligte en verpligtinge ten opsigte van versorging moet dan deur 'n eie broer of die vader van die oorledene of sy opvolger in status oorgeneem word. Dit is interessant om hier te onthou dat die Zulu ukungena nie slegs hierdie variasie vir die leviraat aandui nie maar die hele leviraatsgebruik (vergelyk Olivier 1969:519-536; Breytenbach 1971:267-275 en De Clercq 1975:390 e.v.)

Die keusemoontlikheid van 'n weduwee is volgens die reëls van ku hlanganisa dus beperk tot 'n plaasvervanger wat die verwekkingsplig van die oorledene moet oorneem. Wanneer sy 'n eie jonger broer van die oorledene kies, neem hy outomaties ook die versorgingsplig van die oorledene oor.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Indien sy iemand van buite kies vir die verwekkingsplig, het die familievergadering die reg om self die persoon aan te wys wat die versorgingsplig van die oorledene sal oorneem. Omdat so 'n persoon nie deur die reëls wat geslagsomgang reël, gebind is nie, kan dit 'n broer van die oorledene of sy vader of selfs die weduwee se eie volwasse seun wees.

Weduwees wat reeds die vrugbaarheidsleeftyd verby is, is nie verplig om slegs 'n jonger broer van die oorledene te kies nie. Hulle kan enige broer van die oorledene kies wat dan slegs die versorgingsplig moet oorneem. Indien hulle nie kies nie en seuns het wat volwasse is, kan so 'n seun, gewoonlik die oudste seun, aangewys word om die versorging waar te neem. Indien die jongste seun (xigumandzeni) van die weduwee reeds getroud is, gaan die versorgingsplig direk na hom oor. In sulke gevalle word daar nie nog 'n addisionele plaasvervanger uit die broers van die oorledene aangewys nie.

Indien 'n weduwee nie volwasse seuns het nie en ook nie begerig is om deur een van die oorlede man se broers versorg te word nie, keer sy die pot bier om in die huvo. Dit is die oop plein binne die kraal tussen die hutte en die hek. Dit is 'n aanduiding dat sy in die kraal wil aanbly en dat die vader van die oorledene of sy opvolger in status haar moet versorg. Hierdie laasgenoemde variasie van die levi=raat staan bekend as ku hlayisa (om te versorg).

'n Weduwee wat nie bereid is om met die huwelik na haar man se dood voort te gaan nie, keer nie die pot bier om nie. Sy plaas dit regop in die middel van die huvo. Dit is 'n versoek van haar kant, dat die huwelik ontbind moet word. Daarna kan die huwelik deur onderhandelinge tussen haar eie verwante en die van haar man ontbind word.

Elke vrou van die oorledene kry 'n kans om haar keuse te maak. Stutvroue (tinhlantswa) moet hulle egter berus by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die keuse van die vrou vir wie hulle 'n gebrek kom aanvul het.

Aangesien alle kinders wat uit die leviraat gebore word as die kinders van die oorledene beskou word en ook status kry ooreenkomstig die orde waarbinne hulle gebore is, word daar 'n verdere beperking op die vroue van die kaptein geplaas. Vir hulle, en veral vir die hoofvrou, geld slegs een keuse en dit is die onmiddellike jonger broer van die oorledene. As die hoofvrou daarop sou aandring om 'n buite persoon te kies of selfs so iemand toelaat om by haar te verwek, het 'n eie seun van die kaptein by 'n mindere vrou hoër status as die kind wat so deur die buitestaander verwek is. Wan=neer die eie direkte jonger broer van die kaptein egter die verwekkingsplig oorneem, kan 'n seun wat so verwek word, die oorlede kaptein opvolg.

'n Plaasvervanger van 'n oorledene is nie geregtig op enige vergoeding nie. In die praktyk gebeur dit egter dikwels dat hy, wanneer sy pligte eindig, 'n bees as vergoeding ontvang. Hierdie bees is bekend as <u>homu ya tsolo</u> (die bees van die knieë). Dit kan egter nie in 'n hof geëis word nie.

b    <u>Pligsvervulling deur 'n plaasvervanger</u>

i    <u>Pligte ten opsigte van die vrou</u>

Die primêre oogmerk met die leviraat is nie net gemik op die volle benutting van die reproduksievermoë van die weduwee nie, maar ook op die nakoming van verpligtinge wat die familie van die oorledene het om die weduwee na die beste van hulle vermoë te versorg. Dit is dus nie verkeerd om te beweer dat die <u>ku hlanganisa</u>-gebruik 'n tweeledige funksie het nie. Daar is eerstens 'n verwekkingsplig wat deur die plaasvervanger by die weduwee nagekom moet word en tweedens 'n versorgingsplig waardeur die weduwee en haar gesin onder die beheer van die plaasvervanger kom. Die ander manlike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verwante van die oorledene het weer 'n oorkoepelende toesig oor die wyse waarop hierdie pligte uitgevoer word.

Aangesien daar volgens die leviraatgebruik geen nuwe huwelik tot stand kom nie maar dit slegs 'n voortsetting van die bestaande huwelik meebring, verskil die regte en pligte wat die plaasvervanger teenoor die weduwee het sowel as die regte en pligte wat die weduwee teenoor die plaasvervanger het, alleen in mindere mate van die wedersydse regte en pligte wat die man en die weduwee voor die afsterwe van die man, teenoor mekaar gehad het nie.

Na die afsterwe van die man bly die status van die weduwee in die reg onveranderd. Sy het nou ook geen status in die reg nie. In die praktyk beteken dit dat sy (a) oor geen handelingsbevoegdheid beskik nie (vergelyk later haar onvermoë tot handelingsbevoegdheid t.o.v. eiendom) en (b) oor geen locus standi in judicio beskik nie. Dit is die plig van die plaasvervanger om namens haar in die hof te verskyn. As die wettige plaasvervanger van die oorlede man, is hy ook aanspreeklik vir die onregmatige dade van die weduwee. Anders as die oorledene, is hy nie verplig om uit sy eie fondse skadevergoeding vir die onregmatige dade van die weduwee te lewer nie. Hy lewer dit uit die bates wat aan die boedel behoort. Hiervoor het hy geen toestemming van die weduwee of sy manlike patriliniêre verwante nodig nie. Indien die boedel oor geen bate beskik nie, is hy egter verplig om die skadevergoeding uit sy eie vermoë aan te vul. Dit is nie nou of later verhaalbaar nie. In hierdie verband is die volgende spreekwoord van toepassing: "rhanga koka vuvana varona - wanneer mens 'n pampoen uittrek, kom al die pampoentjies saam". Dit wil sê, die man moet naas die voordele ook die nadele van die leviraat aanvaar. Die plaasvervanger mag nie die weduwee vir haar oortredinge tugtig nie. Indien haar optrede herhaaldelik tot die betaling van skadevergoeding lei, kan hy haar by sy vader of senior broer gaan verkla, aangesien sy op hierdie wyse die boedel verarm en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die familie in die verleentheid bring. Alle boetes of skadevergoeding wat ten opsigte van vergrype teen die weduwee toegeken word, gaan na die boedel en nie na die plaasvervanger nie.

'n Weduwee is verplig om in die kraal van die oorledene te bly woon. Indien sy wil terugkeer na die kraal van haar vader, is dit 'n aanduiding dat sy begerig is om die huwelik te ontbind. Sy mag ook nie in die kraal van die plaasver=vanger gaan woon nie. Volgens informante beteken dit dat die plaasvervanger op hierdie wyse gratis 'n addisionele vrou kry. Dit word nie toegelaat nie. Die verwante sal in die familiehof van die plaasvervanger eis dat hy die vrou moet terugstuur. Weier sy om terug te kom, kan dit tot 'n egskeiding lei. Hoewel 'n weduwee verplig word om in die kraal van die oorledene te woon, word sy, wanneer die ver=wekkingsplig deur iemand van "buite" verrig word, tog toege=laat om snags die kraal van die oorledene te verlaat. Sy verkry hierdie vergunning aangesien dit 'n taboe is vir iemand van "buite" om geslagsomgang met 'n weduwee in die kraal van die oorledene te hê. Die weduwee moet dit egter op so 'n wyse doen dat sy nie haar versorgingsplig teenoor die kinders sowel as haar ander huislike pligte verwaarloos nie. Indien sy nalaat om haar verpligtinge na te kom, kan sy deur die versorgingspligtige broer aangespreek word. As sy nie hoor nie kan haar optrede aanleiding gee tot die ontbinding van die huwelik.

Wanneer die weduwee 'n hoë ouderdom bereik, word sy tog toegelaat om die kraal van haar oorlede man te verlaat en by een van haar seuns te gaan woon. In die praktyk beteken dit dat die versorgingspligtige van sy regte en pligte ont=hef word. Die weduwee het egter die toestemming van die familieraad nodig alvorens sy die kraal op hierdie wyse mag verlaat. Sy mag egter nie as 'n ou vrou na die kraal van haar vader terugkeer nie (vergelyk saak 61). Sy kan ook nie sonder die toestemming van die oorledene se familieraad, by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


een van haar dogters gaan woon nie (vergelyk saak 63).

Net soos die oorledene moet die versorgingspligtige die weduwee se lande ploeg, die beeste versorg en na haar algemene welsyn omsien. Die weduwee is geregtig om dit van hom deur bemiddelling van die familiehof te eis. Indien sy egter lui is of 'n verkwister is, sal sy deur die familieraad aangespreek word. Dit kan ook aanleiding gee dat die huwelik ontbind. Namate die seuns van die weduwee volwasse word, gaan hierdie versorgingsplig mettertyd op hulle oor. Dit kan egter nie geskied alvorens die plaasvervanger formeel in die familieraad van sy pligte onthef is nie.

Soos vroeër verduidelik is, kan die verwekkingsplig deur die plaasvervanger of deur iemand van "buite" verrig word. Geslagsomgang wat op hierdie wyse geskied, is wettig. Nòg die plaasvervanger nòg die persoon van "buite" kan van owerspel aangekla word. Aangesien die keuse van die weduwee in die familievergadering aangekondig is, is dit vir niemand 'n geheim nie - ook nie vir die vroue van die plaasvervanger nie. Wanneer enige iemand anders dan die aangewese persoon met die weduwee geslagsomgang sou hê, word dit egter as owerspel beskou. Dit is die plig van die versorgingspligtige ongeag of hyself die verwekkingsplig het en of iemand van buite dit het, om 'n eis vir skadevergoeding teen die skuldige man in te stel. Die skadevergoeding wat toegestaan word, gaan na die boedel. Indien die weduwee herhaaldelik owerspel pleeg, kan die huwelik ontbind word.

Opsommenderwyse kan dus gesê word dat die weduwee net soos enige eggenote haar versorgingsplig moet nakom, nie owerspel moet pleeg nie, in die kraal van die oorledene moet bly woon, die aangeduide plaasvervangende jonger broer van haar man nie sy regte onder die leviraat moet weier nie en ook nie lui of 'n verkwister moet wees nie. Kom sy hierdie vereistes nie na nie, kan haar huwelik met die oorledene na sy dood ontbind word. Die prosedure wat gevolg word is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



identies met die wat deur die oorledene gevolg sou kon word (vergelyk A3 in hierdie hoofstuk). Die trougoedere wat teruggegee word, gaan na die boedel van die oorledene en nie na sy plaasvervanger wat die egskeidingsaksie inisieer nie.

Indien 'n persoon van buite die verwekkingsplig verkry, verleen dit nie aan hom die reg om geslagsomgang met die weduwee te eis nie. Weiering van die kant van die weduwee is ook nie in so 'n geval 'n grond vir egskeiding nie. Dit is egter 'n vereiste dat die weduwee die versorgingspligtige verwant moet verwittig dat sy die verhouding met die persoon van buite verbreek het. In so 'n geval het sy nie 'n keuse om 'n tweede persoon van buite te kry om die verwekkings=plig te behartig nie. Die enigste moontlikheid is dan dat 'n jonger broer van die oorledene die verwekkingsplig oor=neem.

Alle kinders wat wettig by die weduwee verwek is, en uit haar gebore word, word as die wettige kinders van die oor=ledene beskou. Hulle kry sy sibbenaam en kry rangorde en erf ooreenkomstig die orde waarbinne hulle gebore is. Kinders wat uit die owerspel van die weduwee gebore is, kan deur die familieraad van die man spesiaal gewettig word. Indien hulle nie bereid is om die kind te aanvaar nie, kan die kind geweier word en aan sy grootvader aan moederskant oorgedra word. Indien die kind wel gewettig word, ontvang hy ook die sibbenaam van die oorledene. Hy kry rangorde en erf ooreenkomstig die orde waarbinne hy gebore is.

Een van die oogmerke van die leviraatgebruik is om kinders vir die oorledene te verwek. Die biologiese vader van die kind, het daarom geen aanspraak op die kind nie. Uit die aard van die saak het die persoon wat owerspel gepleeg het met die weduwee ook geen aanspraak op die kind wat hy by die weduwee verwek het nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die tweede fase van die seremonie wat gehou word nadat die rouperiode vir die weduwees beëindig is, staan bekend as ku ava sambo of ku ava ndzhaka (om die boedel te verdeel). By hierdie geleentheid, soos later verduidelik sal word, word die boedel van die oorledene verdeel. Op daardie stadium is die versorgingspligtige verwant reeds aangewys. Dit is sy plig om saam met die weduwee haar gedeelte van die boedel te bestuur. Aangesien die weduwee oor geen handelings=bevoegdheid beskik nie, kan alleen die plaasvervanger met die boedel handel. Sy handelingsbevoegdheid is egter beperk. Hy kan naamlik slegs op versoek van die weduwee met die boedel handel. Die toestemming van die weduwee is dus na haar man se dood noodsaaklik by enige handeling met die boedel. Indien hy egter met die boedel wil handel ten einde die boedel te bevoordeel en die weduwee weier haar toestem=ming, kan hy met die toestemming van die familieraad van die oorledene en sonder die toestemming van die weduwee handel. Hy is egter nie geregtig op enige winste wat deur sy toedoen in die boedel kom nie.

Omdat die weduwee nie handelingsbevoegd is nie, kan sy onder geen omstandighede alleen met die bates in die boedel handel nie. Die plaasvervanger moet dit namens haar doen. Die weduwee mag ook geen goedere uit die kraal van die oorledene verwyder sonder die toestemming van die plaasvervanger of die familieraad van die oorledene nie (vergelyk saak 63).

Hoewel die versorgingspligtige die weduwee en haar gesin moet versorg en hy dit normaalweg ook met die bates van die boedel doen, is hy verplig, om wanneer daar geen bates meer in die boedel is nie, hierdie versorgingsplig uit sy eie vermoëns na te kom. In sulke gevalle moet hy bv. die weduwee van saad voorsien, haar lande met sy trekdiere en implemente bewerk, vir haar kledingstukke koop, ens. Omdat dit deel is vån die versorgingsplig van die plaasvervanger ontstaan daar geen skuldverhouding nie. Hy kan dit ook nie verhaal uit die trougoedere wat vir 'n dogter van die weduwee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gelewer word nie. Aan die ander kant is die weduwee verplig om na haar beste vermoë, die akkerbou te beoefen ten einde voedsel vir die gesin te produseer. Die plaasvervanger kan haar egter nie dwing om te gaan werk by 'n werkgewer om sodoende 'n inkomste te verkry nie. Dit kan wel per onder= handeling met die weduwee geskied. Die weduwee is nie geregtig op die verdienste of 'n gedeelte van die verdienste van die versorgingspligtige nie.

ii <u>Pligte ten opsigte van kinders</u>

Die plaasvervanger verkry volle beheer en voogdy oor die kinders van die oorledene. Soos informante dit stel: "Hy is hulle nuwe vader". Die versorgingspligte wat hy teenoor die kinders het, verskil nie van dié wat die vader gehad het nie. Hy moet hulle na sy beste vermoë uit die bates van die boedel versorg en opvoed. Indien die bates van die boedel tekort skiet, is hy verplig om hierdie plig uit sy eie vermoëns na te kom. Informante beweer dat hy selfs verplig is om 'n kind wat verder wil studeer, van studiegeld te voorsien. Hy kan egter nie daartoe verplig word, indien hy nie oor die nodige fondse beskik nie.

Die plaasvervanger is ook verantwoordelik vir die onregmatige dade van die kinders en hy moet namens hulle in die hof ver= skyn. Indien daar skadevergoeding gelewer moet word, word dit egter uit die boedel betaal. Indien die boedel nie oor genoeg bates beskik nie, moet die plaasvervanger dit lewer. Hy kan egter die hof versoek om 'n kind wat herhaaldelik oortree, te tugtig. Hyself beskik ook oor die bevoegdheid om die kinders te tugtig. Wanneer die kind oor 'n eie verdienste beskik en dit nie aan die boedel oorhandig nie, is die plaasvervanger nie verplig om die skadevergoeding te lewer nie. Dan kan dit van die kind self verhaal word (vergelyk saak 39). Hy moet egter namens so 'n kind in die hof verskyn.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Aangesien die kinders onder die beheer en voogdy van die plaasvervanger kom, is sy toestemming noodsaaklik wanneer die kind in die huwelik wil tree. Hy is egter nie geregtig op die trougoedere wat vir 'n dogter gelewer word nie. Dit gaan na die boedel. Die trougoedere wat vir 'n seun gelewer word, word uit die boedel voorsien. Indien die boedel nie oor beeste beskik nie, is die plaasvervanger verplig om die seun van trougoedere te voorsien (vergelyk saak 39). Wanneer die plaasvervanger die trougoedere voor= sien, ontstaan daar geen skuldverhouding nie. Dit is egter 'n vereiste dat 'n seun uit sy eie vermoë gedeeltelik moet bydra tot die trougoedere. 'n Leeglêer sal dus nie gehelp word nie. Ook nie 'n seun wat oor voldoende persoonlike eiendom beskik nie.

Net soos die plaasvervanger verantwoordelik gehou word vir die onregmatige dade van die kinders, is hy ook verplig om skadevergoeding te eis wanneer 'n onregmatige daad teen een van die kinders gepleeg word. Wanneer 'n ongehude dogter bv. verlei word, moet hy skadevergoeding van die oortreder eis. Die skadevergoeding wat toegeken word, gaan na die boedel.

Normaalweg het die kinders van die oorledene nie 'n versorgingsplig teenoor die plaasvervanger nie. 'n Hulp= behoewende plaasvervanger wat sy pligte na sy beste vermoë uitgevoer het en wat geen eie seuns het nie, kan egter eis dat die seuns van sy oorlede broer hom moet versorg. Indien hy bewys kan lewer dat hy sy versorgingsplig goed nagekom het, kan 'n hof die seuns van die oorledene verplig om die plaasvervanger te versorg. Hierteenoor het die kinders van die oorledene nie 'n reg om van die plaasver= vanger te erf nie.

iii <u>Beëindiging van pligte</u>

Volgens die reëls van die leviraatgebruik word 'n plaas=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vervanger lewenslank aangewys. Hierdie verbintenis tussen die plaasvervanger en die weduwee kan dus nie eensydig opge= sê word nie. Die weduwee het die plaasvervanger gekies en hy het hom bereid verklaar om hom met die weduwee te verbind.

Die plaasvervanger kan egter onder die volgende omstandighede van sy pligte veral teenoor die weduwee en die kinders onthef word:

aa Wanneer die huwelik ontbind word. Indien die kinders deur die oorlede man se verwante behou word gaan sy pligte teenoor hulle voort.

bb Wanneer die weduwee sterf. Hy moet egter steeds die kinders versorg.

cc Wanneer die familieraad van die oorledene die verbinte= nis met die toestemming van sowel die plaasvervanger as die weduwee beëindig. So 'n beëindiging beteken nie 'n ont= binding van die huwelik nie. 'n Ander broer van die oorledene of selfs sy vader kan as 'n volgende versorgings= pligtige aangewys word.

dd Die versorgingsplig teenoor die kinders word beëindig wanneer hulle in die huwelik gegee word. Die plaasvervanger is egter verplig om die buite-egtelike kinders van die dogters te versorg indien hulle nie deur die huwelik van die dogter gewettig word nie.

ee Wanneer die weduwee se seuns trou, kan hulle nie outomaties die versorgingsplig ten opsigte van hulle moeder van die plaasvervanger oorneem nie. Dit moet per besluit van die familieraad van die oorledene gemagtig word. Op dieselfde wyse kan die plaasvervanger nie outomaties sy pligte op die getroude seuns afskuif nie. Die normale prosedure is dat die oudste volwasse seun die familieraad versoek om die beheer oor die boedel van sy ouers oor te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


neem. So 'n versoek kan nie geweier word nie - veral nie wanneer die weduwee die seun se versoek ondersteun nie. Wanneer dit gebeur is die seun verplig om sy moeder en minderjarige broers en susters te versorg.

ff Die verwekkingsplig wat iemand van buite verkry het, kan eensydig opgesê word. Wanneer dit geskied, moet die weduwee die versorgingspligtige daarvan verwittig. Dit is nie moontlik om 'n volgende verwekker aan te wys nie. 'n Vrou wat van verwekker wil verwissel, word beskou as 'n nsati wa ku ba xikundu, d.w.s. 'n vrou van losse sedes. Dit is 'n grond vir ontbinding van die huwelik.

D Die hertrouing van vrouens

Hier word verwys na die hertrouing van 'n geskeide vrou of die hertrouing van 'n weduwee. Aangesien 'n weduwee nie 'n tweede huwelik mag sluit alvorens sy nie geskei is nie, gaan dit hier slegs om die hertrouing van 'n geskeide vrou. Hoewel daar terminologies onderskeid gemaak word tussen 'n weduwee (noni - weduwee) en 'n geskeide vrou (xivuya - die teruggekeerde) staan 'n weduwee, wanneer sy na die kraal van haar vader teruggekeer het, ook bekend as 'n xivuya en nie meer as 'n noni nie.

Na die man gesterf het, kan die huwelik op dieselfde gronde as tydens sy leeftyd ontbind word, met dié toevoeging dat die huwelik ook ontbind kan word indien die weduwee nie bereid is om haar deur 'n plaasvervanger te laat versorg nie of indien die familie van die man nie bereid is om haar te versorg nie. Die verbeuring van die trougoedere al dan nie, sal afhang van wie die blaamwaardige party is. Dit is egter 'n vereiste dat die huwelik eers formeel ontbind moet word alvorens sy 'n tweede keer in die huwelik gegee kan word.

Normaalweg keer 'n geskeide vrou na die egskeiding na die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kraal van haar vader terug. Aldaar kry sy 'n hut buite sy kraal. In die praktyk gebeur dit egter dikwels dat 'n weduwee of geskeide vrou dros en elders in die stamgebied of in 'n naburige dorp gaan woon. Waar sy woon, beïnvloed egter nie haar regsposisie nie. Indien die huwelik van die weduwee nie formeel ontbind is nie, bly sy steeds onder die beheer en voogdy van haar man se familie. Hulle het 'n aanspraak op die kinders wat sy baar en hulle bly steeds verantwoordelik vir haar onregmatige dade totdat die huwelik formeel ontbind is. Net so is die vader van 'n geskeide vrou verantwoordelik vir haar onregmatige dade. Hy is ook verantwoordelik om die kinders wat sy na die egskeiding baar, te versorg. Hy verkry trouens die volle beheer en voogdy oor die kinders (vergelyk saak 59). Hulle ontvang ook sy sibbenaam.

Nadat die huwelik ontbind is, kry 'n geskeide vrou weer die status en die reg van minderjarige dogter in haar vader se kraal terug. Die verbeuring van die trougoedere deur haar vader, al dan nie, verander nie hierdie status nie; ook nie die feit dat sy reeds kinders gebaar het nie. Sy kan nie volkome tot die posisie van 'n ongetroude dogter terugkeer nie want sy kan nooit as 'n stutvrou of as 'n plaasvervangende vrou aan 'n skoonseun gelewer word nie. As sy weer trou, is haar vader ook nie geregtig op die volle hoeveelheid trougoedere wat normaalweg vir 'n ongetroude dogter gelewer word nie. Wanneer sy verlei word, kan haar vader ook nie skadevergoeding eis nie.

Aangesien 'n geskeide vrou volledig onder die beheer en voogdy van haar vader is, mag sy nie 'n tweede huwelik sonder die toestemming van haar vader sluit nie. Alle onderhandelinge moet met hom gevoer word. Hy is geregtig om vir 'n tweede keer trougoedere vir haar te vorder, ongeag of hy in besit is van die trougoedere wat vir haar eerste huwelik gelewer is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die hoeveelheid trougoedere wat vir 'n geskeide vrou gelewer moet word, het by al die stamme van Mhala 'n vasgestelde omvang. Vir 'n geskeide vrou moet die helfte van die normale hoeveelheid trougoedere gelewer word, d.w.s. ses beeste of 'n kontantbedrag van R60-00 ongeag die hoeveelheid kinders wat sy gebaar het. Daar word ook geen verlowings= beeste gelewer nie. Die huweliksluiting gaan ook nie gepaard met die normale oordrag van die bruid nie. Die eggenoot kom haar by die kraal van haar vader afhaal en daar word geen huweliksfeeste gevier nie. Die huwelik word as voltrek beskou sodra haar eggenoot haar kom haal het.

Die nuwe eggenoot is nie verplig om die kinders van die geskeide vrou wat na egskeiding gebore is in die huwelik te neem nie. Indien hy wel bereid is om dit te doen, lewer hy geen addisionele bees(te) of geld vir daardie kinders nie. Kinders wat op hierdie wyse in die huwelik gekom het, word deur die huwelik met die moeder gewettig. Hulle kry die sibbenaam van die nuwe vader en kry status ooreenkomstig die wens van die nuwe vader. Hulle erf van hom ooreenkomstig die status wat hy aan hulle gee.

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK VI

## DIE ERF- EN OPVOLGINGSREG

### A Inleiding

In die Suid-Afrikaanse gemenereg word erfreg omskryf as: "... die geheel van regsreëls wat die oorgang van daardie bates van 'n oorledene wat vir distribusie onder bevoor= deeldes vatbaar is, of dié van 'n ander waaroor eersgenoem= de beskik het, beheer" (Van der Merwe en Rowland 1974:1. Vergelyk ook: Sussman, Cates en Smith, 1970; Mellows, A.R. 1970 en Barber, P. 1970). Hiervolgens word die term erfreg dus beperk tot alleen die vererwing van goedere (bates) van 'n gestorwene wat vir distribusie onder bevoor= deeldes vatbaar is. Hierdie omskrywing lewer egter probleme op in die geval van die erfreg soos mens dit by die Suidoos-Bantoestamme ken. Olivier (1969:430) wys daarop dat die term erfreg by laasgenoemde volke alleen gebruik kan word om "...dié reëlings te beskrywe wat by die dood van die gesinshoof/kraalhoof getref word i.v.m. die gesinsvermoë waaroor hy gedurende sy lewe die beheersreg gehad het". By hierdie volke is daar nl. anders as in die gemenereg, nie alleen sprake van reëlings i.v.m. die vermoënsgoedere van 'n oorledene nie, maar ook van opvolging in die "status" van die oorledene. Vanweë hierdie noue samehang wat daar bestaan tussen opvolging in status en vererwing van goedere, verkies Olivier (1969:430) om liefs die term "Bantoesuksessiereg (of Bantoe-opvolgingsreg) of dan die Bantoereg i.s. Opvolging in Status en Goedere", te gebruik. Ongelukkig maak hy in sy bespreking van die Bantoe-opvolgingsreg (ibid:430-496) nie konsekwent 'n onderskeiding tussen wat hy aanvanklik noem opvolging in status en opvolging in goedere nie. Hy gaan ook nie in op wat die inhoud is van status waarin daar opgevolg kan word nie. By die bestudering van die erf- en opvolgingsreg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


van die stamme van Mhala het dit egter duidelik geblyk dat 'n mens ook in hierdie opsig nie alleen 'n duidelike onder=skeid moet tref nie, maar ook versigtig moet wees om nie die geykte terminologie van die gemenereg as vertrekpunt te gebruik nie.

In die hieropvolgende gedeeltes word daar op voetspoor van die uiteensetting van Coertze (1971:334 e.v.) van die standpunt uitgegaan dat opvolging in status te make het met die nakoming van pligte en die aanvaarding van verant=woordelikhede wat 'n oorledene uit hoofde van 'n formele posisie (bv. as kaptein, liniehoof en huishoof) binne die gemeenskap gehad het. Opvolging in status word alleen bepaal deur senioriteit van geboorte. Hierbenewens is daar egter ook sprake van die suiwer vererwing van eiendom bv. wanneer 'n vrou of 'n ongetroude man wat alleen oor eiendom kan beskik, te sterwe kom. In sodanige gevalle is daar dus wel van die vererwing van eiendom sprake, maar nie van opvolging in status nie. In ander gevalle kan 'n persoon sowel goedere as status erf. Hierdie moontlikheid bestaan vanweë die feit dat die posisie waarin 'n persoon gebore is, aan hom 'n bepaalde status verleen wat hom tegelykertyd die reg gee op bepaalde erfgoedere. In sodanige gevalle is daar inderdaad sprake van erfopvolging.

In die gemenereg kan 'n erflater op tweërlei wyses bepaal wat met sy goed na sy dood moet gebeur. Volgens Van der Merwe en Rowland (1974:3) kan 'n erflater:

i "... deur 'n eensydige regshandeling en met nakoming van sekere formaliteite 'n testament daarstel en aldus sy uiterste wil ten opsigte van die lotsbestemminge van sy goed na sy dood kenbaar maak". Volgens dieselfde skrywers (p.3) vorm al die regsreëls wat op testamente betrekking het, 'n onderafdeling van die erfreg wat as testate erfreg bekend staan. Testate erfreg word dan vervolgens omskryf (p.108) as " ... 'n normkompleks wat erfopvolging kragtens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die wil van die erflater, soos in 'n testament uitgedruk, reël."

ii "... hom tydens sy lewe kontraktueel verbind om aan 'n ander kontrakparty of 'n derde 'n bevoordeling na eersge=noemde se dood te laat toekom".

Hieruit volg dit, dat indien 'n erflater nie ooreenkomstig (i) en (ii) hierbo oor sy boedelgoedere beskik het nie, vererwing ooreenkomstig verdere regsreëls moet plaasvind. Sodanige vererwing is bekend as intestate erfreg en dit word deur bogenoemde skrywers (p.20) omskryf as " ... 'n regsnormkompleks wat aantoon wie die erfgename van 'n oor=ledene is, vir sover laasgenoemde dit self nie op regsgel=dige wyse gedoen het nie of vir sover nie aan die erflater se regsgeldige wense uitvoering gegee kan word nie".

In bogenoemde verband beweer Olivier (1969:431) dat "... daar in die Bantoereg geen sprake van 'n testamentêre beskikking (is) nie". Hieruit moet die afleiding gemaak word dat al die goedere van 'n oorledene intestaat vererf. By die stamme van Mhala is dit inderdaad nie die geval nie. Hoewel dit nie in ooreenstemming is met die reëls van testate vererwing soos mens dit in die gemenereg ken nie, is dit by hierdie stamme vir 'n getroude man moontlik om oor daardie gedeelte van die gesamentlike boedel wat nie hut- of huiseiendom is nie of nie die persoonlike eiendom van sy vrou of een van sy kinders is nie, per "testament" te beskik. Sodanige wilsbeskikking moet egter voor genoeg=saam getuies geskied ten einde die wilsuiting van die erf=later te wettig. In die huidige tyd gebeur dit selfs dat 'n erflater sy besondere wense op skrif stel. Sodanige dokument moet egter deur ten minste drie volwasse manlike verwante van die erflater, as getuies onderteken word. Sy eie broers of sy volwasse seuns kwalifiseer as getuies.

Indien 'n persoon nie sy wense oor hoe daar na sy dood

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met bogenoemde goedere gehandel moet word, bekend maak nie, vererf hierdie goedere intestaat volgens die reëls van die stamreg. Alle ander eiendom wat nie by wyse van 'n wils= beskikking kan vererf nie, vererf ook volgens hierdie reëls. Die opvolging in status geskied ook volgens vasgestelde regs= reëls. 'n Persoon (veral 'n kaptein en 'n liniehoof) beskik nie oor die bevoegdheid om te bepaal wie hom in status moet opvolg nie.

Volgens Van der Merwe en Rowland (1974:4) word daar in die gemenereg 'n onderskeid gemaak tussen die erfreg as sodanig en die proses waarvolgens die boedel beredder word. Hulle beweer in hierdie verband: "As normkompleks hoort die erf= reg sistematies tuis onder die privaatreg en moet duidelik onderskei word van die reëls wat op die beredderingsproses van 'n bestorwe boedel betrekking het. Waar die reëls van die erfreg gemik is op die aanwysing van die identiteit van die bevoordeeldes en die omvang van hulle bevoordelings, daar hou die norme van boedelberedderlng hulle besig met die likwidasie van 'n bestorwe boedel en die distribusie van die bates van daardie boedel aan diegene wat deur die erfreg as begunstigdes uitgewys is". By die stamme van Mhala word daar nie so 'n duidelike onderskeid getref tussen die erfreg - die aanduiding van wie wat moet kry - en die proses van boedelberedderlng wat te make het met die likwidasie van 'n bestorwe boedel en die distribusie van die bates aan die begunstigdes nie. By hierdie stamme geskied die aanwysing van die bevoordeeldes en die omvang van hulle bevoordelings, die aanwysing van die erfopvolger(s) sowel as die distribusie van die bates as deel van dieselfde handelinge van dieselfde familievergadering wat in 'n sekere sin as die eksekuteurs van die boedel beskou kan word. Daarom word die beredderlng van die boedel as 'n integrale deel van die erfreg beskou. Informante kon ook nie die sin= volheid van 'n onderskeid tussen bogenoemde afdelings van die reg insien nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Olivier (1969:430) beweer dat daar in die inheemse reg " ... geen'beredderinq' (en geen likwidasie van 'n boedel plaas(vind) nie". Hy word in hierdie verband gesteun deur De Clercq (1975:408) wat beweer dat daar by die abakwa= Mzimela"... geen sprake (is) van likwidasie of 'n vorm van boedelberedderinq (nie)". Dit is nie duidelik wat veral De Clercq met bogenoemde bewering bedoel nie aangesien hy op p.468 e.v. onder die opskrif "Beredderinq van 'n boedel" 'n volledige uiteensetting van die beredderingsproses soos wat dit by die abakwaMzimela geskied, behandel. Indien bogenoemde skrywers bedoel dat die likwidasie en die beredderinq van die boedel by genoemde stamme nie in ooreen= stemming is met die prosedure van likwidasie en die bered= dering van 'n boedel in die gemenereg nie, kan hulle stand= punt ondersteun word. By die stamme van Mhala is daar egter wel sprake van 'n likwidasie sowel as 'n beredderinq van die boedel. Die wyse waarop dit geskied, sal hierna behandel word.

Daar bestaan volgens die bepalings van artikel 23 van die Swart Administrasiewet no. 38 van 1927 en die regulasies daarkragtens uitgevaardig in Goewermentskennisgewing no. R.34 van 1966 wetlike voorskrifte in verband met die afhandeling van boedels van en die erfreg ten opsigte van Swartes. Hierdie bepalings vorm egter nie deel van die tradisionele stamreg nie en word daarom nie hier behandel nie. 'n Uiteensetting van hierdie bepalings is te vinde by Coertze, 1971:335-342; De Clercq, 1975: 409-419; Olivier, 1969: 495-518 en Jacobs, 1974: 279-283.

## B Beskikking oor goedere gedurende die lewe

'n Vader kan reeds voor sy dood op verskillende wyses oor sekere dele van die gesamentlike boedel beskik. Sodanige opdragte gedurende sy lewe stem in sekere opsigte ooreen met 'n testament. Dit is bindend op diegene wat sy boedel na sy dood administreer en moet uitgevoer word. Hiervolgens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan 'n vader 'n bevel gee of sy wense op skrif stel oor hoe sekere goedere verdeel moet word. Hierbenewens is dit ook moontlik dat 'n seun reeds tydens die lewe van sy vader kan "erf" of dat 'n seun deur sy vader onterf kan word.

By al die stamme van Mhala is dit 'n gebruik dat 'n vader gedurende sy lewe 'n aanduiding gee oor hoe daar na sy dood met sy eiendom gehandel moet word. In hierdie verband is die volgende gesegde van toepassing: "nkulukumba wa muti a nga fi a nga vulavulanga - 'n kraalhoof sterf nie sonder om hom ten volle uit te spreek nie". Volgens informante is dit ook uiters wenslik dat 'n kraalhoof self 'n aanduiding gee oor hoe daar na sy dood met sy goedere gehandel moet word. Op hierdie wyse is elkeen verseker van sy erflating en word onnodige rusie na die dood van die vader uitge=skakel. 'n Vader is egter nie verplig om gedurende sy lewe hierdie bekendmakings te doen nie.

Daar bestaan twee erkende wyses waarvolgens 'n vader geduren=de sy lewe oor sy goedere kan beskik te wete (i) 'n formele aankondiging voor getuies van die wyse waarop die boedel verdeel moet word; en (ii) 'n verdeling van die boedel by wyse van 'n sterfbedwens in die teenwoordigheid van die erfgename. Die amptelike verdeling van die boedel voor getuies staan bekend as "ku ava sambo a hahanya - om die boedel te verdeel tydens die lewe". Volgens hierdie gebruik kan 'n vader en veral 'n vermoënde vader, sy familie=raad byeenroep en uitdruklik spesifiseer oor hoe daar na sy dood met sy goedere of 'n deel daarvan te werk gegaan moet word. Hoewel die verdeling van die boedel in die teenwoor=digheid van die volle familieraad kan geskied is dit 'n vereiste dat so 'n opdraggewing voor ten minste drie volwasse manlike getuies moet geskied. Gewoonlik ontbied 'n man sy eie volwasse broers of sy volwasse seuns om as getuies teenwoordig te wees. Geen nie-verwant mag as 'n getuie geroep word nie. Dit is verder ook belangrik dat indien die stamerfopvolger (mudyandzaka) reeds volwasse is, hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teenwoordig behoort te wees. Die teenwoordigheid van die ander erfgename is nie 'n vereiste nie. Dit is ook nie 'n vereiste dat die wense van die vader voor sy dood aan sy erfgename meegedeel word nie - dit bly 'n geheim totdat die boedel beredder word.

'n Vader kan sy wense of mondeliks bekend maak of hy kan versoek dat dit op skrif gestel moet word. In geval van die eerste moontlikheid moet al die getuies later tydens die beseddering van die boedel, teenwoordig wees. Die mees senior getuie moet dan by daardie geleentheid die wense wat die vader uitgespreek het, bekend maak. Wanneer 'n vader verkies dat sy wense op skrif gestel moet word, moet dit ook voor die nodige getuies geskied. Volgens informante is dit slegs geletterde mense wat van hierdie laaste metode gebruik maak. Die rede hiervoor lê opgesluit in die ver= eistes wat die stamreg in die huidige tyd vir die wettigheid van so 'n dokument stel. Daar word volgens sommige infor= mante vandag vereis dat die erflater en ten minste twee van sy manlike verwante die dokument moet onderteken. Indien daar nie aan hierdie vereiste voldoen is nie, kan die dokument deur die familiehof nietig verklaar word.

Die mees algemene wyse waarop 'n vader tydens sy lewe oor sy goedere beskik, is by wyse van 'n sterfbedwens. So 'n wens staan bekend as "<u>u hambanyisa ku vulavula</u> - om jou verskillende wense uit te spreek". Wanneer 'n vader op sy sterfbed lê, ontbied hy gewoonlik al sy vroue sowel as sy volwasse seuns om sy laaste wense oor hoe sy goedere verdeel moet word, bekend te maak. Indien sy seuns nog onvolwasse is, is hy verplig om sy vader en sy eie broers wat ook die beredderinq van die boedel moet behartig, as getuies te ontbied. Die rede hiervoor is dat die getuienis van vroue en minderjarige kinders nie as wettige getuienis beskou word nie.

Wanneer 'n vader sy laaste wense op hierdie wyse bekend maak,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word dit as bindend beskou en dit kan nie na sy dood gewysig word sonder die toestemming van sy familievergadering nie. 'n Wysiging van die sterfbedwense gebeur egter selde aange= sien daar by hierdie stamme, net soos by die Bafokeng (vergelyk Coertze 1971:348), geglo word dat die oorledene as voorvadergees sy ontevredenheid omdat sy wense nie uitge= voer is nie, op sy nasate sal besoek.

Hierdie geloof is so sterk dat informante die volgende ge= beure as die waarheid verhaal het: 'n Vader het al sy vroue en volwasse seuns na sy sterfbed ontbied. Hy het hulle meegedeel dat hy sterwend is en het onder andere die volgen= de bevele aan hulle gegee: (i) Sy kraal mag nie verskuif word nie. (ii) Aangesien hy sy drie oudste seuns van trougoedere voorsien het, moet elk van die twee ongetroude seuns vier beeste as trougoedere ontvang. (iii) Een bees moes tydens sy begrafnisseremonie geslag word en die restant van sy beeste moet gelykop tussen die onderskeie huise verdeel word. (iv) Daar mag geen klippe op sy graf geplaas word nie sodat hy hulle as 'n voorvadergees vanuit sy graf kan besoek.

Na sy dood is die sterfbedwense nie uitgevoer nie. Daar is eerstens 'n groot stapel klippe op sy graf geplaas ten einde te verseker dat die ou vader hulle nie uit die graf kan besoek nie. Die gevolg van hierdie optrede was dat al die familielede wat die begrafnis bygewoon het, 'n ernstige maagkwaal opgedoen het. Ten einde raad is daar na verloop van sewe dae besluit om 'n toordokter te besoek. Dié het aan hulle meegedeel dat die klippe onmiddellik van die graf verwyder moet word. Dit is so spoedig moontlik gedoen. Daarna het die siekte opgeklaar. Na verloop van twaalf maande is die boedel op 'n familievergadering beredder. Daar is weer eens nie volgens die wense van die oorledene gehandel nie: Daar is besluit dat die stamerfopvolger al die beeste van die oorledene moet erf. Daar is ook besluit dat die kraal van die oorledene, wat op die privaat eiendom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 'n Blanke geleë was, na die Mhaladistrik verskuif moet word aangesien die stamerfopvolger reeds verblyfregte daar verkry het. Die gevolge van hierdie besluit was weer eens rampspoedig. Al die beeste het naamlik oornag verdwyn en is nooit weer gevind nie. Die Blanke eienaar van die plaas waarop die oorledene gewoon en begrawe is, het ook nie vry= gespring nie. Sy trekker en/of implemente breek na bewering nog steeds slag om slag wanneer hy sy lande in die onmiddellike omgewing van die kraal van die oorledene be= werk. Die rede hiervoor is dat die Blanke daarop aangedring het dat die familie van die oorledene teen die wense van die oorledene, sy plaas moes verlaat.

'n Vader wat voor sy dood oor sy goedere beskik, is in 'n hoë mate beperk tot die basiese beginsels van die erfreg. Hierdie reël is veral van toepassing op die bestanddele van die gesamentlike boedel wat na sy dood na die onderskeie hutte moet vererf. Volgens hierdie reël is 'n vader nie geregtig om goedere wat aan 'n bepaalde huis toekom na 'n ander huis te laat vererf nie. Die basiese reël in hierdie verband is dat huiseiendom huiseiendom bly ongeag of daar seuns in die betrokke huis is wat kan erf, al dan nie. In hierdie verband moet vermeld word dat alle goedere wat deur 'n lid van 'n bepaalde huis in die gesamentlike boedel ingebring is, na die afsterwe van die vader, as huiseiendom gereken word. Die enigste bevoegdheid wat 'n vader in hier= die verband het, is om te stipuleer watter goedere deur 'n spesifieke lid of die lede van 'n bepaalde huis in die gesamentlike boedel ingebring is, en van die onderskeie skuldverhoudinge wat tydens sy lewe tussen die onderskeie huise tot stand gekom het en na sy dood afgelos moet word.

Goedere wat deur ongetroude seuns in die boedel gebring is, kan nie by wyse van 'n "testament" of 'n sterfbedwens van die vader na iemand anders vererf nie. Dit word 'n erf= lating aan die spesifieke persoon wanneer hy volwasse status verkry. 'n Vader kan egter spesifiseer watter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goedere deur 'n spesifieke seun in die boedel gebring is en beveel dat dit na hom moet vererf.

'n Vader beskik egter oor die bevoegdheid om, met inag= neming van die basiese beginsels van die erfreg, oor alle goedere wat nie as huiseiendom gereken word of deur 'n spesifieke seun in die boedel gebring is nie, per "testa= ment" of by wyse van 'n sterfbedwens te beskik. Die ver= deling van hierdie goedere moet egter op so 'n wyse geskied dat 'n spesifieke huis nie daardeur benadeel word of 'n spesifieke seun nie van sy erfregte ontneem word nie. Dit is die plig van die verwante wat as getuies teenwoordig is om die beskikker te waarsku as hy een huis of 'n spesifieke persoon bo 'n ander bevoordeel. Aangesien dogters in hul persoon nie goedere van hulle vader kan erf nie, volg dit logies dat 'n vader nie sy goedere aan sy dogters, ten nadele van sy seuns kan laat vererf nie. Dit is in elk geval strydig met die reëls van die erfreg.

Hoewel dit hierbo gestel is dat daar by die beredderiug van die boedel aan die wense van die vader gehoor gegee moet word, beteken dit nie dat sy wense of die bepalings van sy "testament" tot in die fynste besonderhede nagekom sal word nie. Wanneer 'n vader se wense in stryd is met die reëls van die erfreg, kan dit met goedkeuring van die familieraad, gewysig word. Sodanige wysiging geskied veral in gevalle waar die vader voor enkele getuies sy wense op skrif stel en die inhoud daarvan geheim hou. Seuns wat op so 'n wyse later vind dat hulle onterf of benadeel is, kan beswaar maak teen die bepalings van die "testament". Die familieraad van die oorledene het dan die bevoegdheid om 'n wysiging aan te bring. Sterfbedwense word egter selde gewysig. Die rede hiervoor is dat al die aanspraak= makers op erfgoedere gewoonlik teenwoordig is wanneer 'n vader sy wense bekend maak. Hulle het die reg om beswaar te maak teen die wense van die vader waarna hyself sy sterfbedwense kan wysig. 'n Seun wat uit respek vir sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vader nie aandring op 'n wysiging van die sterfbedwens nie, kan egter na die dood van sy vader aandring op sy regmatige erfdeel. Indien die familieraad nie bereid is om die sterfbedwense te wysig nie, kan die "erfgenaam" sy regmatige erfdeel in 'n hof eis. Enige openbare hof het die bevoegd=heid om die sterfbedwense van 'n erflater te wysig indien die erfaanspraakmaker onregverdig behandel is. Indien daar egter bewyse gelewer kan word dat die erfaanspraakmaker geen aanspraak op 'n erflating het nie, sal die wense van die oorledene eerbiedig word.

'n Vader kan ook verskeie ander reëlings voor sy dood tref in verband met die beskikking oor goedere wat aan hom behoort of wat hom toekom. So is dit bv. wenslik dat 'n vader besonderhede in verband met sy skuldeisers sowel as die bedrae wat verskuldig is, moet vermeld, en ook bevel sal gee oor hoe die skulde vereffen moet word. Die ver=swyging van die naam van 'n skuldeiser beteken egter nie dat die stamerfopvolger van die skulde wat sy vader aange=gaan het, onthef word nie. Hy is verplig om alle skulde wat sy vader aangegaan het, te vereffen, mits die skuld=eiser kan bewys dat daar 'n skuldverhouding tussen hom en die oorledene bestaan het. 'n Vader vermeld ook gewoonlik al die uitstaande skulde wat aan die boedel moet toekom. Hy kan ook beveel hoe sodanige skulde na vordering moet vererf. Potensiële huiseiendom is egter in die verband onaantasbaar. Alle uitstaande skulde soos bv. uitstaande trougoedere,ens. wat 'n bepaalde huis toekom, vererf na die dood van die vader na die spesifieke huis en kan nie na 'n ander huis of na iemand uit 'n ander huis vererf nie. In hierdie verband kan 'n vader dus slegs vermeld dat 'n betrokke huis geskuld word en dat die skuld na vordering, die betrokke huis toekom. Dit is teoreties moontlik dat 'n vader bevel kan gee dat die skuldenaar sy skuld kwyt=geskeld word.

'n Vader kan ook gedurende sy lewe skenkings aan 'n spesi=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



fieke seun of 'n spesifieke huis doen. Daar bestaan egter nie die gebruik om beeste vir hierdie doel te oormerk nie. Wanneer 'n vader beeste aan 'n spesifieke huis skenk, moet dit op so 'n wyse geskied dat die res van sy familie daar= van kennis dra. Na die dood van die vader word hierdie beeste sowel as die aanteel as huisgoedere gereken en dit kan nie na 'n ander huis vererf nie. Wanneer 'n vader sy seun van trougoedere voorsien, word dit ook as 'n skenking aan die seun beskou. Sodanige skenking word egter in berekening gebring by die bereddering van die boedel en die grootte van die skenking word van die seun se erfdeel afge= trek. In die praktyk kom dit daarop neer dat daar na die dood van die vader eers voorsiening gemaak moet word vir die verskaffing van trougoedere aan al die ongetroude seuns, alvorens die getroude seuns kan erf. Dieselfde reël word toegepas wanneer 'n vader beeste of geld moet lewer vir die betaling van skadevergoeding weens die on= regmatige dade wat deur 'n seun gepleeg is. Die hoeveelheid geld of goedere wat vir hierdie doel gelewer moes word, word na die dood van die vader afgetrek van die hoeveelheid goedere wat normaalweg na die seun moet vererf (vergelyk saak 38).

Soos vroeër vermeld is, kan 'n vader ook seuns en dogters skakel ten einde te verseker dat die seun van trougoedere voorsien word. Wanneer 'n broer en suster op hierdie wyse geskakel word, moet die ander lede van die betrokke huis sowel as die stamerfopvolger daarvan kennis dra. Die trou= goedere wat vir die betrokke dogter gelewer word, vererf na die geskakelde broer. Dit word egter eers aan hom oorhandig wanneer hy dit benodig vir die lewering van trougoedere. Hy kan dit vir geen ander doel aanwend nie. Indien hy minder trougoedere benodig as wat vir sy suster gelewer is, is hy slegs geregtig op die hoeveelheid wat hy moet lewer. Die restant van die goedere word huiseiendom.

Die stamme van Mhala ken nie die gebruik dat 'n vader

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



formeel die status van sy onderskeie vroue bekend maak ten einde die rangorde in die erfopvolging aan te dui nie (vergelyk Olivier, 1969:450). Soos vroeër verduidelik is, kry elke vrou en so ook haar kinders, status ooreenkomstig die orde waarin die vrou getrou is. 'n Vader beskik nie oor die bevoegdheid om hierdie rangorde te wysig nie. Wanneer die huwelik met 'n vrou ontbind word, beïnvloed dit ook nie die rangorde van haar kinders by erfopvolging nie. Die enigste wyse waarop 'n vrou in status kan afskuif, is wanneer daar vir 'n vrou wat hoër in status is, 'n stut=vrou gelewer word (vergelyk Hoofstuk V, Deel I). Alle mindere vroue skuif dan een posisie laer af. Op hierdie wyse word die rangorde van seuns by erfopvolging, na dit deur die orde waarin hulle moeder getrou is, vasgelê was, tog later beïnvloed.

C Onterwing

'n Vader beskik oor die bevoegdheid om 'n seun wat hom in status moet opvolg, te onterf sowel as om enige ander seun wat 'n erfaanspraakmaker is, van sy erfdeel te onterf.

Onterwing staan bekend as ku rhukaniwa - om te verguis of om te vervloek. Uit die betekenis van die woord is dit duidelik dat 'n seun hom aan 'n baie ernstige wangedrag moet skuldig maak alvorens sy vader hom sal onterf. Daar bestaan dan ook elders 'n hele reeks bekende gronde waarop 'n vader sy seun kan onterf (vergelyk in hierdie verband Van Warmelo 1948:743-763; Olivier 1969:471-474 en De Clercq 1975:465-466). By die stamme van Mhala is die belangrikste gronde waarop 'n vader sy seun kan onterf, die volgende: (i) Misdrywe gepleeg teen die vader bv. poging tot moord op die vader, herhaalde aanrandings op die vader, verset teen die gesag van die vader en 'n verkwisting van die eiendom van die vader. (ii) Misdrywe gepleeg teen sy moeder of die ander vroue van sy vader bv. herhaalde aanrandings of owerspel met een van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vroue van sy vader. (iii) Misdrywe in die algemeen gepleeg bv. herhaalde owerspel, herhaalde wangedrag waardeur hy sy vader in die skande steek, ens.

Sowel De Clercq (1975:465) as Olivier (1969:472) vermeld dat 'n vader sy seun kan onterf wanneer hy ernstige liggaamlike of verstandelike gebreke het of wanneer hy uit 'n ower= spelige verhouding gebore is. By die stamme van Mhala kan 'n vader ook sy seun onterf wanneer hy ernstige liggaamlike of verstandelike gebreke het. Gewoonlik geskied sodanige onterwing slegs met betrekking tot die opvolging in die status van die vader en nie ten opsigte van die vererwing van goedere nie. In die praktyk is hierdie reël dus slegs van toepassing op die stamerfopvolger en die oudste seun van elke huis, aangesien hulle die vader in status kan op= volg. Onbevoegdheid om die vader in status op te volg, is egter nie 'n grond vir algemene onterwing ook ten opsigte van goedere nie. Indien so 'n seun bv. bevoeg is om 'n huwelik te sluit, is 'n vader nie geregtig om hom sy reg= matige erfdeel te ontneem nie.

Soos vroeër verduidelik is, kan 'n vader op twee wyses reageer in verband met 'n kind wat uit owerspel gebore is. Hy kan eerstens weier om die kind as sy kind te ontvang. So 'n kind word dan deur sy grootvader aan moederskant versorg en erf ook van laasgenoemde. Alternatiewelik kan die vader die kind behou. Wanneer hy dit doen, kan hy egter nie die kind op grond van die feit dat hy uit die owerspel van die moeder gebore is, onterf nie. So 'n kind erf ooreenkomstig die senioriteitsorde wat die vader aan hom toeken (vergelyk Hoofstuk V, Deel II).

'n Vader beskik nie oor die vermoë om 'n seun na willekeur te onterf nie. Hy kan ook nie sy seun sonder die goed= keuring van die familieraad onterf nie. Wanneer 'n vader van voorneme is om sy seun te onterf, is daar dus 'n aanvaar= de prosedure wat hy moet volg. Normaalweg sal 'n vader

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


eers sy seun waarsku. Indien die seun nie gunstig reageer en die waarskuwing(s) van sy vader gehoorsaam nie, moet die vader die lede van sy familieraad byeenroep en in die teenwoordigheid van die seun verklaar dat hy van voorneme is om hom te onterf. Hy moet ook die redes verstrek waarom hy van voorneme is om die seun te onterf. Die seun sal dan 'n geleentheid gegee word om homself te verweer. Die familieraad moet dan besluit of die vader voldoende grond het om die seun te onterf. Indien dit wel die geval is, word die onterwing goedgekeur en word die res van die fami= lie daarvan verwittig.

By die stamme van Mhala is dit nie 'n vereiste dat die kaptein of die wykshoof verwittig moet word van die prose= dure wat gevolg is en van die feit van die onterwing nie (vergelyk Olivier 1969:474). Die beslissing van die fami= lieraad is voldoende. 'n Seun kan egter na 'n openbare hof teen sy onterwing appelleer. In sulke sake moet die wyks= hoof of die kaptein dan beslis of die onterwing geregverdigd is, al dan nie.

Die regsgevolge van onterwing kan t.o.v. die stamerfopvol= ger op status sowel as goedere betrekking hê. Hy kan ten volle of slegs gedeeltelik onterf word. Sy vader kan besluit om hom van sy status as stamerfopvolger te onthef, sonder om hom al sy erfgoedere te ontneem. In sulke ge= valle erf hy egter minder as wanneer hy sy vader in status sou opvolg aangesien hy onthef word van die verpligtinge van 'n stamerfopvolger. Gedeeltelike onterwing volgens die bogaande wyse geskied gewoonlik wanneer die stamerfopvolger 'n liggaamlike of verstandelike gebrek het. Wanneer 'n stamerfopvolger egter op grond van die oortredings wat hierbo genoem is, onterf word, word hy ten volle onterf d.w.s. ten opsigte van status en goedere.

Indien 'n mindere seun wat sy vader nie in status kan op= volg nie, onterf word, is hy nie geregtig op enige goedere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit die boedel nie. Dit beteken dat hy ook nie goedere wat die huis van sy moeder toekom, kan erf nie. Hy het ook geen aanspraak meer op die trougoedere wat vir sy ge=skakelde suster gelewer word nie. Hy is wel geregtig op alle goedere wat hyself in die boedel ingebring het.

Wanneer die stamerfopvolger of die oudste seun in 'n mindere huis onterf word, word die broer, wat op die onterfde volg, outomaties die nuwe stamerfopvolger of erfopvolger. Indien daar geen jonger broer in die huis van die hoofvrou is nie, word die oudste seun van die tweede vrou in die hiërargie van vroue, die stamerfopvolger. Dit is natuurlik ook moontlik om 'n stutvrou vir die hoofvrou te trou, ten einde 'n nuwe stamerfopvolger te verwek. Die besluit oor die prosedure wat gevolg sal word, berus by die vader.

'n Vader beskik oor die bevoegdheid om die onterwing van sy seun te herroep. Hy kan dit doen wanneer hyself berou het oor die onterwing van sy seun of wanneer die seun van lewenswyse verander het en sy vader versoek om sy onterwing op te hef. Die kansellering van die onterwing moet egter geskied in die teenwoordigheid van die familieraad van die vader en dit moet daarna aan die ander verwante bekend ge=maak word sodat daar geen twyfel bestaan oor die herinstel=ling van die erfgenaam nie.

Alleen 'n vader beskik oor die bevoegdheid om met die mede=wete en die goedkeuring van sy familieraad, 'n seun te onterf. Die stamerfopvoler van 'n oorledene of die versorg=ingspligtige namens 'n oorlede man, kan nie 'n seun van die oorledene na die dood van die vader, sy erfreg ontneem nie. Daar kan wel 'n saak van wangedrag in die familiehof teen 'n seun wat hom misdra, aanhangig gemaak word.

## D <u>Erfopvolging</u>

### 1 <u>Opvolging in status</u>

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die oudste seun van 'n man se hoofvrou staan as mudyandzhaka bekend. By sommige informante (Changana) word ook die term mudlalifa teëgekom. Albei hierdie terme het dieselfde betekenis, te wete : Die eter van die boedel. Hierteenoor staan die oudste seun van elke mindere vrou van 'n poliginis bekend as "mativula". Volgens Chatelain (1952:128) beteken dié term: "the first born; the eldest". Dit is ook die betekenis wat informate aan die woord heg wanneer daar verwys word na die oudste seun van 'n mindere vrou van 'n poliginis.

Die mudyandzhaka is as die hooferfgenaam van die vader die belangrikste erfgenaam. Hy erf nie alleen die status en verpligtinge van die vader nie maar is ook geregtig op die grootste hoeveelheid erfgoedere. Die mudyandzhaka deel egter hierdie posisie met die oudste seun van elke af= sonderlike huis. Na die afsterwe van die vader verdeel die kraal in soveel segmente as wat daar "huise" is en die status van die vader gaan dan oor op nie alleen die mudyandzhaka nie, maar ook op die mativula van elke huis wat die vader tot stand gebring het. In hierdie verband moet mens Coertze (1971:334) gelyk gee waar hy beweer dat: "Mens sou daarom kon sê dat die volle status van 'n ge= troude man as huishoof na sy dood in sekere opsigte verdeel word en oorgaan, eerstens op die oudste seun van sy hoof= vrou en ten tweede, in mindere mate, op die oudste seun van elke ander vrou wat hy gehad het". Volgens hierdie beginsel sou mens die mudyandzhaka as die stamerfopvolger kan be= skou en die mativula as die hooferfgenaam van elke ander huis.

By die stamme van Mhala is dit moontlik dat 'n vader tydens sy lewe verskillende posisies van rang kan beklee. Die belangrikste hiervan is die status van kaptein, liniehoof en huishoof. In die geval van 'n kaptein is dit moontlik dat al drie hierdie statusposisies in hom verenig kan wees. Na sy afsterwe gaan dié onderskeie statusposisies oor op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy mudyandzhaka. In die geval van 'n liniehoof, kan die mudyandzhaka sy vader opvolg as 'n liniehoof sowel as in die status van huishoof. Die seun van 'n huishoof kan sy vader in hierdie status opvolg. In elk van hierdie gevalle word huishoofskap mettertyd gedeel met die mativula in elke afsonderlike huis. Alle ander seuns erf slegs goedere van die oorlede vader. Geen dogter kan die vader in status opvolg of goedere van hom erf nie.

Die basiese patroon waarvolgens erfopvolging geskied, stem in 'n hoë mate ooreen met die nou reeds bekende patroon by die Suidoos-Bantoevolke. 'n Gewone stamlid word in status opgevolg deur die mudyandzhaka wat in alle gevalle die oudste seun is van die vrou wat eerste getrou is. In die geval van die stamhoof, word daar vir die kaptein 'n spesifieke vrou getrou wat die mudyandzhaka moet baar. Hierdie vrou staan bekend as nsati wa tiko d.w.s. die vrou van die stam (vergelyk ook Hartman 1972:152-156). Die stamvrou verkry haar status nie ooreenkomstig die orde waarin sy getrou is nie, maar vanweë die feit dat sy deur die kapteinslinie as die hoofvrou van die kaptein aangewys is. Dit is ook die plig van hierdie linie om die trougoedere vir die stamvrou te voorsien. Geen ander vrou van die kaptein kan die stamerfopvolger lewer nie. Op die hoofvrou rus dus die verpligting om die mudyandzhaka (stamerfopvolger) te lewer. Indien sy onvrugbaar sou wees of slegs dogters het, kan sy aandring op 'n stutvrou (nhlantswa) wat dan die stamerfopvolger moet lewer. Dit is ook die plig van die regerende linie om toe te sien dat daar 'n stutvrou gelewer word en om die trougoedere vir hierdie vrou te lewer. Op hierdie wyse word daar verseker dat die stamopvolger deur 'n gekeurde vrou gelewer sal word.

Indien die mudyandzhaka voor sy vader sterf, gaan die status as stamhoof oor op sy oudste manlike afstammeling, met dié voorbehoud dat die regerende linie sy hoofvrou as stamvrou erken het. (Vergelyk hoofstuk III B2). Dit is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die normale patroon. Indien die stamerfopvolger gesterf het sonder enige manlike afstammeling by sy hoofvrou, kan twee weë gevolg word. Die eerste moontlikheid is om vol= gens die leviraat, 'n manlike afstammeling by sy hoofvrou te verwek. Die alternatief is om die onmiddellike jonger broer van die oorledene as stamerfopvolger aan te wys. Volgens informante behoort laasgenoemde moontlikheid by voorkeur gevolg te word aangesien hierdie seun deur die oorlede stamhoof self verwek is en dus 'n "suiwerder" herkoms het as die seun wat volgens die leviraatgebruik verwek is.

Wanneer daar besluit word om 'n stamerfopvolger ooreenkomstig die leviraatgebruik te verwek (die eerste moontlikheid), is dit 'n vereiste dat die manlike verwekker 'n jonger broer van die oorledene of 'n patriliniêre verwant so naby as moontlik van die oorledene of van sy vader moet wees.

Ten einde hierdie gebruik na die praktyk te voer, kan die volgende ter illustrasie voorgehou word: Die vorige kaptein van die Nxumalostam het vyf vroue gehad. Geeneen van hierdie vroue is getrou met die goedkeuring of met die beeste van die regerende familie nie. Gevolglik het nie een van hier= die vroue as stamvrou gekwalifiseer nie. Die kaptein was ten spyte van herhaaldelike vermaninge van die regerende familie ook nie bereid om 'n stamvrou te trou nie. Na sy dood het hy gevolglik geen stamerfopvolger nagelaat nie. Die probleem is verder gekompliseer aangesien hy die enigste seun is wat deur sy vader by die stamvrou verwek is. Hy het wel 'n jonger broer (A) maar dié is ooreenkomstig die leviraat by die stamvrou verwek deur 'n persoon wat nie die goedkeuring van die regerende familie weggedra het nie. Die regerende familie was gevolglik nie bereid om A as die stamerfopvolger aan te wys nie. Hulle was ook nie bereid om 'n eie halfbroer van die oorlede kaptein (B) wat deur die tweede vrou in die hiërargie van die vroue van sy oor= lede vader gelewer is, as stamerfopvolger aan te wys nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die rede hiervoor is dat hierdie vrou nie 'n stamvrou was nie en ook nie 'n stutvrou van die stamvrou was nie. Ten einde uit die skaakmatposisie te ontkom, kon die regerende familie twee weë volg. Die eerste was om 'n stamvrou vir die oorlede kaptein te trou en dan ooreenkomstig die leviraatgebruik 'n stamerfopvolger te laat verwek; alternatiewelik kon hulle een van die weduwees van die oorledene tot stamvrou verhef. Daarna kon haar oudste seun as stamerfopvolger aangewys word. Daar is uiteindelik besluit op die tweede moontlikheid aangesien 'n deurvoering van die eerste moontlikheid sou beteken dat die stam vir 'n periode van ongeveer dertig jaar deur 'n regent regeer moes word. Aangesien die oudste seun van die nuut verklaar=de stamvrou slegs dertien jaar oud is, is daar besluit dat B as 'n regent aangestel moet word, totdat die stamerfop=volger die kapteinskap kon oorneem.

Indien die stamerfopvolger oorlede is en hy geen manlike afstammelinge nalaat nie, word die tweede oudste seun van die stamvrou dus die stamerfopvolger. Indien hy ook reeds oorlede is, gaan die status oor na sy manlike afstammelinge. As dit nie moontlik is nie, kom die derde seun aan die beurt ens., ens. totdat al die seuns met hul manlike afstammelinge in die hoofhut uitgeput is. As die hoofhut geen manlike afstammelinge (dit gebeur uiters selde) lewer nie, ontstaan daar 'n probleem wat op verskillende wyses opgelos kan word. Sommige informante beweer dat die oudste seun van die tweede vrou in die hiërargie van vroue dan outomaties die stamerf=opvolger word. Andere beweer dat sodanige opvolging onmoontlik is, aangesien slegs die stamvrou of een van haar stutvroue die stamerfopvolger kan lewer. Volgens laasge=noemde standpunt kan geen mindere vrou van 'n kaptein die stamerfopvolger lewer nie. Voorstanders van hierdie laas=genoemde standpunt beweer dat indien die stamvrou geen seuns het nie, daar verkieslik vir haar 'n stutvrou getrou moet word, by wie daar ooreenkomstig die leviraat, 'n stamerfopvolger verwek kan word. Slegs indien dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onmoontlik is, kan die oudste seun van die tweede vrou, die stamerfopvolger word.

Die voorstanders van die eerste standpunt beweer egter dat 'n eie seun van die oorlede stamhoof by 'n mindere vrou, hoër in status is as 'n seun wat ooreenkomstig die leviraat=gebruik by die stamvrou verwek is. Daar bestaan gevolglik geen duidelikheid oor hierdie reël nie. Die finale beslissing berus by die regerende familie.

'n Stamhoof beskik nie oor die bevoegdheid om die stamerf=opvolger alleen aan te wys nie. Hy kan wel sy keuse aan die familieraad bekend maak. Die familieraad is egter nie verplig om hieraan gehoor te gee nie. Normaalweg sal hulle die seun wat volgens die erfopvolgingsreëls kwalifiseer, aanwys. Indien hy egter nie aan die vereistes wat daar vir 'n stamhoof gestel word, voldoen nie, beskik hulle oor die bevoegdheid om wanneer 'n nuwe stamhoof aangewys word, met die nodige motivering, die direkte jonger broer van die regmatige erfopvolger as stamhoof aan te wys. Wanneer 'n stamhoof egter die aangewese stamerfopvolger onterf het, is sy familieraad wat die onterwing goedgekeur het, verplig om na sy dood die onterfde uit te skakel uit die opvolgingsreg.

Junod (1927,I:410 e.v.) beweer dat die opvolging in die kapteinskap in die sylinie geskied. In hierdie verband beweer hy soos volg: "When a chief dies, his elder son is the regular heir, but all his younger brothers must reign before the son, the true heir, is crowned". Hierdie reël is nie van toepassing by enige van die stamme van Mhala nie. Selfs nie eers die Nkunastam uit wie se geskiedenis Junod enkele voorbeelde opdiep om hierdie beginsel te illustreer, pas hierdie reël vandag meer toe nie. Opvolging in die kapteinskap geskied by al die stamme van Mhala, in die direkte afstammingslyn. Die oorlede stamhoof se jonger broer(s) kan slegs as regent regeer. Hulle kan nie as 'n kaptein aangewys word bo die regmatige stamerfopvolger nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Vergelyk in hierdie verband die genealogieë van die onderskeie kapteinshuise van die stamme van Mhala. (Hoofstuk II, Tabelle I, II, III en IV).

Opvolging in die status van 'n liniehoof geskied ook ooreenkomstig die reëls van patriliniêre erfopvolging soos hierbo verduidelik is. Die mees senior lewende persoon in die linie (Ch : usende; Nhl.: nyimba) vorm die hoof daarvan en is bloot bekend as umnumzana (meneer). Sy posisie is streng genealogies bepaal. Volgens hierdie beginsel, word die mees senior lewende manlike afstammeling in die direkte lyn van die gestorwe liniehoof as die hoof van die eenheid beskou. By die afsterwe van die liniehoof word hy dus onafwendbaar opgevolg deur die oudste seun van sy hoofvrou.

Die hoofvrou van 'n liniehoof is net soos by 'n gewone man, die eerste vrou met wie hy 'n huwelik gesluit het. Sy het, anders as die stamvrou van 'n kaptein, nie die absolute verpligting om die stamerfopvolger vir haar man te lewer nie. Indien sy of haar stutvrou(e) nie 'n stamerfopvolger kan lewer nie, kan die oudste seun van die tweede vrou in die hiërargie van die vroue van die oorlede liniehoof, die stamerfopvolger word. Na hom kom sy broers en halfbroers volgens die senioriteitsrangorde, in aanmerking vir opvolging.

Die opvolger in die status van liniehoof verkry sy posisie dus uitsluitlik op grond van geboorte. Sy posisie en bevoegdheid is geensins onderworpe aan die goedkeuring van die kaptein of die wykshoof nie. Hulle beskik ook nie oor die bevoegdheid om hom van sy amp te onthef nie.

Hoewel die liniehoof sy posisie te danke het aan sy hooggeborenheid binne die linie, geskied die opvolging nie outomaties nie. Net soos by die opvolging in die kapteinskap moet die linieraad hul goedkeuring aan hierdie opvolger verleen. Na die afsterwe van die liniehoof, vergader die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

linieraad by die kraal van die jonger broer van die gestorwe liniehoof. Op hierdie vergadering word die nuwe liniehoof dan amptelik aangewys. Slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede soos bv. verstands- of omvangryke liggaamsgebreke of wanneer die regmatige opvolger nog minderjarig is, sal iemand anders as die regmatige opvolger aangewys word. In geval van eersgenoemde gebreke word die direkte jonger broer van die onbekwame opvolger as liniehoof aangewys. Wanneer die regmatige opvolger nog minderjarig is, sal 'n tydelike hoof, gewoonlik die jonger broer van die oorlede liniehoof, aangewys word totdat die regmatige opvolger volwasse is.

Die aanwysing van 'n liniehoof word deur geen inhuldigingseremonie gevolg nie. 'n Formele vergadering van die linieraad vir die aanwysing van 'n liniehoof, is egter noodsaaklik.

2 Erfopvolging van 'n huishoof

Die status van huishoofskap verwys hier na die volledig uitgeboude status van 'n volwasse manspersoon wat elke man deur die sluiting van 'n huwelik verwerf. Dit kan as identies met die begrip regspersoonlikheid beskou word. Dit hang nie af van senioriteit van geboorte nie maar word uit eie krag, mettertyd verwerf. Dit dui op die vader se reg van gesagsuitoefening oor en versorgingspligtigheid teenoor sy vrou(ens) en kinders. Wanneer 'n man meer as een vrou getrou het, word hy outomaties hoof van meer as een huis. Volgens informante word dan na die totaal van die huiseenhede verwys as maguma of mindyanga ya ka ....(die vader se naam).

Wanneer 'n huishoof sterf is daar nie alleen sprake van opvolging in die status van die huishoof nie, maar ook van die beheer oor en vererwing van goedere. Dit word daarom geskei van die blote opvolging in openbare status, soos in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die geval van die kapteinskap of dié van liniestatus soos dié van liniehoofskap. Mens moet egter onthou dat 'n kap= tein en 'n liniehoof ook huishoofde is. Wanneer hulle dan ook as huishoofde sterf, word dieselfde patroon by erfopvol= ging gevolg (met inagneming van die uitsonderinge hierbo genoem) as dié vir 'n gewone huishoof.

By die opvolging in die status van 'n huishoof moet ver= skeie faktore in ag geneem word. 'n Huishoof kan bv. op 'n relatiewe jong ouderdom te sterwe kom wat beteken dat sy stamerfopvolger sowel as die onderskeie hooferfgename in die mindere hutte nog onvolwasse is. Hierteenoor kan dit gebeur dat die stamerfopvolger nog onvolwasse is, terwyl die hooferfgenaam in 'n mindere hut reeds volwasse is en laastens kan die stamerfopvolger sowel as die hoof= erfgenaam in elk van die mindere hutte, reeds volwasse wees.

Die reël by erfopvolging is dat die grootste deel van die status van 'n huishoof mettertyd op sy volwasse stamerf= opvolger oorgaan. Indien die stamerfopvolger nog onvolwasse is, word die status van die huishoof deur sy broer wat volgens die leviraatgebruik die versorgings- en verwekkings= plig oorneem in trust gehou. Wanneer die stamerfopvolger trou, word die familieraad byeengeroep en word die status van die huishoof formeel aan die stamerfopvolger oorgedra. Hy behou die status as huishoof oor die hele kraal totdat die hooferfgename in die onderskeie mindere hutte die een na die ander volwasse word en daarna hoofde van die mindere huise word. Op hierdie wyse verkry elke hoof= erfgenaam die status van huishoof oor die huis waarvan hy die hooferfgenaam is. Die broer(s) van die oorledene behou egter die verwekkingsplig by die onderskeie vroue. Dit gaan nie oor op die stamerfopvolger of die verskillende hooferfgename nie.

Indien die hooferfgenaam in 'n mindere huis ouer is as die stamerfopvolger en gevolglik voor laasgenoemde trou, kan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die status van algemene huishoof nie op hom oorgaan nie. Hy kan alleen status verkry oor die huis waarvan hy die hooferfgenaam is.

Indien die stamerfopvolger sowel as die onderskeie hooferf=gename reeds getroud is met die afsterwe van die huishoof, kry die stamerfopvolger status as algemene huishoof en word meer spesifiek hoof van die hoofhut, terwyl elk van die hooferfgename status as hoof van die huis waaruit hulle gebore is, verkry. In die praktyk beteken dit dat die verpligting wat die vader en broers van die oorledene teen=oor die weduwees het, gedeeltelik verdwyn, aangesien die versorgingsplig van nou af aan in toenemende mate op die stamerfopvolger en in 'n mindere mate ook op die hooferf=game oorgaan. Die broer(s) van die oorledene behou egter steeds die taak om sy verwekkingsplig na te kom. Die rede hiervoor is dat nòg die stamerfopvolger nòg die hooferf=genaam, nog enige seun van die oorledene geslagsomgang met enige van die weduwees mag hê. Dit is totaal verbode.

'n Huishoof beskik egter nie alleen oor status nie maar ook oor goedere wat na sy dood kan vererf. Die verdeling sowel as die vererwing van hierdie goedere geskied ooreenkomstig vaste reëls. Dit is die taak van die manlike verwante van die oorledene om toe te sien dat die aanvanklike toesegging en uiteindelike oordrag van erfgoed,volgens hierdie reëls geskied.

Soos vroeër verduidelik is, is die huishoof gedurende sy lewe, in volle beheer van die gesamentlike boedel. Gedurende sy lewe word daar ook geen onderskeid gemaak tussen algemene kraaleiendom en die eiendom van die onderskeie huise nie. Na sy dood verval hierdie beginsel. Daar word dan 'n skerpe onderskeid getref tussen die onderskeie bestanddele van die gesamentlike boedel. Die belangrikste hiervan is die onder=skeid tussen algemene kraalgoedere en huiseiendom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Erfopvolging in die geval van 'n enkelvoudige gesin is minder gekompliseerd as erfopvolging in die geval van 'n poliginiese gesinne-eenheid. Die rede hiervoor is dat daar by die enkel= voudige gesin nie 'n behoefte bestaan om die algemene kraal= goedere van die huiseiendom te skei nie. Die boedel bly net so voortbestaan en die stamerfopvolger tree in die plek van die oorledene sowel wat betref sy status as sy beheersreg oor die boedel op. Indien die stamerfopvolger nog minder= jarig is, tree sy vader se jonger broer as plaasvervanger vir die oorledene, op. Indien die stamerfopvolger nog minderjarig is tree sy vader se jonger broer as plaasvervan= ger vir die oorledene op totdat die stamerfopvolger trou. Soos vroeër verduidelik is, kan hierdie broer nie na wille= keur met die boedel handel nie. Die toestemming van die weduwee is noodsaaklik alvorens hy met goedere uit die boedel mag handel. Andersyds kan hy daarmee handel met die goedkeuring van die familieraad.

Wanneer die stamerfopvolger sy vader in 'n enkelvoudige gesin, in status opvolg, kry hy ook 'n volle beheersreg oor die boedel. In sowel status as die beheersreg oor die boedel het hy dieselfde bevoegdhede, regte en verpligtinge (buiten die verwekkingsplig) as wat sy vader gehad het ten opsigte van sy moeder en sy minderjarige broers en susters. In hierdie verband beweer Coertze (1971:361) dat die stam= erfopvolger by die Bafokeng nie gesag oor sy eie moeder verkry wanneer hy meerderjarig word nie - sy staan onder die gesag van die oorledene se broers. By die stamme van Mhala moet die broer van die oorledene amptelik afstand doen van sy gesag wat hy oor die weduwee gehad het, wanneer die status van die oorledene op die stamerfopvolger oorgaan. Hierna staan die weduwee onder die gesag van haar oudste seun. Mens moet egter in hierdie verband vir Olivier (1969:483) gelyk gee waar hy beweer dat "... die weduwee in 'n enigsins sterker posisie staan tenoor die opvolger as teenoor haar oorlede eggenoot". Die verskil is daarin geleë dat die stamerfopvolger in 'n moeder/seun verhouding staan teenoor die weduwee en nie soos sy vader in 'n man/ vrou verhouding nie. Hy sal daarom moontlik meer geredelik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reageer op die raad en advies van sy moeder as wat sy vader dit sou gedoen het. Die toestemming van sy moeder is ook noodsaaklik alvorens hy met die gesamentlike boedel mag handel.

Die stamerfopvolger is verplig om sy moeder en minderjarige broers en susters te versorg soos sy vader dit sou gedoen het. Hierdie plig gaan mettertyd op die jongste seun van die weduwee oor. Hy is bekend as xigumandzeni en hy moet sy moeder, wanneer hy trou, vir die res van sy lewe versorg. Die stamerfopvolger is ook aanspreeklik vir die onregmatige dade van sy moeder en sy ongetroude broers en susters. Hy moet namens hulle in die hof verskyn en indien die hof skadevergoeding gelas, moet hy dit uit die boedel voorsien. Indien die boedel nie oor die nodige goedere beskik nie, is hy verplig om die skadevergoeding uit sy eie vermoë te voorsien. Op hierdie wyse ontstaan daar 'n skuldverhouding tussen die stamerfopvolger en die boedel wat afgelos kan word wanneer die boedel oor die nodige goedere beskik. Die stamerfopvolger kan ook gekompenseer word vir hierdie uitgawes by die finale verdeling van die boedel. Net soos die vader moet die stamerfopvolger ook sy jonger broers van trougoedere voorsien. Hy is egter nie aanspreeklik vir die volle hoeveelheid trougoedere nie. Hy is egter verplig om aan 'n jonger broer sy regmatige gedeelte aan trougoedere uit die boedel te voorsien. Die toestemming van die stamerfopvolger is ook noodsaaklik wanneer een van sy susters in die huwelik wil tree. Alle onderhandelinge moet met hom gevoer word. Die trougoedere wat vir haar gelewer word, gaan na die boedel en meer spesifiek na die huis waarbinne sy gebore is.

Die stamerfopvolger is uiteindelik aanspreeklik vir al die skulde van die oorledene. Hy beheer nie alleen al die bates van die boedel nie, maar moet ook alle skulde en verpligtinge wat die oorledene aangegaan het, uit die boedel aflos. Indien die boedel nie oor die nodige bates beskik om die skulde te vereffen nie, kan die stamerfopvolger

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


persoonlik daarvoor aangespreek word. Dit beteken dat hy die skuld uit sy eie vermoë moet vereffen. In hierdie ver=band moet vermeld word, dat hoewel die stamerfopvolger in sy persoon aangespreek word vir die vereffening van die skuld, hy nie alleen die verantwoordelikheid daarvoor dra nie. Sy jonger broers is mede-verantwoordelik vir die skulde wat die oorledene aangegaan het. Wanneer 'n jonger broer(s) dus oor bates beskik, kan die stamerfopvolger hom (hulle) versoek om indien hyself nie oor die nodige bates beskik nie, die skuld te help vereffen. Hulle kan dit nie weier nie. Hulle is egter geregtig om hul uitgawes in hierdie verband mettertyd, wanneer die boedel oor voldoende bates beskik, van die boedel te eis. Hulle eis mag egter nie die boedel op so 'n wyse verarm dat die weduweemoeder en die ongetroude broers en susters daardeur armlastig word nie. Indien dit nie moontlik is nie, kan hulle aanspraak maak op 'n groter erfdeel wanneer die boedel na die afsterwe van die moeder, finaal verdeel word.

Die weduwee beskik nie oor 'n beheersreg oor die boedel nie. Sy staan onder die gesag van die stamerfopvolger en sy mag slegs met die boedel handel nadat die stamerfopvolger sy toestemming daartoe verleen het. Hoewel die weduwee vir die res van haar lewe 'n benuttingsreg het oor die boedel, beteken dit nie dat sy na willekeur daaroor kan beskik nie. Die erfopvolger het volle beheer daaroor. Indien die weduwee wederregtelik met die bates handel, kan die handeling nietig verklaar word. Hierteenoor is die weduwee geregtig om die stamerfopvolger by die familieraad te verkla indien hy (a) haar en die kinders nie na behore versorg nie (b) met die boedel handel sonder haar toestemming en (c) die boedel wanbestuur.

Wanneer 'n poliginis te sterwe kom, gaan sy status as alge=mene kraalhoof oor op die stamerfopvolger. Hy kry ook status as huishoof van die hoofhut. Die onderskeie <u>mativula</u> (hooferfgename) word soos vroeër verduidelik is,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

elkeen die huishoof van die huis van hulle moeder. Volgens hierdie beginsel gaan die beheer oor die algemene kraaleiendom op die stamerfopvolger oor. Hy verkry ook die beheer oor die eiendom van die hoofhut. Die beheer oor die onderskeie huisvermoëns gaan oor na die verskillende hoof= erfgename. Hierdie verdeling van status en beheersreg van die oorledene, vereis dat die boedel ook dienooreenkomstig verdeel moet word. Aanvanklik word die kraalgoedere geskei van huiseiendom. Daarna word die huiseiendom van die onder= skeie huise van mekaar geskei. As huiseiendom word gereken alle goedere wat deur 'n lid of lede van 'n spesifieke huis in die gesamentlike boedel gebring is. Dit beteken dat die trougoedere wat vir 'n dogter uit 'n spesifieke huis gelewer is, as huiseiendom gereken word. Op dieselfde wyse word die verdienste van 'n vrou of haar kinders as huiseiendom gereken. So ook die inkomste wat verkry is uit die produkte wat deur 'n vrou en haar ongetroude kinders verbou is, asook alle geskenke en toeseggings wat hulle van die oorledene ontvang het.

Die algemene kraalgoedere vererf normaalweg na die stam= erfopvolger en in kleiner dele na die onderskeie hooferfge= name. Dit bestaan uit alle goedere wat die oorledene in die gesamentlike boedel gebring het en nie huiseiendom geword het nie. Dit sluit in: beeste, ploeë, trekkers, waens en ander landbou-implemente sowel as die kapitaal waaroor die oorledene beskik het. Die wyse waarop die verdeling sal geskied, word bepaal deur die omstandighede. Indien die stamerfopvolger sowel as die onderskeie hooferfgename reeds getroud is, word hierdie goedere min of meer gelykop verdeel tussen die onderskeie huise. Die rede hiervoor is dat elke hooferfgenaam verantwoordelik is om daarna sy moeder en sy ongetroude broers en susters te versorg. Sy gedeelte van die kraalgoedere word vir hierdie doel aange= wend. Die stamerfopvolger se erfdeel is normaalweg groter aangesien hy verantwoordelik is om die weduwees wat kinder= loos is of slegs dogters het, te versorg. Soms gebeur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dit dat 'n gedeelte van die kraalgoedere ook aan die huise van hierdie weduwees toegedeel word. Dit geskied veral wanneer 'n weduwee nog jonk is en 'n jonger broer van die oorledene haar, ooreenkomstig die leviraat, moet versorg. Sulke goedere word dan outomaties huiseiendom. Wanneer die hooferfgenaam (wat miskien nog verwek moet word) dan trou, gaan die versorgingsplig op hom oor en verkry hy die beheersreg oor hierdie eiendom sowel as die res van die huiseiendom.

Die regte en verpligtinge van die hooferfgenaam in elke huis, is dieselfde as dié wat hierbo genoem is ten opsigte van die stamerfopvolger by 'n enkelvoudige gesin. Die hoof=erfgenaam is ook aanspreeklik vir alle skulde wat die oor=ledene aangegaan het ten behoewe van die betrokke huis. Hy is ook verwantoordelik om alle skulde soos bv. uitstaande trougoedere ens. te vorder. Na vordering word hierdie goedere huiseiendom. Die grootste gedeelte daarvan word weer aangewend in die uitvoering van sy versorgingsplig terwyl die res gebruik word as trougoedere vir sy jonger broers.

Die regte en pligte van die stamerfopvolger van 'n poliginis stem ook ooreen met dié van 'n oorledene wat net een vrou getrou het. As stamerfopvolger verkry hy egter nie net regte en verpligtinge ten opsigte van die hoofhut nie maar is hy ook verantwoordelik vir die handhawing van orde binne die hele kraal. Hy moet dus ook toesig hou oor die algemene welsyn van die kraalinwoners. Hierbenewens is hy verplig om al die kinderlose weduwees of die wat net dogters het, te versorg asof hy die hooferfgenaam van elk van daardie huise is. Indien 'n jonger broer van die oorledene ooreen=komstig die leviraat die versorgingsplig by sodanige weduwee verkry, verval die verpligtinge van die stamerf=opvolger. Die stamerfopvolger is ook verplig om al die ongetroude kinders van 'n geskeide vrou van die oorledene of weeskinders wat in die kraal agtergebly het, te versorg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy is verplig om sulke seuns na sy beste vermoë op te voed en wanneer hulle wil trou, van trougoedere te voorsien. Sy toestemming is ook noodsaaklik wanneer so 'n halfsuster in die huwelik wil tree. Die trougoedere wat vir haar gelewer word, word egter huiseiendom van die moederlose huis en vererf na die seuns van daardie huis.

Coertze (1971:362) beweer dat die status van die oorledene onmiddellik na sy dood op die stamerfopvolger oorgaan. Hiervolgens is die oudste seun van die hoofvrou onmiddellik aanspreeklik vir alle skulde van die boedel en moet hy derdes aanspreek vir die vereffening van hulle skulde teen= oor die boedel (vergelyk ook Jacobs 1974:296 en De Clercq 1975:427). By die stamme van Mhala is dit nie die geval nie. Na die afsterwe van die oorledene gaan sy status in trust oor op sy vader of op sy oudste broer. Hierdie persoon behou die status in trust vir die volle duur van die rou= periode. Gedurende hierdie tydperk is hy aanspreeklik vir alle skulde van die boedel en moet hy sover as moontlik, derdes aanspreek vir die vereffening van hulle skulde teen= oor die boedel. Mens sou dit in 'n sekere sin kon vergelyk met die likwidasie van 'n boedel in die gemenereg aangesien daar gepoog word om alle skulde te vereffen sowel as om alle skulde te vorder, voordat die boedel beredder word. Eers na afloop van die rouperiode gaan die status van huishoof oor op die stamerfopvolger en die onderskeie hooferfgename ongeag of al die skulde vereffen is en al die skulde teenoor die boedel gevorder is. Hierna is dit die plig van die stamerfopvolger om uitstaande skulde te vereffen en derdes aan te spreek vir die vereffening van hulle skulde teenoor die boedel.

## E Die vererwing van eiendom

Soos hierbo aangedui is, kwalifiseer die stamerfopvolger sowel as die onderskeie hooferfgename van elke vader vir opvolging in status sowel as vir die vererwing van goedere.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hiernaas kwalifiseer hierdie erfgename se jonger broers slegs vir die vererwing van goedere. Daar is egter ook ander persone wat nie die status van 'n kaptein, liniehoof of 'n huishoof het nie maar wat wel oor eiendom beskik. Hulle goedere vererf ook ooreenkomstig vasgestelde reëls. In die hieropvolgende uiteensetting sal daar eers aandag gegee word aan die vererwing van die goedere van 'n huis=hoof en daarna aan die vererwing van die goedere van laas=genoemde persone.

1 Eiendom in die boedel van 'n huishoof

Soos vroeër verduidelik is, kan 'n huishoof reeds voor sy dood en onderhewig aan die reëls van die erfreg, oor sy goedere beskik. By ontstentenis aan 'n sodanige beskikking, vererf die goedere uit die gesamentlike boedel, intestaat.

In 'n vorige hoofstuk (Hoofstuk V, Deel II) is die bestand=dele van die gesamentlike boedel behandel. Die belangrikste bestanddele wat vir vererwing in aanmerking kom, is (a) algemene kraaleiendom (b) huiseiendom en (c) persoonlike besittings van die gesinshoof. Volledigheidshalwe moet dit hier genoem word dat daar by die stamme van Mhala geen vaste eiendom voorkom, wat kan vererf nie omdat daar geen geval van private grondbesit aangetref word nie. Al die grond wat deur die onderskeie stamme bewoon word, is geregistreer in die naam van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust. Die gebruiksreg van hierdie grond word statutêr voorgeskryf (vergelyk in hierdie verband Prok. R300 van 1968 en Prok. R188 van 1969).

Die wyse waarop goedere vererf, word deur verskeie faktore bepaal. Die belangrikste van hierdie faktore is:

i Die omvang van die onderskeie dele in die boedel.
ii Die volwassenheid van erfgename.
iii Die ouderdom van die weduwees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



iv Die versorgingsplig teenoor ongetroude kinders en weduwees.

v Die afwesigheid van erfgename; en

vi Die status van die erfgename.

Wanneer bogenoemde faktore in ag geneem word, is dit duidelik dat geen twee boedels op dieselfde wyse beredder kan word nie. Die bereddering van elke boedel is uniek en geskied ooreenkomstig die bepaalde omstandighede. Hierdie omstan=dighede bepaal of daar 'n moontlikheid bestaan vir direkte oordrag van goedere op 'n erfgenaam en of daar 'n tyd sal verloop voor hy die voordeel van die erflating sal ontvang.

Die basiese reël by die bereddering van 'n boedel is dat die weduwees van die oorledene en hul ongetroude kinders ver=sorgd moet bly. Die tweede reël is dat die goedere wat 'n bepaalde huis toekom erfgoedere vir die seuns van daardie huis is. Die derde reël is dat 'n vrou nie goedere as 'n erflating kan ontvang nie. 'n Volgende reël is dat trou=goedere wat deur 'n vader gedurende sy lewe aan sy seuns voorsien is, by die verdeling van die boedel in die boedel teruggebring word, en as deel van sy erfgoed getel word. Hieruit volg ook dat jong seuns 'n eerste aanspraak op die voorsiening van trougoedere uit die boedel het en dat 'n verdeling nie gemaak kan word nie voor hierdie plig afgelos of op 'n erfgenaam oorgedra word nie. Wanneer 'n verdeling gemaak word en 'n seun sy erfgoed ontvang het, mag hy daar=die goedere tot sy eie voordeel aanwend met dié voorbehoud dat hy nooit sy aanspreeklikheid met betrekking tot die versorging van sy moeder en sy ongetroude broers en susters kan verloor nie.

Wanneer 'n boedel beredder word, word die verskillende bestanddele van die boedel vir doeleindes van vererwing van mekaar geskei. Die persoonlike besittings van die huishoof gaan in alle gevalle na die stamerfopvolger (mudyandzhaka). Indien hy nog ongetroud is, moet hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

goedere vir hom in trust gehou word totdat hy trou. Indien hy te sterwe kom voordat hy trou, word die goedere gelykop verdeel tussen sy jonger broers. Indien daar geen seuns in die hoofhut is nie, vererf hierdie goedere na die oudste seun van die tweede vrou, ensovoorts deur die seuns in volg= orde van senioriteit. As daar geen seun of manlike afstam= meling van enige seun is nie, word hierdie goedere gelykop verdeel tussen die broers van die oorledene. Indien die oorledene geen broers het nie, vererf hierdie goedere na die oudste seun van sy geskakelde suster. Hierdie goedere of 'n gedeelte daarvan vererf nooit, soos Coertze (1971: 352-354) ten opsigte van die Bafokeng beweer, na die oor= ledene se moedersbroer nie.

Die vererwing van algemene kraalgoedere word bepaal deur die omstandighede soos hierbo genoem. Mens moet dit egter hier stel dat die beginsel wat deur meeste skrywers in hierdie verband beklemtoon word, nl. dat die algemene kraalgoedere na die stamerfopvolger vererf, nie heeltemal waar is by die stamme van Mhala nie. By hierdie stamme vind daar inderdaad 'n verdeling tussen verskillende erf= gename plaas van die algemene kraalgoedere. Die wyse waarop hierdie verdeling geskied, verskil van boedel tot boedel en hou ten nouste verband met die versorgingsplig wat die onderskeie erfgename teenoor hulle moeder en ongetroude broers en susters het. Hierdie plig gaan in die eerste instansie oor op die stamerfopvolger. Hy deel dit met die onderskeie hooferfgename uit die mindere hutte sowel as met die onderskeie broers van sy vader wat ooreenkomstig die leviraat 'n versorgingsplig teenoor die weduwees en hulle ongetroude kinders verkry het. Soos vroeër verduidelik is, gaan hierdie plig van die oorledene se broers oor op die onderskeie hooferfgename wanneer hulle trou en later op die jongste seun in elke huis.

Die algemene kraalgoedere bestaan normaalweg uit daardie goedere wat 'n huishoof aangewend het om sy versorgings=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

pligte teenoor die kraal as 'n geheel na te kom. Dit sluit o.a. landbou-implemente soos ploeë, waens, trekgereedskap, huishoudelike artikels sowel as beeste in. Aangesien dieselfde implemente gebruik is om bv. die landerye van al die verskillende vroue te bewerk, volg dit logies dat hier= die implemente nie by vererwing verdeel word nie. Hierdie deel van die kraalgoedere vererf in alle gevalle na die stamerfopvolger. Hy moet dit aanwend om die landerye van sy eie moeder sowel as daardie vroue van sy vader wat onver= sorgd gelaat is, te bewerk. Hy is ook verplig om hierdie goedere tot die beskikking van die hooferfgename of die broers van sy vader, wat die ander weduwees moet versorg, te stel. As die stamerfopvolger hierdie plig nie nakom nie, kan dit in die familiehof van hom geëis word.

Die beeste wat aan die huishoof behoort het en deel van die kraalgoedere vorm, moet egter tussen die verskillende huise verdeel word. Die rede hiervoor is dat die kraal na die afsterwe van die huishoof verdeel word in soveel dele as wat daar vroue is. Elke deel is geregtig op 'n gedeelte van die beeste wat aan die huishoof behoort het. Die verdeling van hierdie beeste geskied ooreenkomstig (i) die rangorde van die onderskeie huise en (ii) die hoeveelheid erfgename in elke huis. 'n Verdere beginsel is dat elke huis van hierdie beeste, indien daar voldoende is, moet erf. 'n Huis waarin daar slegs dogters is, sal uit die aard van die saak veel minder erf as daardie huise waarin daar erfgename (seuns)is. Laasgenoemde huise geniet ook voorkeur by die verdeling van die beeste. Aangesien die stamerfopvolger verantwoordelik is vir al die onversorgde weduwees en ongetroude kinders in die kraal, erf hy heelwat meer as die seuns in die mindere hutte (vergelyk H in hierdie hoofstuk). Hierdie beeste word na verdeling huiseiendom en dit word in trust gehou vir die onderskeie erfgename totdat hulle trou of totdat die moeder te sterwe kom.

Soms gebeur dit dat hierdie beeste in die beheer van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

stamerfopvolger bly totdat die onderskeie seuns, die een na die ander trou. Die mudyandzhaka is dan verplig om aan elke seun wat trou, sy regmatige erfdeel in die vorm van trougoedere te voorsien.

Die hoeveelheid beeste wat so 'n seun ontvang, kan op tweër= lei wyse bepaal word. Die eerste moontlikheid, en dit is wat normaalweg gebeur, is dat 'n ongetroude seun se erfdeel by die bereddering van die boedel gespesifiseer word waarna dit in die beheer van die stamerfopvolger bly. Die seun is dan slegs geregtig op daardie hoeveelheid beeste wat vir hom in trust gehou is. Die ander moontlikheid is dat die mudyandzhaka in beheer bly van al die beeste en soos sy broers gaan trou, hy aan elkeen trougoedere uit die kraal= goedere voorsien met inagneming van sy versorgingsplig teenoor die weduwee en die aanspraak op 'n deel van hulle trougoedere deur jonger broers. Die mudyandzhaka is in iedere geval verplig om elke broer se erfdeel aan hom te oorhandig wanneer hy gaan trou (vergelyk saak 65). 'n Erfgenaam mag egtêr nie meer eis as wat hom regmatig toekom nie. Dit beteken dat die mudyandzhaka nie verplig kan word om meer beeste aan 'n erfgenaam in die vorm van trougoedere of andersins te gee, as wat hom regmatig toekom nie. Indien die erfgenaam egter nie sy regmatige erflating ont= vang nie, kan hy dit in 'n hof eis (vergelyk sake 66 en 67).

Wanneer die beeste van die oorlede gesinshoof direk aan die onderskeie huise toegedeel word, word die stamerfopvolger outomaties van sy verpligtinge as huishoof van daardie huis onthef. Sy vadersbroer of die hooferfgenaam in daar= die huis word dan beklee met die volle verantwoordelikhede van die huishoofskap. Andersins behou die stamerfopvolger sy verpligting as huishoof van die onderskeie huise, aan= gesien hy in beheer van al die kraaleiendom is.

Die volwasse seuns van 'n gestorwe huishoof is ook geregtig om dadelik hulle erfbeeste in ontvangs te neem. Dit beteken

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat al die beeste van die oorlede gesinshoof nie noodwendig in trust gehou word totdat die weduwees te sterwe kom of totdat al die kinders trou nie. Die basiese reël is egter dat daar enersyds voldoende beeste uitgehou moet word om die weduwees en hulle kinders te versorg en andersyds om die seuns van trougoedere te voorsien. Wanneer daar aan hier=die vereiste voldoen is, kan die restant van die beeste na die getroude seuns vererf volgens 'n verdeling wat die familieraad as regverdig beskou. Wanneer 'n seun op hierdie wyse erf, word die beeste sy eiendom. Dit beteken egter nie dat hy uiteindelik meer erf as sy nog ongetroude broers nie. Die eerste reël in hierdie verband is dat een broer nie meer beeste as 'n ander, in die vorm van trougoedere mag ontvang nie. Die tweede reël is dat seuns, met uit=sondering van die stamerfopvolger, gelyke dele van hierdie beeste moet erf. Wanneer die restant van die huiseiendom na die afsterwe van die moeder, dan finaal verdeel word, word alle beeste wat 'n seun as trougoedere ontvang het, sowel as beeste wat hy op bogenoemde wyse direk geërf het, in berekening gebring. Beeste wat uit die boedel geneem is om as skadevergoeding vir sy oortredinge te dien, word ook in berekening gebring (vergelyk saak 38), en sy erfdeel word dienooreenkomstig verminder.

Soos vroeër verduidelik is, gaan die gebruiksreg oor huis=eiendom na die afsterwe van die huishoof na die onderskeie huise. In hierdie verband moet mens weer noem dat die trougoedere wat vir die oudste dogter in elke huis gelewer is, in alle gevalle nie as huiseiendom gereken word nie, aangesien die huishoof self daarop geregtig is. Indien hy dit nie gedurende sy lewe aangewend het om 'n verdere vrou vir homself te trou nie, vorm hierdie beeste deel van die algemene kraaleiendom en vererf ooreenkomstig bogenoemde reëls. Nadat die eiendom van die onderskeie huise aan die huiserfgename toegesê is, kan hierdie goedere, afhangende van omstandighede, óf direk na die onderskeie erfgename oorgedra word óf in trust gehou word om die moeder en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ongetroude kinders te versorg en na die seuns vererf wanneer hulle trou of na hulle moeder se dood.

Huiseiendom behoort aan 'n vrou en haar kinders. Die vrou en haar dogters kan egter vanweë hulle minderjarige status in die reg, nie aanspraak maak op persoonlike verryking uit hierdie goedere nie. Dogters moet egter hieruit versorg word totdat hulle trou terwyl die weduwee versorg moet word totdat sy sterf. Seuns daarenteen is elk geregtig op hul regmatige erfdeel uit die huiseiendom, wanneer hulle trou en wanneer die moeder sterf. Die seuns kry 'n voorskot op hulle erfgoed wanneer hulle trou ('n deel van die trougoedere) en die res wanneer die weduwee sterf.

Die versorging van die weduwee en haar kinders beteken egter nie dat sy soos Coertze (1971:372) t.o.v. die Bafokeng bevind het, die vruggebruik van haar hut se eiendom het nie (vergelyk ook Coertze 1971:361). Vruggebruik soos mens dit uit die Suid-Afrikaanse gemenereg ken, beteken dat mens 'n saaklike reg het om van 'n ander se goed, die vrug te gebruik asof dit jou eie is, mits die saak self onbeskadig in stand gehou word. In hierdie verband beweer Van der Merwe en Rowland (1974:242): "Die genotsbevoegdhede wat vruggebruik as beperkte saaklike reg tot inhoud het, omvat prinsipieel die bevoegdheid om die <u>res ususfructuaria</u> te beheer, te gebruik en die vrugte daarvan te neem". Genoemde skrywers beweer verder ( 246): "Van natuurlike en industriële vrugte van die <u>res ususfructuaria</u> wat normaalweg onderhewig is aan insameling, word die vruggebruiker eers deur insameling, <u>praeceptio</u>, eienaar. Omdat die aanteel van diere nie vir insameling bedoel is nie, word die vruggebruiker deur <u>separatio</u> van die moederlyf eienaar van die pasgeborenes. T.o.v. burgerlike vrugte, soos rente of huurgelde, kry die vruggebruiker dadelik 'n vorderingsreg sodra die bedrae verskuldig word". Die regte en verpligtinge t.o.v. vruggebruik soos hierbo uiteengesit, impliseer die vermoë tot persoonlike eiendomsreg by die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vrou. Dit sowel as die bogaande inhoud van die begrip vruggebruik, is onbekend by die stamme van Mhala.

Aangesien 'n vrou minderjarig is in die reg, het sy nie die bevoegdheid om die res ususfructuaria, in hierdie geval die huiseiendom, te beheer nie. Sy kan ook nie die eienaar word van die natuurlike en industriële vrugte daarvan nie. Hierteenoor is die weduwee ook nie verplig om die huiseiendom "onbeskadig" in stand te hou nie. Huiseiendom is in die beheer van die plaasvervanger van die oorlede gesinshoof hetsy dit die stamerfopvolger, die hooferfgenaam van die betrokke huis of die jonger broer van die oorledene is. Dit is die plig van hierdie plaasvervanger om die weduwee en haar ongetroude kinders met die huiseiendom en veral met die vrugte daarvan te versorg. Dit is ook sý plig om die huiseiendom te probeer in stand hou. Hy kan egter selfs 'n gedeelte daarvan verkoop, indien nodig. Verder is dit sy plig om uitstaande goedere bv. trougoedere wat vir 'n dogter uit daardie huis gelewer moet word, te vorder en seuns wat gaan trou, van trougoedere te voorsien.

Hoewel die weduwee nie 'n vruggebruik soos mens dit uit die gemenereg ken, oor hierdie goedere het nie en sy dit ook nie kan erf nie, moet dit primêr aangewend word om haar en haar ongetroude kinders te versorg. Mens kan dus beweer dat sy 'n vorderingsreg oor hierdie goedere het in dié sin dat sy en haar kinders daarmee onderhou en versorg moet word. Hierdie goedere mag daarom nie sonder haar toestemming vervreem word nie. Indien 'n weduwee en haar kinders nie na behore versorg word nie, kan sy 'n klagte by die familie van haar oorlede man aanhangig maak. Dit is hulle plig om toe te sien dat sy goed versorg word. Indien die plaasvervanger nie op 'n vermaning van die familie reageer nie, kan sy die saak selfs by 'n openbare hof aanhangig maak. Die versorgingsplig kan deur 'n openbare hof op die verantwoordelike persoon afgedwing word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is normaal dat huisgoedere nie direk na die onderskeie erfgename vererf nie maar dat dit beskikbaar bly om aange= wend te word om die weduwee te versorg totdat sy sterf. Eers daarna word dit verdeel tussen die onderskeie erfge= name. In die praktyk gebeur dit soms dat huiseiendom, net soos kraaleiendom, onder bepaalde omstandighede direk kan vererf na die getroude seuns. Die basiese reël by sodanige vererwing is weer eens dat die weduwee en haar ongetroude kinders goed versorg moet word. Indien die boedel egter oor meer as voldoende goedere vir hierdie doel beskik, kan die restant daarvan in gelyke dele na die getroude seuns vererf. Sodanige vererwing geskied gewoonlik wanneer 'n huis oor meer dogters as seuns beskik en daar as gevolg van die trougoedere wat vir die dogters gelewer sal word, meer as voldoende goedere sal wees om die versorgingsplig na te kom. Wanneer 'n gedeelte van die huiseiendom op hierdie wyse dadelik aan erfgename oorgedra word, is dit egter 'n vereiste dat die huis nie in die proses verarm word sodat die weduwee 'n swakker bestaan moet voer as tydens die lewe van die huishoof nie. Daar moet ook voor= siening gemaak word vir die opvoeding van dié ongetroude kinders sowel as vir trougoedere aan die seuns. Laasgenoem= de seuns is ook uiteindelik geregtig op 'n gelyke erfdeel. Hierdie erfdeel moet vir hulle in trust gehou word.

Wanneer al die kinders reeds getroud is maar die moeder nog leef, kan dit gebeur dat die huisgoedere verdeel word tussen die onderskeie erfgename. Dit bly dan die taak van die jongste broer (xigumandzeni) om die moeder te versorg. Hiervoor ontvang hy nie 'n groter erfdeel as die ander erfgename nie. Die hooferfgenaam word egter die voog van die weduwee. Net soos die oorlede huishoof is hy verant= woordelik om sy moeder te onderhou en is hy aanspreeklik vir die oortredings wat sy mag begaan. Vir hierdie doel ontvang hy 'n groter erfdeel as sy jonger broers. Hy ontvang ook alle skadevergoeding wat toegeken word wanneer iemand teen= oor sy moeder oortree. Dit word nog eens huiseiendom wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



na haar dood tussen die seuns verdeel moet word. 'n Voorbe=houd vir bogenoemde vererwingsprosedure is dat die moeder reeds oor die reproduktiewe ouderdom moet wees. Indien nie, bly die huisgoedere onaangeraak totdat sy hierdie stadium bereik of totdat sy sterf.

Wanneer 'n seun gaan trou is hy geregtig op sy erfdeel. Hy ontvang dit in die vorm van trougoedere. In die praktyk gebeur dit egter selde dat 'n seun sy volle erfdeel ontvang wanneer hy trou. Normaalweg ontvang hy net soveel as wat daar op daardie stadium vir hom voorsien kan word. Die rede hiervoor is dat die huisgoedere nie sodanig verminder kan word dat daar nie aan die basiese behoeftes van die weduwee en haar kinders voorsien kan word nie. 'n Tweede reël is dat 'n seun, wanneer hy trou, slegs geregtig is op dieselfde hoeveelheid trougoedere as wat sy ouer broers ontvang het - mits dit voorsien kan word. Die res ontvang hy na die afsterwe van sy moeder. 'n Derde reël is dat wanneer 'n seun met een van sy susters geskakel is, hy geregtig is op die volle hoeveelheid trougoedere wat vir haar gelewer is. Dit beteken nie dat hy op die volle hoeveelheid goedere geregtig is wanneer hy gaan trou nie. Normaalweg ontvang hy slegs daardie gedeelte wat hy nodig het. Die restant daarvan ontvang hy wanneer sy moeder sterf of wanneer daar voldoende goedere is om die moeder en sy ongetroude broers en susters te versorg. Hierdie goedere wat die geskakelde suster ingebring het, mag egter nie aangewend word om 'n jonger broer van trougoedere te voorsien of om as skadevergoeding vir die oortreding van 'n jonger broer te dien nie. Indien dit vir hierdie doeleindes aangewend moet word, is die toestemming van die erfgenaam noodsaaklik. Dit gee aanleiding tot 'n skuldverhouding tussen die twee broers wat mettertyd uit die erfdeel van die lener vereffen moet word.

Soos vroeër verduidelik is, is daar geen sprake van huis=goedere wanneer die vader nog lewe nie. Indien die moeder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



eerste te sterwe kom, bly die huisgoedere deel van die gesamentlike boedel. Die seuns is dus nie geregtig op hulle erfdeel uit die huisgoedere van hulle moeder voordat die vader sterf en sy boedel beredder word nie. Selfs dan kan slegs die getroude seuns moontlik erf. Die res word in trust gehou vir die ongetroude broers en susters. In die praktyk beheer die hooferfgenaam hierdie goedere. Hy is dan verplig om elke broer wat gaan trou van 'n regmatige hoeveelheid trougoedere te voorsien en om die ongetroude broers en susters op te voed en te versorg. Wanneer al die kinders getroud is, bly die restant van hierdie goedere (as daar 'n restant is) die eiendom van die hooferfgenaam.

Wanneer die moeder as langslewende sterf, word die restant van die hutgoedere finaal verdeel. Die hooferfgenaam erf alle kapitale bates soos landbou-implemente, trekgereedskap, ens. terwyl die beeste gelykop verdeel word tussen die onderskeie seuns. Vooraf bevoordelings uit die boedel word by die finale verdeling in berekening gebring sodat elke seun met uitsluiting van die kapitale bates wat na die hooferfgenaam gaan uiteindelik 'n gelyke erfdeel uit die hutgoedere ontvang. Indien daar nog ongetroude kinders is, word hulle erfdeel sowel as daardie gedeelte wat vir hulle opvoeding en versorging benodig word, deur die hooferfgenaam in trust gehou. Hy is verplig om die erfdeel van elke broer wat gaan trou, aan hom te oorhandig wanneer hy trou of wanneer dit vir sy versorging nodig is. Hy is ook verplig om sy ongetroude susters te versorg. Hy ontvang egter die trougoedere wat vir sy suster(s) gelewer word. Dit word sy eiendom. Die hut van die oorlede moeder sowel as die perseel waarop sy gewoon het sowel as die ongeoeste graan op haar landerye, vererf na die <u>xigumandzeni</u>. Soos vroeër verduidelik is, is dit sy plig om sy moeder te versorg en dat hy vanweë hierdie plig in die kraal moet bly woon. Die erflating aan hom word as 'n beloning vir sy dienste beskou (vergelyk ook in hierdie verband Coertze 1971:374).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## 2 Eiendom van getroude vroue

Die enigste eiendom waaroor 'n getroude vrou persoonlik kan beskik en wat na haar dood kan vererf, is haar persoonlike besittings.

Soos vroeër verduidelik is, bestaan hierdie besittings hoofsaaklik uit geskenke wat sy van haar man ontvang het, 'n gedeelte van haar verdienste wat deur haar man aan haar oorhandig is, geskenke wat sy van haar kinders ontvang het, artikels wat sy self vervaardig het sowel as die bruidskat wat sy van haar ouers ontvang het.

Die bruidskat (mulongo) bestaan gewoonlik uit allerlei kombuisgereedskap (xibya), 'n slaapmat (sangu), 'n skoffelpik (xikomu), 'n sekel (rihwevo) of 'n kapmes (banga) sowel as komberse (minkumba) en klerasie (tinguvu). By sommige stamme (Changana) gee 'n vader soms ook 'n bees vir sy dogter as deel van die bruidskat. Hierdie bees staan bekend as homu ya ku qanda (die bees om apart mee te begin). Dit is gewoonlik 'n gespikkelde koei en word normaalweg oorhandig wanneer die volle hoeveelheid trougoedere ontvang is. In die meeste gevalle word hierdie bees egter saam met die bruid oorhandig. Dit mag nie geslag word nie en die melk moet deur die bruid gebruik word aangesien sy, totdat sy die eerste keer kraam, nie die melk van haar skoonfamilie se beeste mag drink nie. Hierdie koei sowel as haar aanteel bly die eiendom van die vrou totdat sy sterf.

Die bruidskat word gewoonlik gedurende die huwelik aangevul met verdere geskenke (minhlengo) wat die bruid van haar ouers sowel as van haar man en kinders ontvang. Hierbenewens gee die man ook 'n gedeelte van die vrou se verdienste (mali ya hakelo) aan haar terug. Sy moet dit gebruik om lewensmiddele mee te koop. Die restant daarvan bly haar eiendom en sy kan dit aanwend om goedere (selfs beeste) vir haar aan te koop.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos vroeër verduidelik is (vergelyk Hoofstuk V Deel II C), het die man ten opsigte van die bogenoemde goedere, slegs 'n beperkte handelingsbevoegdheid. Die vrou daarenteen kan ook nie daarmee sonder die toestemming van die man handel nie. So bv. kan sy dit nie aanwend om haar seun(s) van trougoedere te voorsien nie. Normaalweg bly hierdie goedere in die gesamentlike boedel totdat die vrou sterf. Daarna kom dit in aanmerking vir verdeling aan erfgename.

Die wyse waarop hierdie goedere vererf, word bepaal deur die omstandighede. Indien die vrou voor die man te sterwe kom, bly haar gebruiksartikels, geld en die beeste (as daar is) in die gesamentlike boedel. Dit word aangewend om haar huishouding voort te sit en kom eers in aanmerking vir vererwing wanneer al die kinders getroud is of wanneer die vader sterf. Indien daar 'n plaasvervanger (xipfula yindlu) vir die oorledene gelewer word, kan sý die goedere gebruik om haar normale pligte as vrou uit te voer. Indien die oorledene beeste of geld nagelaat het, kom dit onder die beheer van die man en dit vererf eers na sy dood as hutgoedere na die huis van die betrokke vrou. Die klerasie en ornamente van die vrou kan egter nie deur haar plaas=vervanger gebruik word nie. Dit vererf direk na haar vol=wasse dogters.

Wanneer die vrou as langslewende te sterwe kom, vererf haar huishoudelike toebehore soos kook- en eetgerei sowel as haar klerasie, slaapmatte, ens. in gelyke dele na haar dogters. Beeste en geld vererf na haar seuns. Normaalweg ontvang die hooferfgenaam die helfte van hierdie goedere en die ander helfte word gelykop tussen die ander seuns verdeel.

Indien 'n vrou geen dogters nalaat nie, vererf die genoemde goedere na die hoofvrou van haar oudste seun. Wanneer sy geen seuns nalaat nie, vererf die beeste en geld na die stamerfopvolger van haar oorlede man. Indien daar geen seuns is wat kan erf nie, vererf die beeste en geld na die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

stamerfopvolger van die huis wat haar man van trougoedere voorsien het. Die dogters het geen aanspraak op hierdie goedere nie.

Soos vroeër verduidelik is, verbeur 'n vrou haar persoonlike besittings wanneer sy van haar man skei. Hierdie goedere moet deur die man vir die kinders in trust gehou word. Wanneer hy te sterwe kom, vererf die goedere ooreenkomstig bogenoemde prosedure.

'n Geskeide vrou kan ook oor eiendom beskik. Die wyse waarop haar eiendom vererf,word ook volgens die besondere omstandighede gereel. In hierdie verband moet vermeld word dat 'n vrou, wanneer sy van haar man skei, geen verpligtinge meer teenoor haar man en haar kinders het nie. Wanneer sy egter te sterwe kom en goedere nalaat, het haar kinders wat by haar voormalige man agtergebly het,'n aanspraak op hier= die goedere. Die man self het, vanweë die egskeiding, egter geen aanspraak daarop nie. Indien die kinders nog ongetroud is, word die goedere vir hulle in trust gehou deur die grootvader aan moederskant. Die vererwing na haar kinders in 'n vorige huwelik kan egter slegs geskied indien die vrou (i) nie hertrou het nie en (ii) geen buite-egtelike kinders na die egskeiding gebaar het nie. As sy weer getrou het, vererf haar goedere na haar kinders uit die tweede huwelik. Die kinders uit die eerste huwelik erf niks nie. Indien sy nie hertrou het nie maar wel buite-egtelike kinders na die egskeiding gebaar het, erf hierdie kinders met uitsluiting van haar wettige kinders uit die eerste huwelik. Wanneer 'n geskeide vrou kinderloos sterf, vererf haar goedere na haar vader of na sy stamerfopvolger.

Ten slotte moet weer vermeld word dat 'n vrou nie oor die bevoegdheid beskik om voor haar dood, oor haar goedere te beskik nie. Haar goedere vererf in alle gevalle intestaat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## 3 Eiendom van 'n ongetroude

Ingevolge die ou tradisionele reg was dit vroeër nie moontlik dat 'n ongetroude persoon oor eiendom kon beskik nie. 'n Seun of dogter wat op een of ander wyse eiendom verkry het, moes dit aan die vader oorhandig. Die vader het 'n onbeperkte handelingsbevoegdheid oor hierdie goedere gehad. By die afsterwe van die vader het hierdie goedere kraaleiendom geword en het dit vererf na die stamerfopvolger. Gedurende die afgelope twintig na dertig jaar het die situasie in die reg egter ingrypend verander. Die rede hiervoor is dat seuns en in 'n mindere mate ook dogters vanweë toenemende werkgeleenthede, 'n eie verdienste verkry het. Hoewel daar in die huidige tyd steeds van hulle verwag word om hul verdienste aan die vader te oorhandig, is veral seuns, tot die verontwaardiging van die ouers, nie meer geneë om hulle volle verdienste aan die vader te oorhandig nie. Dogters daarenteen is vandag nog verplig om hulle volle verdienste of enige ander inkomste aan die vader te oorhandig.

Vanweë die feit dat 'n ongetroude persoon in die huidige tyd oor heelwat meer eiendom as in die verlede kan beskik, is die stamreg gaandeweg so gewysig dat die vader nie meer 'n onbeperkte handelingsbevoegdheid oor hierdie goedere het nie. 'n Verdere wysiging wat ingetree het, is dat hierdie goedere, na die afsterwe van die vader, nie na die stamerfopvolger vererf nie, maar na die hut van die persoon wat die goedere in die gesamentlike boedel gebring het. Daarna vererf dit ooreenkomstig vasgestelde reëls.

In die huidige tyd kan 'n ongetroude seun dus self eienaar wees van die volgende eiendom wat na sy dood kan vererf;

i Persoonlike besittings.

ii Beeste of geld wat deur sy vader vir hom in trust

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gehou is.

iii Beeste, geld en ander roerende goedere wat in sy persoonlike besit is.

iv Sy erfporsie wat vir hom in trust gehou word indien sy vader reeds oorlede is.

Die volgende reëls is van toepassing by die vererwing van hierdie goedere. Indien 'n seun voor sy vader te sterwe kom, gaan al hierdie goedere, met insluiting van sy persoonlike besittings, na sy vader. Aangesien hierdie goedere na die afsterwe van die vader uiteindelik na die huis waaruit die seun gebore is, vererf, het die vader slegs 'n beperkte beskikkingsreg oor die beeste, geld en ander roerende goedere. Die persoonlike besittings van die seun vererf egter direk na die vader as 'n persoonlike verryking. Oor laasgenoemde goedere het die vader ook 'n onbeperkte beskikkingsreg.

Wanneer die vader slegs met een vrou getroud is, het hy natuurlik ook 'n onbeperkte beskikkingsreg oor al die ander goedere wat sy seun nalaat. Hy is nie verplig om dit in trust te hou vir die broers of die moeder van die oorledene nie. Wanneer die vader dan uiteindelik te sterwe kom, vererf hierdie goedere na sy stamerfopvolger.

Is die vader met meer as een vrou getroud, moet al die goedere, met uitsluiting van die persoonlike besittings van die oorlede seun, vir die huis waaruit die seun gebore is, in trust gehou word. Na die afsterwe van die vader gaan hierdie goedere na die betrokke huis en vererf dit na die hooferfgenaam van daardie huis wanneer hy trou. Indien daar geen seuns in die betrokke huis is nie, bly hierdie goedere huiseiendom totdat die moeder sterf. Daarna vererf dit na die stamerfopvolger.

Wanneer 'n ongetroude seun na sy vader te sterwe kom, vererf al sy eiendom met insluiting van sy erfporsie, na die hoof=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



erfgenaam van die betrokke huis. Indien die hooferfgenaam nog ongetroud is, moet hierdie goedere vir hom in trust gehou word totdat hy trou. Die hooferfgenaam kan hierdie goedere egter nie eis wanneer hy trou nie. Omstandighede sal bepaal of hy dit dadelik sal ontvang, of nie. Normaal=weg bly dit deel van die totale huiseiendom en vererf dit eers na die hooferfgenaam wanneer die moeder te sterwe kom.

'n Vader het 'n onbeperkte beskikkingsreg oor die verdienste of inkomste van sy ongetroude dogters. Soos vroeër ver=duidelik (Hoofstuk V, Deel II, D.6), is 'n dogter vandag nog verplig om haar verdienste of inkomste aan haar vader te oorhandig. Normaalweg gee die vader 'n gedeelte daarvan aan haar terug om vir haar klerasie, ens. aan te koop. Wanneer 'n dogter te sterwe kom, vererf al haar eiendom, met uitsluiting van haar persoonlike besittings, na die vader. Die vader het 'n onbeperkte beskikkingsreg oor hierdie goedere. Die persoonlike besittings van die dogter vererf na haar moeder en indien die moeder reeds oorlede is, na haar oudste suster.

Wanneer 'n ongetroude dogter voorhuwelikse kinders in die sorg van haar vader nalaat, vererf haar eiendom ook na die vader. Hy is egter verplig om hierdie kinders te versorg tot sy dood. Daarna vererf die restant van hierdie goedere na die voorhuwelikse seuns van die oorlede dogter. Indien daar geen seuns is nie, moet hierdie goedere aangewend word om die dogters te versorg totdat hulle trou. Daarna vererf die restant na die stamerfopvolger van die vader.

## F Beperkte posisies by erfopvolging

In die voorafgaande uiteensetting is die basiese patroon van erfopvolging d.w.s. die opvolging in status sowel as die vererwing van goedere verduidelik. Daar is uitgegaan van die standpunt dat die opvolgers in status sowel as die onderskeie erfgename, wettige kinders van die ouerpaar is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en dat hulle binne die huwelik gebore is. Daar is egter ook, soos vroeër verduidelik is, buite-egtelike kinders wat deur die huwelik van die vader en die moeder gewettig kan word of kinders van die moeder met 'n ander man as verwekker as die een met wie sy trou en wat deur die huwelik gewettig kan word. Hierby moet gereken word kinders wat volgens die leviraat na die afsterwe van die huishoof verwek is, sowel as die kinders van 'n stutvrou. Die beperkte status wat hierdie kinders by die vererwing van goedere het, is reeds vroeër behandel (vergelyk Hoofstuk V, Deel II D). Sover die opvolging in status betref, is sulke seuns aan verdere beperkings onderhewig. Die belemmerde posisie van hierdie seuns m.b.t. die opvolging in status, sal hierna behandel word. Hulle posisie by die suiwer vererwing van goedere kry ook aandag.

Die eerste kategorie seuns wat hier vermeld moet word, is die seuns van 'n vrou met die eie vader as voorhuwelikse verwekker. Soos vroeër verduidelik is (vergelyk Hoofstuk V, Deel II D), word hierdie seuns deur die huwelik van hulle ouers gewettig. Daarna het hulle volgens die orde waarbinne hulle gebore is status asof hulle binne die huwelik gebore is. 'n Voorhuwelikse seun wat op hierdie wyse gewettig is, kan dus die stamerfopvolger van sy vader word. Hy kan sy vader selfs opvolg as liniehoof of as kaptein. Daar word dus geen beperkinge geplaas op die posisie van sodanige seuns in die erfreg nie.

Die tweede kategorie seuns, is daardie seuns wat buite die eg verwek is maar wat met die toestemming van hulle sosiologiese vader binne die huwelik ontvang en so gewettig is. Seuns wat binne hierdie kategorie ressorteer, is die volgende:

i Voorhuwelikse seuns met 'n ander man as verwekker, as die een met wie die moeder trou.

ii Seuns wat deur die owerspel van die moeder gebore

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


is.

iii Seuns wat deur die verkragting van die moeder ver= wek is.

Nadat hierdie seuns met die toestemming van hulle sosio= logiese vader binne die huwelik ontvang en so gewettig is, het hulle 'n beperkte posisie in die erf- en opvolgingsreg. Hierdie posisie word by sommige stamme (Nkuna en Jongilanga) normaalweg deur besluit van hulle sosiologiese vader bepaal. Andersins maak die inheemse reg voorsiening vir algemene beperkinge waaraan hulle onderhewig is.

Die eerste beperking wat op die posisie van so 'n seun geplaas word, is dat hy m.b.t. opvolging in status as die mees junior seun van die huishoof geag word, ongeag die rang van sy moeder en ongeag die rangposisie waarin hy gebore is. Sy status is egter hoër as dié van dogters. In die praktyk beteken dit dat indien 'n vader geen eie seuns binne die huwelik verwek het nie, 'n seun uit hierdie kategorie hom in die status van huishoof kan opvolg. Ander= sins is dit onmoontlik. 'n Seun in hierdie kategorie kan egter nooit opvolg in die posisie van liniehoof of kaptein nie. Opvolging in hierdie posisies word streng volgens afkoms bepaal en nie ooreenkomstig die posisie wat 'n seun binne die gesin het nie.

'n Verdere beperking wat op die posisie van hierdie seuns geplaas word, is dat hulle ook die juniors is van seuns wat volgens die leviraat, na die afsterwe van die vader, verwek is. Soos vroeër verduidelik is, word kinders wat volgens die leviraat verwek is,as wettige kinders van die oorledene beskou.

Hoewel 'n seun uit hierdie kategorie 'n uiters beperkte posisie het m.b.t. die opvolging in die status van die oorlede huishoof, beteken dit nie dat sy posisie in dieselfde mate beperk is by die vererwing van goedere nie. Die enigste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


beperking waaraan so 'n seun onderhewig is, is dat hy geen aanspraak het op die vererwing van die persoonlike besit=tings van die oorlede huishoof of op die algemene kraal=eiendom nie. Hierdie goedere vererf na die eie seuns van die oorledene. Indien die oorledene egter geen eie seuns het nie, vererf hierdie goedere wel na die stiefseun. Huis=eiendom daarenteen kan slegs vererf na die seuns van 'n betrokke huis en hoewel 'n stiefseun die mees junior posisie onder die seuns van daardie huis het, is hy soos die ander op 'n gelyke gedeelte van die huiseiendom geregtig. Indien hy die enigste seun in daardie huis is, word hy die hooferf=genaam. 'n Eie seun uit 'n ander huis het dus geen aanspraak op die huiseiendom van 'n huis waarin daar slegs 'n stiefseun is nie.

In die voorgaande uiteensetting is die drie tipes stief=seuns binne dieselfde kategorie geplaas. Volledigheids=halwe moet mens egter daarop wys dat die posisie van seuns in hierdie kategorie ook onderling verskil. So bv. is 'n seun wat deur die verkragting van sy moeder verwek is,die senior van 'n voorhuwelikse seun van die moeder met 'n ander man as die met wie sy getrou het as verwekker. Die verklaring hiervoor is dat eersgenoemde seun nie deur die toedoen van die moeder verwek is nie terwyl sy as mede-aanspreeklike beskou word vir die verwekking van laasgenoemde seun. Hierteenoor is laasgenoemde tipe seun weer die senior van 'n seun wat deur die owerspel van die moeder verwek is. Die verklaring hiervoor is dat 'n voorhuwelikse seun van die moeder by 'n ander man as die met wie sy getrou het as verwekker, reeds tydens die huweliksluiting op versoek van die sosiologiese vader "aangeneem" en binne die huwelik gewettig is. Hierbenewens is hy ook ouer as die owerspelige seun van die moeder.

Soos vroeër verduidelik is (vergelyk Hoofstuk V, Deel II), is daar 'n verskil in die algemene reëls oor die erfop=volging van stiefseuns en die reëls wat by die Nkuna- en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jongilangastam toegepas word. By hierdie stamme kan 'n stiefseun binne hierdie kategorie van die beperkinge wat op hom van toepassing is, onthef word. In die geval van voor=huwelikse kinders van die moeder met iemand anders as die met wie sy trou, as verwekker, geskied dit per ooreenkoms tussen die sosiologiese vader en sy skoonvader. By hierdie stamme word dit vereis dat die sosiologiese vader die status wat die buite-egtelike kind binne die gesin sal ontvang, voor getuies moet bepaal. Op hierdie wyse kan so 'n kind selfs die stamerfopvolger word (vergelyk saak 68). Andersins ontvang hy status soos deur die twee partye ooreengekom is.

'n Owerspelige kind van die moeder of 'n kind wat deur die verkragting van die moeder verwek is, ontvang normaalweg by hierdie stamme status ooreenkomstig die orde waarbinne hy gebore is. Die sosiologiese vader het egter die reg om so 'n seun in status te degradeer. Volgens informante gebeur dit ook dikwels in die praktyk. Dit moet egter voor getuies uit die man se verwante geskied ten einde enige verwarring by die beredderìng van die boedel te voorkom.

Ten slotte moet 'n mens daarop wys dat daar by hierdie stamme ook die reël toegepas word dat 'n stiefseun nie sy vader kan opvolg as liniehoof of as kaptein nie. Die vader beskik ook nie oor die bevoegdheid om hom van hierdie belemmering los te maak nie.

'n Derde kategorie seuns wat hier aandag verdien, is seuns wat na die afsterwe van die vader volgens die leviraat ver=wek is. Soos vroeër verduidelik is, word sulke seuns as die wettige seuns van die oorledene beskou, beklee hulle 'n senioriteitsposisie volgens die orde waarbinne hulle gebore is en erf hulle ook dienooreenkomstig. Waar monogamie beoefen word, bestaan daar geen probleem nie. Indien die vader te sterwe kom sonder erfgename, word die eerste seun wat na sy dood verwek word, sy stamerfopvolger. Waar poliginie beoefen word, bestaan daar egter uiteenlopende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



menings oor die status van 'n kind wat volgens die leviraat verwek is. Daar bestaan selfs by informante binne dieselfde stam geen eenstemmigheid oor die korrekte reël nie. Almal is dit egter eens dat so 'n seun 'n wettige seun van die oorledene is en daarom ten minste geregtig is op sy deel van die kraalgoedere sowel as huisgoedere. Die probleem ontstaan by sy opvolging as stamerfopvolger in die status van die oorledene as huishoof, liniehoofskap of in die kapteinskap.

Twee uiteenlopende menings word in hierdie verband gehuldig. Die een groep informante beweer dat 'n eie seun van die oorledene by 'n mindere vrou, 'n hoër status het as 'n seun wat ooreenkomstig die leviraatgebruik by bv. die hoofvrou van die oorledene verwek is. As verklaring hiervoor word aangevoer dat 'n seun wat deur die oorledene self ver=wek is, 'n "suiwerder" afkoms het as 'n seun wat deur die jonger broer van die oorledene of deur 'n ander mindere bloedverwant verwek is. Volgens die voorstanders van hier=die standpunt word die eie seun die stamerfopvolger van die oorledene. Laasgenoemde behoort ook op te volg in die status van liniehoof sowel as in die kapteinskap (vergelyk ook De Clercq 1975:452 in hierdie verband).

Die ander standpunt is dat die status van die moeder en nie die status van die verwekker nie, die bepalende faktor is, met dié voorbehoud dat die verwekker 'n jonger broer of 'n nabye bloedverwant van die oorledene sal wees. Ter moti=vering van hierdie standpunt word daar bv. met betrekking tot die opvolging in die kapteinskap aangevoer dat slegs die stamvrou van die kaptein of 'n stutvrou van die stamvrou, die stamerfopvolger kan baar. Sy is getrou met die goedkeuring van die regerende familie en sy alleen of haar vrugdraer kan die stamerfopvolger baar. Wanneer die kaptein dan te sterwe kom sonder 'n stamerfopvolger, kan daar ooreenkomstig die leviraatgebruik deur die regte verwant 'n stamerfopvolger by sy stamvrou of haar plaasvervanger, verwek word. Hier=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgens kan 'n eie seun van die kaptein by 'n mindere vrou nie opvolg in die kapteinskap bo 'n seun wat ooreenkomstig hierdie gebruik verwek is nie (vergelyk ook Coertze 1971: 366).

Albei die bogenoemde standpunte het meriete en mens kan verstaan waarom daar 'n skerp meningsverskil bestaan. Dit is egter moeilik om die reël aan die hand van toepaslike voorbeelde te verklaar aangesien familievergaderings soms hier na eie goeddunke 'n keuse maak. Die korrektheid van die een of die ander moontlikheid is volgens informante ook nog nooit in 'n hof getoets nie. Die verklaring hiervoor is dat dit uiters selde gebeur dat 'n stamvrou of haar vrugdraer nie die stamerfopvolger baar nie.

Die enigste toepaslike voorbeeld wat in hierdie verband verhaal kan word, is die onlangse aanstelling van 'n waar= nemende kaptein by die Nxumalostam. Soos vroeër verduidelik is (vergelyk Hoofstuk II) het die voormalige kaptein van hierdie stam vyf vroue gehad. Nie een van hierdie vroue was 'n stamvrou nie aangesien hulle nie met die goedkeuring van die regerende familie getrou is nie. Na die skielike afsterwe van die kaptein het daar 'n opvolgingstwis ontstaan. Verskeie aanspraakmakers op die kapteinskap het na vore ge= tree. Die mees prominente aanspraakmaker was 'n jonger broer van die oorlede kaptein wat ooreenkomstig die leviraat= gebruik by die stamvrou verwek is. Sy aanspraak is egter deur die regerende familie verwerp aangesien hy nie deur 'n jonger broer of 'n nabye bloedverwant van sy vader verwek is nie. Hieruit moet mens die afleiding maak dat indien hy deur so 'n verwant verwek was, hy in die kapteinskap kon opvolg. Die volgende aanspraakmakers was 'n eie half= broer van die oorlede kaptein en die oudste maar minder= jarige seun van die oorlede kaptein se eerste vrou. Eers= genoemde is die oudste seun van 'n tweede vrou en is deur die vader self verwek. Hy het op grond hiervan geaspireer vir die kapteinskap. Laasgenoemde daarenteen was 'n eie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



seun van die oorlede kaptein maar kon nie onmiddellik op=volg in die kapteinskap nie vanweë sy minderjarigheid. Daarby is sy moeder net soos die eersgenoemde aspirant nie 'n stamvrou nie. Die opvolgingstwis tussen hierdie twee aspirante het maande lank geduur. Daar is uiteindelik be=sluit dat die oudste seun van die oorlede kaptein se eerste vrou, vanweë sy direkte bloedverwantskap met die oorlede kaptein in die kapteinskap moes opvolg aangesien hy die senior in afkoms is. Ten einde hierdie besluit te wettig is sy moeder, wat van Sotho-afkoms is, amptelik tot stam=vrou verhef. Die eersgenoemde aspirant is in die tussentyd as regent aangestel.

Uit die bogenoemde voorbeeld blyk nog geen duidelike riglyn oor die opvolgingsreël nie. Mens kan daarom slegs volstaan met die gedagte dat dit die taak is van die regerende familie om die stamerfopvolger aan te wys en dat hierdie familie 'n morele plig teenoor die stam het om, met inag=neming van die beginsel van direkte afstamming, die mees geskikte nakomeling as die stamerfopvolger aan te wys.

Soos vroeër genoem is, word 'n seun wat volgens die leviraat=gebruik verwek is in alle ander opsigte as 'n wettige seun van die oorledene beskou. Hy het daarom 'n regmatige aan=spraak op 'n gedeelte van die kraalgoedere van die oor=ledene sowel as 'n gelyke deel van die hutgoedere van sy moeder se hut. Dit beteken dat indien hy die enigste seun in 'n betrokke huis is, hy die enigste erfgenaam van die goedere van daardie huis is en dat hy as wettige kind van die oorledene 'n aanspraak het op 'n regmatige gedeelte van die kraalgoedere wat die oorledene nalaat (vergelyk ook in hierdie verband: Seymore 1970:271).

Die laaste kategorie seuns wat hier vermeld moet word, is seuns wat deur die vader self verwek is by 'n xipfula yindlu (hutoopmaker), xipfula rhumbu (vrugdraer) en 'n nhlantswa (stutvrou). Die verkryging van hierdie vroue

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en die regsgevolge van so 'n huwelik is reeds vroeër behan=del. Die xipfula yindlu is soos die naam aandui, die oop=maker van die hut (van 'n oorlede vrou). Dit beteken dat sy gaan woon in die hut van die oorlede vrou en dat sy die status aanneem van die oorlede vrou. Die kinders wat sy baar, word beskou as die kinders van die oorledene en hulle ontvang status ooreenkomstig die orde waarbinne hulle ge=bore is. Indien die oorlede vrou wel seuns gebaar het, is hulle senior bo die seuns van die xipfula yindlu. Aangesien daar nie vir 'n xipfula yindlu 'n nuwe hut opgerig word nie en sy ook nie 'n afsonderlike land ontvang nie maar slegs die werksaamhede op die landerye van die oorledene voortsit, is daar nie sprake van twee stelle hutgoedere nie. Die hutgoedere wat deur die oorledene verwerf is, word gevoeg by die hutgoedere van die xipfula yindlu en dit vererf sonder onderskeid tesame na die onderskeie erfgename. Hieruit volg dit logies dat indien die oorlede vrou geen seuns nagelaat het nie, die hutgoedere wat sy verwerf het, na die seuns van die xipfula yindlu vererf. Aangesien die xipfula yindlu die status van die oorledene oorneem, beteken dit ook dat haar seuns hoër status het as die seuns van alle mindere vroue. Daar word geen beperking op haar seuns geplaas nie en indien sy as plaasvervanger vir die hoofvrou gelewer is, is haar oudste seun die stamerfopvolger.

Die posisie van die seuns van 'n nhlantswa en 'n xipfula rhumbu (vergelyk Hoofstuk V, Deel II, B.3) verskil in 'n mate van die seuns van 'n xipfula yindlu. Die verskil lê daarin dat hoewel hulle moeder 'n bepaalde gebrek kom aan=vul en sy status kry direk na die vrou wat sy aanvul, daar vir haar 'n afsonderlike hut opgerig word en dat sy op versoek ook 'n afsonderlike land kan ontvang. Dit beteken dat daar uiteindelik twee stelle hutgoedere tot stand kom wat na die onderskeie erfgename kan vererf. Indien die aanvullende vrou sowel as die vrou wat sy kom aanvul, albei seuns het (dit gebeur soms), erf die onderskeie seuns slegs die goedere van die huis van hulle eie moeder. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goedere van die twee huise word nooit saamgevoeg en gelyk=op verdeel tussen al die seuns nie.

Die seuns van die vrou wat aangevul word, is uit die aard van die saak ook senior bo die seuns van die vrou wat aanvul. Soms gebeur dit dat 'n vrou slegs dogters baar. As gevolg van hierdie gebrek, word daar dan vir haar 'n vrugdraer verkry ten einde 'n manlike erfgenaam te verseker. Haar oudste seun word hiervolgens ook die erfopvolger. Sou dit gebeur dat die vrou wat sogenaamd onvrugbaar is of slegs dogters gebaar het, later wel geboorte skenk aan 'n seun, is hierdie seun senior bo die oudste seun van die aanvullen=de vrou en word hy outomaties die erfopvolger en die enig=ste aanspraakmaker op die hutgoedere van sy moeder. Indien die vrou wat aangevul word geen seuns nalaat nie, erf die seuns van die aanvullende vrou die goedere van albei huise. Die dogters van die vrou wat aangevul word, het geen aan=spraak op haar hutgoedere nie. Hulle erf wel haar persoon=like besittings sowel as die persoonlike besittings van die aanvullende vrou indien dié geen dogters nalaat nie.

G Die afwesigheid van 'n erfgenaam

'n Vrou het nie alleen 'n morele plig om haar man van 'n manlike erfgenaam te voorsien nie maar sy het ook die reg om 'n stutvrou aan te vra ten einde 'n manlike erfgenaam te laat baar. As gevolg hiervan beweer informante dat dit uiters selde gebeur dat 'n man sonder 'n stamerfopvolger sterf of dat daar nie 'n erfgenaam vir die goedere van 'n betrokke huis is nie. Indien so 'n situasie wel ontstaan, is daar spesifieke reëls wat nagevolg moet word.

Die eerste reël in hierdie verband is dat nòg die vrou nòg die dogters van die oorledene enige aanspraak het op die goedere van die gesamentlike boedel. Hulle kan ook nie opvolg in die status van die oorledene nie. Dit moet 'n manlike verwant van die oorledene wees. Wanneer 'n man dus

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slegs met een vrou getroud was en geen manlike nakomelinge nalaat nie, kan twee prosedures gevolg word waarvolgens die goedere kan vererf.

Die eerste moontlikheid, en dit is wat normaalweg onder sulke omstandighede gebeur, is dat 'n jonger broer van die oor= ledene as sy plaasvervanger aangewys word. Dit is sy plig om die weduwee en haar minderjarige dogters te versorg tot= dat die weduwee sterf en al die dogters getroud is. Die gesamentlike boedel kan, met uitsondering van die persoon= like besittings van die oorledene, eers vererf wanneer hierdie stadium bereik is. Die persoonlike besittings van die oorledene vererf, wanneer die rouperiode verstreke is, direk na die vader van die oorledene. Is die vader ge= storwe, vererf dit na die oudste broer van die oorledene. Na die afsterwe van die weduwee en nadat al die dogters getroud is, vererf die restant van die boedel, d.w.s. kraal- sowel as hutgoedere weer eens na die vader van die oorledene. Is die vader gestorwe, vererf dit na die oudste broer van die huis waaruit die oorledene gebore is. Indien ook hy reeds gesterf het, vererf dit na sy oudste seun. Dit is natuurlik ook moontlik dat daar ooreenkomstig die leviraatgebruik 'n erfgenaam verwek kan word. Indien dit gebeur, erf hy al die goedere, met uitsluiting van die persoonlike besittings wat reeds vererf het.

Die alternatiewe moontlikheid is om vir die oorledene uit die eiendom in sy boedel na sy dood 'n vrou te trou. Op hierdie wyse kan daar ooreenkomstig die leviraatgebruik 'n erfgenaam verwek word. Hierdie prosedure word egter selde gevolg waar monogamie beoefen word. Soos hieronder verdui= delik sal word, kom dit egter vandag nog dikwels voor in= dien 'n vrou binne die poliginiese kleiner gesinne-eenheid geen manlike erfgename gelewer het nie.

Waneer 'n man meer as een vrou getrou het en een van die huise wat so tot stand gekom het, het geen manlike erfge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



name nie, kan daar weer eens twee prosedures gevolg word. Die keuse van watter prosedure gevolg moet word, berus by die weduwee wat geen erfgenaam gelewer het nie.

Die eerste prosedure wat gevolg kan word, is dat die ver= sorgingsplig oor die weduwee en haar dogters oorgaan op die stamerfopvolger van die oorledene of indien hy nog minderjarig is, na 'n jonger broer van die oorledene. Die hutgoedere van daardie huis moet dan aangewend word om die weduwee en haar ongetroude dogters te versorg. Na die afsterwe van die weduwee, vererf die restant van hierdie goedere na die stamerfopvolger van die oorlede huishoof. In die praktyk beteken dit dat die stamerfopvolger die grootste gedeelte van die kraalgoedere erf sowel as 'n gedeelte van die goedere van die hoofhut plus al die hut= goedere van die huis wat geen erfgenaam gelewer het nie. Laasgenoemde goedere is 'n persoonlike verryking en hy kan na goeddunke daarmee handel.

Soos hierbo verduidelik is, kan daar vir die oorlede vader na sy dood 'n aanvullende vrou getrou word, uit wie 'n erf= genaam volgens die leviraat, verwek kan word. Die versoek dat so 'n huwelik gesluit moet word, moet van die weduwee uitgaan. Sy het trouens die reg om so 'n versoek te rig en dit kan nie geweier word nie. Dit kan selfs in 'n hof af= gedwing word. Die verklaring vir hierdie gebruik lê daarin dat 'n weduwee die reg het om te weier dat haar hutgoedere na haar afsterwe na 'n seun van 'n ander hut vererf. Die feit dat nòg sy nòg haar dogters hierdie goedere kan erf, is 'n moontlike aanvullende rede. Hierby moet gereken word dat 'n weduwee deur 'n sodanige versoek te rig, verseker dat sy vir die res van haar lewe deur die vrou wat volgens hier= die gebruik getrou is, versorg moet word.

'n Vrou wat op hierdie wyse getrou word, word beskou as 'n stutvrou (<u>nhlantswa</u>) vir die weduwee. Die keuse van so 'n vrou berus egter nie by die weduwee nie maar by die familie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die oorledene. Die vader of die oudste broer van die oorledene moet die onderhandelinge voer maar die trou= goedere moet voorsien word uit die hutgoedere van die betrokke huis. Hieruit volg dit logies dat 'n weduwee nie 'n sodanige versoek kan rig indien die huis nie oor die volle hoeveelheid trougoedere beskik nie. Daar bestaan ook geen besondere voorkeurvereiste ten opsigte van hierdie bruid nie. Die normale bepalings ten opsigte van verbode huwelike is egter ook hier van toepassing. Hoewel hierdie vrou bekend staan as 'n stutvrou, moet die volle hoeveelheid trougoedere (12 beeste) vir haar gelewer word. Sy ontvang 'n hut van haar eie maar die kinders wat sy baar, word beskou as die kinders van die vrou wat sy kom aanvul. Hierdie kinders dra die naam van die oorledene en die seuns erf die goedere van die hut van hulle sosiologiese sowel as hul biologiese moeder. Hulle het egter geen aanspraak op 'n deel van die algemene kraalgoedere nie. Trouens, teen die tyd dat hierdie seuns gaan trou, is die kraalgoedere lankal verdeel.

Wanneer 'n poliginis geen manlike nakomelinge nalaat nie en daar ook nie na sy dood volgens die bogenoemde gebruik 'n verdere vrou vir hom getrou word nie, vererf sy goedere na sy vader. Is die vader gestorwe, vererf dit na die hoof= erfgenaam van die huis waarbinne hy gebore is. Indien hy ook oorlede is, vererf dit na die hooferfgenaam se oudste seun, ensovoorts. Indien daardie huis geen manlike erfge= name het nie, vererf die goedere na die oorledene se broer wat in sy vader se posisie opgevolg het.

Indien 'n man sonder enige manlike nasaat sterf d.w.s. sonder eie seuns, broers, hulle seuns, ens., gaan al sy goedere na die kaptein. Laasgenoemde moet hierdie goedere vir ten minste tien jaar in trust hou, as 'n bate vir 'n moontlike erfgenaam wat mag opduik. Daarna gaan die eiendomsreg op al hierdie goedere oor op die kaptein.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## H Die beredderinq van die boedel

Die gesamentlike boedel kan eers beredder word na afloop van die rouperiode d.w.s. twaalf maande na die afsterwe. Gedurende die interimperiode word die boedel beheer deur òf die vader van die oorledene òf sy oudste broer òf 'n ander geskikte nabye manlike bloedverwant . Hierdie persoon word direk na die begrafnis deur die familieraad van die oorledene aangewys. Dit is sy plig om gedurende die rou= periode die boedel te beheer en die afhanklikes uit die boedelbates te versorg. Dit is ook sy taak om die boedel sover as moontlik te likwideer.

Hoewel dit nie ten volle in ooreenstemming is met die ge= menereg nie, kan 'n mens die taak van hierdie persoon in 'n sekere sin vergelyk met 'n kombinasie van die funksies van 'n eksekuteur sowel as 'n administrateur (vergelyk in hier= die verband: Joubert 1968:262 e.v. en Van der Merwe en Rowland 1974:383 e.v.). Hy kan enersyds beskou word as 'n administrateur omdat hy die gesamentlike boedel beheer en administreer en andersyds as eksekuteur omdat hy sover as moontlik die boedelskulde moet invorder. Hy beskik ook oor die bevoegdheid om met die goedkeuring van die familieraad sekere spoedeisende boedelskulde te delg. Na afloop van die rouperiode is dit sy taak om tesame met die familieraad die boedel te beredder deur onder andere die boedelskulde finaal te delg of om finale reëlings vir die delging daar= van te tref, die restant van die algemene kraalgoedere aan die onderskeie erfgename toe te wys en die hutgoedere van die onderskeie huise te distribueer. Hieruit volg dit logies dat die onderskeie getroude erfgename eers die eienaar van hulle erflating word nadat die boedel beredder is en dat die huteiendom na die distribuering van die boedel in trust gehou word om die weduwee en haar minder= jarige kinders te kan versorg. Die erfgename in die onder= skeie huise kry hulle erflating of 'n gedeelte daarvan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wanneer hulle trou en die restant daarvan, wanneer die moeder te sterwe kom.

Hierdie beredderaar (hy dra geen spesifieke benaming nie) het gedurende die interimperiode slegs 'n beperkte handelingsbevoegdheid. Van hom word verwag om as plaas= vervanger van die oorledene te ageer en slegs die normale versorgingspligte voort te sit. Hy kan nie met die boedel handel sonder die goedkeuring van die familieraad en sonder die toestemming van die onderskeie weduwees en die volwasse erfgename nie. Hiernaas is sy belangrikste taak om sover moontlik die boedelskulde te vorder en met die toestemming van genoemde persone spoedeisende skulde soos bv. skuld aan handelaars,te vereffen. Dit is ook sy taak om 'n inventaris te maak van al die bates en laste van die boedel sodat die boedel na afloop van die rouperiode beredder kan word. Vir hierdie taak ontvang hy geen ver= goeding nie. Die uitvoering van hierdie taak is deel van die stilswyende ooreenkoms waarin die familie van die oor= ledene hulle tydens die huweliksluiting verbind het om sy vrou(e) en kinders te versorg.

Na afloop van die rouperiode word die familie van die oor= ledene byeengeroep. Dit is die taak van die interimplaas= vervanger van die oorledene om nie alleen die lede van die familieraad nie maar ook al die weduwees en volwasse manlike erfgename,na die kraal van die oorledene te ontbied ten einde die boedel te beredder. Die fisiese teenwoordigheid van elke erfgenaam is egter nie 'n absolute vereiste nie. Die weduwees moet egter almal teenwoordig wees. Soos vroeër verduidelik is, neem die verrigtinge 'n aanvang met 'n reinigingseremonie ten einde die rouperiode te beëindig. Daarna volg die seremonie waartydens elke weduwee die persoon moet kies wat hulle volgens die leviraat moet ver= sorg en by hulle die verwekkingsplig van die oorledene moet voortsit. Hierna word die boedel beredder.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die bereddering van die boedel staan bekend as ku ava sambo of ku ava ndzhaka wat in albei gevalle beteken "om die boedel te verdeel". Die gehele boedel word tydens die=selfde geleentheid verdeel en die verdeler is die persoon wat gedurende die rouperiode die boedel beheer en adminis=treer het. Hy doen die verdeling in oorleg met die familie=raad van die oorledene. Die stamerfopvolger het geen aan=deel aan hierdie aksie nie aangesien hy ook 'n erfgenaam is. Hy moet tesame met die ander erfgename en die weduwees stelling inneem voor die familieraad en wag totdat die verdeling gedoen is. Daarna kan die erfgename en weduwees hulle besware teen die verdeling wat gemaak is, opper.

Voor die verdeling kan geskied, moet daar weer eens 'n inventaris opgestel word van die nog uitstaande skulde ten gunste van die boedel sowel as skulde wat vereffen moet word. Interhuislenings moet ook by hierdie geleentheid, in die teenwoordigheid van al die aanwesiges, gedelg of aangedui word. Indien sodanige skulde nie vereffen kan word nie, moet die nodige reëlings vir die vereffening daarvan getref word. In verband met uitstaande skulde teenoor derdes of skulde wat van derdes verhaal moet word, moet daar ook uitdruklik bepaal word wie verantwoordelik is vir die vordering of delging daarvan. Dit is die taak van die "eksekuteurs" om hiervan rekord te hou.

Vir die doeleindes van die verdeling van die gesamentlike boedel moet die onderskeie dele van die boedel eers duidelik van mekaar geskei word. Daar word gevolglik onderskei tussen die persoonlike besittings, die algemene kraaleiendom en die goedere van die verskillende huise. Daarna word hierdie goedere in dieselfde volgorde soos vroeër verduidelik is, verdeel. Die persoonlike besittings en die algemene kraalgoedere vererf direk na die volwasse erfgename terwyl die erfdeel van die ongetroudes vir hulle in trust gehou moet word. Nadat hierdie verdeling gedoen is, word die hutgoedere van die onderskeie huise in volg=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



orde van senioriteit verdeel. Hierdie verdeling is gewoonlik nie finaal nie aangesien 'n gedeelte van hierdie goedere aangewend moet word om die weduwee en haar ongetroude kinders te versorg. Die erfdeel van die ongetroude seuns moet vir hulle tesame met hierdie goedere in trust gehou word. Indien daar genoegsaam goedere is, kan die volwasse erfgename in 'n besondere hut ten minste hulle erfdeel of 'n gedeelte daarvan direk ontvang.

Enige erfgenaam kan beswaar aanteken teen sy erfdeel. Normaalweg word hierdie beswaar gelug nadat die verdeling gedoen is. Indien hy onsuksesvol is, kan hy die saak by die familiehof aanhangig maak. Vandaar kan hy appelleer na die liniehof en vandaar na 'n openbare hof.

'n Erfgenaam wat om een of ander rede nie tydens die verdeling van die boedel teenwoordig kon wees nie, kan ook by 'n latere geleentheid 'n klag teen die verdelers aanhangig maak. Die klag kan selfs vorder tot in die kapteinshof soos die volgende saak bewys: 'n Betrokke erfgenaam (A) het een bees van die stamerfopvolger (B) van sy vader geëis aangesien hy nie 'n gelyke deel van die algemene kraalgoedere ontvang het nie. (Hy was tydens die verdeling van die boedel in die gevangenis). Die saak is aanvanklik by die familiehof aanhangig gemaak, maar aangesien die lede van die hof ook die verdelers van die boedel was, is die eis van A verwerp. A het die saak hierna by die wykshof aanhangig gemaak. Die verweerder was B en nie die verdelers van die boedel nie. B het onskuldig gepleit en hom op die verdelers beroep. Die vader van die oorledene het hierna getuig dat hyself die verdeling van die boedel van die oorledene hanteer het. Hy het bevestig dat A minder beeste ontvang het as sy broers. Ter motivering vir hierdie besluit het hy aangevoer dat A gedurende die rouperiode 'n oortreding begaan het en dat 'n bees uit die gesamentlike boedel geneem en verkoop is ten einde die skadevergoeding te lewer. Die familieraad het gevolglik besluit dat A een

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bees minder as sy broers moet ontvang. Die wykshoof het hierdie optrede goedgekeur en die eis van A verwerp.

Enige beswaar teen die verdeling van die boedel moet so gou moontlik aanhangig gemaak word by die hoofverdeler. Nor=maalweg moet dit binne drie maande na die verdeling geskied. Indien dit nie moontlik is nie en die nodige bewyse vir die laat aansoek kan gelewer word, moet die beswaar oorweeg word ongeag die tydperk wat verloop het sedert die verdeling. 'n Werklik onredelike en onverantwoorde nalatigheid by die aanmelding van so 'n ontevrede gevoel, sal mettertyd egter nie meer ontvang word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK VII

## SAMEVATTING EN BEVINDING

### A. Herkoms en woongebied

Die benaming Changana-Tsonga word normaalweg gebruik om die swart bevolking van Gazankulu en omstreke aan te dui. Van= uit 'n etnies-historiese en kulturele oogpunt kan daar egter 'n duidelike onderskeid getref word tussen enersyds die Changana- en andersyds die Tsongastamme van dié gebied. 'n Studie van die regstelsel van die Changana-Tsonga ver= eis gevolglik dat informante uit die geledere van sowel die Changana- as die Tsongastamme ondervra moet word. Die Mhaladistrik in die suide van Gazankulu is as navorsings= terrein gekies omdat dit uit die geskiedenis van die ver= skillende stamme wat in hierdie distrik aangetref word, duidelik is dat die belangrikste verteenwoordigende kom= ponente van die bevolking van Gazankulu hier in 'n betrek= lik klein geografiese verband bymekaar aanwesig is. Die Mhaladistrik word bewoon deur twee suiwer Tsongastamme, naamlik die Nhlanganustam van kaptein Jongilanga Khoza en die Nhlanganustam van kaptein Phillip Mnisi, 'n suiwer Changanastam onder gesag van regent Nxumalo en 'n Tsonga= stam wat daarop roem dat hulle Changana is, naamlik die Nkunastam van kaptein Sam Nkuna.

Die teenwoordigheid van sowel Changana- as Tsongastamme binne die grense van die RSA hou verband met die chaotiese toestande wat vanaf ongeveer 1815 in Noord-Natal deur Shaka ontketen is en wat onder andere daartoe aanleiding gegee het dat verskillende Ngunigroepe noordwaarts vanuit Natal weggevlug het. Een van hierdie groepe was die mense wat later as die Changana bekend sou staan. Hulle ge= skiedenis kan herlei word na ongeveer 1820 toe die Ndwandwe in die afwesigheid van hulle leier, Zwide, onder aanvoering van Zwide se militêre aanvoerder Sochangana, deur die impis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


van Shaka aan die Umhlatuzerivier verslaan is. 'n Gedeelte van die verslane Ndwandwe het daarna onder leiding van So= changana noordwaarts gevlug en hulle vir 'n kort periode op die walle van die Temberivier (suidoos van Swaziland) ge= vestig. Hier het hulle begin om volgens die Shakapatroon, die omliggende Tsongastamme aan hulle gesag te onderwerp en by hulle geledere in te lyf. Vanaf die Temberivier het Sochangana en sy volgelinge, wat nou reeds 'n Tsonga-element ingesluit het, teen ongeveer 1823 verder noordwaarts begin trek en hulle later in die Limpopovallei in die hui= dige Mosambiek gevestig waar hulle mettertyd as Machangana bekend begin staan het.

Teen ongeveer 1835 het hulle die Limpopovallei verlaat en noordwaarts oor die Sabierivier en vandaar tot sover noord as die Zambezierivier beweeg. Hier het hulle in botsing gekom met die volgelinge van Zwangendaba en Nxaba, wat ook vroeër uit Zululand gevlug het. Aan die einde van 1835 het die Machangana hulle te Musapa (oos van die Sabierivier) gevestig vanwaar hulle die omliggende Ndaustamme (Shona) aan hulle gesag onderwerp het (vergelyk hoofstuk II en kaart 4). As gevolg van 'n pokke-epidemie in 1838 het Sochangana besluit om na die Limpopovallei terug te keer. Tydens hierdie suidwaartse trek het die eerste groepe Tsonga uit Portugees-Oos-Afrika na Transvaal gevlug.

Sochangana is in 1858 oorlede en na sy dood was daar 'n opvolgingstryd van ongeveer tien jaar tussen sy seuns Muzila en Mawewe. Hierdie opvolgingstryd het daartoe aanleiding gegee dat verdere Tsongagroepe weswaarts oor die Lebomboberge getrek het en by die vroeëre vlugteling= groepe in Transvaal aangesluit het. Tydens die regering van Nghunghunyana (1884-1896), die kleinseun van Sochangana, het die Portugese in Mosambiek daarin geslaag om die Changanaleërs te verslaan. 'n Groot groep Machangana, waaronder ook die senior afstammelinge van Sochangana, het daarna die Transvaalse Laeveld binnegevlug en hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoofsaaklik in die huidige Mhaladistrik gaan vestig. Hierdie mense het in 1962 'n eie stamowerheid, die Machanganastamowerheid, kragtens die bepalings van die Wet op Swart Owerhede (1951), ontvang.

Die Nkuna (die ander stam in Mhala wat hulle as Changana beskou) het na bewering reeds voor die aanvang van die negentiende eeu vanuit Natal noordwaarts weggetrek en hulle uiteindelik in Mosambiek in die omgewing van die same= vloeiing van die Olifants- en Limpoporivier gevestig. Daar het hulle, omring deur verskillende Djongasprekende stamme, mettertyd volledig vertsonga. Toe Sochangana in 1838 na die Limpopovallei teruggekeer het, het die getalryke senior groep van hierdie Nkuna, weswaarts weggevlug. Hierdie mense is vandag in die Ritavidistrik van Gazankulu woonag= tig. Die junior Nkunaseksie het nie gevlug nie en is in die geledere van die Machangana opgeneem. Tydens die op= volgingstryd tussen Sochangana se seuns, Muzila en Mawewe, het hierdie Nkuna hulle steun toegesê aan Mawewe en ook later saam met hom na Swaziland gevlug. Teen ongeveer 1890 het hulle besluit om Swaziland te verlaat. Onder aanvoering van Hoxana het hulle noordwaarts na Phabeni (naby Pretorius= kop) getrek vanwaar hulle aan die begin van hierdie eeu na die huidige Mhaladistrik verhuis het. Hier het hulle met= tertyd hulle onafhanklikheid verloor en onder die Kutswe (Oos-Sotho) ingeskakel. Vanweë die afbakening van Lebowa en Gazankulu, het die bewussyn van 'n eie Nkuna-identiteit teen ongeveer 1970 weer herleef. Dit het uiteindelik daar= toe gelei dat hulle weer as 'n onafhanklike stam begin funksioneer het. In 1973 verkry hulle dan ook 'n eie stam= owerheid, die Hoxanastamowerheid wat onder die Mhalastreeks= owerheid sou ressorteer. Vanweë die lang periode waarin hierdie Nkuna deel gevorm het van die Changanaverband, dring hulle vandag steeds daarop aan om as Changana bekend te staan.

Die twee Nhlanganustamme wat in die Mhaladistrik woonagtig is, kan duidelik van die twee voorgenoemde stamme onderskei

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


word omdat hulle hulself nie as Changana nie, maar as Tsonga beskou. Hierdie houding hou verband met die feit dat hulle nooit onder die gesag van Sochangana gestaan het nie en nooit binne die invloedsfeer van die Machangana woonagtig was nie. Hierdie stamme was reeds ongeveer 1675 in die huidige Mosambiek woonagtig en kan as suiwer Tsonga ge= tipeer word. Reeds gedurende die sewentiende eeu het die Nhlanganu in twee groepe verdeel, die een onder die gesag van Ntselele en die ander onder Hubyanyana. Die nasate van eersgenoemde sou later as die Mnisistam bekend staan terwyl Hubyanyana se nasate uiteindelik as die Khoza= stam bekend sou staan.

Toe Sochangana in 1838 vanaf Musapa na die Limpopovallei teruggekeer het, het 'n deel van die Mnisistam na Transvaal gevlug en hulle aanvanklik in die Lydenburgdistrik gevestig. Gedurende 1896 het 'n verdere gedeelte van dié stam onder aanvoering van Magwagwaza, Mosambiek verlaat en hulle in die noorde van die huidige Mhaladistrik gevestig waar 'n gedeelte van die Lydenburgseksie later by hulle aangesluit het. In 1962 is 'n stamowerheid, die Mnisistamowerheid, vir lede van die Mnisistam in die Mhaladistrik ingestel.

Die volgelinge van Hubyanyana het na die skeiding in die sewentiende eeu in Mosambiek bly woon. Teen ongeveer 1892 het hulle egter as gevolg van 'n neerlaag teen die Portu= gese leërs weswaarts gevlug en hulle in die omgewing van die huidige Laer Sabie- en Skukuzagebied in Transvaal ge= vestig. Die grensreëlings van die Transvaalse en Portugese Regering in 1899 het tot gevolg gehad dat hierdie stam in twee verdeel is. Hulle het tot in die huidige tyd aan weerskante van die grens bly woon. Die gedeelte van die stam in Mosambiek erken egter steeds die gesag van die ge= deelte wat onder kaptein Jongilanga Khoza in die RSA woon= agtig is. Laasgenoemde stamgedeelte is na die afbakening van die Kruger-Wildtuin in 1899 na die suidelike gedeelte van die huidige Mhaladistrik verskuif. Hulle het in 1962

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n eie stamowerheid, die Jongilangastamowerheid, ontvang.

Op grond van die geskiedenis van hierdie vier stamme, is daar verwag dat hulle regstelsels duidelike verskille sou vertoon. 'n Mens is daartoe gelei om te aanvaar dat die regstelsel van die Changana, 'n vermenging van Zulu- (Ndwandwe-) en Tsonga-elemente sou vertoon, terwyl die Mnisi- en Khozastamme daarenteen, 'n betreklik suiwer Tsongapatroon sou vertoon. Hoewel die Nkunastam as gevolg van hul aanvaarding van Changanastatus, Zulu- sowel as Tsongakenmerke in hulle reg behoort te openbaar, is daar by hulle ook 'n Sotho-invloed verwag. Ondanks die histo= riese verskille en wisseling in herkoms, het die navorsing min verskil in die regstelsels van hierdie stamme kon uit= wys. Hoewel 'n mens nie graag die versamelnaam Changana-Tsonga wil gebruik nie, moet daar tog uiteindelik erken word dat die kulture van al vier hierdie stamme 'n algemene en omvangryke ooreenstemming vertoon. Die besondere hoog= agting wat die Changana vir hulle Zuluherkoms het, het wel tot gevolg dat die hoftaal, en gevolglik ook die terminolo= gie wat in verband met regsgebruike gebesig word, steeds nog sterk Zulu-invloede vertoon. In die geval van die suiwer Tsongastamme, word die oorspronklike Tsongaterminolo= gie vandag gebruik.

Die bevolking van die Mhaladistrik kan as verteenwoordigend van die bevolkingsgroepe van Gazankulu beskou word en is as navorsingsterrein gekies om die moontlike variasie in die regstelsels van die samestellende stamme, te probeer aantoon. Omdat hierdie omvangryke variasie wat verwag is nie gevind kon word nie, bestaan daar nou die vermoede dat diepgaande verskille op die regsterrein ook nie by die ander stamme in die res van Gazankulu verwag kan word nie. Die mate van variasie wat wel mag bestaan, sal gevolglik deur toetsing van die gegewens oor die stamme van Mhala, vasgestel kan word en noodsaak na my oordeel nie gedetail= leerde navorsing oor die regstelsel van elkeen van hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ander stamme nie.

B. <u>Die Gesagstruktuur</u>

By die behandeling van die gesagstruktuur van elkeen van die stamme van Mhala, is daar aandag gegee aan dit wat binne die regswetenskap as die administratiefreg bekend staan. Die merkwaardigste feit wat tydens die navorsing oor hier= die aspek blootgelê is, was dat hierdie stamme hul eie ge= sagstruktuur in elke geval behou het ondanks die prosesse van kultuurverandering waaraan hulle in die gang van hulle geskiedenis onderhewig was en ook ondanks die feit dat hulle baie jare lank onder die administratiewe beheer van blanke owerhede geressorteer het. Die voortbestaan van hierdie gesagstrukture is des te merkwaardiger as in aan= merking geneem word dat slegs 'n beperkte gedeelte daarvan van owerheidsweë erken is. Ook daardie elemente van die gesagstruktuur wat geen sodanige erkenning geniet het nie, het bly voortbestaan en funksioneer vandag nog.

Binne die gesagstruktuur van elkeen van die stamme kan daar onderskei word tussen 'n sentrale regering in die vorm van 'n kaptein-in-rade en gewestelike gesagsfigure in die vorm van wykshoofde enersyds, en verskillende sosio-politiese gesagsfigure andersyds. Laasgenoemde persone is eintlik slegs leiers binne verskillende soorte sosiale eenhede maar omdat hulle uit hoofde van hulle sosiale status bevele uitvaardig en 'n aandeel in die politieke organisa= sie van die stam gegee word, word hulle as sosio-politiese gesagvoerders getipeer (vergelyk hoofstuk III, A).

Die belangrikste figuur binne die sentrale regering van elke stam is die kaptein (<u>hosi</u>) wat sy posisie op grond van sy hooggeborenheid verkry. Hy is normaalweg die oudste seun van sy vader se hoofvrou (<u>nkosikazi</u>) en hoewel hy as sodanig in die kapteinsposisie opvolg, moet hy nogtans in hierdie posisie aangestel, opgelei en ingehuldig word. Sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aanwysing berus by die familieraad van die regerende linie en na sy aanwysing word hy op 'n openbare plegtigheid as kaptein ingehuldig (vergelyk hoofstuk III, B.2). Onder bepaalde omstandighede kan 'n regent (mukhomeri) deur die familieraad aangewys word (vergelyk hoofstuk III, B.4). Vir die uitvoering van sy pligte is die kaptein aangewese op die advies en wense van 'n privaatraad, 'n linieraad, 'n stamraad en 'n hofraad. Daar rus 'n verpligting op die kaptein om in alle belangrike stamsake die advies van die eersgenoemde drie rade in te win en hul goedkeuring te verkry. Die stamraad is sedert die inwerkingtreding van die Wet op Swart Owerhede (1951) by elkeen van die stamme deur 'n stamowerheid vervang. Die hofraad dra dieselfe benaming as die tradisionele stamraad maar verskil in samestelling (vergelyk hoofstuk III, B.4). Benewens hier= die raadgewende instelling, word die kaptein ook bygestaan deur 'n aantal aangestelde amptenare wat elkeen 'n beson= dere taak namens en vir die kaptein verrig (vergelyk hoofstuk III, B.5).

Binne die totale stamgebied bestaan daar 'n verskeidenheid stamwyke (tans plase) wat elk onder die gesag van 'n wyks= hoof (ndhuna) staan. Laasgenoemde word tans deur lede van die wyk verkies en sy reg tot gesagsuitoefening word deur die kaptein aan hom gedelegeer. In die nakoming van sy verpligtinge wat hy namens die kaptein moet uitvoer, word hy deur 'n familieraad en 'n wyksraad sowel as 'n aantal aangestelde amptenare bygestaan (vergelyk hoofstuk III, C.2).

Binne die stam as 'n sosiale eenheid bestaan daar verskil= lende kleiner sosiale eenhede, naamlik kraaleenhede, groter gesinne-eenhede en afkomslinies. Die linie (Ch: usende en Nhl: nyimba) sluit manlike en vroulike individue in wat hulle verwantskap oor drie en vyf generasies na 'n gemeen= skaplike bekende voorvader kan terugvoer. Linielede staan onder die gesag van die mees senior lewende manlike persoon (Ch: umnumzana en Nhl: hosana) wat sy posisie suiwer en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

alleen op grond van sy hooggeborenheid binne die eenheid beklee. In die uitvoering van sy pligte, word hy bygestaan deur 'n linieraad (Ch: bandla ra usende en Nhl: huvo ya nyimba) wat uit sy senior manlike verwante bestaan. Wanneer sake wat linielede raak, verhoor word, funksioneer hierdie raad ook as 'n nie-openbare hof (vergelyk hoofstuk III, D. 1.a).

Die groter gesinne-eenheid of kralekompleks (miti ya ka ...) bestaan uit 'n kern van verwante mans wat in verskillende krale in dieselfde omgewing woonagtig is sowel as hulle vroue en ongetroude dogters. Dié eenheid staan onder die gesag van die mees senior manlike lid, die nkulukumba wa miti. Hy word in die uitvoering van sy pligte deur sy senior man=like verwante bygestaan. Dit is natuurlik moontlik dat die gesagvoerder oor 'n groter gesinne-eenheid terselfdertyd ook 'n liniehoof kan wees.

Die kraaleenheid (muti) wat die kleinste sosiale eenheid binne die stam is, huisves in gevalle waar monogamie be=oefen word, 'n man, sy vrou en hul ongetroude kinders. Indien poliginie beoefen word, sluit dit 'n poliginiese gesinne-eenheid in. In elke geval oefen die vader, dit wil sê die kraalhoof (Ch: nkulukumba wa muti en Nhl: nhloko ya muti) gesag oor die eenheid uit. Daar bestaan in die huidige tyd geen kraalraad wat die kraalhoof in die uitvoering van sy pligte bystaan nie (vergelyk hoofstuk III, D.1.c).

Wanneer die administratiefregtelike opset binne die gesag=struktuur van die stamme van Mhala in geheelverband betrag word, tree enkele opvallende kenmerke na vore. Anders as in die geval van Westerse gesagstrukture, word daar by hulle nie op 'n streng geregimenteerde wyse aan die gesagsfigure voorgeskryf presies hoe hulle hul pligte moet nakom nie. Die wykshoofde en die kaptein oefen gesag oor hul onderskeie onderdane op 'n soortgelyke wyse uit as wat 'n vader gesag oor sy kinders sal uitoefen; alles word hulle eintlik ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

oorloof tot tyd en wyl growwe nalating van hul pligte of onbehoorlike gedrag,die gramskap van hulle onderdane opwek. Dit het eerstens tot gevolg dat daar nie onmiddellik teen hulle opgetree word nie; eers wanneer sake so ver gevorder het dat stamlede hulle kan aankla sonder om van gesagson=dermyning beskuldig te word, kan daar teen hulle opgetree word.

Tweedens is die administratiefregtelike opset van só 'n aard dat daar geen maklike en duidelik omskrewe manier be=staan waarop 'n botsing tussen gesagsfigure en onderdane opgelos kan word nie. Die gevolg hiervan is dat indien 'n wykshoof sy bevoegdhede oorskry, hom onbehoorlik gedra of nie sy verpligtinge nakom nie, hy eers na 'n lang periode by die kaptein verkla word en dat indien daar ontevreden=heid met die optrede van die kaptein ontstaan, laasgenoemde se onderdane hom nie gemaklik langs administratiewe weg tot orde kan roep of van hom ontslae kan raak nie. Hierdie leemte veroorsaak in die jongste tyd toenemende probleme omdat monogame huwelike gesluit word en die aantal mense (senior manlike verwante) wat vroeër in staat was om uit hoofde van hulle sosiale senioriteit beheer oor die kaptein se optrede uit te oefen, al minder en minder word. Die leemtes in hierdie administratiewe en politieke opset laat kort-kort 'n vorm van konstitusionele krisis ontstaan.

Dit is verder ook opvallend dat die onderdaan se regte, byvoorbeeld sy verblyfregte en reg tot beveiliging teen korrupsie, by nie een van die stamme duidelik verskans is nie. Sy verblyfregte is byvoorbeeld nomineel onaantasbaar solank hy daarvan gebruik maak maar kan nogtans van hom weggeneem word sonder dat hy gemaklik teen die stamgesag op grond van 'n aanspraak in die reg kan optree. Hierbe=newens is dit 'n feit dat geen politieke gesagsfiguur in die stam in sy amptelike hoedanigheid 'n afsonderlike regs=persoon is nie. As 'n man byvoorbeeld ontevrede is met die die optrede van die kaptein, kan hy nie 'n klagte lê teen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die kaptein in laasgenoemde se hoedanigheid as stamhoof nie. Hy moet dus òf in die onreg berus of die verregaande stap neem en die kaptein in sy persoonlike hoedanigheid aanspreek. Dieselfde geld stamamptenare wat namens die kaptein optree. Die enigste wyse om in die reg gehelp te word, is om die kaptein persoonlik aan te spreek. Dit is dan normaal dat klagtes van hierdie aard as 'n beswaar by die kaptein persoonlik aanhangig gemaak word. Dan gaan die kind by sy vader kla. Dit is duidelik dat die oplossing van so 'n klagte aan wispelturigheid onderhewig kan wees. Hierdie toestand is nie bevorderlik vir regsekerheid binne die administratiefreg nie.

## C. Die hofstelsel en hofprosedure

Die hofstelsel van die stamme van Mhala vertoon 'n noue verband met die gesagshiërargie en 'n mens kan gevolglik twee soorte howe met inherente regsbevoegdheid onderskei. Eerstens bestaan daar 'n reeks openbare howe wat hul regs=bevoegdheid uit die gesag van die kaptein-in-rade herlei en tweedens is daar 'n aantal nie-openbare howe wat hul regsbevoegdheid herlei uit die reg en plig van senior per=sone binne die familie- of linieverband om soos vaders oor die gedrag van hul minderes toesig te hou (vergelyk hoofstuk VI, A.1).

Die belangrikste openbare hof is dié van die kaptein wat eintlik die stamhof vorm en waarvan die kaptein die voor=sittende beampte is. In hierdie hof word sake teen en geskille tussen alle stamlede wat binne die stamgebied en gebiede aangrensend aan die stamgebied woonagtig is, ver=hoor. Hoewel die grootste gedeelte van die kaptein se strafregtelike jurisdiksie hom deur die bepalings van die Derde Bylae van die Swart Administrasiewet (1927) ontneem is, word bykans alle sodanige sake steeds deur sy hof ver=hoor, maar dan as eise om skadevergoeding (vergelyk hoofstuk IV, A.2(a)).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kapteinshof het 'n vaste setel en vergader op gesette tye binne 'n hofsaal waar alle aanwesiges ooreenkomstig 'n geykte patroon stelling inneem. Naas die spesifieke lede van die hofraad (senior verwante van die kaptein en wyks=hoofde) sonder wie se teenwoordigheid die kaptein nie 'n saak kan verhoor nie, mag alle volwasse manlike stamlede die hofsittings bywoon. Die belangrikste amptenare verbonde aan hierdie hof, is die aanklaer of inleier van sake (muchuchisi), die stamsekretaris en die hofkonstabels (bodes van die hof).

Elke wykshoof ontvang van die kaptein die bevoegdheid om reg te spreek en kan daarom 'n hof hou. Die wykshof be=staan uit die wykshoof as voorsittende beampte en 'n aantal kundige persone wat hom as raadslede bystaan. Alle vol=wasse mans mag egter die sittings van hierdie hof wat weekliks gehou word, bywoon. Alleenlik siviele sake kan in hierdie hof verhoor word. Strafsake wat uit die betrokke wyk kom, word ook deur die hof ondersoek voordat dit na die kapteinshof oorgedra word. As laagste openbare hof, is die wykshof 'n hof van appèl in sake wat nie in die nie-open=bare howe tot tevredenheid van die partye bereg kon word nie. Hoewel die hof slegs jurisdiksie het oor bewoners van die betrokke wyk, bestaan daar voorsiening vir die beregting van geskille tussen partye wat in verskillende wyke woonag=tig is (vergelyk hoofstuk IV, A.2(b)).

Die nie-openbare howe wat naas die openbare howe funksioneer, omvat in stygende orde die kraalhof, die hof van die krale=kompleks en die liniehof. Elkeen van hierdie howe bestaan teoreties uit al die manlike lede van die betrokke eenheid en vergader onder voorsitterskap van die mees senior per=soon. Anders as by die openbare howe verhoor hierdie howe alleen sake tussen verwante en in die geval van die kraal=hof en die hof van die kralekompleks ook slegs sake waarin lede van hierdie eenhede, die verweerders is. Geen saak, behalwe sommige ernstige strafsake, sal deur 'n openbare

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hof verhoor word alvorens dit nie deur hierdie nie-openbare howe in behandeling geneem is nie; daar word altyd gepoog om 'n saak sover moontlik binne die familieverband te bereg (vergelyk hoofstuk IV, A.3).

Dit is duidelik dat daar deurlopend dieselfde regstelsel vanaf die kraalhof as nederigste hof, tot by die kapteins= hof as hoogste hof van die stam, toegepas word, dat daar in elkeen van hierdie howe 'n formele verhooraksie is, uitspraak gegee word en dat elkeen van die howe oor die vermoë beskik om 'n uitspraakskuldenaar te straf. In alle howe geld daar ook die basiese reël dat geen vrou of onge= troude seun 'n aksie kan instel of verdedig nie. Hulle moet altyd deur 'n volwasse manspersoon bygestaan word. Met uitsondering van enkele prosesregtelike aspekte word daar ook in al die howe 'n eenvormige prosedure gevolg soos die stamreg dit voorskryf.

In die huidige tyd word geen saak deur enige van die open= bare howe ontvang alvorens daar nie 'n "hofoopmaker" ge= lewer is nie. Anders as in die geval van die openbare howe, word daar nie by die nie-openbare howe hofgeld vereis nie en word 'n saak direk by die voorsitter van die hof aange= meld (vergelyk hoofstuk IV, B.2).

Die prosedure tydens die verhoor is by al die howe basies dieselfde. Die voorsitter of 'n amptenaar verduidelik die aard van die saak ter aanvang aan die hof waarna die klaer sowel as die verweerder geleentheid kry om hulle kante van die saak te stel. In geen hof kan 'n party deur 'n regs= verteenwoordiger bygestaan word nie. Die klagte word by die hof aanhangig gemaak en dit is die taak van die lede van die hof om deur die aanhoor van albei partye en alle getuienis tot 'n regverdige beslissing te geraak. Anders as in die geval van die normale landshowe, bestaan daar by die onderhawige stamme nie die eis dat die lede van die hof nie aan die partye verbind moet wees nie. In die nie-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



openbare howe is dit vanselfsprekend, en in die openbare howe gebeur dit dikwels dat jou saak deur jou senior ver= want verhoor word. Dit kan daarom verstaan word dat die inheemse reg op die verhoor voor 'n hele aantal lede van 'n hof aandring. Verhoor deur 'n enkele regsprekende is onmoontlik.

Nadat die aard van die klagte van weerskante verduidelik en beantwoord is, word getuienis gelei en die litigante sowel as die getuies deur die lede van die hof aan kruis= verhoor onderwerp. Direkte getuienis word as van deurslag= gewende betekenis beskou maar daar kan ook van omstandig= heids- en selfs van hoorsêgetuienis gebruik gemaak word. Deskundige getuienis is onbekend. Geen getuienis word onder eed afgeneem nie en in die geval van onvoldoende getuienis kan daar op bevel van die hof selfs van bewyslewering langs bonatuurlike weg gebruik gemaak word (vergelyk hoofstuk IV, B.3).

Die uitspraak van die verskillende howe geskied volgens die kennis en insig van die lede van die hof in die toepaslike inheemse reg. Anders as in die normale landshowe geld daar geen presedentereg nie. Elke saak word op eie meriete beoordeel. Die uitsprake in soortgelyke sake uit die verlede wat die hoflede in hulle geheue kan terugroep, is slegs van koersduidende betekenis.

Alle howe het die taak om 'n versoening tussen die litigante te probeer bewerkstellig. Dit is egter nie hoofsaak nie. Selfs waar versoening bewerkstellig is, kan die hof die betaling van skadevergoeding beveel. In siviele sake kan daar ook 'n boete-element deur die hof by die skadevergoeding bygevoeg word. Hierdie boete wat eintlik 'n deel van die skadevergoeding uitmaak, kom die hofhouer toe. By sommige stamme (Changana) moet openbare howe "bedank" word vir die beregting van 'n geskil. Die betaling van hierdie bedankings= geskenk word in sommige gevalle die uitspraakskuldenaar en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in ander gevalle die uitspraakskuldeiser ten laste gelê. In die onderskeie nie-openbare howe moet die blaamwaardige of soms albei die litigante 'n "versoeningsoffer" (umchacha=zelo) lewer ten einde 'n versoening of 'n reiniging van die sosiale eenheid waaraan hulle behoort, te bewerkstellig. Hierdie versoeningsoffer word deur die lede van die hof saam met die litigante of in geringe sake deur die litigante alleen geëet.

Die uitspraakskuldenaar word na die uitspraak 'n redelike tyd gegun om die uitspraakgoedere via hofamptenare aan die uitspraakskuldeiser te lewer. Beslaglegging op uitspraak=goedere word deur die swirumiwa swa bandla/huvo in opdrag van die hof gedoen. In teenstelling met die nie-openbare howe, beskik die openbare howe oor verskillende metodes waarvolgens 'n vonnis of uitspraak afgedwing kan word. Minagting van die hof word as 'n ernstige oortreding beskou en elkeen van die howe is geregtig om 'n persoon summier vir sodanige oortreding te beboet.

Volgens die tradisionele patroon volg elke saak vandag nog die appèlprosedure vanaf die kraalhof as laagste tot by die kapteinshof as hoogste hof binne die stam. Tans kan 'n litigant wat met die uitspraak of vonnis van die kapteins=hof ontevrede is, ook nog sy saak op appèl na die plaaslike magistraatshof neem.

Daar word nie van nie-openbare howe verwag om oor hulle beslissings aan 'n hoër gesag verslag te lewer nie. Dit word egter wel van die wykshoof verwag om aan die kaptein verslag te doen oor die beslissings van die wykshof behalwe natuurlik in gevalle waar sake op appèl vanaf die wykshof na die kapteinshof gaan. In sulke gevalle word dit van die wykshoof verwag om die kapteinshof volledig oor die verloop van die saak in sy hof in te lig en deur sy teenwoordigheid noulettend toe te sien dat daar nie ander of verdere ge=tuienis as die wat voor sy hof gedien het, aan die hoër hof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorgelê word nie.

In die huidige tyd moet kapteins aan die toepaslike magi=straat verslag doen oor die uitslag van alle verhore wat voor hulle plaasvind. Die geaardheid van hierdie verslag=lewering is anders as die van wykshoofde aan die kapteins=hof. Daar is aanduidings dat die verslaglewering van die kant van die kapteinshof soms nie plaasvind nie (vergelyk hoofstuk V, B.6).

Daar is voldoende bewyse gevind dat die inheemse hofstelsel by elkeen van die stamme van Mhala tans nog lewenskragtig funksioneer. Die grootste persentasie hofsake word nog steeds in die nie-openbare howe verhoor en daar afgehandel. Net soos in die verlede, bestaan daar steeds nog 'n deur=lopende lyn van aansoeke om appèl vanaf die laagste na die hoogste hof in die stam. Die feit dat stamlede respek behou vir hulle eie hofinstellinge, is merkwaardig veral wanneer 'n mens in aanmerking neem dat van al hierdie hof=instellinge slegs die kapteinshof statutêre erkenning ge=niet en dat hierdie hof self reeds sedert 1927 aan 'n ver=skeidenheid regulatiewe beperkinge onderhewig is.

D. Die Familiereg

1. Die huwelik

By die bespreking van die huweliksreg van die stamme van Mhala is die verhoudinge tussen die lede van die monogame gesin volgens die benadering van die gemenereg as uitgangs=punt geneem. Daar moes steeds in gedagte gehou word dat hierdie gesinseenheid slegs 'n beperkte onderdeel van die poliginiese gesinne-eenheid, die kraalgroep, die krale=kompleks, die patrilinie en die sibbe uitmaak. Die regs=reëls wat die verhoudinge tussen individue en groepe binne al hierdie eenhede reël, is gevolglik ook ondersoek. Die kern van die bevindinge kan soos volg aangedui word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Daar word begin by die hofmaakproses as voorstadium tot die huwelik (vergelyk hoofstuk V, deel I, B.2).

Dit is normale praktyk by jongmense van al die stamme van Mhala om reeds voor die sluiting van die huwelik tydens die hofmaakperiode 'n vorm van eksterne geslagsgemeenskap te beoefen (<u>ku hlobonga</u>). Dit word egter as 'n "spel" en nie as 'n onregmatige daad beskou nie. Die beswangering van 'n ongehude dogter is egter 'n onregmatige daad en die vader van die dogter kan 'n eis van skadevergoeding (2 beeste of R20-00) teen die skuldige man instel (vergelyk hoofstuk V, deel I, B 2(b)). Hy mag egter slegs by geleentheid van die eerste beswangering so 'n eis instel. Indien 'n dogter egter meer as een keer deur dieselfde man beswanger word, is haar vader geregtig om vir elke swangerskap skadevergoe= ding te eis. Hy mag egter nie, wanneer meer as een man be= trokke is, 'n verdere eis vir swangerskap teen 'n tweede persoon instel indien die eis teen die eerste verdagte on= suksesvol was nie.

Drie groepe voorvereistes vir die sluiting van 'n huwelik kan by die stamme van Mhala onderskei word, naamlik indivi- duele vereistes vir die man en die vrou en daarnaas keuse= vereistes asook toestemmingsvereistes (vergelyk hoofstuk V, deel I, B.3). Ten opsigte van die persoonlike vereistes geld daar die eis van volwassenheid. In die geval van dogters word die eerste menstruasie as kriterium vir die bereiking van volwassenheid en hubaarheid beskou. In die geval van seuns is daar tans geen vaste kriterium waarvol= gens volwassenheid bepaal word nie. Daar word egter wel aanvaar dat 'n seun fisies volwasse moet wees en tot op sekere hoogte ekonomies onafhanklik moet wees alvorens hy as werklik hubaar beskou word. Fisiese of geestelike ge= breke is wel 'n persoonlike diskwalifikasie by hofmakery maar daar bestaan geen regsreël waarvolgens 'n gebreklike man of vrou verbied kan word om te trou nie. Dieselfde geld in gevalle waar 'n man impotent of steriel is of waar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n vrou onvrugbaar is.

Wanneer keusevereistes en toestemmingsvereistes by huwelik=sluiting in oënskou geneem word, moet dit baie duidelik besef word dat huweliksluiting ondanks 'n individualiserings=proses ten gevolge van verwestersing steeds nog 'n aange=leentheid is waarby twee families betrokke is. Hoewel kinders vandag 'n vryer sê ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat gegun word, het hulle nog steeds die toestem=ming van hulle vader nodig wanneer hulle 'n wettige huwelik wil sluit. Dit is egter vandag nie meer vir 'n vader moont=lik om in die afwesigheid van sy kind en sonder laasgenoem=de se instemming, huweliksonderhandelinge namens hom of haar met 'n ander vader aan te knoop nie. 'n Seun neem vandag, onderhewig aan die uiteindelike toestemming van sy vader, self die inisiatief by die keuse van sy huweliksmaat. In hierdie keuse is hy egter gebind aan die reëls wat bloed=skande bepaal (vergelyk hoofstuk V, deel I, B.3(d)). Hier=volgens is nie alleen huwelike nie maar ook alle geslags=gemeenskap tussen kruisneefs en-niggies en parallelneefs en-niggies ontoelaatbaar.

Bloedskendige verhoudinge is 'n ernstige oortreding in die reg en 'n baie groot skande. Daarom sal so 'n saak selde in 'n openbare hof verhoor word. Indien dit egter wel ge=beur, mag die vader van die dogter dubbeld die normale skadevergoeding vir verleiding (4 beeste of R40-00) eis, maar slegs indien die dogter beswanger is. Wanneer bloed=skande met 'n getroude vrou gepleeg word, kan haar man dubbeld die normale skadevergoeding vir owerspel, dit wil sê 10 beeste of R100-00 eis. Onder besondere omstandighede kan die verbod op huweliksluiting tussen kruisneef en-niggie wel opgehef word. 'n Rituele seremonie (<u>ku tsema vushaka</u>) moet in sodanige gevalle deur die seun sowel as die dogter gesamentlik deurloop word. Alleen dan kan 'n wettige huwe=liksverbintenis tot stand kom.

Die huwelik word voorafgegaan deur 'n verlowingsooreenkoms

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(ku qoma) wat tussen die vaders van die seun en dogter wat 'n eerste huwelik sluit, aangegaan word (vergelyk hoofstuk V, deel I, b.4). Die verlowing is voltrek sodra 'n ver= lowingsbees (muqomu) of R10-00 en die eerste paaiement (ku pfala hlahla) van die trougoedere (lovolo) aan die vader van die dogter oorhandig is. Die onderhandelinge tussen die twee vaders en die oordrag van die voorgaande goedere word deur tussengangers (tindhuna ta malovolo) gedoen en by latere regsaksies tree hierdie tussengangers as die be= langrikste getuies op. Die verlowingsooreenkoms kan ten gevolge van blaamwaardige optrede van die seun of die dog= ter verbreek word maar dit gaan nie outomaties tot niet wanneer die seun of die dogter te sterwe kom nie (vergelyk hoofstuk V. deel I, B.4.c).

Net soos by ander swart volke in die RSA kom die huwelik by die stamme van Mhala deur die lewering van trougoedere tot stand. Geen ander wyse van huweliksluiting, met in= sluiting van burgerlike huwelike, word deur die inheemse reg erken nie. Die enigste prosedure waarvolgens 'n huwe= lik gesluit kan word, begin wanneer die man se vader of die man self die inisiatief neem en deur middel van 'n tussenganger by die vader van die vrou aansoek doen om met haar te mag trou. Daarna word die trougoedere aan die vader van die vrou oorhandig en formeel deur laasgenoemde as trou= goedere vir sy dogter in ontvangs geneem. Na die ontvangs van die trougoedere, is die vader van die bruid verplig om op 'n datum waarop ooreengekom word, die bruid aan die bruidegom te oorhandig. Op die oomblik wanneer die bruid formeel by die kraal van die bruidegom se mense ontvang word, word die huwelik as voltrek beskou.

Vir doeleindes van huweliksluiting moet die stamhoof net soos alle ander stamlede aan die vereistes wat deur die stamreg neergelê word, voldoen. Naas die aangeduide individuele vereistes mag ook hy nie 'n huwelik sluit sonder die toestemming van sy vader nie. In die praktyk is die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


toestemming van die regerende linie egter noodsaaklik wanneer die kaptein sy hoofvrou trou. Die linievergadering van die regerende linie is verantwoordelik vir die lewering van die trougoedere. Anders as by gewone stamlede is die vrou met wie 'n kaptein eerste trou, nie noodwendig sy hoof= vrou nie (vergelyk hoofstuk V, deel I, B.5(b)).

Die belangrikste regsvereistes waaraan huweliksluiting by die stamme van Mhala moet voldoen, is die volgende:

(i) Die bestaan van wilsooreenstemming tussen die twee vaders, of tussen 'n man en sy aanstaande skoonvader by 'n tweede of latere huwelik, en instemming van die seun en dogter wat wil trou.

(ii) Die lewering van trougoedere deur die vader van die seun, of deur die seun self by 'n tweede of latere huwelik, aan die vader van die dogter en die ontvangs daarvan deur laasgenoemde.

(iii) Die oordrag van die bruid en haar ontvangs by die kraal van die man se mense (vergelyk hoofstuk V, deel I, B.5(f)).

Eers na hierdie derde stap voltooi is, moet die huwelik deur 'n handeling van egskeiding ontbind word, en gaan die aan= spreeklikheid vir die meeste onregmatige dade van die vrou op haar man oor.

## 2. Die gevolge van huweliksluiting

Omdat die huwelik by die stamme van Mhala nie 'n blote ver= bintenis tussen twee individue is nie en poliginie ook nog voorkom, moes daar nie alleen navraag gedoen word na die tot= standkoming van 'n gesin en die regte en verpligtinge van 'n man en vrou teenoor mekaar en teenoor hulle kinders nie, maar ook na die verhoudinge en verpligtinge van 'n man teenoor sy verskillende vroue en van familiegroepe teenoor mekaar.

Deur die sluiting van 'n huwelik, kom daar 'n kerngesin tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


stand wat bestaan uit 'n man, sy vrou en hulle kinders. So 'n gesin staan onder die gesag van die vader en funk= sioneer as 'n afsonderlike lokale eenheid waarbinne be= paalde gedragsreëls nageleef moet word. Waar poliginie beoefen word, kom daar verskillende gesinne waarvan die= selfde man telkens 'n deelgenoot is, tot stand. So 'n gesinne-eenheid bestaan dus uit 'n man, sy verskillende vroue wat in 'n vaste rangorde teenoor mekaar gerangskik is, en hulle kinders en saam bewoon hulle 'n kraal (muti). Die rangorde van hierdie vroue word normaalweg bepaal deur die orde waarin hulle getrou is. In die geval van die gesinne-eenheid van die kaptein, is die hoofvrou of stam= vrou (nkosikazi) gewoonlik nie die eerste vrou waarmee die kaptein trou nie. Sy is die een vir wie die linieraad van die kapteinslinie die trougoedere gelewer het. 'n Versteu= ring van die normale rangorde tussen vroue kan egter onder bepaalde omstandighede geskied (vergelyk hoogstuk V, deel II, A). Die status van kinders van 'n poliginis word uit die rangorde van hul onderskeie moeders herlei.

Vir 'n man het die sluiting van 'n huwelik tot gevolg dat hy volwaardige status as 'n volwassene in die reg verkry. As sodanig is hy daarna aanspreeklik vir sy eie onregma= tige dade en ook die van sy vroue en ongetroude kinders. 'n Man word egter nie aanspreeklik gehou vir die lewering van skadevergoeding wanneer sy vrou 'n moord gepleeg het of towery beoefen het nie en kan ook nie lyfstraf namens sy vrou opgelê word nie. Indien hy as pasgetroude sou skei of sy vrou kinderloos sou sterf, behou hy hierdie status. Die implikasie hiervan is dat 'n man na die sluiting van sy eerste huwelik, hofsittings kan bywoon, 'n aandeel kan neem in openbare stamaangeleenthede en indien klagtes teen lede van sy gesin aanhangig gemaak word, moet dit by hom aangemeld word en moet hy sy gesin se lede in die hof ver= teenwoordig (vergelyk hoofstuk V, deel II, B. 1).

As hoof van en gesagvoerder oor die gesin, het 'n getroude

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

man die reg om lede van sy gesin aan te spreek en hulle binne perke, te tugtig. Sou hy hierdie tugtiging oordryf, kan hy in 'n hof tot verantwoording geroep word.

Hoewel die sosiale posisie van 'n vrou na die huwelik ver= ander, verleen huweliksluiting nie aan haar die status van 'n volwassene in die reg nie; sy bly ewigdurend minderjarig en het as sodanig geen handelingsbevoegdheid nie. Sy is en bly ondergeskik aan haar man of sy plaasvervanger.

Na die huwelik behou 'n vrou steeds lidmaatskap van die linie van haar vader. Sy mag daarom nie hofsittings van die linie van haar man bywoon nie. (In die geval van die Mnisistam word sy egter deur haar huwelik 'n lid van die linie van haar man en kom soos hy onder gesag van sy linie= hof (vergelyk hoofstuk V, deel II, B.).

Vanweë patrilokale inwoning na die huwelik word 'n vrou lid van die groter gesinne-eenheid van haar man se mense en ressorteer daarom vir alle praktiese doeleindes onder die beheer van haar man en sy verwante. 'n Saak teen haar moet gevolglik eerstens by haar man aanhangig gemaak word en deur hom as kraalhoof behandel word. Daarna kan dit op appèl na die hof van die familie van haar man gaan waar die man namens die vrou verantwoording moet doen. Van hierdie hof af gaan die appèl na die openbare wykshof waar die man se mense woon.

Die sluiting van 'n huwelik bring vir 'n man sowel as 'n vrou bepaalde regsverpligtinge mee (vergelyk hoofstuk V, deel II, B). Eersgenoemde is verplig om elkeen van sy vroue van 'n eie hut, 'n eie land, 'n eie graanskuur en ander middele te voorsien ten einde haar in staat te stel om die gesin te versorg. 'n Vrou moet steeds die gesag van haar man eerbiedig deur die hut, die landerye en die middele wat aan haar voorsien is ter versorging van haar man en hulle kinders, te benut. Daar bestaan egter 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

baie duidelike arbeidsverdeling tussen 'n man en sy vrou wat in 'n hof afdwingbaar is. So byvoorbeeld is dit die plig van 'n man om die landerye te ontbos, te ploeg en die vrou van saad te voorsien. Die vrou is op haar beurt ver=plig om die plantwerk, skoffelwerk en oeswerk te doen en daaruit voedsel vir haar gesin te voorsien en voor te berei. 'n Man mag die opbrengs van sy vrou se arbeid nie sonder haar instemming vervreem nie. Indien 'n man weens werks=omstandighede nie permanent tuis is nie, moet hy sorg dra dat sy vrou in sy afwesigheid steeds versorg word. Hy is egter nie verplig om sy vrou van 'n stutvrou (nhlantswa) te voorsien ten einde haar arbeidslas te verlig nie (ver=gelyk hoofstuk V, deel II, B.2).

Huweliksluiting verleen ook aan die deelgenote bepaalde seksuele regte en verpligtinge teenoor mekaar. Behalwe in die geval van rituele onreinheid van die man òf die vrou, mag seksuele omgang nie deur die een aan die ander geweier word nie. Wanneer 'n man omgang eis met sy eie vrou terwyl sy "onrein" is, ontstaan daar egter geen grond vir egskei=ding nie. Die vrou kan ook nie 'n klagte teen haar man aanhangig maak nie. Sy straf ontvang hy langs bonatuurlike weg. Wanneer die man volstrek huweliksregte aan sy vrou weier of vice versa is dit 'n grond vir egskeiding. Impo=tensie van die man of onvrugbaarheid van die vrou is nie 'n grond vir egskeiding nie. 'n Man kan hoogstens 'n stutvrou (nhlantswa) van sy skoonfamilie vra indien dit blyk dat die vrou na die huwelik onvrugbaar is. Die lewering van so 'n stutvrou is slegs 'n morele verpligting en kan nie deur die man in 'n hof geëis word nie (vergelyk hoofstuk V, deel II, B.3).

Omdat poliginie beoefen word en 'n man gevolglik gelyktydig in wettige huwelike met meer as een vrou verbind kan wees, kan 'n vrou nie 'n eis van owerspel teen haar man instel indien hy geslagsgemeenskap met een van sy ander vroue be=oefen nie. Hy is wettig met elkeen van hierdie vroue getroud.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir 'n vrou word alle vorme van geslagsgemeenskap met iemand anders as haar wettige eggenoot (of sy plaasvervanger by die beoefening van die leviraat) konsekwent as 'n onreg= *matige daad van owerspel (vóóswi) beskou. Indien 'n vrou* herhaaldelik owerspel pleeg, kan die man haar skei. By 'n eerste geleentheid van owerspel deur 'n vrou, is haar man egter net geregtig om 'n eis van skadevergoeding teen die skuldige man in te stel. Wanneer 'n man geslagsgemeenskap met ander vroue as sy wettige vroue beoefen, word dit ook as owerspel beskou. Die man kan dan deur die vader of voog van die vrou met wie hy owerspel gepleeg het vir skadever= goeding aangespreek word. Wanneer owerspel ter sprake is, moet dit natuurlik bewys kan word (vergelyk die bewyse hiervoor in hoofstuk V, deel II, B.3). Die normale skade= vergoeding wat vir owerspel geëis word, is 5 beeste of R50-00. Eise wat uit beweerde owerspel voortvloei, word in die meeste gevalle binne die nie-openbare howe verhoor en daar afgehandel. Dit is belangrik om te besef dat die vrou geen klagte wat tot egskeiding kan lei, aanhangig kan maak solank die owerspelige man haar nie op seksuele gebied ver= waarloos nie.

Die sluiting van die huwelik het ook besondere vermoënsreg= telike gevolge vir sowel die man as die vrou omdat dit aan= leiding gee tot die totstandkoming van 'n gesamentlike boedel. Hierdie gesamentlike boedel staan onder die beheer van die man en alle goedere van die gesin word hierin op= geneem. Omdat die vrou altyd minderjarig bly en na die huwelik onder die opsig van haar man ressorteer, kan slegs hy werklik beheer oor die boedel uitoefen. In enige hande= ling met die boedel, is die instemming van die vrou egter noodsaaklik. Haar toestemming is egter nie nodig nie. Solank as 'n man leef, het hy beskikkingsreg oor al die eiendom van sy kraal, insluitende die goedere van elke af= sonderlike huis (guma of ndyangu). 'n Poliginis kan daarom goedere van een huis aan 'n ander leen in welke geval 'n skuldverhouding tussen die twee huise ontstaan. Eers na sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

afsterwe word daar onderskei tussen kraaleiendom en hut-eiendom (vergelyk hoofstuk V, deel II, C) en vererf die verskillende bestanddele van die boedel ooreenkomstig vas=gestelde reëls. Afgesien van kraal- en huiseiendom, beskik sowel die man as sy verskillende vroue elk oor persoonlike eiendom wat nie vervreem kan word sonder die uitdruklike toestemming van die eienaar nie.

Na die huwelik word alle kinders wat uit die vrou gebore word, normaalweg as die wettige kinders van haar man beskou. Die seuns beklee binne elke gesin van hulle vader posisies volgens die orde waarin hulle gebore is. Binne die poligi=niese gesinne-eenheid word die verskillende groepe seuns, ongeag ouderdom, volgens die rangorde van hulle moeder, na mekaar in rang geplaas. Hierdie rangorde is van besondere belang in die erfreg. Daar bestaan 'n afsonderlike rangleer vir dogters maar dié is van minder belang in die reg. Dit is vir 'n man moontlik om die owerspelige kinders van sy vrou, veral wanneer opvolging in status ter sprake is, tot die laagste posisie op die rangleer te demoveer (vergelyk hoofstuk V, deel II, D.2(e)).

Omdat die huwelik nie slegs 'n verbintenis is tussen een man en een vrou nie, het sowel die familie van die man as dié van die vrou bepaalde morele verpligtinge teenoor mekaar. Die plig om die vrou te versorg, gee onder meer aanleiding tot die leviraatgebruik wanneer die man sterf en die plig om 'n vrugbare vrou te verskaf,gee aanleiding tot die lewering van 'n stutvrou wanneer die vrou byvoorbeeld on=vrugbaar is. Kinders wat deur 'n stutvrou gebaar word en kinders wat kragtens die leviraatgebruik verwek is, word as wettige kinders beskou.

Naas die bogenoemde kinders wat wettig tydens die bestaan van die huwelik gebore word, is daar ook ander kinders wat in die huishouding mag wees (vergelyk hoofstuk V, deel II, D.2). Die belangrikste hiervan is voorhuwelikse kinders van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die vrou by haar latere eggenoot of by 'n ander man. Die eersgenoemde groep kinders kom saam met die moeder as wettige kinders die huwelik binne. Die laasgenoemde groep ondervind rangprobleme en kan slegs in uitsonderlike gevalle 'n normale statusposisie toegeken word.

Statusverskille tussen kinders binne die gesinne-eenheid word bepaal deur geslag, ouderdom en die statusposisie van die moeder. Alle seuns is ongeag ouderdom, die seniors van alle dogters. Die onderlinge status tussen seuns enersyds en dogters andersyds word bepaal deur eerstens die statusposisie van hul moeders en daarna deur die orde waarin hulle gebore is. Sekere kinders word egter ook op 'n bepaalde wyse aan mekaar geskakel (ku lovotana) ten einde mekaar te help by die lewering van trougoedere (vergelyk hoofstuk V, deel II, D.5).

Die reg van ouers, veral die vader, om die beheer en voogdy oor sy kinders uit te oefen, is aan die inheemse reg goed bekend. Dit bring 'n versorgingsplig, tugtigingsreg, aanspreeklikheid vir die onregmatige dade van kinders en beheer oor die eiendom van kinders mee. In die geval van dogters bly die vader verantwoordelik vir haar onregmatige dade totdat sy in die huwelik gegee word waarna hierdie verantwoordelikheid op haar man of sy plaasvervanger oorgaan. Wanneer 'n dogter as weduwee of geskeide vrou na die kraal van haar vader terugkeer, is laasgenoemde egter weer aanspreeklik vir haar dade (vergelyk hoofstuk V, deel II, D.6(a)). Seuns daarenteen word na die sluiting van die huwelik konsekwent as volwasse in die reg beskou en vaders kan daarna nie meer aanspreeklik gehou word vir hulle onregmatige dade nie. In die jongste tyd is die howe egter toeskietlik teenoor vaders wie se ongetroude seuns oor 'n eie inkomste beskik. Wanneer so 'n seun herhaaldelik oortree en die vader die hof versoek om hom te onthef van aanspreeklikheid vir die onregmatige dade van so 'n seun, sal dit selde geweier word. 'n Vader kan ook indien sy seun mettertyd nog nie 'n poging aange=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wend het om te trou nie, aan die seun trougoedere voorsien en homself sodoende van aanspreeklikheid vir die dade van sy seun, vrywaar (vergelyk hoofstuk V, deel II, C.6).

Minderjarige kinders is handelingsonbevoegd en kan daarom nie geldige regshandelinge maak nie behalwe in gevalle waar die vader sy uitdruklike toestemming daartoe verleen het. Enige persoon wat met 'n minderjarige kind 'n kontrak wil sluit, moet dus seker maak of sodanige toestemming wel verleen is (vergelyk hoofstuk V, deel II, D.6). As hy sy posisie nie so beveilig nie, het hy geen regsverweer as die minderjarige nie wil presteer nie. Die vader kan nie vir so 'n optrede van sy seun aanspreeklik gehou word nie.

Hoewel 'n vader beskikkingsreg het oor die eiendom van minderjarige kinders, is hy vandag anders as in die verlede, nie meer daarop geregtig om die verdienste van 'n werkende maar minderjarige seun, op te eis nie. In die meeste gevalle sal so 'n seun vandag wel nog die geheel of 'n gedeelte van sy verdienste aan sy vader oorhandig. Dit geskied egter met die verstandhouding dat dit aangewend moet word tot die voordeel van die huis waaruit die seun afkomstig is en waarvan hy later die erfgenaam sal wees (vergelyk hoofstuk V, deel II, D.6(b)).

Kinders het uit die aard van die saak ook versorgingsverpligtinge teenoor hulle ouers. Hoewel hierdie verpligtinge deur die kinders (veral die seuns) gesamentlik gedeel word, berus dit veral by die senior seun as hooferfgenaam van sy vader se boedel. Hierdie verpligting behou hy totdat die mees junior seun (xigumandzeni) in die gesin, trou. Dan word die versorgingsplig hierdie jongste seun se taak. Hy moet dit vir die res van sy lewe nakom (vergelyk hoofstuk V, deel II, D.7).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3. Huweliksontbinding en -voortsetting na sterfte

In die familiereg van die stamme van Mhala word daar voorsiening gemaak vir egskeiding (ku dlaya vukati). Dit kan slegs deur 'n ooreenkoms tussen die familie van die man (of die man self) en die familie van die vrou in die toepaslike familiehof geskied; 'n huwelik kan nie deur 'n openbare hof ontbind word nie.

'n Verskeidenheid gronde kan vir huweliksontbinding onderskei word. Die belangrikste hiervan is die nie-nakoming deur die man of die vrou van hulle verpligtinge in die huwelik (vergelyk hoofstuk V, deel III, A.3).

Die verloop van 'n egskeidingsgeding geskied volgens 'n geykte prosedure. Die inisiatief kan geneem word deur òf die man òf die vrou (haar vader), afhangende van die rede vir die onenigheid in die huwelik (vergelyk hoofstuk V, deel III, A.3). Die onenigheid word dan in die toepaslike familiehof behandel. Die huwelik is ontbind op die tydstip waarop die ooreenkoms om te skei, as 'n bevel van die familiehof gefinaliseer is en nie wanneer die trougoedere teruggegee is nie.

Daar is verskillende gevolge wat vir die reg van belang is, wat uit 'n egskeiding voortspruit (vergelyk hoofstuk V, deel III, A.4). Die belangrikste hiervan is die volgende. Daar is eerstens die persoonlike gevolge vir die huweliksgenote. Vir die vrou bring dit mee dat sy ten dele weer die status in die reg van 'n ongetroude dogter in die kraal van haar vader verkry. Ongeag waar die skuldoorsaak lê, het sy geen eis om onderhoud teen haar man nie. Die regstatus van 'n man daarenteen, verander nie na die egskeiding nie.

Wat die vermoënsregtelike gevolge van egskeiding betref, is dit duidelik dat daar nie verdeling van die gesamentlike boedel plaasvind nie ongeag by wie die skuldoorsaak lê; die boedel bly onder die beheer van die man. Die vrou kan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


hoogstens haar persoonlike besittings (xibya) behou. Die skoonvader behou die trougoedere as die man as die skuldige party uitgewys word. Indien die vrou die skuldige party is, moet die trougoedere teruggelewer word. Dit is belangrik om te onthou dat die trougoedere by die stamme van Mhala in die geheel aan die man teruggegee moet word as die skuldoorsaak vir die egskeiding by die vrou geleë is. In so 'n geval verkry die man die kinders en die trougoedere. Daar word slegs een bees by sy voormalige skoonvader as 'n offerdier namens die kinders gelaat. Daar word nooit by die terug=gawe van die beeste in ag geneem hoeveel kinders die vrou aan haar man gelewer het nie.

Wanneer die huwelik ontbind word, bly die kinders normaalweg onder die beheer en voogdy van die vader. Hulle behou ook hul plek in die senioriteitsrangorde van kinders wat hulle ooreenkomstig die rangorde van hulle moeder ontvang het ondanks die feit dat sy nie meer daar is nie. 'n Moeder word wanneer sy haar man na 'n egskeiding verlaat, toegelaat om beheer oor 'n suigeling uit te oefen tot tyd en wyl hy ge=speen is. In die jongste tyd gebeur dit soms dat daar in die familiehof ooreengekom word dat kinders onder die ouder=dom van ses jaar saam met die moeder gaan en volledig onder die beheer en voogdy van die grootvader aan moederskant kom. Dit is slegs moontlik indien die man (vader) in die familie=hof as die skuldige party uitgewys is maar is nie in ooreen=stemming met die oorspronklike reëls van die inheemse reg nie.

Die afsterwe van enigeen van die deelgenote in 'n huweliks=verbintenis, beëindig nie noodwendig die huwelik as sodanig nie. Wanneer 'n vrou na die sluiting van die huwelik te sterwe kom, kan 'n suster of 'n nabye verwant van haar deur haar familie aan haar man as aanvulling aangebied word. So 'n substituut staan as 'n xipfula yindlu bekend. Die man (wewenaar) kan egter nie 'n xipfula yindlu in die hof eis nie; die skoonvader het slegs 'n morele plig om so 'n sub=stituut te lewer. Die man is by die ontvangs van so 'n vrou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


egter wel aanspreeklik vir die lewering van die hefte van die normale hoeveelheid trougoedere. Die xipfula yindlu betrek die hut van die oorlede vrou, kry dieselfde status as laasgenoemde binne die hiërargie van vroue en het dieselfde regte en verpligtinge as wat die oorledene gehad het (vergelyk hoofstuk V, deel III, B.2).

Wanneer 'n getroude man te sterwe kom, word die huwelik ook nie beëindig nie aangesien sy familie na sy dood moet toesien dat die vroue en kinders wat deur hom nagelaat word, versorg bly en daar na hulle vermoë by hierdie vroue, kinders verwek word. Alle kinders wat na die man se dood gebore word, word as sy wettige kinders beskou. Die versorgingsplig en indien die vrou dit verlang, die verwekkingsplig, word opgedra aan 'n jonger broer van die oorledene. In sommige gevalle kan die versorgings- en verwekkingsplig van mekaar geskei word en kan 'n persoon van "buite", wat deur die familieraad goedgekeur is, toegelaat word om die verwekkingsplig na te kom (vergelyk hoofstuk V, deel III, C.2). Hierdie persoon neem slegs die verwekkingsplig van die oorledene oor. Alle ander pligte en verpligtinge ten opsigte van versorging moet dan deur 'n eie broer of die vader van die oorledene oorgeneem word. 'n Vrou kan egter nie verplig word om die huwelik na die afsterwe van haar man op hierdie wyse voort te sit nie. Indien sy dit verkies, kan die huwelik ontbind word en kry sy die reg om na haar mense terug te keer.

Hoewel die plaasvervanger van 'n oorlede man moet toesien dat laasgenoemde se vrou en kinders behoorlik versorg word, mag hy nie sonder die toestemming van die vrou of die familieraad van die oorledene met die boedel handel nie. Indien 'n vrou na haar man se dood ophou om haar verpligtinge na te kom of haar wangedra, kan die huwelik ontbind word. Hierna kan die verwante van die man sonder haar toestemming met die boedel handel.

Indien daar na 'n man se dood nie genoeg bates in sy boedel is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


om die weduwee en haar kinders te versorg nie, moet die versorgingspligtige uit eie vermoë hierdie gebrek aansuiwer. Sodanige uitgawes kan nie later deur hom van die boedel ver= haal word nie. Die versorgingspligtige is ook verantwoorde= lik vir die onregmatige dade van die vrou en kinders wat hy versorg en moet namens hulle in die hof verskyn. Sy toestem= ming is ook noodsaaklik wanneer die kinders huwelike wil sluit. Onder bepaalde omstandighede, veral wanneer die wedu= wee se seuns groot word en trou, kan die versorgingspligtige van sy verpligtinge teenoor die vrou en die kinders onthef word (vergelyk hoofstuk V, deel III, C.2.b(iii)).

## E. Die erf- en opvolgingsreg

In die erfreg van die stamme van Mhala is daar anders as in die gemenereg,nie alleen sprake van reëlings in verband met die goedere van 'n oorledene nie maar ook van opvolging in die "status" van die oorledene. Opvolging in status word bepaal deur senioriteit van geboorte en het te make met die vererwing van pligte, verantwoordelikhede en voorregte wat 'n oorledene uit hoofde van 'n posisie van aansien binne die gemeenskap gehad het. Suiwer vererwing van goedere kan ook plaasvind wanneer 'n vrou of ongetroude man (wat alleenlik oor eiendom kan beskik), te sterwe kom. Soms kan 'n persoon goedere sowel as status erf omdat die posisie waarin hy ge= bore is aan hom 'n bepaalde status verleen wat hom tegelyker= tyd geregtig maak op bepaalde erfgoedere.

Geen persoon beskik oor die bevoegdheid om te bepaal wie hom na sy dood in status moet opvolg nie; dit word deur die op= volgingsreg van die stam voorgeskryf. 'n Man kan egter wel sy regmatige erfopvolger in status, sodanige status ontneem deur hom te onterf (<u>ku rhukaniwa</u>). In sodanige gevalle kan hy nie opvolg in status nie en ook geen goedere erf nie.

Hoewel die stamme van Mhala nie die reëls van testamentêre vererwing van die gemenereg of die bepalings van artikel 23

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Swart Administrasiewet (1927) ken nie, kan 'n ge=troude man wel oor sekere dele van sy boedel per "testament" beskik. Dit moet egter skriftelik of mondeling voor 'n genoegsame aantal getuies geskied (vergelyk hoofstuk VI, B) waarna dit as bindend beskou word. Alle goedere wat deur 'n lid van 'n bepaalde huis in die boedel ingebring of ontvang is (byvoorbeeld lovolo) word na die afsterwe van die vader as huiseiendom gereken en kan nie "testamentêr" vererf nie.

Indien daar nie op die voorgenoemde wyse aangedui word hoe met die betrokke goedere gehandel moet word nie, vererf dit "intestaat" volgens die regsreëls van die stam.

Naas die goedere wat 'n vader kan besit en wat na sy dood moet vererf, kan hy ook tydens sy lewe verskillende status=posisies beklee. Dit moet na sy dood op andere oorgaan. Die belangrikste hiervan is dié van kapteinskap, liniehoofskap en huishoofskap. Die oudste volwasse seun van 'n kaptein se hoofvrou (die stamerfopvolger), volg sy vader in die kap=teinskap op. Hy volg egter ook in die kaptein se linie=hoofskap en huishoofskap op. Liniehoofskap en huishoofskap vererf vanaf die liniehoof na sy volwasse stamerfopvolger terwyl huishoofskap oorgaan op die oudste volwasse seun van die hoofvrou (mudyandzhaka) en in 'n mindere mate op elke ander vrou se oudste seun (mativula). Wanneer die mudyandzhaka of die mativula sonder seuns te sterwe kom, gaan die status van die vader telkens oor op die volgende junior seun in die senioriteitsrangorde. Die jonger broers van die mudyandzhaka en die mativula erf slegs goedere en kan nie dadelik in die statusposisies opvolg nie. Geen dogter kan die status van haar vader oorneem nie.

Wanneer 'n huishoof sterf, is daar nie alleen sprake van opvolging in die status van huishoof nie, maar ook die beheer oor en vererwing van goedere. Die kern van hierdie reëls is dat die status van die oorledene op sy stamerfopvolger (oudste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

seun van die hoofvrou) oorgaan. Binne elke huis erf die seuns gelyke dele van die goedere van daardie huis. Die beeste wat nie aan huise toekom nie, word onder alle seuns verdeel. Kapitale bates soos landbou-implemente vererf na die stamerfopvolger wat dit tot die beskikking van al die huise moet stel.

Erfgoedere kan egter nie dadelik in besit geneem word nie. Die eerste aanspraak teen die boedel is die versorging van die weduwees en die ongetroude kinders. Die goedere wat kan vererf, word vir doeleindes van vererwing verdeel in algemene kraaleiendom, huiseiendom en die persoonlike besittings van die huishoof. Dit vererf ooreenkomstig vasgestelde reëls (vergelyk hoofstuk VI, E.1). Indien 'n weduwee en haar minderjarige kinders nie na behore versorg word nie, kan sy 'n klagte by die familie van haar oorlede man aanhangig maak.

Indien die moeder voor die vader te sterwe kom, bly die huisgoedere deel van die gesamentlike boedel. Die seuns is gevolglik nie geregtig op hulle erfdeel uit die huisgoedere van hulle moeder voordat die vader sterf en die boedel beredder word nie.

Die persoonlike eiendom van 'n vrou gaan na haar dood op haar man oor. Hy moet dit vir die oorledene se kinders as erfgoedere bewaar. Wanneer die vrou as langslewende te sterwe kom, vererf haar persoonlike goedere soos klerasie, eetgerei en slaapmatte in gelyke dele na haar dogters. Alle ander persoonlike eiendom soos beeste en geld,vererf na haar seuns.

Die eiendom van 'n ongetroude persoon word as die eiendom van die huis waaruit hy afkomstig is, beskou. Wanneer so 'n persoon te sterwe kom, gaan sy eiendom na sy vader en na die vader se dood gaan dit na die hooferfgenaam in die huis waarin die persoon gebore is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer 'n man sonder 'n manlike nasaat te sterwe kom, kan een van twee moontlike prosedures gevolg word ten einde die vererwing van sy goedere moontlik te maak. Eerstens kan 'n manlike verwant as beheerder oor die boedel aangewys word. Die goedere van die oorledene moet egter tot die voordeel en versorging van sy weduwee(s) en ongetroude dogters aan=gewend word. Wanneer al die dogters getroud is en die wedu=wees almal te sterwe gekom het, vererf die oorblywende goedere na die man se vader. Indien laasgenoemde reeds oorlede is, vererf dit na die oudste seun van die huis waaruit die oor=spronklike erflater gebore is. Die alternatiewe moontlikheid is om vir die oorledene na sy dood met sy beeste 'n vrou te trou en volgens die leviraatgebruik by haar vir hom 'n erf=genaam te verwek.

Direk na die afsterwe van 'n man,wys sy familieraad 'n per=soon aan om die boedel te beheer, die afhanklikes uit die boedel te versorg en dit sover as moontlik te likwideer. Die beredd̹ering van die boedel (ku ava sambo) geskied twaalf maande na die sterfte,dit wil sê na afloop van die voorgeskrewe rouperiode. Die gehele boedel word dan deur die persoon wat dit gedurende die rouperiode beheer en geadministreer het op 'n familievergadering verdeel. Enige beswaar teen die wyse van verdeling van die boedel moet so gou as moontlik by die verdeler aanhangig gemaak word. Indien geen tevredenheid deur die beswaarmaker verkry kan word nie, kan die aange=leentheid by 'n openbare hof aanhangig gemaak word.

## F. Slot

### 1. Metodologiese bevinding

In die gang van die bestudering van die privaatreg van die stamme van Mhala is daar die bewys gevind dat oppervlakkige opname-tegnieke geen bruikbare resultate in die navorsings=veld oplewer nie. Dit dien geen doel om baie mense oor die variasies in wat hulle as korrekte lewenspraktyk beskou,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die hand van 'n vraelys te ondervra nie. Vir die op=tekening van die inheemse reg is daar net een weg om te volg en dit is die sistematiese ondervraging in diepte van die beste deskundige informante oor hierdie terrein.

Die privaatreg raak byna die hele lewensterrein. Om die regsreëls wat op elke terrein van die lewe geld, van die algemene wellewendheidsvoorskrifte te skei, vereis dat die navorser allereers 'n baie goeie algemene kennis van die lewenspatroon van die teikengroep moet hê. Alleen dan kan hy die ondervraging van informante werklik vrugbaar lei. Die eise wat so aan die navorser gestel word, is dus besonder hoog. Hy moet nie net bedrewe wees in die ondervragingstegniek nie, maar ook deur voorstudie 'n deeglike kennis van die etnografie van die stam waar hy wil gaan werk, verwerf.

Voor met die werklike navorsing begin kan word, moet die welwillende samewerking van die teikengroep verwerf word. By navorsing oor ander lewensterreine is die goeie gesind=heid van slegs die informante van belang. By regsopteke=ning het hierdie studie bevind dat die ondersteuning en aktiewe samewerking van die gesagsfigure van deurslaggewende waarde is. Regsoptekening vra na die doen en late by die gee van uitsprake in hofsake. As die samewerking van die gesagsinstansies nie verkry kan word nie, is hierdie be=langrike terrein vir ondervraging nie vir die navorser toeganklik nie.

Dit kan met vrymoedigheid beweer word dat daar in hierdie studie daarin geslaag is om die samewerking te verkry van plaaslike gesagsinstansies en van die informante. Juis daarom is die sekerheid dat die navorsing sonder hierdie plaaslike steun nie kan vorder nie, so helder.

Die ondervraging van informante behoort aan die hand van 'n onderwerpsindeks in plaas van 'n gedetailleerde vraelys te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


geskied. Dit is moeilik om vrae vooruit presies te formuleer. Die gebruik van 'n onderwerpsindeks verseker dat daar tydens die ondervragingsproses 'n gemaklike gespreksatmosfeer sal heers waarin die navorser deur sy informante geleer word. Wanneer die navorser sy oog op die onderwerpe waaroor die gesprek moet gaan, hou, is dit moontlik om die terrein sistematies te dek hoewel nie altyd in die aanvanklike orde waarin die onderwerpe voorberei is nie. By die ordening van die onderwerpe is dit goed om te onthou dat informante die beste vaar met ondervraging wat op 'n chronologiese orde soos die lewensloop van die individu of die verloop van 'n hofsaak gebou is.

Die ervaring het geleer dat dit die beste is om informante in groepies te ondervra. Hierdie spanwerktegniek lewer goeie resultate omdat die lede van die span hulle kennis en oordele met mekaar kan beredeneer en mekaar se geheue oor bepaalde onderwerpe kan aanvul.

Wanneer die navorsing van volkekundiges oor die regstelsel van die stamme onder die Suidoos-Bantoe nagegaan en beoordeel word, moet 'n mens erken dat daar leemtes in voorkom. Afgesien van die feit dat daar terreine is wat nie gedek word nie, is dit opvallend hoe moeilik algemene wellewendheidsreëls van regsreëls geskei kan word. Ouer navorsingsresultate toon dus 'n gebrek aan gedetailleerde gegewens en 'n swak aanduiding van regsreëls as sodanig. Die enigste wyse waarop hierdie leemtes oorkom kan word, is dat die volkekundige hom bereid moet verklaar om die leiding en advies van 'n juris in die samestelling van die onderwerpsindeks vir ondervraging te aanvaar. Hiernaas moet die navorser informante gedurig vra of bepaalde gebruike in 'n hof afgedwing kan word. Hierdie laasgenoemde ondervragingstegniek is eenvoudig genoeg vir die veldwerksituasie.

Die resultate van die ondervraging in diepte moet as deel van die navorsingsmetode aan 'n toets onderwerp word om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



korrektheid daarvan te verseker. Daar is twee van hierdie toetshandelinge by regsoptekening in die verlede gebruik. Die een is om verskillende groepe informante onafhanklik van mekaar oor dieselfde terreine te ondervra en die resultate te vergelyk. Dit wat ooreenstem, kan as bewese aanvaar word. Hiernaas moet 'n reeks hofsake wat werklik verhoor is, op= geteken word. Hieruit kan die algemene bewerings van infor= mante telkens aan konkrete gevalle getoets word. Ek ag my gelukkig dat dit moontlik was om albei hierdie toetsmetodes onder die stamme van Mhala te kon gebruik.

Die slotsom waartoe hierdie metodologiese bevinding 'n mens bring, raak twee sake. Dit moet in die eerste instansie erken word dat dit nie moontlik was, en blykbaar ook nie moontlik sal wees, om elke regsreël wat van informante ver= kry is, aan 'n hofsaak te toets nie. Sommige regsreëls is volgens die geheue van informante nog nooit in hofgedinge betrek nie. In sulke gevalle het 'n mens geen ander keuse as om die formulering van informante van wat die reg is, te aanvaar nie. Dit is in sulke gevalle dan belangrik om die onderling ondersteunende resultaat van die ondervraging van verskillende groepe informante te kan aanbied.

Ten tweede is dit duidelik dat die huidige geykte lewens= praktyk in Mhala, en moontlik ook elders onder die Suidoos-Bantoe, vanweë 'n proses van verwestersing soms afwyk van dit wat informante en besliste sake as die geldende reg aandui. Daar is 'n mate van onsekerheid by jonger infor= mante van wat die korrekte regsreëls is. So 'n toestand kan as normaal vir 'n situasie van kultuurverandering beskou word. Dit onderstreep egter die belangrike taak en verant= woordelikheid wat die heersende staatsgesag het om met wetgewing 'n vaste koers in hierdie onsekerhede en soms teenstrydighede aan te bring.

## 2. Individu en groepsverband

In afdeling B van hoofstuk I is daar aangedui dat die juris

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in die sistematisering van sy studiestof van die individu uitgaan. Dit gaan om die ontstaan en te niet gaan van 'n regsubjek (Personereg), die wyse waarop die individu hom in die huwelik aan 'n ander verbind en die gevolge daar=van (Familiereg) asook die wyse waarop die individu vermoë bekom en daaroor kan beskik (Vermoënsreg) of dit kan laat vererf (Erfreg), ensovoorts. Daar is ook daarop gewys dat informante hierdie indelingsisteem by die ondervraging vreemd gevind het net asof dit nie voldoen aan die wyse waarop hulle aan situasies in die reg dink nie.

Dit word uit die literatuur gesuggereer dat die individu binne sy groepsverband op regsterrein by die Suidoos-Bantoe die funksionerende eenheid is en nie die individu as 'n onverbonde entiteit nie. Op die perspektief wat dit oor die samehang in die reg bring, word daar hieronder teruggekom.

Dit moet in die eerste instansie duidelik gesê word dat die optrede van die alleenstaande individu in die inheemse reg by die stamme van Mhala van veel minder belang is, as die optrede van die individu ondersteun deur sy groepsverband. Die groepsaanhorigheid wat hier van belang is, is in die eerste instansie die groter gesinne-eenheid of kralekompleks waaraan die individu behoort en in die tweede plek die indi=vidu se linieverband. Dit gaan om die eenheid waarin hy woon en die eenheid waaruit hy stam.

Uit die gegewens (vergelyk hoofstuk III, D) is dit duidelik dat die individu se posisie binne hierdie verbande op 'n besondere wyse deur die geldende senioriteitstruktuur be=paal word. Dit gaan nie net om posisies van senioriteit nie maar juis om die feit dat junior persone opsien en steun soek by dié wat senior is, en dié wat senior gebore is deur geboorte die taak van toesig oor die minderes ontvang. Die verpligtinge wat hieruit spruit, kan nie altyd in regsreëls uitgedruk word nie maar sonder 'n begrip daarvan word die funksionering van die regsreëls moeilik verstaanbaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In hoofstuk I, B is dit in die vooruitsig gestel dat hierdie groepsgebondenheid hoofsaaklik op die terrein van die pri= vaatreg aangedui sal kan word. Die ingesamelde materiaal het die bestaan van hierdie benadering ook in die administra= tief- en prosesreg bewys soos die voorbeelde hierna sal aan= toon.

In die beskrywing van die gesagstruktuur in hoofstuk III, A.3 moes daar telkens verwys word na die verantwoordelikheid van die familieraad van die regerende linie waarvan die stamhoof slegs maar as die aangewese openbare vergestalting beskou kan word. Hierdie raad trou sy stamvrou, wys die opvolger aan, vorm 'n toesighoudende liggaam oor die eer= baarheid van sy pligsvervulling, vorm die kern van die stam= raad, ensovoorts. Die populêre beeld van die kaptein as 'n byna outokratiese regeerder oor sy mense, is voorwaar aan ernstige kwalifikasies onderhewig. Dit is nie hy en sy optrede wat die deurslag gee nie, maar die steun wat hy van sy liniegenote ontvang.

In die beskrywing van die prosesreg kan daar talle voor= beelde van hierdie verskynsel aangedui word. Dit moet on= middellik toegegee word dat die individu alleen in die hof staan, dat dit hy is wat eis en skadevergoeding ontvang en skadevergoeding lewer. Agter die skerms vervul sy verwante in die familieraad en linieverband egter vir hom 'n onmis= bare funksie. Dit is weer eens 'n funksie wat nie in die reg afgedwing kan word nie. Vergelyk byvoorbeeld die volgende gegewens: By enige klagte teen 'n persoon word dit ter aanvang deur die familiehof van die verweerder verhoor. Hulle bepaal of hulle lid as verweerder werklik aanspreeklik is. As hy blaamwaardig bevind word, moet hy skadevergoeding lewer. As hy na 'n openbare hof appelleer haal hy hom die gramskap van sy familie op die hals. Hulle gaan nie saam met hom hof toe nie. Hy sal daar werklik alleen staan. Indien die familie egter reken dat hulle man as eiser die ongelyk gekry het, sal hulle hom in sy appèl steun en saam

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

met hom na die openbare hof gaan. As hy nie die steun van sy familie geniet nie, sal hy hom onreg laat welgeval eerder as om die stryd in die hof alleen aan te durf. Hierdie feit word goed deur sake 2 en 25 geïllustreer. In die lig van hierdie siening kry die moontlikheid van 'n versoeningsoffer wat in die familiehof soms deur die litigante alleen en soms saam met die lede van die hof geëet word, nuwe betekenis. Dit gaan nie om die versoening van individue met mekaar nie maar ook om die herstel van 'n versteurde groepsolidariteit wanneer twee van die eie groep mekaar in die hof teenstaan. Die individu kan hier nie los gedink word van sy verwante wat hom ondersteun nie.

In die familiereg is die voorbeelde nog veel talryker. Die huwelik kan as 'n verbintenis tussen twee families ge= sien word waarvan die vaders aan weerskante of dan die bruide= gom en sy aanstaande skoonvader en sy dogter, as verteenwoor= digers van die groepe na vore tree. Alles wat gedoen word, moet agter die skerms die ondersteuning van die verwante aan weerskante wegdra. Baie min van hierdie pligsplegingе is in die reg afdwingbaar en tog is dit noodsaaklik vir die funksionering van die individu in die regsverhoudinge.

Dieselfde kan gesê word van die wyse waarop die familie van die man hulle gestorwe verteenwoordiger in die huwelik deur die leviraat vervang of die wyse waarop die vrou met sororale aanvulling tot 'n volwaardige verteenwoordiger van haar familie aangevul word. Slegs aspekte van die ver= sorging en verwekkingsplig is by hierdie gebruike in die hof afdwingbaar. As daar net na die regsreëls gekyk word, word die samehang van die geheel nie so maklik raakgesien nie.

Wanneer die huwelik ontbind moet word, vind 'n mens dieself= de patroon. Dit is nie 'n saak wat slegs die man en die vrou raak nie. Hulle is verteenwoordigers van hulle onderskeie verwantegroepe en tot tyd en wyl hierdie belanghebbendes aan weerskante daartoe toestem, kan daar geen egskeiding plaas=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


vind nie. Sonder die steun van die eie verwante, is die individu hier uitgelewer aan skoonfamilie wat vyande geword het.

Selfs in die erfreg kan dieselfde verskynsel geïllustreer word. Hier word by die verdeling van 'n boedel, 'n bestaande kralekompleks verdeel en vanaf elke seun word die aanvang van 'n nuwe kraalkompleks aangedui. Daar is in die hele stel regs=reëls selde sprake van 'n ongekwalifiseerde persoonlike ver=ryking deur erfgoedere of die wins van persoonlike statusver=kryging. Die groepsverantwoordelikheid wat elke erfgenaam het teenoor sy broers en die oudste seun in elke huis teenoor sy mindere broers en susters, kan maklik aangedui word. Die stamerfopvolger is die beskikker oor bates waarop almal 'n aanspraak het. Slegs enkele van die genoemde verhoudinge word in die howe deur die reg sigbaar.

Die vermoënsreg is die deel van die privaatreg wat in die studie die minste aandag kry. Selfs hier waar die individu veronderstel is om alleen te staan, vind 'n mens die teendeel. Wanneer 'n leen- of ruiltransaksie aangegaan word, sal die individu in elke geval die ondersteuning van sy verwante soek. Wanneer hy in skuld beland, sal hy ondersteuning vra en deur sy verwante gehelp kan word. 'n Mens moet voorwaar versigtig wees om jou nie in die reg blind te staar op die individu nie want hy is slegs die voorpunt van 'n hele groep.

Uit die aangeduide voorbeelde kan 'n mens aflei dat dit die individu se onmiddellike verwante is wat hom in die same=lewing dra en in sy regshandelinge steun. Dit gaan in die eerste instansie om sy patriliniêre verwante wat binne drie generasies van een gemeenskaplike voorvader afstam. Hierdie beperkte liniegroep vorm die kern van die samewonende groter gesinne-eenheid en is die verband waarbinne die individu sy plek en posisie vind.

Dit is dus die gevolgtrekking dat waar die individu regsubjek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

en sy handelinge die basis van die indeling en samehang in die gemenereg en veral in die privaatreg vorm, hierdie uitgangspunt vir die inheemse regstelsels van Mhala, en vermoedelik ook elders, te eng is. Die individu is nog steeds daar en baie van die afdelings en indelings in die reg kan in gebruik bly maar die werklike samehang in die regshandelinge, is die wyse waarop die individu as verper= soonliking van veral sy linieverband in die reg optree. Dit is die verband waarbinne informante hulle gedagtes kon uit= druk. Dit is met hierdie verband en samehang in gedagte dat die gemaklikste ondervraging gedoen kon word.

## G. Verandering

Dit word dan 'n sydelingse gevolgtrekking uit hierdie feitereeks dat wanneer daar van verindividualisering of verandering in die huidige opset gepraat word, dit in byna elke geval verwys na 'n proses waarin die individu losser en meer selfstandig binne hierdie linieverband kan begin optree. Al sou dit so wees, moet 'n mens nog eens duidelik sê dat hierdie groepsverbande wat die individu onderskraag, nog lank nie hulle betekenis in Mhala verloor het nie. Voorbeelde van hierdie proses wat in hierdie studie aange= dui word, is die feit dat 'n vader nie meer ten volle aanspreeklik gehou word vir die onregmatige dade van sy seun wat reeds self verdien nie, of die feit dat seuns tans self die inisiatief neem by die keuse van 'n huweliksmaat of die feit dat weduwees vandag die verwekkingspligtige by hulle, buite die verwante van hulle man kan kies. Al hierdie ver= anderings ten spyt, is dit baie duidelik dat die funksie en betekenis van die linieverband en groepsverbondenheid wat die individu onderskraag, nog lank nie in Mhala verdwyn het nie. Dit vorm so wesentlik deel van die aard van die inheemse reg dat informante telkens nie kon verstaan waarom die onder= vraging die klem plaas op die individu in plaas van die ver= wantegroep wat hy verteenwoordig nie. 'n Mens kan Myburgh (1972:183) dus gelyk gee waar hy beweer dat "Among the South

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

African Bantu the articulate factors in private law are groups" en dat " ... subjektiewe regte by die Suid-Afrikaanse Bantoe altyd deur lede van die groep gedeel word" (Myburgh 1972:183).

Daar is in die laaste instansie duidelike bewys gevind dat die verindividualiseringsproses leemtes in die vermoë van die inheemse regstelsel om doeltreffend te funksioneer, uit=gewys het. Daar kan ook op direkte botsings met die gemene=reg gedui word.

Die inheemse reg word vandag verplig om aanpassinge te maak om nuwe lewenswerklikhede doeltreffend te reël. Voorbeelde hiervan is die tendens om aan ongetroude seuns wat deur 'n eie verdienste ekonomies onafhanklik geword het, bykans die status van 'n getroude volwasse man in die reg toe te ken, of die tendens om aan die vrou by die afwesigheid van die man 'n toenemende vermoë toe te ken om selfstandig met bates uit die gesamentlike boedel te handel. Die laasgenoemde ver=skynsel hang saam met die neiging by mans om hulle onderhouds= en versorgingsplig ten opsigte van die weduwees van hulle ouer broers te ontduik. Al wek dit die gramskap van ouer informante, moet hulle ook erken dat dit die resultaat is van veranderde lewensomstandighede.

Die direkte botsings wat daar tussen die bepalings van die landsreg en die inheemse reg ontstaan, is goed bekend. Dit raak veral die reëling van die begrip huwelik teenoor gebruik=like verbinding, die ontbindingswyse vir die twee soort eg=verbintenisse asook die effek daarvan in die erfreg. Infor=mante het hierdie botsinge nie geken nie. Daar word dus nie dieper daarop ingegaan nie.

Dit is egter baie duidelik dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan die ordelike reëling van staatsweë van die bogenoemde leemtes in die funksionering van die inheemse reg en die botsinge daarvan met die gemenereg. Daar word dringend

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


daarvoor gepleit dat die regering van Gazankulu bereid moet wees om deur wetgewing koers in die verwarring aan te dui.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## BYLAE 1

### SAKE

### SAAK 1

A en B is bure. Op 'n dag het A die beeste van B in sy lande gekry. Nadat hy hulle uitgejaag het, het A na die kraal van B gegaan en hom beskuldig dat sy beeste die lande van A geplunder het en dat hy daardeur skade berokken is.

B het die aantyging ontken aangesien die oes reeds van die lande verwyder was en die beeste volgens hom geen skade kon aanrig nie. A het hom vererg vir die verweer van B en het hom te lyf gegaan.

B het, uit vrees vir A, weggehardloop en direk na die polisiekantoor op Bosbokrand gegaan waar hy 'n klag van aan=randing teen A aanhangig gemaak het.

A is deur die polisie gearresteer en daarna deur die plaas=like magistraat skuldig bevind aan aanranding en gevonnis tot 'n boete van R30-00 of 30 dae gevangenisstraf.

A kon nie die boete betaal nie en is gevolglik vir 30 dae gevange gehou. Na sy ontslag het hy teruggekeer huis toe. By sy terugkeer het B, wat nog steeds ongelukkig was oor die wonde wat hy tydens die aanranding opgedoen het, weer 'n saak van aanranding teen A by die familiehof van A aanhangig ge=maak.

Die saak is deur A se oom, in die afwesigheid van A se vader wat in Johannesburg werksaam was, verhoor.

A is blaamwaardig bevind en deur die hof gelas om skadever=goeding van 1 bees of R10-00 aan B te lewer.

A het heftig beswaar gemaak teen die uitspraak. Hy het ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duidelik dat hy reeds deur die magistraat skuldig bevind is vir die oortreding en dat hy 'n gevangenisstraf van 30 dae uitgedien het.

Die hof het egter beslis dat A nog net skadevergoeding aan die staat gelewer het en dat hy nog nie vir B vergoed het vir die pyn en lyding wat hy moes verduur nie.

A het geweier om die skadevergoeding te lewer en B het die saak na die kapteinshof geneem.

A het sy vader uit Johannesburg ontbied om die verhoor in die kapteinshof by te woon.

In die hof het B weer eens sy saak gestel. A het daarop ge=tuig wat vooraf gebeur het. Daarna het A se vader versoek dat die saak na die familiehof terugverwys word. Die redes vir sy versoek was dat :

1. Hy nie teenwoordig was toe die saak in die familiehof verhoor is nie en bygevolg nie bewus was dat A geweier het om skadevergoeding aan B te lewer nie.

2. Hy, as vader van A, geregtig is om self die saak teen sy seun in die familiehof te verhoor.

Die kaptein het die versoek toegestaan en die saak terugver=wys. In die familiehof het A se vader bevind dat

(i) A geen grondige rede gehad het om B aan te rand nie.

(ii) Hoewel B verkeerd gehandel het deur die saak direk na die magistraatshof te neem en A 'n gevangenis=straf moes uitdien, A nog aanspreeklik is om skade=vergoeding aan B te lewer.

Hy het beslis dat A 'n bees of R10-00 aan B moet lewer. A moet ook die <u>mangala</u> wat B aan die kapteinshof gelewer het, terug=betaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Saak 2

A en B het 'n verhouding gehad met dieselfde meisie, (C). B het egter vir A voorgespring en met C getrou.

Enkele maande nadat B en C getroud is, is daar 'n bierparty gehou waar A sowel as B teenwoordig was. B het te veel ge= drink en siek geword. Hy het die kraal van die gasheer ver= laat en buite in die lang gras aan die slaap geraak. Aldaar is hy deur iemand oorval en met 'n mes aangerand. Die aan= rander het weggehardloop voordat B hom kon eien. B het eg= ter gemerk dat sy aanrander 'n blou ritsbaadjie gedra het. Nadat B hulp ontbied het, is hy na die hospitaal geneem en behandel.

B het hierna vir A beskuldig dat hy hom aangerand het. Die saak is in die familiehof van A verhoor.

A het die klagte teen hom ontken. Aangesien B nie oor ge= noegsame bewys beskik het nie, kon die hof geen uitsluitsel in die saak gee nie. B het die saak daarna na die wykshof geneem.

In die wykshof het A weer eens ontken dat hy vir B aangerand het. B daarenteen het vas geglo dat dit A was wat hom aan= gerand het aangesien 1) A voor haar huwelik 'n verhouding met sy vrou gehad het en volgens hom steeds op haar verlief is en 2) A dieselfde soort blou ritsbaadjie dra as díé wat sy aanrander aangehad het.

Die hof het nie ingegaan op die verhouding wat A met C gehad het nie maar wou die identiteit van die aanrander vasstel. Die getuienis van B dat A dieselfde soort blou ritsbaadjie dra as wat sy aanrander aangehad het, was nie vir die hof 'n genoegsame bewys dat dit wel A was nie, aangesien baie jong mans in die stamgebied sulke baadjies dra.

Die wykshof het die saak te "swaar" gevind en dit na die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kapteinshof verwys.

In die kapteinshof het B sy beskuldiging teen A herhaal. Hy het ook aan die hof verduidelik onder watter omstandighede hy aangerand is en waarom hy vir A daarvan beskuldig.

A het erken dat hy die bierparty begewoon het maar het ont=ken dat hy vir B aangerand het. Hy het wel erken dat hy die betrokke aand 'n blou ritsbaadjie aangehad het.

Die hof het geargumenteer dat daar wel 'n verband kan wees tussen die blou ritsbaadjie wat A dra en dié wat die aanran=der aangehad het, maar het die getuienis om dieselfde rede as die wykshof verwerp.

Die hof het daarna gekonsentreer op die beweerde verhouding wat A met C gehad het. A het erken day hy 'n verhouding met C gehad het en dat hy begerig was om met haar te trou maar dat B hom voorgespring het. Hy het ook erken dat hy haar nog steeds bemin en dat hy vir B steeds verkwalik dat hy haar van hom weg=gerokkel het.

Die hof het, op grond van hierdie erkenning beslis dat dit A is wat vir B aangerand het. Hy is beveel om R20-00 of 2 beeste aan B te lewer.

<u>Nota</u>: A was aanvanklik nie geneë om hom by die uitspraak te berus nie. Sy vader en sy vadersbroers het hom egter oorreed om die skadevergoeding te lewer omdat

(i) Hy wel die bierparty bygewoon het.
(ii) Hy in die hof erken het dat hy 'n wrok dra teen B.
(iii) Hy steeds verlief is op C, en
(iv) Hy dieselfde soort ritsbaadjie aangehad het as wat die aanrander gedra het.

Hierdie getuienis sou volgens hulle mening teen A ge=hou word, indien die saak op appèl sou gaan na die magistraatshof.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Saak 3

Vrou A is 'n weduwee met drie klein kinders. Twee van haar kinders het egter kort na mekaar gesterf. Aangesien die kinders so kort na mekaar oorlede is, het sy ene B ('n vrou) van die beoefening van bose towery verdink. Sy het 'n klag van towery teen B by die wykshof aanhangig gemaak.

Nadat die xandla xa ndhuna haar klagte aangehoor het en die nodige hofgelde gelewer is, is B van die klagte teen haar in kennis gestel.

B het egter aan die hofkonstabel wat haar van die klag kom verwittig het, gesê dat sy nie die regverdiging van so 'n saak teen haar kan insien nie en dat sy weier om by die ver= hoor teenwoordig te wees. Die wykshoof het daarna die hof= konstabel beveel om toe te sien dat B wel die verhoor bywoon. B het die bevel gehoorsaam en daarna opgedaag vir die ver= hoor van die saak.

Nadat A haar saak in die wykshof gestel het, het B weer eens vermeld dat sy niks van die hele aangeleentheid weet nie.

Die wykshoof het aan A gevra of sy die saak vooraf met B bespreek het en of sy soos dit die gebruik by alle towery= sake is xihloma xihluka het, dit wil sê, 'n amptelike klag by die kraal van B aanhangig gemaak het.

A het beweer dat sy uit vrees vir die towerkragte waaroor B beskik, dit nie gedoen het nie.

Die wykshoof en sy hofraad het beslis dat hy nie bevoegd is om die saak te verhoor alvorens A nie 'n amptelike klag van towery teen B by haar kraal gelê het en die saak eers in die familiehof van B verhoor is nie. Die hof het geweier om die saak te verhoor en dit na die familiehof van B verwys.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Saak 4

'n Man (A) het sy buurman (B) daarvan beskuldig dat B se beeste die lande van A geplunder het. Hy het skadevergoe= ding ten bedrae van R60-00 van B geëis. Die saak is in die kraalhof van B verhoor.

Die agtergrond van die saak is as volg: Die beeste van B het reeds by 'n vorige geleentheid in die land van A gekom en skade aangerig. A het toe vir B ontbied en tesame met 'n derde persoon die skade probeer beraam. Nadat die skade be= reken is, het B aan A gesê dat hy nie die skade in kontant kan vergoed nie. A het daarop geëis dat B sy beeste tot die beskikking van A moet stel sodat hy die lande weer kan be= werk. Hy het ook geëis dat B hom van saad moet voorsien. B het geweier en A het die saak daar gelaat.

Nadat die beeste vir 'n tweede keer die gesaaides van A ge= plunder het, het A die onderhawige saak by die familiehof van B aanhangig gemaak.

A het getuig wat vooraf gebeur het. Hy het hom egter bereid verklaar om die vroeëre skade wat die beeste van B aangerig het te kondoneer en dat hy slegs skadevergoeding ten bedrae van R60-00 eis vir die skade wat B se beeste die tweede keer aangerig het.

B het erken dat sy beeste by twee geleenthede die lande van A geplunder het. Hy is gevolglik deur die hof blaamwaardig bevind en beveel om R60-00 skadevergoeding aan A te lewer.

B het hom berus by die uitspraak van die hof maar het aange= voer dat hy 'n arm man is en dat hy slegs oor R20-00 kontant beskik. Hy het dit dan ook as skadevergoeding aangebied.

A was bereid om die R20-00 te aanvaar mits B onderneem om sy beeste in die vervolg beter op te pas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die hof het op grond van A se bereidwilligheid om die aan=bod van B te aanvaar, vir B beveel om die R20-00 aan A te lewer.

Nota : Hierdie R20-00 is nie deur die hof as skadever=goeding beskou nie maar as umchachazelo, enersyds omdat dit baie minder is as die skade wat A gely het en andersyds omdat dit 'n versoening tussen A en B bewerkstellig het.

Saak 5

A, wat getroud is met B, het vir 'n periode van tien maande in Johannesburg gewerk. Sy vrou het in die stamgebied aan=gebly. By sy terugkeer het hy gemerk dat sy vrou ongeveer 6 maande swanger is. Aangesien hy nie verantwoordelik kon wees vir sy vrou se swangerskap nie, het hy haar van ower=spel beskuldig. B het, sonder om die beskuldiging te erken of te ontken, vir A verlaat en teruggekeer na haar ouerhuis.

Enkele dae nadat sy vrou hom verlaat het, het C by die kraal van A opgedaag. Hy het vir A beskuldig dat dié hom (C) wederregtelik verdink van owerspel met B. Hy het ook aan A gesê dat hy moet onthou dat hy nie met sy werk getroud is nie, maar met B. Indien A sy vrou beter oppas sal hy weet met wie sy vrou owerspel gepleeg het.

C het daarop R10-00 skadevergoeding van A geëis omdat hy hom belaster het. Die saak is in die familiehof van A verhoor.

A sowel as B het ontken dat A vir C beskuldig het van ower=spel met B of hom enigsins belaster het. A het verder ge=tuig dat C sy kraal ongenooid binnegekom het en hom van las=ter kom beskuldig het.

C daarenteen kon geen bewyse lewer dat A hom belaster het nie. Die hof het beslis dat A onskuldig is maar ten einde 'n ver=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


soening tussen die partye te bewerkstellig, het die hof be= veel dat C umchachazelo van R2-00 aan A moet lewer. Die rede hiervoor is dat C die kraal van A ongenooid binnegekom het en vir A wederregtelik van laster beskuldig het. C het geweier om die versoeningsoffer te lewer waarop A op sy beurt weer 'n saak teen C by die wykshof aanhangig gemaak het. Hy het C daarvan beskuldig dat hy hom wederregtelik van laster beskuldig het.

Die wykshof het A gelyk gegee en vir C beveel om skadever= goeding van R10-00 aan A te lewer. C het weer eens geweier om die uitspraak te gehoorsaam waarop A die saak na die kapteinshof geneem het.

In die kapteinshof is C weer eens blaamwaardig bevind en deur die hof beveel om skadevergoeding van R20-00 of 2 beeste aan A te lewer.

C het uiteindelik berus by die uitspraak van die hof en het onderneem om die skadevergoeding aan A te lewer. Hy het ook onderneem om die mangala (R5-00) wat A gelewer het om die saak te laat verhoor, aan hom terug te betaal.

C het egter nie die skadevergoeding aan A gelewer nie. Hy het daarenteen weer 'n saak teen A aanhangig gemaak in die kapteinshof.

Hy het A daarvan beskuldig dat hy hom belaster het deur te beweer dat hy owerspel met B gepleeg het (vergelyk die vroeëre verhoor van dié aangeleentheid in die familiehof van A).

Nadat C sy saak gestel het, het A aan die hof gevra of C ge= regtig is om 'n saak teen hom aanhangig te maak alvorens hy (C) die skadevergoeding van die vorige hofsaak aan A gelewer het.

Die kaptein het beslis dat C nie daartoe geregtig is nie en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dat sy saak foutiewelik ontvang is en op die "rol" geplaas is. Hy het beveel dat C die saak moet terugtrek. Hy het ook beveel dat die stamsekretaris die hofgeld (R5-00) wat C by die aanmelding van die saak gelewer het, as eerste paaie= ment van C se uitspraakskuld, aan A moet oorhandig. C is ook beveel om onmiddellik die restant van die uitspraak= goedere (2 beeste of R20-00) aan A te lewer. Die kaptein het vir hierdie doel 'n hofkonstabel beveel om die partye te vergesel ten einde te verseker dat C die hofbevel nakom.

Nadat C 2 beeste voor die hofkonstabel aan A oorhandig het, het hy teruggegaan na die kapteinshof en weer 'n eis van laster teen A ingestel. Hy het 2 beeste of R20-00 van A ge= eis.

Nadat die hofkonstabel getuig het dat C die vorige hofbevel nagekom het, is die saak verhoor.

Uit die getuienis wat gelewer is, was dit vir die hof duide= lik dat:

1. A wel sy vrou beskuldig het van owerspel.
2. Sy vrou wel owerspel gepleeg het.
3. A nie vir C daarvoor aanspreeklik gehou het nie of ooit sy naam in dié verband genoem of hom enigsins belaster het nie.

Die hof het beslis dat, aangesien C geen bewyse kon lewer dat A hom belaster het nie, sy eis om skadevergoeding nie toege= staan kon word nie. C het ook die <u>mangala</u> verbeur wat hy aan die hof gelewer het.

Na afloop van die hofverrigtinge het C na die dipinspekteur gegaan en aan hom gesê dat die kaptein beveel het dat die 2 beeste wat hy vantevore aan A gelewer het, aan hom terugbe= sorg moet word. Hy het ook die dipinspekteur versoek om die 2 beeste onder die naam van A te skrap en by sy naam in te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voeg. Daarna het hy die 2 beeste na sy kraal geneem.

A het, nadat hy van die gebeure verneem het, 'n klag van diefstal teen C by die kapteinshof aanhangig gemaak. Die kaptein het, sonder om die saak te verhoor, sy hofkonstabels beveel om beslag te lê op die beeste. Ten einde C vir sy optrede te straf en A te kompenseer, het hy beveel dat die hofkonstabels op 3 beeste in plaas van die 2 gesteelde beeste, beslag moet lê.

Die hofkonstabels het die beeste geneem en dit aan A oor=handig. A het uit dankbaarheid teenoor die kaptein, een van die beeste as <u>umbongo</u> aan die hof oorhandig.

C het nog steeds nie berus nie. Uit vrees vir sy optrede (diefstal) het hy egter nie die vrymoedigheid gehad om weer na die kapteinshof te gaan nie. Hy het gevolglik by die magistraatshof gaan appelleer teen die uitspraak van die kap=tein in die saak waarin hy vir A van laster beskuldig het. Vir hierdie verhoor het C ook die dienste van 'n blanke regs=verteenwoordiger verkry.

Tydens die verhoor het dit spoedig geblyk dat C nie geïnteres=seerd is in die appèlsaak wat voor die hof dien nie maar dat hy van die hulp van die magistraat en sy regsverteenwoordiger gebruik wou maak om die beeste wat hy aan A vir 'n ander saak moes lewer, terug te kry.

Die magistraat het aan C verduidelik dat hy nie twee sake te=gelyk kan verhoor nie en dat C hom moet bepaal by die saak wat voor die hof dien. C weer het geredeneer dat die twee sake wel 'n verband het en dat hy daarom geregtig is om die beeste waarop die kaptein beslag gelê het, in die hof te eis. Die magistraat het sy eis verwerp aangesien dit nie ter sake is nie.

Die regsverteenwoordiger van C het daarop gevra dat die saak

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wat C by die hof aanhangig gemaak het, verhoor moes word. Soos vermeld is, was dit 'n appèlsaak teen die uitspraak van die kaptein. Nadat die hof kennis geneem het van die besonderhede van die saak soos vervat in die skriftelike verslag wat deur die kaptein by die magistraat ingedien is, het dit geblyk dat die appèlsaak strydig met die bepaalde regulasies, deur die klerk van die magistraatshof ontvang en aangeteken is. Die rede hiervoor is dat die saak reeds 50 dae voor die indiening van die appèl in die kapteinshof verhoor is en dat die uitspraak van die kaptein kort na die verhoor in die kapteinshof deur die magistraat geregistreer is. Ooreenkomstig die bepalings van Artikel 9(1) van Wet nr. 38 van 1927 kon C nie meer teen die uitspraak van die kaptein appelleer nie. Die onderhawige artikel bepaal dat 'n party wat met die uitspraak of bevel van die hof van 'n kaptein ontevrede is, binne 40 dae na die uitspraak teen sodanige uitspraak of bevel, appèl moet aanteken by die Kommissarishof (magistraatshof). Die appellant het nie aan hierdie vereiste voldoen nie. Die magistraat was blykbaar ook nie geneë om die tydperk vir die aantekening van appèl ooreenkomstig die bepalings van Artikel 9(3) van genoemde wet, te verleng nie. Die saak is daarna van die rol geskrap. C het uiteindelik die stryd gewonne gegee.

## Saak 6

'n Vader (A) het sy seun (B) daarvan beskuldig dat hy sy hoenders gesteel het. A het nie 'n formele eis teen B aanhangig gemaak vir die teruglewering van die hoenders nie. Hy wou slegs 'n hofbevel verkry wat B verbied om weer van sy hoenders te steel.

Die saak is in die familiehof verhoor.

B het die klagte ontken. A het daarop getuig dat hy oorspronklik twintig hoenders gehad het. Die hoenders het egter mettertyd verminder. Hulle het beslis nie gevrek nie want hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kon geen dooie hoenders vind nie. Toe hy begin ondersoek instel, het hy van ander verneem dat B sy hoenders steel en dit dan verkwansel. Hy het B dopgehou maar kon hom nie be= trap nie. Op 'n dag het iemand hom laat weet dat B weer besig is om een van sy hoenders te verkoop. Hy het na die betrokke kraal gegaan en vir B in geselskap van 'n weduwee (C) gevind. Hulle was besig om hoendervleis te eet.

Op sy navraag het C erken dat B die hoender aan haar wou ver= koop. Sy het egter nie geld gehad nie. B het daarop voorge= stel dat hulle die hoender slag en eet. Sy het dit gedoen.

B het erken dat hy 'n hoender aan C wou verkoop maar hy het aangevoer dat dit nie sy vader se hoender was nie. Die hof wou van B weet waar hy dan aan die hoender gekom het. B kon nie presies onthou by wie hy dit gekry het nie.

A het hierop 'n klomp vere wat hy by die kraal van die weduwee opgetel het, aan die hof getoon. Volgens hom was die vere soortgelyk aan die van die gesteelde hoender. Sy vrou het dit bevestig.

B het hierna erken dat hy die hoender van sy vader gesteel het.

Die hof het beslis dat B skuldig is en lyfstraf vir sy oor= treding moet ontvang. A is beveel om self sy seun tien houe met 'n lat toe te dien. B is hierna in die teenwoordigheid van die lede van die hof gestraf.

## Saak 7

'n Man (A) het sy buurman (B) daarvan beskuldig dat hy hom aangerand het. A het R10-00 skadevergoeding van B geëis. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

A het getuig dat B se beeste sy lande geplunder het. Hy het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die saak by B aanhangig gemaak en hom versoek om na sy kraal te kom ten einde die skade te bepaal. B het na sy kraal ge= kom maar in plaas van die skade te bepaal het hy vir A aan= gerand.

B het ontken dat hy vir A aangerand het. Hy het beweer dat hy getuies het om dit be bevestig te wete sy vrou (C) en 'n vriend (D).

C het getuig dat dit A was wat vir B aangerand het en nie andersom nie.

Die hof het egter vasgestel dat C nie teenwoordig was by die beweerde aanranding nie en dat haar getuienis op hoorsê be= rus. Haar getuienis is verwerp.

D is daarna geroep om getuienis af te lê. B het egter beweer dat D siek is en in die hospitaal op Acornhoek verpleeg word en gevolglik nie kan getuig nie.

A het beweer dat hy D glad nie ken nie en dat so 'n persoon nog nooit sy perseel betree het nie.

Die kaptein het beveel dat twee senior lede van die hof na die hospitaal moet gaan en vir D aldaar ondervra. Die saak is daarna verdaag totdat die lede van die hof kon terug= rapporteer.

D kon nie in die hospitaal gevind word nie. Die hospitaal= owerhede was ook nie van sy geval bewus nie en die lede van die hof het teruggekeer na die hofsaal.

Nadat dié bevinding aan die hof vermeld is, het B erken dat hy gelieg het.

Die hof het hom skuldig bevind. Hy is beveel om R10-00 ska= devergoeding aan A te lewer en R20-00 aan boete weens minag=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ting van die hof te betaal. Daarbenewens moes hy ook R5-00 betaal om die onkoste wat die lede van die hof aangegaan het met die rit na Acornhoek te vergoed asook R10-00 hof=gelde. Hy moes ook die R5-00 wat A betaal het vir die aan=melding van die saak aan A terug betaal.

## Saak 8

'n Man (A) het sy buurman (B) in die kapteinshof daarvan beskuldig dat hy met A se vrou (C) owerspel gepleeg het. (Hoewel die saak uit mindere howe tot in die kapteinshof gevorder het, word slegs die gegewens by die laaste verhoor aangeteken).

B het die beskuldiging ontken. C het erken dat sy met B owerspel gepleeg het.

A het 'n liefdesbrief wat B aan C geskryf het, as bewysstuk by die hof ingedien. Twee bure het ook getuig dat hulle dik=wels vir B en C in mekaar se geselskap gesien het. A het egter oor geen direkte getuienis beskik nie.

B het erken dat hy die liefdesbrief aan C geskryf het. Hy het egter ontken dat hy ooit gemeenskap met C gehad het.

Die hof kon nie daarin slaag om te bepaal of B skuldig is nie. Die partye het daarop die hof versoek om na 'n toor=dokter te gaan sodat hy uitsluitsel kan gee. Hulle versoek is toegestaan en die saak is verdaag in afwagting op die be=vinding van die toordokter.

A en B het soos dit gebruiklik is wanneer so 'n versoek gerig word, elkeen R30-00 by die stamsekretaris gedeponeer en na die toordokter vertrek

Die toordokter was nie in staat om te bepaal of B wel skuldig is nie. Hy het egter bevind dat C nie swanger is nie. Sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bevinding is daarna aan die hof meegedeel.

Die hof het daarna, op grond van die erkenning van C en die liefdesbrief wat B aan haar geskryf het, vir B skuldig bevind.

B is beveel om R50-00 of 5 beeste aan A te lewer en R15-00 as 'n boete aan die hof. Die kaptein het ook besluit om die R60-00 wat deur die partye gedeponeer is, te hou. Die rede hiervoor is dat die toordokter nie daarin kon slaag om uitsluitsel in die saak te gee nie.

B het nie teen die uitspraak geappelleer nie.

Nota : 1. Volgens informante is hierdie saak oorhaastig verhoor. Die getuienis teen B was te dun.

2. Die gebruik waarvolgens die partye 'n weddenskap aangaan en dan berus by die bevinding van die toordokter, bepaal dat die "wenner" al die geld ontvang. Aangesien die toordokter geen uitsluitsel kon gee nie moes elke party sy deposito terug ontvang het. Die kaptein het egter anders besluit. Die kaptein het ook nie, nadat hy ten gunste van A uitspraak gelewer het, die verbeurde deposito aan hom toegeken nie. Die partye het daarmee genoeë geneem.

3. Hierdie optrede sowel as die uitspraak dui daarop dat daar slegs in uitsonderlike gevalle teen die uitspraak van 'n kaptein geappelleer word.

## Saak 9

A is die seun van 'n kaptein. Hy is deur sy vader se broerskind (B) daarvan beskuldig dat hy owerspel gepleeg het met B se vrou (C).

Die saak is verhoor in die familiehof van die kaptein.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



A het sy aanspreeklikheid ontken. C het ook ontken dat sy met A owerspel gepleeg het.

B kon geen direkte getuienis lewer dat A met sy vrou ower= spel gepleeg het nie. Hy het wel getuig dat hy van andere gehoor het dat A en C, tydens sy afwesigheid, dikwels met mekaar gesels het. Daarom glo hy dat A ook met sy vrou om= gang gehad het.

Die hof was egter nie bereid om die ongestaafde beweringe van B te aanvaar nie.

Aangesien B vas oortuig was daarvan dat A sy vrou ook be= swanger het en hy gedreig het om die kind by geboorte dood te maak, het die kaptein albei partye beveel om 'n toordok= ter te besoek, ten einde die saak op te klaar.

Die toordokter kon of wou geen uitsluitsel gee nie en die partye het onverrigter sake na die hof teruggekeer.

In die hof het B beweer dat die toordokter nie uitsluitsel gegee het nie omdat hy te bang is vir die kaptein. B het ook gedreig om die saak na die openbare kapteinshof te neem waar andere in die openbaar saam met die kaptein, die saak kon ver= hoor.

Die kaptein het uiteindelik beslis dat A een bees of R10-00 as umchachazelo aan B moet lewer. Die redes vir sy uitspraak was:

1. Die vasberadenheid van B om die saak verder te neem en
2. Die geheimhouding van familie-aangeleenthede van 'n kaptein.

B het die uitspraak aanvaar.

Nota : C het enkele weke na afloop van die verhoor 'n miskraam gehad.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Saak 10

Twee egpare is by die saak betrokke, naamlik 'n man A wat getroud is met B en 'n man C wat getroud is met D.

Die agtergrond van die saak is soos volg. Die twee egpare was goed bevriend. Deur die jare het daar 'n verhouding ontstaan tussen A en die vrou van C. Dit het daartoe gelei dat daar ook 'n verhouding ontstaan het tussen C en B. Vol= gens informante was die hele gemeenskap bewus van die ver= houdings en ook dat die twee egpare oor en weer owerspel ge= pleeg het. Al vier die persone was vermoedelik ook bewus van die handelinge van hulle egmaats maar het dit gerieflikheids= halwe verswyg.

A het egter sy verhouding met D beëindig. Hy het werk in Johannesburg aanvaar en die stamgebied verlaat. Na verloop van enkele weke het hy sonder om sy vrou in kennis te stel, na die stamgebied teruggekeer. By sy tuiskoms het hy C op heterdaad by sy vrou betrap. Hy het die deur van die hut toegeruk en gesluit. Daarna het hy van sy bure as getuies geroep.

A het hierna vir C aangekla dat hy owerspel met sy vrou ge= pleeg het en die gebruiklike skadevergoeding van C geëis.

Die saak het aanvanklik in die familiehof van C gedien. C het beswaar gemaak teen die klagte van A. Hy het getuig dat A al die jare bewus was van sy owerspelige verhouding met B en dat A nooit die saak met hom bespreek het nie. Hy het ook getuig dat A self vir etlike jare, 'n owerspelige ver= houding met sy vrou (D) gehad het.

A het die aantyging van C ontken en aan hom gevra of hy enige bewyse vir sodanige owerspel kon lewer. C kon geen bewyse ter stawing van sy bewering lewer nie, maar het aan die hof gemeld dat hy vanweë die verhouding wat daar in die verlede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tussen A en D bestaan het, aanvaar het dat hulle owerspel gepleeg het. Hy het ook aan die hof gesê dat sy vrou ge=reeld bier gebrou het en dit dan met die hulp van 'n vriendin aan A gestuur het.

A het erken dat daar 'n verhouding tussen hom en D bestaan het. Hy het egter ontken dat hulle ooit owerspel gepleeg het. Hy het ook vir C beskuldig dat hy (C) hierdie aanty=gings teen hom maak om sy eie blaamwaardigheid te ontduik. Hy het daarop aangedring dat C aan hom skadevergoeding moet lewer aangesien hy (A) vir C op heterdaad betrap het en dat hy ooggetuies het wat dit kon bevestig.

Vanweë die oor en weer beskuldigings van owerspel tussen die partye, het die familiehof geen uitsluitsel in die saak ge=gee nie. A het die saak na die wykshof geneem.

Die wykshoof het, nadat hy volledig oor die agtergrond van die saak ingelig is, soveel as moontlik van die kraalhoofde in sy wyk ontbied om hom tydens die verhoor van dié inge=wikkelde saak te adviseer.

In die wykshof het die saak dieselfde wending geneem as in die familiehof. In teenstelling met die familiehoof, het die wykshoof geredeneer dat A 'n sterk saak het aangesien hy vir C op heterdaad by sy vrou betrap het. Sy adviseurs daaren=teen het geargumenteer dat A die saak teen C moet terugtrek aangesien die hele gemeenskap bewus is van die verhouding wat A met die vrou van C gehad het.

Die wykshoof het gevolglik besluit om geen uitspraak in die saak te lewer nie en het A versoek om sy saak teen C terug te trek. Hy het sy besluit gemotiveer op grond van die omstan=digheidsgetuienis waarin daar beweer is dat A vir jare die owerspelige verhouding van C en B bewustelik toegelaat het en omdat A self vir etlike jare 'n verhouding gehad het met die vrou van C.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

A het die saak hierna op appèl na die kapteinshof geneem. Nadat die partye hulle saak gestel het en die wykshoof verduidelik het wat in sy hof gebeur het, het die kaptein aan C gevra of dit waar is dat A hom op heterdaad by sy vrou betrap het. C het bevestigend geantwoord. Daarna het die kaptein aan C gevra of hy ooit vir A by sy vrou betrap het. C het ontkennend geantwoord.

Die hof het op grond van C se erkenning van sy owerspel met B, beslis dat C blaamwaardig is. C is beveel om 5 beeste aan A te lewer en 1 bees (nkavi) aan die hof vir hul moeite om die saak te verhoor. C is aangeraai om, indien hy daarvan oortuig is dat A wel met sy vrou owerspel gepleeg het, 'n afsonderlike saak teen A aanhangig te maak.

C het hom in die uitspraak berus en het die skadevergoeding gelewer.

## Saak 11

A het vir B beskuldig dat hy vir 'n tweede keer met A se vrou (C) owerspel gepleeg het.

B is reeds in die verlede weens sy bewese owerspel met C tot die lewering van skadevergoeding verplig. Aangesien A nie twee keer vir die owerspel van C mag eis nie, het hy die hof versoek om B te straf vir die oortreding. C was egter nie in die hof teenwoordig nie. Die hof het A versoek om sy vrou te gaan haal en daarna verdaag. Toe C teenwoordig is, het sy erken dat sy vir 'n tweede keer met B owerspel gepleeg het. B het dit ook erken.

A was egter nie bereid om van C te skei op grond van haar herhaalde owerspel nie.

Die hof het daarop beslis dat B sowel as C skuldig is. Aangesien A nie weer skadevergoeding van B kon eis nie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die hof beveel dat B sowel as C lyfstraf moes ontvang. Die hof het gelas dat elkeen ses houe met 'n rotting toe= gedien moes word.

B en C het hulle aan die uitspraak onderwerp.

Nota : Vir hierdie doel moes al die aanwesiges die hofsaal verlaat. Die lyfstraf is deur 'n aan= gewese ndhuna toegedien.

Saak 12

Vroue A, B en C het 'n jong man D daarvan beskuldig dat hy hulle belaster het.

In die familiehof van D het D al die aantygings teen hom, ten spyte van die getuienis wat gelewer is, ontken. Sy vader wat die saak verhoor het, kon gevolglik geen uitsluitsel gee nie. Die vroue het die saak daarna by die wykshof aanhangig gemaak.

In die wykshof het die vroue getuig dat hulle mans in Johan= nesburg werksaam is. Hulle het ook getuig dat hulle al drie lidmate is van die plaaslike sendinggemeente. Hulle het getuig dat D hulle belaster het deur aan andere te vertel dat hulle, hulle voordoen as Christene maar in die afwesigheid van hulle mans, owerspel pleeg met ander mans.

Daar is ook getuienis gelewer deur die persone aan wie D die stories versprei het dat hy die bewerings inderdaad gemaak het.

Nadat die getuienis aangehoor en oor en weer bevestig is, het D erken dat hy wel sodanige stories aangaande die vroue versprei het.

D is daarna deur die wykshoof ondervra. Dié het aan hom ge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vra of daar enige waarheid in sy stories steek. Hy het ont=kennend geantwoord. Daar is ook aan hom gevra of hy deur enige van die mans van die drie vroue aangesê is om op die vroue te spioeneer. Hy het weer ontkennend geantwoord. Die wykshoof het daarop aan hom gevra of hy reken dat dit reg is dat hulle mans sulke onware stories te hore moet kom, waarop hy weer ontkennend geantwoord het.

Die hof het hom hierna blaamwaardig bevind. Aangesien die vroue geen skadevergoeding geëis het nie maar slegs wou ver=hoed dat D hulle verder belaster, is D beveel om sy leunag=tige belastering te staak en is hy tot 6 houe met 'n rottang gevonnis.

Hy is ook deur die wykshoof berispe en gemaan om hom nie besig te hou met sake wat hom nie aangaan nie. Daar is ook aan hom verduidelik dat indien die vroue wel owerspel gepleeg het, dit 'n saak is wat deur hulle mans behartig sal word en nie deur hom as buitestaander nie.

Nota : Dit is nie 'n normale praktyk dat 'n vrou(e) sonder die bystand van 'n man 'n saak aanhangig kan maak nie. As sy 'n belanghebbende party is, moet sy normaalweg vergesel wees van haar man of 'n manlike bloedverwant van haar man. In die bo=genoemde saak was die mans van al drie die vroue werksaam buite die stamgebied. Streng gesproke moes elkeen vergesel gewees het van 'n manlike bloedverwant van hul mans. Daar is nie aan hier=die vereiste voldoen nie. Volgens informante gebeur dit soms dat 'n saak van 'n vrou verhoor word sonder dat 'n man namens haar verskyn. In die bogenoemde saak byvoorbeeld het die vroue nie skadevergoeding van die verweerder geëis nie. Hulle enigste be=geerte was dat die hof hom moes beveel om sy leuen=agtige belastering te staak alvorens hulle mans of die verwante van hulle mans daarvan te hore kom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op grond hiervan is die saak van die vroue ontvang en verhoor.

Saak 13

'n Man (A) eis die teruglewering van sy vrou (B) en kinders, van sy vrou se oudste broer (C) of die teruggawe van al die trougoedere wat hy vir haar gelewer het. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

C het alleen by die hof opgedaag. B was afwesig. C het er= ken dat B van A gedros het. Hy het ook erken dat B haar kinders in sy sorg gelaat het. Hy het verder getuig dat C kort nadat sy van A gedros het, die stamgebied verlaat het en in Johannesburg gaan woon het. Die kinders is steeds in sy sorg. Hy het bygevoeg dat hy vir B probeer oorreed het om na A terug te keer. B het egter geweier.

Die hof het besluit dat die saak nie in die afwesigheid van B verhoor kon word nie. C is versoek om R30-00 by die stam= sekretaris te deponeer vir die onkoste van die hofkonstabel om vir B in Johannesburg te gaan haal. Daarna is die saak uitgestel.

By die afhandeling van die navorsing was B nog nie gevind nie. Die ondersoeker kon ongelukkig nie rapporteer wat die finale uitspraak van die hof was nie.

Saak 14

'n Man (A) het sy buurman (B) daarvan beskuldig dat hy met A se vrou (C) owerspel gepleeg het.

B was 'n nuwe intrekker in die stamgebied en het geen ver= wante gehad nie. Die saak kon dus nie in sy familiehof verhoor word nie. As gevolg hiervan wou A die saak direk na die wykshof neem. B het hom versoek om dit nie te doen nie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


en voorgestel dat hy drie ou manne (madoda) uit sy onmiddellike omgewing sou versoek om die saak te verhoor. A het hiertoe ingestem.

Die hofverrigtinge het in die kraal van B plaasgevind. Sy oudste buurman is as voorsittende regterlike beampte aangewys.

B het die klagte teen hom ontken. A het getuig dat hy vir B gereeld in die omgewing van sy kraal opgemerk het en dat hy hom ook by verskeie geleenthede in die geselskap van sy vrou gesien het. Hy kon egter geen direkte getuienis lewer dat B en C wel owerspel gepleeg het nie. C was ook nie swanger nie. Sy het ook ontken dat B met haar owerspel gepleeg het.

Die hof het beslis dat B onskuldig is en het die eis van A verwerp. A het nie teen die uitspraak geappelleer nie.

## Saak 15

'n Man (A) het B ('n man) daarvan beskuldig dat hy met A se vrou (C) owerspel gepleeg het. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

B het die klagte ontken. A het getuig dat hy en sy vrou 'n bierparty bygewoon het. B was ook daar teenwoordig. C het gedurende die party verdwyn. A het na haar navraag gedoen en 'n vrou (D) het aan hom meegedeel dat C saam met B in die bos verdwyn het. Hy het na hulle gaan soek en hulle uiteindelik in die lang gras gevind. Hulle het gelê en gesels. A het aan B gevra wat hulle daar maak waarop B geantwoord het dat hy net met C gesels.

In die hof het B eers ontken dat hy in die geselskap van C was. 'n Getuie (D) het egter getuig dat B vir C in haar teenwoordigheid versoek het om saam met hom na die bos te gaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



C het dit bevestig en erken dat sy en B omgang gehad het.

B het uiteindelik ook erken dat A hom saam met C in die bos gevind het. Hy het egter ontken dat hy met C owerspel ge= pleeg het. Volgens hom het hulle net gelê en gesels.

Die hof wou van B weet of hy so 'n bewering van 'n ander man sal glo as hy hom om 20h00 in die aand alleen in die lang gras met sy vrou vind. B het ontkennend geantwoord. Na 'n gelag in die hof het B toe erken dat hy met C omgang gehad het.

Hy is deur die hof blaamwaardig bevind en beveel om R50-00 of 5 beeste aan A te lewer. Hy moes ook R20-00 as 'n boete aan die hof lewer en die mangala (R5-00) aan A teruggee.

Nota : B het nie vir C beswanger nie.

Saak 16

A het B daarvan beskuldig dat hy met A se vrou (C) owerspel gepleeg het. Soos in die mindere howe het B ook in die kapteinshof die klagte teen hom ontken.

Tydens die ondervraging in die hof het C erken dat sy op B verlief is en dat sy verskeie kere met hom owerspel gepleeg het.

Die getuies wat A ter ondersteuning van sy saak teen B ge= roep het, het ook getuig dat B en C gereeld in mekaar se ge= selskap opgemerk is. Daar is ook deur hulle getuig dat B en C by verskeie geleenthede alleen in die veld verdwyn het. Hulle was egter nie seker of B en C wel daar owerspel gepleeg het nie.

Op 'n vraag van die kaptein het C weer erken dat sy en B in die veld owerspel gepleeg het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


B het hierdie beweringe ontken. Hy kon egter geen getuienis lewer om dit te weerlê nie.

Die hof was nie bereid om op slegs die bewering van C en die omstandigheidsgetuienis wat ter ondersteuning van die klagte van A voorgelê is, 'n uitspraak te lewer nie.

Die kaptein het daarop aan C gevra of sy en B onlangs nog owerspel gepleeg het. Sy het geantwoord dat hulle enkele dae gelede in die veld omgang gehad het. Die kaptein wou verder van haar weet of sy die plek waar hulle in die veld verkeer het, kan uitwys. C het bevestigend geantwoord.

Die kaptein het hierna beveel dat 'n ondersoek ter plaatse gehou moes word. Vir hierdie doel het hy 3 lede van die hof afgevaardig om vir A, B en C te vergesel ten einde te bepaal of die bewering van C korrek is.

In die veld het C, sonder om te twyfel, twee verskillende plekke in die lang gras uitgewys waar sy en B verkeer het. Die gras was op die aangeduide plekke plat gedruk. Daar was ook merke soos skoenpunte in die grond kon druk aan die een end van die platgedrukte gras sigbaar. Uit wat hulle gesien het, was dit vir die lede van die hof duidelik dat daar wel op die aangewese plekke geslagsverkeer kon plaasgevind het. Hulle het aldus aan die hof gerapporteer.

Die hof het, nadat hy die bevinding van die afgevaardigdes aangehoor het, aan B gevra of hy steeds die beweringe van C ontken. B het daarop erken dat hy skuldig is.

Die kaptein het daarna beslis dat B wel met C owerspel ge= pleeg het. B is beveel om R50-00 of 5 beeste aan A te lewer asook 1 bees of R10-00 aan die hof.

<u>Nota</u> : 'n Ondersoek ter plaatse, is volgens informante, 'n algemene praktyk in die howe. Veral in soort=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gelyke sake waarin 'n vrou byvoorbeeld erken dat sy owerspel gepleeg het en die eiser dit nie met direkte getuienis kan bewys nie.

<u>Saak 17</u>

A het vir B daarvan beskuldig dat hy sy vrou (C) beswanger het. Die saak is in die wykshof verhoor.

B het die klagte ontken.

A het getuig dat hy buite die stamgebied werk en dat hy slegs naweke tuis is. Sy vriende het aan hom vertel dat B gereeld tydens sy afwesigheid by C gekuier het. C het swanger geraak en hy hou B daarvoor aanspreeklik.

C het getuig dat sy op B verlief is en dat hulle gereeld ty= dens haar man se afwesigheid owerspel gepleeg het. Sy is ook seker dat B haar beswanger het.

B het getuig dat hy selgs met C bevriend is, maar dat hy nie met haar owerspel gepleeg het nie.

Die wykshof het die getuienis van C aanvaar. B is skuldig bevind en beveel om 5 beeste of R50-00 aan A te lewer.

B het teen die uitspraak geappelleer.

In die kapteinshof het die wykshoof verduidelik wat in sy hof gebeur het en wat sy uitspraak was. Die hof het daarop met ondervraging van die partye begin.

Uit die ondervraging was dit duidelik dat A jaloers is op die vriendskap wat daar tussen B en C bestaan. Hy kon egter geen direkte getuienis lewer dat B wel vir C beswanger het nie.

C het weer getuig dat sy en B owerspel gepleeg het maar kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie bewys lewer dat B haar wel beswanger het nie.

A het ook erken dat hy oor naweke met sy vrou verkeer het. Hy het die hof gelyk gegee dat hy net sowel vir C kon be= swanger het.

Die hof het beslis dat A nie kon bewys dat B sy vrou beswanger het nie. A se eis is gevolglik nie toegestaan nie. Die wyks= hoof is ook berispe omdat hy nie die feite deeglik nagegaan het nie.

<u>Saak 18</u>

'n Man (A) het sy drie vroue daarvan beskuldig dat hulle nie bereid is om hom te vergesel na sy nuwe tuiste nie. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

A het aan die hof verduidelik dat hy 'n perseel op die be= sproeiingskema binne die stamgebied bekom het. Hy het heel= wat uitgawes aangegaan om vir elke vrou 'n hut op die nuwe perseel op te rig. Sy vroue het egter aldrie geweier om daarheen te verhuis. Hy het die hof versoek om aan sy vroue opdrag te gee om hom te gehoorsaam. Die vroue was egter nie teenwoordig in die hof nie.

Die hof het hom daarin gelyk gegee dat 'n vrou die bevele van haar man moet gehoorsaam en dat sy, sy domisilie moet volg. Die hof wou egter weet waarom die vroue weier om saam met hom te verhuis. A het beweer dat hulle bloot hardkoppig is.

Die hof het besluit dat die vroue nie verplig kan word om die domisilie van A te volg alvorens hulle nie ook hul standpunt gestel het nie. A is beveel om die vroue na die volgende sit= ting van die hof te bring sodat die saak volledig verhoor kon word.

Die saak is daarna uitgestel en ongelukkig verhoor nadat die ondersoek afgehandel is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## Saak 19

'n Vader (A) het 'n jong man (B) daarvan beskuldig dat hy A se dogter (C) sonder sy toestemming weggeneem het. Hy het R40-00 skadevergoeding van B geëis. Die saak is in die fami= liehof van B verhoor.

Die agtergrond van die saak is soos volg: B het vir C op 'n party ontmoet. Hy het op haar verlief geraak en na die party met haar geslagsomgang gehad. Aangesien dit reeds baie laat was, het hulle besluit om in die bos te oornag. Die volgende oggend was albei te bang om huis toe te gaan en hét besluit om in die bos te bly.

A het na C begin soek. Hy het uitgevind dat B en C saam die party verlaat het en het daarop na haar by die B-mense gaan navraag doen. B se vader het ontken dat hy enigiets van C weet. Hy het aan A vermeld dat sy eie seun (B) ook soek is. Die volgende dag het B egter by die huis opgedaag op soek na kos wat hy vir C wou neem.

Sy vader wou van hom weet waar C is. Hy het aan sy vader erken dat hy op C verlief is en haar uit vrees vir haar vader, in die bos versteek.

B se vader wou blykbaar nie hê dat A moes weet dat B en C so na aan sy huis skuil nie en het voorgestel dat B en C hom na Witrivier moet vergesel. Hy kon dan voorgee dat hy vir B en C in Witrivier gaan soek en opgespoor het. B en C het daarna na Witrivier vertrek. B se vader het hulle gevolg. Hy het uit Witrivier aan A laat weet dat hy hulle opgespoor het.

A het 'n motor gehuur en hulle gaan haal. Daarna het hy die onderhawige saak aanhangig gemaak.

In die hof het B erken dat hy vir C sonder die toestemming van A, weggeneem het. Hy het egter beweer dat hulle begerig

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

is om te trou maar dat hy, uit vrees vir A, nog nie sy toestemming gevra het nie. A het gesê dat sy dogter nog baie jonk is en dat 'n hof in elk geval nie die plek is om oor 'n moontlike huwelik te onderhandel nie. Hy het 4 beeste of R40-00 van B geëis - 2 beeste of R20-00 omdat B sy dogter sonder sy toestemming weggeneem het en 2 beeste of R20-00 vir die onkoste wat hy aangegaan het om hulle in Witrivier te gaan haal.

B het skuld erken maar aan die hof meegedeel dat hy nie in staat is om die skadevergoeding te lewer nie. Die hof het hom blaamwaardig bevind en aangesien hy nog minderjarig is, sy vader beveel om die skadevergoeding te lewer. Sy vader het hom aan die uitspraak van die hof onderwerp en die skadevergoeding aan A gelewer.

Nota : B en C is enkele maande na die verhoor getroud. B se vader het die volle hoeveelheid trougoedere aan A gelewer. Die skadevergoeding wat A ontvang het, is nie as deel van die trougoedere beskou nie.

## Saak 20

'n Jong dogter (A) het 'n verhouding met 'n jong man (B) gehad. B was begerig om met A te trou maar haar vader (C) het sy toestemming daartoe geweier. B het daarna vir A verlei. Toe hy uitvind dat sy swanger is, het hy haar oorreed om van haar vader se kraal te dros en saam met hom in sy vader se kraal te kom woon.

C het na A gaan soek en haar uiteindelik in die kraal van B se vader gevind. Aldaar het die vader van B weer sy toestemming gevra dat B met A mag trou. Hy het ook twee beeste aangebied sodat A en B verloof kon raak. C het weer eens sy toestemming geweier en sy dogter beveel om haar goed te pak en saam met hom huis toe te gaan.

C het hierna 'n saak van verleiding teen B aanhangig gemaak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die saak is in die familiehof van B verhoor. In die hof het B erken dat hy vir A beswanger het. Hy het egter verduidelik dat hy begerig is om met B te trou maar dat C hom toestemming weier. C het dit bevestig. Hy het bygevoeg dat B ten spyte van sy weiering nogtans vir A oorreed het om saam met hom weg te loop.

Die hof het beslis dat B skuldig is en hom beveel om 2 beeste of R20-00 aan C te lewer.

Nota : 1. B het die skadevergoeding aan C gelewer. Na die geboorte van die baba het hy egter weer eens vir A beswanger. C het besef dat hy nie 'n huwelik tussen A en B kon verhoed nie. Hy het nie weer 'n saak aanhangig gemaak nie maar het besluit om aan B toestemming te gee om met A te trou.

2. Die eerste baba het in die tussentyd gesterf. C het gevolglik besluit om die twee beeste wat hy as skadevergoeding van B ontvang het, as 'n gedeelte van die trougoedere te reken. B het dus twee beeste afslag gekry op die hoeveelheid trougoedere wat hy vir A moes lewer.

3. Hoewel C geensins verplig was om twee beeste afslag aan B te gee nie, het hy deur hierdie daad 'n goeie verhouding tussen die twee families bewerkstellig.

## Saak 21

A het vir B beskuldig dat hy A se dogter (C) teen haar sin en sonder A se goedkeuring oorreed het om na hom toe weg te loop. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

B het die klagte teen hom ontken.

C het getuig dat B haar herhaaldelik versoek het om saam met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hom weg te loop. C het, omdat dit nie haar vader se goedkeuring sou wegdra nie en sy boonop nie van B hou nie, elke keer geweier. B het egter per geleentheid vir haar 'n drankie aangebied. Nadat sy dit gedrink het, het sy tot B aangetrokke gevoel en hom vergesel na sy huis. Aldaar het hulle omgang gehad. Sy het nie weer na haar ouerhuis teruggekeer nie.

A het getuig dat sy dogter vir twee dae soek was. Hy het haar uiteindelik in die hut van B gekry. In die hut van B het hy ook drie tasse gevind. Twee van die tasse het aan A behoort. C se klere was daarin. In die derde tas het hy towermedisyne (umgadla) gevind wat, indien 'n vrou dit drink, haar tot 'n man aangetrokke laat voel.

B het getuig dat die tas wat die towermedisyne bevat het, nie aan hom behoort het nie. Hy het ook beweer dat C hom uit haar vrye wil vergesel het. Hy het van geen towermedisyne gebruik gemaak om haar tot hom aangetrokke te laat word nie.

Hierna het 'n hewige stryery tussen die twee partye in die hof ontstaan. Die hof kon ook nie daarin slaag om uitsluitsel in die saak te kry nie. Die vader van B het daarop die hof versoek om die saak na 'n toordokter te verwys. Nadat A ook sy toestemming hiertoe gegee het, is 'n weddenskap (mbhejo) aangegaan. Albei partye het 'n bedrag van R30-00 gedeponeer en het na die toordokter gegaan. Twee lede van die hof het hulle vergesel.

Die toordokter het bevind dat die towermedisyne wel aan B behoort het en dat B dit aangewend het om C tot hom aangetrokke te laat voel.

Die hof het die bevinding van die toordokter gehandhaaf. Ooreenkomstig die weddenskap wat die partye aangegaan het, het B sy R30-00 verloor. Die hof het gelas dat R20-00 daarvan as skadevergoeding aan A gelewer moet word en dat die restant daarvan die hof toekom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## Saak 22

'n Vader (A) het die lewering van trougoedere geëis van die vader (B) van sy dogter (C) se minnaar (D). Die saak is in die kapteinshof verhoor.

Die agtergrond van die saak is soos volg: A het twee dogters, te wete C en E, en B het twee seuns, te wete D en F. F is ge= troud met A se oudste dogter E. F het egter nog nie die volle hoeveelheid trougoedere aan A gelewer nie. C het egter verlief geraak op F se jonger broer, D. A het die verhouding afgekeur aangesien hy daarvan bewus is dat B 'n arm man is en dat F ook nie in staat is om die uitstaande trougoedere aan A te lewer nie. C wou nie luister nie en het weggeloop na D. Haar vader het haar gaan haal en 'n pak slae gegee vanweë haar onbehoorlike gedrag. Daarna het sy nog twee keer wegge= loop en elke keer slae gekry nadat haar vader haar gaan haal het. Toe sy 'n vierde keer dros, het B haar onder begelei= ding van sy broer, na haar ouerhuis teruggestuur. Hy het ook een bees aan A saamgestuur as 'n aanduiding dat sy seun be= gerig is om met C te trou, maar dat hulle nie in staat is om die nodige trougoedere te lewer nie. A het die bees ontvang en wetende dat C weer sou dros, ingestem dat sy tydelik by die B-mense mag inwoon totdat hulle in staat is om 'n huweliks= ooreenkoms aan te gaan en die trougoedere te lewer.

C het na 'n verblyf van ongeveer een jaar, geboorte geskenk aan 'n dogter. D was die vader van die kind. Nadat A die nuus verneem het, het hy die onderhawige saak teen B aanhangig gemaak.

A het die lewering van die volle hoeveelheid trougoedere vir sy dogter geëis. Hy het aan die hof verduidelik dat sy dog= ter reeds twaalf maande by die B-mense woonagtig is en dat 'n kind uit die saamblyery gebore is. B het erken dat C reeds so lank by hulle woon en dat D die vader van die kind is. Hy het bygevoeg dat D begerig is om met C te trou maar dat hy 'n arm

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man is en nie in staat is om sy seun van die nodige trou=goedere te voorsien nie. D het volgens hom ook geen eiendom nie.

C het daarop aangebied dat A die dogtertjie moet neem en grootmaak sodat hy, wanneer sy eendag trou, die trougoedere wat vir haar gelewer word, kan neem ter vereffening van hul skuld.

A het die aanbod geweier. Volgens hom was die risiko te groot om 'n klein kindjie op te voed. Hy wou ook weet wat sou gebeur indien sy voor haar troue sou sterf.

Hy is deur C meegedeel dat skuld nie kan "sterf" nie. A wou egter, ten spyte van dié versekering, nie die kind neem nie.

B het daarna aangebied dat C en D hul kind self opvoed en wanneer sy eendag trou, hul skuld betaal met die trougoedere wat vir haar gelewer word.

A het die aanbod aanvaar en die hof het die ooreenkoms be=kragtig.

<u>Nota</u> : C en D is hierna as wettig getroud beskou.

## <u>Saak 23</u>

'n Vader (A) eis die lewering van trougoedere van sy dogter (C) se minnaar (B).

B en C is minnaars. B het vir C verlei en haar beswanger. In die familiehof het B dit erken maar aangesien hy in die hof onderneem het om met C te trou, het A nie op die lewering van skadevergoeding aangedring nie. Hierna is daar ook 'n huweliksooreenkoms aangegaan. Na die ooreenkoms het B ver=dwyn. A het die saak by die kapteinshof aanhangig gemaak en 'n hofkonstabel is aangesê om B op te spoor en in kennis te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

stel van die klagte teen hom. Nadat B in Nelspruit opgespoor is en hy opgedaag het, is die saak verhoor.

In die kapteinshof het B weer eens erken dat hy C verlei het en dat hy van voorneme is om met haar te trou.

A het vermeld dat B reeds in die familiehof skuldig gepleit het en sy skadevergoeding vrygespring het deur te onderneem om met C te trou. Die baba is reeds gebore maar B het nog nie aanstaltes gemaak om die huweliksooreenkoms na te kom nie.

Die hof het aan B gevra of hy van voorneme is om met C te trou. Hy het bevestigend geantwoord. Daarop het die hof beslis dat B die beloofde trougoedere (R120-00) binne 30 dae aan A moet lewer sodat die huwelik voltrek kon word. B is ook beveel om die onkoste wat die hofkonstabel aangegaan het (R19-00) om hom op te spoor, te betaal sowel as R15-00 hofgelde.

<u>Saak 24</u>

'n Vader (A) het 'n onderwyser (B) daarvan beskuldig dat hy A se dogter (C) verlei het. Hy het R20-00 skadevergoeding van B vir die verleiding van C geëis, asook R200 as onderhoudskoste vir die kind wat C gebaar het.

In die familiehof het B erken dat hy C verlei het. Hy is blaamwaardig bevind en beveel om 2 beeste of R20-00 aan A te lewer. B het hom bereid verklaar om die skadevergoeding te betaal. A het daarop aangedring dat B 'n addisionele bedrag van R200, synde onderhoudskoste vir die kind, moes lewer. B het geweier om dit te betaal en die hof het die eis verwerp. A het teen die uitspraak geappelleer.

In die kapteinshof het B weer eens sy aanspreeklikheid erken en hom bereid verklaar om die gebruiklike R20-00 skadever= goeding te betaal. A het egter daarop aangedring dat B ook onderhoudskoste (R200-00) vir die kind moet betaal. Hy het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


geredeneer dat B dit kon bekostig omdat hy 'n onderwyser is.

Die hof het B blaamwaardig bevind en beslis dat hy slegs 2 beeste of R20-00 aan A moet lewer. A se eis vir die onder= houd van die kind is verwerp. Die kaptein het aan hom ver= duidelik dat die stamreg nie voorsiening maak vir 'n eis om onderhoudskoste vir 'n kind nie. Die 2 beeste of R20-00 geld streng gesproke ook as onderhoud vir die kind. A het die uitspraak aanvaar.

<u>Saak 25</u>

'n Vader (A) het 'n klagte teen 'n getroude man (B) gelê dat hy sy dogter (C) verlei het.

B is 'n student aan die Universiteit van die Noorde en het sy eggenote (D) gedurende die akademiese jaar tuis gelaat in die Mhaladistrik. Op universiteit het hy 'n verhouding met C gehad. Sy is ook 'n student en ook afkomstig uit die Mhala= distrik.

C het swanger geraak en het dit aan B meegedeel. Hy het aan haar gesê dat hy 'n getroude man is en nie meer in haar be= langstel nie. Hy het ook ontken dat hy haar beswanger het. C het hierop die universiteit verlaat en huis toe gegaan. Sy het aan haar moeder meegedeel dat sy deur B beswanger is en ook wat sy houding daaroor is. Haar vader was uithuisig en haar moeder het twee van haar tantes versoek om saam met C na die B-mense te gaan en hulle van die potensiële klagte te verwittig.

Die afvaardiging kon nie vir B se vader opspoor nie. Hulle het egter vir D opgespoor en die saak aan haar gestel. D het by die aanhoor van die klagte, 'n stok gegryp en vir C 'n pak slae gegee. Daarna het sy die drie vroue verwilder.

D het daarna die gebeure aan B se vader meegedeel. Dié het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


'n boodskap aan A gestuur en verskoning gevra vir die optrede van D. Hy het ook laat weet dat hy hom binnekort sal besoek om die saak te bespreek. Daarna het hy twee van sy broers gestuur om uit te vind wat A se klagte is. Nadat A aan hulle verduidelik het dat B sy dogter verlei het, het hy formeel 'n klag van verleiding teen B aanhangig gemaak. Die ooms het verduidelik dat B nog by die universiteit is en dat die saak uitgestel moet word tot die vakansie.

Die ooms het daarna vir C ondervra ten einde helderheid te verkry oor die saak. Hulle wou van haar weet of sy seker is dat B haar beswanger het. Sy het bevestigend geantwoord. Daar is ook aan haar gevra of sy vantevore verhoudings met ander mans gehad het. Sy het weer bevestigend geantwoord maar bygevoeg dat sy die verhouding met haar vorige minnaar verbreek het toe sy vir B ontmoet het. Sy het egter erken dat sy gemeenskap gehad het met die vorige minnaar, kort voor= dat sy vir B ontmoet het. Sy het egter daarop aangedring dat sy verlief is op B en dat sy baie seker is dat hý haar be= swanger het. Om dit te beklemtoon het sy 'n liefdesbrief gaan haal wat na bewering deur B aan haar geskryf is. Volgens die inhoud van die brief was die skrywer daarvan wel verlief op C. Daar was egter geen aanduiding in die brief dat die skrywer daarvan vir C verlei het nie. Die brief was ook nie onderteken nie en die ooms van B het die geloofwaardigheid van die brief as 'n geldige bewysstuk betwyfel. Nadat hulle ook uitgevind het dat B slegs een keer met C verkeer het, het die ooms belowe dat hulle A sal verwittig wanneer B tuis is, sodat die saak verhoor kan word.

C het gekraam nog voordat die saak verhoor kon word. Sy het gevolglik die kind saamgeneem na die verhoor. In die hof het sy self haar saak gestel en na afloop daarvan die kind aan die hof getoon sodat hulle kon sien dat hy na B lyk. B se vader het haar beveel om die kind toe te maak en te wag tot= dat B se verweer aangehoor is.

B het die klagte teen hom ontken. Hy het egter aan die hof

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

erken dat hy een keer met C verkeer het maar bygevoeg dat hy bewus is dat C ook ander minnaars gehad het met wie sy om= gang gehad het.

C het op 'n vraag erken dat sy ook met andere omgang gehad het. Sy het egter verduidelik dat sy hierdie verhoudings beëindig het nadat sy B ontmoet het.

Die hof was nie bereid om op grond van sulke skraal getuienis tot 'n beslissing te geraak nie en wou gevolglik meer defini= tiewe bewyse van haar hê dat dit wel B was, wat haar beswanger het.

Die oom van B, wat in die tussentyd die versekering van B gekry het, dat hy nooit 'n brief aan C geskryf het nie, wou van C weet waar die brief is wat sy aan hom getoon het. C het geantwoord dat sy dit tuis vergeet het maar het tog in die teenwoordigheid van B erken dat hy dit nie geskryf het nie.

Die kind was uiteindelik die enigste bewys wat C gehad het. Sy het die kind weer aan die hof getoon. Die A-mense het be= vind dat die kind na B lyk maar die B-mense kon geen fisiese ooreenkoms tussen B en die kind sien nie.

Die hof het hierna beslis dat A nie oor genoegsame bewyse be= skik dat B die vader van die kind is nie en het vir B onskuldig bevind.

Na die uitspraak het A die hof versoek om die beslissing in heroorweging te neem aangesien hy nie daarmee tevrede is nie. Hy het gedreig dat indien die hof nie anders beslis nie, hy die saak na 'n openbare hof sou neem. B het hierop geantwoord dat hy onskuldig is en nie skaam sal wees indien die saak "deur die dak" gaan nie.

Die hof het A se versoek geweier en hy het kennis van appèl gegee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


<u>Nota</u> : Nadat die A-mense vertrek het, het die B-mense die saak tog in heroorweging geneem. B het steeds ontken dat hy skuldig is. Sy mense wou egter die skande van 'n openbare hofsaak ten alle koste vermy en het voorgestel dat B liewer met die meisie trou.

B sowel as sy vrou het ten sterkste hierteen beswaar gemaak. Hulle pleidooi is uiteindelik aanvaar maar die familie het tog daarin geslaag om vir B te oorreed om skadevergoeding ten bedrae van R30-00 aan A te lewer. Al sy ooms het hiertoe bygedra. A het die R30-00 aanvaar en nie met die appèl voortgegaan nie.

<u>Saak 26</u>

Die voog (A) van 'n jong dogter (B) het onderhoudskoste (1 bees of R10-00) van B se minnaar (C) geëis.

Streng gesproke is hierdie saak nie formeel deur 'n hof ver=hoor nie. Die feite is egter van belang.

C is 'n jong getroude man. Hy het egter op B verlief geraak en was van voorneme om haar as sy tweede vrou te neem. Ten einde die nodige trougoedere te bekom, het hy in Witrivier gaan werk. B het besluit om hom daarheen te volg. Sy het van haar ouerhuis gedros en saam met C in Witrivier gaan woon. Na 'n verblyf van ongeveer nege maande het sy siek geword en teruggekeer na die stamgebied. Aldaar is sy deur haar suster (D) sonder die medewete of goedkeuring van A of C, na 'n toordokter geneem vir behandeling.

D het die rekening van die toordokter aan A oorhandig maar A was nie bereid om dit te vereffen nie. Volgens hom moet C die rekening vereffen aangesien B siek geword het terwyl sy saam met C gewoon het en deur hom versorg is. A het gevolg=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

lik ook vir C versoek om die rekening te vereffen. Hy het dit aan C gestel dat indien hy nie die rekening sou vereffen nie, hy sy suster (i) nie meer sal toelaat om by C te woon nie en (ii) nie toestemming sou verleen dat B en C mag trou nie.

C het nie aangebied of geweier om die rekening te vereffen nie. Hy het dit egter aan A gestel dat hy steeds van voor= neme is om met B te trou. Hy het voorlopig onderneem om 12 beeste as trougoedere vir haar te lewer.

Na hierdie aanbod van B het A nie verder daarop aangedring dat B die rekening moet vereffen nie. Hy het trouens glad nie meer oor die rekening gepraat nie. Op die versoek van C het hy ook toegestem dat B in die tussentyd by die ouers van C mag inwoon.

C het hierna, ooreenkomstig die gebruik wanneer 'n dogter na haar minnaar wegloop, 'n bedrag van R2-00 as <u>lavelani halenu</u> aan A stuur. A het geweier om die R2-00 te ontvang. Hy het dit nie as <u>lavelani halenu</u> beskou nie maar as C se bydrae vir die vereffening van die rekening. Hy het aan C laat weet dat die bedrag te min is om die rekening te vereffen. C het nie gereageer op die boodskap van A nie. Na verloop van on= geveer een maand het A tot aksie oorgegaan en gewapen met 'n sambok het hy gaan uitvind wat C se probleem is.

Sonder om na die rekening te verwys, wou hy van C weet vir hoelank hy nog met B wil saamleef alvorens hy met haar trou. C het die sambok bemerk en aangebied om dadelik 2 beeste aan A te lewer ten einde formeel aan B verloof te raak.

A het geantwoord dat 2 beeste nie genoeg is nie aangesien C hom steeds 1 bees of R10-00 skuld vir die vereffening van die doktersrekening. Sy motivering vir dié eis is dat (i) C daarvan bewus was dat B aanvanklik sonder die toestemming van A gedros het en dat hy haar ten spyte daarvan nogtans gehuis=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ves en versorg het en (ii) B, na haar herstel, by die C-mense ingewoon en gelewe het asof sy met C getroud is. Vol=gens hom impliseer dit dat die C-mense volle aanspreeklikheid vir haar aanvaar het.

C het geweier om die addisionele bees te lewer aangesien hy nie wettig met B getroud is nie en volgens hom nie vir haar versorging verantwoordelik kon wees nie.

A het hierop die sambok geneem en vir C 'n pak slae gegee. Toe hy aanstaltes maak om ook vir C se vader te slaan, het C opgespring en aangebied om dadelik die volle hoeveelheid trougoedere te lewer sowel as die addisionele bees.

B en C is hierna wettiglik getroud.

Nota : 1. Informante beweer dat indien C die saak na 'n openbare hof geneem het, hy waarskynlik skot=vry sou gegaan het. Die stamreg bepaal uit=druklik dat 'n man slegs vir die versorging van 'n vrou aanspreeklik kan wees indien hy wettig met haar getroud is of indien hy haar wettige voog is.

2. Indien A van C sou eis omdat hy vir B wederreg=telik gehuisves het, sou sy eis slaag.

3. A kon natuurlik ook 'n saak van verleiding teen C aanhangig gemaak het.

4. A het korrek opgetree in sy weiering van die lavelani halenu. Lavelani halenu word streng gesproke slegs gelewer wanneer twee persone verloof is en weens finansiële redes nie in staat is om te trou nie. Wanneer 'n dogter onder sulke omstandighede na haar minnaar dros, word die lavelani halenu normaalweg nie geweier nie.

5. Twee persone kan die verloof raak sonder dat 'n minimum van 2 beeste gelewer is nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Saak 27

A het vir B daarvan beskuldig dat hy A se ongetroude dogter (C) verlei het.

In die familiehof van B het B dit ontken. Hy het ook 'n astrante houding ingeneem en onder andere gedreig om vir A te lyf te gaan. Toe die verwante van A hom wou kalmeer, het 'n geveg ontstaan en van 'n verdere verhoor was daar geen sprake nie.

A het hierop die saak na die wykshoof geneem. Die wykshoof het, nadat hy van B se houding verneem het, besluit om die saak na die kapteinshof te verwys. Nadat die litigante in die kapteinshof stelling ingeneem het, het die kaptein voor= dat die verhoor 'n aanvang geneem het, aan die woord gekom. Hy het dit aan B gestel dat hy van sy astrante houding in die familiehof verneem het en ook van die bakleiery wat daar plaasgevind het. Hy het vir B sowel as die verwante van al= bei partye gewaarsku om nie sy hof te minag nie. Hy het 'n beroep op albei partye gedoen om die saak in die hande van die hof te laat. Hy het dit ook aan hulle gestel dat die hof nie verantwoordelik is vir hulle probleme nie, maar dat die hof funksioneer om hulle probleme op te los.

B het hierna opgespring en gesê dat hy nie astrant is nie en ook nie die hof wil minag nie. Hy het egter bygevoeg dat hy dit nie sal duld dat A hom valslik beskuldig nie. Hy is hier= in luidkeels deur sy verwante ondersteun.

Die kaptein het die hof tot bedaring gebring en vir B en sy verwante ernstig vermaan. Hy het hulle beveel om huis toe te gaan en af te koel.

Hy het die saak vir 'n week uitgestel.

Tydens die hervatting van die saak het die verrigtinge, na 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ernstige vermaning van die kaptein, rustig verloop. B het erken dat hy 'n verhouding het met C. Hy het egter ontken dat hy haar beswanger het.

C daarenteen het aan die hof verduidelik dat B haar enigste minnaar is en dat slegs hy haar kon verlei het. Op 'n vraag van die hof het sy beweer dat sy en B verskeie kere omgang gehad het. Sy was selfs bereid om die plekke waar hulle om= gang gehad het, aan die hof te gaan toon.

Naas die getuienis van C kon A egter geen direkte getuienis lewer dat B wel sy dogter beswanger het nie.

Aangesien B reeds ongeveer ses maande swanger was, het die hof besluit om die saak uit te stel tot na die bevalling.

Na die geboorte van die kind is die saak weer hervat. Die kind is aan die hof getoon en die hof het bevind dat die kind na B lyk. B het heftig beswaar gemaak teen die bevin= ding. Hy het die kaptein versoek om die saak te verdaag so= dat hy die kind na 'n blanke dokter kon neem ten einde te bepaal of hy (B) wel die vader van die kind is.

Hierdie versoek van B het 'n heftige reaksie by die lede van die hof ontlok. Die kaptein wat self hewig ontsteld was oor dié versoek het egter die hof tot bedaring gebring en hom tot B gewend.

Nadat hy B eers ernstig berispe het, het hy onder andere aan hom gevra of dit sy wens is dat 'n blanke dokter voortaan die sake in die kapteinshof moet verhoor. Hy wou ook van B weet of dit sy mening is dat een blanke dokter 'n beter bevinding kan maak as al die lede van die hof tesame.

B het vermoedelik besef dat hy 'n fout begaan het en dat hy met sy versoek, nie alleen die kaptein nie, maar die hele hof beledig het. Hy het die hof om verskoning gevra vir sy ge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



drag. Hy het ook sy skuld erken en aan die kaptein gevra om die skadevergoeding te bepaal.

Die kaptein het beveel dat hy 2 beeste of R20-00 aan A moet lewer. Hy is ook beveel om 2 beeste of R20-00 aan die hof te lewer. Een van hierdie beeste is die normale vergoeding wat die uitspraakskuldenaar in sulke sake aan die hof moet lewer en die ander bees of R10-00 is as boete opgelê vanweë B se astrantheid in die hof.

<u>Saak 28</u>

Eintlik het ons hier te make met twee sake. Aangesien die sake met mekaar verband hou, word dit saam opgeteken.

'n Ongetroude meisie (A) het 'n verhouding gehad met twee jong mans, (B) en (C). Sy het swanger geraak maar was nie seker wie haar beswanger het nie. Sy het aan haar ouers er= ken dat sowel B as C haar verlei het. Haar vader (D) het egter nie van die C-mense gehou nie. Hy het 'n eis van ver= leiding teen B ingestel in die hoop dat B sou erken en in= willig om met A te trou.

In die hof het B ontken dat hy vir A beswanger het. Hy het aan die hof gemeld dat A ook 'n verhouding met ene C gehad het.

A het die bestaan van hierdie verhouding in die hof erken.

D daarenteen kon geen direkte getuienis lewer dat dit wel B was wat vir A verlei en beswanger het nie.

Die hof het besluit om die saak uit te stel tot na die ge= boorte van die kind.

Die saak is na die bevalling weer hervat. C is ook gelas om teenwoordig te wees. Nadat die kind aan die hof getoon is,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is bevind dat die kind nie na B lyk nie maar wel na C.

C het daarop erken dat hy A verlei het en dat hy begerig is om met haar te trou.

Die hof het hierop beslis dat B onskuldig is en het die eis van D verwerp.

B het op grond van hierdie uitspraak op sy beurt 'n saak teen D aanhangig gemaak. Hy het vir D beskuldig van karakterskending. Die saak het gevorder tot in die kapteinshof. Die hof het nadat hy die saak aangehoor het, vir D blaamwaardig bevind.

Die motivering vir die uitspraak was dat D daarvan bewus was dat sy dogter 'n verhouding met B sowel as C gehad het. D het egter ten spyte daarvan en sonder om op die feite van die saak in te gaan of om te wag totdat die kind gebore is, vir B beskuldig dat hy A verlei het. D het ook oor geen direkte getuienis beskik om vir B so te beskuldig nie. Hy het ook geen poging aangewend om die saak met die C-mense te bespreek nie.

D is daarop beveel om 2 beeste of R20-00 (dieselfde grootte eis wat hy oorspronklik teen B ingestel het) as skadevergoeding aan B te lewer.

## Saak 29

A se dogter (B) het 'n verhouding met 'n jong man (C) gehad. C het egter 'n werk in Johannesburg aanvaar en die stamgebied verlaat. Na sy vertrek het B 'n verhouding met 'n ander jong man (D) aangeknoop. B het mettertyd swanger geraak. B het aan haar ouers erken dat C sowel as D met haar omgang gehad het. Sy was egter oortuig daarvan dat dit C was, wat haar beswanger het.

A het gevolglik 'n saak van verleiding teen C aanhangig ge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


maak. C is uit Johannesburg ontbied vir die verhoor van die saak in sy familiehof.

In die hof het C die beskuldiging teen hom ontken. Hy het be=weer dat hy nie vir B se beswangering verantwoordelik kan wees nie aangesien hy reeds 'n geruime tyd in Johannesburg werksaam is.

Die hof het egter sy argument verwerp aangesien daar nie pre=sies vasgestel kon word hoelank B reeds swanger was nie. (Daar was slegs een maand speling tussen C se vertrek na Jo=hannesburg en die datum waarop B beweer het dat sy swanger is).

C wou steeds nie erken dat hy vir B beswanger het nie. Hy het aan die hof vermeld dat hy verneem het dat B tydens sy afwe=sigheid ook 'n verhouding met D gehad het.

B het aan die hof erken dat sy 'n verhouding met D het maar sy het ontken dat hy haar kon beswanger het.

Die hof het hierop besluit om die saak uit te stel tot na die geboorte van die kind ten einde te bepaal wie die vader van die kind is.

Na die bevalling is die saak weer hervat. Die hof het bevind dat die kind nie na C lyk nie maar wel na D. A se eis teen C is gevolglik verwerp.

<u>Nota</u> : 1. A het hierna 'n saak van verleiding teen D ingestel. D is skuldig bevind aangesien die hof bevind het dat die kind na hom lyk. D het skadevergoeding aan A betaal. Na verloop van ses maande het hy ook met B getrou.

2. Informante beweer dat indien D teen hierdie uitspraak geappelleer het, sy appel in 'n open=bare hof sou geslaag het. Die rede hiervoor is dat A reeds sy saak teen C verloor het. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getuienis van 'n meisie wat deur meer as een man verlei is, word gewoonlik ook nie deur die hof as geloofwaardig beskou nie.

## Saak 30

'n Meisie (A) het 'n verhouding met 'n jong man (B) gehad. A en B het gereeld omgang gehad. A het egter ook met ander jong mans verkeer. A is uiteindelik beswanger.

B het naas A, ook met ander meisies omgang gehad en onder andere vir ene D beswanger. In die hof het hy die klagte teen hom erken en skadevergoeding aan die vader van D gelewer.

A was nie seker wie haar beswanger het nie. Sy het uiteindelik op 'n sekere E besluit. Haar vader het 'n saak van verleiding teen E aanhangig gemaak.

E het die beskuldiging teen hom ontken. Hy het die saak gewen op grond van die feit dat daar geen direkte getuienis gelewer kon word dat hy vir A beswanger het nie en ook omdat A in die hof erken het dat sy 'n verhouding met B gehad het en met hom (B) en selfs met ander jong mans omgang gehad het.

A se vader het hierna vir B beskuldig dat hy A verlei het. In die kapteinshof het dit egter aan die lig gekom dat A se vader in die familiehof reeds 'n onsuksesvolle eis van verleiding teen E gevoer het.

Die kaptein het sy eis verwerp op grond van die onsekerheid wat daar by A bestaan het oor wie haar beswanger het. Hy het A se vader geadviseer om beter dissipline oor sy dogter uit te oefen. Hy het ook vir A berispe en dit aan haar gestel dat sy gelukkig kan wees dat sy swanger is aangesien sy 'n pak slae verdien vir haar gedrag.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Saak 31

A het vir B beskuldig dat hy A se dogter (C) verlei het en van hom skadevergoeding geëis. Die saak is in die wykshof verhoor.

B het die beskuldiging ontken.

C het getuig dat sy en B 'n verhouding het en dat B by ver= skillende geleenthede met haar omgang gehad het. B was vol= gens haar getuienis ook van voorneme om met haar te trou. Om dit te staaf het sy verskeie geskenke aan die hof getoon wat sy van B ontvang het. Haar tussenganger na B (verliefdes maak van tussengangers gebruik om briewe en geskenke te oor= handig) het ook getuig dat B en C 'n ernstige verhouding het en dat B gereeld geskenke aan C gestuur het. Sy het ook ge= tuig dat C geen ander minnaar het nie.

B kon nie die teendeel bewys nie.

Die hof het bevind dat B skuldig is en het hom gelas om 2 beeste of R20-00 aan A te lewer. B moes ook R10-00 of 1 bees aan die hof lewer.

Die motivering vir die uitspraak was dat dit vir die hof duidelik is dat B 'n ernstige verhouding met C het. Die feit dat B reeds die stadium bereik het dat hy geskenke aan C ge= stuur het, is 'n duidelike bewys daarvan. Die blote erken= ning van C dat B haar verlei het en die feit dat B nie in staat was om te beweer dat C ook ander minnaars het nie, het die uitspraak van die hof ook beïnvloed.

B het die uispraak van die hof gehoorsaam.

Saak 32

A het R40-00 of 4 beeste van B geëis omdat B se seun (C) die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dogter van A verlei het. Die saak het in die familiehof ge= dien.

C het erken dat hy A se dogter verlei het en dat hy begerig is om met haar te trou. A het egter geweier om sy dogter in die huwelik te gee aangesien sy na die bevalling haar studies moet voltooi. Gevolglik het hy daarop aangedring dat B skadevergoeding vir sy seun moet lewer. B het egter geweier om die skadevergoeding te betaal omdat (i) sy seun na sy oordeel oud genoeg is (24 jaar) om self vir sy dade verant= woording te doen en (ii) A se eis van R40-00 of 4 beeste buitensporig hoog was.

Die hof het besluit dat C wel oud genoeg is om self die skade= vergoeding te betaal. Ten opsigte van B se tweede beswaar het die hof anders besluit. Aangesien A se dogter weens haar swangerskap die skool moes verlaat en bygevolg 'n jaar van haar opleiding moes inboet, is A se eis as geregverdig beskou.

Die hof het gevolglik beslis dat C 'n bedrag van R40-00 of 4 beeste aan A moes lewer.

<u>Nota</u> : 1. Die normale eis vir die verleiding van 'n jong dogter is R20-00 of 2 beeste.
2. Volgens informante gebeur dit in die jongste tyd al hoe meer dat 'n vader 'n addisionele bedrag eis vir die verlies van uitgawes wat hy aangegaan het by die opvoeding van sy dogter.

<u>Saak 33</u>

'n Jong man A was bevriend met 'n meisie, B. B is egter deur 'n ander man, C verlei en beswanger. Haar vader (D) het vir A, omdat die met B bevriend is, beskuldig dat hy haar beswanger het.

In die familiehof van A het A erken dat hy met B bevriend is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy het egter ontken dat hy haar beswanger het. Volgens hom het hy nog nooit met haar gemeenskap gehad nie.

Die vader van B kon geen direkte getuienis lewer dat A wel vir B beswanger het nie.

Die familiehof het beslis dat die saak moet oorstaan totdat die kind gebore is ten einde te bepaal of A wel die vader van die kind is.

Na die geboorte van die kind het die vader van B weer die saak teen A aanhangig gemaak. Hy het beweer dat hy nou groter sekerheid het dat A die vader van die kind is, aangesien die kind na A lyk.

A het weer eens die beskuldiging ontken. Hy het beweer dat hy getuienis kan lewer dat hy nie die vader van die kind is nie. Volgens hom kan die vroedvroue wat die bevalling behar= tig het, getuienis lewer dat 'n ander man vir B beswanger het. Die vroedvroue is vervolgens geroep om getuienis in die hof te lewer.

Volgens die getuienis van die vroedvroue is A nie die vader van die kind nie. Hulle het getuig dat die kind vir ongeveer 36 uur na die bevalling aanhoudend gehuil het en geweier het om aan sy moeder te drink. Hulle het getuig dat aangesien A met B bevriend is, hulle aanvaar het dat hy die vader van die kind is. Hulle het daarop, ooreenkomstig hulle gebruik, die naam van A gereeld aan die kind geprewel ten einde hom aan sy moeder te laat drink. Die kind het egter nie daarop gereageer nie. Hulle het daarna aan B gevra of enige ander man met haar omgang gehad het. B het aan hulle gesê dat ene C wel met haar omgang gehad het maar dat sy nie van hom hou nie. Die naam van C is daarop aan die kind geprewel en hy het onmiddellik daarna aan sy moeder begin drink.

Die hof het die getuienis van die vroedvroue aanvaar en het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

beslis dat dit nie A was wat vir B beswanger het nie maar wel C. Die hof het gevolglik die eis teen B verwerp.

Saak 34

A en B is verloof. Naas die verlowingsbees het die vader van A ook reeds 'n groot gedeelte van die trougoedere aan die vader van B gelewer. Die reëlings vir die oordrag van die bruid was ook reeds gefinaliseer.

B is egter in die tussentyd deur 'n ander man (C) beswanger. Haar vader het, nadat hy van die beswangering van sy dogter verneem het, haar toestand aan die vader van A gerapporteer en hom versoek om 'n saak teen C aanhangig te maak. Dié het geweier om enigsins by die saak betrokke te raak. Hy het ge= redeneer dat die oordrag van die bruid nog nie plaasgevind het nie en dat B gevolglik nog onder die sorg en beheer van haar vader is. Hy het die vader van B aangeraai om self 'n saak teen C aanhangig te maak. Die vader van B het die ad= vies aanvaar en daarna 'n saak teen C aanhangig gemaak.

In die familiehof van C het C erken dat hy vir B verlei het. Hy het egter te kenne gegee dat hy nie van voorneme is om met die verhouding voort te gaan nie. Hy was bereid om skade= vergoeding aan die vader van B te lewer. B se vader het die voorstel aanvaar. Hy het egter vier beeste, in plaas van die gebruiklike twee beeste wat normaalweg vir die beswange= ring van 'n jong dogter gelewer moet word, geëis. (Dié eis is gelykstaande aan 'n eis vir owerspel met 'n getroude vrou).

Ter motivering van sy eis het hy aangevoer dat (i) B verloof is aan 'n ander man en dat die grootste gedeelte van die trou= goedere reeds gelewer is. Die tussenganger (ndhuna) het dit ook in die hof bevestig. (ii) Indien die verloofde man (A) nie bereid sou wees om met die voorgenome huwelik voort te gaan nie, hy alle goedere wat reeds vir sy dogter gelewer is, moet teruggee. (iii) Indien A wel voortgaan met die voorge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

nome huwelik maar nie die kind wil hê nie, hy verantwoordelik is vir die versorging en die opvoeding van die kind.

Aangesien die eis nie buitensporig is nie en in ooreenkoms met die stamreg is, het die hof die eis toegestaan. C het hom na bogenoemde verduideliking van die eis, bereid verklaar om die volle hoeveelheid skadevergoeding te lewer.

Nota : Nadat die skadevergoeding gelewer is, het die vader van B dit na die vader van A geneem en dit aangebied as kompensasie vir die beswangering van sy dogter. Die vader van A het dit aanvaar en het in oorleg met A besluit om nie alleen met die huwelik voort te gaan nie maar ook die kind te neem. Daarna het hy die volle hoeveelheid trougoedere gelewer.

Saak 35

A het vir B beskuldig dat hy A se dogter (C) wat aan D ver= loof is, beswanger het. A het 4 beeste of R40-00 van B ge= eis.

In die familiehof van B het B erken dat hy vir C beswanger het. Hy was egter nie geneë om 4 beeste, soos deur A geëis, vir sy oortreding te lewer nie. Dit was volgens hom te hoog. Die familiehof het egter beslis dat A se eis nie buitenspo= rig hoog is nie en het beslis dat B, 4 beeste aan A moet lewer.

B het teen die uitspraak geappelleer. Die saak is uiteinde= lik in die kapteinshof verhoor. Hier het B ook erken dat hy vir C beswanger het. Hy het egter weer eens beswaar gemaak teen die hoë eis wat A ingestel het. A het egter aan die hof verduidelik dat C verloof is aan D. Volgens hom kon D op grond van C se ontugtige gedrag, die verlowing verbreek. Dit sou meebring dat A die beeste (2) wat reeds vir C gelewer is, aan D moes teruglewer. Dit sal 'n verlies van 2 beeste vir A meebring. Aan die ander kant het hy geredeneer dat indien D

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

wel bereid sou wees om met C te trou, hy in elk geval, oor=eenkomstig stamreg, 2 beeste aan D moet lewer om te vergoed vir die ontugtige gedrag van sy dogter. (Hierdie gebruik staan bekend as ku pfala manyala - om die lelike dinge te verberg - dit word veral toegepas wanneer 'n verloofde mei=sie deur iemand anders as haar verloofde beswanger word). Indien A dit nie aan D lewer nie, kan hy weier om met C te trou. A het verduidelik dat hy om hierdie redes 2 beeste meer eis as die normale eis vir die beswangering van 'n jong dogter (2 beeste of R20-00).

Die hof het beslis dat B blaamwaardig is en het die volle eis van A toegestaan. In sy uitspraak het die kaptein verduide=lik dat die stamreg bepaal dat die eis vir die verleiding van 'n verloofde meisie juis vanweë dié redes, soos deur A ver=duidelik, altyd hoër is as dié vir die beswangering van 'n meisie wat nog nie verloof is nie. Daarom is die eis van A toegestaan. Die kaptein het ook beveel dat B 1 bees of R10-00 aan die hof moet lewer.

Saak 36

A het 'n drievoudige eis (6 beeste of R60-00) teen B inge=stel vir die verleiding van A se ongetroude dogter (C). Die saak is uiteindelik in die kapteinshof verhoor.

Die agtergrond van die saak is soos volg. C het oor 'n periode van jare geboorte geskenk aan 3 buite-egtelike kin=ders. Aangesien B sy vaderskap ten opsigte van elke kind teenoor A erken het en ook voor elke bevalling onderneem het om met C te trou, het A nooit 'n formele eis vir skadever=goeding teen B ingestel nie. Na die geboorte van die derde kind, het A egter 'n saak teen B aanhangig gemaak aangesien B weer eens nie sy belofte om met C te trou, nagekom het nie.

B is 'n onderwyser en is verbonde aan 'n plaaslike sekondêre skool. Hy is getroud met D. Hy en sy vrou is albei lidmate

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van 'n sendinggemeente. Hulle huwelik is ook in die kerk voltrek. B se lidmaatskap aan die sendingkerk en die siviel=regtelike huwelik wat hy met D gesluit het, was dan ook die belangrikste redes waarom hy nie sy beloftes om met C te trou, kon of wou uitvoer nie. C weer, is 'n skolier van B. 'n Er=kenning van B dat hy een van sy eie skoliere verlei het, kon andersyds die posisie van B as onderwyser ernstig in die ge=drang bring.

Omdat B 'n geleerde man is en daarby ook nog bevriend is met die wykshoof, het A die saak direk na die kapteinshof geneem. In die kapteinshof het B, nadat A sy klag volledig aan die hof gestel het, die klagte teen hom ontken. Voordat enige getuienis gelewer kon word, het twee ooms van B elk om 'n spreekbeurt gevra. Die eerste een het dit aan B gestel dat die saak teen hom baie duidelik is. Hy het B versoek om sy aanspreeklikheid te erken. Daarna kon hy met C trou en die drie kinders behou. B het geweier.

Die ander oom van B het versoek dat die saak na die familie=hof terugverwys word, aangesien dit nie aldaar verhoor is nie. Die kaptein het hierdie laaste versoek toegestaan.

In die familiehof het B sy aanspreeklikheid erken en onderneem om die gevraagde skadevergoeding aan A te lewer. (Volgens in=formante was dit maar net 'n geslepe plan van B om die saak uit die openbare howe te hou). A het egter, nadat hy vir der=tig dae tevergeefs gewag het dat B die skadevergoeding moet lewer, die saak weer by die kapteinshof aangemeld.

In die kapteinshof het B, ten spyte van sy vroeëre erkenning in die familiehof, die klagte teen hom ontken. Hierna is getuienis gelei.

C het eerste getuig. Sy het beweer dat sy reeds vir jare 'n verhouding met B het en dat hy die vader is van aldrie haar kinders. Sy het ook aan die hof verduidelik wat die aard van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hulle verhouding was en die omstandighede waaronder B haar verlei het. Sy was naamlik 'n skolier van B. Aanvanklik het hy haar gedurende skoolure opdrag gegee om na sy huis te gaan en vir hom tee te maak. Sy vrou was nooit tuis nie aangesien sy self by 'n ander skool onderwys gegee het. B het, met die verskoning aan die klas dat hy sy tee gaan nuttig, vir C na sy huis gevolg en aldaar met haar omgang gehad. Sy het be= weer dat al haar klasmaats die verhouding wat sy met B gehad het, kon bevestig. Sy het verder getuig dat namate hulle ver= houding ontwikkel het, sy die huis van B meermale en vir langer tydperke besoek het. So byvoorbeeld het B gereël dat sy vrou elke skoolvakansie by haar ouers in Swaziland gaan kuier. C moes dan die huishouding vir hom waarneem en het gereeld met hom omgang gehad.

B se vrou het hierna getuig. Sy het die getuienis van C ge= staaf. Sy het bygevoeg dat sy van die bure verneem het dat C nie alleen die huishouding in haar afwesigheid waargeneem het nie, maar dat sy vir die duur van die vakansie ook in die huis oornag het.

B het na die getuienis van sy vrou erken dat hy vir C verlei het. Hy het egter ontken dat hy die vader van aldrie haar kinders is. Volgens hom het hy slegs die derde kind van C verwek. Die eerste twee kinders is volgens hom deur andere verwek.

C het die bewering ten sterkste ontken.

B daarenteen kon nie 'n aanduiding gee dat C ander mans= vriende gehad het wat aanspreeklik kon wees vir haar eerste twee kinders nie. Hy het egter volstaan by sy vroeëre bewering.

A het hierna getuig. Hy het beweer dat B tydens elke swanger= skap van C, teenoor hom erken het dat hy haar beswanger het. B het ook elke keer onderneem om met C te trou. Hy het trou=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ens ook in die familiehof erken dat hy die vader van aldrie die kinders is.

B het hierop geantwoord dat A leuens vertel. Hy het bygevoeg dat sy erkenning in die familiehof 'n fout was. Hy het dit slegs gedoen omdat sy ooms hom daartoe oorreed het.

C het weer getuig. Sy wou van B weet waarom hy dan al die jare bydra tot die versorging van haar kinders as hy nie hulle vader is nie. Sy het ook liefdesbriewe wat B oor die jare heen aan haar geskryf het, aan die hof oorhandig. Uit die datering van die briewe kon die hof vasstel dat B reeds voor die geboorte van die eerste kind 'n verhouding met C gehad het. Volgens die inhoud van die briewe het die hof ook vasgestel dat B gereeld navraag gedoen het na die kinders en ook gereeld geld aan C gestuur het om vir die kinders klere te koop.

Die kaptein wou daarop van B weet of hy as 'n onderwyser, 'n skoolrapport vir 'n kind sal gee wat nooit sy klas bygewoon het nie. B het ontkennend geantwoord. Die kaptein wou daar= op van hom weet waarom hy dan klere gee aan kinders wat nie syne is nie. B het geswyg.

Die hof het bevind dat daar geen direkte getuienis gelewer kon word dat B vir C by aldrie geleenthede beswanger het nie maar dat B, deur die omstandigheidsgetuienis wat gelewer is, oor= weldigend as die vader van aldrie die kinders uitgewys is. Die hof het gevolglik beslis dat die drievoudige eis vir ver= leiding wat A ingestel het, toegestaan moet word. B is gelas om R20-00 of 2 beeste ten opsigte van elke kind aan A te lewer.

<u>Nota</u> : 1. Die drievoudige eis van A is deur die hof toege= staan omdat dit nie die bedoeling van A was om "besigheid te maak" met sy dogter nie. B het in elk geval met haar gehandel asof sy, sy vrou is.

2. Die hof is bevoeg om 'n meervoudige eis vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


verleiding van 'n jong dogter toe te staan indien dit dieselfde persoon is wat haar telkens verlei het en indien die omstandighede soos in bogenoemde saak, dit regverdig.

## Saak 37

'n Vader (A) het slegs een seun (B). Nadat B sy skoolopleiding voltooi het, het hy in die stad gaan werk. Hy het gereeld geld huis toe gestuur wat deur sy vader ontvang en verkwis is.

B het 'n meisie ontmoet en wou met haar trou. A was nie bereid om vir B van trougoedere te voorsien nie en het sy toestemming tot 'n huwelik geweier, deur die verhouding af te keur. B het hierna verskeie ander meisies ontmoet met wie hy wou trou. A het elke keer sy toestemming tot 'n huwelik geweier en insgelyks geweier om vir B van trougoedere te voorsien.

B wat reeds 25 jaar oud was, het hierna 'n owerspelige verhouding met 'n getroude vrou gehad. Hy is deur haar man betrap en van owerspel aangekla. In die familiehof is B ook aanspreeklik bevind. Hy kon egter nie die skadevergoeding betaal nie omdat hy al sy geld aan sy vader gegee het. Hy het hom gevolglik op die bystand van sy vader beroep.

A het egter geweier om die skadevergoeding te lewer. Hy het geredeneer dat hy nog bereid sou wees om skadevergoeding te lewer indien B 'n jong meisie verlei het. Hy is egter nie bereid om skadevergoeding te lewer vir sy seun wat reeds 25 jaar oud is en met 'n getroude vrou lol nie.

B het hierna 'n saak teen sy vader by die kapteinshof aanhangig gemaak. Hy het gekla dat sy vader weier om namens hom skadevergoeding te lewer. A het die klagte ontken en verduidelik waarom hy weier. Die hof wou daarop van B weet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

waarom hy met 'n getroude vrou lol en het hom ook daaroor berispe.

B het egter geantwoord dat hy verskeie verhoudings met jong meisies gehad het maar dat sy vader al die verhoudings afge= keur het en elke keer geweier het om hom van trougoedere te voorsien. Hy het ook aan die hof verduidelik dat hy, terwyl hy gewerk het, bykans sy hele inkomste aan sy vader gestuur het. Dié bewering is deur B se moeder bevestig.

Die hof het beslis dat aangesien B nog minderjarig is, A ver= antwoordelik is vir sy seun se oortreding. A is beveel om 5 beeste as skadevergoeding namens B te lewer. Hy is ook be= veel om 1 bees aan die hof te lewer.

Nota : Informante is nie eens oor hierdie uitspraak nie. Sommige beweer dat A, al het hy geen geld van B ontvang nie, verantwoordelik is vir die oortredinge van B. Ander beweer dat B oud genoeg is (25 jaar) om vir sy eie oortredinge verantwoordelik gehou te word. Volgens laasgenoemdes is A slegs verplig om die skadevergoeding namens B te lewer aangesien hy al die geld van B geneem het en dit verkwis het.

'n Vader kan nie sonder goeie rede weier om sy seun van trougoedere vir sy eerste vrou te voorsien nie.

Saak 38

'n Jong man (A) het sy vader (B) beskuldig dat hy hom nie van trougoedere wil voorsien nie. Die saak het gevorder tot in die kapteinshof.

B het die klagte in die hof ontken. A het aan die hof ver= duidelik dat sy vader aan elk van sy broers 4 beeste as trou= goedere gegee het. Hyself het slegs 2 beeste ontvang.

Die kaptein wou van B weet waarom hy A afgeskeep het. B het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

verduidelik dat hy nie nog beeste het om aan A te gee nie. Die rede hiervoor is dat B 'n groot oortreding begaan het waarvoor A 6 beeste skadevergoeding moes lewer. Indien hy nie oortree het nie, sou A hom van meer beeste kon voorsien.

Tydens die verhoor het dit egter duidelik geword dat A 'n geskeide man is. Die 2 beeste wat hy van sy vader ontvang het, was om sy eerste vrou te trou. By die egskeiding het hy ook al die beeste wat hy aan die vrou se vader gelewer het, terug ontvang. A wou die 2 addisionele beeste van sy vader hê om 'n tweede vrou te trou.

Die hof het A se eis verwerp. Die motivering vir die uit= spraak was dat 'n vader geen verpligting het om 'n seun van trougoedere vir 'n tweede en verdere vroue te voorsien nie. B was in elk geval aanvanklik tevrede met die 2 beeste wat hy van sy vader ontvang het vir sy eerste huwelik. Sy vader was ook nie verplig om die 6 beeste wat hy as skadevergoeding vir die oortreding van A betaal het, te lewer nie aangesien A op daardie stadium reeds getroud was en self vir sy oor= tredings aanspreeklik was. Alles in ag genome het die hof bevind dat A 'n mildelike bydrae van sy vader ontvang het. Die hof het hom dan ook berispe oor sy gierigheid en die feit dat hy sy vader onnodig by 'n openbare hof verkla het.

## Saak 39

'n Jong man (A) het sy vader se oudste broer (B) daarvan be= skuldig dat hy hom nie van trougoedere wil voorsien nie.

B het die klagte teen hom ontken. A het in die hof beweer dat B ooreenkomstig die leviraatgebruik aangewys is om sy oorlede vader se boedel te beheer en die afhanklikes te ver= sorg. Hy het bygevoeg dat B hierdie verpligtinge getrou na= gekom het maar noudat A wil trou, weier om hom van trougoedere te voorsien.

B het getuig dat die bewering van A korrek is. Hy het egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aan die hof verduidelik dat hy 'n ou man is en hulpbehoewend is. Hy het ook verklaar dat A oor 'n goeie inkomste beskik maar dat hy hom nie behulpsaam is met die versorging van sy moeder nie. Hy het verder beweer dat A se vader geen beeste nagelaat het nie en dat die boedel nie oor die nodige goedere beskik om trougoedere beskikbaar te stel nie. Hy sal gevolglik van sy eie beeste moet neem om vir A van trougoedere te voorsien. Hy het ook getuig dat hy daarvan bewus is dat hy ooreenkomstig die leviraatgebruik, 'n verpligting teenoor A het, wat hy geensins wil ontduik nie. Hy kan dit net nie nakom nie. 'n Verdere rede waarom hy geweier het om A van trougoedere te voorsien, is omdat A, nadat B hom opgevoed het, die stamgebied verlaat het en ten spyte van herhaaldelike versoeke wat B tot hom gerig het om tot die huishouding by te dra, (A se moeder leef nog en hy het ook drie minderjarige broers) hy dit nie gedoen het nie. A het na 'n afwesigheid van twee jaar skielik huis toe gekom en vir B versoek om hom van trougoedere te voorsien.

A het in die hof bevestig dat die getuienis van B korrek is. Hy het egter daarop aangedring dat B, net soos 'n eie vader, verplig is om hom van trougoedere te voorsien.

Die hof het die eis van A verwerp, Daar is aan A verduidelik dat die hof tot dieselfde bevinding sou kom indien sodanige eis teen 'n eie vader ingestel is. Die rede waarom die hof die eis van A verwerp het, was omdat A oor 'n goeie inkomste beskik maar nie bydra tot die versorging van sy moeder en sy minderjarige broers nie. B het dit steeds getrou gedoen ten spyte van sy karige inkomste en die feit dat die boedel van A se vader reeds uitgeput was.

<u>Nota</u> : Volgens stamgebruik is B verplig om onder normale omstandighede vir A van trougoedere te voorsien al moet hy sy eie beeste daarvoor gebruik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Saak 40

'n Minderjarige seun (A) het sy vader (B) en sy vader se jonger broer (C), by die liniehoof gaan verkla dat hulle deur onderlinge onderhandelinge A se suster (E) in 'n bloedskendige huwelik met C wou indwing.

B het twee broers te wete C en D. B is getroud en het 'n seun (A) en 'n ongetroude dogter (E).

C is 'n geskeide man en was van voorneme om met B se dogter (E) te trou. B het geen beswaar teen 'n bloedskendige huwe= lik gehad nie en het 'n huweliksooreenkoms met C aangegaan.

Nadat die ooreenkoms gefinaliseer is, het C voorlopig R10-00 aan B gelewer. Hy het onderneem om die tweede bees wat nodig is vir die verlowing, binne 'n week aan B te oorhandig.

A was bitter ontevrede met die verwikkelinge en het vir B probeer oorreed om af te sien van sy plan. B het geweier en daar het 'n hewige argument tussen hom en sy seun A ontstaan.

Daarna het B vir A by sy vadersbroer (D) daarvan beskuldig dat hy hom nie wil gehoorsaam nie en dat A hom met 'n stok geslaan het. A het, toe hy hieroor gekonfronteer is, geant= woord dat hy sy vader nie met 'n stok nie maar wel met sy tong "geslaan" het.

D het die saak na die liniehoof geneem en namens A 'n klag teen B en C gelê. Die liniehoof het, nadat hy die saak aan= gehoor het, beslis dat die voorgenome huwelik tussen C en E bloedskendig is en as sodanig verbode is. B en C is verbied om voort te gaan met hulle plan en die ooreenkoms wat hulle gesluit het, is nietig verklaar. Hiervolgens moes B die R10-00 wat hy van C ontvang het, aan hom terug besorg.

B en C is elk beveel om 'n bok aan die hof te lewer ten einde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

'n versoening tussen die partye te bewerkstellig en die eer van die linie te herstel.

Hiermee is die saak afgehandel.

## Saak 41

'n Man (A) het vier beeste van sy skoonvader (B) geëis aange=sien hy 'n swanger bruid (C) aan hom oorhandig het. Die saak is in die familiehof verhoor.

B het die klagte ontken en het geweier om enige skadever=goeding aan A te lewer.

A het getuig dat hy slegs vier weke met C getroud is maar dat C vir ten minste ses maande swanger is. Hy het getuig dat hy nie met C gemeenskap gehad het voor die troue nie.

C weer, het getuig dat sy met geen ander man as A omgang ge=had het nie. Sy het ook getuig dat A voor die troue met haar omgang gehad het en dat hy die vader van die kind is.

Die hof het die getuienis van C aanvaar en het beslis dat B nie aanspreeklik is nie. Die eis van A is gevolglik verwerp. A het teen die uitspraak geappelleer.

A is 'n verwant van die kaptein en het die saak direk na die kapteinshof geneem.

In die kapteinshof het die wykshoof van A en B beswaar gemaak teen die verhoor van die saak in die kapteinshof. Hy het ver=soek dat die saak na sy hof terug verwys word. (Die wykshoof is bevriend met B).

Die kaptein het die versoek geweier aangesien A 'n verwant is van die kaptein en die kaptein daarop geregtig is om self die saak te verhoor. Na hierdie beslissing het A sy klagte her=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

haal en verduidelik waarom hy 4 beeste van B eis.

C het weer eens ontken dat iemand anders as A haar kon be=swanger het.

B het getuig dat hy nie bewus is van enige ander man met wie C omgang kon gehad het nie.

Die hof het hierop die partye ondervra maar kon geen meer=dere helderheid kry nie. Elke party het by sy standpunt ge=hou.

Geen ander direkte of omstandigheidsgetuienis kon gelewer word nie.

Die kaptein het beslis dat B blaamwaardig is en het hom be=veel om 4 beeste aan A te lewer. Die rede vir sy uitspraak was dat C beswanger was terwyl sy in die sorg van B was. B het gemurmureer teen die uitspraak en het kennis gegee van appèl. Die saak is daarna in die magistraatshof verhoor.

Nota : 1. Hierdie saak is 'n duidelike voorbeeld van 'n verhoor in die kapteinshof wat eintlik buite orde is.

2. Aangesien A 'n verwant is van die kaptein het die lede van die hof nie die vrymoedigheid gehad om in die teenwoordigheid van die kaptein die bevinding van die kaptein te opponeer nie.

3. Volgens informante sou die uitspraak korrek ge=wees het indien die hof in staat was om te bepaal of A werklik onskuldig is en/of te bepaal of iemand anders met C omgang gehad het voor haar troue. In so 'n geval kon B verantwoordelik gehou word vir die dade van C maar dan kon hy die skade verhaal het van die persoon wat haar beswanger het.

4. B het die appèlsaak gewen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

5. A en C is daarna geskei omdat C geweier het om na A terug te keer. B het die trougoedere aan A teruggegee.

## Saak 42

'n Vader (A) het R54-00 van sy skoonseun (B) geëis vir die vereffening van 'n rekening van die toordokter vir dienste gelewer aan B se vrou (C).

B het die eis teengestaan.

Die feite van die saak is soos volg. C het siek geword nadat sy met B getroud is. Haar moeder (D) het die toestemming van B verkry om C na haar kraal te neem ten einde vir haar te offer by die voorvadergrafte. B het toegestem.

C is egter deur D na 'n toordokter geneem om haar te genees. Die toordokter se rekening het R54-00 beloop. A het dit ver= effen en die bedrag van B geëis.

In die hof het B getuig dat sy vrou sonder sy medewete of toestemming na die toordokter geneem is en dat hy daarom weier om die R54-00 te vereffen.

Die ondervraging van die hof het hierna gehandel oor wie ver= antwoordelik is vir die versorging van B.

Die hof wou onder andere van A weet of hy enige trougoedere van B ontvang het. A het bevestigend geantwoord, naamlik dat hy 6 beeste en die restant van die trougoedere in kon= tant van B ontvang het. Die hof wou ook van hom weet of B nog 'n gebruiksreg op daardie beeste het. Hy het ontkennend geantwoord. Die hof wou ook van hom weet of dit B se verant= woordelikheid is om daardie beeste, wanneer hulle siek is, na 'n veearts te neem vir behandeling en dan die rekening te vereffen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



A het geantwoord dat B geen sodanige verantwoordelikheid het nie en ook nie 'n gebruiksreg het ten opsigte van die beeste nie want dit is syne.

Die hof wou daarop van A weet waarom hy dan inmeng in die huishouding van B - is hy (B) dan nie verantwoordelik vir die versorging van C nie?

A het erken dat hy verkeerd gehandel het deur die dogter (B se vrou) sonder B se medewete en instemming na 'n dokter te neem.

Die hof het gevolglik beslis dat aangesien A sonder die toe= stemming van B gehandel het, hy nie geregtig is om die R54-00 van B te verhaal nie.

A se eis is verwerp.

<u>Nota</u> : C het na die hofsaak nie weer na B teruggekeer nie. Sy is uiteindelik van B geskei.

<u>Saak 43</u>

'n Man A het B daarvan beskuldig dat hy gepoog het om A se vrou C te verkrag.

B is in sy familiehof blaamwaardig bevind en beveel om R20-00 of 2 beeste aan A te lewer. Hy het geweier om die skadever= goeding te lewer en die saak het gevorder tot in die kapteins= hof.

In die kapteinshof het B weer eens die klagte teen hom ontken. C het hierna getuig. Sy het verduidelik dat sy B in die veld raakgeloop het. Hy het haar gevra om met hom omgang te hê. Sy het geweier waarop hy gepoog het om haar te verkrag. Sy het haar verset en 'n stoeiery het gevolg. Uiteindelik het sy haar losgeruk en weggehardloop. Daar was ongelukkig geen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ooggetuies teenwoordig nie. Sy het egter etlike kneus=plekke opgedoen wat sy aan A en ander lede van haar familie getoon het. Haar klere was ook geskeur. A sowel as die lede van die familiehof van B het bevestig dat hulle die kneusplekke aan C gesien het.

Die hof het hierop vir B ondervra. Hy het egter steeds vol=gehou dat hy onskuldig is en die hof kon nie daarin slaag om sy skuld te bewys nie. Hy is gevolglik deur die lede van die hof gewaarsku dat aangesien dit 'n verkragtingsaak is, hulle die saak direk na die magistraatshof kan verwys. Hy is ook meegedeel dat indien hy aldaar skuldig bevind word, hy 'n minimum gevangenisstraf van 12 maande opgelê sou word.

Na hierdie dreigement het B erken dat hy gepoog het om C te verkrag.

Die hof het hom skuldig bevind en beveel om R50-00 of 5 beeste aan A te lewer en R15-00 hofgeld.

B het onderneem om te betaal.

## Saak 44

'n Man (A) het sy skoonvader (B) beskuldig dat hy A se vrou (C) beswanger het.

Die saak het gevorder tot in die kapteinshof. B het die be=skuldiging dat hy sy eie dogter beswanger het, ontken.

A het getuig dat hy in Johannesburg gewerk het en sy vrou vir ongeveer nege maande nie gesien het nie. Toe hy tuis kom was sy swanger. Hy het aan C gevra wie haar beswanger het. Sy het hom meegedeel dat haar vader (B) met haar omgang gehad het.

C het die getuienis van A bevestig. Sy het verduidelik dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

sy en B per geleentheid alleen in die kraal was. B het gaan jag en 'n rooibok doodgemaak. Hy het ongeveer 21h00 die aand by die kraal opgedaag en haar versoek om hom te help om die rooibok na die kraal te dra. Sy het hom vergesel en in die veld het B haar gevra om met hom omgang te hê. Sy het eers geweier maar het later, nadat B gedreig het om haar aan te rand, toegestem.

B het die bewerings ontken. Hy het beweer dat dit net 'n slinkse manier van A is om skadevergoeding uit hom te kry. Hy het bygevoeg dat dit tog ongehoord is dat 'n vader met sy eie dogter omgang sal hê. Hy het A ook aangeraai om beter ondersoekwerk te doen alvorens hy so ver gaan om hom van bloedskande te beskuldig.

A het geantwoord dat hy die implikasies van so 'n beskuldiging terdeë besef. Daarom het hy vooraf alle ander moontlike lei=drade opgevolg. Hy kon egter geen ander verdagte persone op=spoor nie.

B het beweer dat dit nie korrek is nie. Hy het aangevoer dat C wel 'n verhouding met 'n ander man (D) het. D wat toevallig ook in die hof teenwoordig was, het dit ten sterkste ontken. C het dit ook ontken.

Die hof het hierna vir C en D ondervra maar uit die onder=vraging het dit geblyk dat daar nie 'n verhouding tussen hulle bestaan nie. B kon ook geen direkte bewys lewer vir die bestaan van so 'n verhouding nie.

Uit die getuienis wat gelewer is en uit die ondervraging van die hof het dit geblyk dat C geen ander minnaar het nie. Die hof het gevolglik geen ander moontlikhede gehad om te oorweeg nie. B is skuldig bevind op grond van die oorweldigend in=kriminerende getuienis van sy dogter. Hy is beveel om die normale skadevergoeding vir owerspel te wete R50-00 of 5 beeste aan A te lewer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

B was nie tevrede met die uitspraak nie maar het tog die skadevergoeding gelewer.

Nota : 1. Die normale skadevergoeding vir bloedskande is aansienlik hoër as dié wat die hof beveel het. B is egter getroud met 'n susterskind van die kaptein en is daarom volgens informante, deur die kaptein begenadig.

2. Na afloop van die verhoor moes B vlug. Hy is nie net deur die aanwesiges bespot nie maar ook met klippe bestook.

3. A en C is hierna geskei. B moes al die lovola (R120-00) wat hy vir C ontvang het, aan A terug=gee.

4. D het op sy beurt 'n saak van karakterskending teen B aanhangig gemaak. Die hof het B aan=spreeklik bevind op grond van die valse beskul=diging wat hy tydens die verhoor teen D gemaak het. Hy is beveel om R50-00 of 5 beeste as skadevergoeding aan D te lewer.

5. Nadat C van A geskei is, het B haar belet om na sy kraal terug te keer. Sy woon tans by D!! B is van voorneme om die saak op grond van hier=die saamblyery van C en D, weer by die kapteins=hof aanhangig te maak.

## Saak 45

'n Man A, se suster C, is getroud met 'n man B. A eis R10-00 of 1 bees van B omdat B na bewering vir C aangerand het.

In die familiehof het B ontken dat hy sy vrou aangerand het. Hy is egter blaamwaarding bevind en beveel om skadevergoeding van R5-00 aan A te lewer. B het teen die uitspraak geappel=leer. Die saak kon egter nie deur die wykshof verhoor word nie aangesien A die oudste seun van die wykshoof is. A het die saak gevolglik direk by die kapteinshof aangemeld. (Na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


regte moes die wykshoof self 'n eis teen B ingestel het. Hy was siek en A het namens hom die saak aanhangig gemaak. Die kapteinshof het dit so aanvaar).

B het eers ontken dat hy sy vrou aangerand het maar nadat C haar geswelde oog en verskeie kneusplekke aan die hof getoon het, het B sy aanspreeklikheid erken. B het hierop 'n teen=eis ingestel. Hy het aan die hof verduidelik dat A hom, toe hy na sy vrou wat gedros het, kom soek het, met 'n stok geslaan het.

Die hof het hom meegedeel dat dit 'n afsonderlike saak is en dat hy hom moet bepaal by die saak wat voor die hof dien.

B het ter versagting aangevoer dat hy nie van voorneme is om van sy vrou te skei nie. Hy is begerig om haar terug te neem maar sy skoonfamilie weier egter dat sy na hom moet terugkeer.

A het hierop geantwoord dat hulle C sal toelaat om na B terug te keer mits B in die hof onderneem om haar nie weer aan te rand nie en mits hy R10-00 skadevergoeding aan sy skoonfami=lie lewer ten einde die goeie verhouding tussen die twee families te herstel.

Die hof het beslis dat B R10-00 aan A moet lewer. A is gelas om, nadat hy die R10-00 van B ontvang het, vir C na haar man terug te neem. B is ook gewaarsku om nie weer vir C aan te rand nie.

Saak 46

'n Man (A) het sy vrou (B) herhaaldelik oormatig getugtig. B het hom verskeie kere by sy vader gaan verkla. Dié het A telkens gewaarsku dat hy sy vrou nie moet mishandel nie. A het egter nie gehoor gegee nie.

Nadat B weer sy vrou aangerand het, het sy hom by haar ouers

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gaan verkla. Haar vader het die saak by A se vader aanhangig gemaak.

In die familiehof het A erken dat hy vir B oormatig getugtig het. Hy kon egter geen rede aanvoer waarom hy dit gedoen het nie. Op grond van sy erkenning het die hof hom skuldig be= vind en hom gewaarsku om sy vrou nie meer te mishandel nie.

A het belowe om voortaan in vrede met sy vrou te lewe. Die hof het geen skadevergoeding bepaal nie maar het A gewaarsku dat, indien hy weer sy vrou sou mishandel, dit as 'n grond vir egskeiding aangevoer kon word. Hy is ook meegedeel dat sy skoonvader 'n eis van skadevergoeding kon instel vir die mishandeling van sy dogter.

Nota : Na aanleiding van bogenoemde saak beweer informante die volgende:

(1) Indien A nie van gesindheid teenoor sy vrou verander nie kan dit verwag word dat 'n eg= skeiding die logiese gevolg van die onenigheid sal wees

(2) B se vader is wel geregtig om skadevergoeding vir die mishandeling van sy dogter te eis. Sodanige optrede is egter skaars.

Informante wys daarop dat slegs die vrou se vader deur so 'n handeling bevoordeel kon word. Die rede hiervoor is dat nog A nog sy vader voordeel mag trek uit die mishandeling van B. Die skadevergoeding wat in sulke gevalle toegestaan kan word, is 1 bees of R10-00.

Saak 47

A en B is broers. A is getroud met 'n vrou C en B is onge= troud.

B het werk aanvaar in Johannesburg. C het hom vergesel na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die bushalte en het van sy bagasie gedra. Op pad na die bus=halte het hulle 'n man (D) ontmoet wat ook onderweg was na Johannesburg. C het aangebied om ook sy bagasie te dra. Ver=bygangers het gemerk dat C die bagasie van D dra en het dit aan A meegedeel.

By haar tuiskoms wou A van C weet of sy dan 'n verhouding met D het aangesien sy, sy bagasie gedra het. C het ontken dat sy 'n verhouding met D het en het beweer dat sy uit blote hof=likheid sy bagasie gedra het. A het die saak daar gelaat en gewag totdat D terugkeer na die stamgebied.

D het na ongeveer 3 maande weer teruggekeer na die stamgebied. A het hom beskuldig dat hy die hoflikheid van sy vrou mis=bruik het. Hy het R20-00 skadevergoeding van D geëis vir on=behoorlike familiariteit teenoor sy vrou.

Die saak kon nie in die familiehof van D afgehandel word nie en A het dit na die wykshof geneem.

In die wykshof het A sy saak gestel. D het sy aanspreeklik=heid ontken en geweier om enige skadevergoeding aan A te lewer.

A het geredeneer dat indien D nie bereid is om skadevergoeding te lewer nie, dit vir hom 'n aanduiding is dat D 'n verhouding het met C. Dit is volgens hom die enigste rede waarom C sou aanbied om die bagasie van D te dra en/of D haar sou vra om sy bagasie te dra.

D sowel as C het ontken dat daar 'n verhouding tussen hulle bestaan. A kon ook geen werklike getuienis lewer dat daar wel so 'n verhouding bestaan nie.

Die hof het bevind dat daar geen verhouding tussen C en D be=staan nie. Die wykshoof het ook aan A verduidelik dat dit tog 'n gebruik is dat 'n vrou die bagasie van 'n man dra en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dat sodanige daad nie impliseer dat sy 'n verhouding met die man het nie. Sy doen dit slegs omdat sy die man respekteer.

A het hierop geantwoord dat : (1) Sy vrou reeds belas was met die bagasie van sy broer en dat sy beswaarlik nog 'n addisionele vrag kon dra en (2) D nie 'n verwant van hom is nie en gevolglik geen aanspraak op die dienste van sy vrou kon maak nie.

Die hof het beslis dat aangesien C aangebied het om die baga= sie te dra en aangesien dit uit die getuienis duidelik is dat D haar nie daartoe beveel of versoek het nie, A geen saak het nie.

A se eis is verwerp.

Na die uitspraak het D 'n bedrag van R10-00 as 'n versoenings= offer aan A aangebied omdat A ontevrede was met die uitspraak van die hof en gedreig het om die saak na die kapteinshof te neem.

A het die aanbod aanvaar.

<u>Nota</u> : Hierdie R10-00 word nie beskou as skadevergoeding (<u>nhlawulo</u>) nie aangesien die hof nie die lewering daarvan gelas het nie. Dit word as <u>umchachazelo</u> (versoeningsoffer) beskou wat die verweerder aange= bied het ten einde 'n versoening met A te bewerk= stellig.

<u>Saak 48</u>

A het 'n man (B) beskuldig dat hy verantwoordelik is vir die dood van A se vrou C. A het vyftien beeste van B geëis. Die saak het gevorder tot in die kapteinshof.

B het die beskuldiging ontken. A het getuig dat hy werksaam

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



was in Johannesburg. Tydens sy afwesigheid het B aan C 'n bedrag geld gegee en haar gevra om na Graskop te gaan om vir hom goedere te koop. Hy het haar ook van 'n buskaartjie voorsien. Nadat C die goedere op Graskop aangekoop het, het sy weer per bus teruggekeer. Die bus was egter in 'n ongeluk betrokke en C het gesterf.

B het erken dat hy vir C na Graskop gestuur het. Hy het egter geredeneer dat hy nie vir haar dood verantwoordelik is nie. Hy wou ook van A weet waarom hy nie 'n eis teen die busbe= stuurder instel nie.

Die hof het aan B gevra of hy die toestemming van A verkry het om aan C sulke opdragte te gee. B het ontkennend geant= woord. Die hof wou ook van B weet of dit 'n stamgebruik is om die vrou van 'n ander bevele te gee sonder die toestemming van haar man. B het weer ontkennend geantwoord.

Die hof het beslis dat B skuldig is. Hy is beveel om 15 beeste as skadevergoeding aan A te lewer omdat hy indirek verantwoordelik was vir die dood van die vrou. Drie van hierdie beeste is toegeken vir die verlies van C en die res (12) is toegeken om A in staat te stel om weer 'n vrou te trou.

B het die uitspraak gehoorsaam.

<u>Saak 49</u>

'n Man A het sy vrou B by die kapteinshof gaan verkla dat sy nie haar huislike pligte nakom nie, hom nie gehoorsaam nie en gedurig uithuisig is.

B het die klagte teen haar ontken. Gedurende die verhoor het dit egter aan die lig gekom dat die saak nie in die familie= hof behandel is nie. A het ook nagelaat om die saak met sy skoonouers te bespreek. Die kaptein het A hieroor berispe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


en die saak terugverwys.

A se klagte is in die familiehof verwerp. Sy skoonouers kon ook geen fout met B se gedrag vind nie. A het die saak ge= volglik weer na die kapteinshof geneem.

Nadat A sy saak gestel het, het B erken dat sy baie uithuisig was. Sy het egter aangevoer dat dit met die medewete en die toestemming van A geskied. Sy het getuig dat die rede waarom sy uithuisig is, is omdat sy moes gaan werk om die huishouding aan die gang te hou aangesien A nie sy versorgingsplig nagekom het nie.

A het hierop erken dat hy werkloos is en vir maande lank geen inkomste gehad het nie. Hy het ook erken dat hy sy familie nie na behore kon versorg nie en dat B met sy medewete gaan werk het.

Die hof het die eis van A verwerp. Daar is aan hom meegedeel dat hy nie sy vrou kan verkla indien hy haar en die kinders nie versorg nie. Die hof het hom beveel om eers sy plig as eggenoot en vader na te kom. Indien sy vrou dan nog uithuisig is en haar pligte as vrou en moeder nie nakom nie, hy weer 'n saak teen haar aanhangig kan maak.
A het die hofbevel gehoorsaam.

## Saak 50

A is getroud met 'n vrou B. A het vir ongeveer 12 maande in Johannesburg gaan werk. Tydens sy afwesigheid het B 'n ver= houding met 'n man C gehad. Ongeveer 11 maande nadat A ver= trek het, het B geboorte geskenk aan 'n kind. A is nie hier= van verwittig nie.

By sy terugkeer wou A van B weet wie die vader van die kind is. Sy het aan hom erken dat sy tydens sy afwesigheid met C owerspel gepleeg het en dat C die vader van die kind is. A

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

het 'n eis van skadevergoeding teen C ingestel.

In die mindere howe het C sy aanspreeklikheid ontken. Vanweë die gebrek aan direkte getuienis kon hierdie howe ook nie daarin slaag om C blaamwaardig te bevind nie. A het gevolglik die saak na die kapteinshof geneem.

In die kapteinshof is daar vasgestel dat A nie die vader van die kind kan wees nie aangesien hy vir 'n periode van 12 maande nie in die stamgebied was nie en dat sy vrou hom ook nie gedurende hierdie tydperk besoek het nie. Vanweë die ge= brek aan direkte getuienis in verband met die beweerde ower= spel, is B en C daarna baie deeglik ondervra.

B het aan die hof erken dat sy owerspel gepleeg het met C en dat C die vader van die kind is. Volgens haar getuienis het sy met geen ander man behalwe C, omgang gehad nie. Haar ge= tuienis is aangevul deur dié van haar man se broers wat be= weer het dat hulle vir C by verskeie geleenthede in die gesel= skap van B gesien het en dat hy die kraal van A gereeld be= soek het. Daar is ook getuig dat C 'n landbouvoorligter is en dat hy vir B gehelp het om in die afwesigheid van haar man, 'n besproeiingsperseel op die landbouskema te bekom.

C het ten spyte van al die omstandigheidsgetuienis wat ge= lewer is, steeds sy aanspreeklikheid ontken.

Die kaptein het daarop besluit dat die kind aan die hof ge= toon moet word ten einde te bepaal of daar 'n fisiese ooreen= stemming is tussen C en die kind. Die hof het bevind dat die kind wel na C lyk en het beslis dat C die vader van die kind is.

C het heftig beswaar aangeteken teen die bevinding van die hof. Volgens hom het niemand hom op heterdaad by B betrap nie en is dit gevolglik onmoontlik om te bewys dat hy die vader van die kind is. Hy het ook vermeld dat hy teen die bevinding van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die hof gaan appelleer.

Die kaptein het hom vererg vir die astrantheid van C. Hy het daarop gelas dat die hofkonstabels vir C moet arresteer, sy hande en sy voete moet vasbind en hom buite in die son gaan lê totdat hy erken dat hy wel die vader van die kind is.

Teen die middag het die kollegas (landbouvoorligters) van C by die hof opgedaag. Hulle het hom buite in die son sien lê en aan hom gevra waarom sy hande en voete vasgebind was. Na sy verduideliking het hulle aan hom gevra waarom hy hom so on= nodig laat martel - almal weet mos dat hy 'n verhouding met B het en dat hy die vader van die kind is. Hulle het hom daarna oorreed om sy skuld te erken.

C is losgemaak en het weer in die hof verskyn. Hy het erken dat hy B beswanger het.

Die kaptein het hom skuldig bevind en beveel om 5 beeste of R50-00 skadevergoeding aan A te lewer. Hy is ook beveel om 2 beeste of R20-00 aan die hof te lewer. Die ekstra bees of R10-00 wat tot die normale hofgelde in sulke sake (1 bees of R10-00) toegevoeg is, is volgens die kaptein opgelê vir die moeite wat C die hof aangedoen het om die saak te verhoor.

<u>Saak 51</u>

'n Vader A het B daarvan beskuldig dat hy owerspel gepleeg het met A se dogter C. Hy het R50-00 of 5 beeste van B as skadevergoeding geëis.

B het erken dat hy omgang gehad het met C maar het geweier om R50-00 of 5 beeste aan A te lewer. Die rede vir sy weiering was dat hy vir C by die kraal van haar vader ontmoet het en onder die indruk verkeer het dat sy nog ongetroud is. Hy het daarop slegs R20-00 of 2 beeste as skadevergoeding aangebied. A het getuig dat sy dogter getroud is met ene D. Sy het egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


van haar man gedros maar is nog nie amptelik van hom geskei nie. Daarom eis hy namens D aangesien C owerspel gepleeg het terwyl sy in A se sorg was.

Die hof het beslis dat B skuldig is aan owerspel en het hom beveel om R50-00 of 5 beeste aan A te lewer. A is deur die hof beveel om die skadevergoeding wat hy van B ontvang aan D, synde die wettige eggenoot van C, te oorhandig.

Nota : 1. A het geen aanspraak op die skadevergoeding nie.
2. Ooreenkomstig die stamreg is dit egter sy plig om namens sy skoonseun 'n saak aanhangig te maak aangesien C die oortreding begaan het ter=wyl sy in sy sorg was.

## Saak 52

Die vader A van 'n geskeide vrou B het 6 beeste van C geëis omdat C met sy dogter owerspel gepleeg het en so, B se eg=skeiding veroorsaak het.

B was getroud met 'n man D. D het in Johannesburg gewerk. Tydens sy afwesigheid het B owerspel gepleeg met C. Die feit is deur albei partye aan A erken.

B het uit vrees vir haar daad, D se kraal verlaat en by haar vader A gaan woon. A het daarna vir D versoek om 'n saak weens owerspel teen C aanhangig te maak.

D was nie bereid om 'n saak teen C aanhangig te maak nie. Hy het verkies om van sy vrou te skei omdat sy in sy afwesigheid owerspel gepleeg het en daarna sy kraal verlaat het.

D en C is uiteindelik geskei en A het 6 beeste wat hy as trougoedere van D ontvang het, aan hom teruggegee.

Daarna het A die onderhawige eis teen C ingestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C het erken dat hy met B owerspel gepleeg het maar gesê dat hy nie bereid is om met haar te trou nie.

A se standpunt was dat C se owerspel met B aanleiding tot haar egskeiding gegee het en dat B daarom 6 beeste aan D moes teruggee.

Die hof het C aanspreeklik bevind en hom beveel om 6 beeste aan A te lewer.

C het die uitspraak gehoorsaam.

## Saak 53

'n Poligamis A het twee vroue gehad te wete B en C. B het hom ontval.

Gedurende die rouperiode vir B het C egter begin om losbandig te lewe. Sy het nie meer die kinders versorg nie en was ge=durig uithuisig. A het haar hieroor vermaan. C het haar egter nie aan sy vermaninge gesteur nie. Ten einde raad het hy haar by haar oudste broer (D) gaan verkla. C het ook D se vermaninge verontagsaam.

C het hierna by drie verskillende geleenthede oortredings be=gaan waarvoor A haar elke keer by die kapteinshof moes verkla omdat C haar nie gesteur het aan die uitsprake van die fami=liehof nie. Tydens die verhoor van elke saak in die kapteins=hof is sy bygestaan deur haar oudste broer D.

In die eerste saak wat deur die hof verhoor is, het A haar beskuldig dat sy R24-00 van hom gesteel het. Hy het ook aan die hof vermeld dat sy hom nie meer onderdanig is nie en dat sy 'n losbandige lewe voer. Nadat die nodige getuienis gelei is, het die hof bevind dat C skuldig is. Die hof het beveel dat sy die R24-00 aan A moet teruglewer. Sy is ook deur die hof gemaan om haar man onderdanig te wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

In die tweede saak wat verhoor is, het A die hof versoek om sy vrou te beveel om haar losbandige lewe te staak. Hy het onder andere getuig dat sy met 'n man owerspel gepleeg het. Dié man het aan hom erken dat hy met haar owerspel gepleeg het en hy het reeds die nodige skadevergoeding aan A gelewer. Die hof het weer eens vir C beveel om haar man te gehoorsaam en haar losbandige lewe te staak. Sy is ook deur die hof gewaarsku dat indien sy weer met 'n ander man owerspel sou pleeg, dit 'n grond vir egskeiding sou wees en dat A haar op grond van haar herhaaldelike owerspel kan skei.

C het egter weer owerspel gepleeg. (In albei gevalle het sy owerspel gepleeg gedurende die rouperiode vir B. Volgens gewoonte mag 'n man, wanneer hy rou, nie met 'n vrou omgang hê nie. Dit was dus vir A verbode om met C te verkeer). Aangesien A nie vir 'n tweede keer skadevergoeding vir die owerspel van sy vrou mag eis nie het hy haar weer eens by die kapteinshof gaan verkla dat sy losbandig lewe.

Die kaptein het, nadat hy die getuienis aangehoor het, beslis dat C gestraf moes word vir haar optrede. Aangesien sy nòg na die vermaninge van haar man en haar eie verwante, nòg na die vermaninge van die hof wou luister, het die kaptein beveel dat sy lyfstraf moet ontvang. Hy het beveel dat sy 10 houe met 'n stok toegedien moet word.

<u>Nota</u> : Vir hierdie doel moes al die aanwesiges die hofsaal ontruim. Die lyfstraf is deur 'n aangewese <u>ndhuna</u> toegedien.

<u>Saak 54</u>

A is getroud met 4 vroue. Hy het egter huweliksregte aan sy hoofvrou (B), geweier. B het die saak by haar skoonvader C aanhangig gemaak. C het A berispe maar dit het nie sy houding jeens B verander nie. B het die saak daarna by haar eie vader D aanhangig gemaak wat weer op sy beurt by C kom navraag doen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


het oor die houding van A jeens B.

In die familiehof was albei verwantegroepe teenwoordig. A kon geen spesifieke rede vermeld waarom hy huweliksregte aan B weier nie. Hy het wel verklaar dat hy geen belangstelling in B het nie en dat hy ook nie bereid is om in die toekoms met haar omgang te hê nie. Hy het voorgestel dat indien sy bereid is om op hierdie wyse in sy kraal aan te bly, hy haar sal versorg. Indien nie, is hy bereid dat sy terugkeer na die kraal van haar vader.

C het A vermaan oor sy houding teenoor B en hom daarop gewys dat dit strydig is met sy pligte as man en dat verwaarlosing van die vrou op seksuele terrein, 'n grond vir egskeiding is.

A wou nie gehoor gee nie en het geweier om in die toekoms enige omgang met B te hê.

B het egter aangedring op volle vervulling van alle pligte deur A en het aan die hof vermeld dat sy nie van voorneme is om daarvan afstand te doen of van A te skei nie.

A wou nie kopgee nie. B het daarna tog verklaar dat sy be= reid is om van A te skei.

Die hof het beslis dat A skuldig is en het die huwelik in hierdie gesamentlike familievergadering as ontbind verklaar. A het die trougoedere wat hy vir B gelewer het, verbeur. Hy het egter die kinders behou. B is ook toegelaat om al haar persoonlike besittings met haar saam te neem.

## Saak 55

'n Man A is deur sy skoonvader B daarvan beskuldig dat hy sy vrou C, summier weggejaag het. Die saak is in die wykshof verhoor.

Hierdie saak het nie gehandel oor 'n egskeiding nie maar die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wyse waarop A van sy vrou ontslae wou raak.

B het getuig dat C en haar kinders op 'n dag met 'n klomp meubels, hoenders, varke,ensovoorts by sy kraal opgedaag het. Sy het aan hom meegedeel dat A haar weggejaag het en beveel het om al hulle gesamentlike besittings (met uitsluiting van die beeste) met haar saam te neem. B het in die hof gerede= neer dat dit nie die korrekte manier is om van jou vrou te skei nie.. Volgens hom is dit tog 'n stamgebruik om die saak eers met die skoonfamilie te bespreek. (Hiervolgens moet 'n man 'n bees of R10-00 met 'n boodskapper aan die skoonfamilie stuur en hulle verwittig dat hy van voorneme is om van hulle dogter te skei en ook wat sy redes daarvoor is. Daarna word die saak deur die twee families bespreek en afgehandel). A het dit nie gedoen nie.

A het getuig dat sy vrou 'n alkoholis en 'n prostituut is. Sy is ook baie uithuisig en verrig nie haar huislike pligte nie. Hy het haar by herhaling gewaarsku om van lewenswyse te verander maar sy het nie gehoor gegee nie. Hy het moeg geword vir haar gedrag en het haar uiteindelik weggejaag.

Die hof het beslis dat die optrede van C genoeg grond vir 'n egskeiding is maar dat A nie korrek gehandel het deur haar summier weg te jaag nie.

A is beveel om 1 bees of R10-00 aan B te lewer. Daarna kon hy op die korrekte manier van sy vrou skei.

A het aan die uitspraak gehoor gegee.

<u>Nota</u> : A en C is daarna wettiglik geskei. B het die trou= goedere aan A teruggestuur en C het slegs haar per= soonlike besittings behou. Die kinders is aan die sorg van A toevertrou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## Saak 56

'n Middeljarige poligamis A eis dat sy vrou B se oudste broer C moet toesien dat B na hom terugkeer. As dit nie ge=beur nie eis hy die trougoedere wat hy vir B gelewer het. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

A het getuig dat B van hom gedros het en by haar oudste seun gaan woon het. Sy weier om na hom terug te keer.

B het getuig dat sy nie van voorneme is om van A te skei nie. Sy verkies egter om by haar oudste seun te woon en nie by A nie.

C het haar hieroor berispe en aan haar verduidelik dat dit haar plig is om by A te woon en hom te versorg.

B het geweier en bygevoeg dat A nog ander vroue het wat hom kan versorg.

Die hof het daarop aan B gevra of daar enige rede is waarom sy nie by A wil woon nie. B kon geen spesifieke redes ver=strek nie. Sy het slegs daarop aangedring om by haar seun te woon.

Die hof het hierop beslis dat C die trougoedere wat vir B gelewer is, aan A moet teruggee. B is beveel om na haar ouerhuis terug te keer aangesien hulle vir haar verantwoorde=lik is en nie haar seun nie.

## Saak 57

'n Man A eis dat sy skoonvader B sy vrou C aan hom moet terug=gee. By ontstentenis daarvan eis hy die trougoedere wat hy aan B gelewer het. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

In die hof het A getuig dat sy vrou hom sonder rede verlaat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


het. Na sy vertrek het, het hy gevind dat sy R140-00 kontant wat aan hom behoort het, gesteel het. Sy het ook die kinders met haar saamgeneem. Toe hy B versoek het om sy vrou sowel as die gesteelde geld aan hom terug te gee, het B geweier.

B het getuig dat sy dogter tesame met die kinders by hom in=getrek het. Hy het haar beveel om na haar man terug te keer maar sy het geweier. Hy is egter nie bewus van die geld wat sy na bewering gesteel het nie.

C het, na deeglike ondervraging, erken dat sy R140-00 wat aan A behoort het, met haar saamgeneem het. Sy het aangevoer dat sy dit wou gebruik om die kinders op te voed. Sy kon egter geen spesifieke rede vermeld waarom sy A verlaat het nie maar het dit tog uitdruklik gestel dat sy nie begerig is om na hom terug te keer nie.

Die hof het beslis dat (i) B, die trougoedere wat hy van A ontvang het, moet teruglewer; (ii) die kinders na A moet teruggaan en (iii) B die R140-00 wat C gesteel het, aan A moet terugbetaal. B het die uitspraak gehoorsaam.

## Saak 58

'n Man A eis dat sy skoonvader B sy vrou C aan hom moet teruggee of by 'n onvermoë hiertoe, al die lovolo (R120-00) wat hy aan B gelewer het.

In die hof het B getuig dat C van haar man gedros het, tans by hom is en nie bereid is om na haar man terug te keer nie. Hy het hom bereid verklaar om, op grond van sy dogter se weiering om terug te gaan na A, die trougoedere aan A terug te gee. Hy was egter nie bereid om die volle bedrag aan A te lewer nie. Die rede hiervoor is dat hy 1 bees of R10-00 wil terughou om, wanneer die kinders van A siek word, daar=mee vir hulle by die voorvaders te offer. (L.W.: Die kinders bly in die sorg van A).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die hof het beslis dat dit 'n stamgebruik is om 'n klein ge= deelte van die trougoedere, wat by 'n egskeiding teruggelewer moet word, in trust te hou vir offerdoeleindes ten opsigte van die kinders.

B se versoek is toegestaan en hy is beveel om slegs R110-00 aan A terug te gee. A was tevrede met die uitspraak.

Nota : 1. Informante beweer dat hierdie gebruik nog algemeen voorkom. Dit word ook gehandhaaf om die goeie ver= houdinge wat daar tussen die twee families bestaan het, ten spyte van die egskeiding, in stand te hou.
2. Dit gebeur egter selde dat 'n hof hierdie gebruik moet afdwing.

Saak 59

'n Man A het met 'n geskeide weduwee B saamgewoon. A het twee kinders by B verwek. A het die beheer en toesig oor B sowel as oor die kinders geëis. 'n Man E was die verweerder. Die saak is in die wykshof verhoor

Die agtergrond van die saak is soos volg: B was getroud met 'n man C. C het gesterf en sy familie het geglo dat B sy dood veroorsaak het. Na afloop van die rouperiode het hulle ge= volglik vir B vrygestel van haar verpligtinge en haar versoek om die kraal van haar oorlede man te verlaat. B is dus geskei en haar vader het die trougoedere wat C vir haar gelewer het aan sy familie terugbesorg. B het na die egskeiding nie na haar vader se kraal teruggekeer nie. Sy het in die stamgebied rondgedwaal en verblyfplek gesoek. Uiteindelik het sy 'n on= getroude man A ontmoet.

A was 'n vreemdeling in die stamgebied. Hy het slegs 'n ty= delike verblyfplek gehad. Hy het vir B genooi om saam met hom te kom woon. B het vir 'n geruime tyd saam met A gewoon. A het twee kinders by B verwek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Na die geboorte van hulle tweede kind het A 'n jong vrou D, ontmoet. Hy het later met D 'n verdere egverbintenis ge= sluit. Nadat A met D getroud is, het hy vir B begin verwaar= loos. B het hieroor by A gekla.

Op 'n dag het A hom vererg oor die neulery en vir B aangerand. In die proses is B se arm gebreek. B het 'n saak van aan= randing teen A by die magistraatshof aanhangig gemaak. A is skuldig bevind en gevangenisstraf van 3 maande opgelê. Tydens die gevangeneskap van A het B 'n ander man E ontmoet. Daar het 'n verhouding tussen B en E ontwikkel en E het vir B ver= soek om tesame met haar kinders by hom te kom woon. B het die huis van A verlaat en met die kinders by E ingetrek.

A het na sy ontslag uit die gevangenis na B en die kinders gaan soek. Hy het hulle by E gevind. A het versoek dat B en die kinders na hom moes terugkeer. E het die versoek geweier en die twee het handgemeen geraak. Die omstanders het hulle uitmekaar gemaak en probeer om die probleem op te los. Hulle kon nie en het gevolglik vir A en E na die wykshoof geneem. Dié het hulle beveel om die twis te staak. Albei is ook aan= gesê om, vergesel van B, die volgende dag by die wykshof aan te meld sodat die saak deur die hof verhoor kon word.

In die wykshof het A geëis dat E vir B en die kinders aan hom moet terugbesorg. E het die versoek geweier.

Die wykshoof het, nadat A en E onderskeidelik die agtergrond van die saak geskets het, begin invra op die posisie van B.

B het getuig dat sy 'n geskeide weduwee is en dat sy geen heenkome het nie aangesien sy na haar egskeiding nie meer welkom was in die kraal van haar vader nie. Sy het ook aan die hof verduidelik dat sy, nadat A haar aangerand het, geen gevoel meer vir hom het nie. Sy het getuig dat E aan haar 'n heenkome gebied het en dat sy verkies om saam met die kinders by E te woon.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die hof wou daarna van A weet waar hy woon, aangesien hulle hom nie ken nie. A het getuig dat hy 'n vreemdeling in die wyk is en nog nie 'n eie woonplek het nie. Die wykshoof wou verder van A weet of hy reken dat hy as 'n vreemdeling in die stamgebied oor enige regte binne die wyk beskik. A het ontkennend geantwoord. Die wykshoof wou daarop weet waar A die reg vandaan kry om in die wyk rond te loop en na B en die kinders te soek en boonop nog 'n bakleiery te veroorsaak. A het skuldig gepleit en die wykshoof hieroor om verskoning gevra. Hy het verder getuig dat die 2 kinders wat saam met B by E woon, deur hom verwek is en dat hy geregtig is om toesig en beheer oor die kinders uit te oefen.

Die hof wou van hom weet of hy 'm wettige egverbintenis met B aangegaan het. A het geantwoord dat hy geen trougoedere vir B gelewer het nie maar dat hulle slegs saamgewoon het.

Die hof het daarna aan E gevra of hy wel 'n wettige gebruik=like verbinding met B aangegaan het. E het ook ontkennend geantwoord.

In die lig van die bogenoemde getuienis het die hof beslis dat nòg A, nòg E enige aanspraak op B of die kinders het. In sy uitspraak het die wykshoof gesê dat aangesien B 'n ge=skeide vrou is en aangesien nog A nog E wettig met haar ge=troud is, B se vader die enigste persoon is wat op haar en op die kinders aanspraak kan maak. Aangesien B se vader sy dogter verwerp het, kon sy woon waar sy verkies. Sy behou ook die toesig en die beheer oor die kinders. A is beveel om nie weer vir B of vir E lastig te val nie.

Die hof het ook beslis dat A 'n onwettige inwoner is in die stamgebied en het hom beveel om vir hierdie oortreding R10-00 aan die wykshoof te lewer. Hy is ook beveel om die hofgelde te vereffen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## Saak 60

'n Poligamis A het twee vroue gehad te wete B en C. By vrou B het hy slegs een seun D verwek en by vrou C twee seuns te wete E en F.

E het getrou met 'n vrou G. Na die geboorte van hulle eerste seun, het E gesterf. By die bereddering van sy boedel (ku ava sambo) en die aanduiding van 'n plaasvervanger vir die oorledene, het die weduwee daarin berus dat haar oorlede man se jonger broer F, ooreenkomstig die leviraatgebruik, die versorgingsplig van sy oorlede broer sou oorneem. Sy was egter nie bereid dat daar enige geslagsverkeer tussen hulle moes plaasvind nie en het gevolglik die gevulde pot bier wat aan haar oorhandig is, buite die hek van die kraal omgekeer. (Dit is 'n aanduiding dat sy verkies dat iemand van "buite", die verwekkingsplig van haar oorlede man moet oorneem). Sy het verkies dat D, die halfbroer van haar oorlede man, die verwekkingsplig moet oorneem.

Na verloop van enkele maande het D nie alleen sy verwekkings= plig getrou nagekom nie, maar in stryd met die betrokke regs= reël, by die weduwee kom inwoon en mettertyd ook die ver= sorgingsplig oorgeneem.

F het nie hiermee genoeë geneem nie en het vir D aangespreek oor sy onwettige inwoning by die weduwee, sowel as sy weder= regtelike aanwending van goedere uit die boedel. D het hom nie hieraan gesteur nie, selfs nie eers nadat hy deur sy vadersbroers vermaan is om sy wederregtelike praktyke te staak nie.

F het hierop 'n saak teen D by die wykshof aanhangig gemaak. Hy het D daarvan beskuldig dat hy die regte wat aan hom toe= geken is, oorskry het. Hy het ook aangevoer dat D vir G "getrou" het, sonder om die nodige trougoedere te lewer.

D het aangevoer dat hy nie daarvan bewus was dat F 'n saak

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

teen hom het nie en dat die saak nie in die familiehof ver= hoor is nie. Hy het die hof versoek om die saak terug te verwys.

Die wykshoof het sy versoek toegestaan aangesien D slegs periodiek deur sy vadersbroers vermaan is en die saak nie formeel in die familiehof verhoor is nie.

Aangesien dit 'n gewigtige saak is en aangesien die partye halfbroers is, is daar deur die familieraad besluit dat die saak deur die liniehoof verhoor moet word. Die liniehoof het vir hierdie doel sy senior manlike verwante na sy kraal ont= bied.

F het sy klagte herhaal.

D het erken dat hy sy regte oorskry het deur by die weduwee in te woon en haar te versorg. Hy het vermeld dat daar 'n liefdesverhouding tussen hulle ontstaan het en dat hy begerig is om met haar te trou.

F het aan D verduidelik dat hy (F) die versorger van die weduwee is en dat D nie met haar kan trou alvorens hy met hom onderhandel het nie.

Die liniehoof het die saak opgesom en die volgende regsbe= ginsels uiteengesit :

1. Hoewel D 'n halfbroer van die oorledene is, hèt hy nie die reg om die versorgingsplig ten opsigte van die wedu= wee wat formeel aan F toegeken is, oor te neem nie.
2. Die weduwee het ook geen reg om dit toe te laat nie, al verkies sy dit so.
3. D is slegs geregtig om die verwekkingsplig na te kom.
4. Indien D met die weduwee wil trou, moet hy 'n wettige egverbintenis aangaan. Dit sou beteken dat die weduwee eers geskei moet word. So 'n egskeiding kan op twee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


wyses geskied, naamlik

a. Dat D die volle hoeveelheid trougoedere wat die oorledene aan die vader van die weduwee gelewer het, aan F moet gee (hy beheer die boedel) waarna hy die weduwee mag trou, of

b. Dat 'n egskeidingsaak teen die weduwee aanhangig ge=maak word by haar vader en dié dan die trougoedere moet teruggee aan die boedel. Daarna kan D onder=handel met die vader van die weduwee.

5. Indien die weduwee wil skei, behou F die beheer oor die boedel sowel as die kind. Die trougoedere wat gelewer word, moet dan tot die boedel toegevoeg word.

Die hof het beslis dat D blaamwaardig is. Hy is beveel om 'n bok as <u>umchachazelo</u> aan die hof te lewer. Hy is ook be=veel om nie sy regte ten opsigte van die weduwee te oorskry nie. Die hof het ook beveel dat D, aangesien hy die wykshof versoek het om die saak terug te verwys, die <u>mangala</u> wat F gelewer het, aan F moet teruggee.

D het die uitspraak gehoorsaam.

## <u>Saak 61</u>

Die vader A van 'n oorlede man B eis die teruggawe van B se vrou C van haar vader D of as dit nie moontlik is nie, die <u>lovolo</u> (R120-00), wat vir haar gelewer is.

D het die getuig dat C na die dood van B gedros het en by hom kom woon het. Sy is nie begerig om na haar man se mense terug te keer nie aangesien hulle haar nie na behore versorg nie.

A het egter getuig dat C, sedert haar man se dood, baie uit=huisig was en dat hy haar kinders in haar afwesigheid versorg het,' aangesien hy die wettige voog is. Hy het bygevoeg: Hoe moet ek iemand versorg wat nooit tuis is nie?

C het erken dat sy sedert haar man se dood baie uithuisig was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Sy was egter nie bereid om na haar man se mense terug te keer nie. Sy kon geen spesifieke rede daarvoor verskaf nie.

Die hof het op grond van C se weiering om terug te keer na haar man se mense, beslis dat D die trougoedere wat vir C gelewer is, aan A moet teruggee.

A behou ook die beheer en die toesig oor die kinders.

D het onderneem om binne 14 dae die trougoedere aan A te lewer. Hy het ook R10-00 hofgelde betaal.

<u>Nota</u> : 1. Die afsterwe van die man beteken nie die be=eindiging van die huwelik nie.

2. C was blykbaar nie geneë dat 'n broer van die oorledene die verwekkings- en versorgingspligte oorneem nie. A is daarna as haar versorger aan=gewys. Hy het ook die boedel beheer.

<u>Saak 62</u>

'n Minderjarige seun A het die volle beheer oor die boedel van sy oorlede vader B geëis. Die verweerder was B se jonger broer C.

B was 'n getroude man en het by sy afsterwe, sy vrou en vier kinders nagelaat. Twee van die kinders was seuns en die ander twee dogters. A is die oudste seun en die erfopvolger van B.

Na afloop van die rouperiode vir B het C, die familieraad by=eengeroep om die boedel te beredder en te bepaal wie ooreen=komstig die leviraatgebruik die weduwee en die kinders sou versorg.

Aangesien die vader van die oorledene reeds baie oud was en meeste van sy broers elders werksaam was, het C slegs 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


jonger broer van hom ontbied om saam met hom oor die lot van die weduwee en die kinders te beslis.

Op die vergadering het C aan die weduwee meegedeel dat hy nie in staat is om haar en die kinders te versorg nie. Sonder om haar 'n geleentheid te gun om ook haar wens in hierdie ver=band uit te spreek het hy die weduwee beveel om met haar kin=ders na haar oudste broer te gaan, sodat hy hulle kan versorg. Hy het verder aanbeveel dat al die beeste van B (8) in sy sorg bly. Die weduwee kon die res van die boedel met haar saamneem.

Die weduwee het sy bevel gehoorsaam en met die kinders by haar broer gaan woon. A, wat op daardie stadium reeds sewentien jaar oud was, was egter nie tevrede met die toedrag van sake nie en het die saak by B se bejaarde vader D aanhangig gemaak. A het D meegedeel wat op die familievergadering beslis is en het hom versoek om die beheer oor die boedel van sy vader B aan hom toe te vertrou.

D het al sy seuns bymekaar geroep vir die verhoor van die saak. In die hof het A hom nie beroep op die versorgingsplig wat sy vader se familie het ten opsigte van sy moeder en die minderjarige kinders nie. Hy het slegs die beheer oor die eiendom van sy vader geëis.

C se verweer was dat A nog minderjarig is en nie bevoeg is om die boedel te beheer nie. Hy het verder aangevoer dat die weduwee met die kinders na haar broer gedros het en aan die hof gevra of hulle reken dat dit wenslik is dat hy sy broer se eiendom onder sulke omstandighede aan A kan oorhandig.

A het geantwoord dat hulle nie gedros het nie, maar dat hulle deur C beveel is om te trek.

C het uiteindelik erken dat die weduwee op sy bevel verhuis het. Hy is ernstig hieroor berispe. Daar is ook aan hom meegedeel dat die enigste manier waarop hy beheer oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

boedel van B kon uitoefen, is om die weduwee en die kinders te versorg.

C was nie bereid om dit te doen nie en die hof het beslis dat hy die eiendom van B aan A moet oorhandig. C het geweier en D het die saak namens A na die wykshof geneem.

In die wykshof het D die voorafgaande gebeure verduidelik. Hy het ook vermeld dat hy 'n bejaarde man is en nie meer in staat is om die weduwee en die kinders te versorg nie. Hy het hom egter bereid verklaar om as voog van die weduwee en die kinders op te tree. Hy het bygevoeg dat hy geen beswaar daarteen het dat die weduwee en die kinders by haar broer gaan woon nie. Hy het daarop die hof versoek om die beheer oor die boedel van B aan A oor te dra, aangesien A die erfop=volger is en bevoeg genoeg is om die boedel te beheer.

Die wykshoof het aan D gevra of sy verklaring beteken dat die verwante van die oorlede B, dus van voorneme is om van die we=duwee te skei. D het dit ontken en aangevoer dat hy steeds volle aanspreeklikheid vir die weduwee en haar kinders aanvaar. Die weduwee het ook geen begeerte om haar "los te maak" van haar man se mense nie.

Die hof het onder hierdie buitengewone omstandighede beslis dat die weduwee by haar broer mag inwoon maar dat die B-mense volle aanspreeklikheid vir haar en haar kinders behou. Die hof het ook beveel dat A, aangesien hy bevoeg genoeg is, die volle beheer oor die boedel van sy vader moet oorneem. C is beveel om die goedere onmiddellik aan A oor te dra en 1 bees of R10-00 aan die hof te lewer.

<u>Nota</u> :

1. Informante beweer dat die optrede van C 'n slinkse manier was om uiteindelik die goedere van B vir homself toe te eien.
2. Volgens die leviraatgebruik moes die familieraad vir C as die wettige voog van die weduwee en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kinders aangewys het.

3. Die inwoning van die weduwee by haar broer, is nie 'n grond vir egskeiding nie aangesien sy op bevel van C daarheen verwys het.
4. Die weduwee kon egter aansoek doen om 'n eg= skeiding nadat C geweier het om haar te laat versorg.
5. Enkele jare na die verhoor van die saak is al die kinders getroud. Daarna is die boedel ver= deel. D het dit waargeneem. Die algemene kraaleiendom is gelykop tussen A en sy ander broer E verdeel. E is aangewys om sy moeder te versorg.

## Saak 63

Die stamerfopvolger A van 'n oorlede man B het sy moeder C beskuldig dat sy die kraal van B verlaat het en dat sy 'n groot gedeelte van die gesamentlike boedel met haar saamge= neem het. Die saak is in die kapteinshof verhoor.

C het die klagte ontken. A het getuig dat sy vader ongeveer 10 maande gelede oorlede is. Gedurende die rouperiode het C egter die kraal verlaat en by haar getroude dogter D gaan woon. Sy het bykans alles wat aan B behoort het, met haar saamgeneem.

Die hof wou van C weet of sy die kraal van B verlaat het. Sy het bevestigend geantwoord. Daarna wou die hof van A weet watter eiendom van B sy met haar saamgeneem het. A het 'n hele lys van goedere aan die hof voorgelê wat deur sy moeder verwyder is, te wete : 8 bokke, 3 potte, 16 jukke met kettings, 3 ploeë, 6 rolle draad, 3 leë oliedromme, 1 graanmeule, 1 tafel mettwee stoele, 6 stukke yster, 2 oorpakke, 1 skroef, 1 bokkastreerder, 'n naaimasjien en R1 600 kontant.

C het ontken dat sy in besit is van die genoemde goedere. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kaptein het daarop beveel dat twee hofkonstabels haar dogter se huis moet deursoek ten einde vas te stel of die genoemde goedere wel deur haar verwyder is. Die konstabels het gaan ondersoek instel en hulle het al die goedere (met uitsonde= ring van die geld) by die kraal van D gevind.

Nadat hulle aldus aan die hof gerapporteer het, het C uitein= delik erken dat sy die goedere verwyder het. Sy het bygevoeg dat dit haar persoonlike eiendom is en dat A geen reg daarop het nie.

Na deeglike ondervraging het die hof bevind dat slegs die naaimasjien en R600 van die kontant, haar persoonlike besittings is. Die res was deel van die algemene kraaleiendom wat onder haar seuns verdeel moes word.

Die hof het C skuldig bevind. Die hofkonstabels is beveel om beslag te lê op al die goedere, met uitsondering van C se per= soonlike eiendom en dit aan A te oorhandig. C is ook beveel om R15-00 aan die hof te lewer en die <u>mangala</u> (R5-00) aan A terug te gee.

<u>Nota</u> :

1. Die hof sou nie so 'n beslissing geneem het indien C bereid was om in die kraal van B aan te bly nie. Sy het egter geweier en het verkies om deur haar dogter versorg te word.
2. In die hof het C haar bereid verklaar om die goedere aan A terug te gee. Na afloop van die verhoor het die gemoedere tussen die partye egter opgevlam. D het 'n pistool uitgepluk en op A begin vuur. Die skote het egter nie getref nie. D is deur die stamkonstabels gearresteer. Die pistool is van haar weggeneem en sy is opge= sluit. Daarna is 'n saak teen haar aanhangig gemaak by die magistraatshof.
3. C is strydig met die stamreg nie deur 'n mans= persoon in die hof verteenwoordig nie. Aangesien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


dit 'n saak tussen 'n moeder en haar seun was, het die hof dit so aanvaar.

Saak 64

'n Man A het sy "vrou" B se broer C by die kapteinshof verkla dat hy weier om B aan hom af te gee.

C het die klagte ontken. Hy het aangevoer dat hy A nie ken nie en dat A geen aanspraak op B het nie aangesien hy nie wettig met haar getroud is nie.

A het getuig dat hy wel toestemming van die stamerfopvolger D verkry het om met B te trou. Hy het ook die volle hoeveel= heid trougoedere aan D gelewer. Nadat hy die trougoedere ge= lewer het, is B aan hom oorhandig maar terwyl die huwelik= seremonie aan die gang was, het C vir B weggeneem en hy weier sedertdien om haar aan hom terug te besorg.

D is die stamerfopvolger van sy oorlede vader. Hy het beves= tig dat hy 'n huweliksooreenkoms met A gesluit het en dat A die trougoedere aan hom oorhandig het.

C het aangevoer dat D geen reg het op die trougoedere wat vir B gelewer is nie. Hy het aan die hof verduidelik dat sy oor= lede vader twee vroue getrou het, te wete E en F. E was die hoofvrou en D is haar oudste seun. D het ook vier broers en twee susters. F het sewe kinders gehad. C is haar enigste seun en jongste kind. Die ander ses is dogters. B is die jongste. C het verder verduidelik dat D en sy vier broers getroud is, met beeste wat as trougoedere vir sy (C se) susters gelewer is. Hy het bygevoeg dat hy wel geregtig is om daar= die beeste van sy halfbroers te eis maar dat hy nie oorweeg om dit te doen nie.

C het verder getuig dat sy moeder F lank gelede reeds oorlede is. Na die afsterwe van sy vader, is D as die stamerfopvolger

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aangewys. Aangesien C op daardie stadium nog minderjarig was, het D ook die volle beheer oor die huisiendom van die betrokke huis verkry. C en sy minderjarige susters is daarna deur D versorg.

C is daarna getroud met die beeste wat vir sy tweede jongste suster gelewer is. Na sy meerderjarigwording het hy egter nie aangedring op die beheer van die huiseiendom nie. Hy het sy vrou in die stamgebied agtergelaat en in Johannesburg gaan werk. Sy vrou het egter aan hom laat weet dat A met D onder= handel het om met B te trou. Sy het hom later ook meegedeel dat A die trougoedere aan D oorhandig het en dat die huwelik= seremonie op 'n bepaalde dag sou plaasvind. Hy het daarop teruggekeer na die stamgebied en het sy suster tydens die huwelikseremonie opgespoor en na sy kraal geneem.

Hierna het C die hof versoek om die onderhandeling tussen A en D nietig te verklaar of om D te beveel om die beeste wat hy vir B ontvang het, aan hom te oorhandig.

Voordat die hof met die ondervraging kon begin, het D versoek dat die saak terugverwys word na die familiehof. Die hof het sy versoek toegestaan.

In die familiehof het D erken dat hy nie geregtig is op die goedere wat vir sy halfsuster gelewer is nie. Hy het bygevoeg dat hy as stamerfopvolger slegs te goedertrou gehandel het en dat hy van voorneme was om die beeste aan C te oorhandig.

Die familiehof het beslis dat C geregtig is op die beeste wat vir B gelewer is en het D beveel om dit aan C te oorhandig. Die hof het ook beveel dat aangesien C geen beswaar het dat A met B trou nie, die huwelikseremonie hervat kan word. Aan= gesien D die hof versoek het om die saak terug te verwys, moes hy die <u>mangala</u> wat A gelewer het om die kapteinshof te open, aan A teruggee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## Saak 65

Twee broers, A en B, het elk 3 beeste van hulle oudste broer C geëis. Hulle het die beeste benodig om te trou. Die saak is aanvanklik in die wykshof verhoor.

C is 'n getroude man. Sy vader het hom van trougoedere voor=sien. Na die dood van sy vader is hy as stamerfopvolger aan=gewys. Aangesien A en B nog minderjarig was, het hy die boedel beheer. Vyf jaar na die dood van hulle vader wou A en B albei trou. Hulle het vir C om bystand gevra (3 beeste elk) maar hy het geweier.

In die wykshof het C aangevoer dat hy nie aan die eis van A en B kan voldoen nie aangesien sy vader slegs 2 beeste nage=laat het terwyl hulle 6 beeste in totaal van hom eis.

Die wykshoof het aan C gevra of daar enige aanteel van die beeste was. C het geantwoord dat hy deur aanteel 7 beeste beheer. Hy het egter bygevoeg dat die beeste nog al die jare deur hom versorg is en dat hy geregtig is op hulle aanteel.

Die wykshoof het hom daarop gewys dat hy as stamerfopvolger 'n plig teenoor sy broers het, net soos sy oorlede vader gehad het. Daarom is dit sy plig om hulle huwelike te reël en hulle van trougoedere te voorsien.

C is daarop beveel om 3 beeste elk aan A en B te lewer. C was nie tevrede met die uitspraak nie en het die saak na die kap=teinshof geneem.

In die kapteinshof is C weer eens gewys op sy verpligtinge as stamerfopvolger. Die kaptein het egter gevoel dat A en B se eis buitensporig hoog is. Hy het daarom beveel dat, aangesien C twee beeste van sy vader geërf het, hy aan A en B elk een bees moet gee.

C het opgespring en teen die uitspraak gerebelleer. Hy het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


onder andere beweer dat die kaptein onregverdig was in sy beslissing.

Die kaptein het hierop vir C ernstig berispe. Hy het hom daarop gewys dat hy juis probeer het om regverdig te handel deur die eis van elke broer met twee beeste te verminder. C was nog nie tevrede nie.

Daarna het die kaptein besluit om sy uitspraak te wysig. Hy het die eis wat aanvanklik deur A en B ingestel is, aan hulle toegeken. C is ook beveel om R10-00 of 1 bees aan die hof te lewer.

C het uiteindelik aan die uitspraak gehoor gegee.

## Saak 66

'n Man A het sy gedeelte aan trougoedere uit die boedel van sy oorlede vader B geëis. A se oudste broer C is die stam=erfopvolger en het die boedel beheer.

B het vier seuns en vyf dogters nagelaat. Sy enigste vrou was lank reeds oorlede.

B was nie 'n vermoënde man nie en het weinig goedere nagelaat wat na sy seuns kon vererf. Sy oudste broer D is aanvanklik deur die familievergadering aangewys om die boedel te beheer.

Enkele jare na sy dood is B se oudste dogter E getroud. D het die goedere wat vir haar gelewer is (kontant) ontvang en in die naam van die boedel by 'n bank gedeponeer. C het hier=na getrou met die goedere wat deur D ontvang is. Na sy troue het hy die beheer oor die boedel sowel as die versorging van sy minderjarige broers en susters oorgeneem. Sy jonger broer A het hierna getrou. Hy is 'n gekwalifiseerde onderwyser en is 'n vermoënde man. Hy het C nie om bystand gevra nie en het die trougoedere uit sy eie fondse gelewer. Daarna is die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tweede oudste suster F getroud. C het die trougoedere wat vir haar gelewer is, ontvang, 'n gedeelte daarvan gebank en die res gebruik vir die versorging van sy minderjarige broers en susters. Dit is hierdie goedere (dié wat vir F gelewer is) wat A van C eis.

Bogenoemde gebeure is deur C aan die hof verduidelik. Hy het ook aan die hof verduidelik dat hy nie 'n vermoënde man is nie en dat hy heelwat uitgawes het ten opsigte van die op= voeding en skoolopleiding van sy jonger broers en susters.

Op 'n vraag van die hof het A erken dat hy reeds getroud is. Hy het ook erken dat hy 'n vermoënde man is en dat hy nie vir C om bystand gevra het vir die lewering van trougoedere nie. Hy het verder erken dat C die stamerfopvolger is en verant= woordelik is vir die versorging van hul minderjarige broers en susters. Ten slotte het hy ook erken dat hy ten spyte van sy finansiële bates, nie aan C enige finansiële bystand verleen het vir die opvoeding van hul minderjarige broers en susters nie.

Die hof het die eis van A verwerp om die volgende redes :

(i) A is 'n vermoënde man en het geen bystand gevra of nodig nie. Hy is buitendien reeds getroud.
(ii) Die goedere wat vir F gelewer is, is nie deur C aange= wend om homself te verryk nie maar om die minderjariges te versorg.
(iii) Die onderskeie broers en susters is nie amptelik ge= skakel nie. A het dus geen aanspraak op die goedere wat vir F gelewer is nie.

<u>Nota</u> : 1. Indien A nie oor die nodige trougoedere sou be= skik het nie en vir C daarom sou gevra het, is C as stamerfopvolger, verplig om hom van trou= goedere te voorsien.
2. Indien A amptelik geskakel was met F kon hy aan=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



spraak maak op die trougoedere wat vir haar gelewer is. Informante beweer egter dat selfs dan, die hof dit nie onder bogenoemde omstandig= hede aan hom sou toeken nie.

3. A is wel geregtig op 'n erfdeel. Dit kan egter eers vererf nadat al sy jonger broers en susters meerderjarig is.

Saak 67

'n Ongetroude man A het sy regmatige gedeelte uit die boedel van sy oorlede vader B van die stamerfopvolger C geëis. Hy het ook die oorhandiging van die beeste wat C vir hom aange= koop en versorg het, geëis. A het die saak direk by die kap= teinshof aanhangig gemaak.

Die agtergrond van die saak is soos volg: B het vier seuns nagelaat. C is die oudste en ook die stamerfopvolger van B. Aangesien hy reeds getroud is, het hy die boedel van sy vader beheer. Die ander drie seuns was nog ongetroud en kon eers erf wanneer hulle volwasse word.

A het in Johannesburg gaan werk. Hy het gereeld geld aan C gestuur waarmee C vir hom beeste aangekoop het. Toe hy terug was in die stamgebied het hy op 'n uiters astrante manier vir C gekonfronteer en geëis dat C onmiddellik sy erfdeel aan hom moes oorhandig sowel as die beeste wat vir hom aangekoop is. Sy astrante houding het C nie aangestaan nie en C het geweier om die beeste aan A te oorhandig.

A het besluit om 'n saak teen C aanhangig te maak. Volgens informante wou hy die saak nie by die wykshoof aanhangig maak nie aangesien die wykshoof 'n jonger broer van B is. Hy het vermoedelik besef dat die wykshoof hom sou berispe oor sy gedrag en moontlik die standpunt van C sou ondersteun.

C het daarenteen nie vir A teëgegaan in sy dreigement om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saak na die kapteinshof te neem nie. Hy wou blykbaar van die kapteinshof gebruik maak om vir A te wys op die korrekte manier van optede teenoor sy meerderes.

Tydens die verhoor van die saak in die kapteinshof het dit spoedig geblyk dat die saak nie in die familiehof verhoor is nie. Die kaptein het gevolglik aan die partye gevra of die saak aldaar verhoor is, waarop hulle ontkennend geantwoord het. Die kaptein het ook gevra of daar dan nie senior verwante is wat die saak tussen die twee broers kon oplos nie. Hulle het bevestigend geantwoord en die saak is terugverwys. Die kap= tein het hulle ook vermaan om in die toekoms onbenullige familiegeskille tuis op te los en nie die tyd van die kapteins= hof te kom verkwis nie.

Die saak is daarna in die familiehof verhoor. A het sy eis herhaal.

C het getuig oor wat vooraf gebeur het. Hy het aan die hof verduidelik dat hy nie ongeneë is om die beeste wat vir A aangekoop is, sowel as sy regmatige erfdeel aan hom te oor= handig nie. Hy was egter nie bereid om al die beeste aan A te oorhandig alvorens hy hom om verskoning kom vra het en sy gesindheid teenoor hom verander het nie. Hy wou ook van die hof weet of A enige aanspraak het op sy erfdeel alvorens hy (i) meerderjarig is of (ii) die beeste as trougoedere be= nodig.

Die hof het A ernstig berispe oor sy gedrag en het hom beveel om 'n bok te lewer ten einde hom met C te versoen. C is be= veel om na die versoening die beeste wat hy vir A aangekoop het, aan hom te oorhandig. Die hof het verder beslis dat C sy erfdeel eers mag ontvang wanneer hy dit benodig om trou= goedere te lewer.

Albei die partye was tevrede met die uitspraak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Saak 68

A het sy familieraad daarvan aangekla dat hulle hom van sy posisie as stamerfopvolger van sy oorlede vader B ontneem het. Sy vader se oudste broer C het namens die familieraad verskyn.

Die agtergrond van die saak is soos volg: A se moeder D was B se hoofvrou. Voor haar huwelik met B, het D egter 'n on=egte kind E by 'n ander man gehad. B het vir E saam met sy moeder in die huwelik geneem. Vir hierdie doel het hy twee beeste aan D se vader gelewer ten einde die volle beheer en toesig oor E te verkry. Nadat B met D getroud is, het E ook die familienaam van B ontvang en is hy deur B soos 'n eie kind opgevoed. A is daarna gebore. Na die dood van B het die familieraad vir E as die stamerfopvolger van B aangewys.

In die hof het A beweer dat hy die oudste seun van B is en daarom die stamerfopvolger is. Hy het aan die hof verduide=lik dat E 'n buite-egtelike kind is wat nie deur sy vader verwek is nie. Hy het die hof versoek om die aanwysing van E as stamerfopvolger nietig te verklaar.

C het die eis teengestaan en die omstandighede soos hierbo uiteengesit is, aan die hof verduidelik.

Die kaptein het hierop aan A gevra waar hy dit vandaan het dat E 'n buite-egtelike kind is. A het geantwoord dat 'n familielid hom dit meegedeel het. Die kaptein wou ook van hom weet of hy teenwoordig was toe sy vader vir E aangeneem het. A het ontkennend geantwoord. Die kaptein het hom hier=op vermaan dat dit hom (A) nie betaam om in te meng in die handelinge en besluite wat sy oorlede vader, lank voor sy geboorte, geneem het nie. Hy het dit aan A gestel dat hy hom moet berus by die beslissing van die familieraad. Hulle is trouens diegene wat weet wat in die verlede gebeur het.

Die hof het beslis dat E wel die stamerfopvolger van B is en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het A se eis verwerp. Die motivering vir die uitspraak was dat B vir E as 'n wettige kind aangeneem het en dat hy hom ook as sy wettige kind behandel en opgevoed het. Volgens ge= tuienis aan die hof gelewer, het B ook nooit die wens uitge= spreek dat A sy stamerfopvolger moet wees nie.

Nota : 1. Hierdie saak is in die kapteinshof van die Nkunastam verhoor. Ander stamme huldig nie dieselfde erfopvolgingsreël nie.

2. Informante by hierdie stam kon 'n hele aantal soortgelyke sake aanbied waar die hof die onderhawige regsreël toegepas het.

Saak 69

'n Man A het 'n bedrag van R20-00 uit die boedel van 'n man B geëis omdat B hierdie geld aan hom verskuldig was. B se oudste seun C is die stamerfopvolger en is in beheer van die boedel.

Die feite in die saak is soos volg: B het R20-00 van A ge= leen. Enkele maande na die transaksie het B gesterf. C is aangewys om die boedel te beheer.

C het daarna in Johannesburg gaan werk en het sy vader B se oudste broer D versoek om, om te sien na sy belange.

Nadat C vertrek het, het A die skuld by D kom eis. D was bewus van die transaksie wat B met A aangegaan het. Hy en sy broers het besluit om sonder die medewete van C, twee beeste uit die boedel te neem en die skuld te vereffen. Hulle het egter, voordat die beeste aan A oorhandig is, die goedkeuring van C gevra. C het hulle per brief verbied om die skuld te vereffen.

A het die saak na die kapteinshof geneem. C was nie teenwoor= dig nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

A het getuig dat hy R20-00 aan B geleen het en dat C weier om die skuld te vereffen.

Die kaptein wou weet waar die verweerder is. Hy is meegedeel dat C in Johannesburg werksaam is en dat hy nie betyds vir die verhoor kon opdaag nie.

Die kaptein het geweier om die saak te verhoor maar het tog op aandrang van die eiser en C se ooms besluit om hom te ver= gewis van die feite.

Die kaptein het nadat die saak aan hom verduidelik is, 'n voorlopige bevel uitgereik dat geen goedere of beeste uit die boedel vervreem mag word alvorens die saak nie na behore in die teenwoordigheid van die verweerder verhoor is nie.

C het na verloop van ongeveer een maand na die stamgebied teruggekeer. Die saak is daarna in die kapteinshof verhoor.

C het egter, pas na die aanvang van die verhoor, versoek dat die saak na die familiehof terugverwys word. Hy het aangevoer dat hy bewus is van die lening wat sy vader aangegaan het en dat hy bereid is om die skuld te vereffen. Die eiser was egter nooit direk met hom in verbinding nie en het geen so= danige skuld van hom geëis nie. Die saak is ook nie in die familiehof verhoor nie. Hy het voorts verklaar dat hy die stamerfopvolger is en gevolglik die boedel behéer. Sy ooms kan gevolglik nie namens hom of strydig met sy besluit, die skuld vereffen nie. Hy het die hof versoek om ook die voor= lopige bevel op te hef.

Die hof het, nadat hy goeie redes vir sy afwesigheid van die vorige verhoor verstrek het, besluit om aan albei sy versoeke te voldoen.

Tydens die verhoor van die saak in die familiehof van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verweerder het C sy ontevredenheid uitgespreek oor enersyds die wyse waarop sy ooms in die saak gehandel het en ander= syds oor die voorbarigheid van die eiser om sonder sy mede= wete, die saak na die kapteinshof te neem. Hy het hom bereid verklaar om die skuld te vereffen. Hy was egter nie bereid om 2 beeste te lewer nie aangesien hulle heelwat meer werd is as R20-00. Hy het die eiser R20-00 in kontant aangebied soos dit oorspronklik deur sy vader geleen is. Hy was egter nie bereid om die hofgelde wat die eiser aan die kapteinshof ge= lewer het, terug te gee nie. Hoewel hyself versoek het dat die saak terugverwys word en gevolglik daarvoor aanspreeklik gehou kon word, het hy geargumenteer dat die eiser sonder sy medewete die saak na die kapteinshof geneem het.

Die familiehof het beslis dat hy R20-00 in kontant aan A moet lewer en dat A die hofgelde wat hy aan die kapteinshof gelewer het, verbeur. A was tevrede met die uitspraak.

## Saak 70

Die kinders van A en B het beeste opgepas. Terwyl hulle in die veld gestap het, het hulle 'n valk bo-op 'n boomtak ge= sien met 'n voël in sy bek. Die groot seuns het aan die kleintjies opdrag gegee om klippe bymekaar te maak ten einde die valk te verjaag. Nadat hulle die valk verwilder het, het die seuns die beeste bymekaar gemaak en huiswaarts gekeer.

Die volgende oggend daag B, vergesel van sy seuns, by die kraal van A op. Hy het beweer dat die seuns van A 'n diamant wat sy seuns opgetel het, by hulle geneem het en die valk daarmee gegooi het. Hy het geëis dat A die diamant aan hom moet terugbesorg.

A het beweer dat hy niks van die aangeleentheid weet nie. Hy het sy seuns ontbied om te verduidelik wat die vorige dag gebeur het.

Volgens die getuienis van die seuns van A het hulle wel die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

seuns van B beveel om klippe te versamel waarmee hulle die valk verwilder het. Hulle was egter nie bewus daarvan dat een van die klippe 'n diamant was nie. Die seuns van B het ook nie aan hulle gemeld dat een van die klippe wat hulle op=getel het, 'n diamant was nie.

A het na hierdie verduideliking geweier om verder op die saak in te gaan. Hy het ook geweier om die diamant wat in elk ge=val nie in sy besit is nie en êrens in die veld lê, aan B te besorg.

B het die saak direk na die kapteinshof geneem. Hy het die diamant van A geëis.

A het getuig dat hy nie die diamant in sy besit het nie. Hy het aan die hof verduidelik wat gebeur het en het enige aanspreeklikheid ontken.

Sy seuns het hierna getuig. Hulle het aan die hof verduide=lik dat hulle slegs klippe hanteer het en beslis nie 'n diamant nie.

B het getuig dat daar volgens sy seuns beslis 'n diamant tussen die klippe was.

Die hof het die seuns van B versoek om te verduidelik hoe die diamant gelyk het. Hulle kon egter geen bevredigende verdui=deliking gee nie en die saak is uitgestel.

Tydens 'n besoek van die magistraat aan die stamkantoor het die kaptein die agtergrond van die saak aan hom geskets en hom om advies gevra. Die magistraat het aanbeveel, dat aange=sien die voorkoms van diamante in die stamgebied onbekend is en die saak daarom 'n wye belangstelling onder stamlede geniet het, die diamant gesoek moet word. Die kaptein het sy advies aanvaar en vir A beveel om die diamant te soek.

Die saak is hierna weer verhoor.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

A het getuig dat hy die opdrag van die kaptein na die beste van sy vermoë probeer uitvoer het. Hy het ook getuig dat hy nie presies weet hoe 'n diamant lyk nie en het gevolglik al die klippe in die omgewing van die boom waarop die valk gesit het, versamel het en in 'n sak gegooi het. Hy het die klippe hierna op die vloer van die hofsaal uitgegooi.

Die hof het vir B en sy seuns beveel om die klippe te besig=tig en die diamant uit te wys.

Daar was wel 'n paar deurskynende klippe maar omdat nóg B nóg sy seuns vantevore 'n diamant gesien het, kon hulle nie uitsluitsel gee of een van die klippe wel 'n diamant was nie. Die seuns het ook begin twyfel of die "diamant" wat hulle aan die seuns van A oorhandig het, tussen die klippe was.

Die hof het beslis dat B geen saak het nie en het sy eis ver=werp.

Die kaptein se redes vir die beslissing was :

(i) B kon geen getuienis lewer dat dit wel 'n diamant was wat die seuns hanteer het nie.

(ii) Nie een van die partye het presies geweet hoe 'n diamant lyk nie.

(iii) Indien dit wel 'n diamant sou wees, B dit in elk geval nie mag eis nie aangesien dit nie sy persoon=like eiendom is nie.

(iv) Die kaptein die enigste persoon is wat die diamant mag eis aangesien die beweerde diamant op die alge=mene stamgrond gevind is en gevolglik die eiendom van die stam is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BYLAE 2

## INFORMANTE EN TOLKE

### Afkortings

| | | |
|---|---|---|
| LWV | - | Lid van Wetgewende Vergadering |
| LSO | - | Lid van Stamowerheid |
| Kh | - | Kraalhoof |

### 1. Nxumalostam

| | |
|---|---|
| Isaac K Nxumalo | Minister van Landbou en voormalige regent |
| Petrus Mkhatswa Nxumalo | Voormalige tussentydse regent en lid van die regerende linie |
| Freddie Sithole | LWV en wykshoof van die Dwarsloop=wyk |
| Edward Nxumalo | LSO en lid van regerende linie |
| Harry Sambo | LWV en LSO |
| Isaiah Nxumalo | Voorsitter van SO en LWV |
| Frank Nxumalo | Lid van regerende linie |
| Mtuthi Nxumalo | Lid van regerende linie |
| Abel Ngobeni | Kh |
| Bantjies Thwala | Kh |
| Wilson Mathlavana | Wykshoof van die Arthurstonewyk |
| Josef Makamu | Kh en tydgenoot van kaptein Thulilamahanxi |
| Barrie Nxumalo | Lid van regerende linie |
| Mabandlazi Nxumalo | Dogter van regent Mpisane |
| Afrika Hlebela | Tolk |
| Arthur Sithole | Tolk |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. <u>Nkunastam</u>

| | |
|---|---|
| Sam M Nkuna | Kaptein |
| Paul Mabuza | LWV en voorsitter van die stamowerheid |
| Sergeant A Manzini | LWV, LSO en Sekretaris van die Mhala=streeksowerheid |
| Cabbage W Nkuna | LSO |
| Size Nkuna | LSO |
| Jackson Mabuza | LSO |
| Joseph Mabuza | LSO |
| Philemon Nkuna | LSO en lid van die regerende linie |
| Frans Mdluli | LSO |
| Silas Mnisi | LSO en wykshoof van die Calcuttawyk |
| July Maxele | LSO en wykshoof van die Madraswyk |
| July Sibuyi | LSO en wykshoof van die Belfastwyk |
| Solomon Lubisi | Kh |
| Samuel Mabuza | Kh |
| Mathew Khumalo | Kh |
| Petrus Ngobeni | Kh |
| Samson Mabuza | Kh |
| Jonas Nhlongo | Kh |
| James Ndhlovu | Kh |
| Makhambane Nkuna | Kh |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. <u>Mnisistam</u>

| | |
|---|---|
| Phidulane P Mnisi | Kaptein |
| Jotham Mnisi | Voormalige kaptein |
| Jones B Mnisi | Minister van Onderwys en voorsitter van die stamowerheid |
| Willy Mnisi | Voormalige regent |
| Petrus Mnisi | LWV en LSO |
| Griffiths Mnisi | LSO en Tolk |
| Samson Mnisi | LSO |
| Dyke Mnisi | LSO |
| Basie Mnisi | LSO |
| Moses Mnisi | Jonger broer van die voormalige kaptein Magwagwaza |
| Million Muhlaba | Wykshoof van die Dingleydalewyk |
| John Ngwenyama | LWV en LSO |
| Tie Mbhetse | LSO |
| Waskit Nxube | Wykshoof van die Acornhoekwyk |
| Office Manyike | Wykshoof van die Okkernootboomwyk |
| Mpfuleni Mnisi | Dogter van die voormalige kaptein Magwagwaza |
| Harry Mnisi | Seun van die voormalige regent Willy Mnisi en tolk |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


4. <u>Khozastam</u>

| | |
|---|---|
| Jongilanga F Khoza | Voormalige kaptein |
| Abel Khoza | LWV en voorsitter van die stam= owerheid |
| Lukas M Khoza | LSO |
| Mshwana M Nzima | LSO |
| Pikanin Mahlalele | LSO |
| Samson M Chabanga | Wykshoof van die Ireaghwyk |
| English M Maritsi | Wykshoof van die Cunning Moorwyk |
| Matches S Sondlana | Wykshoof van die Kildarewyk |
| Elias S Nkuna | Wykshoof van die Justiciawyk |
| Sigobane W Khoza | Wykshoof van die Huntingdonwyk |
| Mhlahle S Nghwenya | Wykshoof van die Lillydalewyk |
| Ngaleni J Khoza | Wykshoof van die Ireaghwyk |
| Zankewu M Chabangu | Wykshoof van die Somersetwyk |
| Samuel Mkhansi | LWV en LSO |
| Ndlazi Khoza | Senior lid van die regerende linie |
| Elias Khoza | do |
| Hotnot Khoza | do |
| William Mtimkulu | LWV en tolk |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BIBLIOGRAFIE

## AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| BSNG | - | Bulletin de la Societé Neuchateloise de Geographie |
| BMSR | - | Bulletin Missionaire, des Eglisses Libres de la Suisse Romande |
| JRGS | - | Journal of the Royal Geographical Society |
| SAJS | - | South African Journal of Science |
| SAAAS | - | South African Association for the Advancement of Science |


Allott, A N 1960 Essays in African law. Butterworths, London.

Allott, A N 1970 New essays in African law. Butterworths, London.

Ashton, E H 1937 Notes on the political and judicial organisation of the Tawana. Bantu Studies II pp67-83.

Aquilius 1946 Marriage by Proxy - a Warning. SA Law Journal 63 No.3 pp345-357.

Axelson, E 1967 Portugal and the scramble for Africa, 1875-1891. Johannesburg.

Barber, P 1970 Succession Notebook. Butterworths, London.

Baumbach, E J M 1970 'n Klassifikasie van die Tsongadialekte van die Republiek van Suid-Afrika. D.Litt et Phil-proefskrif, Univ van Suid-Afrika.

Berthoud, M H 1886 Voyage chez Magoud. BMSR Vol. VI pp4-17.

do 1892 Mandlakazi. BMSR IX pp163-167.

do 1892 Voyage chez Goungounyane. BMSR IX pp13-24.

Bothma, C V 1957 Die verwantskapsbasis van die politieke struktuur van die Bantšhabeleng van Mothopong. D.Phil-proefskrif Univ van Pretoria.

do 1962 Ntšhabeleng Social Structure. A Study of a Northern Transvaal Sotho Tribe. Ethnological publications No.48, Government Printer, Pretoria.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| Bothma, C V | 1972 | Handleiding by Etnografiese Veldwerk in Eloff J F en R D Coertze, 1972, pp15-35. |
| Bothma, C V en Wiid, F G J | MS ongedateer | 'n Etniese oorsig van die Stamme van Gazankulu. Pretoria |
| Bourquin, C T | 1973 | MS A few historical notes on the Ba-Kutshwe and Ba-Tsonga living in the Low and Semi-Lowveld area immediately North of the Sabie River in the Pilgrims Rest District. |
| do | 1973 | MS Some historial notes: Bantu Tribes of Barberton and Pilgrims Rest Districts |
| Bovet, M S | 1911 | Voyage d'information de M S Bovet dans le district de Lydenburg. Bulletin de la Mission Romande, pp80-90. |
| Breytenbach, W J | 1971 | Die Familiereg van die Usuthu-Zulu van Nongoma. MA-verhandeling, Univ van Pretoria. |
| Bruwer, J P v S | 1965 | Die Bantoe van Suid-Afrika. APB, Johannesburg. |
| Bryant, A T | 1929 | Olden times in Zululand and Natal. Longmans, Green & Co., London. |
| do | 1949 | The Zulu people as they were before the White man came. Shuter and Shooter, Pietermaritzburg. |
| do | 1964 | History of the Zulu and Neighbouring tribes. Struik, Cape Town. |
| Bulpin, T V | 1966 | Natal- and Zulu Country. Pietermaritzburg. |
| do | 1968 | Low Veld Trails. Books of Africa, Johannesburg. |
| do | 1969 | Lost Trails of the Transvaal. Books of Africa, Johannesburg. |
| do | 1969 | Lost Trails on the Low Veld. Hodder and Straughton, London. |
| Chatelain, C W | 1952 | English-Tsonga pocket dictionary. Morija Printing Works, Lesotho. |
| Coertze, P J | 1973 | Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Voortrekkerpers, Johannesburg. |
| Coertze, R D | 1971 | Die Familie-, Erf- en Opvolgingsreg van die Bafokeng van Rustenburg. SABRA, Pretoria. |
| do | 1973 | Die Regstelsel van Primitiewe volke in Coertze P J, 1973. |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Coertze, R D 1973 Die Politieke Ordening van Volke in Coertze P J, 1973.

do 1977 MS Die Metode en Tegniek van Regs=optekening. Pretoria

Coertze, R D, Labuschagne J M T en Prinsloo M W 1978 MS Handleiding by die optekening van Inheemse Reg. Pretoria.

Collins, J J 1975 Anthropology: Culture, Society and Evolution. Prentice-Hall Inc., London.

Cook, P A W 1931 History and Izibongo of the Swazi Chiefs. Bantu Studies V pp181-201.

Cuenod, R 1967 Tsonga-English Dictionary. The Central Mission Press, SA.

Das Neves, D F 1879 A hunting expedition to the Transvaal. Translated from the Portuguese by Mariana Monteiro. George Bell & Sons, London.

De Clercq, J L W 1969 Die Politieke en Judisiële organisasie van die abakwaNzuza van Mtunzini. MA-verhandeling, Univ van Pretoria.

do 1975 Die Familie-, Erf- en Opvolgingsreg van die abakwaMzimela, met verwysing na prosesregtelike aspekte. D.Phil-proefskrif, Univ. van Pretoria.

Department of Native Affairs 1910 Blue Book of Native Affairs, U17 - 1911. Pretoria.

De Vaal, J B 1953 Die Rol van João Albasini in die Geskie=denis van die Transvaal. Argief Jaarboek van SA Geskiedenis, Deel I.

Doke, C M 1933 A preliminary investigation into the State of the Native Languages of South Africa with Suggestions as to Research and the Development of the Literature. Bantu Studies VII pp1-33.

Doke, C M en Vilakazi B W 1948 Zulu-English Dictionary. Witwatersrand University Press, Johannesburg.

Duggan Cronin A M 1935 The Bantu Tribes of South Africa. IV Section I. Cambridge University Press, London.

Eloff, J F en Coertze, R D 1972 Etnografiese Studies in Suidelike Afrika. Van Schaik, Pretoria

Eloff, J F 1973 Sosiale Organisasie in Coertze P J, 1973.

Erskine St. Vincent W 1869 Journey of Exploration to the mouth of the River Limpopo. JRGS 39 pp233-276.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Fortes, M 1962 Marriage in Tribal Societies. Cambridge University Press, London.

Foster, G M 1969 Applied Anthropology. Little, Brown & Co., Boston.

Fourie, H C M 1921 Amandebele van Fene Mahlangu. La Riviere en Voorhoeve, Zwolle.

Gluckman, M 1967 The judicial process among the Barotse of Northern Rhodesia. Manchester University Press, Manchester.

Gluckman, M 1969 Ideas and procedures in African customary law. Oxford University Press, London.

Grandjean, A 1899 L'invasion des Zoulou le sud-est africain. Une page d'histoire inédite. BSNG XI pp63-92.

Hahlo, H R 1963 The South African Law of Husband and Wife. Juta, Cape Town.

Hahlo, H R & Kahn, E 1960 South Africa, The development of its Laws and Constitutions. Stevens, London and Juta, Cape Town.

Hammond-Tooke, W D (Ed.) 1974 The Bantu-speaking Peoples of Southern Africa. Routledge and Kegan Paul, London and Boston.

Hartman, J B 1972 Die Politieke en Judisiële organisasie van die Suidelike Changana (Bosbokrand) in die lig van hulle herkoms. MA-ver=handeling, Univ van Pretoria

do 1975 Gazankulu: Geskiedenis en hedendaagse ontwikkeling. Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede Nr. 11. SABRA, Pretoria.

Hiemstra, V G 1967 Suid-Afrikaanse Strafproses. Butterworths, Durban.

Hoebel, E A 1954 The law of primitive man. Harvard Uni=versity Press. Massachusetts.

do 1972 Anthropology: The Study of Man. McGraw-Hill, New York.

Holleman, J F 1952 Shona customary Law. Oxford University Press, Cape Town.

Isaacs, N 1836 Travels and adventures in Eastern Africa, descriptive of the Zoolus, their manners, customs, with a sketch of Natal. Vol. I & II. Edward Churton, London.

Jacobs, P P 1974 Die Judisiële stelsel en die Familie-, erf- en opvolgingsreg van die Imidushane. D.Phil-proefskrif, Univ van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jaques, A A 1927 Terms of kinship and corresponding patterns of behavior among the Thonga in Bantu Studies 3 pp327-348.

do 1940 A Survey of Shangana-Tsonga, Ronga and Tswa Literature. Bantu Studies 14 pp259-270.

do 1958 Swivongo swa Machangana. Morija Printing Works, Morija, Lesotho.

Jeanneret, F 1895 Les Ma-Khoca. BSNG VIII pp126-155.

Joubert, C P 1968 'n Kritiese beskouing van Honoré se opvattings oor ons Trustreg. THR-HR pp262-281.

Junod, H A 1898 Les Baronga : étude ethnographique sur les indigènes de la baie de Delagoa. BSNG X 1898, pp5-500.

do 1905 The Ba-Thonga of the Transvaal. Addresses and Papers read at the Joint Meeting of the British and South African Associa= tions for the advancement of Science III pp222-262.

do 1907 Elementary Grammar of the Thonga-Shangaan Language. Swiss Mission of South Africa.

Junod, H A en Chatelain C W 1909 Pocket Dictionary - Thonga (Shangaan) - English. George Bridel & Co., Lausanne.

Junod, H A 1911 The sacrifice of reconciliation amongst the Baronga. SAJS Vol VII.

do 1927 The life of a South African tribe. Vol. I en II. Macmillan, London.

Junod, H Ph 1927 Some notes on Tjopi origins. Bantu Studies III pp57-71.

do 1934 A contribution to the study of Ndau demography, totemism and history. Bantu Studies VIII pp17-37.

do 1935 The Vathonga in Duggan-Cronin, 1935.

do 1938 Bantu Heritage. Swiss Mission of South Africa, Pretoria.

do 1945 Bantu Marriage and Christian Society. Bantu Studies XV pp25-36.

Junod, H P en Jaques A A 1935 The wisdom of the Tonga-Shangaan people. Swiss Mission of South Africa.

do 1957 Vutlhari bya Vatsonga (Machangana). The Swiss Mission in SA, Johannesburg.

Kotzé, J C 1976 Die struktuur en proses in die Politieke ontwikkeling van die Hlanganu van Mhala-distrik. D.Phil-proefskrif, RAU.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kriel, J D 1976 Die funksionering van die Politieke en Judisiële organisasie van die Tlokwa van Qwaqwa. MA-verhandeling, Univ van Pretoria.

Krige, E J 1965 The Social System of the Zulus. Shuter en Shooter, Pietermaritzburg.

Krige, J D 1937 Traditional origins and tribal relationships of the Sotho of the Northern Transvaal. Bantu Studies XI pp321-356.

Kuit, A 1945 Transvaalse Terugblikke. Van Schaik,

Kuper, H. 1947 An African Aristocracy : Rank among the Swazi. Oxford University Press, London.

Labuschagne, JMT 1973 Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning. Publikasie van die Univ van Pretoria. Nuwe Reeks Nr. 79-173. Van Schaik Pretoria.

do 1974 Strafregsprekersbevoegdheid van Bantoekapteins en -hoofmanne in Suid- en Suidwes-Afrika. De Jure I, pp38-47.

do 1975 Aspekte van laster in die Bantoereg. Speculum Juris 10.

Labuschagne, J M T en Lighthelm, G J 1976 Die vroulike Reproduksievermoë as Regsobjek in die Bantoereg. De Jure 9 pp318-326.

Labuschagne, J M T en Maritz, J D G 1977 Aanspreeklikheid vir skade veroorsaak deur diere in die Bantoereg. De Jure 10 pp363-375.

Labuschagne, J M T en Visser, D P 1975 Deliktuele Aanspreeklikheidsaksessoriteit in die Bantoereg. De Jure 8 pp159-165 en De Jure 9 pp140-147.

Lestrade, G P 1933 A Bibliography of Transvaal Thonga. Bantu Studies VII pp90-92.

Lewin, J 1945 Some cases of inheritance in native law. African Studies IV pp70-87.

Liengme, G 1905 The last South African Potentate: Gungunhana, his court and national rites. South African Association for the Advancement of Science III pp300-307.

Liesegang, G J 1967 Beiträge zur Geschichte des Reiches der Gaza Nguni im Südlichen Mocambique, 1820-1895. Doktorale proefskrif, Univ van Köln, Duitsland.

Maasdorp, A F S and Hall, C G 1958 Maasdorp's Institutes of South African Law I: The Law of Persons. 8th ed. Juta, Cape Town.

Marwick, B A 1940 The Swazi. Cambridge University Press, London.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Massie, R H 1905 The Native tribes of the Transvaal. Harrison and Sons, London.

Matsebula J S M 1972 A history of Swaziland. Longman SA, Cape Town.

Mellows, A R 1970 The law of succession. Butterworths, London.

Mhlanga, W 1948 The history of the Amatshangane. NADA 25 pp70-73.

Mostert, D F 1968 Die Romeins- Hollandse Reg in oënskou. Van Schaik, Pretoria.

Myburgh, A C 1949 The tribes of the Barberton district. Ethnological Publications, No.25, Government Printer, Pretoria.

do 1965 Perspectives of South African Bantu Law. Codicillus 6 No 2.

do 1969 Reflections on Delict among the South African Bantu. Ethnological and Linguistic studies in honour of N J van Warmelo. Government Printer, Pretoria.

do 1972 Die Persoonlikheidsreg by die Suid-Afrikaanse Bantoe in Eloff, J F en R D Coertze. pp182-201.

do 1974 Law and Justice in Hammond-Tooke. pp284-315.

Native Affairs Annual Report of 1906-1910. Pretoria.

Olivier, N J J 1969 Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoe. Butterworthis, Durban.

do 1977 Die Suid-Afrikaanse persone en familie=reg. Butterworths, Durban.

Olivier, S P 1943 Die Pioniertrekke na Gazaland. Unie-Volkspers, Bpk., Kaapstad.

Omer-Cooper, J D 1966 The Zulu aftermath : a nineteenth century revolution in Bantu Africa. Longmans, Green and Co., London.

Pelser, J J 1968 Die sosiale en politieke organisasie van die Swazi van kaptein Aaron Nkosi in die Nelspruitse distrik. MA-verhandeling, Univ van Pretoria.

Pospisil, L J 1971 Anthropology of Law. Harper and Row, London.

do 1978 The ethnology of Law. Cummings Publi=shing Co., California.

Preller, G S 1938 Dagboek van Louis Trichardt (1836-1838). Kaapstad.

Punt, W H J 1975 Die Eerste Europeane in die Nasionale Krugerwildtuin 1725. Wallachs, Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Ramsay, T D 1941 Tsonga law in the Transvaal. Geroneo.

Schapera, I 1955 A handbook of Tswana Law and Custom. Oxford University Press, London.

Schmidt, C W H 1972 Die Bewysreg. Butterworths, London.

Seymour, S M 1960 Native Law in South Africa. Juta, Cape Town.

Shilubana, P M en Ntsanwisi, H E 1958 Muhlaba. Morija Printing Works, Morija, Lesotho.

Spiro, E 1971 The law of parent and child. Juta, Cape Town.

Stafford W G and Franklin, E 1950 Principles of Native Law and the Natal Code. Shuter en Shooter, Pietermaritz=burg.

Stayt, H A 1931 The Bavenda. Oxford University Press, London.

Stevenson-Hamilton, J 1949 Die Laeveld - sy natuurlewe en sy mense. Van Schaik, Pretoria.

do ongedateer MS Some Low Veld History and the origin of the Amatshangana.

Strauss, F J 1973 Die Politieke en Judisiële organisasie van die Herero. MA-verhandeling, Univ van Pretoria.

Sussman, M B, Cates, J N en Smith, D T 1970 The Family and inheritance. Russell Sage Foundation, New York.

Suttner, R S 1968 The Study of 'Bantu Law' in South Africa: a Review Article. Acta Juridica 1968, pp147-156.

Transvaal Native Affairs Depart=ment 1905 Short History of the Native Tribes of the Transvaal. Government Printing and Stationary office, Pretoria.

Van Apeldoorn, L J 1925 Geschiedenis van het Nederlandsche Huwelijksrecht. Uitgeversmaatschappij Holland, Amsterdam

do 1966 Inleiding tot de studie van het Neder=landse recht. Tjeenk Willink, Zwolle.

Van der Merwe, N J & Rowland, C J 1974 Die Suid-Afrikaanse erfreg. Van der Walt en seun, Pretoria.

Van der Vyver en Van Zyl 1972 Inleiding tot die regswetenskap. Butterworths, Durban.

Van Tromp, J 1947 Xhosa Law of Persons. Juta en kie. Kaapstad.

Van Warmelo, N J 1931 Kinship Terminology of the South African Bantu. Ethnological Pub. II, Government Printer, Pretoria.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van Warmelo, N J 1935 A preliminary survey of the Bantu Tribes of South Africa. Ethnological Publica= tions No 5. Government Printer, Pretoria.

do 1948 Venda Law I-III. Ethnological Publications. Government Printer, Pretoria.

do 1961 Plekname van die Kruger Nasionale Park. Etnologiese Reeks No. 47, Staatsdrukker. Pretoria.

do 1974 The classification of Cultural Groups in Hammond-Tooke, 1974 pp56-84.

do 1977 Anthropology of Southern Africa in Periodicals to 1950. Witwatersrand Uni= versity Press, Johannesburg.

Van Warmelo, P 1971 'n Inleiding tot die studie van die Romeinse Reg. A A Balkema, Kaapstad.

do 1973 Regsleer, Regswetenskap, Regsfilosofie. Juta en kie, Kaapstad.

Van Wyk, E B 1966 Die Bantoetale. Van Schaik, Pretoria.

Van Zyl, D H 1977 Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg. Butterworths, Durban.

Verloren van Themaat, R 1968 Die bepaling van rigting by die Regs= opleiding van die Bantoe. THR-HR pp40-57.

Verloren van Themaat, R et al 1970 Ontwikkeling in verband met die Reg en Regspleging van die Bantoe. Oorsig vir 1969. THR-HR pp377-401.

Verloren van Themaat, R 1971 Bantoe-ontwikkeling - wat kan juriste daaraan doen. THR-HR pp223-239.

Von Wielligh G R 1923 Langs die Lebombo. Van Schaik, Pretoria.

Warhurst, P R 1969 The Scramble and African Politics in Gazaland, in Stokes and Brown, The Zambesian Post.

Warner, H W 1961 A digest of South African Native Civil Case Law, 1894-1957. Juta, Cape Town.

do 1965 Supplement to: A digest of South African Native Civil Case Law, 1894-1957. Juta, Cape Town.

Whitfield, G M B 1948 South African Native Law. Juta, Cape Town.

Wiechers, M 1973 Administratiefreg. Butterworths, Durban.

Wille, G 1949 Principles of South African Law. Juta, Cape Town.

Wilson, D M 1917 Behind the scenes in the Transvaal. Cassell and Co., London.

Ziervogel, D 1954 The Eastern Sotho. Van Schaik, Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## SAMEVATTING

# DIE SAMEHANG IN DIE PRIVAATREG VAN DIE CHANGANA-TSONGA VAN MHALA, MET VERWYSING NA DIE ADMINISTRATIEFREGTELIKE EN PROSESREGTELIKE FUNKSIONERING

deur

JAN BAREND HARTMAN

Promotor : Prof. R. D. Coertze
Departement: Volkekunde, Universiteit van Pretoria
Graad : D.Phil (Volkekunde)

Die Changana-Tsonga van Mhaladistrik kan op grond van hulle geskiedenis en etniese skakeling as 'n mikrokosmos van die inwoners van Gazankulu beskou word.

Die administratiefreg het die bestaan en funksionering van 'n sentrale stamgesag ('n kaptein-in-rade), verskillende gewestelike gesagsfigure (wykshoofde-in-rade) en 'n ver=skeidenheid sosio-politiese gesagsfigure by elke stam bloot=gelê. Die kaptein beklee sy posisie op grond van sy hoogge=borenheid en delegeer gesag aan die wykshoofde terwyl die reg van gesagsuitoefening binne elke sosio-politiese eenheid by die senior manlike lid daarvan, berus.

Uit die beskrywing van die prosesreg is dit duidelik dat die regspraak telkens 'n funksie van die gesagsfigure in elke stam is. Die jurisdiksie van die howe verskil van mekaar. Die verrigtinge van die kapteins- en wykshof geskied in die openbaar; die van die familiehowe vind in die geheim plaas. Die prosedure in al hierdie howe is dieselfde en daar bestaan 'n deurlopende appèlmoontlikheid vanaf die laagste na die hoogste hof in elke stam.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

In die familiereg val die klem op huweliksluiting, die gevolge van huweliksluiting en die ontbinding van die huwelik en die voortsetting daarvan na sterfte. Huwelik=sluiting geskied deur die sluiting van 'n besondere soort kontrak, die lewering van trougoedere en die oordrag van die bruid. Die vaders van die bruid en die bruidegom tree as verteenwoordigers van hulle afkomsgroepe op.

Huweliksluiting lei tot die ontstaan van 'n kerngesin of 'n poliginiese gesinne-eenheid waarbinne man en vrou weder=sydse verpligtinge teenoor mekaar moet nakom. Daar bestaan ook wedersydse versorgingsverpligtinge tussen ouers en kin=ders. Die vader aanvaar aanspreeklikheid vir die onregmatige dade van sy vrou(ens) en ongetroude kinders.

Kinders wat binne die huwelik gebore word, word as wettige kinders beskou. Verskillende soorte buite-egtelike kinders kan per ooreenkoms gewettig word.

Egskeiding geskied hoofsaaklik wanneer man of vrou hulle verpligtinge nalaat en word eers van krag as dit deur 'n familiehof beveel word. Die afsterwe van man of vrou be=eindig nie die huwelik nie. Dit kan deur die leviraat of sororale aanvulling voortgesit word.

Binne die erf- en opvolgingsreg kan goedere sowel as status vererf. Kapteinskap, liniehoofskap en huishoofskap is die belangrikste openbare statusposisies waarin opgevolg kan word. Goedere kan per "testament" sowel as intestaat vererf. Onterwing is moontlik. Elke boedel word ooreenkomstig 'n geykte prosedure gelikwideer en beredder.

Waar die gemenereg se vernaamste uitgangspunt 'n studie is van die individu se status en bevoegdhede in die reg moet in die inheemse reg uitgegaan word van die individu binne groepsverband.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

## THE CONTEXT IN THE PRIVATE LAW OF THE CHANGANA-TSONGA OF MHALA, WITH REFERENCE TO THE FUNCTIONING OF ADMINISTRATIVE LAW AND THE LAW OF PROCEDURE

by

JAN BAREND HARTMAN

Supervisor : Prof. R. D. Coertze

Department : Anthropology, University of Pretoria

Degree : D.Phil. (Anthropology)

The Changana-Tsonga of the Mhala District may, on the grounds of their history and ethnic relationship, be re= garded as a microcosm of the inhabitants of Gazankulu.

The administrative law revealed the existence and function= ing of a central tribal authority (chief-in-council), various regional authorities (ward chiefs-in-council) and a variety of socio-political authorities in every tribe. The chief holds his position on the grounds of his high birth and delegates authority to the wardheads while the right to authority is also inherently vested, within every socio-political unit, in the senior male member thereof.

It is evident from the description of the law of procedure that the administration of justice is part of the duties of the persons in authority in every tribe. The jurisdic= tion of the courts differs. The proceedings of the court of the chief and the wardhead are held in public; those of the family courts take place in camera. The procedure in all these courts is the same and there is a possibility of appeal from the lowest to the highest court in every tribe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

In the family law the emphasis is on marriage contraction, the consequences of marriage, the dissolution of the marriage and the continuation of marriage after the death of one of the parties thereto. A marriage is contracted through a spesific type of contract, the transfer of marriage goods and the transfer of the bride. The fathers of the bride and the bridegroom act as representatives of their groups of descent.

Marriage contraction creates a nuclear family or a polygynous joint family in which husband and wife are subjected to mutual obligations. There are also mutual obligations of maintenance between parents and children. The father assumes responsibility for the delicts of his wife/wives and un= married children.

Children born in wedlock are regarded as legitimate. Various kinds of illegitimate children may be legitimised by agreement.

Divorce is possible mainly when the husband or wife neglects his or her conjugal duties. It takes effect only when ordered by a family court. The death of the husband or wife does not dissolve the marriage. It may be continued by means of the levirate or sororal supplement.

Within the law of succession and inheritance, goods as well as status may be passed on. The position of tribal chief lineage head and head of a household, are the most important public positions of status to which a person may succeed. Goods may be inherited by "testament" as well as intestate. Disinheritance is possible. Every estate is liquidated and administered in accordance with an established procedure.

The main approach of the common law is a study of the status and competencies of the individual but in the indigenous systems of law the approach is more concerned with the individual in group context.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023